skuld ..... 128 – 131
skuldlose aanspreeklikheid 623
verlies aan inkomste 145
verlies aan verdienvermoë ..... 145 – 147
Diere
regsubjektiwiteit ..... 750 – 752
Egskeidingsreg ..... 276 – 288, 472 – 478, 488 – 495
finansiële implikasies ..... 449 – 450
onderhoud ..... 452 – 454
Erfreg ..... 341 – 343, 355 – 356, 517 – 523
fideicommissum ..... 586 – 602
intestate erfopvolging 586
legitieme porsie 586
Meester 524
vruggebruik ..... 86 – 91
Familiereg ..... 152 – 153, 472 – 478, 702 – 708
Howe ..... 276 – 288
appèlafdeling 319
gesinshowe ..... 276 – 288
hooggeregshof ..... 91 – 100, 609
jurisdiksie ..... 323, 325, 488 – 495, 524
konstitusionele hof 524
nywerheidshof ..... 540 – 543
swart egskeidingshowe ..... 277, 279 – 280
toetsingskompetensie ..... 523 – 528

Huweliksreg ..... 189 – 191, 355 – 356
delik 308
domisilie ..... 488 – 495
egskeiding 307
gemeenskap van goedere ..... 190 – 191, 192 – 193, 756
huweliksgoedereg ..... 194 – 218, 302 – 310, 440 – 460, 513 – 517
kinders ..... 547 – 548, 756
minderjariges ..... 472 – 478
onderhoud ..... 210 – 211, 452 – 454
poligame verbindings 137, 303, 524, 706
verlowing 756
Inheemse reg ..... 355 – 358
delik ..... 355 – 356, 499
erfreg ..... 355 – 356
huweliksreg ..... 195, 302 – 310, 355 – 356
kontrak ..... 30, 355 – 357
lobola ..... 303, 306 – 307
personereg 355
Insolvensie ..... 187 – 188, 318 – 320, 547
trustees 608
Internasionale privaatreg ..... 440 – 460, 759 – 761
domisilie 198
huweliksreg ..... 194 – 218
Kinders ..... 296 – 302, 472 – 478
bloedtoetse ..... 91 – 100
hooggeregshof as oppervoog ..... 97 – 98, 297
ouerlike gesag 756
voogdy ..... 472 – 478
Kontrak ..... 16 – 30, 45 – 72, 121 – 127, 144 – 148, 157 – 176, 355 – 357, 482
boni mores ..... 29 – 30
borg ..... 358 – 359, 696 – 702
dwaling ..... 13 – 14
exceptio doli generalis 259
geldigheid ..... 549 – 567
herroeping ..... 184 – 187, 188 – 189
insolvensie ..... 187 – 188
kontrakbreuk ..... 14 – 15
kontrakteervryheid ..... 162 – 163, 166 – 176, 359, 730 – 732
kontraktuele bedinge ..... 177 – 193, 544
kontraktuele bedinge – geïmpliseerde bedinge ..... 170 – 171
koopkontrak ..... 461 – 472
lening ..... 16 – 30, 553
sessie ..... 180 – 181
uitleg ..... 326 – 329, 359, 696 – 702
voorwaardelike kontrak ..... 124, 461 – 472
waarborg ..... 124 – 126
wanvoorstelling ..... 124 – 126, 559
weddenskappe ..... 47 – 72
wilsooreenstemming ..... 16 – 30, 124

Bladsy

Koop en verkoop ..... 461 – 472
koopprys 545
Krediet
verbruikerskrediet ..... 169, 543 – 545
Maatskappye
aandele ..... 111 – 115
Maritieme reg
jurisdiksie ..... 721 – 725
Mededinging ..... 131 – 136, 313 – 318
Menseregte ..... 157 – 176, 296 – 302, 311 – 312, 380 – 383, 391 – 392, 395, 478 – 488, 496 – 499, 504 – 513, 702 – 708, 759 – 761
godsdiensvryheid ..... 684 – 695
reg op lewe 762
reg op privaatheid ..... 702 – 708, 762
regstellende aksie ..... 393 – 395
vryheid van assosiasie ..... 257, 259, 702 – 708
vryheid van beweging 762
vryheid van spraak ..... 496, 498, 709 – 715
Nalatigheid
aanspreeklikheid van banke ..... 733 – 744
duty of care (sorgsaamheidsplig) 530
professionele optrede ..... 532 – 539
redelike man-toets ..... 116 – 117, 128 – 131, 340 – 341, 532 – 539
voorsienbaarheid ..... 128 – 131, 345 – 347
werkgewer en werknemer ..... 338 – 341
Omgewingsreg ..... 152 – 153
Ongeregverdigde verryking ..... 331 – 336
condictio indebiti 13, 734, 735, 736, 744
condictio sine causa 734, 735, 736
Ouer en kind ..... 547 – 548
belang van die kind ..... 97 – 98, 472 – 478
vaderskap ..... 91 – 100
voogdy ..... 472 – 478
Prosesreg ..... 298, 310 – 312, 318 – 321, 478 – 488, 764,
appèlprosedure ..... 106 – 111, 318 – 321
bewyslas ..... 479 – 480, 487
hersiening ..... 322 – 325
hofreëls 764
hooggeregshof ..... 91 – 100
interdik ..... 155 – 156
koste 278
pleit 351
Regsfilosofie ..... 31 – 44, 158 – 160, 164 – 166, 168, 198 – 201
geregtigheid 549
Regsgeskiedenis ..... 86 – 91, 155, 234 – 236, 304 – 305
delik ..... 289 – 290
gemenereg ..... 45 – 72, 461 – 469
huweliksreg ..... 304 – 305
kontrak ..... 17 – 25, 45 – 72

Regsgeskiedenis (*vervolg*)
koop en verkoop ..... 461 – 469
Romeins-Hollandse reg ..... 19 – 25, 45 – 72, 86 – 91, 155, 200 – 201, 242 – 247, 255 – 256, 289 – 290, 293 – 294, 465 – 469
Romeinse reg ..... 17 – 19, 87, 155, 247 – 248, 461 – 465
sakereg ..... 4 – 8, 86 – 91, 398
strafreg en strafprosesreg ..... 363 – 367
versekering ..... 45 – 72
Regsopleiding ..... 354 – 355, 379 – 395
Regspluralisme ..... 355 – 358
delik ..... 355 – 356, 499
erfreg ..... 355 – 356
huweliksreg ..... 136 – 144, 195, 302 – 310, 355 – 356
kontrak ..... 30, 355 – 357
lobola ..... 303, 306 – 307
personereg 355
Regsprofessie ..... 354 – 355, 764
advokate ..... 310 – 312, 608, 612
gesinsadvokate 277, 280, 287
prokureurs 608, 612
regsverteenwoordiging ..... 487 – 488
Regsvergelyking ..... 201 – 218, 220 – 226, 232 – 233, 280 – 285, 290 – 292

Regswetenskap
boni mores ..... 413 – 416, 420, 498, 524, 529, 549 – 567
gemenereg ..... 4 – 8, 17 – 29, 45 – 72, 86 – 91, 92, 234 – 256, 289 – 290, 445 – 450, 461 – 469
hofverslae ..... 91 – 100, 107 – 111, 131 – 136, 136 – 144, 144 – 148, 313 – 318, 318 – 321, 322 – 325, 325 – 331, 331 – 336, 337 – 341, 341 – 343, 343 – 348, 472 – 478, 513 – 517, 517 – 523,
openbare beleid ..... 173 – 174
ou gesag ..... 17 – 25, 31 – 44, 45 – 72, 86 – 91, 121 – 123, 126, 138 – 139, 143, 234 – 256, 289 – 290, 461 – 469
regshervorming ..... 101 – 106, 142 – 143, 151 – 152, 234 – 256, 287 – 288, 293, 302, 313 – 318, 331 – 336, 361 – 378
regstaal ..... 73 – 74, 77 – 81, 100, 107, 139 – 140, 151 – 152, 158 – 160, 313, 323, 325 – 331, 430 – 434
regsvergelykende metode ..... 425 – 430, 438
regsvergelyking ..... 361 – 378, 388, 390 – 394
statute ..... 1 – 15, 83 – 85, 92 – 94,100 – 106, 111 – 115, 136 – 144, 160 – 162, 213 – 214, 234 – 256, 257 – 275, 296 – 302, 478 – 488, 496 – 499
statute – uitleg ..... 139 – 140, 322 – 325, 326 – 329, 341 – 343, 504 – 513, 518 – 523
subjektiewe regte-leer ..... 10 – 12, 15, 317 – 318, 402 – 410

Rekenaars ..... 354 – 355
Romeins-Hollandse reg ..... 242 – 247, 255 – 256
delik ..... 289 – 299, 293 – 294
erfreg ..... 86 – 91, 586 – 602
Hugo de Groot ..... 400, 403 – 408
internasionale privaatreg ..... 200 – 201
kontrak ..... 19 – 25, 45 – 72
koop en verkoop ..... 465 – 469
sakereg ..... 59, 86 – 91, 400, 402 – 408
versekering ..... 45 – 72
Romeinse reg ..... 247 – 248
delik 289
erfreg ..... 87, 587, 593 – 594
kontrak ..... 17 – 19
koop en verkoop ..... 461 – 465
sakereg 87
strafreg en strafprosesreg 119
Sakereg ..... 2 – 15
dorpsgebiede 528
eiendomsreg ..... 396 – 420, 721 – 725
fideicommissum 59
myne en minerale ..... 1 – 15, 325 – 331
onroerende sake 528
vruggebruik ..... 86 – 91
Sekerheidstelling ..... 358 – 359, 672 – 684, 696 – 702
borg 359
Sessie ..... 180 – 181
Skadevergoeding
delik ..... 288 – 296, 421 – 439
motorongelukke ..... 219 – 233, 337 – 341, 343 – 344
nie-nakoming van statutêre verpligtinge ..... 528 – 532
once and for all-reël ..... 229 – 233
toekomstige skade ..... 221 – 226, 228 – 232
Staatsreg ..... 379 – 395, 523 – 528
demokrasie 761
grondwet – konstitusionele beginsels ..... 709 – 715, 745 – 750, 755, 759 – 761, 761 – 763
grondwette ..... 296 – 302, 379 – 395, 478 – 488, 496 – 499, 504 – 513, 523 – 528, 661 – 672, 684 – 695, 709 – 715, 759 – 761, 761 – 763
menseregte ..... 380 – 383, 391 – 392, 395, 478 – 488, 496 – 499, 504 – 513, 523
Statute ..... 540 – 543
Strafreg en strafprosesreg ..... 73 – 85, 349 – 352, 427 – 428, 439, 482
appèl ..... 106 – 111
borg ..... 350 – 351
kinders 572
moord ..... 352, 574 – 575
noodweer ..... 116 – 121

Strafreg en strafprosesreg (*vervolg*)
opset ..... 361 – 378, 568 – 584
pleit – onskuldig 351
skuld ..... 119, 361 – 378
strafregtelike nalatigheid ..... 361 – 378
toestemming ..... 533 – 539
verkragting ..... 715 – 721
vonnis ..... 296 – 302, 322 – 325
Testamente ..... 341 – 343, 517 – 523
herroeping ..... 341 – 343, 517 – 523
veranderings van bepalings 587
Uitleg van wette ..... 523 – 528, 721 – 725, 745 – 750
Verband en pand ..... 114, 672 – 684
Verhandelbare dokumente
aanspreeklikheid van banke ..... 733 – 744
tjeks ..... 154 – 155, 733 – 744
Versekering ..... 86 – 91, 111 – 115, 121 – 127, 177 – 193
derde partye ..... 177 – 193
lewensversekering ..... 45 – 72, 144 – 148, 177 – 178
risiko ..... 124 – 127
uberrima fides 123, 125
Vroue ..... 136 – 144

Artikel 5(1) van die Mineraalwet 50 van 1991: 'n herformulering van die gemenereg?*

PJ Badenhorst
BLC LLM LLM LLD
Professor in die Privaatreg, Universiteit van die Noorde

JA Roodt
BCom BProc
Prokureur: Brink, Cohen, Le Roux & Roodt Ing

SUMMARY

Section 5(1) of the Minerals Act 50 of 1991: a re-formulation of the common law?
The Minerals Act 50 of 1991 was promulgated on 1 January 1992. The entitlements of the holder of complete ownership or mineral rights (the so-called holders of a right of mineral exploitation) are set out in section 5(1) of the act as rights. Against the background of five legal questions which arise from the said subsection, it is contended in this article that: (a) the list of entitlements as set out in section 5(1) is not a restatement of entitlements in terms of the common law in the strict sense of the word; (b) the list does not represent a complete and conclusive list simply because additional entitlements can be identified; (c) these entitlements are the entitlements to dispose, encumber, alienate, resist any unlawful interference with the exercise of the right of mineral exploitation, and the reversionary entitlement; (d) the doctrine of private law rights, the method of the court in drawing an analogy between the content of rights of mineral exploitation and the content of well-known real rights, and the principles of legal comparison may serve to explain the existence of existing and future entitlements of mineral exploitation; and (e) despite section 68(5) of the Minerals Act, more or less entitlements than the "rights" referred to in section 5(1) of the Minerals Act can be granted by agreement.

1 INLEIDING

Die Mineraalwet 50 van 1991[1] het op 1 Januarie 1992 in werking getree.[2] Die Mineraalwet het kortliks as hoofoogmerke ten doel om: (a) die prospektering na en

---

* 'n Samestelling en verwerking van 'n referaat deur eg outeur op 1993-06-11 te Unisa tydens 'n sakeregseminaar gelewer, en gedagtes deur lg outeur uitgespreek tydens 'n reeks mineraalregseminare vir die Vereniging van Prokureursordes gedurende 1992. Erkenning word verleen aan die kommentaar en voorstelle van prof PF Fèvrier-Breed van die Universiteit van die Noorde. Ons aanvaar egter verantwoordelikheid vir die korrektheid van die eindproduk.

1 Hierna aangehaal as "die Mineraalwet".

2 Prok 123 *SK* 13682 van 1991-12-20.

die optimale ontginning, verwerking en benutting van minerale te reël; (b) voorsiening te maak vir die veiligheid en gesondheid van persone betrokke by myne en bedrywe; en (c) die ordelike benutting en rehabilitasie van die oppervlak van die grond tydens en na prospekteer- en mynwerksaamhede te reël. Samevattend beskou, reguleer die Mineraalwet dus by uitstek die uitoefening van ontginningsbevoegdhede[3] deur die houer[4] van óf volledige eiendomsreg,[5] óf 'n mineraalreg, óf ander reghebbendes met die nodige skriftelike toestemming.[6] Geriefshalwe sal in plaas van voormelde subjektiewe regte ook na ontginningsregte verwys word as daardie saaklike regte wat ontginningsbevoegdhede tot inhoud het, naamlik volledige eiendomsreg of 'n mineraalreg.[7]

Tydens die vasstelling van die inhoud van 'n saaklike reg word gewoonlik nie net gelet op die inhoudsbevoegdhede wat uit hoofde van sodanige reg uitgeoefen kan word nie, maar ook op sowel die beperkinge waaraan bevoegdheidsuitoefening onderworpe is[8] as op inherente verpligtinge.[9] Hiervolgens moet by ontginningsregte gelet word op die ontginningsbevoegdhede as sodanig, beperkinge waaraan bevoegdheidsuitoefening onderworpe is en inherente verpligtinge.[10] Bevoegdheidsomlyning is van belang vir doeleindes van (i) bevoegdheidsuitoefening deur die reghebbende en (ii) bevoegdheidsverlening aan regsopvolgers in die lig van die *nemo plus iuris*-reël.[11]

Alhoewel die wetgewer al vantevore sommige van die ontginningsbevoegdhede as regte aangetoon het,[12] kan artikel 5(1) van die Mineraalwet as 'n omvattender omskrywing van die inhoud van 'n ontginningsreg aangemerk word.[13] Hierdie subartikel bepaal soos volg:

---

3 Sien in die algemeen Badenhorst en Van Heerden "A comparison between the nature of prospecting leases in terms of the Precious Stones Act 74 of 1964 and prospecting permits in terms of the Minerals Act 50 of 1991" 1993 *TSAR* 159. Soos later sal blyk, het a 5(1) van die Mineraalwet 'n hervestiging (oftewel verkryging) van ontginningsbevoegdhede tot gevolg. Sien verder vn 16 en 18 hieronder.

4 Sien verder die definisie van "houer" in a 1(xii) van die Mineraalwet.

5 Dit is eiendomsreg waarvan die ontginningsbevoegdhede nog nie van die eiendomsreg geskei is nie.

6 Sien a 6(1)(*b*) 8 en 9(1)(*b*) van die Mineraalwet.

7 Volledigheidshalwe dien voorts in gedagte gehou te word dat ander saaklike regte soos 'n prospekteerreg of mynreg uit hoofde van onderskeidelik 'n geregistreerde prospekteerkontrak of mineralehuurkontrak ook verskillende ontginningsbevoegdhede tot inhoud kan hê.

8 Sien ook die benadering van Kleyn en Boraine *Silberberg and Schoeman: The law of property* (1992) 164 mbt die vasstelling van die omvang van eiendomsreg; sien ook Van der Merwe *Sakereg* (1989) 173.

9 Sien in die algemeen Van der Walt "The effect of environmental conservation measures on the concept of landownership" 1987 *SALJ* 479.

10 Bv die verpligting dat ontginningsbevoegdhede uit hoofde van 'n mineraalreg *civiliter modo* uitgeoefen word: *Hudson v Mann* 1950 4 SA 485 (T) 488F–G; sien verder *Witbank Coliery Ltd v Lazarus* 1929 TPD 529 535; *Nolte v Johannesburg Consolidated Investment Co Ltd* 1943 AD 295 306 214–317; *Zuurbekom Ltd v Union Corporation Ltd* 1947 1 SA 514 (A) 531–532.

11 Soos uit par 5(e) hieronder blyk, slaan bevoegdheidsverlening streng gesproke ook op bevoegdheidsuitoefening, nl uitoefening van die vervreemdingsbevoegdheid.

12 Sien wetgewing na verwys in par 2 hieronder.

13 A 17 van die Departement van Mineraal- en Energiesake se Voorgestelde Mineraalwetsontwerp, 1989 (GN 856 van 1988 *SK* 11606 van 1989-12-15) het, soos voorafgaande wetgewing (sien par 2 hieronder), ook slegs verwys na die "reg" om na minerale te prospekteer, daarvoor te myn en daaroor te beskik.

"*Behoudens die bepalings van hierdie Wet het die houer van die reg op 'n mineraal ten opsigte van grond* of uitskot, na gelang van die geval, of enige persoon wat die toestemming van sodanige houer ooreenkomstig artikel 6(1)(b) of 9(1)(b) verkry het, *die reg om sodanige grond* of die grond waarop sodanige uitskot geleë is, na gelang van die geval, *te betree, tesame met die persone, installasie of toerusting wat nodig mag wees vir doeleindes van prospektering of mynbou en om op of in sodanige grond* of uitskot, na gelang van die geval, *na sodanige mineraal te prospekteer, daarvoor te myn en daaroor te beskik.*"[14]

As vertrekpunt kan die volgende bevoegdhede aangestip word:

(a) die bevoegdheid om die grond te betree vir doeleindes van prospektering en mynbou;

(b) die bevoegdheid om vir minerale te prospekteer;

(c) die bevoegdheid om minerale te myn; en

(d) die bevoegdheid om oor die minerale te beskik.

Die voorskrifte van die Mineraalwet verteenwoordig grootliks die statutêre beperkinge waaraan bevoegdheidsuitoefening onderworpe is. Die statutêre beperkinge en inherente verpligtinge van 'n ontginningsreg, asook die regsbeginsels van toepassing op uitskot,[15] val egter buite die omvang van hierdie ondersoek en sal nie verder bespreek word nie. Die doel van hierdie bespreking is 'n bevoegdheidsomlyning teen die agtergrond van artikel 5(1) van die Mineraalwet.

Daar dien terloops daarop gelet te word dat artikel 5(1) van die Mineraalwet ook tot gevolg gehad het dat die bevoegdheid om na aardolie te prospekteer en die bevoegdhede om aardolie, edelmetale en edelgesteentes te myn uit hoofde van statutêre mineraalregte, hervestig is in die geregistreerde houer van ontginningsregte.[16] Die bevoegdheid om na edelgesteentes, onedele minerale of edelmetale te prospekteer op vervreemde staatsgrond,[17] is hervestig in die staat as geregistreerde houer van mineraalregte,[18] onderworpe aan die oorgangsmaatreëls in die Mineraalwet vervat.[19]

Artikel 5(1) van die Mineraalwet aan die een kant en artikel 47(1)(e) en (2) aan die ander kant, het onderskeidelik tot gevolg dat die inhoud van 'n ontginningsreg voor 1 Januarie 1992 en 'n mynreg kragtens herroepe wetgewing gelykgestel word aan 'n mineraalreg ingevolge die gemenereg. Die vraag ontstaan nou wat presies

---

14 Ons kursivering. By wyse van regsvergelyking word die regte van die houer van (volledige) eiendomsreg soos volg in a 6 van die State of Louisiana Mineral Code 50 van 1974 geskets: "The landowner has the exclusive right to explore and develop his property for the production of such minerals and to reduce them to possession and ownership." Sien ook a 8.

15 Sien verder Kaplan en Dale *A guide to the Minerals Act 1991* (1992) 10 25–28.

16 Sien verder Badenhorst "The revesting of state-held entitlements to exploit minerals in South Africa: privatisation or deregulation" 1991 *TSAR* 124–125; Kaplan en Dale *Minerals Act* 5–6; Badenhorst en Van Heerden 1992 *THRHR* 226–227, 1993 *TSAR* 164.

17 Dit is grond waarvan die reg op edelgesteentes, aardolie, edelmetale en onedele minerale ten gunste van die staat voorbehou is. Sien a 1(li) van die Wet op Mynregte 20 van 1967 en a 1(xliv) van die Wet op Edelgesteentes 73 van 1964.

18 Badenhorst "Benoemingsooreenkomste ingevolge die Wet op Mynregte" 1989 *TSAR* 539–541; Badenhorst en Van Heerden 1993 *TSAR* 164; vgl Kaplan en Dale *Minerals Act* 121–122. Kragtens a 46(1) is die reg op diamante tov grond wat ingevolge die Wet op Edelgesteentes alluviale delwerye uitgemaak het, ook "onteien" deur die staat. Sien verder Kaplan en Dale *Minerals Act* 7 85.

19 Sien a 43.

die inhoud van 'n ontginningsreg kragtens die gemenereg is.[20] Die vasstelling van die inhoudsbevoegdhede van 'n mineraalreg kan, in die lig van die uitdruklike verwysing in die Mineraalwet na die gemenereg,[21] beslis nie as 'n blote akademiese oefening afgemaak word nie.[22] Tydens registrasie in die akteskantoor kan die somtotaal van voormelde bevoegdhede (ingevolge 'n notariële sessie) of besondere bevoegdhede afsonderlik (ingevolge 'n notariële prospekteerkontrak of notariële mineralehuurkontrak) oorgedra word.[23] By eersgenoemde oordrag word die somtotaal van bevoegdhede omvat deur 'n mineraalreg terwyl by laasgenoemde oordragte die onderskeie bevoegdhede omvat word deur onderskeidelik 'n betredingsreg,[24] 'n prospekteerreg,[25] 'n mynreg en 'n beskikkingsreg.[26] Die afsonderlike bevoegdhede kan daarbenewens verleen word deur die sluiting van 'n onderhandse of ongeregistreerde notariële prospekteerkontrak, of 'n ongeregistreerde notariële mineralehuurkontrak.[27] [28]

Ingevolge artikel 68(5) van die Mineraalwet word die bepalings van die Mineraalwet nie geraak deur 'n beding of voorwaarde in 'n ooreenkoms nie. By verlening van bevoegdhede kragtens sessie, prospekteerkontrak of mineralehuurkontrak ontstaan 'n wisselwerking tussen artikel 68(5) en artikel 5(1) van die Mineraalwet.[29]

Die volgende regsvrae ontstaan vervolgens vir doeleindes van bevoegdheidsomlyning: (a) Is voormelde lys van bevoegdhede 'n herformulering van bevoegdhede ingevolge die gemenereg? (b) Verteenwoordig hierdie bevoegdhede 'n geslote en afdoende lys van bevoegdhede? (c) Indien laasgenoemde vraag ontkennend beantwoord word, welke ander bevoegdhede kan aangetoon word? (d) Welke metode word gebruik om hierdie bevoegdhede aan te toon? (e) En kan 'n ooreenkoms in die lig van artikel 68(5) van die Mineraalwet meer of minder bevoegdhede verleen as die "regte" vermeld in artikel 5(1) van die wet? Hierdie vrae geniet vervolgens aandag.

2 ARTIKEL 5(1) AS HERFORMULERING VAN BEVOEGDHEDE INGEVOLGE DIE GEMENEREG

Volgens Kaplan en Dale[30] het artikel 5(1) van die Mineraalwet 'n herlewing van al die bevoegdhede van die houer van ontginningsregte tot gevolg en word die subartikel as 'n herformulering van bevoegdhede ingevolge die gemenereg beskou.

---

20 Sien Badenhorst en Van Heerden "Kaplan en Dale *A guide to the Minerals Act 1991*" 1993 *THRHR* 712.

21 A 47(2) van die Mineraalwet bepaal soos volg: "Die houer van 'n mynreg of sy opvolger in titel geniet dieselfde regte ten opsigte van die gebruik van die oppervlak van die grond waarop so 'n reg betrekking het as wat die houer van 'n reg op 'n mineraal ingevolge die gemenereg ten opsigte van sodanige gebruik het."

22 Badenhorst en Van Heerden 1993 *THRHR* 712.

23 Vir 'n bespreking van bevoegdheidsverkryging sien Badenhorst en Van Heerden "Prospekteer- en mynboukontrakte ingevolge die Mineraalwet 50 van 1991" 1992 *THRHR* 220 en par 5(e) hieronder.

24 Ingevolge 'n prospekteerkontrak of 'n mineralehuurkontrak.

25 Ingevolge 'n prospekteerkontrak of gewoonlik 'n mineralehuurkontrak.

26 Ingevolge 'n mineralehuurkontrak. 'n Beperkte myn- en beskikkingsreg word soms ingevolge 'n prospekteerkontrak verleen.

27 A 3(1) van die Algemene Regswysigingswet 50 van 1956.

28 Sodanige omvattende regte is bloot vorderingsregte.

29 Sien regsvraag (e) hieronder.

30 *Minerals Act* 5–6.

Om die ontginningsbevoegdhede ingevolge die gemenereg aan te toon, blyk egter problematies te wees: Eerstens word die identifisering en verfyning van 'n selfstandige ontginningsbevoegdheid nie in die gemenereg aangetref nie. Toegegee, kategorisering van (gewone) bevoegdhede voortspruitend uit volledige eiendomsreg was egter nie vreemd aan die gemenereg nie. So is aanvaar dat die volgende bevoegdhede uit eiendomsreg voortspruit: die genots-, gebruiks-, vernietigings-, beskikkings- en vervreemdingsbevoegdhede.[31] Die ontginningsbevoegdheid sou waarskynlik bloot deel uitgemaak het van die genots- en gebruiksbevoegdhede van eiendomsreg. 'n Ontginningsbevoegdheid as selfstandige bevoegdheid van eiendomsreg het voorts selfs op 'n indirekte wyse in die gemenereg na vore gekom in soverre erkenning daaraan verleen is dat vruggebruik ten aansien van grond ook die bevoegdheid om minerale te ontgin tot inhoud kon hê.[32] Hedendaags sou hierdie ontginningsbevoegdheid uit hoofde van vruggebruik na eiendomsreg as moederreg herleibaar moet wees.

Tweedens word kategorisering van bevoegdhede voortspruitend uit 'n mineraalreg as sodanig nie in die gemenereg aangetref nie aangesien 'n mineraalreg nog nie as afsonderlike en selfstandige saaklike reg bestaan het nie.[33] Hierdie ontwikkeling het sedert 1813 hier te lande plaasgevind, hoofsaaklik vanweë wetgewing wat óf uitdrukking verleen het aan die Britse praktyk om tydens die uitgifte van grond die mineraalregte ten gunste van die owerheid voor te behou,[34] óf die selfstandigheid van mineraalregte erken het.[35] [36]

Kategorisering van ontginningsbevoegdhede wat ingevolge die gemenereg bestaanbaar sou wees, het eerder deur (i) die wetgewer en (ii) die howe na analogie van die inhoud van eiendomsreg, die serwituut-figuur[37] en wetgewing plaasgevind.

Die wetgewer het 'n belangrike rol gespeel in die nadere identifisering van die ontginningsbevoegdhede wat vanuit ontginningsregte voortspruit deurdat hierdie bevoegdhede as selfstandige regte beskou is.

Eerstens is die reg om vir 'n besondere klas minerale te prospekteer en/of te myn en die reg om daaroor te beskik, deur wetgewing in die staat as houer van

---

31 *D* 7 6 5*pr*; Van der Linden *Koopmans handboek* 1 7 1.

32 Sien Badenhorst "Vruggebruik ten aansien van ontginningsregte" 1993 *Stell LR* 395–396; "Inhoud van vruggebruik ten aansien van ontginningsregte" 1994 *TSAR* 107.

33 Joubert "Die regte op minerale" 1959 *THRHR* 29; Viljoen *The rights and duties of the holder of mineral rights* (LLD-proefskrif Leiden 1975) 5–9; Van der Merwe *Sakereg* 552.

34 Sir John Cradock se Proklamasie van 1813-08-06 bepaal soos volg: "Government reserves no other rights but those on mines of Precious Stones, Gold and Silver." Sien ook a 10(e) van die Crown Lands Act 14 van 1878 (K) en a 7(1) van die Crown and Land Disposal Ordinance 57 van 1903 (T); a 31(1) van die Land Settlement Act 12 van 1912 en a 48(1) van die Nedersettingswet 21 van 1956. Sir John Cradock se proklamasie is deur Wet 44 van 1968 afgeskaf.

35 A 3 van 'n Resolusie van die Volksraad van die ZAR gedateer 1881-11-08; a 14 Wet 7 van 1883 en a 30–32 van die Registration of Deeds and Titles Act 25 van 1909 (T).

36 Vgl Van der Merwe *Sakereg* 553; Houston *Handbook on the Minerals Act 1991* (1992) 2–5.

37 Die klassifikasie en kenmerke van mineraalregte as saaklike regte het oor die algemeen na analogie van en in kontrastering met die persoonlike serwitute en erfdiensbaarhede plaasgevind. Sien verder Badenhorst "Klassifikasie en kenmerke van mineraalregte" 1994 *THRHR* 34. Die inhoud van 'n serwituut het waarskynlik die howe beïnvloed in die vasstelling van die inhoud van 'n mineraalreg.

statutêre mineraalregte gevestig.[38] Opeenvolgende wetgewing van die Zuid-Afrikaansche Republiek het byvoorbeeld die beginsel neergelê dat die reg om vir bepaalde klasse minerale te prospekteer en te myn, by die staat berus.[39] Ingevolge artikel 1 Wet 1 van 1871 van die Zuid-Afrikaansche Republiek is die bevoegdheid om vir edelgesteentes en edelmetale te myn, in die staat gevestig: "Het mijnregt op allen edelgesteenten en edele metalen behoort aan den Staat." Die vestiging van hierdie reg is in latere wetgewing herhaal.[40] Die sogenaamde reg om oor edelgesteentes en edelmetale te beskik, is bygevoeg deur artikel 1 Wet 8 van 1885 wat soos volg gelui het: "Het mijn- en beskikkingsrecht op allen edelgesteenten en edele metaalen behoort aan den Staat." Die statutêre skepping van die myn- en beskikkingsreg ten aansien van edelgesteentes en edelmetale, ten gunste van die Staat, is in daaropvolgende wetgewing herhaal.[41] Die sogenaamde reg om onedele minerale te myn en daaroor te beskik, is egter behou deur die houer van óf volledige eiendomsreg óf 'n mineraalreg.[42] Artikel 1 Wet 17 van 1895 het bepaal:

> "Het eigendomsrecht van en het beschikkingsrecht over onedelen metalen en mineralen, zoowel op geproclameerde als ongeproclameerde gronden, behoort aan den eigenaar van den grond."

Hierdie benadering is in daaropvolgende wetgewing gehandhaaf.[43] In die Kolonie van Natal het die wetgewer dit raadsaam geag om die sogenaamde myn- en beskikkingsreg ten aansien van alle minerale in die kroon te vestig. Artikel 4 van die Natal Mines Law 17 van 1887 het soos volg bepaal:

> "The right of mining for and disposing of all gold, precious stones and precious metals, and all other minerals in the Colony of Natal is vested in the Crown for the purposes of and subject to the provisions of this Law."

Hierdie benadering is ook in daaropvolgende wetgewing herhaal.[44] Gedurende die bestaan van die Unie van Suid-Afrika en na Republiekwording is die reg om vir aardolie te prospekteer en om dit te ontgin,[45] asook die reg om voorgeskrewe materiaal van die uraanfamilie te soek of daarvoor te prospekteer, te myn, daaroor te beskik, dit te raffineer en te verwerk, of om atoomkrag voort te bring,[46] in die staat gevestig. Kragtens die Wet op Mynregte 20 van 1967 en die Wet op Edelgesteentes 73 van 1964 is (a) die reg om na aardolie te prospekteer en om aardolie te

---

38 Sien Dale *An historical and comparative study of the concept and acquisition of mineral rights* (LLD-proefskrif Unisa 1979) 174–237; Franklin en Kaplan *The mining and mineral laws of South Africa* (1982) 333–334; Badenhorst 1991 *TSAR* 120–122.

39 Vgl *Turffontein Estates Ltd v Mining Commissioner Johannesburg* 1917 AD 419 428.

40 A 1 Wet 2 van 1872; a 1 Wet 7 van 1874; a 3 Wet 6 van 1875.

41 A 1 Wet 8 van 1889; a 1 Wet 18 van 1892; a 1 Wet 14 van 1894; a 1 Wet 19 van 1895; a 1 Wet 21 van 1896; a 1 Wet 15 van 1898; a 1 Wet 22 van 1898; a 3 van die Precious Stones Ordinance 66 van 1903; a 1 van die Precious and Base Metals Act 35 van 1908; a 1 van die Wet op Edelgesteentes 44 van 1927. Die Precious and Base Metals Act 35 van 1908 is kragtens a 2 van die Oranje-Vrystaatse Metaal-myn Wet 13 van 1936, soos gewysig deur a 6 van die Minerale-wysigingswet 15 van 1942, in die Vrystaat ingevoer.

42 Franklin en Kaplan *Mineral laws* 334.

43 A 1 Wet 14 van 1897; a 1 van die Precious and Base Metals Act 35 van 1908.

44 A 4 van die Natal Mines Law 34 van 1888; a 9 van die Natal Mines Act 43 van 1899.

45 A 2 van die Wet op Aardolie 46 van 1942.

46 A 2(1) van die Wet op Atoomkrag 35 van 1948; a 5 van die Wet op Atoomkrag 90 van 1967; sien a 19 van die Wet op Kernenergie 92 van 1982.

myn en daaroor te beskik,[47] en (b) die reg om edelmetale en edelgesteentes te myn en daaroor te beskik,[48] in die staat gevestig.

Tweedens is die reg om vir edelmetale, onedele minerale en edelgesteentes op vervreemde staatsgrond te prospekteer, in die eienaars van vervreemde staatsgrond gevestig.[49]

Soos reeds genoem is, het die howe bygedra tot die kategorisering van bevoegdhede deur analogieë te trek met die inhoud van ander saaklike regte. Hoofregter Innes wys in *Neebe v Registrar of Mining Rights*[50] daarop dat die houer van 'n prospekteerkleim (wat natuurlik nie 'n mineraalreg is nie) oor die "reg" beskik om die grond te betree en om minerale te win en toe te eien. Regter Wessels verwys ook na 'n gemeenregtelike "beskikkingsreg" ten aansien van edelmetale wat kragtens wetgewing in die staat gevestig is.[51] In *Lazurus and Jackson v Wessels, Olivier, and the Coronation Freehold Estates, Town, and Mines, Ltd*[52] bepaal hoofregter Innes dat die reg wat ingevolge 'n geregistreerde notariële ooreenkoms verleen is[53] om 'n tydperk van vyf jaar lank vir 'n mineraal te prospekteer en dit te myn, besondere bevoegdhede tot inhoud het:[54]

> "After all, the right in question involves the taking away and appropriation of portions of realty; it implies the exercise of certain privileges generally attached only to ownership . . ."

In *Le Roux v Loewenthal*[55] aanvaar hoofregter Innes dat in die geval van 'n sessie van 'n mineraalreg ten aansien van steenkool, die mineraalreg die bevoegdheid om steenkool te myn tot inhoud kan hê. In *Van Vuren v Registrar of Deeds*[56] verskaf hoofregter Innes die volgende duidelike, logiese omskrywing van die inhoud van 'n mineraalreg:[57]

> "The person in the enjoyment of them [these various mineral rights] is entitled to go upon the property to which they relate to search for minerals, and, if he finds any, to sever them and carry them away."

Hierdie formulering word nagevolg en bevestig in 'n reeks beslissings,[58] maar word nie gerugsteun deur gesag in die gemenereg nie. Die belangrikheid van die baanbrekerswerk van hoofregter Innes is daarin geleë dat die beginsel gevestig is dat 'n mineraalreg verskeie bevoegdhede tot inhoud het, en in besonder, bevoegdhede wat normaalweg uit volledige eiendomsreg voortspruit. Hierdie bevoegdhede word vroeg reeds geïdentifiseer as die bevoegdheid om die grond te

---

47 A 2(1)(a) van die Wet op Mynregte.

48 A 2(1)(a) van die Wet op Mynregte; a 2 van die Wet op Edelgesteentes.

49 A 2 van De Wet op de Ontginning van Voorbehouden Mineralen 55 van 1926; a 5(1) van die Wet op Edelgesteentes 44 van 1927; a 12(1) van die Wet op Mynregte; a 5(1) van die Wet op Edelgesteentes 73 van 1964.

50 1902 TS 65 82 83.

51 85.

52 1903 TS 499.

53 509.

54 510.

55 1905 TS 742 745.

56 1907 TS 289.

57 294.

58 *Rocher v Registrar of Deeds* 1911 TPD 311 316; *Gluckman v Solomon* 1921 TPD 335 338; *Douglas Colliery Ltd v Bothma* 1947 3 SA 602 (T) 610; *Ex parte Pierce* 1950 3 SA 628 (O) 634C; *Erasmus v Afrikander Proprietary Mines Ltd* 1976 1 SA 950 (W) 956D–E.

betree in 'n soeke na minerale, die bevoegdheid om te soek na minerale, asook die bevoegdheid om minerale van die grond te skei en te verwyder.

Ten einde te bepaal watter bevoegdhede ingevolge die gemenereg bestaan het, verwys Kaplan en Dale[59] slegs na Franklin en Kaplan[60] en *Apex Mines Ltd v Administrator, Transvaal.*[61] Franklin en Kaplan steun op hulle beurt weer op die *Van Vuren*-[62] en *Gluckman*-[63] saak. In die *Apex*-saak is (onder andere) bloot vir doeleindes van *locus standi* ingevolge die Transvaalse Paaie Ordonnansie 22 van 1957 beslis dat 'n houer van "mineraalregte" kragtens 'n mineralehuurkontrak (of 'n mineraalreg) nie geregtig is op vergoeding tydens 'n padverklaring nie, omrede sodanige houer nie as 'n "eienaar" of "bewoner" ingevolge die definisies in artikel 1 van die Ordonnansie beskou kan word nie.[64] In die onderhawige konteks is die beslissing relevant in die sin dat aanvaar word dat 'n "huurder" ingevolge 'n mineralehuurkontrak (en by implikasie ook die houer van 'n mineraalreg)[65] net bevoeg is om die grond te betree en te gebruik in die mate wat dit noodsaaklik is om minerale te soek en te myn.[66] As gesag[67] word gesteun op beslissings wat die gebruiklike bevoegdhede voortspruitend uit mineraalregte[68] en 'n reg ingevolge 'n mineralehuurkontrak of analoë kontrakte[69] vermeld. Ook die kategorisering van bevoegdhede in hierdie beslissings geskied nie met verwysing na spesifieke gemeenregtelike gesag nie.

Derhalwe het kategorisering van bevoegdhede voortspruitend uit ontginningsregte in die regspraak in werklikheid plaasgevind na analogie van die sakeregteorie en nie ingevolge gesag in die gemenereg nie. Op grond van die voorgaande bespreking word dus aan die hand gedoen dat die eerste regsvraag slegs positief beantwoord kan word indien met gemeenregtelike bevoegdhede bedoel word daardie bevoegdhede wat hier te lande in ooreenstemming met die gemeenregtelike sakeregteorie ontwikkel is.

3 ARTIKEL 5(1) AS AFDOENDE EN GESLOTE LYS VAN BEVOEGDHEDE

Aansluitend by voorgaande standpunt word aan die hand gedoen dat artikel 5(1) (oftewel die lys van bevoegdhede) nie as 'n afdoende en uitputtende lys van bevoegdhede aangemerk kan word nie. In *Hudson v Mann*[70] wys regter Malan daarop dat, benewens die uitoefening van die primêre ontginningsbevoegdhede

---

59 *Minerals Act* 6 vn 5.
60 *Mineral laws* 7.
61 1986 4 SA 581 (T); 1988 3 SA 1 (A).
62 *Supra* 295.
63 *Supra* 338.
64 Sien 589E–592C en 14J–16D onderskeidelik.
65 In *Hudson v Mann* 1950 4 485 (T) 488C word daarop gewys dat beide die houer van 'n mineraalreg en die huurder ingevolge 'n mineralehuurkontrak oor die bevoegdhede beskik om op die grond te gaan, te soek vir minerale en die minerale te verwyder. Sien ook die *Apex*-saak *supra* 590D en gesag aldaar aangehaal.
66 590A–B 591E–F en 15I–J onderskeidelik.
67 590B–C en 15I–J onderskeidelik.
68 Die *Hudson*-saak *supra* 488C; die *Afrikander Proprietary Mines Ltd*-saak *supra* 956D.
69 *Neebe v Registrar of Mining Rights* 1902 TS 65 83; *Drymiotis v Du Toit* 1969 1 SA 631 (T) 633A; *De Pinna v Carlin* 1984 2 SA 710 (T) 713C–E.
70 1950 4 SA 485 (T) 488C–D.

(welke bevoegdhede grootliks ooreenstem met artikel 5(1) van die Mineraalwet), die volgende ook vir die houer van mineraalregte geld:

> "In the course of his operations he is entitled to exercise all such subsidiary or ancillary rights, without which he will not be able effectively to carry on his prospecting and/or mining operations."

Daarbenewens is die houer van 'n ontginningsreg in die regswerklikheid byvoorbeeld bevoeg om sommige of al die ontginningsbevoegdhede waaroor hy beskik, te vervreem. Hy mag ook die ontginningsreg met 'n verband beswaar. Indien 'n ander regsubjek op bevoegdheidsuitoefening inbreuk maak, beskik die houer van 'n ontginningsreg oor remedies soos 'n interdik of 'n aksie vir skadevergoeding. Hierdie optredes geskied uit hoofde van bevoegdhede wat klaarblyklik nie tuisgebring kan word onder die lys van bevoegdhede genoem in artikel 5(1) van die Mineraalwet nie.

4 BYKOMSTIGE ONTGINNINGSBEVOEGDHEDE

Daar word ter oorweging gegee dat, benewens die primêre ontginningsbevoegdhede wat in artikel 5(1) aangestip word, ontginningsregte ook die volgende bykomstige ontginningsbevoegdhede tot inhoud het: (a) die beskikkingsbevoegdhede; (b) die beswaringsbevoegdheid; (c) die afweringsbevoegdheid; (d) die vervreemdingsbevoegdheid; en (e) 'n reversionêre of minimum bevoegdheid. Hierdie bevoegdhede sal na die vasstelling van 'n metode ter identifisering van die ontginningsbevoegdhede van naderby bekyk en verduidelik word.

5 METODE TER IDENTIFISERING VAN ONTGINNINGSBEVOEGDHEDE

Een benadering in die identifisering van die inhoudsbevoegdhede van 'n ontginningsreg sou wees om die inhoud daarvan ingevolge die gemenereg te probeer bepaal. Die probleme met hierdie benadering is reeds uitgewys.[71] Pogings tot 'n herontginning van die gemeenregtelike bronne het hoofsaaklik vanweë gebrek aan mynbou in die destydse Nederland[72] en 'n selfstandige mineraalreg tot dusver nie veel opgelewer nie. Die gewig wat aan die gemenereg as bron van die Suid-Afrikaanse reg toegeken word, is ook reeds besig om te taan.[73]

'n Tweede benadering sou wees om in navolging van die howe by wyse van die reeds gemelde analogieë, bykomstige ontginningsbevoegdhede te identifiseer.

'n Derde benadering sou wees, soos alreeds by implikasie gedoen is,[74] om deur regsvergelyking te fokus op die inhoud van ontginningsregte in vergelykbare mineraalregstelsels, soos die van die Amerikaanse staat Louisiana.[75]

---

71 Sien par 2 hierbo.

72 Viljoen *Holder of mineral rights* 11–12; Viljoen en Bosman *A guide to mining rights in South Africa* (1979) 8. Tav die Romeinse reg sien verder Viljoen 5–9.

73 Sien in die algemeen Scott se presidensiële rede, Vereniging van Universiteitsdosente in die Regte (Stellenbosch) 1993-01-18.

74 Sien vn 14 hierbo; vn 83 hieronder.

75 Sien verder Badenhorst *Die juridiese bevoegdheid om minerale te ontgin in die Suid-Afrikaanse reg* (LLD-proefskrif UP 1992) 859–869 895–900; "A few fundamental aspects of Louisiana Mineral Law" 1993 *TSAR* 732; "Mineral rights under Louisiana law" 1993 *De Jure* 297.

Alhoewel die leerstuk van subjektiewe regte nie van kritiek ontbloot is nie,[76] sou 'n vierde benadering wees om met verwysing na die inhoud van eiendomsreg van grond, aan die hand van die leerstuk van subjektiewe regte en die moderne sakeregteorie, te poog om die inhoud van 'n mineraalreg te bepaal.[77] Hierdie metode is alreeds gebruik ten einde voormelde bykomstige ontginningsbevoegdhede aan te toon.[78] Die volgende ontginningsbevoegdhede van 'n ontginningsreg kan uitgewys word:[79]

(a) Die gebruiks- en genotsbevoegdheid, dit wil sê die bevoegdheid om die grond waarop die ontginningsreg betrekking het, te gebruik en te geniet vir doeleindes van die ontginning van minerale. In die besonder hou dit in: (i) die bevoegdheid om die grond te betree met die oog op die ontginning van minerale; (ii) die bevoegdheid om vir minerale te prospekteer; en (iii) die bevoegdheid om minerale te myn.

(b) Die beskikkingsbevoegdheid, dit wil sê die bevoegdheid om te bepaal wat met die grond gedoen mag word vir doeleindes van die ontginning van minerale. Die beskikkingsbevoegdheid ten aansien van die grond bestaan slegs met die oog op die ontginning van minerale (en nie met betrekking tot die gebruik van grond in die algemeen nie) en moet nie verwar word met die beskikkingsbevoegdheid ten aansien van afgeskeide minerale nie. Laasgenoemde bevoegdheid spruit eenvoudig voort uit die eiendomsreg van minerale as selfstandige sake, welke eiendomsreg verkry word tydens skeiding van die minerale van die grond.[80]

(c) Die beswaringsbevoegdheid, dit wil sê die bevoegdheid om die uitoefening van die ontginningsbevoegdhede met 'n beperkte saaklike reg te beswaar. Die beswaringsbevoegdheid hou in dat die houer van 'n ontginningsreg bevoeg is om hetsy volledige eiendomsreg hetsy 'n mineraalreg[81] met 'n verband te beswaar.

(d) Die afweringsbevoegdheid, dit wil sê die bevoegdheid om enige onregmatige inbreukmaking op die uitoefening van die ontginningsbevoegdhede af te weer. Die afweringsbevoegdheid kom ter sprake indien op 'n onregmatige wyse ingemeng word met die houer van 'n tradisionele mineraalreg se uitoefening van die ontginningsbevoegdheid. Indien die houer van blote eiendomsreg byvoorbeeld die ontginning van minerale deur die houer van 'n mineraalreg verswaar of bemoeilik, mag juridies deur laasgenoemde opgetree word uit hoofde van hierdie bevoegdheid.[82]

---

76 Sien in die algemeen Van der Walt "The doctrine of subjective rights: a critical reappraisal from the fringes of property law" 1990 *THRHR* 316; Kleyn en Boraine *Property* 12–15.

77 Badenhorst en Van Heerden 1993 *THRHR* 712; sien verder Badenhorst *Bevoegdheid om minerale te ontgin* 107–146.

78 Sien par 4 hierbo.

79 Badenhorst *Bevoegdheid om minerale te ontgin* 118–119.

80 Sien verdere bespreking hieronder.

81 A 3(1)(e) en 50(1) van die Registrasie van Akteswet 47 van 1937, hierna aangehaal as die "Akteswet". Sien verder Badenhorst *Bevoegdheid om minerale te ontgin* 478–482.

82 *Witbank Colliery Ltd v Malan and Coronation Colliery Co Ltd* 1910 TPD 667 677; *Coronation Collieries v Malan* 1911 TPD 577 593; *Transvaal Property and Investment Co Ltd and Reinhold and Co v SA Townships Mining and Finance Corp and the Administrator* 1938 TPD 512 519–520; *Nolte v Johannesburg Consolidated Investment Co Ltd* 1943 AD 295 306–317; *Zuurbekom Ltd v Union Corporation Ltd* 1947 1 SA 514 (A) 531–532; *Hudson v Mann supra* 488E; *Yelland v Group Areas Development Board* 1960 2 SA 151 (T) 155B–C; *Free State Gold Areas Ltd v Merriespruit (Orange Free State) Gold Mining Co Ltd* 1961 2 SA 505 (W) 521H–522A; *Aussenkjer Diamante (Pty) Ltd v Namex (Pty) Ltd* 1980 3 SA 896 (SWA) 900H–902A. Sien verder a 23 van die Mineraalwet.

(e) Die vervreemdingsbevoegdheid, dit wil sê die bevoegdheid om sommige of al voormelde ontginningsbevoegdhede aan 'n ander regsubjek te vervreem en oor te dra.[83] [84] Uit hoofde van hierdie bevoegdheid mag die houer van 'n ontginningsreg al die ontginningsbevoegdhede deur registrasie van 'n akte van sessie in die akteskantoor aan 'n volgende regsubjek oordra.[85] Prospekteer- en mynregte[86] mag ook deur die houer van 'n ontginningsreg oorgedra word deur middel van die sluiting en registrasie van onderskeidelik 'n prospekteerkontrak[87] en 'n mineralehuurkontrak[88] in die akteskantoor.

(f) 'n Reversionêre of minimum bevoegdheid,[89] dit wil sê die bevoegdheid om by die verlening van enige van voorgaande bevoegdhede[90] aan 'n ander regsubjek vir 'n beperkte tydperk, na afloop van die tydperk weer die houer van sodanige bevoegdheid te wees, of om 'n bevoegdheid waarvan die uitoefening op enige wyse beperk is, weer te kan uitoefen na opheffing van die beperking.[91]

Daar moet natuurlik in gedagte gehou word dat voorgaande bevoegdhede nie as 'n geslote en afdoende lys van bevoegdhede beskou moet word nie. Net soos ander *iura in re aliena* (byvoorbeeld 'n reg van weg) het 'n mineraalreg nie alleen bepaalde omskrewe bevoegdhede nie maar ook bykomstige bevoegdhede tot inhoud.

By skeiding van minerale van die grond word eiendomsreg van die minerale as selfstandige sake verkry[92] en het eiendomsreg die gebruiklike bevoegdhede van

---

83 Van der Vyver "The doctrine of private-law rights" in Strauss (red) *Huldigingsbundel vir WA Joubert* (1988) 201 wys egter daarop dat die vervreemdingsbevoegdheid nie deur Dooyeweerd as 'n bevoegdheid nie maar eerder as 'n kompetisie beskou word. In die moderne Suid-Afrikaanse sakeregteorie word die vervreemdingsbevoegdheid inderdaad as 'n bevoegdheid beskou (sien bv Van der Merwe *Sakereg* 173; Kleyn en Boraine *Property* 162; Olivier, Pienaar en Van der Walt *Sakereg studentehandboek* (1992) 33). Derhalwe word in oorweging gegee dat die ontginningsreg wel sodanige bevoegdheid tot inhoud het. Regsvergelykend beskou, is die vervreemdingsbevoegdheid voortspruitend uit 'n ontginningsreg ook nie vreemd nie. Die bestaan van so 'n bevoegdheid blyk uit die volgende beskrywing van die houer van (volledige) eiendomsreg se bevoegdheid kragtens a 15 van die State of Louisiana Mineral Code 50 van 1974: "A landowner may convey, reserve, or lease his right to explore and develop his land for production of minerals and to reduce them to possession."

84 Die uitwerking van a 68(5) van die Mineraalwet op die vervreemdingsbevoegdheid word in par 6 hieronder bespreek.

85 A 16 van die Akteswet. Die somtotaal van bevoegdhede word deur 'n mineraalreg omvat.

86 Al die onderskeie regte word nie altyd in die praktyk afsonderlik aangedui nie. 'n "Prospekteerreg" of 'n "mynreg" omvat of impliseer ook die "betredingsreg" terwyl 'n "mynreg" die "beskikkingsreg" omvat of impliseer.

87 A 3(1)(q) van die Akteswet; sien verder Badenhorst *Bevoegdheid om minerale te ontgin* 344–355 436–446.

88 A 3(1)(m) van die Akteswet; sien verder Badenhorst *Bevoegdheid om minerale te ontgin* 369–434 436–446.

89 Sien in die algemeen Badenhorst *Bevoegdheid om minerale te ontgin* 164–182.

90 Tydens registrasie van sessie word die reversionêre bevoegdheid ook tesame met die ander bevoegdhede oorgedra.

91 Maw, hierdie bevoegdheid verklaar die kenmerk van elastisiteit van 'n ontginningsreg. Anders as Lewis "The modern concept of ownership of land" 1985 *Acta Juridica* 257 word in oorweging gegee dat elastisiteit nie slegs eie is aan eiendomsreg nie, maar ook kenmerkend is van 'n mineraalreg.

92 Sien Dale *Mineral rights* 79.

eiendomsreg tot inhoud.[93] Onder andere verkry die eienaar ook die beskikkings- en vervreemdingsbevoegdheid ten opsigte van minerale. Artikel 5(1) van die Mineraalwet verwys gesamentlik na hierdie bevoegdhede as die beskikkingsbevoegdheid. Daar word aan die hand gedoen dat hierdie "beskikkingsbevoegdheid" voortspruit uit die eiendomsreg van die minerale en nie uit die ontginningsreg nie. Eiendomsverkryging van minerale, wat voor skeiding van die grond aan die eienaar van die grond behoort,[94] is 'n gevolg van die uitoefening van die bevoegdheid om te myn.

6 WISSELWERKING TUSSEN ARTIKELS 5(1) EN 68(5) VAN DIE MINERAALWET

Vir sover dit die verlening betref van meer bevoegdhede as die "regte" in artikel 5(1) van die Mineraalwet vermeld, word ter oorweging gegee dat die verlening deur regswerking van die bykomstige bevoegdhede in paragraaf 4 hierbo vermeld, net soos voor inwerkingtreding van die Mineraalwet, in die gewone gang van sake plaasvind en dat sodanige oordrag deur regswerking nie in stryd sou wees met artikel 68(5) van die Mineraalwet nie. Of meerdere bevoegdhede wat kontraktueel verleen is, deur artikel 68(5) ingeperk word tot die bevoegdhede wat in artikel 5(1) vermeld word, is nie duidelik nie. As egter in ag geneem word dat die Mineraalwet onder andere optimale benutting van mineraalbronne ten doel het, word aan die hand gedoen dat die wetgewer nie die inperking van meerdere bevoegdhede wat kontraktueel verleen word, ten doel gehad het by die opstel van artikel 68(5) nie.

In die geval van die verlening van minder bevoegdhede as die "regte" in artikel 5(1) van die Mineraalwet vermeld, blyk die uitwerking van artikel 68(5) te wees dat geen beding of voorwaarde in 'n ooreenkoms 'n houer van ontginningsregte (of 'n persoon met toestemming) kan verhinder om enige van die betrokke bevoegdhede uit te oefen nie. Daar dien egter op gelet te word dat die Mineraalwet nie die sluiting van so 'n ooreenkoms verbied nie.

Die problematiek oor die wisselwerking tussen artikels 5(1) en 68(5) van die Mineraalwet kan met 'n voorbeeld toegelig word. Veronderstel die houer van volledige eiendomsreg vervreem (en sedeer) sy mineraalreg onderworpe aan die beperking dat die sessionaris nie geregtig sou wees om die grond te betree nie (maar slegs om ondergronds vanaf 'n aangrensende eiendom te myn), of die beperking dat die sessionaris nie oor minerale mag beskik wat tydens prospektering of mynbouwerksaamhede gevind word nie. Die uitwerking van artikel 68(5) is tog duidelik dat die houer van 'n mineraalreg geregtig is om sodanige bevoegdhede uit te oefen ongeag kontraktuele beperkings tot die teendeel. Beteken dit dat die eienaar eenvoudig moet aanvaar dat die verkryger van die mineraalreg geregtig is om iets te doen wat hy onderneem het om nie te doen nie?

Oorweging kan eerstens gegee word aan die geval waar 'n ooreenkoms gesluit is ingevolge waarvan die houer van 'n mineraalreg verbied word om enige van die "regte" ingevolge artikel 5(1) uit te oefen, terwyl een of albei van die partye

---

93 Sien verder Badenhorst *Bevoegdheid om minerale te ontgin* 147–149.

94 *London and SA Exploration Company v Rouliot* (1891) 8 SC 75 91; *Neebe v Registrar of Mining Rights* 1902 TS 65 85; die *Van Vuren*-saak *supra* 295; *Rocher v Registrar of Deeds* 1911 TPD 311 315 316; *Odendaalsrus Gold, General Investments and Extentions Ltd v Registrar of Deeds* 1953 1 SA 600 (O) 604E; *Erasmus and Lategan v Union Government* 1954 3 SA (O) 417D.

onbewus was van die bestaan van artikel 68(5) van die Mineraalwet. Die algemene regsvraag wat dan ontstaan, is of 'n party kontraktuele aanspreeklikheid kan ontduik deur hom op 'n regsdwaling te beroep. Meer in die besonder, kan die sessionaris van die mineraalreg in ons voorbeeld regsgeldig aanvoer dat die ooreenkoms ongedaan gemaak is vanweë sy onbewustheid van die bestaan of uitwerking van artikel 68(5)?

The court also remarked that, in the light of the principle of *ex nudo pacto oritur actio*, the real as well as the innominate contracts were concluded by mere agreement in Roman-Dutch law.[96] But it has been shown above[97] that this is correct with respect to the innominate contracts only. It is not a true reflection of the common law position regarding real contracts.[98] Furthermore, in so far as this remark might suggest that the real contracts are consensual by nature in modern South African law, it must be considered as *obiter dictum*. *Conradie v Rossouw* did not relate to any of the real contracts in particular. In the final instance it nevertheless cannot be said to have been a watershed decision, since the real contracts had by then lost their real character and had become consensual. This is apparent from the works of leading authors and from the approach of our courts since 1919.

On the one hand, there are those authors who advocate a general theory of contract, namely that contracts are concluded by mere agreement, but who at the same time explicitly treat the Roman *contractus re* as a different category. Wessels, for example, maintains that the serious intention of the contracting parties is required, and that in such a case an obligation is created immediately. He, however, distinguishes consequences that are common to all contracts from those that are particular to contracts which are concluded only after the delivery of a thing. The latter category consists of loan for consumption, loan for use, deposit and pledge.[99] Lee[100] points out that these contracts are governed by Roman law. Gane, in his selective translation of Voet, remarks that Voet's discussion of loan for consumption and loan for use, is an accurate account of the prevailing position and that the courts have not deviated from it.[101] In the ninth edition of Maasdorp's *Institutes*,

---

93 562–563.
94 1919 AD 279.
95 The headnote of the report as well as 288 297 324.
96 310.
97 Par 3.
98 Cf also Western Bank Ltd v Registrar of Financial Institutions 1975 4 SA 37 (T) 43D: "At common law the contract known as 'verbruiklening', mutuum or loan for consumption, is classified as a contract founded on a thing (re) and is not completed without delivery."
99 Wessels *The law of contract in South Africa* (1937) 22–23 619–623.
100 *An introduction to Roman-Dutch law* 312–313.
101 Gane's introductory remarks *ad D* 12 1 and *D* 13 6.

loan for consumption is treated as a real contract.[102] Zimmermann[103] is of the opinion that the position of loan for use has for the greater part remained unchanged since Roman law, so much so that the Roman jurists Paulus and Gaius would have found their way in modern law with ease.

On the other hand, there are authors who do not specifically label the contracts under discussion as real, but from their general treatment of the subject-matter, no other deduction can be made. They – possibly unintentionally – define these contracts true to Roman tradition with the emphasis on the delivery of a thing, for example,

> "loan for consumption is a contract whereby one person delivers some fungible thing to another person who is bound subsequently to return to the former a thing of the same kind, quality and quantity".[104]

When the duties of the contracting parties are subsequently discussed, the duty of, for example, the lender to deliver, or that of the depositee to accept the thing, is never mentioned. Surely this ought to be the primary as well as a logical contractual duty, had the contract been consensual. The duty of the borrower and the depositee to return the thing is, however, always emphasised.[105] This approach corresponds to the treatment of these contracts in the Western European civil codes as explained above.[106]

The same approach is followed by our courts. In *Moser v Meiring*[107] the court relied on Voet when it defined loan for consumption as "a contract by which a fungible thing is delivered to another who undertakes to return a thing, of the same kind, quality and quantity". In *Minister of Posts and Telegraphs v Daddy Bros and Johnstone*[108] Lee and Honoré's definition of deposit, as "a contract whereby one person delivers to another a thing to be kept by him gratuitously or for reward and returned on demand" was accepted.[109] In *Adamson v Boshoff*[110] the court defined loan for use according to Cooper as "a contract whereby one person (the lender) delivers property to another person (the borrower) . . . to be returned to the lender . . ."

As mentioned at the outset,[111] Joubert maintains that the old real contracts presently have a consensual character. He also seems to be the only one who correctly attempts to treat these contracts accordingly. In his discussion on loan for consumption and loan for use, he consistently lists the duty of the lender to deliver as a duty flowing from the agreement between the parties.[112] But Joubert's approach does not rest on unquestionable foundations. First of all, it appears strange that he

---

102 *Maasdorp's institutes of South African law* (ed Hall) (1978) 83.
103 203.
104 Hutchison *et al Wille's principles of South African law* (1991) 576.
105 See eg Lee and Honoré *The South African law of obligations* (2ed by Newman and McQuoid-Mason) (1978) 125–132; Bester "Deposit" 8 *LAWSA* 118–121; Hutchison *et al* 576–583.
106 Par 3 *in fine*.
107 1931 OPD 74 77.
108 1965 3 SA 394 (EC) 396.
109 This definition was followed in *Smith v Minister of Lands and Natural Resources* 1980 1 SA 565 (Z) 571; *Socrat v Electra Rubber Products* 1981 3 SA 722 (Z) 724.
110 1975 3 SA 221 (C) 225.
111 Fn 7 *supra*.
112 15 *LAWSA* 200–207.

nevertheless regards the borrower's duty to return the thing as the "main obligation".[113] Such a view corresponds to the real character of the contract in the light of which the emphasis is always on the duty of the borrower. Zimmermann,[114] for instance, criticises the modern-day real character of loan for consumption on the very basis that money is not primarily lent out in order to be returned, but rather to be used by the borrower. Secondly, the authority on which Joubert relies does not bear him out. In the light of the judgment in *Conradie v Rossouw*,[115] he submits: "From this it *appears* that a promise to lend . . . is enforceable by action".[116] It has been pointed out above that the remarks in *Conradie v Rossouw* concerning real contracts, do not reflect our common law position correctly and that they serve only as *obiter dicta* with respect to modern South African law on this point.

Joubert is correct in so far as he shows that pledge is considered to be a consensual contract today. This is the generally accepted view.[117] The same also applies to the innominate contracts and here his view is in full accord with the development in our Roman-Dutch common law.[118]

5 CONCLUSION

Apart from pledge and the innominate contracts, there is no conclusive common law or other authority in South Africa rendering the contracts of loan for consumption, loan for use and deposit consensual by nature. In this respect Roman law still exerts its influence via Roman-Dutch law.

These contracts originated as gratuitous services rendered among friends, and from that perspective their real character makes sense. However, the face of modern society cannot be compared with that of Roman or seventeenth and eighteenth century Dutch society. In the light of present socio-economic needs, a strong argument may be advanced for the loan of money, in particular, to be regarded as a consensual contract, at least in certain cases. But the question arises whether this argument is also valid for other forms of loan for consumption as well as for loan for use and deposit. On the one hand, the often friendly nature of these transactions must be considered. Bearing this in mind, a claim for specific performance based on mere agreement between the parties is sometimes undesirable. That is probably also why these cases seldom end up in court. A contract, on the other hand, cannot be enforced only by means of a claim for specific performance but also by a claim for damages. A party may, for example, suffer loss when a promise to lend money or to take a thing in deposit is not met. But even then the question is whether the *boni mores*, given the friendly and also gratuitous nature of such transactions, *always* requires damages to be paid.

---

113 15 *LAWSA* 200 par 270.

114 164.

115 Fn 93 *supra*.

116 15 *LAWSA* 200 par 270 fn 2 (my italics).

117 See *Vasco Dry Cleaners v Twycross* 1979 1 SA 603 (A) 611; Lubbe "Mortgage and pledge" 17 *LAWSA* 366 485; Scott and Scott *Wille's law of mortgage and pledge in South Africa* (1987) 46–47; De Wet and Van Wyk 402.

118 Maasdorp *The Institutes of Cape law, book III: The law of obligations* (1924) 371–372.

As far as the *boni mores*, specifically in the South African context, are concerned, it should be noted that all customary law contracts are real contracts.[119] The new Constitution specifically provides for the application of customary law.[120] The opinion was recently expressed that serious attention should in future be paid to the integration of the Western and the indigenous law of contract.[121] In so far as such an integration would be necessary, the law relating to the real contracts of common law can offer a valuable contribution.

It is consequently doubtful whether it can be said that real contracts have no place within the modern paradigm. A historical perspective shows that consensualism has never functioned as an absolute rule governing the law of contract in its totality. And even at present, in the case of those contracts that do in fact function in accordance with the norm of consensualism, it cannot always be said that every such contract constitutes a celebration of the wills of the parties.[122]

BUTTERWORTHS-PRYS

Dit doen die redaksie genoeë om aan te kondig dat die Butterworths-prys vir die beste eersteling-bydrae van 1994 toegeken is aan:

Me E Schoeman
Universiteit van Suid-Afrika

119 See eg Whelpton *Die inheemse kontraktereg van die Bakwena Ba Mogopa van Hebron in die ODI I distrik van Bophuthatswana* (LLD thesis Unisa 1991).

120 S 35(3) Act 200 of 1993.

121 Van Aswegen "The future of South African contract law" 1994 *THRHR* 448.

122 Often the terms of a contract are dictated by the state or some other authoritative body, and in some cases entering into a contract is obligatory (see Diósdi 19–22; Corder and Davis "Law and social practice: an introduction" in Corder (ed) *Law and social practice in South Africa* (1988) 11–13 25).

Wetenskapsfilosofie en die regswetenskap

PhJ Thomas
MR LLD
Professor in die Regte, Universiteit van Pretoria

SUMMARY

Philosophy of science and legal science

Philosophy of science has received scant attention from South African jurists. This article attempts to situate philosophy of science and to summarise the most important philosophies in the human sciences, namely positivism, Karl Popper's critical rationalism, Thomas Kuhn's *Structure of scientific revolutions* and the Frankfurter Critical Theory. The reception or non-reception of these in legal science is discussed briefly. The conclusion is reached that Popper, Kuhn and the Frankfurter School have reintroduced man in the scientific process, which implies that subjectivity forms an integral part of the human sciences.

INLEIDING

Dit wil voorkom of wetenskapsfilosofie Suid-Afrikaanse regsgeleerdes min gepla het of pla. Regswetenskaplikes het oor die algemeen die benadering van hul leermeesters sonder bevraagtekening aanvaar en sowel leermeester as student was in baie gevalle selfs onbewus van die feit dat daar ander benaderings, sogenaamde paradigmas, moontlik is en inderdaad bestaan.

Andersyds is daar altyd 'n sekere relativisme aanwesig in die regswetenskap as gevolg van die besef dat die eksaktheid van die natuurwetenskappe nie bereik kan word nie en dat daar gevolglik verskillende menings ten aansien van bepaalde onderwerpe bestaan. Die goeie motivering van die verskillende menings speel 'n belangrike rol, maar die afwesigheid van kriteria in hierdie verband, onder andere as gevolg daarvan dat die bestudering van logika in die regsopleiding ontbreek, het tot gevolg dat die "Middeleeuse" beroep op gesaghebbende tekste en/of groot leermeesters 'n prominente plek inneem.

Regswetenskaplikes wat die kans gekry of geskep het om ook aan ander universiteite te studeer, het bewus geraak van die feit dat daar ook ander werkswyses, metodes, metodologieë, skole, stromings en paradigmas bestaan. Die gevolglike metode-relativisme lei amper vanself tot metode-eklektisisme, wat egter deur Maurer en Retief[1] as metodologiese skisofrenie getipeer is. Die verskillende metodes word naamlik los van hul filosofiese raamwerke in die navorser se eie (in die regswetenskap oor die algemeen versweë of onbewuste) filosofiese raamwerk gebruik wat tot spanning tussen uitgangspunte en resultate aanleiding gee. In die regswetenskap kry hierdie probleem weinig erkenning as gevolg van die onbekendheid met die onderskeie wetenskapsfilosofieë, asook die negering van die feit

1 "Metodologiese probleme in die sielkunde" 1985 (4) *SA Tydskrif vir Wysbegeerte* 20.

dat die eie mensbeskouing of samelewingsbeskouing implikasies ten aansien van keuses, uitgangspunte, metode en resultate het.

Die doel van hierdie artikel is derhalwe om 'n kort en onvolledige skets van die belangrikste wetenskapsfilosofieë in die geesteswetenskappe asook die resepsie of nie-resepsie daarvan in die Suid-Afrikaanse regswetenskap te gee met die oog op bewusmaking van die filosofiese konteks van die verskillende metodes. Die filosofiese agtergrond van die verskillende metodes het betrekking op besinning oor wetenskap; dit gaan oor die siening van die doel van die wetenskap, die groei van wetenskaplike kennis en die wyses van begronding van wetenskaplike uitsprake. Dit hou uiteraard verband met die opvatting oor die mens en samelewing.

SITUERING VAN WETENSKAPSFILOSOFIE

Daar kan vier verskillende vlakke (of ordes) van menslike denke onderskei word:

1 Lewensfilosofie
2 Wetenskapsfilosofie
3 Metodologie
4 Metodes en tegnieke

Ad 1: Lewensfilosofie mag min of meer bepaald, meer of min bewus wees. Dit is ongetwyfeld so dat iedereen die wêreld en die mens en sy samelewing volgens sy eie filosofie beskou; hierdie wêreld- en lewensbeskouing vorm deel van elkeen se eie private domein en bly gevolglik meestal buite die diskussie. Sy lewensfilosofie sal egter die wetenskaplike se wetenskapsfilosofie beïnvloed. So sal byvoorbeeld Marxiste 'n ander wetenskapsfilosofie as Christene huldig.

Ad 2: Wetenskapsfilosofie is, soos genoem, in 'n groot mate afhanklik van 'n persoon se lewens- en wêreldbeskouing. In sy opstel "Contending images of social knowledge and the politics of truth"[2] onderskei Mouton die dominerende wetenskapsbeelde in die moderne geesteswetenskappe en toon aan dat die wetenskaplike navorsing binne elkeen van hierdie paradigmas intrinsiek politiek- of waardegelaai is. Hy bevestig dat die Weberiaanse vereiste van 'n waardevrye wetenskap as onbereikbaar in die geesteswetenskappe bewys is.

Ad 3: Metodologie verteenwoordig die vlak tussen wetenskapsfilosofie en die metodes en tegnieke wat in 'n bepaalde wetenskap of dissipline beoefen word. Metodologie waarborg wetenskaplike resultate, met ander woorde bevindinge wat die groots moontlike relatiewe waarheidgetrouheid het. Dit beteken dat die metodologie in albei rigtings opereer. Eerstens op die vlak wetenskapsfilosofie: die metodologie lê bepaalde spelreëls neer wat dit moontlik maak om ondanks die waardegelaaide wetenskapsfilosofieë tog tot wetenskaplike bevindinge te kom. Tweedens op die vlak van tegnieke en metodes: die metodologie dikteer op hierdie gebied die reëls wat die generering van geldige data maksimaliseer.

Ad 4: Metode en tegnieke het betrekking op kwessies van alledaagse praktyke: hoe om materiaal te versamel, kennis van relevante bibliografieë, gesaghebbende tydskrifte, aanhalings ensovoorts.

---

2 In Mouton en Joubert (reds) *Knowledge and method in the human sciences* (1990) 43–59.

HISTORIESE OORSIG

Die sienings oor wetenskap en wetenskaplike praktyk is antwoorde op vrae gestel na aanleiding van vroeëre wetenskapsfilosofieë en -praktyke; 'n reaksie en verset teen daardie opvattings en praktyke. Gevolglik is 'n kort historiese oorsig noodsaaklik.

As gevolg van die enorme sukses behaal in die natuurwetenskappe, was die oorheersende vraag sedert die sewentiende eeu of daar 'n verband tussen die natuurwetenskappe en die geesteswetenskappe bestaan. Natuurwetenskaplikes soos Bacon, Descartes, Newton en Einstein het deur middel van eksperimentering en kwantifisering algemeen geldige wette ontdek waarby die uitsluiting van bestaande vooroordele 'n belangrike rol gespeel het. Gevolglik het die wetenskap 'n hoë premie gestel op objektiwiteit, in die sin van die uitsluiting van vooroordele, afstand neem, neutraliteit of waardevryheid. Afhangende van die antwoord op bogestelde vraag, kan daar sedert die sewentiende eeu twee tradisies in die wetenskapsfilosofie onderskei word. Enersyds die positivisme of naturalisme met as beroemdste protagoniste Bacon, Hobbes, Adam Smith, Comte en Mill, wat die vraag positief beantwoord het en die tradisie van die natuurwetenskappe in die geesteswetenskappe naboots. Hulle twintigste eeuse opvolgers was die Weense Sirkel (1992-1936) en die logiese empirisme (1936-1960). Die anti-positivisme of anti-naturalisme word verteenwoordig deur die humanisme, Vico (17de eeu), Herder (18de eeu), die Hermeneutiek (Dilthey (19de eeu), Heidegger, Gadamer, Ricoeur), die Kritiese Teorie (Marx, die Frankfurtse Skool, Habermas) en die Fenomenologie.

Vanaf 1960 het daar egter 'n nuwe debat oor die filosofie van die natuurwetenskappe losgebrand, met Popper en Kuhn as die belangrikste name en die Edinburgh School en die Realisme as die belangrikste stromings.

Uit bostaande oorsig kan twee afleidings gemaak word. Eerstens: die positivisme het deur die eeue sekere veranderings ondergaan en word sedert 1960 in die natuurwetenskappe bevraagteken. Tweedens: die verskeie filosofieë in die geesteswetenskappe is in 'n groot mate 'n reaksie op die positivisme.

POSITIVISME

Aan die begin van die sewentiende eeu het Francis Bacon (1561-1626) as reaksie op die gangbare wetenskapstradisie wat finale gesag aan Aristoteles (384-422 vC) toegeken het,[3] die moderne wetenskapsmodel ontwikkel.[4] Die model waarteenoor Bacon hom gestel het, die deduktivisme, neem sy uitgangspunt in reeds geformuleerde teorieë en probeer om die werklikheid in hierdie teorieë in te pas. Bacon se model gaan egter uit van empiriese feite en probeer om deur induktiewe veralgemening en abstrahering teorieë te skep. Die aldus geformuleerde teorieë moet aan nuwe empiriese feite getoets word. Bacon se model, die induktivisme,[5] plaas die nadruk op empiriese feite as vertrekpunt vir navorsing en ook as toets vir

---

3 Reeds die humaniste het die reg opgeëis om met Aristoteles te verskil en 'n onafhanklike oordeel te vorm.

4 *Novum organum: sive indicia vera de interpretatione naturae* (1620).

5 Waarneming en induksie is uiteraard so oud soos menslike redenasie. Bacon het dit geanaliseer, die wyse waarop Artistoteles dit hanteer het, gekritiseer, en sekere reëls en waarskuwings neergelê. Bevraagtekening van gesag asook die seleksie van waarnemings in plaas van *inductio per enumerationem simplicem* vorm sentrale punte van sy model.

teorieë. Hierdie induktivistiese navorsing was volgens Bacon op alle wetenskappe van toepassing;[6] sodanige studie van die mens en sy samelewing sou sosiale hervorming en vooruitgang tot gevolg hê.[7] Ook Thomas Hobbes (1588-1679) sien die rekonstruksie van die samelewing op wetenskaplike gronde as die uiteindelike doelwit van wetenskapsbeoefening.[8]

In die agtiende eeu ontwikkel wetenskaplikes soos Vico, Voltaire, Turgot, Gibbon, Condillac en Condorcet[9] teorieë oor menslike vooruitgang wat 'n belangrike bydrae tot die positivisme lewer. Bacon se "kennis is mag" word die slagspreuk van die aanhangers van die vooruitgangsgeloof. Deur middel van die wetenskap het en sal die mens homself meer en meer losmaak van die boeie van onkunde, vooroordeel, tirannie en onderdrukking. Die menslike rede is die middel tot bevryding wat die mens in staat stel om mondig te word en sy omgewing te beheers.

In die negentiende eeu het Henri Saint-Simon (1760-1825) en sy leerling Auguste Comte (1798-1857) bogenoemde komponente van die positivisme in 'n filosofie uitgewerk.[10] Die idees van die onvermydelike vooruitgang van die menslike rede en die wetenskappe staan sentraal in hulle werk. Die empiriese werklikheid word as die enigste basis vir alle wetenskaplike wette en teorieë onderskryf. Comte benadruk egter die wedersydse verhouding tussen teorie en empiriese werklikheid, dit wil sê sinvolle waarneming vind nie sonder voorafgaande teoretisering plaas nie;[11] die teorieë moet uiteindelik aan die empiriese werklikheid getoets word alvorens dit as wetenskaplike kennis kan kwalifiseer. Ook die eenheid van die wetenskappe vorm deel van Comte se filosofie en die uiteindelike ideaal van geesteswetenskaplike navorsing is die rekonstruksie van die samelewing.[12]

Die doel van wetenskapsbeoefening is volgens Comte om die samelewing op rasionele en wetenskaplike gronde te vestig. Die metode om dit te realiseer, is om dieselfde metode en metodologie in die geesteswetenskappe as in die natuurwetenskappe te gebruik en dit impliseer dat alle navorsing met waarneembare empiriese feite begin en eindig.

---

6 *Novum organum* I 127.

7 Bacon skryf *Novum Atlantis* in 1624 en dit word na sy dood in 1627 gepubliseer. Hy beskryf die eiland Bensalem waar Solomon-huis gevestig was en die visie van die latere Royal Society sou beliggaam.

8 Vgl *Leviathan, or the matter, form, and power of a commonwealth, ecclesiastical and civil* (1651). Mouton "Die positivisme" in Snyman en Du Plessis (reds) *Wetenskapbeelde in die geesteswetenskappe* (1987) 3.

9 *L'Esquisse d'un tableau historique des progrès de l'esprit humain* (1795). Condorcet het die teorie van vooruitgang deur rede en vryheid op elke gebied van menslike aktiwiteit toegepas.

10 Comte *Cours de philosophie positive* vol 6 (1830–1842); *Discours sur l'ensemble du positivisme* (1848).

11 Comte *Cours* I (geen jaartal) 14: "(si) d'un côté toute théorie positive doit nécessairement être fondée sur de observations, il est également sensible, d'un autre côté, que pour se livrer à l'observation, notre esprit a besoin d'une théorie quelconque". Vgl egter Spiller *A history of the district and supreme courts of Natal* (1986) 109: "The structure of this book has been determined by my conviction that one must allow the facts to suggest their own significance and not try to shape historical material according to predetermined convictions."

12 Mouton "Positivisme" 9.

Die laat negentiende eeuse positivis Durkheim het as eerste empiriese navorser die positivistiese beginsels in werklike geesteswetenskaplike navorsing geïmplementeer.[13] Die Weense Kring publiseer in 1929 hul manifes "Wissenschaftliche Weltauffassung: Der Wiener Kreis", en ontwikkel die logiese positivisme (later bekend as die logiese empirisme) wat bepaalde ideale van die positivisme probeer moontlik maak en bepaalde dilemmas oplos.[14] Dit versprei na die Engelssprekende wêreld en bly tot die sestigerjare die aanvaarde Anglo-Saksiese wetenskapsfilosofie.

Die positivistiese wêreld-, mens- en samelewingsbeskouing is die geloof in vooruitgang deur middel van die menslike rede. Dit sal die mens bevry van metafisiese slawerny en die bande van onkunde, vooroordeel en onderdrukking losmaak. Die mondige mens sal deur middel van die wetenskap 'n beter samelewing met vrede, harmonie en orde vestig.

Uiteraard was daar voortdurend kritiek op die positivisme.[15] Ek wil slegs twee van die belangrikste kritici, Karl Popper en Thomas Kuhn, kortliks bespreek aangesien hulle van die bekendste filosowe van die twintigste eeu is.

KARL POPPER

Popper het nie slegs bekendheid as wetenskapfilosoof[16] verwerf nie, maar ook as kampvegter van die "open society",[17] met ander woorde as gevolg van sy mens- en samelewingsbeskouing. Hy beliggaam gevolglik die wedersydse verhouding tussen lewens- en wetenskapsfilosofie en verdien daarom ons aandag.

Popper se filosofieë is gebaseer op die postulaat van rasionaliteit.[18] Die mens is 'n sosiale wese en rasionaliteit is die band wat alle mense wêreldwyd aan mekaar bind.[19] Sy wêreldvisie is evolusionêr en die evolusieproses is 'n lang reeks eksperimente, van leer deur "trial and error".[20] Popper se wetenskapsfilosofie van kritiese rasionalisme is terselfdertyd die instrument waarmee die sosiale en politieke werklikheid verstaan en geëvalueer word.

DIE FILOSOFIE VAN DIE "OPEN SOCIETY"

"Open society" of goeie samelewing staan teenoor die "closed society" van die totalitarisme. Die kenmerk van laasgenoemde samelewing is dat daar slegs een enkele en absolute doel vir die burgers voorgehou word. Op grond van die regerende groep se besondere vermoëns om die samelewing se spesiale roeping te

---

13 *Der Selbstmord* (1897).

14 Fisikalisme, die ideaal van 'n eenheidswetenskap; die reduksie van terme en begrippe moet 'n basiese wetenskapstaal daarstel; logiese analise moet die wetenskap van spekulasie en metafisiese reste suiwer; slegs stellings wat verifieerbaar is, is wetenskaplike stellings (Mouton "Positivisme" 12 ev).

15 *Idem* 24.

16 Hy publiseer in 1934 sy *Logik der Forschung*, waarvan die Engelse vertaling *Logic of scientific discovery* in 1959 verskyn. *Conjectures and refutations* (1963) en *Objective knowledge: an evolutionary approach* (1972) vul eg werk aan.

17 *The open society and its enemies* wat in 1945 en *The poverty of historicism* wat in 1957 verskyn.

18 *Open society* II (1974) 231 ev.

19 Faure en Venter "Karl Popper se kritiese rasionalisme" in *Wetenskapbeelde in die geesteswetenskappe* 37.

20 *Open society* II 222.

realiseer, word absolute ondersteuning vir die regeerders vereis. Die "closed society" vind sy rasionaal in die filosofie van die historisme,[21] wat daarop aanspraak maak dat daar spesifieke historiese wette of wetmatighede is wat deur die mens ontdek kan word. Kennis van daardie wette stel die historis in staat om die toekoms te voorspel en gevolglik die politiek te bepaal asook die politieke programme wat hy weet suksesvol sal wees.[22] Implementering van hierdie programme noem Popper utopiese "social engineering". Hierdie kombinasie van historisme en utopisme is volgens Popper gebaseer op wanopvattings met betrekking tot die menslike rede. Die leerstellings van historisme en utopisme is dogmaties en bring rigiede en onbevraagtekenbare strukture teweeg. Die hierargiese "closed society" ken aan die individu slegs 'n spesifieke rol en plek toe. Dit verleen egter 'n geborgenheid en verminder die druk op die individu.[23]

In die "open society" moet owerheidsdoelwitte egter voortdurend aan kritiek onderwerp word. Aangesien daar nooit finale konsensus bereik sal word oor een enkele en absolute doelwit nie, sal die owerheid slegs selektiewe programme implementeer om die geldende doelwitte van 'n gegewe tydstip op 'n voorlopige basis te realiseer: "piecemeal social engineering".[24] Aangesien die regering noodwendig nie aan alle verwagtings van alle burgers kan voldoen nie, moet hulle vervang kan word wanneer 'n betekenisvolle gedeelte van die burgers dit verlang. Die demokrasie waarin partye en groepe deur middel van gereelde verkiesings en gewaarborgde regte verseker dat die meerderheid die rigting bepaal waarin die samelewing beweeg, is volgens Popper die metode om 'n "open society" te verwerklik. Popper se vraag is nie "wie gaan die regeerders wees?" nie, maar "hoe gaan ons die regeerders kontroleer?". "Piecemeal social engineering" se doel is om teenstrydighede uit te skakel en sosiale en politieke probleme op te los. Alhoewel dit owerheidsinmenging meebring wat die vryheid van die individu beperk,[25] beskerm dit terselfdertyd die vryheid van almal deurdat dit die regeerders kontroleer.

In die "open society" bestaan rasionele bespreking oor idees en instellings en 'n bereidwilligheid om veranderings te bewerkstellig. Daar bestaan die moontlikheid van sosiale mobiliteit en mededinging volgens gelyke spelreëls. Die "open society" verteenwoordig die morele waardes van die Westerse beskawing: respek vir die individu, vryheid, gelykheid, rasionaliteit, maar vra as prys onsekerheid en afwesigheid van geborgenheid.[26]

Popper sien vooruitgang nie as 'n natuurlike wet of wetmatigheid nie, maar as 'n moontlikheid wat die beste gerealiseer kan word deur 'n geloof in die "open society" en die menslike rede. Aangesien dit onmoontlik is om geluk te bepaal, bepleit Popper 'n vermindering van ongeluk.[27]

---

21 *The poverty of historicism.*

22 *Open society* I (1977) 7–10.

23 Lessnoff "The political philosophy of Karl Popper" 1980 *British Journal of Political Science* 117.

24 *Open society* II 222; O'Hear *Karl Popper* (1980) 154 ev.

25 Dit mag egter slegs aangewend word om die swakkeres teen die sterkeres te beskerm (Faure en Venter 45).

26 *Idem* 44.

27 *Idem* 45.

KRITIESE RASIONALISME

Popper se wetenskapsfilosofie, die kritiese rasionalisme, is voorskriftelik van aard. Dit betref veral hoe wetenskaplikes wetenskaplike kennis behoort voort te bring, met ander woorde die korrekte aanwending van metodes, en konsentreer op die metodes waarvolgens die betroubaarheid en geldigheid van die kennis getoets moet word. Die toename van wetenskaplike kennis bestaan volgens hom in hoofsaak uit die aanpassing van reeds bestaande kennis, waarin foute ontdek en uitgeskakel word. Dit beteken dat die wetenskaplike op geen gesaghebbende kennisbronne kan of mag staatmaak nie, maar dat alle kennisbronne oop is vir kritiese ondersoek. Kritiese rasionalisme is 'n keuse vir die menslike rede, vrye ondersoek, verdraagsaamheid en Sokratiese beskeidenheid, wat 'n kritiese ingesteldheid tot selfondersoek impliseer.[28]

Feilbaarheid en weerlegbaarheid is volgens Popper die kriterium om tussen wetenskap en nie-wetenskap te onderskei.[29] Wetenskaplikheid berus op die weerlegbaarheid, toetsbaarheid of feilbaarheid van stellings, hipoteses en teorieë. Wetenskap bestaan dus daaruit dat die wetenskaplike al sy kennis as voorlopige vermoedens beskou wat aan streng toetse onderwerp moet word. 'n Teorie of hipotese word allereers geformuleer en dien as voorlopige vermoedens. Dit word vervolgens getoets: eerstens die interne konsekwensie, vervolgens die logiese vorm, derdens aan soortgelyke teorieë en ten slotte deur empiriese toepassing.[30] Indien dit die toetse weerstaan het, word dit as wetenskaplike kennis aanvaar maar hierdie aanvaarding is altyd voorlopig en voorwaardelik. Dit kan te eniger tyd deur nuwe toetse weerlê word of deur 'n nuwe teorie met 'n groter waarheidgetrouheid vervang word.[31] Rasionele kritiek elimineer foute en teenstrydighede, met ander woorde vals teorieë. Die kritiese rasionalis laat die teorieë sterf, in teenstelling met die dogmatikus wat irrasioneel aan sy teorieë bly vashou en saam met hulle omkom. In Popper se wetenskapsfilosofie is alle wetenskaplike kennis feilbaar; daar bestaan nie seker en vasstaande waarhede, teorieë en hipoteses nie; alles is in beginsel aan falsifikasie onderworpe.[32]

Een van Popper se mees basiese uitgangspunte is dat alle persepsies in ooreenstemming met teorieë gestruktureer word. Alle waarnemings word deur teoretisering voorafgegaan en niks word bloot waargeneem nie.[33] Daar is in hierdie wetenskapsfilosofie geen verskil tussen die natuur- en die geesteswetenskappe nie.[34] Die logiese struktuur van die wetenskap verander nie met die studieterrein nie. Die objektiwiteit van die geesteswetenskappe word in die aanvaarding van die kritiese rasionalisme gevind. Objektiewe wetenskapsbeoefening kan nie van die objektiwiteit van die navorser afhang nie. Die idee dat waardeoordele, partydigheid en subjektiwiteit van 'n wetenskaplike weggeneem kan word, is volgens Popper absurd. Dit is deel van menswees en om dit weg te neem sal die navorser se menslikheid ontneem. Objektiwiteit is volgens Popper geleë in die navolg van sy voorskrifte van wetenskapsbeoefening, in wedersydse kritiek, kritiese

---

28 *Open society* II 227.
29 *Logic* (1959) 40 ev.
30 *Idem* 32 ev.
31 *Idem* 33.
32 Faure en Venter 35.
33 *Logic* 94 ev 106 ev; *Objective knowledge* 71 ev; O'Hear 68–89.
34 *Open society* II 222.

werkverdeling, rasionele ondersoek en kompeterende teoriekonstruksie en toetsing. Dit kan slegs sukses bereik binne 'n samelewing wat kritiek teen heersende dogmas gedoog.[35]

THOMAS KUHN

In teenstelling met Popper se wetenskapsfilosofie wat voorskriftelik van aard is, is Kuhn se bydrae beskrywend. Kuhn, as historikus van die natuurwetenskappe, bestudeer die geskiedenis van die wetenskap en publiseer in 1962 *The structure of scientific revolutions* waarin hy verskeie van die positivistiese standpunte aanval. Sy kritiek is veral gerig teen die siening van wetenskapsgroei deur akkumulasie asook die standpunt dat die wetenskapsproses 'n objektiewe rasionele proses is.

Volgens Kuhn toon die geskiedenis van die wetenskap (hy verwys na die natuurwetenskappe) dat bepaalde teorieë as oorsprong van bepaalde wetenskappe gesien kan word.[36] Daardie teorieë blyk in staat te wees om probleme op te los en word gevolglik deur die wetenskaplike gemeenskap as basis vir navorsing aanvaar. Die wetenskapstradisie wat aldus ontstaan, noem Kuhn 'n paradigma. Dit gee die betrokke groep wetenskaplikes leidrade oor wat hulle moet navors, hoe hulle moet navors en water oplossings aanvaarbaar is. Die bande wat die groep wetenskaplikes bind, is hulle aanvaarding van die betrokke teorie, die metodologie, metodes en tegnieke asook bepaalde aannames en veronderstellings.[37]

Desnietemin leer die geskiedenis dat in elke wetenskap belangrike nuwe ontdekkings gemaak is wat die wetenskap verander het juis omdat die beroemde wetenskaplikes die aanvaarde wetenskaplike beginsels van hul tyd verkrag het. Hierdie radikale vernuwing noem Kuhn wetenskaplike rewolusies. Die oorsprong hiervan is geleë in die bewuswording van teenstrydighede. Dit lei meestal tot aanpassing van die paradigma, maar wanneer daar onoplosbare empiriese en teoretiese probleme ontstaan, lei dit op die lang duur tot die ontwikkeling van 'n alternatiewe paradigma en omverwerping van die bestaande. Die nuwe paradigma het sy eie teorie, metodes en aannames en die aanvaarding daarvan is 'n wetenskaplike rewolusie. Kuhn benadruk die subjektiewe element van paradigmakeuse en vergelyk dit met 'n geloofskeuse.[38] Die paradigmakeuse bepaal die wetenskaplike se navorsingsraamwerk. Die implikasie is dat nie slegs die idee van wetenskaplike vooruitgang deur akkumulasie onhoudbaar word nie, maar selfs die hele idee van wetenskaplike waarheid.

In die tweede uitgawe van die werk (1970) bring Kuhn as reaksie op die kritiek sekere verfynings aan,[39] maar die sentrale punte van sy filosofie bly in stand, naamlik dat die keuse vir 'n bepaalde paradigma 'n subjektiewe keuse is en dat 'n paradigma die strukture en waardes behels wat 'n groep wetenskaplikes in 'n bepaalde dissipline regeer.[40]

---

35 Faure en Venter 40.
36 Mouton "Thomas S Kuhn" in *Wetenskapbeelde in die geesteswetenskappe* 59.
37 Kuhn *The structure of scientific revolutions* (1970) 40 ev.
38 *Idem* 157 ev.
39 Mouton "Kuhn" 66 ev; "Postcript-1969" in *Structure* 174–210.
40 "Objectivity, value judgment and theory choice" in *The essential tension* (1977) 320–339.

DIE FRANKFURTSE NEO-MARXISME; KRITIESE TEORIE

Die Frankfurtse Skool begin in 1923 met die stigting van die Instituut vir Sosiale Navorsing aan die Universiteit van Frankfurt. Die doelstelling van die instituut was om sosiale vraagstukke te bestudeer in die gees van Marx maar nie op die wyse van die ortodokse Marxisme nie. In 1933 gaan die instituut in ballingskap en vestig hom uiteindelik in Los Angeles. Na die Tweede Wêreldoorlog keer sommige lede na Frankfurt terug terwyl ander in Amerika bly. Die Frankfurtse Skool verwerf veral bekendheid met die studente-opstande van 1968 en name soos Marcuse, Adorno, Horkheimer en Habermas het ook buite akademiese kringe bekendheid verwerf.[41]

FILOSOFIE MET BETREKKING TOT MENS EN SAMELEWING

Die neo-Marxiste bring Marx op datum. Marx se voorspelling met betrekking tot die disintegrasie van die kapitalistiese samelewing het nie gerealiseer nie as gevolg van die betrekking van die werker by die instandhouding van die produksieproses deur hom in die winste te laat deel. Die sosiale antagonismes (klassestryd) wortel volgens die neo-Marxiste tans in magsverhoudings.[42] Die nuwe konflik in die samelewing bestaan tussen die besondere belang van die kapitaalkragtige monopolieë wat veralgemeen word en waarmee die samelewing moet identifiseer, en die belang van die individu. Die gesentraliseerde maghebber beheers van verbruiksprodukte tot gedagtes. Die wêreld word vir die mens as die enigste moontlike wêreld voorgehou. Die kultuurindustrie asook reklame met hul dwang tot nabootsing, aanvaarding en konsumpsie stomp die mens se denkvermoë af. Die positivisme met sy aanbidding van die "feite" is die denkhouding van hierdie samelewing.[43]

Die neo-Marxiste glo in Marx se elfde Feuerbachstelling wat inhou dat die filosowe tot dusver die wêreld slegs verskillend geïnterpreteer het; die belangrike is egter om die wêreld te verander.[44] Hulle wil nietemin nie die wêreld verander deur na identifikasie van die probleme met 'n bloudruk vir die toekoms vorendag te kom nie, aangesien dit die kwaad van die bestaande samelewing, naamlik die mag van mense oor mense, sal herhaal. Geïnspireer deur Georg Lukacs se *Geschichte und Klassenbewusstsein* (1923) wil die Frankfurtse Skool die probleme van die samelewing identifiseer en 'n bewussynsverandering teweegbring, 'n verandering van onder en van binne en nie van bo nie.[45] Hierdie siening van die selfbepaling van die mens en die implisiete selfbewuste betrokkenheid by die historiese proses, verwerp die beskouing dat daar patrone in die geskiedenis is wat 'n voorspelbare reëlmatigheid daaraan verleen. Laasgenoemde opvatting aanvaar onkrities die selfstandigheid van die feite ten koste van die menslike betrokkenheid by die feite.[46]

---

41 Snyman "Die wetenskapsopvatting van die Frankfurtse Skool" in *Wetenskapbeelde in die Geesteswetenskappe* 155.

42 *Idem* 165 ev.

43 *Idem* 166.

44 Marx "Theses on Feuerbach" in *Karl Marx and Friedrich Engels selected works* II (1950) 367: "The philosophers have only interpreted the world, in various ways; the point, however, is to change it."

45 Snyman 166.

46 Horkheimer *Critical theory* (1972) 188–243.

WETENSKAPSFILOSOFIE VAN DIE KRITIESE TEORIE

Die doel van die (geestes)-wetenskappe is volgens die Frankfurtse Skool terapeuties, naamlik om die positiewe wetenskap te genees van sy sogenaamde objektiwiteit en rasionaliteit. Hulle beklemtoon dat wetenskap self ideologie kan word en die gegewe feite regverdig. Positivistiese wetenskaplikes moet hulself die vraag stel of hulle nie 'n besondere belang ten koste van die algemene belang bevorder nie.

Die grootskaalse industriële navorsing wat deur owerhede geïnisieer is, toon 'n duidelike verband tussen wetenskap en politiek, en die beklemtoning van die streef na verbetering maskeer die bevordering van politieke kontrole. Die rasionaliteit van die positivisme is doel-rasionaliteit, die rasionaliteit van tegnies-reguleerbare handelinge; maatskaplike kwessies word gereduseer tot vraagstukke van tegniese organisasie.[47] Die wetenskap wat die mens moet bevry, word gebruik om hom in bedwang te hou; wetenskap wat die wêreld onttower het, betower nou die mens.[48] Toepassing van die natuurwetenskapsmodel op die samelewing beteken dat mense verdinglik, voorspelbaar en beheerbaar word sodra die brute feite sosiale wetmatighede soos natuurwetmatighede opgelewer het; dit verhoed verandering wat die wêreld mensliker kan maak.

Die Kritiese Teorie bepleit die betekenis van waardes in wetenskapsbeoefening. Volgens die positivistiese feit/waarde-onderskeiding sou feite 'n onafhanklike bestaan in die werklikheid hê, terwyl waardes van menslike besluitneming afhanklik sou wees. Feite en waardes is egter vir hulle aanvaarding en bestaan van mekaar afhanklik. Wetenskaplike feite word bepaal deur die waardes wat die wetenskap hanteer om feite van skimme te onderskei, terwyl kritiese bespreking van waardes altyd 'n beroep op die feite insluit.[49] Gevolglik konsentreer die Kritiese Teorie nie op die goeie nie; die slegte is die onderwerp van studie. Sy element is die vryheid, sy tema die onderdrukking.[50]

Die Kritiese Teorie is geïnteresseerd in 'n redeliker organisasie van die samelewing op grond van die ervaring van die nood van die huidige toestand. 'n Kritiese teorie kom tot stand as gevolg van 'n negatiewe ervaring. Die inhoud van die ervaring is pyn; die pyn en lyding beteken dat die samelewing nie is wat hy behoort te wees nie. Om die spanning te verklaar wat die pyn en lyding veroorsaak, moet teorieë ontwerp word.[51] Hiervoor het die Frankfurtse Skool 'n organisatoriese navorsingsproses wat die mure tussen die vakwetenskappe onderling en tussen vakwetenskappe en filosofie afbreek. Filosofiese spekulasie en wetenskaplike navorsing bepaal mekaar wederkerig. 'n Voldoende rekonstruksie van die sosiale werklikheid kan slegs verkry word as soveel moontlik interafhanklike faktore met mekaar in verband gebring kan word, en nie deur bevindings in een dissipline as grondliggend te beskou en daarvandaan te veralgemeen nie. Op grond van vermoedens wat gevorm word na aanleiding van bestaande vakwetenskaplike navorsing, word 'n algemene filosofiese teorie oor die samelewing geformuleer.

---

47 Snyman 168 ev.

48 Horkheimer en Adorno *Dialectic of enlightenment* (1992) 3–43.

49 Habermas "Rationalism divided in two" in Giddens (red) *Positivism and sociology* (1974) 213 ev.

50 Horkheimer en Adorno *Dialektik der Aufklärung. Philosophische Fragmente* (1969) 258 aangehaal deur Snyman 168.

51 Snyman 169 ev.

Hierdie teorie kry substansie deur te kontroleer in hoeverre verdere vakwetenskaplike navorsing reeds bestaande kennis bevestig en/of kritiseer.[52]

Die Kritiese Teorie beland egter in 'n doodloopstraat deur sy impuls tot verandering tot bewussynsverandering te beperk. Dit bied geen praktiese hulp aan die lydende individu nie en beland in esoteriese meditasie en elitisme.[53] Gevolglik stuur Habermas die Kritiese Teorie in 'n nuwe rigting. Habermas benadruk die emansipasie belang;[54] die wyses waarop kennis oor die samelewing gevorm word, moet duideliker word sodat die mens sy eie situasie kan verstaan en op grond van die begrip self die omstandighede kan begin verander. In sy *Erkenntnis und Interesse* (1968)[55] probeer hy om die belange wat onderliggend is aan die strewe na kennis bloot te lê en wys daarop dat kennis nooit 'n suiwer weerspieëling van die werklikheid is nie. Die sogenaamd objektiewe wetenskap het nooit die belange erken wat hom lei nie, met die resultaat dat die mens toelaat dat hy deur die sogenaamd objektiewe kennis bepaal word. Die mens is onbewus van die feit dat ander belange en ander doeleindes ander kennis kan produseer, met ander woorde sogenaamd objektiewe wetenskaplike kennis wat as waarheid aangebied word, is in der waarheid konstruksies wat op 'n besondere belang gebaseer is.[56] Habermas probeer om die belange bloot te lê (naamlik voorspelling en kontrole) en daardeur aan te toon dat die sogenaamde feite deur menslike ingrype verander kan word; dat die mens die sosiale lewensproses selfbewustelik kan beheer.[57] Sy sosiale wetenskap is afgestem op die emansipasie belang en moet ruimte skep vir die mens se aktiewe bemoeiing met die geskiedenis.[58] Kennis ingevolge hierdie belang word erken as 'n produk van menslike doelstellings wat in die ope gebring en aan debat onderwerp word. Hierdie kennis is inderdaad waardegelaai deurdat dit die waarde van 'n goeie en ware lewe vir die mensdom bevorder.[59]

'n Kritiese Teorie se taak is om aan die lede van die samelewing 'n interpretasie te bied van hulle eie vermoëns ten opsigte van die historiese proses. Die bekragtiging van die teorie vind plaas deur die teweegbring van selfrefleksie wat tot die emansipasie van die lede van die samelewing lei. Sy geldigheid hang daarvan af of die morele ideaal van onbelemmerde debat en diskussie bereik word. Habermas beweer egter dat die huidige samelewing vanweë die verwronge kommunikasie nie geskik is om oor die geldigheid van sy teorie te beslis nie.[60]

---

52 *Idem* 171 ev.
53 *Idem* 173 ev.
54 Romm "Habermas se Wetenskapsteorie" in *Wetenskapbeelde in die geesteswetenskappe* 190 ev.
55 *Knowledge and human interest* (1972).
56 Romm 180.
57 *Idem* 179 ev.
58 Herstrukturering van die sosiale struktuur deur te ontsnap aan die wetenskaplike wette van die sosiale lewe wat die positivistiese sosiale wetenskappe "ontdek" het. Habermas "Analytische Wissenschaftstheorie und Dialektik" in Adorno ea (reds) *Der Positivismusstreit in der deutschen Soziologie* (1975) 155 ev.
59 *Knowledge* 317.
60 *Theorie und Praxis* (1974); Romm 192.

WETENSKAPSBEELDE IN DIE REGSWETENSKAP

Natuurregsfilosofie

Die oudste filosofie (meer as 2500 jaar oud) in die regswetenskap is die natuurregsfilosofie.[61] Dit bestryk 'n wye verskeidenheid denkstrominge maar daar is sekere gemeenskaplike grondtrekke.

Dit is gebaseer op 'n statiese wêreldbeskouing wat daarvan uitgaan dat die wêreld en alles in en op die wêreld bepaal is en word deur 'n metafisiese entiteit, God, die Goddelike rede, die natuur, die menslike rede.

Die uitvloeisel van hierdie wêreldbeskouing is dat die bestaan van 'n hoëre regsorde (naas die positiewe regsorde) aanvaar word.[62] Hierdie natuurregsorde geld universeel en is kenbaar. Dit beliggaam 'n sisteem van waardes sodat daar geen onderskeid tussen reg en moraal of etiek is nie. Die positiewe regsorde word teenoor die natuurregsorde gestel en moet die waardes van laasgenoemde bereik.[63]

Alhoewel in die negentiende eeu die Historiese Skool en ook regsvergelyking die natuurreg ondermyn het deur aan te toon dat geen reg orals en altyd as reg erken is nie,[64] en die natuurreg as 'n godsdienstige idee bewys het wat die filosofie op 'n rasionele basis probeer fundeer, was en is die regswetenskap deurspek met (onbewuste) natuurregsgedagtes en -opvattings. Selfs juriste wat die natuurreg bestry, aanvaar regsbeginsels en -opvattings as "natuurlik", of kritiseer die positiewe reg met 'n beroep op "geregtigheid". Dit blyk dat ook in die regswetenskap 'n gemeenskaplike geloof in sekere fundamentele waardes noodsaaklik is.[65] In besonder na die Tweede Wêreldoorlog het die natuurreg 'n opbloei beleef.[66] Die groot verskeidenheid opvattings omtrent die natuurreg vertroebel egter die totaalbeeld.

Regspositivisme

Die positivisme het met aansienlike aanpassings[67] die mees algemene denkrigting in die Suid-Afrikaanse regswetenskap en regspraak geword. Dit verskyn in 'n aantal variasies, byvoorbeeld die positivisme van Austin,[68] die "reine Rechtslehre" van Kelsen,[69] die historisme[70] asook die realisme,[71] maar al hierdie variasies huldig

---

61 Van Apeldoorn *Inleiding tot de studie van het Nederlandse recht* (1972) 373–396; Van Dyk ea *Van Apeldoorn's Inleiding tot de studie van het Nederlandse recht* (1985) 484 ev; Kunst *Historische ontwikkeling van het recht* I (1967) 88 ev.

62 Cicero *De republica* III 22 (Lactantius *Instit* VI 8); De Groot *Inleiding* I 2 5, I 2 9; *De iure belli ac pacis* Prolog 6, 11, 12; I I 10 1; I I 10 5; I I 12 1.

63 Du Plessis "Navorsingsmetodes en -tendense" in Venter ea (reds) *Regsnavorsing* (1990) 62.

64 Van Apeldoorn 385 ev 388.

65 *Idem* 389 ev.

66 *Idem* 395.

67 Vgl Du Plessis 63 88; Wieacker *Privatrechtsgeschichte der Neuzeit* (1967) 432 452 ev 563 ev.

68 *The province of jurisprudence determined* (1832); *Lectures on jurisprudence* (1863). Austin bestudeer slegs die juridiese gegewens wat sintuiglik waarneembaar en kontroleerbaar is; elimineer spekulasie en abstraheer dmv induksie wat sintuiglik waargeneem is. Dit beteken dat die studie van die reg slegs op bevele van die wetgewer toegespits is en dmv induksie by 'n algemeen-wetmatige sisteem uitkom (Du Plessis 63 ev; Van Dyk 437).

69 Wat alle buite-juridiese groothede elimineer en sodoende die regswetenskap rein hou omdat buite-juridiese faktore soos moraal en etiek buite beskouing bly (Van Apeldoorn 363 ev; Van Dyk 437 ev 484 ev; Du Plessis 64 ev).

dieselfde basiese beginsels: Die reg moet hom by die harde feite hou; die positivistiese feit/waarde-onderskeiding elimineer waardevrae uit die wetenskap. Dit bring mee dat die regswetenskaplikes bly vashou aan die valse opvatting dat hulle navorsingsresultate 'n waardevrye weerspieëling van die werklikheid is terwyl hulle die wyse waarop hulle help om die *status quo* voort te sit, verberg.

Hierdie sogenaamde neutraliteit of objektiwiteit van die juris verlos hom van die verpligting om ideologiese, filosofiese, sosiale, ekonomiese, politieke en ander faktore in sy werk en denke te betrek, terwyl hierdie faktore almal integrale bestanddele is van die werklikheid waarmee die reg hom besig hou. Dit beteken dat die regswerklikheid van die positiviste slegs betrekking het op die werklikheid soos dit deur hulleself gekonstrueer word.

The external and immediate result of an advocate's work is but to win or lose a case. But remotely what the lawyer does is to establish, develop, or illuminate rules which are to govern the conduct of men for centuries; to set in motion principles and influences which shape the thought and action of generations which know not by whose command they move (Holmes *Eulogy on S Bartlett. Speaches* (1913) 43).

Stawing en versigtigheidsreëls in die strafreg

RJ Chinner
BLC LLB
Staatsadvokaat

SUMMARY

Corroboration and cautionary rules in criminal law

In this article the nature of cautionary rules is set out and the link between cautionary rules and corroboration explained. It is contended that the general meaning of the term "corroboration" must not be unnecessarily restricted. Various examples of corroboration are given which may satisfy the cautionary rule in suitable circumstances. Finally, the position with regard to statutory requirements of corroboration is canvassed and the difference between statutory requirements of corroboration and the satisfaction of the cautionary rule by means of corroboration, investigated.

INLEIDING

In die bewysreg word dikwels verwys na versigtigheidsreëls en die vereiste dat getuienis gestaaf moet word. Ook artikel 209 van die Strafproseswet 51 van 1977 vereis "stawing" van getuienis in sekere gevalle. Hoewel hierdie begrippe dikwels in strafsake gebruik word, is dit nie altyd duidelik presies wat daarmee bedoel word en hoe die begrip "stawing" met die versigtigheidsreëls verband hou nie. Ook die vorm wat die stawing kan aanneem, is dikwels onduidelik: Is dit byvoorbeeld voldoende dat periferiese aspekte gestaaf word of moet die stawende bewysmateriaal die beskuldigde direk met die misdaad verbind? Kan 'n ontoelaatbare verklaring gebruik word ter stawing van 'n ooggetuie? Moet die stawende getuienis teen spesifiek die beskuldigde toelaatbaar wees of kan 'n verklaring van een beskuldigde gebruik word as stawing van getuienis teen 'n medebeskuldigde hoewel die verklaring op sigself teen die medebeskuldigde ontoelaatbaar is? Kan verskillende verklarings van 'n beskuldigde gebruik word ter voldoening van die stawingsvereiste in artikel 209 van die Strafproseswet?

Hierdie artikel poog om die onderskeie begrippe te verduidelik en aan te toon hoe die begrippe "versigtigheidsreëls" en "stawing" met mekaar verband hou. Daarna word die begrip stawing in groter detail bespreek en gepoog om 'n bydrae te lewer ten einde sommige van die kwelvrae wat hierbo genoem is, te beantwoord. Daar word ook gekyk na die statutêre stawingsvereiste en hoe die begrip aldaar verstaan moet word.

1 VERSIGTIGHEIDSREËLS

1 1 Omskrywing

Versigtigheidsreëls is praktyksreëls wat dien as hulpmiddels vir die evaluering van getuienis wat óf weens die onderwerp óf weens die soort getuie wat betrokke is

deur ervaring in die regspraktyk as potensieel onbetroubaar bestempel word.[1] Daar is nie sprake van enige vasgestelde hoeveelheid getuies wat aan die versigtigheidsreël onderwerp moet word nie. Enige getuie wat weens die een of ander rede potensieel onbetroubaar is, behoort met versigtigheid bejeën te word. Deur die jare het sekere gevalle wat aan die versigtigheidsreël onderwerp moet word, egter uitgekristalliseer. Hier word byvoorbeeld gedink aan enkelgetuienis (veral van die enkelgetuie), die lokvink, die kind, getuienis met betrekking tot die identiteit van 'n misdadiger, klaers in seksuele misdade, medepligtiges en bekentenisse.

1 2 Illustrasie van die redes vir versigtigheidsreëls

Bogenoemde omskrywing kan geïllustreer word met verwysing na die redes vir die bestaan van versigtigheidsreëls by die kind, seksuele misdade en medepligtiges.

Die rede vir die versigtigheidsreël by kinders is dat hulle verbeeldingryk en baie vatbaar vir suggestie is.[2]

Die grondslag van die versigtigheidsreël by seksuele misdade is daarin geleë dat dit dikwels moeilik is om sodanige klagtes te weerlê en dat verskeie oorwegings daartoe kan lei dat dit valslik gemaak word, byvoorbeeld finansiële oorwegings waar die klaagster verwagtend is, die begeerte om 'n vriend te beskerm en die "terugkry" van iemand wat die getuie se toenadering van die hand gewys het.[3]

'n Medepligtige en ander betrokkenes wat 'n motief kan hê om die waarheid te verdraai, se getuienis word met versigtigheid bejeën omdat hulle vanweë hul posisie in staat is om sowel hul eie dade as dié van die beskuldigde te kamoefleer of om die hof van 'n oortuigende hoeveelheid korrekte detail te voorsien wat daartoe kan lei dat die hof hulle as bevredigende getuies beskou. Hulle het dikwels ook 'n motief om vals getuienis af te lê aangesien hulle soms deur "bevredigende" getuienis vrywaring teen vervolging kan bekom.[4]

1 3 Toepassingsveld van die versigtigheidsreël

Die versigtigheidsreël is nie net van toepassing waar getuies deur die staat geroep word nie, maar byvoorbeeld ook waar medebeskuldigdes in hul eie verdediging getuig en hulle getuienis teen 'n medebeskuldigde oorweeg word.[5]

1 4 Korrekte toepassing van die versigtigheidsreël

Die korrekte toepassing van die versigtigheidsreël impliseer die volgende:

(a) 'n Versigtige benaderingswyse as gevolg van die inherente gevare verbonde aan die nie-kritiese aanvaarding van die getuienis van persone onderworpe aan die versigtigheidsreël. 'n Verhoorhof moet dus ingestel wees op die gevare verbonde aan die nie-kritiese beoordeling van 'n getuie wat aan die versigtigheidsreël onderwerp moet word en homself op die hoogte stel van die redes vir die

---

1 Schmidt *Bewysreg* 3e uitg 111.

2 *R v Manda* 1951 3 SA 158 (A) 163D; *S v R* 1977 1 SA 9 (T) 15G–H; *Woji v Santam Insurance Co Ltd* 1981 1 SA 1020 (A) 1028A–E.

3 *R v Rautenbach* 1949 1 SA 135 (A) 143–144; *R v W* 1949 3 SA 772 (A) 780; *S v Snyman* 1968 2 SA 582 (A) 585C–D; *S v M* 1992 2 SASV 188 (W).

4 *S v Ismael (2)* 1965 1 SA 452 (N) 455B–G; *S v Hlapezula* 1965 4 SA 439 (A) 440D; *S v Bester* 1990 2 SASV 325 (A) 328c; *S v Francis* 1991 1 SASV 198 (A) 205h.

5 *S v Johannes* 1980 1 SA 531 (A) 533; *S v Dladla* 1980 1 SA 526 (A) 529A–B.

onderwerping van die betrokke getuie aan die versigtigheidsreël.[6] Hierdie benadering geld vir elke versigtigheidsreël waar meerdere versigtigheidsreëls op dieselfde getuie van toepassing is.

(b) Dat die hof die betrokke getuienis inderdaad met omsigtigheid benader en nie bloot lippediens aan die versigtigheidsreël bewys nie.[7] Aan die ander kant moet onthou word dat "the exercise of caution should not be allowed to displace the exercise of common sense".[8]

1 5 Wyses van voldoening aan die versigtigheidsreël

1 5 1 Beoordeling van getuies

Die getuie wat onderworpe is aan die werking van die versigtigheidsreël, se getuienis kan op sigself vanweë aspekte wat eie aan hom is of eie aan sy omstandighede op die betrokke dag was, voldoende wees ter bevrediging van die versigtigheidsreël. Die volgende aspekte kan hier genoem word:

(a) Die getuie se besondere vermoëns. Voorbeelde hiervan is die volgende: besondere waarnemingsvermoë; oplettendheid; en passie vir details.

(b) Die getuie se besondere deugde (in die sin van afwesigheid van kwade bedoelings). Die volgende voorbeelde kan genoem word: waar die getuie iemand as beskuldigde impliseer wat "near and dear" aan hom is – verwantskap en toegeneentheid blyk dus tussen die persone;[9] waar blyk dat die getuie vantevore 'n "terugtrekkingverklaring" gemaak het; en die afwesigheid van bymotiewe om valse getuienis af te lê, byvoorbeeld die verkryging van 'n voordeel in ruil vir die stawende getuienis.[10]

(c) Die getuie se besondere omstandighede. Hier word byvoorbeeld gedink aan: voldoende geleentheid vir betroubare waarneming; teenwoordigheid naby of op die toneel; onbetrokkenheid by die voorval; en nugterheid.

(d) Die getuie se voorkoms ("demeanour"). Die voorkoms, houding en spreekwyse van 'n getuie sal in gedagte gehou word by die beoordeling van sy getuienis maar moet nie oorbeklemtoon word nie as gevolg van die gevaar dat 'n leuenaar 'n gladde tong kan hê terwyl 'n eerlike getuie aarselend en onseker kan voorkom.[11]

Daar kan op hierdie manier voldoen word aan die versigtigheidsreël selfs by ontstentenis van ander faktore ter bevestiging van die geloofwaardigheid van die weergawe van die getuie, byvoorbeeld waar die beskuldigde as 'n leuenagtige getuie ontmasker word. Dit is egter alleen die geval waar die verhoorhof ten volle bewus is van die gevare betrokke by sodanige skuldigbevinding en waar die

---

6 *S v Ncanana* 1948 4 SA 399 (A) 405; *R v W supra* 780; *R v Manda supra* 163B–D; *S v Nqamtweni* 1959 1 SA 894 (A) 898A; *S v Snyman supra* 585D; *S v Artman* 1968 3 SA 339 (A) 340H; *S v S* 1990 1 SASV 5 (A) 7b–c.

7 *S v Mgengwana* 1964 2 SA 149 (K) 150C; *S v F* 1989 3 SA 847 (A) 853A; *S v Bester supra* 328a–b.

8 *S v Snyman supra* 585G–H; *S v Artman supra* 341C; *S v Sauls* 1981 3 SA 172 (A) 180E–H.

9 *R v Gumede* 1949 3 SA 749 (A) 758; *R v Nqamtweni supra* 898D; *S v Bester supra* 328g.

10 *R v Gumede supra* 756; *S v S supra* 12a; *S v Bester supra* 330b; *S v Francis supra* 205j–206a.

11 *R v Masemang* 1950 2 SA 488 (A) 495; *S v Civa* 1974 3 SA 844 (T) 846F; *S v Kelly* 1980 3 SA 301 (A).

"merits of the complainant and the demerits of the accused as witnesses are beyond question".[12]

Bogenoemde beteken egter nie dat die getuienis van die getuie wat aan die versigtigheidsreël onderwerp word, sonder foute moet wees nie. Dit gebeur selde dat getuies op wie die versigtigheidsreël van toepassing is, nie vatbaar is vir die een of ander vorm van kritiek nie.[13] Dit is dan wanneer die algemene geloofwaardigheid van die hoofkarakters en die waarskynlikhede van groot belang word.[14]

1 5 2 Betroubaarheidswaarborge vir 'n weergawe

Ter bevrediging van die versigtigheidsreël sal die verhoorhof normaalweg die een of ander vorm van betroubaarheidswaarborg soek wat die weergawe van die getuie staaf.[15] Sodanige betroubaarheidswaarborge kan byvoorbeeld in die volgende aspekte gevind word:

(a) Leuenagtige getuienis deur die beskuldigde met betrekking tot 'n belangrike aspek binne of buite die hof.[16] Ook 'n vals verklaring deur die beskuldigde in 'n stadium toe hy rede gehad het om te dink dat hy 'n verdagte is, kan 'n voldoende betroubaarheidswaarborg wees indien dit van sodanige aard is en in sodanige omstandighede gemaak is dat dit 'n afleiding regverdig wat byvoorbeeld die medepligtige se getuienis bevestig of ondersteun.[17]

Daar moet egter in gedagte gehou word dat 'n onskuldige persoon sekere feite soms valslik ontken omdat hy vrees dat 'n erkenning hom kan benadeel.[18]

(b) Nie-getuienislewering deur die beskuldigde.[19]

(c) Versuim deur die beskuldigde om beskikbare getuies te roep.[20]

(d) Versuim deur die beskuldigde om te kruisondervra en sy weergawe aan die getuies te stel.[21] 'n Onverdedigde beskuldigde se versuim sal egter nie te swaar teen hom tel nie.[22]

(e) Die gedrag van die verdagte na die voorval.[23]

(f) Die gedrag en toestand van die slagoffer (byvoorbeeld in seksuele misdade) direk na die voorval.[24]

---

12 *R v W supra* 781; *S v Nqamtweni supra* 897–898D; *S v Van Vreden* 1969 2 SA 524 (N) 532D–E; *S v Sauls supra* 180E–H.

13 *R v Kristusamy* 1945 AD 549 556; *R v Gumede supra* 755 758; *R v Nquamtweni supra* 898H; *S v Artman supra* 341C; *S v Van Vreden supra* 532E; *S v Francis supra* 205e–f.

14 *S v Dladla* 1974 2 SA 689 (N) 690H–691C; *S v Bester supra* 329j–330e.

15 *S v Snyman supra* 585E; *S v Artman supra* 340H.

16 *R v Kristusamy supra* 559; *R v Nqamtweni supra* 898C; *S v Van Vreden supra* 532C; *S v B* 1976 2 SA 54 (K) 59C; *S v Bester supra* 330b.

17 *R v Simon* 1929 TPD 328; *R v Boxer* 1943 AD 243 249.

18 *S v Dladla* 1980 1 SA 526 (A) 530D–F; *S v Steynberg* 1983 3 SA 140 (A); *S v Mtsweni* 1985 1 SA 590 (A).

19 *R v Mokoena* 1956 3 SA 81 (A) 86F; *S v Letsedi* 1963 2 SA 471 (A) 473H; *S v Gokool* 1965 3 SA 461 (N) 474; *S v B supra*.

20 *S v Phiri* 1958 3 SA 161 (A); *S v Mulaudzi* 1982 1 SA 193 (V).

21 *S v P* 1974 1 SA 581 (RA); *S v Gobozi* 1975 3 SA 88 (OK) 88E–89G; *S v Mngogula* 1979 1 SA 525 (T) 526D; *S v Mogquza* 1984 3 SA 377 (K) 385G.

22 *S v Mehlape* 1963 2 SA 29 (A) 34C–F.

23 *S v R* 1990 1 SASV 413 (ZR) 416h; *S v Bester supra* 329i.

24 *R v Mokoena supra*; *S v S supra* 12a; *S v R* 1990 1 SASV 413 (ZSC) 416h.

(g) Vorige ondervinding van die hof met betrekking tot die betroubaarheid van 'n getuie wat hy gereeld waarneem.[25]

(h) Die onmiddellike rapportering van die voorval, byvoorbeeld in seksuele misdade en die konsekwentheid van die getuie.[26]

(i) Stawende getuienis. Stawende getuienis is slegs een van die maniere en moontlik die beste manier waarop voldoen kan word aan die versigtigheidsreël. Dit word *infra* volledig bespreek.

1 6 Gevolge van die bevrediging van die versigtigheidsreël

Die bevrediging van 'n versigtigheidsreël regverdig nie noodwendig 'n skuldigbevinding nie aangesien die uiteindelike vereiste, bewys bo redelike twyfel, op sy beurt bepaal word deur die beoordeling van al die getuienis en die graad van die waarborge vir die getuienis van die persoon wat aan die versigtigheidsreël onderwerp word.[27]

Dit is nie 'n vereiste dat die staatsaak verwerp moet word ten einde die beskuldigde die voordeel van die twyfel te gee en te ontslaan nie. Die kernvraag is of daar by die oorweging van al die getuienis gesê kan word dat die beskuldigde se weergawe redelik moontlik waar is. Indien wel, moet hy die voordeel kry.[28]

2 STAWENDE GETUIENIS

2 1 Inleidend

Die presiese betekenis wat aan die begrip "stawing" geheg moet word, is redelik onduidelik in die regspraktyk. Die begrip word los en vas gebruik en verskillende dinge word daarmee bedoel. Die rede hiervoor is grootliks geleë in verskillende toetse wat aangewend is by medepligtiges en pogings om te verseker dat 'n persoon nie verkeerdelik skuldig bevind word nie.

Ten einde bogenoemde te begryp, is dit nodig om te kyk na die ontwikkeling en interpretasie van die begrip in die bewysreg ten opsigte van getuies wat medepligtiges was of is.

2 2 Die ontwikkeling van die begrip "stawing" met spesifieke verwysing na die posisie met betrekking tot medepligtiges

Artikel 285 Wet 31 van 1917 het statutêr voorgeskryf dat 'n skuldigbevinding op die alleenstaande, ongestaafde getuienis van 'n medepligtige slegs kan volg indien getuienis aangebied word wat bewys dat die misdaad wel gepleeg is. Hierdie bepaling was so geïnterpreteer dat daar stawing vereis is "in some material respect" indien nie bewys kon word dat die misdaad wel gepleeg is nie.[29] Die bepaling is later vervang deur artikel 257 Wet 56 van 1955, wat in wesenlike opsigte dieselfde was.

---

25 *S v L* 1955 1 SA 575 (T) 577; *S v P* 1955 2 SA 561 (A) 564; *S v Motsepe* 1971 2 SA 475 (T); *S v Malele* 1975 4 SA 128 (T); *S v Madito* 1987 1 SA 185 (NK).

26 *S v R* 1990 1 SASV 413 (ZSC) 416h.

27 *S v Ismael supra* 456C; *S v Hlapezula supra* 440H; *S v Snyman supra* 585F–G; *S v Van As* 1976 2 PH H205 (A); *S v Shabalala* 1977 2 PH H201 (A); *S v Francis supra* 205f–g.

28 *R v M* 1946 AD 1023 1026.

29 *R v Sethren* 1915 TPD 257; *R v Thielke* 1918 AD 373 377; *R v Gokool supra* 470.

Die regsprekende gesag het dit vroeg reeds duidelik gestel dat die stawende getuienis nie die beskuldigde direk met die misdaad hoef te verbind nie.[30] Daar is beslis dat die getuienis waarop gesteun word as stawende getuienis "must show or tend to show that the accomplice is a reliable witness".[31] Teen die agtergrond dat stawende getuienis oor besonderhede wat deur 'n medepligtige verstrek is met betrekking tot die omstandighede van 'n misdaad, nie aanduidend daarvan is dat die medepligtige die waarheid praat nie, is in *R v Brewis*[32] gesê dat stawende getuienis wat nie die beskuldigde by die misdaad impliseer nie, nie 'n afdoende aanduiding van die betroubaarheid van die medepligtige is nie. Hierdie *dicta* is egter nie geïnterpreteer as sou dit 'n vereiste daarstel dat in 'n geval waar 'n medepligtige getuig, daar stawing moet wees wat die beskuldigde by die misdaad impliseer nie. Daar is wel gesoek na stawende getuienis wat aandui of neig om aan te dui dat die medepligtige in sy weergawe van wat gebeur het – wat andersins in essensiële opsigte die waarheid kan wees – nie die beskuldigde valslik daarby betrek nie.[33] Met verloop van tyd het die howe die vereistes van die statutêre bepaling ten opsigte van medepligtiges geskei van die vereistes ter voldoening aan die versigtigheidsreël by medepligtiges.[34] Hoewel die toets ter bevrediging van stawing vir die statutêre voorskrif, naamlik "stawing in 'n materiële opsig", dus bevredig kon word, het dit nie noodwendig beteken dat aan die vereistes ter bevrediging van die versigtigheidsreël voldoen is nie. So is geredeneer dat die bevestiging van 'n kleurlose of onbetwiste feit voldoende kan wees ter voldoening aan die bepalings van die statutêre voorskrif met betrekking tot medepligtiges, maar nie ten einde die versigtigheidsreël te bevredig nie.[35]

Ter bevestiging van die versigtigheidsreël is gesoek na waarborge wat die risiko dat die beskuldigde valslik deur 'n medepligtige geïnkrimineer word, voldoende verminder. In *R v Ncanana*[36] word gesê dat die risiko ten beste verminder word deur stawende getuienis wat die beskuldigde impliseer. Die hof bevestig voorts dat die risiko ook verminder sal word indien dit sou blyk dat die beskuldigde 'n leuenagtige getuie is, of indien hy geen getuienis lewer ten einde die getuienis van die medepligtige teen te spreek of te verduidelik nie. Indien die medepligtige "someone near and dear to him [as beskuldigde]" impliseer, kan dit ook genoegsame bevestiging verleen.[37]

Sommige later sake, veral met betrekking tot medepligtiges, formuleer die begrip stawing vir doeleindes van die versigtigheidsreël egter uiters eng en beperk dit tot iets wat die beskuldigde by die misdaad impliseer.[38] Hoffmann en Zeffertt[39]

---

30 *R v Galperowitz* 1941 AD 485 491; *R v Ncanana supra* 406; *S v Gokool supra* 470G–H 472B–473D; *S v Mhlabathi* 1968 2 SA 48 (A).

31 *R v Lakatula* 1919 AD 262 365; *R v Galperowitz supra* 492; sien ook *R v Owen* 1942 AD 389 394; *R v Kristusamy supra* 560.

32 1944 AD 261 269.

33 *S v Kristusamy supra* 558.

34 *R v Ncanana supra* 405; *R v W supra* 781; *S v Gokool supra* 470H–471E; *S v Hlapezula supra* 440F–H; *S v Van Vreden supra* 531E.

35 Sien die minderheidsuitspraak van Schreiner AR in *R v P* 1957 3 SA 444 (A) 448.

36 *Supra* 405–406.

37 *R v Nqamtweni supra*; *S v Hlapezula supra* 440G.

38 *R v Mpompotshe* 1958 4 SA 471 (A) 476E–G; *S v Hlapezula supra* 440; *S v Mhlabathi supra* 51A; *S v Artman supra* 340H; *S v Van Vreden supra* 532A.

39 *The SA law of evidence* 4e uitg 578.

definieer stawing vir doeleindes van die versigtigheidsreël insgelyks soos volg onder die opskrif medepligtiges: "corroboration means evidence independent of the accomplice himself which confirms his evidence in a material respect implicating the accused". Dit kom voor of hierdie eng standpunt ontstaan het weens die spesifieke probleme wat hulle voordoen by die stawing van die getuienis van 'n medepligtige (soos hierbo bespreek), en wel vanweë sy intieme kennis van die gebeure.[40]

Ek is egter van mening dat dit verkeerd sou wees om die begrip stawing vir doeleindes van die bevrediging van die versigtigheidsreël so 'n unieke en eng interpretasie te gee. So 'n eng definisie hou nie rekening met ander toepassingsvelde van die begrip stawing nie. Daar word byvoorbeeld dikwels in die regspraktyk verwys na stawing van 'n enkelgetuie hoewel daar streng gesproke nie sprake kan wees van enkelgetuienis indien die enkelgetuie (deur ander getuienis) gestaaf word nie. Gewoonlik ontstaan die situasie dat 'n getuie enkelgetuienis oor sekere aspekte lewer – veral met betrekking tot getuienis wat die beskuldigde met die misdaad verbind – maar gestaaf word in ander opsigte. Die stawing dien dan dikwels ter bevestiging van die geloofwaardigheid en betroubaarheid van die enkelgetuie in alle opsigte, veral met betrekking tot sy verbinding van die beskuldigde met die misdaad. So merk appèlregter Holmes in *S v Artman*[41] op dat 'n enkelgetuie "does not require the existence of implicatory corroboration, indeed in that event she would not be a single witness". Die *dicta* van appèlregter Holmes in *S v Artman* is met goedkeuring deur die appèlhof in *S v Khumalo*[42] aangehaal.

Die eng definisie hou verder ook nie rekening met die unieke omstandighede met betrekking tot die ontwikkeling van die begrip (soos hierbo bespreek) nie.

2 3 Omskrywing van die begrip "stawing"

Ek meen dat die volgende vereistes met betrekking tot die begrip "stawing" uit voorgaande afgelei kan word:

(a) Stawing moet afkomstig wees van 'n bron wat selfstandig staan teenoor die getuienis wat gestaaf word, dit wil sê dit moet onafhanklik wees van die getuie wat gestaaf word.[43]

(b) Die stawende bewysmateriaal moet toelaatbaar wees en moet daarom aan die vereiste van relevansie voldoen. Selfs al is die enigste bron van relevansie die feit dat dit kan dien om 'n getuie in 'n wesenlike opsig te staaf, word aan die toelaatbaarheidsvereiste voldoen.[44]

'n Vraag wat hier ontstaan, is of die stawende getuienis teen spesifiek die beskuldigde toelaatbaar moet wees. Soos *infra* in die bespreking van die ongerapporteerde beslissing *S v Lelempe*[45] aangevoer word, is dit nie 'n vereiste nie. Daar moet in gedagte gehou word dat dit die getuie is wat gestaaf moet word en nie die beskuldigde nie. Daarom word aan die hand gedoen dat die beslissing in *R v Kohlinfila Qwabe*[46] verkeerd is.

---

40 *S v Mhlabathi supra* 51A.
41 *Supra* 341A–B.
42 1991 4 SA 310 (A) 328A–B.
43 *S v B supra* 59B.
44 Schmidt 109.
45 Sien *infra*.
46 1939 AD 255.

'n Verdere vraag wat na vore kom, is of die feit dat 'n beskuldigde 'n ontoelaatbare bekentenis afgelê het aan byvoorbeeld 'n konstabel, gebruik kan word ter stawing van 'n enkelgetuie – 'n lid van die publiek – wat 'n ooggetuie was. In *S v Duna*[47] was dit gemeensaak dat 'n verklaring wat deur die beskuldigde neergeskryf is na sy arrestasie 'n ontoelaatbare bekentenis was. Die staat het die ontoelaatbare verklaring tot beskikking van 'n handskrifdeskundige gestel wat sekere woorde en letters daaruit gebruik het ten einde bepaalde karaktertrekke en uniekhede in die beskuldigde se skryfstyl aan te toon. Die uiteindelike doel was om te bewys dat die beskuldigde sekere handgeskrewe pamflette geskryf het wat as bewysstukke ingedien was.

Die hof bevind dat die gebruikmaking van die ontoelaatbare bekentenis geoorloof is:[48]

> "The selected words are not used or intended to be used to prove their content, to prove what they say, but the use made of these words is to determine what characteristics and mannerisms are peculiar to the handwriting of the accused and to determine whether these characteristics also manifest themselves in the pamphlets allegedly circulated by the accused.
>
> I repeat the State is not interested in the meaning of individual words but intends making a scientific comparison of the handwriting as effected in these words and the handwriting on the pamphlets. It surely cannot be suggested that the signature of the accused at the foot of an inadmissible confession could not be used to compare it with another signature allegedly that of the accused."

Indien hierdie beginsel konsekwent toegepas word, moet ten minste die feit dat 'n ontoelaatbare bekentenis gemaak is, kan dien as stawing vir 'n getuie.

In die lig van erkende gesag[49] dat ook die inhoud van 'n bekentenis in gepaste gevalle voor 'n hof geplaas kan word ten einde die geloofwaardigheid van 'n beskuldigde tydens 'n binneverhoor te toets, kan ook geredeneer word dat die inhoud van 'n ontoelaatbare bekentenis voor 'n hof geplaas behoort te kan word, nie om die waarheid van die inhoud daarvan te bewys nie, maar ten einde 'n getuie te staaf. Dit gaan immers weer eens hier oor geloofwaardigheid, nie van die beskuldigde nie, maar van die getuie wat gestaaf moet word.[50]

(c) Die stawing moet betrekking hê op nie-kleurlose faktore en dus wesenlik wees. Dit is nie voldoende dat die stawende getuienis heeltemal versoenbaar is met die beskuldigde se onskuld en op geen wyse, anders as om 'n invloed te hê op die klaer se geloofwaardigheid, sy skuld waarskynliker maak nie.[51] Getuienis wat dus bevestig maar nie betwis word nie en bygevolg kleurloos is, het geen krag as stawende getuienis nie. Selfs die ruimste bevestiging van onbetwiste onwesenlike besonderhede is nie voldoende nie.[52]

Dit is wel genoegsaam indien die omringende omstandighede en die geheel van die gebeure stawing bied vir aspekte wat in geskil is en dui op die skuld van die beskuldigde en die waarheid of betroubaarheid van die getuienis van die klaer.[53]

---

47 1984 2 SA 591 (C).

48 294F–H.

49 *S v Lebone* 1965 2 SA 837 (A); *S v Motlhabakwe* 1985 3 SA 188 (NK); *S v Khuzwayo* 1990 1 SASV 365 (A).

50 Sien in die algemeen Schmidt 355–356.

51 *R v W* 1949 3 SA 772 (A) 781; *R v D* 1951 4 SA 450 (A) 455–456.

52 *R v P* 1957 3 SA 444 (A) 454F–G.

53 *R v D supra* 455F–456A; *S v W* 1963 3 SA 516 (A) 523C; *S v Snyman supra* 586F–587B.

Wat voldoende stawing daarstel, moet aan die hand van die spesifieke geval oorweeg word. Daarom kan byvoorbeeld in die geval van 'n medepligtige vereis word dat, ten einde werklike stawing daar te stel, die beskuldigde by die misdaad geïmpliseer moet word. Dit is egter nie in alle gevalle 'n vereiste nie. Wat van belang is, is dat die stawende getuienis sodanig moet wees dat dit die risiko dat die beskuldigde verkeerd geïmpliseer word, voldoende verminder.

Uit bogenoemde is dit duidelik dat soos in baie gevalle in die strafreg dit nie moontlik is om algemene reëls vir die geaardheid van stawende bewysmateriaal daar te stel nie. Die omstandighede van elke geval sal in hierdie verband 'n beslissende rol speel. Die vereistes wissel grootliks na gelang van die suspisie wat kleef aan die getuienis wat gestaaf word.

2 4 Voorbeelde van stawende bewysmateriaal

Stawende getuienis soos hierbo beskryf is, is eintlik 'n breë begrip wat getuienis wat reeds gelewer is op een of ander manier *aliunde* bevestig. Voorbeelde van stawende getuienis is die volgende:

(a) Mondelinge getuienis. Bevestigende mondelinge getuienis hoef nie in alle opsigte aanvaar of verwerp te word nie. Appèlregter Reynolds stel dit soos volg in *R v P*:[54]

> "He may accept a portion of it and reject some other portion, and it cannot be said that the portion he rejects as not establishing certain facts can be relied upon as confirmatory evidence. Or he may accept one portion of the evidence and make no finding on another, since he feels he cannot make a finding on the other portion at all, and in that event, he can scarcely rely upon that portion of the evidence upon which he is not prepared to make a finding. This rule is most important . . ."

Die getuienis van 'n bevredigende medepligtige kan tot stawing dien van 'n ander medepligtige.[55]

Toelaatbare opiniegetuienis van veral deskundige medici dien dikwels tot stawing van klaers se getuienis, byvoorbeeld ten opsigte van dronkenskap, emosionele toestand ensovoorts.

(b) Dokumentêre getuienis.[56]

(c) Omstandigheidsgetuienis.[57]

(d) Reële getuienis. Voorbeelde hiervan is die volgende: 'n vingerafdruk; die voorkoms van 'n persoon;[58] die opsporing van 'n gesteelde item wat van die beskuldigde afkomstig was;[59] die plek van 'n wond op die liggaam van die oorledene;[60] die teenwoordigheid van byvoorbeeld arseen in die liggaam van 'n oorledene;[61] die vind van bevestigende foto's by die beskuldigde.[62]

---

54 *Supra* 451A–B.

55 *S v Avon Bottle Store (Pty) Ltd* 1963 2 SA 389 (A); *S v Ismail supra* 455H–456A; *S v Hlapezula supra* 440H; *S v Van Vreden supra* 532B.

56 *S v Gokool supra* 473H.

57 *R v Blyth* 1940 AD 355; *S v Motaung* 1949 2 SA 414 (O).

58 *S v Gokool supra* 473–474; *R v Sikosana* 1960 4 SA 723 (A) 729D.

59 *R v Boxer* 1943 AD 243 249; *S v Gokool supra* 474A.

60 *S v Letsedi supra* 474H; *S v Musilo* 1993-09-16 saaknr 18/92 en 281/92 (A).

61 *S v Blyth supra* 364.

62 *R v P* 1942 CPD 103.

(e) 'n Erkenning of toegewing deur woorde of gedrag, formeel of informeel, wat byvoorbeeld die getuienis wat gestaaf moet word in 'n belangrike opsig bevestig.[63] In hierdie verband is die beslissing van appèlregter Steyn in *S v Lelempe*[64] (waarmee appèlregter Joubert en waarnemende appèlregter Grosskopf saamgestem het) om twee redes belangrik.

In dié saak het beskuldigde 1 (Komane) en die eerste appellant (beskuldigde 3 tydens die verhoor) beide verklarings voor 'n kaptein afgelê wat toegelaat is tydens die verhoor. Die verklaring van beskuldigde 1 het in belangrike opsigte met dié van die eerste appellant ooreengekom. Hoewel beskuldigde 1 se verklaring ontoelaatbaar was teen die eerste appellant, bevind die hof nietemin dat dit van kardinale belang is in die beoordeling van die eerste beskuldigde se geloofwaardigheid. Die versigtigheidsreël is immers ook op hom van toepassing. Aangesien sy mondelinge getuienis in materiële opsigte verskil van sy eie verklaring, kon dit die eerste appellant nie van hulp wees nie.

Die hof vind ook stawing vir die getuie Fransina in die ooreenkomste in haar weergawe en dié van die eerste appellant soos onder andere blyk uit sy verklaring aan die kaptein.

Ten opsigte van die getuie Annetjie bevind die verhoorhof soos volg:

> "She does not qualify as a witness who is satisfactory in every material respect. Although we are satisfied that she was not lying deliberately we approach her evidence with some circumspection."

Die appèlhof vind ook in Annetjie se getuienis stawing vir Fransina se weergawe en vervolg:

> "Annetjie, in her turn is remarkably corroborated by first appellant, in his said statement, that accused no 2 brought two containers of methylated spirits to the scene and poured the contents on to the deceased who was set alight by accused no 5. That statement was not admissible against those two accused but is of cardinal importance in judging the reliability of Annetjie's evidence against first appellant. The trial Court did not deal with this aspect and may have missed it. But it unquestionably strengthens Annetjie's evidence against first appellant most materially. It also strengthens her corroboration of Fransina in like measure. She is also corroborated by Komane that there were two containers of spirits."

Daar word aan die hand gedoen dat die appèlhof bevestig dat stawing gevind kan word vir onbevredigende of enkelgetuies in verklarings deur die beskuldigde self. Die hof gaan egter ook verder deur te bevind dat die materiële ooreenkomste tussen eerste appellant se verklaring waarin hy beskuldigdes 3 en 5 impliseer en die getuie Annetjie, Annetjie se geloofwaardigheid as getuie teen die eerste appellant versterk. Annetjie was egter nie net 'n getuie teen die eerste appellant nie. Ek is van mening dat 'n enkelgetuie se geloofwaardigheid, indien dit op een of ander wyse versterk of bevestig word, vasstaan; hierdie beslissing dui dus by implikasie aan dat 'n verklaring van een beskuldigde, hoewel dit ontoelaatbaar is teen 'n medebeskuldigde, indirek gebruik kan word teen die medebeskuldigdes deurdat dit aangewend word om 'n getuie se getuienis te staaf en te versterk.

(f) Die pleging van 'n ander maar soortgelyke misdaad as die een waarvan hy aangekla word. 'n Voorbeeld is *R v Viljoen*.[65] Verskeie klagtes van bedrog is

---

63 *R v Kristusamy supra* 559; *S v W* 1963 3 SA 516 (A) 522F 523C–E; *S v B supra* 59B.
64 1989-03-30 saaknr 315/88 (A).
65 1947 2 SA 56 (A).

aanhangig gemaak. Daar word bevind dat stawing met betrekking tot een aanklag gevind kan word in die getuienis met betrekking tot ander aanklagte. Appèlregter Tindall verklaar:

> "In the present case we have to deal with a systematic series of frauds following closely upon each other, peculiar in character and all of them revealing the same essential features. I have no doubt that in such a case it is permissible to have regard to the acts referred to in the other counts of fraud. The commission of those frauds by the accused seems to me to make it probable that he was the author, as Adamo stated he was, of the similar frauds referred to in the counts in which Adamo was concerned. The other frauds are admissible as showing a high degree of probability that Adamo was speaking the truth in testifying that the accused played the leading part in the frauds in which Adamo participated . . . The proof of the other frauds was therefore corroboration of Adamo's evidence as to the part played by the accused."[66]

2 5 Selfstawing – 'n manier waarop stawing nie kan geskied nie

Selfs waar 'n vorige ooreenstemmende verklaring van 'n getuie toelaatbaar is, kan dit nie dien as stawing van sy getuienis vir doeleindes van die versigtigheidsreël nie, hoewel dit dui op sy konsekwentheid en in 'n mate sy geloofwaardigheid versterk.[67]

Dit is egter wel moontlik dat die getuie die verklaring van 'n ander persoon bloot as geleibuis aan die hof voorlê (soos in die geval waar hy 'n geskrewe erkenning van die beskuldigde indien) en dat die verklaring van die ander persoon dan as bekragtiging aanvaar word. In so 'n geval moet die feit van die ander persoon se verklaring vasstaan, dit wil sê die suspisie waaronder die getuie staan, moet nie betrekking hê op sy stelling dat die betrokke verklaring deur die ander persoon gemaak is nie.[68]

Die posisie ten opsigte van selfstawing verskil egter met betrekking tot die statutêre vereistes ten opsigte van stawing soos *infra* aangetoon word.

2 6 Stawing as statutêre vereiste

Stawing word tans slegs in artikel 209 Wet 51 van 1977 statutêr vereis. Artikel 209 bepaal soos volg:

> " 'n Beskuldigde kan aan 'n misdryf skuldig bevind word op die enkele bewys van 'n bekentenis deur daardie beskuldigde dat hy die betrokke misdryf gepleeg het, indien bedoelde bekentenis in 'n wesenlike opsig bevestig word of, waar die bekentenis nie so bevestig word nie indien dit deur ander getuienis as bedoelde bekentenis bewys word dat die misdryf inderdaad gepleeg is."

Die vraag wat hier ontstaan, is wat die posisie tans is met betrekking tot die vereiste dat die bekentenis in 'n "wesenlike opsig bevestig [moet] word". Dit blyk meteens dat die maatstaf wat, soos *supra* uiteengesit is, uit soortgelyke sake ontwikkel het, nou in soveel woorde in die artikel verskyn en dat sake wat ten opsigte van medepligtiges beslis is toe soortgelyke wetsbepalings daarop van toepassing was, ook hier van toepassing gemaak kan word ten einde te bepaal wat stawing in 'n wesenlike opsig beteken. Vir doeleindes van "bevestiging in 'n

---

66 63–64; sien ook *S v Gokool supra* 474H–480; *S v B supra* 38G–H; *S v Shabalala supra*.

67 *R v Manyana* 1931 AD 386; *R v Rose* 1937 AD 467 473; *S v Bergh* 1976 4 SA 857 (A) 869D; *De Beer v R* 1933 NPD 30; *R v Bell* 1929 CPD 478; *R v S* 1948 4 SA 419 (G); *S v V* 1961 4 SA 201 (O) 205A; *S v M* 1980 1 SA 586 (BH).

68 Sien Schmidt 109; Hoffmann en Zeffertt 585.

wesenlike opsig" ter bevrediging van artikel 209 kan dus aanvaar word dat die beskuldigde nie direk met die misdaad verbind hoef te word nie.[69]

"Bevestiging in 'n wesenlike opsig" vir doeleindes van artikel 209 kan ook afkomstig wees van die beskuldigde self, hoewel sodanige bevestiging met omsigtigheid bejeën moet word aangesien die gevaar altyd bestaan dat 'n persoon 'n misdaad valslik kan erken, byvoorbeeld om iemand anders te beskerm of omdat hy 'n fout begaan; sodoende kan die hele doel van artikel 209 verydel word.[70] In *S v Mjoli*[71] is beslis dat die bekentenis van die beskuldigde in wesenlike opsigte bevestig kan word in sy verklaring en antwoorde wat ingevolge artikel 115 van die Strafproseswet verstrek is. Wesenlike bevestiging kan selfs gevind word in informele erkennings, dit wil sê erkennings wat nie kragtens artikel 115(2)(b) aangeteken is nie.

Die basis vir die reël teen selfstawing is dat 'n bewering nie betroubaarder word net omdat die persoon dit twee keer gesê het in plaas van een maal nie. Die reël teen selfstawing is in *S v Mjoli*[72] getemper, nie deur 'n herhaling deur die beskuldigde van sy bekentenis *per se* as voldoende bevestiging te beskou nie, maar deur die herhaling in die lig van die omstandighede te evalueer en te beoordeel of dit die gevaar van 'n vals bekentenis verminder. Die bron van die bevestiging is nie die hoofsaak nie maar as die beskuldigde self die bron daarvan is, sal die hof dit noukeuriger beoordeel want dit is nie so betroubaar soos 'n onafhanklike bron nie.[73]

Bogenoemde beginsels word ondersteun deur 'n ongerapporteerde Oos-Kaapse beslissing van regter Nepgen in *S v L Erasmus*.[74] In hierdie saak was daar geen direkte getuienis wat daarop dui dat dit die beskuldigde was wat haar man, ene Nel, geskiet het nie. Die staat het op bekentenisse gesteun wat die beskuldigde gemaak het, in die besonder op 'n bekentenis van die beskuldigde op 21 Februarie 1992 aan 'n landdros. Verder was daar 'n brief gedateer 20 April 1992 wat die beskuldigde aan die ondersoekbeampte, 'n kaptein, geskryf het en verskeie bekentenisse aan haar dogter en skoonseun. Die blote feit dat Nel oorlede is aan 'n skietwond aan sy kop is nie bewys daarvan dat hy vermoor is nie. Gevolglik moes aan die vereiste van bevestiging van die bekentenis in 'n wesenlike opsig voldoen word.

Regter Nepgen begin deur te verwys na die doel van artikel 209 soos blyk uit *R v Sikosana*, naamlik om verkeerde skuldigbevindings te vermy as gevolg van 'n onbetroubare bekentenis. Hy beklemtoon dat die vraag wat gestel moet word, is of hierdie doel verydel sou word indien toegelaat word dat 'n ander buite-geregtelike bekentenis aangewend word om die nodige bevestiging te verleen. Die regter vervolg:

> "Volgens my oordeel kan hierdie vraag nie onomwonde 'ja' of 'nee' beantwoord word nie en sal die antwoord daarop in elke besondere geval afhang van die besondere omstandighede waaronder daardie ander bekentenis gemaak is. In 'n bepaalde geval mag sodanige bekentenis onder omstandighede gemaak word wat daarop dui dat dit waarskynlik net 'n herhaling is van die bekentenis waarvoor bevestiging gesoek word. As voorbeeld hiervan kan verwys word na 'n geval waar bevestiging van 'n bekentenis voor 'n landdros gesoek word in 'n bekentenis wat kort tevore aan die ondersoekbeampte gemaak is (cf. *S v Kumalo*, *supra* te 385D) en

69 *R v Blyth supra* 364; *S v Gokool supra* 470G; *S v Dondashe* 1989 1 PH H30 (A).
70 *R v Sikosana* 1960 4 SA 723 (A) 729C; *S v Mbambo* 1975 2 SA 549 (A) 554C–D.
71 1981 3 SA 1233 (A).
72 *Supra* 1238F–G 1245E–H; vgl *S v Kumalo* 1982 2 SA 379 (A) 385D.
73 1993-08-23 saaknr CC8/93 (OK).
74 *Supra* 729C.

> waar die aanduiding is dat dit wat in die een bekentenis gesê is net 'n weerpratery is van dit wat in die ander bekentenis gesê is. In 'n ander geval mag sodanige bekentenis gemaak word op 'n tydstip en aan 'n persoon wat daarop dui dat dit hoogs onwaarskynlik is dat dit vals is. In so 'n geval kan ek geen rede sien waarom die inhoud van so 'n bekentenis nie in beginsel aangewend kan word om die stawing wat deur artikel 209 vereis word, te verleen nie. Ek stem met eerbied saam met wat in hierdie verband gesê is deur Viljoen AR in *S v Mjoli and Another* supra te 1245F–H."

Die regter beklemtoon met verwysing na *S v Letsedi*[75] en *S v Kearney*[76] dat daar in gedagte gehou moet word dat voldoening aan die vereistes van artikel 209 nie noodwendig 'n skuldigbevinding tot gevolg sal hê nie en dat dit steeds 'n vereiste is dat die hof tevrede moet wees dat die skuld van die beskuldigde bo redelike twyfel deur al die getuienis bewys is.[77] Die regter kom dus tot die gevolgtrekking dat 'n ander buite-geregtelike bekentenis wat deur die beskuldigde gemaak is, as bevestiging vir doeleindes van artikel 209 kan dien.

Ter oorweging van die feitlike vraag of enige buite-geregtelike bekentenisse van die beskuldigde die nodige bevestiging vir doeleindes van artikel 209 daarstel, verwys regter Nepgen na die vereistes gestel deur appèlregter Schreiner in *R v Sephanyane*:[78]

> "The confirmation must relate to a material matter. It may further be assumed that the factor of materiality affects degree as well as kind, and that the confirmation must not be trivial or unsubstantial. But it need not go so far as to establish, independently, the accused's guilt."

Aspekte wat die hof in hierdie verband oorweeg, is onder andere die volgende:

(a) Of die feite in die verklaring wat gestaaf moet word met die objektiewe feite verskil. Die hof verwys in hierdie verband na die waarskuwing in *S v Kumalo*.[79]

(b) Die aan- of afwesigheid van sekerheid oor wat die beskuldigde bedoel in die stawende verklaring.

(c) Die tyd wat verloop het na die aflê van die verklaring wat gestaaf moet word.

(d) Die moontlikheid van beïnvloeding deur polisiebeamptes wat betrokke is by die ondersoek.

(e) Die persoon of persone aan wie dit gemaak is, soos 'n familielid (dogter) in teenstelling met byvoorbeeld iemand in 'n gesagsposisie.

(f) Die plek waar dit gemaak is, byvoorbeeld ver van die plek waar die ondersoek plaasvind.

(g) Of die omstandighede waarin dit gemaak is aanduidend daarvan is dat dit vals kan wees.

(h) Of die bekentenis oor 'n tydperk herhaal is en, indien wel, die waarskynlikheid van valse herhalings van die bekentenis.

(i) Of die getuie wat oor die bekentenis getuig se getuienis in dispuut was.

(j) Of die beskuldigde getuig het dat die stawende bekentenis vals is.

Die logiese en sinvolle benadering in bogenoemde uitspraak word ondersteun.

---

75 *Supra* 474I–F.
76 1964 2 SA 495 (A) 501H.
77 *Supra* 554C–D.
78 1955 2 PH H233 (A).
79 1983 2 SA 379 (A) 383H.

AANTEKENINGE

DIE ONVERMOËNDE VRUGGEBRUIKER

Inleiding

Dit is algemeen erkende reg dat 'n vruggebruiker, indien die eienaar dit verlang, sekuriteit moet verskaf dat hy die vruggebruik *civiliter modo* sal uitoefen en die saak in net so 'n goeie toestand by die afloop van die vruggebruik aan die eienaar sal terugbesorg as wat dit ontvang is. Alhoewel 'n bepaling in 'n testament dat 'n vruggebruiker nie sekuriteit hoef te verskaf nie, groot omstredenheid by die Romeins-Hollandse skrywers veroorsaak het, is die aanvaarde standpunt dat 'n vruggebruiker ten spyte van so 'n klousule in die testament (onderworpe aan sekere uitsonderings), nog steeds sekuriteit moet verskaf. Die versuim om sekuriteit te verskaf, het drastiese gevolge: 'n vruggebruiker wat na aanvraag in gebreke bly om sekuriteit te verskaf, is nie op die vrugte van die saak geregtig nie en kan ook deur die hof gelas word om die saak aan die eienaar terug te lewer.

'n Probleem wat kan ontstaan, is dat die vruggebruiker nie in staat mag wees om sekuriteit te verskaf nie. Dit is glad nie uitsonderlik nie dat die vruggebruik wat deur 'n nagelate eggenoot of eggenote geërf word, dikwels sy of haar enigste bate is en dat hy/sy dus nie die fondse het om vir die vruggebruik sekuriteit te stel nie. Ten opsigte van hierdie vraagstuk huldig die gemeenregtelike skrywers uiteenlopende menings, en die kernvraag wat aangespreek moet word, is of die hof 'n bevoegdheid het om 'n vruggebruiker vry te spreek van die verpligting om sekuriteit te verskaf.

Die algemene reël

Die algemene verpligting van 'n vruggebruiker om sekuriteit te verskaf, is in die gemenereg erken en al by herhaling deur ons howe bevestig (sien Grotius 2 39 3; Voet 7 9 1; Van der Keessel *Th* 371; *Furnivall v Cromwell's Executors* (1895) 12 SC 6 10; *Master v African Mines Corporation* 1907 TS 925; *Ex parte Newberry* 1924 OPD 219 223; *Ex parte Estate Wagenaar* 1953 4 SA 435 (K); Hutchison (red) *Wille's principles of South African law* (1991) 330; Meyerowitz *On administration of estates, estate duty and transfer tax* 6e uitg hfst 24.14). Behalwe in sekere uitsonderingsgevalle, is enige bepaling in 'n testament wat die vruggebruiker kwytskeld van sy verpligting om sekuriteit te verskaf, nietig (Grotius 2 39 20; Voet 7 9 9; sien ook Van der Merwe *Sakereg* 2de uitg 518 vn 444). 'n Opsomming van die uitsonderingsgevalle waar 'n vruggebruiker nie verplig is om sekuriteit te stel nie, is te vinde in Van der Merwe 517:

(a) Indien 'n vader as vruggebruiker en sy kinders as eienaars benoem word (Voet 5 9 7).

(b) Indien 'n moeder die vruggebruikster en haar kinders eienaars is en sy deur die testateur vrygestel is van die verpligting om sekuriteit te stel (Voet 7 9 7).

(c) Indien 'n eienaar sy saak aan iemand anders skenk of verkoop en vir homself 'n vruggebruik op die saak voorbehou (Voet 7 9 8).

(d) Indien die vruggebruik *inter vivos* tot stand kom en beding is dat die vruggebruiker onthef word van die verpligting om sekuriteit te stel (Voet 7 9 9).

Verder dien vermeld te word dat daar 'n onderskeid gemaak word tussen 'n vader en 'n moeder. In geval van 'n vruggebruik van 'n moeder oor haar kinders se grond, is die uitsondering slegs van toepassing waar die vruggebruikster in die testament vrygestel is van die verpligting om sekuriteit te stel. In *Van Staden v Van Wyk* 1958 2 SA 686 (O) het die testament nie so 'n bepaling bevat nie, en is die eksepsie teen die respondente se verweer gehandhaaf dat sy nie verplig was om sekuriteit te verskaf nie. Daar is ook tot dieselfde gevolgtrekking gekom in *Ex parte Estate Wagenaar supra*. Dit is ook te begrype dat daar dikwels gevalle sal wees waar die testament wel so 'n bepaling bevat (dat sekuriteit nie nodig is nie), maar dat die geval nie onder een van die uitsonderingsgevalle tuisgebring kan word nie. 'n Tipiese geval is byvoorbeeld waar die langslewende eggenote nie die biologiese moeder van die kinders is nie maar die stiefmoeder.

Die praktiese probleem

Die praktiese probleem wat hier ontstaan, word geïllustreer deur 'n aansoek wat onlangs in die Oranje-Vrystaatse Afdeling van die Hooggeregshof gerig is. In die betrokke aansoek is daar van 'n stiefmoeder geverg om sekuriteit te stel ten aansien van haar vruggebruik ten spyte van 'n bepaling in die testament dat sy nie verplig is om sekuriteit te stel nie. Die algemeen erkende wyse waarop sekuriteit gestel word, is deur middel van 'n waarborgpolis wat deur 'n versekeringsmaatskappy uitgereik word. (Dit kan natuurlik deur 'n verband of ander borgstelling geskied.) Voordat 'n versekeringsmaatskappy egter bereid sal wees om so 'n waarborgpolis uit te reik, word daar teensekuriteit verlang, en wel in een of meer van die volgende vorme:

(a) 'n Vaste deposito vir die volle bedrag van die waarborg;

(b) 'n eerste verband oor die eiendom;

(c) aandelesertifikate met ondertekende oordragvorms;

(d) 'n sessie van 'n lewenspolis waarop die afkoopwaarde voldoende is;

(e) verpanding van obligasieskuldbriewe en bougenootskapaandele; of

(f) 'n teenwaarborg.

Dikwels sal die langslewende eggenote nie substansiële bates van haar eie hê nie. In so 'n geval sal dit juis die bedoeling van die testateur wees dat sy deur middel van die vruggebruik in staat gestel word om in haar daaglikse behoeftes te voorsien. Sy mag selfs nie eers in staat wees om deur middel van lewenspolisse (waarvan die premies 'n aansienlike paaiement per maand kan beloop) die nodige sekuriteit te voorsien nie. Dit is voorts te betwyfel of 'n versekeringsmaatskappy in elk geval enige waarborgpolis sal uitreik waar daar enige bewering is dat die bates wat die onderwerp van die vruggebruik is, verwaarloos word (wat gewoonlik die grondslag van so 'n aansoek sal wees).

Die regsposisie met betrekking tot die onvermoënde vruggebruikster

Soos Van der Merwe 516 vn 432 uitwys, is sekuriteit in die Romeinse reg verskaf deur die aflegging van 'n *cautio usufructuaria* van die *praetor*. Die bevoegdhede

en verpligtinge van die partye is aan die hand van hierdie *cautio* uitgewerk. Die verpligting om sekuriteit te verskaf, het eers in die Romeins-Hollandse reg sy verskyning gemaak. Ten opsigte van hierdie verpligting is die skrywers nie eenstemmig nie.

Met betrekking tot die geval waar 'n vruggebruikster nie sekuriteit kan bekom nie, is Voet 7 9 3 se standpunt die volgende:

> "*Judge's duty when they cannot be found*– But if the usufructuary is unable to find sufficient sureties it seems that it should be left to the discretion of the judge, after consideration of the quality of the person, the amount of the property in usufruct, the greater or less likelihood of loss and the like, to assess whether he ought to allow him to use and enjoy on the security of his oath or the giving of pledges, or on the other hand the properties in usufruct should be attached for safe custody or hired out, or the proprietor himself be given leave to gather the fruits and hand them over to the usufructuary after gathering. Certainly the judge ought not to suffer one who cannot tender sureties to be debarred on that account from the testator's generosity" (Gane se vertaling).

Van der Linden *Supplementum ad* Voet 7 9 3 stel sy standpunt soos volg:

> "Such a view suits legal analogy and court practice, though it seems that in the strictness of the edict it ought to be said that action should be denied under the edict even if his not finding sureties is due to the fact that he does not find a guarantor to promise for him; since the praetor says emphatically in *Dig. 7, 2, 13* "If he will not find sureties I will not grant him action". Nor is it against this view that there can be no obligation to do things which are impossible that alone is said to be impossible which cannot physically be fulfilled or which is prevented by law. But this cannot be said of this finding of security, which, though very difficult, is yet never impossible in the juridical sense. This appears from *Dig. XLV, 1, 137, 4; Dig. XL, 7, 4, 1* ..."

For reasons not relevant to this discussion, the court held that regulation 16 was not binding upon the defendant, thus rendering its comments concerning the lack of relevance of that regulation, even if it were binding (see 812H), mere *obiter dicta*. The court's attention was in this respect drawn to the fact that Eskom, acting in accordance with the provisions of regulation 16, fits anti-climbing devices to all its lattice-type pylons (the type scaled by the plaintiff's son), which pylons number in the thousands (811F). Preiss J rejected the plaintiff's invitation to draw an analogy between the legal duties resting upon Eskom and the defendant in the instant case. In the first place, the judge pointed out (811G) that Eskom instals anti-climbing devices on its pylons primarily to prevent the theft of copper cable, which is a serious and ever-present problem, but one which does not exist with regard to the electric cable affixed to the pylons on railway premises. A further reason for Eskom's measures is to prevent suicides, as to which the court simply stated that "it [suicide] was never suggested in argument nor is it a reasonable possibility *in the defendant's situation*" (811G; my emphasis). It is suggested that the emphasised phrase should read "in the plaintiff's son's situation" in order to make sense. (Surely, looking at the situation from the defendant's angle does not differ materially from looking at it from Eskom's side: someone who is on the

verge of committing suicide would definitely not be concerned about the ownership of the electric pylon from which he is about to leap!) In their suggested sense these words illustrate further the court's adherence to the concrete approach (see 3 2 *supra*) to reasonable foreseeability.

One may conclude the discussion of this aspect by pointing out that the court's approach to the existence or lack of a statutory duty, is fully in accord with the warning furnished by Rumpff CJ in the well-known case of *Minister van Polisie v Ewels* 1975 3 SA 590 (A) 596, that the breach of a statutory provision should not under all circumstances be regarded as an indication of the breach of a private law duty, but that the existence of a statutory measure should merely be regarded as "'n faktor wat in die feitekompleks van hierdie saak wel in aanmerking geneem behoort te word . . ." (see also *Simon's Town Municipality v Dews* 1993 1 SA 191 (A)).

4 Conclusion

Although the doctrine of *stare decisis* is not overtly helpful in the sphere of application of the legal rules pertaining to negligence (see *Kruger v Coetzee supra* 430G–H; *Ngubane v South African Transport Services* 1991 1 SA 756 (A)), the *Stratton* case provides a most useful example of the correct application of the first tier of the *bonus paterfamilias* test for negligence. Preiss J's treatment of this aspect of the test will be difficult to surpass in even the best of academic writing. It is therefore recommended that this judgment should, in future, be included in the case references forming part of the syllabus of every fundamental course in the law of delict at all South African universities.

JOHAN SCOTT
University of Pretoria

ONREGMATIGE MEDEDINGING: ASPEKTE VAN PRESTASIEAANKLAMPING

The Concept Factory v Heyl 1994 2 SA 105 (T); Payen Components SA Ltd v Bovic Gaskets CC 1994 2 SA 464 (W)

Daar word algemeen aanvaar dat in die afwesigheid van statutêre beskerming (soos in die geval van outeursreg, patente, modelle, planttelersregte en handelsmerke), en uitgesonderd die gemeenregtelike beskerming van onderskeidings- en reklametekens, 'n ondernemer se gepubliseerde bedryfsidees waarop sy prestasie of produk gegrond is, vryelik en selfs slaafs deur mededingers nagevolg mag word (sien in die algemeen Van Heerden en Neethling *Die reg aangaande onregmatige mededinging* (1983) 132 141–143; Neethling "Die reg aangaande onregmatige mededinging sedert 1983" 1991 *THRHR* 562–563; Neethling "Misappropriation or copying of a rival's performance as a form of unlawful competition (prestasieaanklamping)" 1993 *SALJ* 711–713). Hierdie standpunt is deur die appèlhof in *Taylor and Horne (Pty) Ltd v Dentall (Pty) Ltd* 1991 1 SA 412 (A) 422 aanvaar en word in die onderhawige twee sake bevestig (sien *Payen Components* 477B–C). In *Concept Factory* 116B word dit soos volg gestel:

> "In the absence of statutory protection it is . . . not unlawful to copy and make use of the published ideas and concepts used by a trade rival."

(Sien ook *Easyfind International (SA) (Pty) Ltd v Instaplan Holdings* 1983 3 SA 917 (W) 925; *Lorimar Productions Inc v Sterling Clothing Manufacturers (Pty) Ltd, Lorimar Productions Inc v OK Hyperama Ltd, Lorimar Productions Inc v Dallas Restaurant* 1981 3 SA 1129 (T) 1140; *Bress Designs (Pty) Ltd v GY Lounge Suite Manufacturers (Pty) Ltd* 1991 2 SA 455 (W) 474; *Schultz v Butt* 1986 3 SA 667 (A) 681; *Agriplas (Pty) Ltd v Andrag and Sons (Pty) Ltd* 1981 4 SA 873 (K) 878–879; *Sea Harvest Corporation (Pty) Ltd v Irvin and Johnson Ltd* 1985 2 SA 355 (K) 359–360; *Adcock-Ingram Products Ltd v Beecham SA (Pty) Ltd* 1977 4 SA 434 (W) 437–438; *John Waddington Ltd v Arthur E Harris (Pty) Ltd* 1968 3 SA 405 (T) 407–408; *Victoria's Secret Inc v Edgars Stores Ltd* 1994 3 SA 739 (A) 746.)

Nou is dit van wesenlike belang om in gedagte te hou dat dit hier gaan om die kopiëring van die *idee* waarop die prestasie van die mededinger berus en nie navolging van die prestasie self nie. Die idee van die mededinger word weliswaar gebruik, maar steeds word 'n eie prestasie op grond daarvan geskep. Die idee van die mededinger dien sodoende net as die *voorbeeld* waarvolgens die eie prestasie dan selfstandig daargestel word (sien Van Heerden en Neethling 143).

Hierteenoor is die posisie gans anders waar nie net die idee nie maar ook die prestasie van die mededinger tot basis van die eie prestasie gemaak word. Sodanige *prestasieaanklamping* (sien hieroor *idem* 143 ev; Neethling 1991 *THRHR* 563–566; Neethling 1993 *SALJ* 713–725) of dan wel die "piracy", parasitering of slaafse navolging van 'n mededinger se prestasie behoort in beginsel weer onregmatig te wees. Dit behoef naamlik weinig betoog dat prestasieaanklamping in stryd is met die wese van die *mededingingsprinsiep* as onregmatigheidskriterium – wat 'n konkretisering van die algemene *boni mores*-maatstaf vergestalt (Van Heerden en Neethling 69–71; Neethling "Unlawful competition and schools" 1993 *SALJ* 10; Neethling, Potgieter en Visser *Law of delict* (1994) 299–300 en in die algemeen 31 ev) – waarvolgens juis die *meriete* van die *eie prestasie* die deurslag in die mededingingstryd moet gee. (Sien oor die mededingingsprinsiep Van Heerden en Neethling 72 ev; Neethling 1991 *THRHR* 220; Van Heerden "Die mededingingsprinsiep en die *boni mores* as onregmatigheidsnorme by onregmatige mededinging" 1990 *THRHR* 154 ev; Neethling 1993 *SALJ* 717–718. Hierdie prinsiep is onlangs vir die eerste keer uitdruklik in die regspraak erken en toegepas (*Van der Westhuizen v Scholtz* 1992 4 SA 866 (O) 873–874; sien ook *Aetiology Today CC t/a Somerset Schools v Van Aswegen* 1992 1 SA 807 (W) 819, waar Cloete R beklemtoon dat hy nie bereid is "to interdict *free competition on merit*" – ons kursivering).) Omdat die prestasieaanklamper geen *egte, eie* prestasie daarstel nie maar bloot op sy mededinger se prestasie teer, is daar van suiwer *prestasiemededinging* wat op die meriete van die "eie" prestasie berus, geen sprake nie. Gevolglik maai hy waar hy nie gesaai het nie en moet sy optrede as onregmatige mededinging geag word. In die *Taylor and Horne*-saak *supra* 421 stel appèlregter Van Heerden – met verwysing na *Schultz v Butt supra* 678–679 en die Amerikaanse *locus classicus* op die gebied van prestasieaanklamping, *International News Service v Associated Press* (1918) 248 US 215 – die algemene beginsel soos volg:

> "It will be observed that in both the above cases B competed with A by, in a very real sense, selling A's product *as if it were its own product*. Because this amounted to the filching of the fruits of another's skill, labour, etc, it was held to be unlawful competition" (ons kursivering).

(Vgl ook die *Taylor and Horne*-saak 423 waar prestasieaanklamping beskryf word as "*any form of adoption of his* [die mededinger se] *product or performance*".)

In die *Payen Components*-saak 474D–E onderstreep regter Van Zyl ook die waarde van die mededingingsprinsiep, maar met die voorbehoud dat dit as 'n beleidsoorweging (sien Van Aswegen "Policy considerations in the law of delict" 1993 *THRHR* 171 na wie Van Zyl R 474I–476G met instemming uitvoerig verwys) en nie as 'n maatstaf vir die bepaling van onregmatigheid dien nie. Hy verklaar:

> "*Neethling* (in (1993) 110 *SALJ* 9 at 10) suggests that the *boni mores* criterion is 'so vague *and* wide' that it does not in itself provide 'a rational yardstick for the delimitation of the conflicting interests of competitors'. A yardstick which has found favour with *Van Heerden and Neethling* [*Onregmatige mededinging* 71–77] is the so-called 'competition principle' ('mededingingsprinsiep') which is described as follows (*op cit* at 74): 'Die wesentlike mededingingsprinsiep is dus dat die mededinger wat die beste en/of billikste prestasie lewer, die oorwinning moet behaal; die een wat die swakste prestasie bied, die neerlaag moet ly.' The emphasis is placed, in this principle, on competitive performance: the most meritorious performance should meet with success and the least meritorious with failure. The authors see this (*op cit* at 77) as a concretising of reasonableness or *boni mores* as general criteria for establishing wrongfulness. This does not mean, however, that the *boni mores* standard no longer has any role to play in determining the line of demarcation between lawful and unlawful competition. On the contrary, they submit, it may supplement the competition principle in appropriate cases . . . There is undoubted merit in this approach, although it may not always be easy to draw the line between sufficiently good and unacceptable poor performances. I am inclined to the view, however, that the competition principle should be regarded as a policy consideration *per se* rather than as a yardstick for establishing wrongfulness in the sphere of competition."

Laasgenoemde twee opmerkings is egter vatbaar vir kritiek. Eerstens sal die beskouing dat die mededingingsprinsiep bloot as 'n beleidsoorweging moet funksioneer, die reële gevaar skep dat hierdie beginsel gerelegeer word tot maar net nog een van vele ander oorwegings of faktore wat 'n rol by die vasstelling van die onregmatigheid van mededinging kan speel, en dit langs hierdie weg ontneem van die primêre en selfs deurslaggewende funksie wat dit in hierdie verband behoort te vervul. Tweedens sal dit nooit nodig wees om 'n skeidslyn te trek tussen "good " of "poor" prestasies wanneer die mededingingsprinsiep toegepas word nie; die enigste vraag is of die gewraakte gedrag op die *meriete* van die mededinger se prestasie gebaseer is; indien wel, is sy mededingingshandeling regmatig. (Sien verder Neethling 1993 *SALJ* 10–11 13 15; Neethling 1993 *SALJ* 717–718; Naudé "Competition" 2 (1993) *LAWSA* 268 vn 22.)

Prestasieaanklamping kan bestaan in die *onmiddellike of direkte oorname* (soos in die *Schultz*-saak *supra*), of in die *(feitlik) identiese navolging* (soos in die sake onder bespreking) van die mededinger se prestasie (Van Heerden en Neethling 143–145; Neethling 1991 *THRHR* 565–566; Neethling 1993 *SALJ* 713 ev). Dit kom egter voor of die howe (bv *Bress Designs supra*; sien Neethling "Onregmatige mededinging: prestasieaanklamping en die rol van motief " 1992 *THRHR* 134 ev) ongeneë is om die identiese navolging-gevalle as onregmatig te brandmerk (sien Neethling 1991 *THRHR* 565; Neethling 1993 *SALJ* 720–722; Dean "Reproduction of three-dimensional utilitarian objects – copyright infringement and unlawful competition" 1990 *Stell LR* 63). Hierdie standpunt kan egter nie goedgepraat word nie. Daar is wesenlik geen verskil tussen die direkte oorname en identiese navolging van 'n mededinger se prestasie nie (prakties gesproke is dit trouens soms moeilik om te besluit of 'n mens met die een dan wel die ander te make het: sien Neethling 1993 *SALJ* 718). In albei gevalle maak die dader sy mededinger se

prestasie tot grondslag van sy eie prestasie – optrede wat klaarblyklik in stryd met die mededingingsprinsiep is. Daarom behoort ook die identiese of feitlik identiese kopiëring in beginsel as onregmatig aangesien te word (sien ook Dean 1990 *Stell LR* 65).

Voorgaande beteken egter nie dat iedere identiese prestasieaanklamping wat op die werfkrag van 'n mededinger inwerk in die afwesigheid van regverdiging onregmatig is nie. Inteendeel. Daar is naamlik vele prestasies van sodanige aard dat die betrokke ondernemer nie 'n *geregverdigde belang* daarby het om teen identiese prestasieaanklamping beskerm te word nie. En dit is die geval – om die knoop deur te hak – waar die prestasie, wat voorkoms en inhoudelike samestelling betref, geensins of ten minste nie beduidend van mededingende prestasies verskil nie (soos gewone spykers, boute en moere, om 'n paar eenvoudige voorbeelde te noem). Daarom behoort geverg te word dat 'n prestasie 'n *mededingende eie-aard of eie identiteit* moet besit alvorens regsbeskerming in die onderhawige omstandighede verleen word. Die prestasie moet dus – en dit kan in die reël net met inisiatief, koste en moeite bereik word – weens sy tegniese of estetiese voorkoms, inhoudelike samestelling of 'n ander eienskap as iets besonders of buitengewoons in die handelsverkeer geld. Slegs met betrekking tot sodanige prestasies is dit tog billik om te verwag dat die betrokke ondernemer sover moontlik in staat gestel moet word om self die vrugte van sy inisiatief te pluk. Die vraag of 'n prestasie wel 'n mededingende eie-aard het, moet objektief aan die hand van al die omringende omstandighede beoordeel word (sien in die algemeen Van Heerden en Neethling 147–148; Neethling 1993 *SALJ* 718–720).

In hierdie verband is die *Concept Factory*-saak van belang. Die applikant het onder andere 'n interdik aangevra om die respondent, 'n voormalige werknemer van die applikant, te verbied om onregmatig met hom mee te ding deur die advertering, bevordering, oprigting of bedryf van 'n onderneming waardeur goedere en dienste geadverteer word deur gebruikmaking van die formaat en styl (of 'n wesenlik soortgelyke formaat en styl) wat deur die applikant ontwikkel en beliggaam is in *The Look Guide*, 'n plaaslike telefoon- en noodgids vir die publiek en besighede. Ten aanvang aanvaar regter Southwood tereg dat dit enigiemand vrystaan om die gepubliseerde idees van 'n mededinger oor te neem; en volgens die regter het die respondent bloot so 'n idee van die applikant aangewend – naamlik dié van gelokaliseerde advertering vir klein en mediumgrootte besighede – om haar eie onderneming op die been te bring (dit wil sê 'n eie prestasie selfstandig daar te stel) (117F–G):

> "An important distinction between the present case and that of *Schultz v Butt* [waar, soos bekend, onregmatige prestasieaanklamping ter sprake was] is that the time and effort of the applicant went into the development of a concept, ie that of localised advertising for small and medium sized businesses. It is this idea which generates income for the applicant and which will generate income for the respondent – not the format for *The Look Guide*."

Gevolglik kon die respondent se optrede (ten minste op die oog af) nie as onregmatig beoordeel word nie. Die regter vervolg nietemin dat "[e]ven if she adopted the *identical* [wat nie die geval *in casu* was nie: vgl 113C–D met 117D–E] format and layout of *The Look Guide*, she would not be acting unlawfully provided she did not pass her own guide off as the *The Look Guide*" (117D). (Vir kritiek op die beskouing as sou net gevalle van prestasieaanklamping wat op aanklamping ("passing off") neerkom, onregmatige mededinging daarstel, sien Neethling 1993 *SALJ* 721 vn 53.) Regter Southwood maak nietemin die volgende interessante stelling (117G–H):

> "Whatever time and effort went into the development of *The Look Guide* I am not satisfied that this was the result of research or some kind of scientific process . . . I conclude that the applicant was attempting to present this as something much more sophisticated and complicated than it really is."

Hierdie aspek van die beslissing in *Concept Factory* verdien instemming. By nadere ondersoek blyk naamlik dat regter Southwood in der waarheid bevind het dat selfs al was *The Look Guide* identies gekopieer, die kopiëring steeds regmatig sou wees omdat die gids nie 'n *mededingende eie-aard of eie identiteit* gehad het nie: dit het inligting bevat wat geredelik beskikbaar was van ander gepubliseerde bronne, dit was ongekompliseerd, ongesofistikeerd en daar was nie sprake van navorsing of 'n wetenskaplike proses nie; gevolglik het dit nie as iets besonders of buitengewoons in die handelsverkeer gekwalifiseer nie.

Hoe dit ook al sy, in ten minste een geval behoort selfs die identiese navolging van prestasies met 'n mededingende eie identiteit nie onregmatig te wees nie. Dit is waar 'n ondernemer – wat doeltreffendheid, effektiwiteit en koste betref – *op geen ander wyse funksioneel* 'n mededingende prestasie kan lewer as om die prestasie van sy mededinger identies na te volg nie. Met ander woorde, *funksionele noodsaaklikheid* dwing hom om sy mededinger se prestasie te reproduseer. Die *prima facie* onregmatigheid van die reproduksie behoort dus uitgesluit te word deur die aanwesigheid van noodtoestand as regverdigingsgrond (sien in die algemeen oor noodtoestand Neethling, Potgieter en Visser 77). Aanvaarding van die teenoorgestelde standpunt sal tot die onaanvaarbare situasie aanleiding gee dat 'n mededinger 'n monopolie vir 'n onbeperkte duur op 'n besondere prestasie kan vestig (sien in die algemeen Van Heerden en Neethling 145–146; Neethling 1993 *SALJ* 720–721).

Die beslissing in *Payen Components* blyk in hierdie verband relevant te wees. Die applikant, vervaardiger en verskaffer van pakstukke ("gaskets"), het 'n interdik aangevra om die respondent, ook 'n verskaffer van pakstukke, te verbied om onregmatig met hom mee te ding deur onder andere die applikant se kodeerstelsel (die kodes wat sy pakstukke en pakstukstelle identifiseer) te gebruik. Regter Van Zyl bevestig die beginsel dat 'n ondernemer geregtig is om dit wat in die "public domain" val, te kopieer, of om die gepubliseerde idees van 'n mededinger oor te neem (477B–C). Hy bevind dat die applikant se kodeerstelsel inderdaad in die openbare sfeer val omdat dit die standaardmetode geword het om pakstukke in die handel te identifiseer (477D–E; sien ook 469–470). Die regter vervolg (477E–F):

> "It must be accepted that much time, effort and expenditure were required to devise the system, but it would be absurd to expect that the first respondent, or anyone else in the gasket industry, should devise its own system when that of the applicant is used widely, if not exclusively, in such trade."

Gevolglik besluit regter Van Zyl dat daar nie sprake van onregmatige mededinging was nie. In die lig van wat hierbo oor funksionele noodsaaklikheid gesê is, kan die beslissing gesteun word. Selfs al was die applikant se kodeerstelsel *onveranderd* gebruik, was sodanige aanwending geregverdig deur die feit dat dit onmoontlik was om dit nie in die pakstukbedryf te gebruik nie (vgl 469I: "It is in fact impossible not to work with it"), en dat die applikant nie op enige ander wyse funksioneel 'n soortgelyke kodeerstelsel kon skep nie. Regter Van Zyl verklaar soos volg (469I–470A):

> "It would appear that, if the first respondent could have avoided using the applicant's system, it would have done so. Its attempt to devise its own numbering system . . . however, was unsuccessful and it was compelled to resort once again to the applicant's established code . . ."

Soos reeds gestel is, is ons howe in die algemeen egter huiwerig om die identiese navolging van 'n mededinger se prestasie as onregmatig te brandmerk. Desnietemin, die uitdruklike erkenning van die mededingingsprinsiep – veral in *Payen Components* met betrekking tot die onderhawige terrein van die mededingingstryd – kan die taak van die howe vergemaklik om die toepassing van die beginsel uit te brei ten einde die identiese navolging van 'n mededinger se prestasie in beginsel te verbied. Dit blyk dat die deur vir sodanige verbod inderdaad deur die appèlhof oopgelaat is in die *Taylor and Horne*-saak *supra* 421–422. Die beslissing van appèlregter Van Heerden skep naamlik die indruk dat dit slegs regmatig is om die gepubliseerde idee van die mededinger waarop sy prestasie gebaseer is, oor te neem (422; sien ook *supra*), maar dat "*any form of adoption* of his product or performance" (421; ons kursivering) – dus ook die identiese reproduksie of kopiëring daarvan – onregmatige mededinging daarstel. Dieselfde benadering blyk ook uit die uitspraak van die hof *a quo* in *Weber-Stephen Products Co v Alrite Engineering (Pty) Ltd* 1990 2 SA 718 (T) 729 (ook 735) waar regter Stegmann verklaar:

> "The point of the decision in *Schultz v Butt* is that the use of a particular method of copying (*viz* using a rival's article as a mould from which to make copies) may result in the delict of unfair competition ... Nevertheless, *precise copying by more laborious methods is not necessarily unlawful* and need not result in the delict of unfair competition" (ons kursivering).

Die regter laat dus ook die deur oop om die identiese navolging van 'n mededinger se prestasie as onregmatig in bepaalde omstandighede te beoordeel. Insgelyks bevind die hof in *Concept Factory* en *Payen Components* (sien die bespreking hierbo) nie sonder meer dat die identiese duplikasie van 'n mededinger se prestasie *altyd* regmatig is nie, maar doen moeite om te verduidelik waarom sodanige optrede in die besondere omstandighede regtens toelaatbaar was. Hierdie beslissings is moontlik aanduidend van wat die howe se benadering in die toekoms kan wees.

J NEETHLING
JM POTGIETER
Universiteit van Suid-Afrika

ARTIKEL 31-EIS VAN DIE AFHANKLIKE EN DIE SERTIFIKAATVEREISTE: DIE SAGE DUUR VOORT ...

Finlay v Kutoane 1993 4 SA 675 (W)

1 Inleiding

Verskeie hofsake is al beslis oor die vraag wanneer die sertifikaat dat 'n gewoonteregtelike huwelik bestaan by 'n eis vir die nalatige doodsveroorsaking van die broodwinner ingedien moet word (vgl 5 hieronder). Die sertifikaat word vereis kragtens artikel 31 van die Wysigingswet op Swart Wetgewing 76 van 1963. Artikel 31 is op die wetboek geplaas omdat die howe nie bereid was om in gevalle waarby Swartes betrokke is 'n eis aan die deelgenote in 'n gewoonteregtelike huwelik te verleen nie omdat die erkenning van die gewoonteregtelike huwelike

probleme sou geskep het vanweë die poligame aard daarvan (vgl oa *Mokwena v Laub* 1943 WLD 63; *Myeza v Ngwenya* 1951 NAC (N–E) 279; *Santam Bpk v Fondo* 1960 2 SA 467 (A)). Afhanklikes se eise het gesneuwel op grond van die feit dat die tersaaklike gemeenregtelike bepalings geïnterpreteer is as sou dit nie 'n onderhoudsverpligting voortvloeiend uit 'n gewoonteregtelike huwelik erken nie (vgl in die verband Olivier ea *Die privaatreg van die Suid-Afrikaanse bantoetaalsprekendes* (1989) 402–407; "Indigenous law" 32 (1994) *LAWSA* 135–138; Davel *Skadevergoeding aan afhanklikes* (1987) 59–63).

Artikel 31 het ten doel om die posisie van vroue in 'n gewoonteregtelike huwelik te verbeter. Die artikel was egter nie duidelik bewoord nie en dit het tot heelwat litigasie aanleiding gegee. Selfs na die wysiging van artikel 31 deur die invoeging van subartikel 2A (mbt die sertifikaatvereiste) in 1985 is daar steeds nie duidelikheid nie (Wysigingswet op Wetgewing op Samewerking en Ontwikkeling 83 van 1984). Verskeie verweerders het die geleentheid aangegryp om van aanspreeklikheid te ontkom. *Finlay v Kutoane* is die jongste in 'n lang reeks hofsake waar dié onduidelike bewoording van artikel 31 weer eens litigasie meegebring het.

2 Feite

Die oorledene, Molatudi Lebeta, het gesterf as gevolg van aanranding deur 'n groep persone (verweerders – in dié geval eksipiënte (F en andere)). Hy het 'n vrou met wie hy tot sy dood in 'n gewoonteregtelike huwelik verbind was en vyf kinders nagelaat. Die eiseres (K) het in haar persoonlike hoedanigheid en namens haar vyf kinders 'n eis kragtens artikel 31 ingestel (677I–J). Sy eis (a) verlies aan inkomste (huidige en toekomstige); (b) begrafniskoste; (c) hospitaaluitgawes; en (d) op grond van emosionele skok (678F–G).

Verskeie eksepsies is deur F teen K se dagvaarding opgewerp waarvan die hof twee behandel. Die eerste is dat die reg om begrafniskoste te eis net 'n weduwee of kind (of soortgelyke persoon) toekom en dat K slegs beweer het dat sy ooreenkomstig Afrikagewoontereg getroud is (678I–J). Die hof interpreteer die eksepsie asof die vraag sou wees of K wel 'n eis vir begrafniskoste het. Daar is verder eksepsie opgewerp omdat artikel 31(2) die indiening van die sertifikaat as 'n voorvereiste sou stel wat nagekom moet word – nie-indiening sou die eis laat misluk al is aan al die ander vereistes voldoen (679B).

Die hof verwerp die eerste eksepsie (683F) maar handhaaf die tweede (687E). K is 15 dae grasie verleen om haar dagvaarding reg te stel (687G–H).

3 Erkenning van gewoonteregtelike huwelik

Die hof is van mening dat beide eksepsies die vraag oor die erkenning van die gewoonteregtelike huwelik aanspreek (679B). 'n Gewoonteregtelike huwelik se geldigheid hang volgens die hof af of 'n ooreenkoms tussen die twee familiegroepe en die twee partye bestaan. Hierdie ooreenkoms en daaruitvoortspruitende verhouding is nie *contra bonos mores* nie en die howe het verskeie kere gevolg daaraan gegee. Waar beperkinge deur die reg opgelê is (bv *Santam Bpk v Fondo* 1960 2 SA 467 (A)), is dit deur wetgewing reggestel. By implikasie lyk dit of die hof van mening is dat die geldigheid van gewoonteregtelike huwelike nie meer 'n geskilpunt behoort te wees nie. Adjunk regter-president Flemming stel dit soos volg (679E – vgl ook Flemming "Regsnavorsing in verbondenheid met ander dissiplines – voorvereistes vir 'n geordende gemeenskap" 1992 *TSAR* 532–536):

> "All Courts have been enabled to take judicial knowledge of indigenous law. The pattern towards protection is among the factors which should incline a Court in the South Africa of 1992, in appropriate cases and if there are no constraints in terms of eg inability of a Court to legislate, to interpret and to apply the prevailing law towards assimilation or reception ... That is so also when a consequence of a customary union brushes against an outsider to whom the indigenous laws and customs are unknown."

4 Begrafniskoste

Begrafniskoste word gewoonlik deur die eksekuteur van die boedel betaal. In die onderhawige saak is begrafniskoste as een van die skadeposte aangemerk. Die hof stel na aanleiding van Romeins-Hollandse bronne 'n ondersoek in na die reg en plig om begrawe te word en aan wie hierdie reg of plig toekom (679F–683F).

Daar word onderskei tussen (a) 'n "reg" om te begrawe wat die regte en wense van alle ander ontken (679G–H); (b) die "reg" om te begrawe in die sin dat iemand regmatig gemagtig is om die begrafnis te onderneem, byvoorbeeld 'n vriend, die plaaslike owerheid of self 'n vreemdeling (Voet *Com ad Pand* 11 7 7 – 679H)); en (c) die "plig" om die oorledene te begrawe. Hierdie plig kan soms met die "reg" om begrawe ooreenkom of op iemand totaal anders rus (bv 'n militêre bevelvoerder of plaaslike owerheid – 679I). Waar die reg of plig verskillende persone kan toekom, moet die reg bepaal wat die gemeenskap as reg en billik ag. Faktore wat hier in ag geneem moet word, is sosiale strukture, familieverhoudinge, huwelike, gesagstrukture, die finaliteit van besluitneming, die onbehoorlikheid van die wense van die oorledene of die nie-nakoming van sy wense, asook godsdienstige opvattings, kulturele waardes en tradisies (679I–680A).

Die howe het in die verlede met verwysing na Voet 11 7 7 ("plig" om te begrawe (680D–E)) die volgende reëls neergelê (680B–D): (a) die oorledene se eie keuse word aan gevolg gegee – die keuse hoef nie in 'n geldige testament vervat te wees nie; (b) as hy geen keuse uitgeoefen het nie, sy testamentêre erfgename; (c) as daar nie testamentêre erfgename is nie, die intestate erfgename of (d) die *magistratus* (waarskynlik vandag die plaaslike owerheid). Voet se verwysings moet so beskou word dat die erfgenaam nie net geldelike voordeel nie maar ook verantwoordelikhede teenoor die gesin en die boedel verkry het. Die naaste familielid moes meestal 'n erfgenaam wees (totale onterwing kon nie gemaklik plaasvind nie – 680I–681B). As beheerder van die boedel moet die erfgenaam ook die begrafniskoste daaruit betaal.

Die onderliggende billikheidsidee van Voet kan nie so maklik in die Suid-Afrikaanse samelewing van vandag toegepas word nie. 'n Man wat sy nuwe vrou as erfgenaam instel, ontneem sy kinders uit 'n vorige huwelik die reg op 'n sê in hulle vader se begrafnis. Die hof stel dit soos volg:

> "[U]nderlying that Voet was dealing with the duty to bury serves to underscore that that duty was related to a specific need and that the justification of the legal rules which care for that need is not be found in the specific need itself and views in society about what is proper" (681I).

In bepaalde gevalle kan dit gebeur dat die erfgename nie betyds gekontak kan word nie. Ten einde die persoon wat die begrafnis onderneem, te verseker van 'n eis, is die *actio funeraria* (as losstaande van die *actio legis Aquiliae*) teen die erfgenaam van die boedel verleen (vgl De Groot *Inleydinge* 2 11 16; Van der Keessel *Th* 254; Voet 11 7 8 – 682E–F). Dié aksie is nie net tot die beskikking van familielede of die persoon met die sterkste "reg" nie, en kan ook teen die eksekuteur ingestel word (682H). *In casu* beweer F dat K nie 'n "eggenote" of "familielid" is nie en gevolglik nie op sodanige eis geregtig is nie. *Rondalia*

Assurance Corporation of SA v Britz 1976 3 SA 243 (T) beperk egter nie "spouse" tot iemand wat getroud is nie en K sou dus volgens laasgenoemde beslissing (wat die hof in *Finlay* volg) wel so 'n eis kon hê. In die moderne reg word die eis teen die eksekuteur van die boedel ingestel of die eksekuteur van die boedel self sou sodanige eis teen F kon hê (682H–J – vgl De Groot *Inleydinge* 3 32 2; *Lockhat's Estate v North British Insurance Co Ltd* 1959 3 SA 295 (A) 304C). Die verweerders (weens hulle opsetlike of nalatige doodsveroorsaking) is kragtens die uitbreiding van die *actio legis Aquiliae* verplig om begrafniskoste aan die eksekuteur te betaal. K eis egter in haar persoonlike hoedanigheid en toon nie aan of sy erfgenaam of eksekuteur is nie. (Die hof verwys na die vraagstuk of sy wel sal erf as die boedel intestaat volgens die gewoontereg sou vererf, maar laat hom nie verder daaroor uit nie – 683A.) Die hof kan nie die korrektheid van die *Britz*-beslissing en die interpretasie van Van Leeuwen 4 34 14 betwyfel waar gesê is dat vergoeding direk met die *actio legis Aquiliae* van die onregmatige daders geëis kan word nie. Die hof bevind gevolglik dat die eiseres

> "had a relationship with an intrinsic quality which is adequate to give rise to the duty to bury, and in any event to an entitlement to claim the costs of burial from the estate. The extension of the right to claim more than damage to the 'heritable property' (De Groot 2 32 10) which came about in the *Britz* case, must apply also to the present plaintiff although she was not a 'relative' of the deceased" (683E).

Die hof wys die eksepsie van die hand maar wys daarop dat dit nie beteken dat K in al haar eise teen F sal slaag nie (683F).

5 Sertifikaatvereiste

'n Tweede eksepsie is opgewerp omdat daar nie aan die vereistes van artikel 31(2) van die Wysigingswet op Swart Wetgewing 76 van 1963 voldoen is nie. Artikel 31 verleen aan deelgenote van 'n gewoonteregtelike huwelik die reg om vir die nalatige doodsveroorsaking van die broodwinner te eis. Dié eis word egter beperk deurdat al die vroue vir doeleindes van die eis saamgevoeg moet word en dat nie meer uitbetaal word as wat vir een vrou betaal sou word nie. Die verweerder het die reg (a 31(4)) om te bepaal of nie-eisers se name op die sertifikaat dat 'n gebruiklike verbinding bestaan, verskyn. Die doel is om finaliteit oor die eise te bereik (a 31(5) en (7)) – die plig word op die verweerder geplaas om die ander gades te voeg.

Artikel 31(2A) is ingevoeg na aanleiding van *Monamodi v Sentraboer Co-operative Ltd* 1984 4 SA 845 (W) waar die howe ander bewyse buite-om 'n sertifikaat begin toelaat het. Die sertifikaat dien as afdoende bewys (684A). Die inligting hoef egter nie meer uit 'n register bekom te word nie maar moet steeds deur 'n landdros (volgens die hof 'n kommissaris – 686A) uitgereik word. Die rede vir laasgenoemde is dat slegs in Natal registrasie van gewoonteregtelike huwelike vereis word. Die hof verwerp *Hlela v Commercial Union Assurance Co of South Africa Ltd* 1990 2 SA 503 (N) 509A (vgl hieroor Olivier en Du Plessis "Artikel 31 – onderhoudseis: billikheid seëvier" 1990 *TRW* 166–171) wat geen doel in die finaliteit van die sertifikaat kon sien nie. Dit lei tot die verkeerde gevolgtrekking dat die sertifikaat 'n "evidential provision" is (684B).

Regter Flemming bespreek die verskil tussen "produce" ("toon" in die Afrikaanse teks van die wet) en "produce in evidence" ("as bewys inhandig"). Die hof opper vier argumente teen laasgenoemde interpretasie (684C–E): (a) 'n gedingsparty "toon" nie 'n dokument aan die hof soos in *Hlela* vereis word nie; (b) die bewoording van die artikel hou nie verband met die "bewysproses" nie maar slaan op die bekomming van regshulp ("legal assistance"): "It would be a peculiar

manner to govern proof by choosing enforceability of the claim as the topic"; (c) die bewyswaarde en belang van die sertifikaat word in artikel 31(2A) behandel; en (d) as artikel 31(2) die stadium reël waarop die inligting voor die hof gelê moet word, sou dié artikel oorbodig wees en sou die eiseres alle aangeleenthede (dus ook die gewoonteregtelike huwelik) soos al die ander feite voor die hof moet bewys.

Die eis van die afhanklike of weduwee kragtens artikel 31(1) kan net afgedwing word as 'n sertifikaat getoon word. Die indiening daarvan word egter nie verbind tot óf die aanvang van die verrigtinge óf die bewys van die feite nie. Dit is nie vir die hof nodig om te doen wat die wetgewer versuim het om te doen deur 'n vaste tydstip te bepaal nie. Daar is geen rede waarom die sertifikaat nie voor die verhoor getoon kan word nie – dit sou selfs aan die dagvaarding geheg kon word alhoewel die doel van die dagvaarding is om te beweer en nie om te "produce" nie (685C–D).

Die beperking van die hof in *Hlela* dat die sertifikaat ten tyde van die verhoor ingedien moet word, wat die "toon" daarvan tot bewys in die hof gewysig het, is volgens regter Flemming ongevraagd ("unwarranted" – 685D). As die indiening van die sertifikaat as 'n voorvereiste by verhoor gestel word, hoef die eiser steeds nie te beweer dat die eis afdwingbaar is nie (685E).

Die hof is van mening dat die eiser nie aan onbillikheid of onmoontlikheid onderworpe gestel moet word nie. Die finaliteit van die sertifikaat begunstig die eiser aangesien die "toon" daarvan 'n beroep deur die verweerder op die onafdwingbaarheid van die eis uitskakel. Die finaliteit van die sertifikaat beperk dus die noodsaaklikheid van getuienis (buiten die sertifikaat self) wat ten aansien van die gewoonteregtelike huwelik kan ontstaan (685H–I). Die hof kom tot die volgende gevolgtrekking (685I–686A):

> "In my view, there is a flexibility. The flexibility arises in two respects. The method is not confined to the method of producing a document in a trial. There is, because of variations in the stage at which a Court will do something because of unenforceability, also flexibility in the latest time when plaintiff has to do something about the producing of a certificate, eg alleging that he can produce . . . If defendant does not raise the point until the trial, it is at the trial when the claimant comes to fatal risk from a litigation point of view."

Die hof oorweeg wat die impak is van dit wat gepleit word met verwysing na die verskillende tydstippe vir die "toon" ("produce") van die sertifikaat soos in die dagvaarding beweer (686B–E): (a) as die sertifikaat getoon word voor die dagvaarding uitgereik is, moet die "toon" daarvan net beweer word – dit impliseer reeds die afdwingbaarheid van die eis; (b) dit kan deur die geregsbode afgelewer word as deel van die dagvaarding – die optrede moet ook in die dagvaarding beweer word; (c) die minimum vereiste waaraan voldoen moet word, is dat beweer moet word dat die eiser in staat is om 'n sertifikaat te toon – die verweerder kan daarop blootlegging vra (686E–F).

Waar twyfel oor die interpretasie van 'n artikel in 'n wet bestaan, moet die hof dit ten gunste van uitvoerbaarheid uitlê – die doel van die wetgewer kon nie gewees het dat die verweerder tot by die sluiting van die eiser se saak moet wag om te bepaal of ander eiseresse gevoeg moet word of nie. (In dié verband verwys die hof na die sogenaamde praktiese oorwegings van *Hlela supra* 515E.)

Eiseres het nie die sertifikaat aangeheg of beweer dat sy in staat is om die sertifikaat te toon nie. Regter Flemming handhaaf gevolglik die eksepsie (687D–F):

> "Contrary to the *Hlela* case, I conclude that when a fact without which the plaintiff has no claim must be proved, the fact that proof need only be given at the trial . . ., is no reason for concluding that a plaintiff need not make allegations about enforceability or existence of her claim. It is not that an allegation can be a substitute for 'producing' (cf 512J in the *Hlela* case). The principle is merely respected that a plaintiff must allege enough to disclose that he has an enforceable claim."

Die regter meen dat dit nie nodig is dat 'n eiseres die betrokke sertifikaat voor die uitreiking van die dagvaarding moet bekom nie maar vind dit nie nodig om hom daaroor uit te laat of *Makgae v Sentraboer (Koöperatief) Bpk* 1981 4 SA 239 (T) (waar lg standpunt wel gehuldig is) inderdaad korrek beslis is nie (687B). Hy is van mening dat die vereiste in *Makgae* en *Monamodi supra* wel korrek is dat die bestaan van die sertifikaat gepleit moet word (687F–G). K word 15 dae gegun om haar dagvaarding reg te stel.

5 1 Bespreking

Artikel 31(1)–(2A) lui soos volg (vgl hieroor Olivier, Olivier en Olivier "Indigenous law" 32 (1994) *LAWSA* 138–142):

> "31(1) 'n Deelgenoot van 'n gebruiklike verbinding soos in artikel vyf-en-dertig van die Swart Administrasie Wet, 1927 (Wet No. 38 van 1927), omskryf, is, behoudens die bepalings van hierdie artikel, geregtig om skadevergoeding vir die verlies van onderhoud te eis van enigeen wat wederregtelik die dood van die ander deelgenoot van so 'n verbinding veroorsaak of regtens ten opsigte daarvan aanspreeklik is, mits bedoelde deelgenoot of bedoelde ander deelgenoot nie ten tyde van sodanige dood 'n deelgenoot van 'n bestaande huwelik is nie.
>
> (2) Geen sodanige eis om vergoeding kan deur iemand wat voorgee 'n deelgenoot van 'n gebruiklike verbinding met so 'n oorlede deelgenoot te wees, afgedwing word nie, tensy–
>
> (a) bedoelde persoon 'n sertifikaat toon wat uitgereik is deur 'n Kommissaris waarin die naam van die deelgenoot of, in die geval van 'n verbinding met meer as een vrou, die name van die deelgenote met wie die oorlede deelgenoot 'n gebruiklike verbinding aangegaan het wat ten tyde van die dood van die oorlede deelgenoot nog bestaan het, vermeld word; en
>
> (b) bedoelde persoon se naam op so 'n sertifikaat vermeld word.
>
> (2A) 'n Sertifikaat in subartikel (2) vermeld, word as afdoende bewys aanvaar van die bestaan van 'n gebruiklike verbinding met meer as een vrou, die deelgenote wie se naam of name op daardie sertifikaat vermeld word."

Soos ook uit die bespreking van *Finlay* hierbo bemerk is, word verskillende interpretasies geheg aan die rol wat die artikel 31(2)-sertifikaat moet speel (vgl Olivier 32 *LAWSA* 139–142). Olivier *Privaatreg* 410 is van mening dat die sertifikaat *prima facie* bewys is van sowel die bestaan van 'n geldige gewoonteregtelike huwelik as die partye daartoe (vgl ook *Mayeki v Shield Insurance* 1975 4 SA 370 (K); Olivier "Mayeki v Shield Insurance" 1976 *De Jure* 168–171).

In *Pasela v Rondalia Insurance* 1967 1 SA 339 (W) 340–341 het die hof beslis dat die sertifikaat tydens die verhoor ingedien kan word. Olivier *Privaatreg* 410–414 is van mening dat die sertifikaat voor die sluiting van die eiser se saak ingedien moet word anders sal die verweerder nie in staat wees om die beskikbare verwere te opper nie. In *Mayeki supra* 373F–G is beslis dat die sertifikaat by die dien van die dagvaarding getoon moet word.

In *Dlikilili v Federated Insurance* 1983 2 SA 275 (K) het die eiser 'n sertifikaat getoon wat deur haar hoofman mede-onderteken was. Daarin het gestaan dat sy die enigste gewoonteregtelike vrou van die oorledene was en dat vier kinders uit die huwelik gebore is. Die hof bevind dat slegs 'n kommissaris die sertifikaat mag

uitreik. Registrasie word egter net in KwaZulu-Natal vereis (*SK* 1040 van 1968-10-25). Dit sal dus buite dié gebied baie moeilik wees om sodanige sertifikaat te bekom (vgl Olivier *Privaatreg* 412; Kerr "Claims by South African customary union widows and foreign widows of similar unions in respect of loss of support on the death of their husbands" 1983 *Speculum Juris* 37; Dlamini "Claim by widow of customary union for loss of support" 1984 *SALJ* 338). In 'n daaropvolgende saak *Msomi v Nzuza* 1983 3 SA 939 (D) is 'n sertifikaat wat deur 'n kommissaris uitgereik is op grond van inligting wat hy uit 'n register bekom het, as voldoende beskou. Die beëdigde verklarings waarna ook verwys is in die sertifikaat, is egter nie toelaatbaar nie omdat die inligting nie uit die register bekom is nie. Dlamini 1984 *SALJ* 338 kritiseer die beslissing aangesien die registrasie van gewoonteregtelike huwelike nie aan die gewoontereg bekend is nie. Hy bepleit dat beëdigde verklarings ook as voldoende bewys aanvaar moet word.

Die hof beslis in *Monamodi supra* dat die sertifikaat aangevra of getoon kan word voor of na *litis contestatio*. Die hof besluit om nie *Dlikilili* en *Msomi* te volg ten aansien van die standpunt dat die inhoud van die sertifikaat slegs op die inligting uit die register mag berus nie. (Daarna is soos hierbo uitgewys is, artikel 31(2A) ingevoer – *Mqoqi v Protea Insurance Co Ltd* 1985 4 SA 159 (K) vorm die basis vir die subartikel.) Die geldigheid van die sertifikaat is aanvaar waar 'n kommissaris bloot gesê het dat volgens sy ondersoek 'n geldige gewoonteregtelike huwelik bestaan. *Finlay* volg *Monamodi* maar distansieer hom van die ander hofbeslissings (*Dlikilili* en *Msomi*) in die verband. Volgens die hof was registrasie van die gewoonteregtelike huwelik nie nodig vir die geldigheid daarvan nie en wou die wetgewer nie die registrasie van die huwelike as voorvereiste vir 'n artikel 31-eis stel nie.

Die uitspraak in *Hlela supra* is ten gunste van die langslewende deelgenote deurdat die hof beslis dat (a) 'n eiser nie gedwing kan word om die sertifikaat voor uitreiking van die dagvaarding te toon nie; (b) die pleitstukke nie 'n bewering hoef te bevat dat die eiser in besit is van 'n artikel 31(2)-sertifikaat wat vir insae vir die verweerder beskikbaar is nie; (c) die sertifikaat aan die hof en nie die verweerder nie getoon moet word; (d) die sertifikaat oorhandig moet word wanneer die bestaan van die gewoonteregtelike huwelik bewys moet word; (e) die pleitstukke nie hoef te beweer dat die oorledene of die eiser(s) deelgenote in 'n gewoonteregtelike huwelik was nie; en (f) die artikel 31(2)-sertifikaat kan berus op inligting wat uit die register of op enige ander wyse bekom is.

In *Finlay* beperk die hof nie die tydperk wanneer die sertifikaat voorgelê moet word nie; daar word egter gestel dat die minimum vereiste is dat daar in die dagvaarding beweer moet word dat die eiser(s) 'n afdwingbare eis het en dat die sertifikaat beskikbaar is. Daar is dus nog steeds geen sekerheid wanneer die sertifikaat getoon moet word nie.

6 Slot

Dit het waarskynlik tyd geword dat die wetgewer weer eens ingryp en artikel 31 eens en vir altyd so bewoord dat dit nie tot aanhoudende litigasie aanleiding gee nie: (a) in die eerste plek moet artikel 31(2A) so gewysig word dat die inligting waarop die sertifikaat (wat afdoende bewys is) berus uit enige bron bekom kan word; (b) in die tweede plek kan *Finlay* nagevolg word deur te bepaal dat daar reeds in die dagvaarding melding gemaak moet word van die bestaan van die sertifikaat sodat die verweerder blootlegging kan aanvra; (c) derdens kan die sertifikaat steeds by die hof ingehandig word soos in *Hlela* vereis; en (d) laastens moet die laaste tydstip van inhandiging ook by wyse van artikel 31 bepaal word.

In *Finlay* verwerp regter Flemming *Hlela* maar die inherente waarde van die beslissing in *Hlela* mag nie oor die hoof gesien word nie. Die hof is bereid om eerder ter wille van geregtigheid en billikheid van die streng prosedures en vereistes af te sien en nie letterknegtig aan die wet vas te hou nie. Daar kan nie met *Finlay* saamgestem word dat die stadige verloop en onderbrekings iets is waarmee daar in die howe saamgeleef moet word nie (686I–J). Deur slordige bewoording van pleitstukke en nie-nakoming van regsvereistes is dit die partye wat deur die vermeerdering van die hofkoste daaronder ly en nie die regspraktisyns nie. Hofkoste is geweldig hoog. Te veel sake word op grond van tegniese oorwegings by die hof uitgegooi of gedinge word onnodig daardeur vertraag en verleng. Die hof moet tog billikheid teenoor die gedingspartye bewerkstellig – veral by artikel 31-eise is die eiser(s) reeds in 'n moeilike posisie en kan die eise daardeur verder verklein word (vgl ook *Lebona v President Versekeringsmaatskappy* 1991 3 SA 395 (W); en daaroor Olivier "Wettigheid van broodwinner se inkomste en artikel 31-eis van afhanklike" 1992 *TSAR* 713).

Ander belangrike aspekte verdien ook vermelding:

(a) Die hof se bereidwilligheid om die eiseres se versoek tot wysiging van die pleitstukke (om die bewering by te voeg dat sy die sertifikaat kan toon) toe te staan, moet verwelkom word; dit is kostebesparend en werk geregtigheid in die hand.

(b) Die hof se ingesteldheid om van 'n regshistoriese bron (Voet *Com ad Pand*) gebruik te maak, is prysenswaardig. Sy slotsom dat "Voet is no authority on how our legal system should cope with demands which were unknown to him but are *bona fide* and real" (681G–H), kan egter nie ongekwalifiseerd onderskryf word nie. Die benadering in *Zimnat Insurance Co Ltd v Chawanda* 1991 2 SA 825 (ZS) (vgl hieroor Du Plessis "Regsvinding en geregtigheid in 'n ontwikkelende land" 1991 *TSAR* 701; Van der Merwe "Van internalistiese na eksternalistiese gemeneregvinding" 1992 *TSAR* 739) dat die gemenereg so wyd moontlik geïnterpreteer moet word met verwysing na die nasionale doelwit van nasiebou en aanpassing van die Romeins-Hollandse regsnorme by moderne omstandighede, is te verkies.

(c) Dit moet verwelkom word dat die hof hom positief oor 'n gewoonteregtelike instelling (die gewoonteregtelike huwelik) uitlaat (679B–F). Ook die regter se (korrekte) interpretasie dat alle howe nou gemagtig is om geregtelik kennis van gewoontereg (679D–E) te neem, is in ooreenstemming met artikel 1 van die Wysigingswet op Siviele Bewysreg 45 van 1988 en is aan te bevole. Hy verwys ook na die feit dat waar die gemenereg 'n beperking op die bereiking van geregtigheid deur die howe geplaas het (deur nie die gewoonteregtelike huwelik te wil erken nie – vgl *Santam Bpk v Fondo* 1960 2 SA 467 (A)), wetgewing (a 31 Wet 76 van 1963) die posisie wel reggestel het (679C–D). Die hof aanvaar as belangrike uitgangspunt (679E–F):

> "The pattern towards protection is among the factors which should incline a Court in the South Africa of 1992, in appropriate cases and if there are no constraints in terms of eg inability of a Court to legislate, to interpret and to apply the prevailing law towards assimilation or reception . . . That is so also when a consequence of a customary union brushes against an outsider to whom the indigenous laws and customs are unknown."

Hierdie uitgangspunt moet onderskryf word. Uitleg van gewoonteregtelike norme moet op sodanige wyse geskied dat gepaste regsgevolge deur die howe aan regshandelinge ooreenkomstig die gewoontereg geheg word. 'n Besonder interessante standpuntinname is dat dit die taak van 'n hof is "to interpret and to apply the prevailing law towards assimilation or reception" (679E). Dié vertrekpunt verskil

wesenlik van 'n meer eurosentriese benadering in *Santam Bpk v Fondo*. Ander opsies (bv die formulering van internasionale privaatregaanwysingsnorme) is een van die alternatiewe opsies (naas assimilasie of resepsie) wat oorweging behoort te geniet.

W DU PLESSIS
NJJ OLIVIER
Potchefstroomse Universiteit vir CHO

VOORDEELTOEREKENING EN VERPLIGTE GROEPLEWENSVERSEKERING INGEVOLGE 'N DIENSKONTRAK

Burger v President Versekeringsmaatskappy Bpk 1994 3 SA 68 (T)

1 Inleiding

Burger v President Versekeringsmaatskappy Bpk volg op 'n reeks sake wat na die bekende appèlhofuitspraak in *Dippenaar v Shield Insurance Co Ltd* 1979 2 SA 904 (A) beslis is (sien oa *Gehring v Unie Nasionaal Suid-Britse Versekeringsmaatskappy Bpk* 1983 2 SA 266 (K); *Swanepoel v Mutual and Federal Insurance Co Ltd* 1987 3 SA 399 (W); *Mutual and Federal Insurance Co Ltd v Swanepoel* 1988 2 SA 1 (A); *Du Toit v General Accident Insurance Co of South Africa Ltd* 1988 3 SA 75 (D)). In al hierdie sake was die vraag of voordele wat die benadeelde na die pleging van 'n delik te beurt geval het, van die benadeelde se eis om skadevergoeding afgetrek moet word. Een van die moontlike voordele wat so 'n benadeelde kan toeval en wat in die saak onder bespreking die fokuspunt was, is 'n bedrag wat uit hoofde van 'n groeplewensversekeringskema aan 'n lid van die skema uitbetaal word nadat die lid permanent werksongeskik gelaat is. Alhoewel die howe nog nie 'n aanvaarbare teorie gevind het om die probleem van voordeeltoerekening konsekwent mee op te los nie, het daar in die praktyk reeds heelwat riglyne uitgekristalliseer (Neethling, Potgieter en Visser *Deliktereg* (1992) 220–224).

Volgens Visser en Potgieter *Skadevergoedingsreg* (1993) 221 moet voordeeltoerekening plaasvind of geweier word deur die volgende beginsels op 'n gebalanseerde wyse in 'n konkrete geval toe te pas: die eiser is geregtig op volledige skadeloosstelling; die verweerder hoef die eiser nie te vergoed vir meer as sy skade nie; en ingevolge algemene opvattings van regverdigheid en billikheid behoort voordeeltoerekening geweier te word waar dit slegs die verweerder bevoordeel sonder dat die bron van die voordeel of die gemeenskap baat daarby vind. Laasgenoemde beginsel laat natuurlik ruimte vir 'n soepeler benadering met die moontlike gebruik van beleidsoorwegings, 'n benadering wat deur meerdere skrywers op hierdie punt as 'n oplossing vir die probleem voorgestaan word – naas natuurlik wetgewing (sien Pauw "*Dippenaar v Shield Insurance Co Ltd* 1979 2 SA 904 (A)" 1979 *TSAR* 258; Van der Walt "Die voordeeltoerekeningsreël – knooppunt van uiteenlopende teorieë oor die oogmerk met skadevergoeding" 1980 *THRHR* 26; Reinecke "Nabetragtinge oor die skadeleer en voordeeltoerekening" 1988 *De Jure* 227; Davel "*Senior v National Employers General Insurance Co Ltd* 1989 2 SA 136 (W)" 1989 *De Jure* 368–372; Claasen en Oelofse "Berekening van skadevergoeding by verlies van verdienvermoë" 1979 *De Rebus* 588–589 591).

Die *Dippenaar*-saak *supra* is in hierdie stadium die *locus classicus* vir gevalle waar die eiser verlies van verdienvermoë ingevolge 'n dienskontrak wil bepaal. Hierdie appèlhofuitspraak het ongelukkig 'n aantal onsekerhede op die pad van 'n eenvoudige en billike uitspraak in soortgelyke gevalle gelaat.

2 Die *Dippenaar*-beginsels

In die *Dippenaar*-saak het die appellant (wat oorlede is voor die appèl aangehoor is) geëis vir die verlies aan inkomste nadat hy weens 'n onregmatige daad permanent werksongeskik gelaat is. Aangesien hy nie langer geld verdien het nie, moes die verlies aan inkomste aan die hand van sy dienskontrak vasgestel word. Hoofregter Rumpff lê in sy uitspraak die volgende vier beginsels neer (920B–D):

(a) verdienvermoë moet as deel van 'n persoon se boedel beskou word;

(b) indien die eiser op sy dienskontrak steun, dien dit as bewys van sy verdienvermoë op die datum van deliksspleging;

(c) indien die eiser op sy "verdienvermoë" steun (eerder as op "toekomstige inkomste", wil dit voorkom), word ontvangstes en voordele uit vrygewigheid of gewone versekeringskontrakte van voordeeltoerekening uitgesluit;

(d) indien die eiser op sy dienskontrak steun om sy verdienvermoë te bewys, kan die monetêre waarde daarvan ingevolge die kontrak alleen bewys word deur na die kontrak as 'n geheel te kyk, insluitende al die voordele waarop die werknemer ingevolge sy dienskontrak geregtig is.

3 Trefwydte van die *Dippenaar*-beginsels

Die eerste twee van bogemelde beginsels van die *Dippenaar*-saak verskaf nie probleme nie. Dit is egter onduidelik of die derde beginsel, naamlik dat gebruikmaking van verdienvermoë daartoe lei dat voordele uit vrygewigheid of gewone versekeringskontrakte van voordeeltoerekening uitgesluit is, toegepas moet word *ongeag* of daar inderdaad op die dienskontrak gesteun word of nie. Verder verduidelik hoofregter Rumpff nooit wat hy met 'n "gewone versekeringskontrak" bedoel nie. Regter Heyns se hantering van hierdie beginsel in die *Burger*-saak maak die toepassing daarvan effens duideliker (sien par 5 hieronder). Volgens Boberg *Law of delict: vol 1 Aquilian liability* (1984) 610 behoort die gebruikmaking van verdienvermoë as regverdiging te dien vir die argument dat die geheel van die dienskontrak nie noodwendig relevant is nie:

> "If the true compensable loss is a loss of earning capacity rather than a loss of future earnings . . . then the employment contract produced by the plaintiff in support of his claim should be looked at *only as far as it is relevant to prove the value of what the plaintiff has lost* – ie his pre-accident earning capacity, in so far as he has lost it. Not every part of the contract is necessarily relevant for this purpose."

In die *Gehring*-beslissing *supra* bespreek regter De Kock (272C–273B) die trefwydte van die vierde beginsel van die *Dippenaar*-saak. Hy vra (272F–H) of dié beginsel slegs toegepas moet word waar die eiser inderdaad op sy dienskontrak steun om die waarde van sy verlies aan verdienvermoë te bepaal, en of die beginsel só toegepas moet word dat alle voordele wat inderdaad uit hoofde van die dienskontrak die eiser toeval in berekening gebring moet word, ongeag of die eiser op die dienskontrak steun of nie. Indien laasgenoemde wyer benadering nagevolg word, sal dit volgens regter De Kock (273A) teenstrydig wees met hoofregter Rumpff se eie benadering in 'n vorige uitspraak, naamlik *Santam Versekeringsmaatskappy v Byleveldt* 1973 2 SA 146 (A) (sien ook Boberg 615).

In die appèlhofuitspraak van *Swanepoel supra* laat appèlregter Van Heerden hom ook oor die toepassing van die vierde *Dippenaar*-beginsel uit. Hy stel (10H) dat dit vir hom duidelik is dat hoofregter Rumpff nie bedoel het om 'n onbuigbare reël te formuleer nie en (10I) dat die reël slegs op gevalle van toepassing is waar vermoënskade geëis word. (Sien Visser "Gedagtes oor voordeeltoerekening by nie-vermoënskade" 1994 *THRHR* 98–102 vir 'n bespreking oor voordeeltoerekening by nie-vermoënskade.)

Die onsekerhede wat *Dippenaar* dus gelaat het, is of die eiser in wese nou verhoed word om die dienskontrak te gebruik om verlies aan verdienvermoë te bewys, aangesien dit tot gevolg sal hê dat ander voordele soos pensioen en siekverlof wat ingevolge die dienskontrak afdwingbaar is, van die eis afgetrek moet word; of uitbetalings ingevolge gewone versekeringskontrakte buite rekening gelaat kan word *ongeag* of die eiser op die dienskontrak steun al dan nie; en wat presies met gewone versekeringskontrakte bedoel word.

4 Feite van die *Burger*-saak

Die eiseres is 'n werknemer van YSKOR en is as permanent werksongeskik verklaar na 'n motorvoertuigongeluk waarin sy betrokke was. Die verweerder is die benoemde agent van die Multilaterale Motorvoertuigongelukkefonds kragtens die Multilaterale Motorvoertuigongelukkefondswet 93 van 1989. Die verweerder erken aanspreeklikheid vir al die geëisde bedrae, behalwe vir die eis vir verlies aan verdienvermoë. Die verweerder voer aan dat by die berekening van die bedrag wat aan die eiseres weens verlies aan verdienvermoë toegeken moet word, die bedrag van R111 700 wat deur die YSKOR-groeplewensversekeringskema aan die eiseres uitbetaal is, in berekening gebring moet word. Die eiseres voer aan dat die betaling van hierdie bedrag *res inter alios acta* is en dus buite beskouing gelaat moet word by die berekening van haar eis om verlies aan verdienvermoë.

5 Hantering van die *Dippenaar* onsekerhede

In die *Burger*-saak het regter Heyns hom tereg duidelik uitgespreek ten gunste van die benadering dat die vierde *Dippenaar*-beginsel beperkend uitgelê moet word. Regter Heyns beklemtoon (78B–C) dat "die uitspraak van die Appèlhof net van toepassing is in gevalle waar die *bepalings van die dienskontrak* [my beklemtoning] aangewend word om te bepaal wat die toekomstige verlies aan inkomste van 'n eiser is". Alhoewel die eiseres nie haar dienskontrak as bewysstuk voorgelê het nie, het sy wel 'n getuie gehad wat oor die inhoud daarvan getuig het. Regter Heyns laat hom nie uitdruklik daaroor uit of hy weens die feit dat daar nie 'n skriftelike kontrak voorgelê is nie, hom daarom nie aan hierdie *Dippenaar*-beginsel gebonde hou nie. Hy gaan bloot voort om die getuienis van die getuie te ontleed (78D–E). Volgens dié getuie was die eiseres as werknemer van YSKOR verplig om 'n lid van die groeplewensversekeringskema te word. Regter Heyns maak dan die volgende opmerking:

> "My siening is dat die enigste *nexus* tussen eiseres se dienskontrak met haar werkgewer, YSKOR, en die betaling wat sy uit die polis verkry het net die feit is dat sy deur YSKOR verplig is om 'n lid te word van die groeplewensversekeringskema. Nadat sy so lid geword het, het sy die premies op die polis met haar eie geld betaal. Myns insiens is dit nie relevant nie as die werkgewer 'n bedrag aan haar betaal wat sy kan aanwend om haar bydraes tot die skema te betaal sodat die skema die premies op die polis kan betaal" (78E–F);

en:

> "Alhoewel die rede dat sy daardie kontrak aangegaan het, is omdat sy deur haar werkgewer verplig was om so 'n kontrak te sluit, meen ek nogtans dat dit nie gesê kan word dat die bedrag aan haar uitbetaal sal word uit hoofde van haar dienskontrak met YSKOR nie. Dit was net 'n voorwaarde van haar dienskontrak met YSKOR dat sy moet aansluit by die groeplewensversekeringskema, maar nadat sy aangesluit het, het YSKOR niks verder met enige verbintenis en optrede van die groeplewensversekeringskema te doene gehad nie" (80A–C).

Regter Heyns swyg egter oor die gevolg wat dit op haar dienskontrak sou gehad het indien sy op enige stadium tydens die bestaan van haar dienskontrak haar bydraes tot die skema sou beëindig het. Dit sou heelwaarskynlik daartoe kon gelei het dat sy afgedank word aangesien dit een van haar diensvoorwaardes was om lid van die skema te wees, en sekerlik ook om vir die duur van haar dienstermyn lid te bly. Verder meen ek dat dit wel relevant is of die werkgewer 'n bydrae tot die betaling van die premies maak, aangesien dit dan een van die byvoordele sal wees wat sy ingevolge haar dienskontrak ontvang en daarom 'n *nexus* tussen die polis en haar dienskontrak daar sal stel. Om te sê dat daar geen verband tussen haar dienskontrak en die groeplewensversekeringskema is nie, is myns insiens derhalwe nie heeltemal korrek nie.

In beide die *Dippenaar*- en die *Swanepoel*-saak is daar duidelik met *verlies aan verdienvermoë* gewerk om sodoende die moontlike toekomstige verdienste van die eiser nie net tot die huidige dienskontrak of betrekking te beperk nie. Dit is ook duidelik wat die eiseres in die *Burger*-saak poog om te doen. Dit is derhalwe onverklaarbaar waarom regter Heyns deurlopend na die eiseres se "toekomstige inkomste en verdienste" verwys (sien 77B 78A 78C 79D 80C) terwyl hy eintlik van haar verdienvermoë moet praat.

Regter Heyns haal ook die passasie in *Dippenaar* aan waar hoofregter Rumpff beklemtoon dat indien met verlies aan verdienvermoë, in plaas van verlies aan toekomstige inkomste, gewerk word, voordele uit "gewone versekeringskontrakte" by die berekeningsproses uitgesluit word. Regter Heyns poog dan om die polis as 'n gewone versekeringskontrak in te kleur om sodoende nie die uitbetaling in berekening te bring nie. Dit is egter onduidelik of hy hierdie weg volg omdat daar *nie* met 'n dienskontrak gewerk word *nie* en alle voordele dus nie in berekening gebring hoef te word nie, en of hy juis hierdie weg volg omdat daar *wel* met die bepalings van 'n dienskontrak gewerk word en dit volgens *Dippenaar* die enigste wyse is waarop hy te werk kan gaan om die eiseres tegemoet te kom. Hy formuleer dan die volgende regsvraag (79G–H):

> "Die vraag is in wese of die voordeel wat eiseres gekry het weens haar lidmaatskap van die groeplewensversekeringskema van YSKOR, verkry is uit 'n *gewone kontrak van versekering* [my beklemtoning] voortvloeiend uit die feit dat sy 'n werknemer van YSKOR is of uit die feit dat sy 'n werknemer van YSKOR was en toe sy nie verder kon werk nie volgens haar dienskontrak met YSKOR sekere betalings gekry het."

Omdat regter Heyns dié vraag op hierdie wyse formuleer, kon hy verklaar dat die bedrag wat aan haar uitbetaal is, nóg deur haar werkgewer, nóg deur 'n ander party namens haar werkgewer aan haar betaal is. Daarom het sy volgens die regter 'n gewone versekeringskontrak aangegaan (79I–80A). Nêrens in sy uitspraak laat regter Heyns hom egter uitdruklik uit oor wat hy onder 'n "gewone versekeringskontrak" verstaan nie, net soos hoofregter Rumpff ook nêrens in sy uitspraak in die *Dippenaar*-saak verduidelik wat 'n gewone versekeringskontrak is nie. Uit regter Heyns se verduideliking (79I) wil dit voorkom of 'n gewone versekeringskontrak

alle versekeringskontrakte omvat wat nie deel van die dienskontrak vorm nie. Dit kan dan 'n verklaring bied waarom uitbetalings ingevolge so 'n versekeringskontrak nie in berekening gebring moet word nie selfs al word daar van 'n dienskontrak gebruik gemaak.

6 Slotsom

'n Paar belangrike punte het in die *Burger*-saak na vore gekom. Eerstens blyk duidelik hoe regsverteenwoordigers die probleem wat *Dippenaar* met betrekking tot die dienskontrak geskep het, in die toekoms gaan hanteer. Bykomende getuies om oor die inhoud van die dienskontrak te getuig, sal benodig word; dit sal weer lei tot verhoogde uitgawes net omdat die gepaste bewysstuk, naamlik die dienskontrak self, nie sonder nadele vir die eiser voorgelê kan word nie. Verder sal die eiser moet aantoon dat daar geen verband tussen die dienskontrak en die versekeringspolis bestaan nie. Hier wil dit voorkom of die belangrikste punt wat die howe in oorweging sal neem, die vraag is of die versekerde self die premies betaal het ongeag of die werkgewer 'n bydrae daartoe gemaak het al dan nie. Alhoewel die *Burger*-saak van die onsekerhede wat die *Dippenaar*-saak gelaat het, uit die weg geruim het, bly daar nog heelwat vrae onbeantwoord. Die beslissing bevestig weer eens die behoefte aan 'n duidelike appèlhofuitspraak op hierdie punt.

LOMA DREYER
Universiteit van Suid-Afrika

DELIKTUELE AANSPREEKLIKHEID WEENS LIGGAAMSKENDING AS GEVOLG VAN SPERMAVERNIETIGING: 'N VERREIKENDE UITSPRAAK VAN DIE DUITSE BUNDESGERICHTSHOF

BGH, Urt v 9/11/1993, 1994 *NJW* 127

1 Inleiding

Die Duitse Bundesgerichtshof (BGH) is onlangs met die volgende feitestel gekonfronteer: Eiser sou 'n operasie ondergaan wat steriliteit tot gevolg het. In die lig daarvan het hy van sy sperma laat vries met die doel om dit later te gebruik sodat hy kinders van sy eie kon hê. Hierdie gevriesde sperma is egter deur verweerder sonder sy toestemming vernietig (BGH, Urt v 9/11/1993, 1994 *NJW* 127). Eiser eis vervolgens, kragtens artikels 823(1) en 847(1) *BGB*, genoegdoening van laasgenoemde weens liggaamskending ("Körperverletzung"). Die BGH was in dié saak wesenlik geroepe om te beslis of die menslike liggaam (*corpus*) vir doeleindes van dié persoonlikheidsgoed deelbaar is.

2 Dinamiese aard van die reg op liggaamlike integriteit

In beide die Duitse straf- en deliktereg is die begrip "liggaamskending" nie beperk tot die fisieke aspek van die menslike liggaam nie (a 323(1) *BGB*; Schäfer en Horn *J von Staudigers Kommentar zum bürgerlichen Gesetzbuch* vol 2 (1986) 123; a 223 *StGb*; Schönke *et al Strafgesetzbuch* (1991) 1626–1628; Lackner *Strafgesetzbuch* (1993) 1059–1060; Dreher en Tröndle *Strafgesetzbuch* (1993) 1285–1287). Boonop is die toevoeging van pyn nie 'n onontbeerlike voorwaarde vir

liggaamskending nie. Sterk gemoedsbewegings wat die liggaamlike welsyn in 'n ernstige mate benadeel, kan liggaamskending daarstel (Dreher en Tröndle 1286). Dit is moeilik, indien nie onmoontlik nie, om die menslike liggaam en psige in afsonderlike kompartemente te beskou (vgl Schönke *et al* 1626).

Insgelyks het die liggaamsbegrip by aanranding in die Suid-Afrikaanse reg duidelik 'n elastiese en dinamiese onderbou (sien bv *S v Marx* 1962 1 SA 848 (N) 850–854; *S v A* 1993 1 SASV 600 (A) 610). Ons howe neem inderdaad kennis daarvan dat psigiese pyn meermale 'n aanrandingsbestanddeel is (*S v Mokgalaka* 1993 1 SASV 704 (A) 705). Ook in Amerikaanse jurisdiksies word aanranding of liggaamskending 'n wyer konnotasie as die fisieke toegeken (*State v McIver* (1949) 231 NC 313, 56 SE 2d 604, 12 ALR 2d 967 (North Carolina SC)). Die bekende Engelse skrywer Glanville Williams gebruik selfs die begrip "psychic assault" (*Textbook of criminal law* (1983) 174). In sy bespreking van dié aangeleentheid in die deliktereg wys Neethling daarop dat aanknopingspunte vir die siening dat primêr psigiese benadeling 'n *iniuria*, in die sin van liggaamskending, kan daarstel, karig is. Hy voer verder aan dat, in die lig van die beslissing *Bester v Commercial Union Versekeringsmaatskappy van SA Bpk* 1973 1 SA 769 (A) aanvaar kan word dat, soos die nalatige krenking van die psige die aksie *sui generis* vir pyn en lyding fundeer, die opsetlike krenking van die psige deur die *actio iniuriarum* gedek behoort te word (*Persoonlikheidsreg* (1991) 91–92; vgl *Boswell v Minister of Police* 1978 3 SA 268 (OK)). 'n Mens kan nie anders as om hierdie sienswyse te onderskryf nie. Die menslike psige en liggaam vorm 'n interaktief-organiese eenheid.

3 Deelbaarheid van die menslike liggaam

In bogenoemde saak wys die BGH daarop dat liggaamsdele of -stowwe wat van die menslike liggaam ontneem of verwyder is, in die algemeen die "status" van sake aanneem (vgl a 18–23 van die Wet op Menslike Weefsel 65 van 1983). In die lig van medies-tegnologiese vooruitgang is dit tans moontlik om liggaamsdele of -stowwe te verwyder vir latere aanwending op of terugplasing in dieselfde liggaam. In dié verband word gedink aan bloed wat weer, indien benodig, in die liggaam van waar dit kom, teruggeplaas kan word, vel- en beenbestanddele wat in latere oorplantings op dieselfde liggaam gebruik kan word en die bevrugting van eierselle wat weer in die betrokke vrou se liggaam teruggeplaas word (127–128). Hierdie liggaamsbestanddele of -stowwe behou ook tydens verwydering 'n funksionele verband met die liggaam. Beskadiging of vernietiging daarvan stel liggaamskending ingevolge artikels 823(1) en 847(1) *BGB* daar (128).

Die sperma, wat vir die spesifieke doel in bogenoemde saak beskikbaar gestel is, is finaal van die liggaam afgeskei. Dit is egter bestem om 'n spesifieke liggaamsfunksie, naamlik voortplanting, in die toekoms te vervul. Laasgenoemde is intiem verbind met die eiser se liggaamlike integriteit en sy persoonlike selfbestemming en -verwesenliking en het duidelik nie 'n geringer betekenis of waarde as eierselle of ander liggaamsbestanddele of -stowwe, soos hierbo genoem, nie. In die lig hiervan word die eis deur die BGH toegestaan (128).

4 Konklusie

Die kern van die beslissing van die BGH word myns insiens saamgevat in die idee dat die regsgoed wat in artikels 823(1) en 847(1) *BGB* beskerm word, nie die materie is nie, maar die bestaan en bestemming van die menslike persoonlikheid wat in 'n liggaamlike identiteit materialiseer (127). Die menslike liggaam, en

bygevolg die menslike persoonlikheid, het myns insiens ook 'n toekoms- en, in 'n genetiese sin, 'n ewigheidsdimensie. Dit sluit aan by die Bundesverfassungsgericht se standpunt dat die mens se waardigheid na sy dood voortduur. (BVerfGE 30 173 194; 1971 *NJW* 1645 1647; Labuschagne "Menseregte na die dood? Opmerkinge oor lyk- en grafskending" 1991 *De Jure* 150.) Die menslike reg op en outonomie tot voortplanting en gevolglike genetiese kontinuering vorm 'n belangrike basis van die persoonlikheidsreg (BGH Urt v 18/3/1980, *BGHZ* 76 259; sien ook in die algemeen Deutsch "Des Menschen Vater und Mutter" 1986 *NJW* 1971). Die Suid-Afrikaanse howe behoort die benadering van die BGH in dié verband te volg. Die *actio iniuriarum* is elasties genoeg om dit te hanteer. Vir doeleindes van die persoonlikheidsreg is die menslike liggaam in die algemeen deelbaar. Daar is tog omstandighede waarin die liggaam en die afgesonderde deel of stof deur 'n sekere toekomsgerigtheid van die reghebbende se psige – vir doeleindes van die persoonlikheidsreg – as eenheid behoue bly. Die menslike psige (met bewussynsgrondslag) dien derhalwe as 't ware in persoonlikheidsregtelike verband as "liggaamselement". Hier het ons 'n goeie voorbeeld van die werking van die (universele en onafgelope) dekonkretiseringsproses in die persoonlikheidsreg (sien Labuschagne "Die voorrasionele evolusiebasis van die strafreg" 1992 *TRW* 27 38–40). Aan die menslike liggaam word 'n minder konkreet-sigbare en 'n meer abstrakte bestaan toegeken.

Ek wil ten slotte op 'n analogiese probleem in dié verband wys. Veronderstel 'n persoon se arm word in 'n ongeluk afgeruk. Hedendaags is dit moontlik om ledemate weer aan die liggaam vas te heg. Veronderstel verder dat iemand die arm, om watter rede ook al, skend voordat dit weer aangeheg word. Het 'n mens hier met liggaamskending en gevolglike persoonlikheidskending te make? In die lig van die voorafgaande uiteensetting is die antwoord op dié vraag onvermydelik positief. Selfs al sou die aanhegting onsuksesvol of onmoontlik wees, het 'n mens myns insiens nogtans in dié geval met liggaamskending te make. Ook in hierdie verband speel die menslike psige, as koppelingsfaktor, 'n deurslaggewende rol. Wat duidelik blyk, is dat die mediese wetenskap en tegnologie voortdurend nuwe en andersoortige denkvelde open en nuwe eise aan die reg, in besonder ook aan die persoonlikheidsreg, stel.

JMT LABUSCHAGNE
Universiteit van Pretoria

Rape is a horrifying crime and is a cruel and selfish act in which the aggressor treats with utter contempt the dignity and feelings of his victims. Any award of damages in a situation of this kind should be substantial (per Williamson J in *N v T* 1994 1 SA 862 (C) 864).

BOEKE

LAW AND DEVELOPMENT IN THE THIRD WORLD

Edited by YASH VYAS, KIVUTHA KIBWANA, OKECH OWITI and SMOKIN WANJALA

University of Nairobi Nairobi 1994; xi and 614 pp

Price $20

The reviewer was privileged to represent the Unitra Law Faculty at the Regional Conference of the Commonwealth Legal Education Association held at the University of Warwick in Coventry, United Kingdom, in July 1994, where I was able to meet scholars from the various Commonwealth countries. It was in these circumstances that when, at the end of the conference, the only ten available copies of the present publication were placed on the table for sale on a "first come first served" basis, I rushed from my seat to make sure that I would not miss out.

For us in Africa South of the Limpopo, this book is important in that it introduces us to Commonwealth writers and Commonwealth thinking on a large scale. There are 38 contributors to the publication, mainly professors and senior lecturers at universities; however, one of the 38 chapters (each contribution constitutes a chapter) has been written by a judge of the High Court of Gwalior Bench, India, one by a director of Kenya Legal Education in the Kenya Adult Education Association, and one by the Manager of the Urban Management Programme of the United Nations Centre for Human Settlement.

The publication is divided into two parts: part one (24 chapters) is devoted to law and development with reference to *Democracy in the Third World.*

Prominent among these is chapter 19, written by Professor NRM Menon, currently president of the Commonwealth Legal Education Association and director of the National Law School of India, Bangalore, India. The author deals with the cultural diversities and problems of social justice and democratic governance which are manifest in India perhaps more than in any other country in the world. The problem of access of the impoverished millions of India to the legal system and the problem of secularism and minority rights are considered. In chapter 20, Kembo Sure, a lecturer in the English Department at Moi University, Eldoret, Kenya, writes under the heading "Language, law and integration in Kenya". Considering language use in the judicature, the author points out that in the whole history of judicature, the language of the law changes least. In Europe the law was for centuries expressed in Latin, while in India it was expressed in Persian. In Africa it was originally expressed in the various African languages, but it is now expressed in Koranic Arabic in the Arab-dominated North, in the Romance languages, French and Portuguese in the former French and Portuguese colonies, and in the Germanic language English in the areas of former English influence.

In those areas bills are drafted and debated in Parliament and court proceedings are conducted and recorded in English. The serious problems inherent in using a new language in a serious domain such as the administration of justice, are ably pointed out by the author with reference to two examples drawn from the district courts of Kenya.

(a) As recently as February 1992 a police inspector prosecuting a case before a district court in Nakuru, Kenya said: "My honour, I would like to apply for an adjournment because my witnesses are far-fetched." The idiomatic use of the expression "far-fetched" used as a compound and not as the individual words "far" and "fetched", has nothing to do with geographic location!

(b) A female witness was asked if she was familiar with certain places in Kisumu and her reply was interpreted as: "I don't just walk." This English rendition of the witness's statement missed the point completely because she meant to say: "I am not a woman of loose morals (*ihule*) who would be expected to roam all over the town and thereby get to know many places."

English is therefore a very inefficient medium in the administration of justice as the author concludes. He further makes out a strong case for the proposition that English helps to promote inequality and social disintegration as some people are left out completely because of its use in a court case, where discourse that concerns them is in a foreign language.

Volume 2 of the work is devoted to economic issues such as the "Role of law in reforming urban land markets" by Patrick McAuslan, and "The problem of urban squatting in African countries" by Victor Nkiwane.

All in all, the book's most striking characteristic is its rich diversity. It deals with philosophical issues such as the relationship between national sovereignty and individual liberty. It features case studies in issues like the constitutional development of Kenya and the implications of this for human rights. It deals with practical issues such as the law of political parties, the law of patents, the impact of structural adjustment programmes on the social welfare of the poor, and the operation of credit co-operatives in the Third World. Territorially the book ranges widely, from Kenya through Uganda and Tanzania to Zimbabwe, and from Singapore through Malaysia to India.

This book is important because it opens the legal "motor highway" for South Africans to cross the Limpopo River and become part of African legal thinking. While doing so they will also inevitably contribute to legal thinking in Africa. There is no doubt that Africa in particular, and the Commonwealth legal fraternity in general, eagerly await the contribution of their learned colleagues from the South. The August 1995 Conference of the Commonwealth Legal Education Association scheduled for Nairobi, Kenya, could greatly facilitate the achievement of these goals.

DS KONYANA
University of Transkei

DISPUTE RESOLUTION

deur PAUL PRETORIUS (redakteur)

Juta Kaapstad Wetton Johannesburg 1993; 229 bl

Prys R98,00 (plus AVB en hanteringsgelde) (sagteband)

Alternatiewe dispuutbeslegting is ongetwyfeld een van die gewildste onderwerpe van die jare negentig. Ook in Suid-Afrika waar konflik op verskeie terreine voorkom, is dit 'n aktuele onderwerp. Behoeftes van die praktyk het tot gevolg dat nuwe beslegtingstegnieke en nuwe vorme van beslegting voortdurend ontwikkel. Hierdie werk is 'n samestelling van artikels deur twaalf verskillende skrywers en elke artikel is voorsien van 'n inleiding deur die redakteur. Hierbenewens tref 'n mens 'n uiters nuttige inleidingshoofstuk aan deur die redakteur wat nie alleen 'n oorsig gee van wat hierdie (vir Suid-Afrika) relatief nuwe studieveld behels nie, maar waarin ook riglyne gegee word vir die keuse van 'n toepaslike

beslegtingsprosedure. Wat die skrywers betref, kan verder opgemerk word dat elkeen in eie reg bekend is vir die baanbrekerswerk wat hulle op verskillende terreine verrig het.

In die voorwoord wys die redakteur daarop dat hierdie werk bedoel is as 'n inleiding tot die vakgebied "dispuutbeslegting" en gemik is op 'n teikengroep wat praktisyns, akademici, studente en selfs persone insluit wat in dispute betrokke is. Benewens hierdie persone behoort dispuutbeslegters ook die werk nuttig te vind. In hierdie verband word byvoorbeeld gedink aan hoofstuk twaalf wat 'n lys bevat van organisasies waarvan die primêre of sekondêre funksie dispuutbeslegting is. Volledige besonderhede van hierdie organisasies vir kontakdoeleindes word voorsien; en dit sluit ook 'n kort beskrywing in van hul onderskeie doelstellings en/of spesialisasievelde.

Hoofstuk een handel oor die onderhandelingsproses en aandag word geskenk aan die verskillende benaderings wat gevolg kan word asook aan die tegnieke verbonde aan onderhandeling. Hoofstuk twee verduidelik die basiese beginsels en tegnieke van versoening en dui aan dat waar versoening tradisioneel aangewend is op die gebied van die arbeidsreg en in dispute rakende gemeenskaps- en familie-aangeleenthede, versoening tans ook aangewend word in dispute rakende kommersiële en omgewingsaangeleenthede. Versoening as 'n beslegtingsprosedure word verder toegelig in hoofstuk drie waar op baie interessante wyse uitgelig word watter rol menslike persepsie in konflik speel en hoe die mediator te werk gaan om partye se persepsies sodanig te verander dat hulle tot 'n konstruktiewe oplossing van hul dispuut kan kom. Versoening in egskeidingsgedinge word in hoofstuk vier behandel en die skrywer van hierdie hoofstuk wys heeltemal tereg daarop dat kinders daarby baat indien 'n egskeiding in minder vyandige omstandighede geskied aangesien die hele egskeidingsproses reeds vir hulle traumaties is. Versoening kan ongetwyfeld daartoe bydra om vyandigheid tussen partye te verminder. Hierdie hoofstuk is besonder nuttig vir almal wat gemoeid is by versoening in gesinsverband.

In hoofstukke vyf en ses kom arbitrasie aan die beurt. Eerstens word die aard van die prosedure, die aanwendingsveld daarvan en, baie belangrik, wanneer dit die nuttigste wyse van beslegting is, bespreek; hierdie bespreking word deur dieselfde skrywer opgevolg deur 'n kernagtige dog duidelike oorsig van die prosedure wat gevolg word. Dit word op so 'n wyse gedoen dat dit ook vir 'n leek toeganklik is. Hibriede vorme van arbitrasie en versoening word in hoofstuk sewe ontleed, en dispuutbeslegting in die gemeenskap en met betrekking tot omgewingsaangeleenthede onderskeidelik in hoofstukke agt en nege. Ten aansien van laasgenoemde aangeleentheid merk die betrokke skrywer tereg op dat alternatiewe dispuutbeslegtingsmeganismes in 'n toenemende mate hier aangewend sal word. Die rede hiervoor is die feit dat die beskerming van die omgewing en 'n land se hulpbronne al hoe belangriker word. Dispuutbeslegting in kommersiële aangeleenthede word in hoofstuk tien bespreek en die betrokke skrywers staan tereg groter gebruikmaking van hierdie tegnieke in die kommersiële veld voor. Die konstruksiebedryf is eiesoortig en gespesialiseerde kennis word vereis alvorens hierdie terrein betree word – die aard van dispute en die verhouding tussen partye is kompleks. Hierdie feite het bygedra tot die besondere aard van dispuutbeslegting in hierdie bedryf. In hoofstuk elf kom dié onderwerp aan die beurt en sal ongetwyfeld van belang wees vir diegene wat op een of ander wyse in vermelde bedryf betrokke is.

Hierdie werk is 'n welkome toevoeging tot die literatuur oor alternatiewe dispuutbeslegting. Nie alleen is die bydraes interessant en leersaam nie maar die inhoud word op die punt af en in 'n maklik leesbare taal aangebied. Die volgorde van die bydraes is sinvol en die redakteur kan gelukgewens word met 'n uiters geslaagde bundel. Die kort inleidende gedeelte deur die redakteur wat die inhoud van elke hoofstuk voorafgaan, plaas die hoofstuk op baie innoverende wyse vir die leser in konteks en dra daartoe by dat die werk vir 'n wye leserskring toeganklik is. Daar kan saamgestem word met die mening in die voorwoord dat die werk verpligte leesstof behoort te wees vir besigheids- en professionele persone. Die boek word sonder voorbehoud aanbeveel by enigeen wat in alternatiewe dispuutbeslegting belangstel.

ESTELLE HURTER
Universiteit van Suid-Afrika

UNDERSTANDING CHEQUE LAW
by ROBERT SHARROCK and MICHAEL KIDD
Juta Cape Town Wetton Johannesburg; xli and 227 pp
Price R89,80 (soft cover)

The law relating to bills of exchange is one of the great levellers. Faced with an assortment of strange concepts and a sometimes very idiosyncratic logic, law students are reduced to parrots, and practitioners frantically initiate and (with relief) conclude a search for the standard form of summons someone (we forget who) in the firm drew up a long time ago. To date, this branch of law has been well served by a number of heavyweight publications reflecting its low level of tolerance of the casual acquaintance. The need for an accessible text to provide a sound basis, however, is ever-present.

With this in mind, the book currently under discussion promises a good deal. Aimed primarily, according to the preface, at the student and the practitioner, its purpose is to provide a "systematic and progressive understanding" of cheque law which, in the end, will fuse into a "broad overall perspective". The prospective user is furthermore informed that it is not meant to be an "encyclopaedic treatise", as the text of a mere 170 pages serves to confirm.

There is little doubt that the authors succeed in achieving the goals mentioned above. In providing a progressive understanding of cheque law, they focus on the fundamental issues concerning this branch of the law. After discussing the practical importance of cheques and the structure of regulation of cheque law in part 1, the authors proceed to the definition of, necessary parties to, and elements of a cheque (part 2: ch 3–4). This, in turn, is followed by a discussion of: payment by cheque (part 3: ch 5–7), negotiating a cheque (part 4: ch 8–9), liability on a cheque (part 5: ch 10–15) and unauthorised payment (part 6: ch 16). The text is supported by four appendices: the text of the Bills of Exchange Act, which includes cross references to page numbers where a specific section is discussed; the text of Rule 8 of the Supreme Court Rules regarding provisional sentence; provisional sentence summons; and a brief appendix dealing with conflict of laws. As such, the book covers all the important topics necessary for a sound basis in this branch of the law.

No doubt hard choices had to be made when the authors opted for this approach – one apparently being the treatment of provisional sentence in a mere six pages of text (bearing in mind that the book is expressly stated to be aimed at the practitioner). What is important, however, is that this does not detract from the basic goal of the book (to promote understanding) and what little surprises there might be in the form of a seemingly incomplete text, are addressed through references to authority and thus become negligible in the hands of an experienced lecturer or a practitioner prepared to make use of those references. Some purists may also feel that the book is deficient in that it concentrates only on cheques. This is a non-argument given practical reality and a basic commitment to augmentation through effort on the part of the user.

The authors have to be commended on the clear style of writing and the consistent use of practical examples in the form of cheque reproductions which substantially contribute to the attainment of the book's basic aim. The approach chosen does make for a lot of cross referencing, but this is done consistently and accurately. Mistakes are few and far between – see, for example, the reference to the discussion of the aval at 6 which should be to 124 and other minor slips (see eg the reference to the first article by De Beer xiv, the second case note by De Beer xv and also 66 fn 42).

In summary, it is a pleasure to report that in a world characterised by sometimes over-zealous authors and publishers, this book has a clear goal which is attained. In a difficult branch of the law this book does and can do much to promote understanding and, as such,

to provide a sound basis for the student and the practitioner. And those who feel that this publication is decidedly lightweight should perhaps remember that "making sure everything is there" is, on its own, hardly a legitimate goal of academic writing and, especially in case of cheque law, very often signifies the demise of comprehension on the part of the reader.

CHRISTOPH GARBERS
University of South Africa

INTERLOCUTORY INTERDICTS

deur CB PREST

Juta Kaapstad Wetton Johannesburg 1993; 236 bl

Prys R155,85 (BTW en hanteringsgelde ingesluit) (sagteband)

Van meet af aan kan gesê word dat hierdie werk 'n uiters bruikbare en welkome toevoeging tot die boekery van enige juris – ook praktisyns – sal wees nieteenstaande die diepgaande akademiese inhoud daarvan.

Die werk is die gepubliseerde weergawe van die skrywer se doktorale proefskrif. Ondanks die indruk wat die titel skep, word die onderwerp egter nie omvattend behandel nie, maar val die fokus slegs op die vereistes vir die toestaan van interlokutoriese interdikte in die Suid-Afrikaanse reg. (Die skrywer stel egter 'n omvattender werk in die vooruitsig.) Vir doeleindes hiervan word nie alleen 'n regshistoriese ondersoek na die vereistes in die Romeinse en Romeins-Hollandse reg gedoen nie, maar ook 'n regsvergelykende ondersoek na die Engelse reg. Laasgenoemde is veral van belang weens die groeiende belangstelling plaaslik in prosedures soos veral die "Mareva injunction" en "Anton Piller"-bevele. Die skrywer behandel hierdie vorme van die interdik in besonderhede en sluit ook 'n waardevolle prosessuele bespreking vir die uiteindelike verkryging van die bevel in. Wat veral in hierdie verband opval, is die feit dat geen kennis aangaande die Engelse reg by die leser veronderstel word nie; die werk is dus weens hierdie rede des te meer toeganklik. In sy gevolgtrekking na die ontleding van die "Mareva injunction" spreek die skrywer die mening uit dat aangesien die remedies in die Engelse en die Suid-Afrikaanse stelsels in baie opsigte ooreenstem, daar geen rede bestaan waarom die Engelse gesag oor die onderwerp nie oorredende waarde in Suid-Afrika kan hê nie. 'n Mens vind hierdie opmerking vreemd onder andere weens die feit dat die historiese basis in elke geval totaal van mekaar verskil. Dit is ongetwyfeld so dat regsontwikkeling op die terrein van beide hierdie remedies in Suid-Afrika sal plaasvind. Die hoop word egter uitgespreek dat voldoende aandag in so 'n geval gegee sal word aan 'n suiwer ontleding van die regshistoriese basis van 'n bepaalde remedie; voorts moet in gedagte gehou word dat die Romeins-Hollandse reg soepel en vatbaar vir ontwikkeling is. Onnadenkende oorname van remedies uit 'n vreemde regstelsel strek ons eie stelsel nie noodwendig tot voordeel nie.

In die finale hoofstuk maak die skrywer 'n sestal aanbevelings en lê veral klem daarop dat remedies soepel moet wees ten einde te verseker dat litigante regshulp bekom. Die skrywer maak ook 'n sterk saak uit vir die herevaluering van die huidige vereistes vir die toestaan van interlokutoriese interdikte sodat die howe groter vryheid kan hê om die oorwig van gerief te oorweeg in plaas daarvan dat tyd bestee word aan die vraag of 'n *prima facie* reg bestaan of nie.

'n Nuttige kenmerk van die werk is dat daar 'n volledige inhoudsopgawe aan die begin van elke hoofstuk voorkom sodat die inhoud daarvan met een oogopslag waargeneem kan word. Die naspoor van 'n bepaalde aspek word ook hierdeur vergemaklik.

Ten slotte kan opgemerk word dat die tegniese versorging van die werk keurig en die stofomslag smaakvol is. Ten spyte van wat ten aanvang van hierdie bespreking gesê is oor die akademiese inhoud van die werk, word dit tog vir praktisyns aanbeveel aangesien daar veel uit geleer kan word en dit veral nuttig kan wees ter voorbereiding van betoog en advies.

ESTELLE HURTER
Universiteit van Suid-Afrika

PUBLIKASIEFONDS HUGO DE GROOT

Uit hierdie fonds word finansiële hulp vir die publikasie van regsproefskrifte en ander verdienstelike manuskripte verleen.
Aansoeke om sodanige hulp moet gerig word aan:

Prof DJ Joubert
Sameroeper Publikasiefondskomitee
Vereniging Hugo de Groot
Posbus1263
PRETORIA
0001

The principle of equality in the law of contract*

L Hawthorne
BA LLD
Professor of Private Law, University of South Africa

OPSOMMING

Die beginsel van gelykheid in die kontraktereg

Die fundamentele regte waarvoor die tussentydse Grondwet voorsiening maak, sal op alle gebiede van die reg belangrike gevolge inhou. By die kontraktereg lê die grootste moontlikheid van ontwikkeling in die uitwerking wat die reg op gelykheid op die klassieke kontraktereg kan uitoefen. Die kontraktereg beheer ope mark-ooreenkomste en gevolglik bepaal dit in 'n groot mate die orde van rykdom en mag. Die reg op substantiewe gelykheid bied die uitdaging om die verdelende skema wat deur die kontraktereg geskep is, te evalueer en om die herverdeling van rykdom aan te spreek. Substantiewe gelykheid beteken nie dat die verkryging van mag, rykdom en kennis deur die reg verbied word nie, maar eis dat hierdie middele uitgeoefen word sonder uitbuiting van die swakkere party. Die reg op gelykheid maak voorsiening vir die erkenning van die leerstuk van ongelykheid in die kontraktereg. Die reg op gelykheid sal verder ook die inhoud van soepele norme soos die goeie trou en die openbare belang bepaal en sodoende die onderliggende klassieke teorie van die Suid-Afrikaanse kontraktereg hervorm.

1 INTRODUCTION

One of the cornerstones of South Africa's transitional Constitution is the principle of equality.[1] The fact that this principle has been made part of positive law and its application by the legislature, by the executive and by the judiciary, will have a significant effect on the development of the law of contract. In this regard it should be mentioned that by regulating market transactions the law of contract constitutes the market order and will therefore largely determine the order of wealth and power.[2] To provide relief from hardship and poverty, legislative intervention[3] in the law of contract has become a common occurrence and the right to equality presents two challenges: the evaluation of the distributive scheme created by the law of contract, and the opportunity to examine the

---

* Inaugural lecture delivered on 1994-08-30 at the University of South Africa, Pretoria.

1 S 8 of the Constitution of the Republic of South Africa Act 200 of 1993.

2 Collins *The law of contract* (1993) 3 ff; Smith and Weisstub *The Western idea of law* (1983) 618 ff.

3 Baxter *Administrative law* (1984) 7; Smith and Weisstub 618.

redistribution of wealth.[4] It is therefore necessary to look briefly at the principle of equality before discussing its effect on the law of contract.

2 THE CONCEPT OF EQUALITY

During the eighteenth century the enlightenment ideals of liberty, equality and fraternity were formulated by critical philosophers who based their theories on the concept of natural law.[5] After the American and French Revolutions, these ideals were positivised in most Western legal systems with the aim of legitimising the emancipation of the bourgeoisie. Now, two centuries later, South Africa is embarking on this road in its acceptance of fundamental rights which recognise the principle of equality.

3 WHAT DOES EQUALITY MEAN?

The content of the principle of equality is not circumscribed. Consequently, there are varying interpretations.[6] One extreme interpretation is that circumstances and people are never completely identical: there will always be differences. Since all people are different, they must be treated differently. Without subscribing to this view, we must bear in mind that reality is complex and multifaceted, that practically nothing is absolutely identical to anything else. This makes it difficult to explain why two cases are equal. Furthermore, reality can be interpreted and categorised from different viewpoints and tolerance for varying world views does not facilitate the decision in regard to the question whether two cases are equal.[7] Nevertheless, not every interpretation will be acceptable and the interpretation of the principle of equality revolves around the question of deciding characteristics or qualities: those in respect of which people and cases are equal or those in respect of which they differ. Consequently claims to equality or inequality must be tested against two requirements: First, the quality or characteristic may not be illusory; and secondly, the quality or characteristic must be relevant.[8] Whenever differentiation does not measure up to these criteria, there is discrimination. Discrimination may therefore be defined as differentiation *vis-à-vis* a specific group on the basis of illusory or irrelevant criteria. The right to equality is, therefore, primarily interpreted negatively, that is, it constitutes the prohibition of discrimination.

During the eighteenth and nineteenth centuries liberal interpretation emphasised equal opportunities of development for each individual, namely, equality in regard to the starting position in the struggle to live. However, during the nineteenth century, socialism opposed the unequal results of liberal equality. Socialism emphasised solidarity rather than competition between individuals, and

---

4 Gabel and Feinman "Contract law as ideology" in Kairys (ed) *The politics of law: a progressive critique* (referred to as *Politics*) (1982) 176.

5 Maris "Inleiding: recht tussen macht en emancipatie" in Maris (ed) *Gelykheid en recht* (referred to as *Gelijkheid*) (1988) 18.

6 McKean *Equality and discrimination under international law* (1983) 2.

7 Maris "Gelykheid en recht filosofisch beschouwd" in *Gelijkheid* 52–54.

8 *Idem* 54–59.

propagated and realised social rights which the state has to recognise, regardless of whether this state intervention infringes on the freedom of the individual.[9] Thus, in the last quarter of the nineteenth century, the state began to play an increasingly active role in the emancipation of the socially disadvantaged.

An extreme interpretation which demands absolute equality, that is, the absolutely identical treatment of every individual, finds little support because most adherents to the ideal of equality take into account that factual differences between people necessitate different handling. Consequently, the interpretation of equality contained in the Universal Declaration of Human Rights does not aim at the elimination of all social inequality, but aims at equality on a fundamental level to provide an equivalent life for all.[10] This interpretation allows for differentiation among people, but rejects differentiation which leads to inequality in regard to human dignity.

Nevertheless, protagonists of equality do not always agree about the criteria for differentiation. The liberal point of view is that different treatment is justified in so far as people achieve differently, while socialists demand different treatment for people with different needs.[11]

These different interpretations of equality are supported by the fact that the French Revolution elevated freedom, equality and fraternity to the status of the moral principles underlying the legal order. Although these ideals overlap to a certain extent (there must be equal freedom), they also contain an inherent potential for conflict. This necessitates an evaluation of these principles. Freedom combined with equality results in the liberal equality[12] of equal opportunity, which accepts the dominance of freedom. Equality in combination with fraternity is the socialist equality, which allows fewer limitations of equality by individual freedoms.[13]

The Western legal order absorbed the principle of equality in various ways. During the first half of the nineteenth century, equality was understood to mean equality before the law, namely formal or juridical equality.[14] However, during the last quarter of the nineteenth century, the law began to take cognisance of the social realities and to correct factual social inequalities. These corrections have mainly a procedural character and the term procedural equality is appropriate.[15] During the last decennium, the vision of material or substantive equality necessary to realise fundamental human equality in society has gained momentum. Formal equality guarantees equal treatment under the law but entrenches existing

---

9 *Idem* 45–47; Baxter 6; Smith and Weisstub 618; cf also Dalton "An essay in the deconstruction of contract doctrine" 1985 *Yale LJ* 1010.

140 Cf the decisions regarding reported cases of suretyship contracts since *Sasfin (Pty) Ltd v Beukes* 1989 1 SA 1 (A), eg *Standard Bank of South Africa v Wilkinson supra*, *Standard*

continued on next page

ensure equality in this field, as the courts only touch upon the fringe of the chasm that exists between formal equality and the actual inequality caused by socio-economic differences.

7 8 Doctrine of inequality

It is submitted that the right to equality coerces the law of contract to develop a doctrine of inequality. As has been suggested, the mechanisms to guarantee contractual equality are available, and are part of South African contract law. However, as there is a reticence to apply these mechanisms, another rather more drastic solution can be proposed: to introduce into contract law the right to equality by way of the doctrine of inequality.

As stated earlier, equality and its concomitant inequality are relative concepts. It is, however, possible to evaluate the comparative positions of the parties and the comparative degree of control enjoyed by the parties during the conclusion of their contract. This doctrine of inequality forces the courts to examine the fairness of the market relations and the fairness of the practices therein,[141] instead of assuming a satisfactory level of resources for each party and fairness of market relations. The crucial question becomes the unfairness of the market and evidence of this is provided by the terms of the contract.[142] Too literal an interpretation of this doctrine could lead to the invalidation of all contracts in which one of the parties has vast financial or other resources. But this would be a misconstruction.[143] Inequality of resources can be counterbalanced by competition or information.

In England the principle of inequality of bargaining power was proposed by Lord Denning in *Lloyds Bank Ltd v Bundy*[144] in which he formulated a general proposition that a contractant who enters into a very unfair contract and whose bargaining power is grievously impaired by reason of his own needs or desires, may rescind the contract if undue influence or pressures have been brought to bear on him.[145] The effect of Lord Denning's judgment was that it accepted the principle of inequality of bargaining power as a test to ascribe responsibility.[146]

It follows, therefore, that by forcing the courts to examine the fairness of the market, elements such as poverty, illiteracy, homelessness and ignorance, will be brought into the law of contract and the courts will be able to challenge the distribution of wealth achieved by an unfettered market. The existing reluctance to intervene will fall away and the courts will be forced to make a moral decision about the desirability of enforcing contracts and a concern to ensure fair market conditions.

Bank Financial Nominees (Pty) Ltd v Bamberger supra 84 and *Pangbourne Properties Ltd v Nitor Construction (Pty) Ltd supra* 206.

141 Collins 66; Dalton 1985 *Yale LJ* 1036 ff; Feinman "Critical approaches" 857 ff.

142 Collins 67; Gabel and Feinman *Politics* 183; cf Dalton 1985 *Yale LJ* 1031 ff 1036 ff; Feinman "Critical approaches" 857 ff.

143 Collins 68.

144 1975 QB 326 3 All ER 757.

145 Van der Merwe *et al Contract* 96.

146 Collins 68 ff; Atiyah *Essays on contract* (1986) 343 ff; Smith *The law of contract* (1993) 242 ff; *contra Anson's Law of contract* 26ed (ed Guest) 249.

8 CONCLUSION

Classical law regarded the market sphere as composed of egotistic individuals, each maximising his or her self-interest at the expense of others. Modern law rejects this classical ideal both as an interpretation of business practice and as a normative ideal. The right to equality aspires to an egalitarian society and therefore demands that the legal rules governing the market control the contractual allocation of power between the parties. The law of contract regulates transactions in the market and thus also the distribution of wealth. The right to equality insists that the law take the distributive consequences into consideration. Freedom of contract is based on the assumption that contracting parties possess equal resources. However, the inequality of resources necessitates the law examining the actual resources of contracting parties. The principle of equality does not mean that the law prohibits the acquisition of power, wealth and knowledge, but requires that these resources be utilised in a manner which protects weaker classes. The principle of equality as contained in the Constitution provides for the inclusion of the doctrine of inequality into the law of contract. It is by these means, together with an ongoing introduction of legislation, that the South African law of contract can achieve the transition from the classical to the modern. However, the judiciary generally believes that postulates such as equality, freedom and other political values, need to be made a legal reality by the legislature rather than by the courts. Whether the right to equality, which is entrenched in the Constitution and accessible to judicial interpretation, will lead to a judicial revolution in the law of contract remains to be seen.

The modern vision of contracts provides a new definition of the terms on which market transactions are to be conducted. Modern law permits the acquisition of bargaining resources, but requires skills to be exercised with care, and information to be shared to prevent the creation of unjust domination.

PUBLIKASIEFONDS HUGO DE GROOT

Uit hierdie fonds word finansiële hulp vir die publikasie van regsproefskrifte en ander verdienstelike manuskripte verleen.
Aansoeke om sodanige hulp moet gerig word aan:

Prof DJ Joubert
Sameroeper Publikasiefondskomitee
Vereniging Hugo de Groot
Posbus 1263
PRETORIA
0001

Die begunstigdeklousule in die versekeringsreg: regsoorwegings en -gevolge

H Henckert
BA LLM
Regsadviseur, Regsdiens: Individuele Versekering, Sanlam

SUMMARY

The beneficiary clause in insurance law: legal considerations and consequences

A life assurance policy is an important asset in any estate. One of the ways in which the policyholder can dispose of his policy proceeds, is by the insertion of a beneficiary clause in the life assurance contract. A beneficiary clause caters for those cases where the policyholder wants his policy benefits to devolve to a third party after his death. Beneficiary clauses are extremely popular in life assurance contracts. Their widespread use can be attributed to a variety of factors, most notable of which is that the policy proceeds are immediately made available to the beneficiary. The beneficiary clause is, in essence, a mechanism that affords speed, convenience and cost-effectiveness to all the parties concerned.

Despite this popularity, there are still uncertainties regarding various aspects of the beneficiary clause. These uncertainties, such as the rights of the various parties in a given situation (insolvency, marriage, etcetera), originate from the *stipulatio alteri*, which is the legal construction underlying the beneficiary clause.

These uncertainties result in practical problems. It is furthermore evident that, in addition to these practical problems, certain aspects of the law regarding beneficiary clauses are in dire need of legislative or judicial attention. The article provides a legal and practical exposition of the beneficiary clause, focusing on the problems that arise in certain circumstances, as well as the proposed solutions to these problems.

To understand the beneficiary clause, one needs first to distinguish the *stipulatio alteri* from other legal concepts such as cession, agency and the *adiectus solutionis causa*. The nature of the *stipulatio alteri* is also investigated. This is essential if one considers the two forms that the beneficiary clause may take, that is, it may be revocable or irrevocable. A concomitant factor in this regard is the legal position of the beneficiary in each of the above-mentioned cases. This is linked to the rights of the parties upon their insolvency, as well as the legal position of the beneficiary clause in a marriage in community of property. In the latter case the Insurance Act and the Matrimonial Property Act are not on par, and need to be addressed by the legislator. A further aspect that warrants inspection is the revocation of the beneficiary clause by the policyholder in his will. As the legal position in this regard is dualistic, it leads to legal uncertainty for the parties concerned, especially for the insurer. The tax consequences of the beneficiary clause are also scrutinised.

1 INLEIDING

Die begunstigdeklousule by 'n lewenspoliskontrak is 'n algemene en gewilde verskynsel in die Suid-Afrikaanse lewensversekeringsreg. Die begunstigdeklousule verskaf 'n meganisme waardeur die polishouer kan bewerkstellig dat

die polisvoordele ná sy dood so spoedig moontlik aan 'n betrokke persoon, die begunstigde, betaal word.

Dié praktiese gewildheid is toe te skryf aan 'n aantal faktore. Een van die faktore is dat die sterftevoordeel onmiddellik aan die begunstigde beskikbaar gestel word. Laasgenoemde hoef dus nie te wag tot na die afhandeling van die bestorwe boedel voordat hy die betrokke sterftevoordeel verkry nie. 'n Verdere voordeel van die begunstigdeklousule is dat die sterftevoordeel nie deel uitmaak van die bestorwe boedel vir doeleindes van die berekening van eksekuteursvergoeding nie. Die gewildheid van die begunstigdeklousule is dus primêr geleë in die relatiewe gerief wat dit vir alle partye meebring.

Die begunstigdeklousule is 'n verskyningsvorm van die beding ten behoewe van 'n derde – die *stipulatio alteri*. Die beding ten behoewe van 'n derde is 'n regsfiguur van die kontraktereg wat ook wyer aanwending vind.[1] So word die beding byvoorbeeld met vrug in die versekeringsreg,[2] die maatskappyereg[3] en die trustreg[4] aangewend.

'n Beding ten behoewe van 'n derde vind in versekeringsverband plaas waar twee partye, die *stipulans* (die polishouer) en die *promittens* (die versekeraar), 'n kontrak sluit ingevolge waarvan die *promittens* onderneem om teenoor 'n derde te presteer indien die derde (die begunstigde) die bevoegdheid uitoefen om, deur die *promittens* in kennis te stel, 'n kontrak tussen homself en die versekeraar te sluit.[5] 'n Omvattende omskrywing van die beding lui soos volg:

> "A contract in favour of a third person is a contract in terms of which one party, the promittens, agrees with another party, the stipulans, that he will perform something for the benefit of a third person . . . The appellate division has stated that a contract for the benefit of a third person is not simply a contract to benefit a third person, but is a contract between two persons which is designed to enable a third person to step in as a party to a contract with one of those two."[6]

In versekeringsverband gebeur dit dus dat die polishouer[7] en die versekeraar ooreenkom dat die sterftevoordele ingevolge die polis by die dood van die polishouer aan die begunstigde aangebied moet word.[8]

---

1 Lubbe en Murray *Farlam and Hathaway. Contract – cases, materials and commentary* (1988) 408–409; Christie *The law of contract in South Africa* (1991) 313–314.

2 By die begunstigdeklousule: *Borman & De Vos v Potgietersrusse Tabakkorporasie* 1976 3 SA 488 (A) 506F–507A: Davis *Gordon & Getz: The South African law of insurance* (1993) 277 329.

3 Waar 'n promotor optree namens 'n te stigte maatskappy: *Nine Hundred Umgeni Road (Pty) Ltd v Bali* 1986 1 SA 1 (A) 4J; Oosthuizen "Die aanspreeklikheid van die maatskappypromotor by voorinlywingskontrakte" 1986 *TSAR* 360.

4 Die beding is onderliggend aan 'n trust *inter vivos*: *Crookes NO v Watson* 1956 1 SA 277 (A); *CIR v Crewe* 1943 AD 656.

5 *Joel Melamed & Hurwitz v Cleveland Estates (Pty) Ltd; Joel Melamed and Hurwitz v Vorner Investments (Pty) Ltd* 1984 3 SA 155 (A) 172A.

6 Reinecke en Van der Merwe *General principles of insurance* (1989) 243. Sien die omskrywing in die *Crookes*-saak *supra* 291B–C en die *Joel Melamed*-saak *supra* 172B–D wat byna *verbatim* dieselfde is.

7 Vir doeleindes van dié bespreking is die polishouer ook die versekerde lewe.

8 Sekere versekeraars laat wel toe dat die hele poliskontrak, en nie net die sterftevoordele nie, begunstig kan word. Dit is die geval waar die polishouer en die versekerde lewe van

vervolg op volgende bladsy

Die beding ten behoewe van 'n derde is egter 'n omstrede figuur in die Suid-Afrikaanse reg, aangesien die aard, werking en gevolge daarvan in sekere gevalle onduidelik en onseker is. Die onderlinge meningsverskil tussen die howe en die skrywers oor hierdie aspekte is 'n direkte uitvloeisel van dié onsekerheid.[9] Dit is gevolglik net logies dat die onduidelikhede na die begunstigdeklousule sal deurwerk en tot praktiese probleme in die versekeringsbedryf sal lei.[10] Die gevolg hiervan is dat daar, ten spyte van die gewildheid van die begunstigdeklousule, steeds sekere aspekte is wat onseker is, soos die regte van die onderskeie partye in 'n aantal gevalle, byvoorbeeld by insolvensie van die polishouer, 'n huwelik binne gemeenskap van goed, asook die testamentêre bevoegdheid van die polishouer met betrekking tot daardie polis.

Ten einde regsekerheid te bereik – van kardinale belang in die versekeringsbedryf – moet daar sekerheid wees oor veral die regsaard en werking van die begunstigdeklousule, asook die onderskeie partye se regte en pligte in sekere omstandighede. Daar sal egter ook gesien word dat daar verskeie probleme ontstaan het betreffende bogenoemde aspekte. Die doel van dié artikel is dus tweeledig: eerstens word daar gepoog om 'n uiteensetting te gee van die regs- en praktiese implikasies van die begunstigdeklousule, en tweedens word gepoog om, waar toepaslik, voorstelle te maak ten einde sekere probleme aan te spreek.

2 DIE BEGUNSTIGDEKLOUSULE EN ANDER REGSFIGURE

Die beding ten behoewe van 'n derde is 'n kontrak tussen twee persone wat beoog om 'n derde te betrek by hulle verbintenis met die gedagte dat die derde 'n kontrak met een van hulle sluit.[11] In dié opsig is die bedoeling van die partye deurslaggewend: die derde moet 'n kontraksparty word en nie bloot 'n ekonomiese of 'n ander voordeel uit die kontrak tussen die *stipulans* en die *promittens* verkry nie.[12] In die regspraak is 'n beding ten behoewe van 'n derde al onderskei van daardie gevalle waar 'n derde bloot 'n voordeel uit die kontrak verkry:

---

mekaar verskil, en die polishouer te sterwe kom terwyl die versekerde lewe nog nie oorlede is nie. In so 'n geval word al die regte ingevolge die polis aangebied, by aanvaarding waarvan die begunstigde dan eienaar van die polis word. Dié geval word egter nie in die onderhawige bespreking behandel nie. Sien *supra* vn 7.

9 Sien bv Van Jaarsveld (red) *Suid-Afrikaanse handelsreg* vol 1 (1988) 115; Reinecke en Van der Merwe 242–243; Malan "Gedagtes oor die beding ten behoewe van 'n derde" 1976 *De Jure* 85.

10 Veronderstel die polishouer en die begunstigde kom tesame in 'n ongeluk te sterwe. In so 'n geval ontstaan die vraag aan wie die versekeraar moet betaal: die boedel van die polishouer of dié van die begunstigde? Veronderstel byvoorbeeld die polishouer vul die begunstigdeklousule ten gunste van X in, maar benoem Y as erfgenaam van die polisvoordele in sy testament. Aan wie moet die versekeraar uitbetaal: X of Y?

11 Sien in dié opsig die toonaangewende *Crookes*-saak *supra* 291B–F.

12 Otto "Oorsig van regspraak" 1987 *De Rebus* 78; *Goldfoot v Myerson* 1926 TPD 242 247; *Commercial & Industrial Holdings (Pty) Ltd v Braamfontein Industrial Sites (Pty) Ltd* 1969 1 SA 479 (T) 493E–H; *Joel Melamed*-saak supra 172E–F.

> "The mere fact that a third party may gain an advantage from an agreement does not necessarily point to the existence of a stipulation in his favour because there is a material difference between the case where the parties to an agreement intend that an obligation be created in favour of a third person and to that where the parties agree, purely for their own convenience, that one of them will render performance to a third party, without the intention to create a claim for the third party."[13]

'n Beding ten behoewe van 'n derde moet ook van 'n drieledige ooreenkoms, dit wil sê waar drie partye *ab initio* kontrakteer, onderskei word.[14] By die beding word die derde 'n party tot 'n selfstandige kontrak tussen homself en die *promittens*, terwyl die derde by 'n drieledige ooreenkoms van aanvang af 'n kontraksparty is. Daar is by laasgenoemde ooreenkoms eintlik nie sprake van 'n derde nie aangesien daar drie kontrakspartye is.[15]

Die kontrak ten behoewe van 'n derde persoon moet verder onderskei word van verteenwoordiging,[16] die regsfiguur waardeur een persoon, die agent, 'n regshandeling verrig namens of vir 'n ander, die prinsipaal.[17] Die *stipulans*, anders as die agent, het geen mandaat van die prinsipaal nie.[18] In die geval van verteenwoordiging kom 'n kontrak tussen die prinsipaal en die derde onmiddellik tot stand. In teenstelling hiermee kom 'n kontrak tussen die *promittens* en die derde tot stand eers wanneer die derde die aanbod aanvaar. Verder, die *stipulans* sluit nie die kontrak in die naam van die derde nie, soos die geval is by verteenwoordiging waar die agent die kontrak in die naam van die prinsipaal sluit.

'n Verdere regsfiguur wat van 'n beding ten behoewe van 'n derde onderskei moet word, is die *adiectus solutionis causa*.[19] Twee partye (byvoorbeeld A en B) kom ooreen dat A aan 'n derde kan betaal en sodoende aan sy verpligting teenoor B voldoen. Die tegniese benaming vir dié derde is 'n *adiectus solutionis causa*. Indien A aan die *adiectus* betaal, voldoen hy aan sy verpligting teenoor B.[20] Die derde is nie 'n agent nie aangesien hy geen regte het om ingevolge die kontrak (tussen A en B) te eis nie: sy regte is beperk tot ontvangs van die betaling.[21] By die beding word die derde deur aanname van die aanbod 'n party tot 'n selfstandige kontrak tussen homself en die *promittens*.

Die beding moet laastens van sessie onderskei word. Alhoewel die doel van die twee regsfigure dieselfde is, te wete die polishouer wil die polisvoordele aan 'n derde laat toekom, verskil hulle tog van mekaar. By 'n sessie gaan

---

13 *Barnett v Abe Swersky & Associates* 1986 4 SA 407 (K) 411F–H.
14 Sien bv *Consolidated Frame Cotton Corp Ltd v Sithole* 1985 2 SA 18 (N) 23I–J.
15 *Idem* 23I–24A.
16 Van Jaarsveld 114–115; Christie 314–316.
17 Joubert *Die Suid-Afrikaanse verteenwoordigingsreg* (1979) 1.
18 Van Jaarsveld 115.
19 Sien Joubert "*Solutionis causa adjectus*" 1979 *THRHR* 1.
20 Lubbe en Murray 706–709.
21 Christie 320; *Malelane Suikerkorporasie (Edms) Bpk v Streak* 1970 4 SA 478 (T) 482B–H. In teenstelling hiermee verkry die derde by die beding wel die reg om ingevolge die beding te eis en daardie regte in 'n geregshof af te dwing: sien bv *Young v Liberty Life Association* 1991 2 SA 246 (W); sien ook Lubbe en Murray 706; *Palmer v President Insurance Co Ltd* 1967 1 SA 673 (O).

eiendomsreg onmiddellik op die sessionaris oor sodat die sedent tydens sy lewe geensins handelingsbevoegdheid ten opsigte van die polis het nie. By die begunstiging word die reg om die sterftevoordele te eis gewoonlik aan die begunstigde oorgedra, maar dan slegs by dood en dit kan te eniger tyd deur die polishouer herroep word. Die polishouer behou dus sy handelingsbevoegdheid ten opsigte van die polis aangesien die polis sy eiendom bly.[22]

Die toets om 'n beding ten behoewe van 'n derde van ander regsfigure te onderskei, word soos volg deur die howe omskryf:

> "The test whether a contract is made for the benefit of a third party is whether that party, by adopting the contract can become a party to it."[23]

Die vraag of die derde die aanbod aanvaar het, is 'n feitevraag wat aan die hand van die reëls van aanbod en aanname beslis moet word.[24] By kontrakte moet ook telkens die bedoeling van die partye oorweeg word om seker te maak dat hulle inderdaad 'n beding ten behoewe van 'n derde wou sluit.[25]

'n Vraag wat soms gevra word, is of 'n begunstigdeklousule nie 'n *pactum successorium* is nie, en derhalwe ongeldig. 'n *Pactum successorium* is 'n ooreenkoms waarin die partye die vererwing van die nalatenskap (of van 'n deel daarvan, of van 'n bepaalde saak wat deel daarvan uitmaak) van een of meer van hulle na die dood van die betrokke party of partye reël.[26] 'n *Pactum successorium* is dus basies 'n ooreenkoms wat die effek het of sal hê dat 'n persoon sy testeervryheid inboet. Die howe stel twee toetse om te bepaal of 'n beding of klousule so 'n *pactum* daarstel: die vestigingstoets en die testeervryheidstoets.[27] Aangesien die begunstigdeklousule prakties altyd herroeplik is tydens die lewe van die polishouer, sal die begunstigdeklousule nie 'n *pactum successorium* daarstel nie.[28] Probleme kan egter by onherroeplike begunstigdeklousules ontstaan. Vir doeleindes van die onderhawige bespreking word egter aanvaar dat 'n onherroeplike begunstiging geen *pactum successorium* daarstel nie.

---

22 By sessie sal die sedent dus bv nie meer die dekking op die polis of die premie kan verhoog nie. By die begunstigdeklousule kan die polishouer, ten spyte van die begunstiging, steeds bogenoemde bevoegdhede uitoefen.

23 *Jankelow v Binder, Gering & Co* 1927 TPD 364 370; *Goldfoot*-saak *supra* 247.

24 Lubbe en Murray 408; *Buttar v Ault* 1950 4 SA 229 (T) 238E.

25 *George Ruggier & Co v Brook* 1966 1 SA 17 (N) 23H. Die bedoeling van die partye is deurslaggewend om te bepaal of daar inderdaad 'n beding ten behoewe van 'n derde is: *Protea Holdings Ltd v Herzberg* 1982 4 SA 773 (K) 779G–H.

26 *Borman*-saak *supra* 501A–B; *Jubelius v Griesel* 1988 2 SA 610 (A) 622A–C; Hutchison "Isolating the *pactum successorium*" 1983 *SALJ* 221.

27 Radesich en Roos "The effect of a resolutive condition on the formation of a *pactum successorium*" 1988 *TSAR* 572; *Jubelius*-saak *supra* 623.

28 Die grondslag van 'n *pactum successorium* is die feit dat die persoon wat mbt sy eie opvolging kontrakteer, homself tot daardie kontrak yerbind. Hy sal nie vir homself die eensydige reg voorbehou om die begunstiging te herroep nie: sien *Ex parte Calderwood: In re Estate Wixley* 1981 3 SA 727 (Z) 735G.

3 AARD VAN BEDING

'n Belangrike kenmerk van die begunstigdeklousule is dat dit een van twee verskyningsvorme kan aanneem. 'n Begunstigdeklousule kan naamlik herroeplik of onherroeplik wees. Dié verskil is belangrik aangesien die spesifieke verskyningsvorm sekere gevolge meebring wat belangrike implikasies vir die partye en hulle regte het. Die onderlinge regsverhouding tussen die partye verskil ook na gelang van die spesifieke verskyningsvorm. Daar moet egter in die opsig pertinent genoem word dat die onherroeplike begunstiging tans, sover vasgestel kan word, deur geen lewensversekeraar gebruik word nie. Die bespreking oor die onherroeplike begunstigdeklousule is dus hoogstens teoreties van aard.

By 'n herroeplike begunstigdeklousule mag die polishouer die klousule te eniger tyd herroep of wysig.[29] In die praktyk sal dit van die bewoording van die klousule afhang of die begunstigde inderdaad enigiets voor die polishouer se dood kan aanvaar. In die meeste gevalle word aanvaarding voor dood van die polishouer deur 'n sogenaamde "geen regte"-klousule uitgesluit. Die klousule is so bewoord dat dit duidelik gestel word dat daar geen aanvaarding voor dood kan wees nie. Die partye se bedoeling is juis dat die derde, terwyl die polishouer nog lewe, geen reg of bevoegdhede verkry nie. In daardie beperkte gevalle waar aanvaarding wel moontlik is voor die dood van die polishouer, is sy regte onderworpe aan 'n ontbindende voorwaarde.[30]

Die herroeping deur die polishouer kan eensydig, uitdruklik of stilswyend, geskied. Enige polis waarvan die aanwysing van 'n begunstigde herroepbaar is (en waar 'n "geen regte"-klousule geld), bly die eiendom van die polishouer aangesien die regte van die begunstigde gewoonlik eers by die afsterwe van die versekerde vestig.[31]

Indien die polishouer egter 'n onherroeplike begunstigdeklousule in sy polis sou vervat, verkry ander partye ook regte tot die benoeming.[32] Die polishouer mag die benoeming bloot met die toestemming van die begunstigde herroep mits laasgenoemde die benoeming aanvaar het. Alvorens die begunstigde die benoeming aanvaar, verkry hy geen regte uit die beding tussen die versekeraar en die versekerde nie.[33] Die polishouer het selfs voor aanvaarding deur die begunstigde geen reg om die aanwysing eensydig te herroep nie, tensy hy wel só 'n reg ingevolge 'n kontraksklousule verkry het. Ontbreek só 'n reg, moet die toestemming van die versekeraar verkry word alvorens die benoeming herroep word. Indien die begunstigde voor aanvaarding te sterwe kom, val die reg op aanvaarding die eksekuteur van sy bestorwe boedel toe.[34] Volgens Bouwer[35] is

29 Davis 335.
30 Bouwer *Die regte van derdes ingevolge versekeringskontrakte* (LLD-proefskrif Unisa 1990) 321.
31 *Idem* 320–322.
32 Sien die opmerkings hierbo oor die afwesigheid van enige praktiese aanwending van die onherroeplike begunstiging.
33 Reinecke en Van der Merwe 247–248; Christie 320.
34 *Mutual Life Insurance Co of New York v Hotz* 1911 AD 556 567.
35 324.

'n onherroeplike begunstiging wat voor die dood van die polishouer aanvaar word, ook nog steeds onderworpe aan 'n ontbindende voorwaarde, te wete dat die polishouer nie die poliskontrak gedurende sy lewe kanselleer of laat verval deur nie-betaling van die premies nie.

Uit bogenoemde blyk duidelik dat die regte van die betrokke partye afhanklik is van die aard van die begunstigdeklousule. Dié regte word vervolgens in oënskou geneem.

4 DIE REGTE VAN DIE DERDE (BEGUNSTIGDE)

4 1 Algemeen

In versekeringsverband kan die derde enige natuurlike persoon, instelling of regspersoon wees. Die begunstigde moet bloot geïdentifiseer word in die poliskontrak of identifiseerbaar wees.[36] Die begunstigde hoef nog nie te bestaan by benoeming nie maar moet wel later, naamlik by dood van die polishouer, die aanbod kan aanvaar.[37] Die derde word onbevoeg om 'n voordeel te ontvang waar hy die risiko waarteen verseker word, opsetlik veroorsaak.[38] Dit kan as 'n geïmpliseerde term in die poliskontrak ingelees word, en word weens oorwegings van openbare beleid toegepas.[39] Dit is egter onduidelik of dit ook die geval by nalatige veroorsaking van dood is. Vermoedelik sal elke geval volgens eie meriete behandel word. Daar kan egter na my mening aanvaar word dat waar die begunstigde die polishouer se dood op 'n growwe nalatige wyse veroorsaak het, daardie begunstigde onbevoeg sal wees om die voordeel te ontvang.

Die regte van die derde ingevolge die begunstigdeklousule hang ten nouste saam met die konstruksie van die beding ten behoewe van 'n derde deur die howe en juriste. Die appèlhof het wel al geleentheid gehad om die aard van die beding te oorweeg.[40] Alhoewel dié saak oor die trustreg handel, kan die beginsels net so op die begunstigdeklousule van toepassing gemaak word. Die Suid-Afrikaanse reg op dié punt word soos volg opgesom:

> "The beneficiary obtains no right on the mere execution of the agreement between the settlor and the trustee. The agreement constitutes an offer of a donation by the settlor to the beneficiary through acceptance of which the beneficiary obtains a jus perfectum against the trustee."[41]

Die ooreenkoms tussen die *stipulans* (die polishouer) en die *promittens* (die versekeraar) funksioneer as 'n aanbod aan die derde om 'n kontraksparty te word.[42] Dit staan die derde uiteraard vry om dié aanbod te aanvaar of

---

36 Die begunstigde is bv die oudste van die oorlewende kinders van die polishouer: sien Davis 330.

37 Reinecke en Van der Merwe 245.

38 Hy vermoor bv die polishouer.

39 Bouwer 138–139.

40 *Crookes NO v Watson supra.*

41 *Idem* 286A–C.

42 Sien ook *Gayather v Rajkali* 1947 4 SA 706 (D) 708: "Where an agreement is made for the benefit of a third party, the agreement operates as an offer to the third party"; *Malelane Suikerkorporasie*-saak *supra* 481; Malan 86–87.

nie.[43] In die versekeringsbedryf gebeur dit egter nooit dat 'n begunstigde die aanbod voor die polishouer se dood kan aanvaar nie, aangesien so 'n aanvaarding meestal deur 'n "geen regte"-klousule uitgesluit word. Aanvaarding van die aanbod lei uiteraard daartoe dat daar 'n afdwingbare verbintenis tussen die derde en die versekeraar ontstaan.[44]

Voor aanvaarding deur die derde kan die polishouer en die versekeraar ooreenkom om die kontrak tussen hulle te kanselleer en gevolglik sal die aanbod aan die derde verval.[45] Gevolglik mag die versekeraar voor aanvaarding deur die derde (en sonder dat die ooreenkoms tussen polishouer en versekeraar gekanselleer is) nie eensydig die aanbod herroep nie.[46] Die kontrak tussen versekeraar en polishouer verhinder dié eensydige optrede. Een van die gevolge hiervan is dat die polishouer onder andere 'n interdik kan verkry om die versekeraar te verhinder om sy onderneming te verbreek.[47] Dié onderneming behels dat die versekeraar onderneem om 'n kontrak te sluit met die derde wanneer laasgenoemde so verkies.[48]

By die vasstelling van die regte van die derde is dit belangrik om daarop te let dat die inhoud van die beding – en dus ook die begunstigdeklousule – uitsluitlik in die hande van die polishouer en die versekeraar is. Hulle kan gevolglik bepaal wat die regte van die derde in enige gegewe stadium sal wees.[49] Dié standpunt word goed deur die volgende aanhaling geïllustreer:

> "The essential characteristic of a contract for the benefit of the third party is that he is given the right, should he so choose, to come in as a party on the *terms*, advantageous or disadvantageous to him, *which the original parties have already agreed*."[50]

Die regte van die derde moet gevolglik aan die hand van bogenoemde oorweeg word by beide die herroeplike en die onherroeplike begunstigdeklousule.

4 2 Die herroeplike begunstigdeklousule

Daar is hierbo gesien dat die kontrak tussen versekeraar en polishouer as 'n aanbod aan die derde funksioneer.[51] Die derde kan die aanbod aanvaar,[52] met die

---

43 Malan 87–88.

44 Sien bv Kerr *Principles of the law of contract* (1989) 70–82; *Botes v Afrikaanse Lewensversekeringsmaatskappy Bpk* 1967 3 SA 19 (W) 23E–G.

45 *McCullogh v Fernwood Estate Ltd* 1920 AD 204 207; *Crookes*-saak *supra* 285F–G; Gibson en Comrie *South African mercantile and company law* (1988) 97.

46 *McCullogh*-saak *supra* 207.

47 *Gardner v Richardt* 1974 3 SA 768 (K) 770A; *African Universal Stores Ltd v Dean* 1926 CPD 390 395: "In my opinion the plaintiff as one of the contracting parties is entitled to hold defendant to his agreement pending the decision of the third party."

48 Lubbe en Murray 408.

49 *Botes*-saak *supra* 23 *in fine* – 24A; Oosthuizen 1986 *TSAR* 363.

50 Coaker (red) *Wille & Millin's Mercantile law of South Africa* (1984) 76 (eie kursivering); Christie 323.

51 Sien *supra* vn 42.

52 Dit sal van die bewoording van die kontrak afhang of die derde sy aanname moet oordra aan die *promittens: Croce v Croce* 1940 TPD 251. Meestal is aanvaarding geïmpliseer, en

vervolg op volgende bladsy

gevolg dat daar 'n regsband tussen die versekeraar en die derde ontstaan. Daar moet egter verder onderskei word tussen daardie gevalle waar die derde die aanbod voor die polishouer se dood aanvaar en waar hy die aanbod aanvaar na die dood van die polishouer.

In daardie gevalle waar die begunstigde weet dat hy genomineer is, kan hy begunstiging nog voor die dood van die polishouer aanvaar.[53] Deur sy aanvaarding kom daar wel 'n regsband tussen die begunstigde derde en die versekerde tot stand.[54] In so 'n geval sal die regte van die derde egter onderworpe wees aan die voorwaardes soos deur die polishouer en die versekeraar ooreengekom.[55] Dié regte sal naamlik onderworpe wees aan 'n opskortende termyn, te wete dat die regte eers geaktiveer sal word wanneer die polishouer sterf, asook aan 'n ontbindende voorwaarde, naamlik dat die polishouer nie die begunstiging mag herroep nie.[56]

Dit moet duidelik gestel word dat aanname deur die begunstigde voor die dood van die polishouer net moontlik is by daardie poliskontrakte waarin daar geen sogenaamde "geen regte"-klousule vervat is nie. Dit is 'n klousule wat aanname op enige stadium voor die dood van die polishouer onmoontlik maak.[57] In só 'n geval maak die partye dit duidelik dat geen aanvaarding voor dood kan plaasvind nie. In die versekeringsbedryf is dit by uitstek die geval: die meeste begunstigdeklousules bevat die bepaling dat die begunstigde geen regte kan verkry voor die dood van die polishouer nie.

Waar hy die aanbod voor die dood van die polishouer (kan) aanvaar, verkry die derde wel 'n voorwaardelike reg en nie bloot 'n hoop of *spes* nie.[58] Die lewensversekeringskontrak maak by 'n herroeplike begunstiging steeds gedurende die polishouer se lewe deel van sy boedel uit.[59] Die polishouer behou

---

in versekeringsverband vind aanname gewoonlik deur gedrag plaas, tw as die derde met kennis van die begunstigdeklousule optree: Reinecke en Van der Merwe 245.

53 Bouwer 140. Volgens Reinecke en Van der Merwe 247 en Davis 335 vn 169 is dit onmoontlik dat die derde voor die dood van die polishouer kan aanvaar, aangesien hy in dié stadium slegs 'n *spes* het. In *CIR v Estate Crewe supra* 675 is beslis dat die begunstigde geen reg verkry nie aangesien die reg herroep kan word deur ooreenkoms tussen versekeraar en polishouer (sien egter *supra* vn 45). Daar moet op dié punt met genoemde skrywers verskil word. Aanvaarding in die stadium verander die *spes* juis in 'n voorwaardelike reg. In *Crookes NO v Watson supra* 299F word dit soos volg gestel: "He (the beneficiary) can accept before the time of fulfilment has arrived, for, as Voet points out, acceptance turns the spes of a future action into a transferable asset."

54 Van Jaarsveld 119; Bouwer 321–322.

55 Christie 323; Coaker 76; Bouwer 321.

56 Bouwer 141 321–322.

57 Sien bv *Botes*-saak *supra* 23C; *Wolmarans v Du Plessis* 1991 3 SA 703 (T) 707C–D.

58 Sien bv *Ex parte MacIntosh NO: In re Estate Barton* 1963 3 SA 51 (N) 54C. Die verskil tussen 'n voorwaardelike reg en 'n *spes* word goed opgesom deur Scott *The law of cession* (1990) 49: "A future right or a *spes*, is a right which is not yet in existence, but which will materialise in the future. A future right should be distinguished from a contingent right, that is an existing right which is not immediately enforceable because it is, for example, subject to a condition or a time clause." Sien *supra* vn 53.

59 Davis 335; Reinecke en Van der Merwe 247–248.

dus sy beskikkingsbevoegdhede oor die polis ongeag of die derde die voordeel aanvaar het of nie.[60]

In daardie uitsonderlike geval waar die derde nie die polisopbrengs aanvaar nie, is die eksekuteur van die polishouer se boedel geregtig om te eis dat betaling aan hom moet geskied. In dié opsig is die versekeringskontrak 'n uitsondering op die algemene reël by die beding ten behoewe van 'n derde wat bepaal dat die *stipulans* nie geregtig is op die prestasie waarop die derde sou kon aandring ná aanvaarding nie.[61] 'n Verdere punt van verskil tussen die begunstigdeklousule in versekeringsverband en die gewone beding ten behoewe van 'n derde is dat by laasgenoemde die derde, benewens sekere regte, ook verpligtinge deur aanvaarding kan opdoen.[62]

4 3 Die onherroeplike begunstiging

Die benaming "onherroeplik" is in dié opsig miskien misleidend.[63] Gewoonlik word 'n begunstiging as onherroeplik bestempel indien die polishouer onbevoeg is om die begunstiging op sy eie te herroep.[64] Die aanbod kan nietemin herroep word waar die polishouer en die versekeraar ooreenkom om die aanbod te herroep voordat die derde dit aanvaar.[65]

Waar die derde die aanbod voor die dood van die polishouer aanvaar,[66] kom daar 'n regsband tussen die derde en die versekeraar tot stand en kan die aanbod nie meer deur onderlinge ooreenkoms tussen die versekeraar en die polishouer ongedaan gemaak word nie.[67] Die reg van die derde om die polisopbrengs te eis, kan egter eers by die dood van die polishouer afgedwing word.[68]

Verder moet genoem word dat mits dit nog nie herroep is nie, die aanbod aan die derde bly staan al sterf hy in dié periode. Die eksekuteur van sy boedel kan in so 'n geval die aanbod aanvaar.[69]

Indien die polishouer te sterwe kom, moet die versekeraar die aanbod aan die begunstigde maak, welke aanbod laasgenoemde na 'n redelike tyd kan aanvaar.[70]

---

60 Bouwer 321.

61 Lubbe en Murray 409 som dit soos volg op: "The stipulans is not, in the absence of an agreement to this effect, entitled to such a performance . . . to which the third party would have been obliged upon acceptance."

62 Van Jaarsveld 108; Oosthuizen 1986 *TSAR* 363; *Malelane*-saak *supra* 482A–C.

63 Reinecke en Van der Merwe 247.

64 Davis 334.

65 Reinecke en Van der Merwe 247–248; Bouwer 323.

66 Dit spreek vanself dat daar in só 'n geval geen sprake van 'n "geen regte"-klousule is nie.

67 Davis 334–335. Genoemde skrywer gee in oorweging dat die begunstigde die eienaar word van die polis en dat die polishouer geensins meer 'n party is nie. Hiermee kan nie saamgestem word nie: die regte van die derde is hoogstens voorwaardelik van aard, aangesien die polishouer steeds die premies moet betaal en die kontrak nie moet kanselleer of laat verval nie.

68 Bouwer 324.

69 *Mutual Life Insurance Co*-saak *supra* 567 ev.

70 Bouwer 325; *Ex parte Calderwood NO: in re Estate Wixley* 1981 3 SA 727 (Z) 730A 737E.

Daar moet in dié opsig egter genoem word dat die onherroeplike begunstigdeklousule nie baie gewild in die Suid-Afrikaanse versekeringsbedryf is nie en sover vasgestel kon word, in onbruik verval het.[71]

5 INSOLVENSIE VAN DIE PARTYE

Die regsposisie by insolvensie moet vervolgens oorweeg word. By insolvensie moet weer eens 'n onderskeid gemaak word tussen 'n herroeplike en 'n onherroeplike begunstigdeklousule. By 'n herroeplike begunstiging val die polis te alle tye voor die dood van die polishouer in sy insolvente boedel.[72] Omdat sy benoeming te eniger tyd herroep kan word, kan die derde hoogstens 'n voorwaardelike reg onderworpe aan 'n ontbindende voorwaarde in die polishouer se insolvente boedel aantoon.[73] Intussen is die polishouer egter die persoon wat bepaal aan wie die voordele van die polis toekom.[74] Dié ontbindende voorwaarde kan te eniger tyd deur die polishouer herroep word.[75] Indien die polishouer te sterwe kom sonder om die begunstiging te herroep, word die begunstiging onherroeplik en kry die derde dienooreenkomstig regte.[76]

By 'n onherroeplike begunstiging val die polis, selfs voor aanvaarding deur die derde, nie langer in die insolvente boedel van die polishouer nie. Volgens Reinecke en Van der Merwe verkeer die begunstigde in 'n soortgelyke posisie as 'n persoon met 'n reg onderworpe aan 'n opskortende voorwaarde.[77] Die polishouer kan nie sy polis sedeer of dit afkoop nie, maar behou nogtans 'n reversionêre belang in die polis indien die derde nie die voordeel sou aanvaar nie.[78] Die regte val in die insolvente boedel van die begunstigde maar moet hanteer word soos 'n reg onderworpe aan 'n opskortende voorwaarde. Indien die derde egter alreeds aanvaar het, val die polis of die opbrengs (na gelang die geval of die versekerde oorlede is of nie) wel in sy boedel.

Indien die derde te sterwe kom vóór aanvaarding, kan die eksekuteur van sy bestorwe boedel die aanbod aanvaar.[79] In só 'n geval kan geredeneer word dat die derde se kurator by eersgenoemde se insolvensie die reg om te aanvaar behoort te ontvang.

Bogenoemde is onderworpe aan die bepalings van die Versekeringswet.[80] Ingevolge artikel 39(1) is 'n lewenspolis beskerm tot R30 000 indien 'n persoon

---

71 Die hoofrede hiervoor is die feit dat polisvoordele eers ná die dood van die polishouer na die begunstigde moet oorgaan. Tydens die lewe van die polishouer is daar meestal 'n "geen regte"-klousule in werking, aangesien die praktiese behoeftes gewoonlik is dat die polishouer tydens sy lewe beheer moet behou.

72 *Wilcocks v Visser and New York Life Insurance Co* 1910 OPD 99; Reinecke en Van der Merwe 248.

73 Sien Bouwer 141 321–322.

74 Sien a 1 van die Versekeringswet 27 van 1943 *sv* "eienaar".

75 Reinecke en Van der Merwe 248: hy kan die begunstigde nl te eniger tyd vervang.

76 *Idem* 243 247.

77 *Idem* 243; Davis 334–335; Bouwer 323.

78 Davis 334 vn 156.

79 *Mutual Life Insurance Co*-saak *supra* 567.

80 Wet 27 van 1943 a 39–44.

se boedel insolvent verklaar word en daardie polis drie jaar of langer voor insolvensie uitgeneem is. Verder word die posisie van begunstigde polisse by insolvensie in artikel 44 van die wet uiteengesit. Dié artikel het betrekking op 'n lewenspolis wat 'n man uitgeneem het ingevolge artikel 42 of 43. Dié artikels maak melding van polisse wat die man gesedeer het of gesluit het "ten gunste van" sy vrou. Die betekenis van "gesluit" soos gebruik in die bewoording "gesluit ten gunste van" kan slegs "begunstig aan" beteken. 'n Persoon kan die polisvoordele kragtens sy polis aan 'n derde laat toekom slegs deur middel van 'n sessie of deur 'n begunstiging.[81]

Ingevolge artikel 44 word 'n polis wat "gesluit is ten gunste van" 'n vrou in die man se insolvente boedel beskerm tot 'n bedrag van R30 000, mits die polis ten minste twee jaar voor insolvensie van krag was en die begunstiging te goeder trou was. Die betrokke artikel meld egter net die tydperk van twee jaar wat moet verloop tussen die sluit van die polis "ten gunste van" die vrou en die datum van sekwestrasie. Dit wil uit die bewoording van artikels 42 en 43 voorkom of die man by die uitneem van die polis die bedoeling moet gehad het om dit tot voordeel van sy vrou uit te neem.[82] Gevolglik sal die beskerming van artikel 44 slegs beskikbaar wees waar die begunstiging by die uitneem van die polis geskied, en nie waar die begunstiging eers in 'n latere stadium gedoen is nie.

6 HERROEPING VAN DIE BEGUNSTIGDEKLOUSULE[83]

Uit bogenoemde blyk duidelik dat die herroeplike begunstigdeklousule te eniger tyd deur die polishouer herroep kan word. By 'n onherroeplike begunstigdeklousule kan die klousule slegs voor aanvaarding deur die polishouer en versekeraar gesamentlik herroep word. Ná aanvaarding deur die begunstigde kan die klousule slegs herroep word deur die polishouer en die versekeraar met die toestemming van die derde.

'n Problematiese aspek in dié verband is dat die versekeraar gewoonlik 'n bepaling in die begunstigdeklousule invoeg wat lui dat die herroeping slegs geldig sal wees indien dit op skrif is en die betrokke kantoor van die versekeraar voor die dood van die polishouer bereik. Wat sou die posisie wees indien die polishouer sy begunstiging nie op die voorgeskrewe wyse herroep nie, maar op 'n alternatiewe wyse, soos by wyse van 'n testament?

Die howe aanvaar nie geredelik dat die begunstigdeklousule stilswyend deur 'n testament herroep is nie, veral nie waar die testamentêre bepalings geen

---

81 Daar bestaan, vir doeleindes van bg, 'n fundamentele verskil tussen sessie en 'n begunstigdeklousule. By lg sal die polis steeds in die polishouer se boedel val vir doeleindes van insolvensie, terwyl by sessie die polis in die boedel van die sessionaris val.

82 Die bewoording van die betrokke artikels benadruk die gevolgtrekking dat die polis by uitname uitgeneem moet gewees het ten gunste van die vrou. A 42(1) bepaal: "[waar] 'n man 'n lewenspolis gesluit het ten gunste van 'n vrou met wie hy voornemens was om te trou . . ."; en a 43 bepaal: "of [hy] kan 'n lewenspolis sluit ten gunste van haar . . ."

83 Sien in die algemeen Henckert "Die herroeping van 'n begunstigdeklousule deur 'n testamentêre bepaling" 1992 *TSAR* 719.

spesifieke melding van die polis maak nie.[84] Indien die polis egter voldoende in die testament geïdentifiseer word of identifiseerbaar is, bestaan daar 'n meningsverskil in die Suid-Afrikaanse reg. Aan die een kant is daar die standpunt dat só 'n klousule uitsluitlik tot voordeel van die versekeraar is en dit gevolglik deur 'n uitdruklike bepaling in 'n testament herroep kan word.[85] Die ander standpunt meen dat regsekerheid vir alle partye net bewerkstellig kan word indien die begunstigdeklousule net op die voorgeskrewe wyse[86] herroep kan word.[87] Volgens sommige beslissings[88] is dié standpunt geregverdig as in ag geneem word dat so 'n bepaling in die klousule deel van 'n kontrak is en dat alle betrokke partye 'n belang daarby het.

Hierteenoor steun die jongste regspraak weer die beskouing dat 'n begunstiging wel deur 'n uitdruklike testamentêre bepaling herroep kan word.[89] Dié standpunt werk egter nie regsekerheid in die hand nie. Dit maak die deur oop vir moontlike deliktuele eise teen die versekeraar waar hy aan die begunstigde uitbetaal het nadat die begunstigdeklousule deur die testament herroep is. Die testamentêre erfgenaam sou kon beweer dat die versekeraar nalatig was deur ingevolge die begunstigdeklousule uit te betaal het sonder om seker te maak of die testament die begunstigdeklousule herroep het al dan nie, dat hy skade (suiwer ekonomiese verlies) as gevolg van die nalatigheid gely het en dat die versekeraar daarom deliktueel aanspreeklik is.[90]

'n Verdere punt van kritiek in dié opsig is myns insiens die feit dat die doel van die bewoording van die klousule juis is dat herroeping op enige wyse anders as deur skriftelike kennisgewing uitgesluit word. Die praktiese implikasie van die jongste standpunt van die howe is daarenteen dat die klousule *inter partes* van nul en gener waarde is, al onderneem die polishouer om daaraan gebonde te wees. Dit werk egter nie regsekerheid vir die versekeraar in die hand nie.[91]

7 DIE BEGUNSTIGDEKLOUSULE IN DIE HUWELIK

Die begunstigdeklousule skep besondere uitdagings insoverre dit van toepassing is op huwelike binne gemeenskap van goed. Dit blyk dat die Suid-Afrikaanse reg veral op dié aspek ver te kort skiet en dat die vrou tans ingevolge heersende

---

84 *Ex parte Calderwood NO: In re Estate Wixley* 1981 3 SA 727 (Z) 736D–F; *Ex parte MacIntosh NO: In re Estate Barton* 1963 3 SA 51 (N) 55A–C.

85 *Curtis' Estate v Gronningsaeter* 1942 CPD 531; Reinecke en Van der Merwe 248; Bouwer 319.

86 Die meeste begunstigdeklousules bevat die bepaling dat herroeping slegs geldig is indien 'n geskrewe kennisgewing te dien effekte deur die versekeraar ontvang word voor die dood van die polishouer.

87 *MacIntosh*-saak *supra* 57E–F; Davis 330–331; *Calderwood*-saak *supra* 737C–E; Henckert 724.

88 *MacIntosh*-saak *supra* 57E–F; *Calderwood*-saak *supra* 737A–B.

89 *Wolmarans v Du Plessis* 1991 3 SA 703 (T).

90 Vgl bv *Administrateur Natal v Trust Bank van Afrika Bpk* 1979 3 SA 824 (A) 832 *in fine* – 833A; *Lillicrap, Wassenaar & Partners v Pilkington Brothers (SA) (Pty) Ltd* 1985 1 SA 475 (A) 498C–D; Neethling, Potgieter en Visser *Law of delict* (1994) 280 ev.

91 Sien Henckert 723–724.

wetgewing "oorbeskerm" word *vis-à-vis* haar man. Dié situasie is onhoudbaar, gegewe die wetgewer se doelwit om alle verskille tussen mans en vrouens van die wetboek te verwyder.[92]

By 'n huwelik binne gemeenskap van goed moet die gades met betrekking tot bates van die gemeenskaplike boedel wedersyds toestem tot die vervreemding van sodanige bates. Artikel 15(2)(c) van die Wet op Huweliksgoedere 88 van 1984 bepaal uitdruklik dat 'n gade getroud binne gemeenskap van goed nie 'n polis van die gemeenskaplike boedel mag vervreem, sedeer of verpand sonder die geskrewe toestemming van die ander gade nie. Die Versekeringswet 27 van 1943 maak nietemin voorsiening daarvoor dat 'n vrou 'n polis mag uitneem op haar eie of haar man se lewe sonder sy toestemming of bystand en dat só 'n polis nie in die gemeenskaplike boedel val nie.[93] Dié polis is haar eiendom en sy kan daarmee handel soos sy wil. Hierteenoor moet 'n man wat 'n polis op sy eie lewe of sy vrou se lewe uitgeneem het, sy vrou se toestemming verkry as hy die polis wil vervreem.

Die vraag wat ontstaan, is of die insluiting van 'n begunstigdeklousule in 'n poliskontrak wel neerkom op 'n vervreemding vir doeleindes van die Wet op Huweliksgoedere. Alhoewel die begunstigdeklousule herroeplik is tydens die lewe van die polishouer, kan dié herroeping nie meer plaasvind wanneer die polishouer te sterwe kom nie. Dit is dus op dié stadium dat die bate vervreem word en gevolglik moet die skriftelike toestemming van die ander gade op dié stadium verkry word. Hou 'n mens in gedagte dat die doel van die wetgewer is om beide gades gelyke beskikkingsbevoegdhede ten opsigte van die gemeenskaplike boedel te gee, is dit billik om aan te neem dat die geskrewe toestemming van die ander gade verkry moet word vir die begunstiging ingevolge die polis.

Bogenoemde vereiste van geskrewe toestemming deur die ander gade geld net vir polisse wat in die gemeenskaplike boedel val. Die polisse is die volgende: waar die man 'n polis uitgeneem het op sy eie lewe; waar die polis uitgeneem is op 'n lewe anders as dié van die man, die vrou of hulle kind;[94] of waar die vrou 'n polis op haar man se lewe vóór huweliksluiting uitgeneem het. Die Versekeringswet plaas sekere polisse egter buite die gemeenskaplike boedel.[95] Dié polisse kan dus sonder toestemming vervreem word.

Dit is onaanvaarbaar dat daar ingevolge huidige wetgewing 'n onderskeid tussen die man en die vrou by 'n huwelik binne gemeenskap van goed is: indien

---

92 Sien bv die aanhef tot die Vierde Algemene Regswysigingswet 123 van 1993: "Om bepalings wat onderskeid tref tussen mans en vroue te herroep of te wysig."

93 A 41(1) en (2).

94 Die polis is bv uitgeneem op 'n kind uit een van die partye se vorige huwelik of een van hulle ouers.

95 Dié polisse is die volgende: 'n polis uitgeneem deur die vrou op haar eie lewe (a 41(1)); 'n polis uitgeneem deur die vrou op haar man se lewe (a 41(2)); 'n polis op die man se lewe wat hy aan sy vrou gesedeer het (a 42(1)); 'n polis op die vrou se lewe of hulle kind se lewe wat die man aan sy vrou sedeer het (a 43); of 'n polis op die man se lewe waarop daar by uitneem onmiddellik 'n begunstigdeklousule geplaas is (a 43).

die man 'n polis op sy lewe uitneem, moet hy sy vrou se toestemming verkry indien hy die opbrengs wil vervreem,[96] terwyl die vrou nie haar man se toestemming benodig waar die polis op haar eie lewe uitgeneem is nie.[97] Só 'n toestand is onaanvaarbaar.

Alhoewel daar voorgestel word dat die maritale mag met betrekking tot alle huwelike binne gemeenskap van goed afgeskaf word,[98] is bogenoemde verskil veral te wyte aan die verouderde bepalings van die Versekeringswet,[99] wat na my mening afgeskaf behoort te word ten einde pariteit tussen die gades te bewerkstellig. Dit is verblydend om te sien dat 'n onlangse konsep van die voorgestelde Langtermynversekeringswetsontwerp nie soortgelyke bepalings bevat nie.

8 INKOMSTE-, BOEDEL- EN SKENKINGSBELASTING

8 1 Inkomstebelasting

By 'n begunstiging van die polisvoordeel sal 'n kontantbedrag by die dood van die polishouer aan die begunstigde uitbetaal word. Die vraag is of dié bedrag in die hande van die begunstigde belas sal word.

Die bedrag wat die derde op die wyse ontvang, is van 'n toevallige aard en kan, in die lig van die omskrywing van "bruto inkomste"[100] in die Inkomstebelastingwet,[101] nie as inkomste beskou word nie.[102] Aangesien die bedrag in so 'n geval as kapitaal beskou kan word, sal die bedrag nie inkomste in sy hande wees nie. So gesien, sal die opbrengs van 'n begunstigde polis nie in die hande van die begunstigde in die oorgrote meerderheid van gevalle in die praktyk belas word nie. Dit sal egter van die feite van die geval afhang, en meer spesifiek of die bedrag inderdaad in die derde se hande as "bruto inkomste" beskou sal word, of die spesifieke bedrag belas sal word of nie.

8 2 Boedelbelasting

Boedelbelasting word gehef ingevolge die Wet op Boedelbelasting[103] en kom ter sprake waar 'n boedel afgehandel moet word by die dood van die betrokke persoon. Dit is in dié opsig belangrik om te beklemtoon dat die boedelbelasting-gevolge vir herroeplike en onherroeplike begunstigdeklousules dieselfde is.

Die enigste uitsondering op bogenoemde stelling is waar die begunstigde voor die polishouer te sterwe kom. In dié geval sal die voorwaardelike reg van die derde by 'n herroeplike begunstiging nie in sy boedel val nie. In teenstelling

---

96 Die polis val in die gemeenskaplike boedel.
97 Die polis val nie in die gemeenskaplike boedel nie.
98 Sien a 29 van die Vierde Algemene Regswysigingswet 132 van 1993.
99 Dié bepalings was nodig ten einde die vrou in staat te stel om 'n polis uit te neem sonder om haar man se toestemming weens sy (toe bestaande) maritale mag te verkry.
100 Sien a 1 *sv* "bruto inkomste".
101 Wet 58 van 1962.
102 Meyerowitz *Meyerowitz & Spiro on income tax* (1989) par 449.
103 Wet 45 van 1955.

daarmee sal die reg van die derde by 'n onherroeplike begunstiging wel in sy boedel val.[104] Die waardering van dié reg sal egter problematies wees. Daar word in oorweging gegee dat die waarde van die reg ten minste die dekkingsbedrag of die afkoopbedrag[105] daarvan sal wees.

Waar die polishouer te sterwe kom en die polis begunstig het, sal die polisopbrengs 'n geagte bate in sy boedel wees.[106] Die polisopbrengs is 'n geagte bate aangesien die polis uitgeneem is met die oorledene as versekerde lewe. Die kontantbedrag sal natuurlik as eiendom in die derde se boedel val.

8 3 Skenkingsbelasting

Die vraag kan gevra word of die polishouer nie skenkingsbelasting moet betaal op die bedrag wat uiteindelik die derde gaan toeval nie.[107] In dié opsig moet egter na die bepalings van artikel 56 gekyk word wat sekere skenkings vrystel van die verpligting om skenkingsbelasting te betaal. Die gewone klousule by 'n herroeplike begunstiging tree eers in werking op die oomblik wanneer die polishouer sterf (ongeag of daar 'n "geen regte"-klousule in werking is of nie). Gevolglik verkry die derde geen voordeel voor die dood van die polishouer nie.[108] By 'n onherroeplike begunstiging kan daar wel 'n skenking van die kontantwaarde van die polis wees, maar weer eens sal die derde geen voordeel voor die dood van die skenker ontvang nie. Die vrystelling sal gevolglik weer eens geld. Alternatief sal 'n ander vrystelling geld, te wete dié wat 'n *donatio mortis causa* vrystel van belasting.[109]

Dit blyk uit bogenoemde dat skenkingsbelasting nie 'n wesenlike probleem by die begunstiging is nie. Die enigste uitsondering waar skenkingsbelasting ter sprake kan kom, is waar 'n polis in die gemeenskaplike boedel val en die kinders of 'n derde begunstig word. Indien die huwelik binne gemeenskap van goed ná 1984[110] gesluit is, sal skenkingsbelasting ter sprake kom ten opsigte van die langslewende se helfte van die polisopbrengs. Aangesien die polis deel was van die gemeenskaplike boedel, vervreem die langslewende 'n deel van sy boedel. Dit stel wel 'n skenking[111] daar aangesien die ratifikasie van die begunstigdeklousule deur die langslewende wel op 'n skenking neerkom. Die Wet op Huweliksgoedere verskaf nietemin sekere remedies aan die langslewende om dié skenking te verhinder. Die langslewende kan byvoorbeeld aandring op 'n

---

104 Sien a 3(2)(a).

105 Waar die afkoopwaarde die dekkingsbedrag oorskry.

106 A 3(3)(a).

107 Skenkingsbelasting word kragtens die Inkomstebelastingwet 58 van 1962 gehef. Ingevolge a 59 is die persoon wat vir die skenkingsbelasting aanspreeklik is, die skenker.

108 Sien a 56(1)(d): geen skenkingsbelasting is betaalbaar by 'n skenking "ingevolge waarvan die begiftigde geen voordeel voor die dood van die skenker daaruit sal ontvang nie".

109 A 56(1)(c).

110 Die datum van inwerkingtreding van die Wet op Huweliksgoedere 88 van 1984.

111 'n Skenking omvat nie net 'n gratis oormaking van eiendom nie, maar ook 'n gratis afstanddoening van 'n reg: a 55(1) *sv* "skenking".

verrekening by die verdeling van die boedel.[112] Voor 1984 was daar nie so 'n moontlikheid nie behalwe as die langslewende 'n man met die maritale mag was, in welke geval skenkingsbelasting weer ter sprake gekom het.

9 GEVOLGTREKKING

Uit bogenoemde blyk dat 'n meganisme soos die begunstigdeklousule 'n hele aantal regsimplikasies kan hê. Dit is belangrik dat versekeraars asook polishouers ten volle van bogenoemde gevolge kennis dra. In elke geval moet behoorlik oorweeg word welke gevolg die kliënt deur die begunstiging wil bewerkstellig, en of hy van die implikasies daarvan kennis dra. Dit is van kardinale belang dat die begunstigdeklousule nie ligtelik ingevul word nie, maar slegs met 'n volle bewustheid van die gevolge daarvan. In dié opsig rus daar 'n uitdaging op versekeraars en makelaars om kliënte van die volle implikasies van die begunstiging in te lig. Na my mening rus daar ook 'n uitdaging op die howe, en in 'n mindere mate die wetgewer, om bogenoemde probleme waar moontlik aan te spreek.

In a free society all freedoms are important, but they are not all equally important. Political philosophers are agreed about the primacy of the freedom of speech. It is the freedom upon which all others depend; it is the freedom without which the others would not long endure. This, of course, does not mean that whenever the right of freedom of speech comes into conflict with the right of human dignity the former must prevail. To allow that to happen would be to abrogate the law of defamation, and would in any case violate the provisions of s 33(1) of the Constitution (*per* Van Schalkwyk J in *Mandela v Falati* 1995 1 SA 251 (W) 259).

112 A 15(9)(b) van die Wet op Huweliksgoedere. Sy kan verder aandring op 'n verdeling van die boedel *stante matrimonio*: a 20.

Migrerende egpare se huweliksgoedereprobleme: *common law* en gemengde regstelsels

Christa Roodt

BLC LLM

Hoofnavorser: Instituut vir Buitelandse Reg en Regsvergelyking, Universiteit van Suid-Afrika

SUMMARY

Matrimonial property problems of migrant spouses

The proprietary consequences of "foreign marriages" under section 7 of the Divorce Act 70 of 1979 used to be beset by many uncertainties. It was never quite clear, for example, which legal system should govern and whether a transfer of assets from one spouse to the other could be ordered where the "foreign" couple married in terms of a common law system. Section 7(9) was promulgated in an attempt to address the uncertainties. This section has cleared away any doubt about the power of a South African court to order a transfer of assets between the parties by virtue of its judicial discretion.

Nevertheless, section 7(9) is not satisfactory from a wider conflict-of-laws perspective. Nagging questions remain – among the most fundamental of these is: which legal system should govern the division of assets as the system that would best satisfy justice and social utility?

This article compares mutability and immutability doctrines in selected common law, civil law and mixed legal systems. It focuses on the classification process in the conflict of laws and evaluates section 7(9) against this background.

1 INLEIDING

Die regterlike funksie is moeilik omskryfbaar omdat dit 'n dimensie het wat op die kontakpunt van reg en moraliteit lê.[1] Die kompleksiteit van huweliksbedelings is eweneens berug:

> "[T]here are many controversial areas in law and policy, [but] few . . . can compare with the law relating to distribution of family property on dissolution of marriage . . ."[2]

Die interaksie van hierdie aspekte met twee van die grootste probleemterreine van die internasionale privaatreg word hier ondersoek. Die eerste is die *quaestio famosissima*, naamlik die vraag of die regstelsel wat deur die verbindingsfaktor aangedui is om die eiendomsaansprake van 'n egpaar te bepaal staties bly dwarsdeur hulle lewe, oftewel tot en met egskeiding of dood, en of dit vervang

1 Pound "Discretion, dispensation and mitigation" 1960 *NY Univ LR* 926.

2 Bates "Comparative common law" 1981 *CILSA* 259.

moet word deur 'n ander regstelsel wanneer die egpaar migreer (van domisilie verander). Die tweede terrein is dié van klassifikasie (kategorisering of kwalifikasie), 'n *bête noire* vir internasionale-privaatregsgeleerdes.

Wanneer 'n buitelandse element deel uitmaak van die feite wat deur die hof toegeskryf moet word aan 'n kategorie wat aan die reg bekend is, word dit nodig om te klassifiseer. Klassifikasie gebeur meestal "vanself", na 'n eenvoudige proses van onderskeid, byvoorbeeld tussen "kontrak" en "delik" of tussen die vermoënsregtelike gevolge van huwelksluiting en die persoonlike gevolge van die huwelik. Uiteraard klassifiseer verskillende regstelsels verskillend. Dit is alles goed en wel om 'n regskeusereël te hê wat die vermoënsregtelike gevolge van 'n huwelik tussen immigrante, genaturaliseer of nie, onderworpe stel aan die reg van die man se domisilie ten tyde van die huwelksluiting, maar hoe word besluit of 'n aangeleentheid inderdaad geklassifiseer moet word as 'n vermoënsregtelike gevolg? Wat onderskei so 'n aangeleentheid van 'n aangeleentheid wat met egskeiding verband hou en dus deur die *lex fori* beheers word? Hoe goed sluit die regskeusereël vir onderhoud by hierdie regskeusereëls aan?

Artikel 36 van die Wet op Huweliksgoedere 88 van 1984 het destyds artikel 7 in die Wet op Egskeiding 70 van 1979 ingevoeg. In April 1992 is subartikel (9) gevoeg by artikel 7(3)–(8) van die Egskeidingswet om die Suid-Afrikaanse regter met 'n "wyer bevoegdheid" te beklee as wat ingevolge artikel 7(3)–(8) die geval was.[3] Die bevoegdheid moes uitgebrei word om die herverdelingsbevoegdheid te omvat wat die hof van die potensiële *lex causae* geniet. Artikel 7(3)–(8) gee aan die hof wat 'n egskeidingsbevel verleen, die bevoegdheid om in bepaalde omstandighede te gelas dat sommige of al die bates van die een gade na die ander gade oorgedra moet word. Hierdie bevoegdheid kan net uitgeoefen word op aansoek van een van die partye by die huwelik

- indien die huwelik buite gemeenskap van goed en van wins en verlies gesluit is en aanwasdeling in enige vorm uitgesluit is, dit wil sê indien die huwelik voor die inwerkingtreding van die Wet op Huweliksgoedere van 1984 gesluit is ingevolge huweliksvoorwaardes, of voor die inwerkingtreding van die Wysigingswet op Huweliks- en Huweliksgoederereg van 1988 aangegaan is ingevolge artikel 22(6) van die Swart Administrasie Wet 38 van 1927, soos dit bestaan het onmiddellik voor die herroeping daarvan deur die Wysigingswet op Huweliks- en Huweliksgoederereg; en
- by ontstentenis van 'n ooreenkoms tussen hulle betreffende die verdeling van hul bates.

Ingevolge artikel 7(4) moet die hof oortuig wees dat dit billik en regverdig sal wees om te beveel dat die bates of 'n gedeelte daarvan van die een party na die ander party oorgedra word. Die bevel sal net ten gunste van dié party gegee word wat direk of indirek bygedra het tot die instandhouding of groei van die

3 GK R13921 *SK* 13921 van 1992. Memorandum tot die Egskeidingswysigingswet 44 van 1992.

boedel van die ander party tydens die duur van die huwelik. Die bydrae kan bestaan in die lewering van dienste of die besparing van uitgawes wat andersins aangegaan sou moes word "of op enige ander wyse".[4]

Henry en Wilma het die grootste gedeelte van hul huwelikslewe in Empire gewoon.[5] Gedurende daardie tyd het die twee roerende goed ter waarde van een miljoen pond bymekaar gemaak. Omdat Henry die meer ekonomies aktiewe een van die twee was, is die oorgrote meerderheid van hierdie bates in sy naam geregistreer. Wilma het haar nie hieroor gekwel nie, omdat Empire se reg bekend is daarvoor dat dit voorsiening maak vir gades in geval van egskeiding en dood. Empire se erfregkode bepaal dat, in geval van dood, die langslewende gade 'n reg van eleksie ten opsigte van een derde van die oorledene se algehele boedel sal hê. Sou Henry dus vir Wilma in sy testament te na kom, sou sy steeds op £333,333 van sy miljoen kon aanspraak maak. Empire se Wet op Billike Verdeling bepaal dat, in geval van egskeiding, die hof aan een party soveel van die ander party se bates mag toeken as wat billik en regverdig in die omstandighede sal wees. Henry en Wilma se besondere omstandighede is van so 'n aard dat Wilma op 'n halwe aandeel in Henry se boedel aanspraak het. Hulle besluit om te emigreer en hulle in Suid-Afrika te vestig. Skaars nadat hulle hier aangeland het, maak Wilma 'n egskeidingsaak aanhangig of Henry sterf. Die hof moet bepaal watter aandeel Wilma in Henry se miljoen het.

Die bekende regskeusereëls wat potensieel toepaslik is op hierdie feitestel, is die reël dat die vermoënsregtelike gevolge van die huwelik of die regte in roerende en onroerende goedere beheer word deur die reg van domisilie van die man ten tyde van huweliksluiting,[6] en die reël dat die *lex fori* toepassing moet vind in egskeidingsdispute.[7] Die reël dat erfregtelike aanspraake op roerende goed beheer word deur die *lex ultimi domicilii* van die erflater[8] kan ook ter sprake

---

4 Vgl in die algemeen oor die promulgasie van a 7(3) Thomashausen "The Matrimonial Property Act 1984; some new aspects for marriages out of community and marriages governed by foreign law" 1985 *De Rebus* 167; Dillon "The financial consequences of divorce: s 7(3) of the Divorce Act 1979 – a comparative study" 1986 *CILSA* 271 273; Boberg "Marry abroad, repent in SA" 1986 *Businessman's Law* 230; Kruger "Toepassingsgebied van artikel 7(3) tot (6) van die Wet op Egskeiding 70 van 1979" 1992 *THRHR* 492; Jordaan "Oordrag van bates in geval van egskeiding ingevolge artikel 36 van die Wet op Huweliksgoedere 88 van 1984" 1988 *THRHR* 109; Vrancken "Foreign informal antenuptial contracts and s 7(3) of the Divorce Act 70 of 1979" 1993 *TSAR* 1.

5 Geleen uit "The story of Henry's million" in Symeonides "Louisiana's draft on succession and marital property" 1987 *Am J Comp L* 259 ev 273–274.

6 *Chiwell v Carlyon* (1897) 14 SC 61 CTR 83; *Frankel's Estate v The Master* 1950 1 SA 220 (A); *Sperling v Sperling* 1975 3 SA 707 (A); *Anderson v The Master* 1949 4 SA 660 (OK).

7 Vgl a 2(3) van die Egskeidingswet; *Holland v Holland* 1973 1 SA 897 (T); Schmidt "Conflict of Laws" *LAWSA* 2 par 542; Hahlo *The South African law of husband and wife* (1975) 437–438 623; Hahlo en Sinclair *The reform of the South African law of divorce* (1980) 13–14; Kahn "Conflict of Laws" 1991 *Annual Survey of South African Law* 580; Neels "Die internasionale privaatreg en die herverdelingsbevoegdheid by egskeiding" 1992 *SALJ* 336.

8 *Rosa's Heirs v Inhambane Sugar Estates Ltd* 1905 TW 11; *Estate Wright v Wright* (1908) 25 SC 769; *David and Berlein NO v The Orphan Master* (1897) 4 Off Rep 326; *Ex parte*

vervolg op volgende bladsy

kom. Feit is, *common law*-sisteme verleen aansprake by dood en *civil law*-sisteme verleen aansprake *inter vivos*.

Aansprake kan dus ophoop of wegval wanneer 'n egpaar migreer, omdat verskillende sisteme verskillende regskeusereëls het.

Die idee van elke Henry en Wilma dat "die reg sal voorsien" kan hulle in 'n bra ongemaklike regsituasie laat beland indien hulle aanvanklik in die Engelssprekende wêreld of voormalige Britse kolonies[9] gedomisilieerd was maar later besluit het om hulle huweliksbootjie in Suid-Afrika te anker. Die Suid-Afrikaanse regspraak oor artikel 7(3) het eerder van meganiese en kumulatiewe toepassing van regskeusereëls getuig as van kreatiewe toepassing. Die potensiaal vir vreemde, indien nie onbillike resultate was goed, omdat voormalige buitelandse egpare wat ingevolge die reg van die een of ander *common law* regstelsel getroud is gewoonlik nie hier of elders gekontrakteer het nie. By egskeiding moes hulle sin probeer maak van die siening dat hulle huweliksbedeling *stante matrimonio* geen gemeenskap van goed toelaat nie en aan die einde daarvan geen deling van bates of aanwas tot gevolg het nie. (In geval van dood kan die beginsel van testeervryheid meebring dat 'n langslewende alle erfregtelike aansprake ook verloor.)

Die resultaat was onsekerheid oor die regstelsel wat bate-oordragseise moes beheer, dit wil sê of buitelandse egpare steeds die aansprake het wat deur die reg van die huwelikdomisilie verleen is. Artikel 7(9) lui soos volg:

> "Wanneer 'n hof 'n huwelik waarvan die vermoënsregtelike gevolge volgens die reëls van die Suid-Afrikaanse internasionale privaatreg deur die reg van 'n vreemde staat beheers word, deur egskeiding ontbind, dan het die hof dieselfde bevoegdheid wat 'n bevoegde hof van die betrokke vreemde staat op daardie tydstip sou hê om te gelas dat die bates van die een gade na die ander gade oorgedra word."[10]

Artikel 7(9) magtig uitdruklik 'n bate-oordrag, ook as immigrante hulle nie kontraktueel tot 'n bedeling buite gemeenskap van goed verbind het nie. Nietemin het vrae bly steek nadat artikel 7(9) op die wetboek verskyn het.

Low NO: In re Estate of Mangan 1915 SR 147; *Soomar v Estate Moonda* 1937 NPD 317; Kahn "Choice of law in succession in the South African conflict of laws" 1956 *SALJ* 303 ev 392 ev; 1957 *SALJ* 43 ev 52–54; Hahlo en Kahn *The Union of South Africa. The development of its laws and constitution* (1960) 729 ev 753–754; Kahn *The conflict of laws in the South African law of succession* in Corbett, Hahlo en Hofmeyer *The law of succession in South Africa* (1980) 616 ev 634 ev.

9 Lande soos Engeland, Skotland, Ierland, Australië, Zambië, Zimbabwe en Malawi, al die Amerikaanse *common law property* state en Kanadese *common law* provinsies is hier ter sprake. Tans het nege Amerikaanse state vorme van "gemeenskap van aanwas" in afwesigheid van 'n kontrak tot die teendeel.

10 Die getekende teks lui: "When a court grants a decree of divorce in respect of a marriage the patrimonial consequences of which are according to the rules of the South African private international law governed by the law of a foreign state, the court shall have the same power as a competent court of the foreign state concerned would have had at that time to order that assets be transferred from one spouse to the other spouse."

Gestel Henry en Wilma kan nie daarin slaag om in Suid-Afrika tot 'n vergelyk oor die verdeling van hulle goed te kom voor hulle skei nie. Watter regstelsel behoort die tipering en verdeling van eiendom te beheers? Hoe moet die eiendom getipeer en verdeel word? Hierdie vrae illustreer dat die spanning tussen die Suid-Afrikaanse reg en die *common law* stand hou. Die subtiele verskille en die toevallige en oppervlakkige ooreenkomste in regsopvattings oor diskresie, billikheid, huweliksgoedere, domisilie, kategorisering en internasionale privaatregleerstukke kan suiwer regsvergelykende denke verydel.

Op die gebied van die internasionale privaatreg steun die Suid-Afrikaanse reg op Anglo-Amerikaanse leerstellings wat gebaseer is op die *civil law* stelsel van Wes-Europa voor kodifikasie. Tersaaklike benaderings in lande soos Engeland en Australië, Malawi, 'n staat soos Louisiana en 'n provinsie soos Ontario word hier ondersoek om vas te stel watter regstelsel hierdie sisteme aanwys om die bateverdeling te beheers. Hierdie regstelsels bied interessante raamwerke vir die naasbestaan van *common* en *civil law*, en van *common law* en die reg van gemengde regsisteme.

'n Bepaling dat 'n Suid-Afrikaanse hof die regterlike diskresie van 'n buitelandse hof in egskeidingsaangeleenthede kan uitoefen ten aansien van huweliksgoederedispute kan 'n vaste reël neerlê, of dit kan bloot 'n benadering aandui. Staan dit die toepassing van vreemde reg voor, of verklap die gebruik van die woord "hof" juis 'n voorkeur vir *forum*-reg? Filosofiese vrae kom ook op hierdie besondere snypunt van die reg na vore, onder meer of daar iets soos "regterlike diskresie" in *hard cases* kan wees. Die vraag waarom dit hier gaan, is of so 'n bepaling werklik iets sinvols by ons bestaande reg voeg. Bring dit 'n normatiewe verandering in die sisteem soos dit reeds bekend is, mee wat beregtingsprobleme in die praktyk kan voorkom? Indien die bevoegdheid wat artikel 7(9) verleen in skerper reliëf en perspektief gestel kan word, kan bepaal word of dit 'n effektiewe pynstiller vir die kategoriseringskonflik bied, en of die reg nie beter daaraan toe sal wees indien die "behandeling" liewer gestaak word nie.

Die kombinasie waarin die lastige vrae en kwellings hulle hier voordoen, maak dit onwaarskynlik dat hierdie studie 'n *nugget of pure truth* sal wees wat vinnig in 'n notaboek aangestip kan word vir latere verwysing.[11] Nogtans behoort besef te word dat artikel 7(9) verdere remediëring van wetgewing wat juis remediëring en hervorming beoog, nodig maak.

2 DIE VERANDERLIKHEIDSLEERSTUK EN ONVERANDERLIKHEID

Soos in die kontinentale regsfamilie hink die oplossing van internasionale huweliksgoedereregprobleme in die *common law* op twee gedagtes: veranderlikheid en onveranderlikheid van die reg wat die huweliksgoederebestel beheer indien die egpaar se domisilie ten tyde van huweliksluiting gedurende die huwelik verander. Behoort hulle onderskeie eiendomsregte beheer te word deur die reg van die vroeëre of latere domisilie?

---

11 Woolf *A room of one's own* (1928) 5.

Savigny het die teorie ondersteun dat 'n stilswyende ooreenkoms tussen die voormalige gades bestaan dat die huweliksgoedereg onveranderlik deur die reg van die domisilie (ten tyde van die huwelksluiting en van die kontrak) beheer word.[12] In onder meer Argentinië, Oostenryk en Griekeland word altyd weer terugverwys na die reg van die vroeëre domisilie om die man en vrou se onderskeie regte op roerende goed te bepaal. Dit word onveranderlikheid van die regstelsel wat die huweliksbedeling bepaal, genoem. Waar die domisilie van die man soos dit van tyd tot tyd kan verander, regte op roerende goed beheer, word verwys na veranderlikheid van die regstelsel wat die huweliksgoederebestel bepaal. Die uiterste vorm hiervan is outomatiese en volkome veranderlikheid. Dit kom daarop neer dat die nahuwelikse verandering van die verbindingsfaktor – naamlik die domisilie van die verkrygende eggenoot – 'n outomatiese of selfs 'n terugwerkende verandering van die reg wat die huweliksbedeling beheers, teweegbring (Switserse model).

'n Variasie op hierdie tema is gedeeltelike veranderlikheid.[13] Gedeeltelike veranderlikheid verwerp die teorie van stilswyende ooreenkoms, en laat die reg van die bestaande domisilie toe om regte te bepaal, hoewel net vooruitskouend vir sover dit eiendom raak wat verkry is ná die verandering. Afgesien van die terugwerkende of nie-terugwerkende aanwending van die nuwe huweliksgoederebestel verskil regstelsels wat party-outonomie betref.

Onveranderlikheid funksioneer op twee vlakke: op interne vlak het dit op die huweliksgoederebedeling betrekking, en is die vraag of nahuwelikse kontrakte om huweliksvoorwaardekontrakte te wysig, toelaatbaar is.[14] Die *lex causae* vir die huweliksgoederebedeling mag nahuwelikse kontrakte toelaat terwyl dit steeds op interne vlak onaanvaarbaar kan wees.[15] Op internasionale vlak het die leerstuk betrekking op die regsisteem. In die Suid-Afrikaanse reg beteken dit dat, in afwesigheid van 'n kontrak, die vermoënsregtelike gevolge ten aansien van

---

12 *Private international law & the retrospective operation of statutes. A treatise on the conflict of laws* (vert Guthrie) (1880) 293–295 par 379.

13 Huber *Hedendaegse rechtsgeleerdheyt* (1686) 1 3 35; Arntzenius *Institutiones iuris Belgici de conditione hominum* (1783–1798) 1 2 26; Burge en Lorenzen tel onder die moderner skrywers wat van mening was dat die reg van die nuwe domisilie regte in eiendom daar verkry, behoort te reël; vgl Burge *Commentaries on colonial and foreign laws* 1 (1838) 626; Lorenzen *Selected articles on the conflict of laws* (1947) 148–149.

14 *Union Government (Minister of Finance) v Larkan* 1916 AD 212; *Honey v Honey* 1992 3 SA 609 (W) 610A–D waar die eiseres onsuksesvol op 'n kontraktuele wysiging van die aanwasbedeling tot algehele skeiding steun; onder meer ook Hahlo (1975) 305; Hahlo *The South African law of husband and wife* (1985) 148 159 283 ev; Barnard, Cronjé en Olivier *The South African law of persons and family law* (1990) 284. Vgl ook Douglas "Change of matrimonial property system without an order of court" 1991 *De Rebus* 205. *Contra* Sonnekus "Onderhandse wysiging van huweliksvoorwaardekontrak onaanvaarbaar" 1992 *TSAR* 683; Van Loggerenberg "Changing the matrimonial property regime in the case of spouses married under a foreign domiciliary law" 1987 *Obiter* 113.

15 A 21(1) van die Wet op Huweliksgoedere ingevolge waarvan daar 'n hofaansoek gebring mag word om verlof om die huweliksgoederebedeling te verander, is deel van die interne Suid-Afrikaanse reg, wat nie noodwendig die *lex causae* is nie (Forsyth *Private international law* (1990) 255–256).

roerende en onroerende eiendom (eenheidsbeginsel),[16] waar ook al geleë en wanneer ook al bekom, deur die reg van die man[17] se domisilie ten tyde van huweliksluiting[18] bepaal word, uitgesluit daardie regstelsel se internasionale privaatregsreëls[19] soos daardie reg van tyd tot tyd aangepas word.[20] 'n Verandering van domisilie verander niks hieraan nie.[21]

Die onveranderlikheidsleerstuk, soos die Romeins-Hollandse reg dit ken, manifesteer in die verwerping van die stilswyende ooreenkomsteorie wat 'n kontrak regtens veronderstel en dien ter illustrasie van Huber se stelreël dat geen staat arbitrêr sal weier om aan buitelandse reg werking te verleen net omdat hy by magte is om sy eie regskeusereël te formuleer nie.[22] As *ratio* vir die onveranderlikheidsbeginsel wys skrywers op die beskerming van die vrou, aangesien dit verhinder dat 'n eggenoot 'n arbitrêre besluit neem om van domisilie te verander en so 'n onaanvaarbare huweliksgoederebestel op sy vrou afdwing. Dit skep sekerheid vir die gades en derdes. As verdere redes doen Savigny aan die hand die onwilligheid van 'n man om aan 'n nuwe stelsel onderwerp te word wanneer sy verplasing teen sy sin en wil plaasvind en die feit dat die wetgewer waarskynlik nie beoog om sy statute op immigranthuwelike van toepassing te maak nie.[23] Onveranderlikheid verhinder dat 'n bestel verander

---

16 *Chiwell v Carlyon supra*. Savigny 292 par 379 het gemeen dat daar nie redelikerwys aangeneem kan word dat die gades bedoel om hulle eiendomsreëlings afhanklik te stel van die toevallige toedrag dat 'n deel van die boedel bestaan uit onroerende goed in die buiteland nie. Hy sê sy steun daaraan toe in belang van sekerheid.

17 "Domisilie" Regskommissie Werkstuk 20 Projek 60 (1987) 72. Die Wet op Domisilie 3 van 1992 laat die reël onaangeraak. Vgl in die algemeen Thomashausen "Reflections on 'domicile' as a connecting factor" in Strauss (red) *Huldigingsbundel vir WA Joubert* (1989) 164.

18 *Frankel's Estate v The Master supra*; *Sperling v Sperling supra* (teenoor *Ex parte Evans* 1943 OPD 7 en *Ex parte Marx* 1936 CPD 499).

19 *Renvoi* is uitgesluit in statusaangeleenthede ingevolge a 4 van die Wet op Domisilie 3 van 1992. Vgl ook *Frankel's Estate v The Master supra*, *Sperling v Sperling supra* en *Anderson v The Master supra*.

20 *Sperling v Sperling supra*. Vgl Spiro "Proprietary consequences of marriage and the conflict of laws" 1976 *THRHR* 22.

21 Sien oa Voet *Commentarius ad Pandectas* 4 23 87; Molinaeus *Concilia et responsa* (1568) 251 ev, Concilium 53 van 1525; *Blatchford's Executors* (1861) [1880–1882] EDC 365. Sien in die algemeen Boberg 1986 *Businessman's Law* 229; Hahlo (1975) 631 met verdere verwysing. Die onveranderlikheidsleerstuk is al verbind met die *Las Siete Partidas* IV tit II ley 24, 1265 (die *Siete Partidas* is 'n Spaanse streekskodifikasie wat aan Alfonso X toegedig kan word. Dit is ook vatbaar vir die interpretasie dat verkryging van eiendom na 'n verandering in domisilie nie geraak word nie). Vgl Juenger "Marital property and the conflict of laws: a tale of two countries" 1981 *Col LR* 1065 ev; Symeonides 1987 *Am J Comp L* 259.

22 Huber *Praelectiones juris Romani et hodierni* vol II Bk 1 Tit iii; Davies "The influence of Huber's de Conflictu Legum on English private international law" 1937 *Brit YB Int L* 49 65–66 ev. Die leerstukke van *vested rights* en *acquired rights* is deur Huber aangewend ter verklaring van die vraag hoekom vreemde reg toegepas word. As sodanig het dit al baie kritiek verduur. Die kritiek word saamgevat deur Kegel *International encyclopedia of comparative law* vol 3 hfst 3 par 11 12; sien ook Davies 1937 *Brit YB Int L* 59–60.

23 Savigny 294–296 par 379.

word elke keer as dit in die egpaar se finansiële voordeel sal wees of positiewe belastingimplikasies sal hê.[24] Bodenstein se siening is dat die moontlikheid van verandering net konflik kan veroorsaak.[25] Die voorbeeld van die ryk wewenaar wat met 'n jong vrou trou en direk daarna na Suid-Afrika toe kom vir gesondheidsredes dui ook op die rede waarom onveranderlikheid verkieslik geag word.[26]

Die onveranderlikheidsleerstuk laat nie ruimte vir ander regstelsels se beleid of hulle belange in die toepassing van hulle reg nie. Dit sluit moontlike interaksie tussen huweliksgoederebepalings en erfregbepalings uit. Daar word slegs ag geslaan op die een regstelsel met die beherende verband. Dit is selde so streng dat nahuwelikse wysiging heeltemal onmoontlik gemaak word. 'n Suiwer toepassing van die onveranderlikheidsleerstuk sal ook op interne vlak lei tot die vraag of die reg van die man se domisilie ten tyde van huwelksluiting nahuwelikse kontrakte erken.[27] Die Suid-Afrikaanse regspraak dui wat dít betref op 'n gekwalifiseerde toepassing van die leerstuk.[28]

2 1 Veranderlikheid in die *common law* en die hibriede reg van Louisiana

Die Engelse reg verleen aan die partye die bevoegdheid om die toepaslike reg aan te wys. Die huwelik sê nie eiendom outomaties aan die een of die ander toe nie. Daar is geen enkele voortdurend-toepaslike bepaling wat die statutêre huweliksgoederebestel en die gades se onderskeie regte op huweliksgoedere omskryf nie. Gades is vry om hul eiendom te reguleer deur self 'n bedeling te ontwerp solank dit met Engelsregtelike openbare beleid strook. Waar hulle geen reg uitdruklik of by implikasie aanwys nie, of nie daaroor saamstem nie, word die stilswyende bedoeling geag te wees dat die reg van die huweliksdomisilie (man se domisilie) ten tyde van huwelksluiting die toewyser van regte op roerende goed moet wees. Die Engelse regskeusereël is in ooreenstemming met die leerstuk van splitsing en onderskei dus tussen roerende en onroerende goed. Ten aansien van onroerende goed bestaan daar 'n onwilligheid om enige ander reg as die *lex situs* toe te pas (Engelse howe het geen jurisdiksie om oor die regte

---

24 *Frankel's Estate v The Master supra* 221J.

25 Vgl Bodenstein "The validity of pacts between husband and wife" 1917 *SALJ* 22; *Honey v Honey supra* 612H–613C.

26 *Re Egerton's Will Trusts* [1956] Ch 593.

27 Meerdere skrywers is dit eens dat die domisiliêre reg die nahuwelikse kontrak moet toelaat. Volgens Savigny 297 par 379 moet die reg van die domisilie ten tyde van die donasie dit toelaat, al is onroerende goed wat elders geleë is, geskenk. Hy val terug op die behoud van die morele reinheid van die huwelik. Thomashausen 1985 *De Rebus* 167 169; Van Loggerenberg 1987 *Obiter* 113.

28 *Ex parte Evans supra* en *Ex parte Marx supra* steun die toepassing van die reg van die domisilie soos dit van tyd tot tyd verander (*qua* die reg van die domisilie ten tyde van verlyding van die kontrak of toepassing van die bestel wat gegeld het net voor die egpaar hulle in Suid-Afrika gevestig het). Vgl Silberberg "The determination of the matrimonial property rights and the doctrine of immutability in the conflict of laws" 1973 *CILSA* 353 356–358 en sy kritiek op die veranderlikheid soos hierdie uitsprake dit weergee; Forsyth 255–256; Thomashausen "Some problems in the application of South African private international law" 1984 *CILSA* 84–86; teks by vn 55 en 56.

op onroerende goed in ander lande te beslis nie). Regte op roerende goed word deur die reg van die partye se eertydse domisilie bepaal en bly onveranderd nadat 'n nuwe domisilie verkry is tensy omstandighede onweerlegbaar ten gunste van 'n ander stelsel spreek.[29]

In Amerika reël die verskillende regsisteme die uitwerking van die huwelik op huweliksgoedereregte op uiteenlopende wyses. Die potensiaal vir regskonflik is groot en dit het die ontwikkeling van nuwe regskeuseteorieë genoodsaak. Eksperimentering hou met beleidsgerigte benaderings rekening.[30] Die stilswyende bedoelingsteorie is vanuit die staanspoor as 'n fiksie verwerp. Die gedeeltelike (vooruitskouende) veranderlikheidsleer geld sedert die dae van *Saul v His Creditors*.[31] In afwesigheid van 'n huwelikskontrak (waarin verskillende bates aan verskillende regstelsels onderwerp mag word) beteken 'n verandering van domisilie dat die reg van die huweliksdomisilie net daardie roerende goed beheers wat alreeds by huweliksluiting verkry is. Goed wat later verkry is met 'n inkomste wat nie teruggevoer kan word na eiendom verkry in die vorige domisilie nie, is onderworpe aan die reg van die partye se domisilie ten tyde van die verkryging, of van die verkrygende gade se domisilie indien die gades verskillende domisilies het. Die *lex situs* word toegelaat om dit te veto, veral in geval van onroerende goed. Die leerstuk van oorsprong ingevolge waarvan belange in die nuut verkreë bates belange in die eiendom waarmee dit verkry is weerkaats, speel dus ook 'n rol. Daar is vandag heelwat *common law* neerslae op die *civil law* onderbou van die Louisiana kode. Weens Louisiana se reg se gemengde herkoms, sny die benadering tot huweliksgoederekonflik deur al vier pole van die assestelsel: veranderlikheid, onveranderlikheid, roerende en onroerende goed. Die nuwe kodifikasie[32] se Boek IV, Titel III, artikels 3523–3527 fokus op die eiendom wat ter sprake is in die konflik eerder as op die gades. Die beginsel van veranderlikheid is in unilaterale vorm vervat in artikel 2334 en die *Burgerlike Wetboek* van 1870. Artikel 2334 bepaal dat 'n gemeenskap van aanwas en van wins (*acquests and gains*) van toepassing is op gades wat in Louisiana gedomisilieerd is ongeag hul domisilie ten tyde van huweliksluiting of die plek waar hul huwelik voltrek is. Die reg van Louisiana reël die regte op alle bates,

---

29 In die Engelse reg is die uitwerking van 'n verandering van die huweliksdomisilie op huweliksgoedereregte steeds 'n ope vraag. Dicey en Morris *The conflict of laws* (vol 2), die invloedrykste Engelse teks, het in die verlede veranderlikheid, soos deur gevestigde regte gekwalifiseer, onderskryf (vgl bv (1987) 1068). Die nuutste uitgawe doen nou aan die hand dat presedent en beleid die onveranderlikheidsleerstuk steun (vgl (1993) 1081–1082). Cheshire en North *Private international law* (1992) 869 ev steun veranderlikheid soos gekwalifiseer deur "vested rights", maar slegs as beide eggenotes hulle huweliksdomisilie prysgee. Sien ook Nygh *Conflict of laws in Australia* (1991) 380 ev; Wolff *Private international law* (1977) 359; Graveson *Conflict of laws Private international law* (1974) 355 ev 360. *Lashley v Hog* (1804) 4 Paton 581 en *De Nicols v Curlier* [1900] AC 21 is die veelbesproke sake in dié verband.

30 Davie "Matrimonial property in English and American conflict of laws" 1993 *ICLQ* 857.

31 5 Mart (n s) 569 (La 1827).

32 Louisiana Private International Law Codification (State of Louisiana) Act 923 1991.

ook bates wat verkry is voor die verandering in domisilie.[33] In hierdie opsig lyk dit na volkome en terugwerkende veranderlikheid. Artikel 2339 van die *Burgerlike Wetboek* kodifiseer die beginsel van party-outonomie in alle aangeleenthede wat nie in stryd met openbare beleid is nie, en laat gades wat hulle in Louisiana vestig toe om gedurende die eerste jaar nadat hulle daar gaan woon het 'n huweliksooreenkoms sonder die toestemming van die hof te sluit. Artikel 3523 van die nuwe kode het belangrike nawerking ten opsigte van roerende goed en laat die reg van die domisilie van die verkrygende eggenoot ten tyde van die verkryging toe om regte en verpligtinge te reël waar die kode geen bepaling tot die teendeel bevat nie. Ten opsigte van onroerende goed is daar geen soortgelyke bepaling nie. Die uitsonderings wat in Louisiana ten opsigte van gedeeltelike veranderlikheid geld, kan soos volg saamgevat word: sekere eiendom val steeds onder totale en terugwerkende veranderlikheid (artikel 3523 van die nuwe kodifikasie saamgelees met artikel 2334 van die 1870-*Wetboek*); die toepassing van die vorige domisiliêre reg word gemagtig en nuwe intrekkers mag ooreenkom dat hulle vorige bestel deels of in geheel behoue bly, of vooruitskouend of terugwerkend verander of vervang moet word.

In die algemeen laat die Amerikaanse reg gevestigde regte onaangeraak[34] omdat bestaande belange geag word "onveranderlik" te wees. Die ongekwalifiseerde aanwending van die volkome veranderlikheidsleerstuk vernietig gevestigde regte en word daarom nie bepleit nie.[35] Die reg van Wisconsin gee byvoorbeeld aan die hof 'n billikheidsdiskresie om huweliksgoedere sonder kwalifikasie te verdeel in ooreenstemming met die reg van die staat van die huweliksdomisilie ten tyde van die verkryging.[36]

In state wat gedeeltelike veranderlikheid aanhang, is die beginsel dat verkrygings voor die verandering in domisilie beheer word deur die reg van die vorige domisilie, ook aan kwalifikasie onderworpe. Indien daar op die reg van die nuwe domisilie gesteun word teenoor derdes, kan die ou reg nie opgeroep word nie en bly state se toepassing van hulle eie reg grondwetlik korrek.[37] In sekere Kanadese provinsies word, in afwesigheid van 'n uitdruklike of stilswyende kontrak, roerende goed wat verkry is nadat van domisilie verander is, beheer

---

33 Vgl *In re Estate of Crichton* 281 NYS 2d 811, 228 NE 2d 799 (1967) 804 oor die toepassing van Louisiana se reg waar die potensiële *lex causae* vyandig staan teenoor Louisiana beleid. Hierdie bepaling word beskou as die statutêre uitdrukking van staatlike belang.

34 Vgl *Saul v His Creditors supra*; *Re Thornton's Estate* 33 P 2d 1 (1934). *American restatement (second) of the law, conflict of laws* (1971) 258; Juenger 1981 *Col LR* 1066 ev; Juenger "Conflict rules for marital property" 1987 *Am J Comp L* 255; in die algemeen ook Cheshire en North 869 ev; Nygh 383 met verdere verwysing. Nygh steun die Amerikaanse benadering solank die nuwe huweliksdomisilie die gesamentlike tuiste van die egpaar is, en die reg van die nuwe huweliksdomisilie die verandering toelaat.

35 Wolff 361–363. In Amerika is volkome veranderlikheid in die dertigerjare as strydig met die *due process* klousule in die Federale en staatlike konstitusies bevind; vandag is dit onwaarskynlik dat so 'n bevinding gemaak sal word (vgl Juenger 1981 *Col LR* 1075 vn 97).

36 Wis Stat Ann par 767.255.

37 Symeonides 1987 *Am J Comp L* 272–273.

deur die reg van die nuwe domisilie, en ongeag van waar die goed geleë is. As rede word aangegee dat geen gevestigde regte kan bestaan ten aansien van toekomstige verkrygings nie.[38]

Sedert die promulgasie van die Family Law Reform Act van 1978[39] in Ontario word die huweliksgoedereregte van die partye (nie net getroude pare nie) bepaal deur die reg van hulle laaste gemeenskaplike gewoonlike verblyf.[40] Artikel 15 van die Family Law Act van 1993 bepaal dat die eiendomsregte of gelykmakingaansprake (*equalization claims*) van partye in sowel roerende as onroerende goedere wat uit die verhouding ontstaan, beheer word deur die interne reg van die plek waar beide partye hulle laaste gemeenskaplike vaste verblyf gehad het. Indien hulle geen gemeenskaplike verblyf gehad het nie, vind die reg van Ontario aanwending.[41] Indien die *lex fori* die eiendomsreg en verdeling beheer, mag die waarde van onroerende goed in die vreemde in aanmerking geneem word by verdeling. Presedente van hofbevele ten opsigte van onroerende goed in die vreemde bestaan ook.[42] Artikel 15 respekteer nie die onderskeid tussen die geval waar daar 'n kontrak (sogenaamde *domestic contract*) gesluit is en waar daar geen kontrak gesluit is nie.

In Australië word die huweliksgoederebestel ten opsigte van roerende goed beheer deur die reg van die domisilie ten tyde van die huweliksluiting in afwesigheid van 'n kontrak tot die teendeel. Die huweliksgoedereregten aansien van onroerende goed word beheer deur die uitdruklike huwelikskontrak vir sover die *lex situs* dit toelaat en totdat dit kontraktueel gewysig word. Indien daar geen kontrak gesluit is nie, word dit beheer deur die *lex situs*. Die Australiese howe mag ingevolge artikel 79 van die Family Law Act van 1975 aanpassings maak in eiendomsbelange of gevestigde regte wat verkry is ingevolge vreemde reg. Hulle behou 'n diskresionêre bevoegdheid om die resultaat van toepassing van die *lex fori* (dikwels as *lex domicilii* ten tyde van verkryging) aan te pas sodat regte verkry onder 'n vroeëre toepaslike reg behoue bly. Die Australiese hof het

---

38 Castel *Conflict of laws* (1988) 7–33 7–43.

39 RSO 1980 c 152. Die Family Law Acts van 1986, 1990 en 1993 laat a 15, die regskeuse-reël wat geld in afwesigheid van *domestic contracts*, onveranderd.

40 'n Ooreenkoms wat die *prima facie* regte wysig, is voor die Family Law Act 1990 daardie effek gegee wat die *lex causae* vir die huweliksgoederevraag toelaat. Waar uitkontraktering uit die basiese operatiewe reëls toegelaat is deur die *lex causae* vir die huweliksgoederevraag, is die *lex causae* toegepas om regte op sowel roerende as onroerende goed te bepaal, behalwe vir sover dit onversoenbaar was met die kontraktuele regte wat deur die *proper law* van die kontrak geskep is: *Sinnett v Sinnett* (1980) 15 RFL (2d)115 (Ont Co Ct); Castel 7–53 ev. Sedert 1990 is die onsekerhede in kontraktuele interpretasie wat hierdeur veroorsaak is uit die weg geruim (a 2(9) 2(10) 58). 'n Bepaling in 'n *domestic contract* wat 'n aangeleentheid reël wat deur die wet gedek word, mag deel gemaak word van 'n hofbevel. Voorts is so 'n bepaling geldig tensy die wet uitdruklik anders bepaal. Nietemin bly uitsprake wat ingevolge die vroeëre wetgewing gegee is waardevol vir provinsies waar wetgewing analoog aan die Family Law Reform Act 1978 is.

41 Vgl Bissett-Johnson en Holland *Matrimonial property law in Canada* (1980) vol I sub "Ontario" O-85 – O-88; MacDonald en Wilton *The annotated Family Law Act* 1993 (1992) 15 par 4.

42 MacDonald en Wilton 15 par 6 met verdere verwysing.

jurisdiksie om 'n bevel te maak ten aansien van oorsese goedere mits die party binne sy gebied woonagtig is. As die party nie daar woon nie, moet die bevel andersins oorsee afdwingbaar wees of moet daar ander dwingende redes wees om jurisdiksie te aanvaar. Natuurlik moet bevele ten aansien van bates in die buiteland ooreenstem met die huweliksgoederebestel van die *lex situs*.[43]

2 2 Die Haagse Konvensie van 1976

Die 1976 Haagse Konvensie[44] beklemtoon die *nexus* van gemeenskaplike vaste verblyf en skryf aan die *situs* van onroerende goed 'n mate van belang toe (artikel 3 en 4). Die *lex situs* mag gekies word om sommige van die onroerende goed te beheer in die hede of in die toekoms. Erkenning word verleen aan gedeeltelike veranderlikheid waar dit so uitgedruk is deur die partye – egpare mag ter vervanging van die vroeëre toepaslike reg (artikel 6) die reg van die plek waarvan hulle burgers is, of waar hulle gewoonlik woonagtig is, of in geval van onroerende goed die reg van die *situs* gedurende die huwelik aanwys om hulle huweliksgoederebestel te reël. Waar die gades nie die toepaslike reg aangewys het nie en ook nie 'n huwelikskontrak gesluit het nie, mag 'n verandering van vaste verblyf 'n vooruitskouende verandering in hulle huweliksgoederebedeling ten gevolg hê mits die verplasing "betekenisvol genoeg" is, byvoorbeeld 'n verandering van sowel burgerskap as verblyf behels (artikel 7) of indien hulle vir tien jaar in hulle nuwe tuiste gewoon het. Dieselfde geld indien partye nie hulle eerste gewoonlike verblyf in dieselfde land gehad het nie. Beperkte veranderlikheid word dus hier onderskryf.

Die meeste bepalings van die konvensie is onnodig ingewikkeld en bring mee dat meerdere regstelsels die ontbinding van die huwelik kan beheer.[45]

2 3 Migrasie vanaf *common law* sisteem na 'n sisteem van gemeenskap van goedere

Gevestigde regte verskil soos egpare tussen regsfamilies en -stelsels beweeg. Migrasie vanaf 'n sisteem wat van regsweë gemeenskap van goed uitsluit na 'n binne gemeenskap van goedere sisteem het aanleiding gegee tot die ontwikkeling van verskillende tegnieke in die strewe na 'n bevredigende oplossing. Wolff[46] gee te kenne dat die *common law* stelsel *ex nunc* deur gemeenskap van roerende goed vervang word wanneer daar na 'n land met universele gemeenskap beweeg word en dat bestaande eiendomsregte verander. Een van die basiese benaderings tot hierdie problematiek kan die "speurmetode" genoem word.

---

43 Nygh 386. A 104 Family Law Amendment Act 1983 gee aan die Family Court magte om 'n huweliksgoederebevel te maak waar egskeiding elders plaasvind en Australië die bevel as geldig erken. Aparte egskeidings- en huweliksgoederejurisdiksie is te verwelkom in 'n land met 'n groot migrerende bevolking.

44 Hague Convention on the Law Applicable to Matrimonial Property Regimes 1976 *Netherlands Int LR* 398.

45 Sien in die algemeen Hoge Raad 27 3 1981 *Nederlandse Jurisprudentie* (1981) 335; Lipstein "One hundred years of Hague conferences on private international law" 1993 *ICLQ* 588–590.

46 326.

Tipering van eiendom as gemeenskaplike of eiegoed, asook "verdeling" van eiendom by egskeiding en dood geskied ooreenkomstig die reg van die plek waar die egpaar hulle huwelikslewe deurgebring het. Verdeling verwys hier na die vasstelling van die onderskeie regte van die voormalige gades op die eiendom – 'n feitelike verdeling vind nie noodwendig plaas nie. Die "tradisionele benadering" verwys na die reg van die voorgaande domisilie om die bates te klassifiseer of te tipeer as eiegoed of gemeenskaplike eiendom, terwyl die reg van die nuwe domisilie die onderskeie regte bepaal.

In Kalifornië en Arizona gebruik die howe die konsep "quasi-gemeenskap", wat dit moontlik maak om bates verkry terwyl die egpaar in 'n *common law* staat gedomisilieer was, te verdeel asof dit gemeenskaplike bates is. Die "quasi-gemeenskapbenadering" pas in sowel tipering as verdeling van die eiendom die reg van die nuwe domisilie toe.[47] Dit is 'n oorvereenvoudigde *forum*-gerigte benadering wat die egskeidingshof magtig om die *lex fori* op alle aangeleenthede en op alle eiendom toe te pas. Louisiana se reg, wat die bestaan van 'n vorm van gemeenskap van goed veronderstel, is 'n meer gesofistikeerde weergawe hiervan. Artikel 3526 van die nuwe kodifikasie bepaal effektief dat klassifikasie ingevolge die *lex fori* moet geskied asof die egpaar op alle kritieke tye daar gedomisilieerd was. Eiendom wat as gemeenskaplike eiendom geklassifiseer word ingevolge Louisiana reg moet ingevolge dié reg om die helfte verdeel word. Die reg van die plek waar die verkrygende eggenoot gedomisilieer was ten tyde van die verkryging (dit wil sê vreemde reg) word net aangewend vir verdelingsdoeleindes: ten aansien van eiendom wat ingevolge die *lex fori* as aparte eiendom tipeer word, het elke party al daardie regte, in waarde, wat hy of sy ingevolge die totale vreemde reg sou gehad het.[48] Hierdie metode word ook in geval van dood gevolg as die oorledene by sy of haar afsterwe in Louisiana gedomisilieerd was. In Kalifornië beperk sogenaamde uitgebreide veranderlikheid die nadelige uitwerking wat gedeeltelike veranderlikheid en die leerstuk van oorsprong in geval van afsterwe kan hê.[49] In 'n 1967-beslissing van die Arizona hooggeregshof[50] het die hof dit juis en regverdig geag om (onroerende) eiendom wat uit fondse wat in Illinois ('n *common law* staat) bekom is, gelykop te verdeel ten spyte van 'n verbod op die afstanddoening en donasie van afsonderlike eiendom in die reg van Arizona. Die wetgewing en regspraak van Illinois is ondersoek om seker te maak dat so 'n beslissing daar 'n behoorlike een sou wees. Na hierdie beslissing is die konsep van "quasi-gemeenskap" in wetgewing

---

47 Symeonides 1987 *Am J Comp L* 274 ev; *Addison v Addison* 399 P 2d 897 (1965); 23 Uniform Disposition of Community Property Rights at Death Act 8 *Uniform Laws Ann* 61 (1972); *Rau v Rau* 6 Ariz App 362, 432 P 2d 910 (1967).

48 Vgl die 1991 New Louisiana International Law Codification (State of Louisiana) Act; Symeonides 1987 *Am J Comp L* 279–281; Symeonides "Private international law codification in a mixed jurisdiction: the Louisiana experience" 1993 *Rabels Zeitschrift für ausländisches und internationales Privatrecht* (*Rabels*) 486 ev.

49 Juenger 1981 *Col LR* 1074–1075.

50 *Rau v Rau supra* 912.

vervat.[51] Die hof het dus die situasie hanteer deur die veranderlikheidsreël uit te brei.

Dit blyk dus dat die oplossing verfyn kan word om die stelsel voor te skryf wat die klassifikasie van eiendom moet beheer. Die aanpassings wat die basiese teorieë ondergaan het, kan nogtans beteken dat die nie-verdienende eggenoot oorbeskerm word waar die vroeëre domisiliêre reg se erfregbepalings oor die langslewende se wettige erfdeel (uit hoofde van die *lex ultimi domicilii*-reël) en die Louisiana kode kumulatief toegepas word.[52] Wanneer daar van 'n sisteem van gemeenskap van goedere beweeg word na 'n *common law* sisteem van skeiding van goed, is die potensiaal hiervoor feitlik afwesig.

2 4 Migrasie vanaf 'n *common law* sisteem na Suid-Afrika

In die Suid-Afrikaanse reg vind 'n gemeenskap van goedere van regsweë toepassing in afwesigheid van 'n reëling tot die teendeel. Die aanwasbedeling is 'n kontraktuele bedeling wat eers in 1984 statutêr verwoord is. Gemeenregtelik was aanwasdeling[53] ook 'n kontraktuele moontlikheid, maar dit was onbekend en onderbenut. Die kontraktuele huweliksgoederebedeling streng buite gemeenskap van goedere was voor 1984 meer algemeen. Soos die reg van Louisiana, veronderstel Suid-Afrikaanse reg die bestaan van gemeenskap van goed. Daar is reeds verwys na die onderskeid tussen die huweliksgoederebestel wat ingevolge 'n geregistreerde en notarieel verlyde huweliksvoorwaardekontrak teenoor derdes geld en die bestel wat ingevolge 'n ongeregistreerde huweliksvoorwaardekontrak *inter se* geld.[54] Terwyl die bedeling streng buite gemeenskap van goedere teenoor derdes kan wees, kan *inter se* 'n aanwasbedeling geld. Die vraag is of 'n verandering in bestel wat ook teenoor derdes sal geld op die huwelik van toepassing gemaak kan word bloot deur 'n domisilie van keuse in Suid-Afrika te vestig. 'n Ander vraag is of 'n artikel 21(1)-hofbevel sedert 1984 die enigste moontlikheid is, ook vir buitelanders.[55]

---

51 Ariz Rev Stat Ann par 25–318 (West Supp 1980–1981); Juenger 1981 *Col LR* 1075.

52 Symeonides 1987 *Am J Comp L* 280 283–284. Aanpassing van die erfreg, dws om kennis te neem van die langslewende se huweliksgoedereregte, is dus nie die enigste oplossing soos Dicey en Morris (1993) 1087 beweer nie.

53 Die aanwasbedeling het 'n vaste helfte-helfte verdeling tot gevolg. A 3 van die Huweliksgoederewet 88 van 1984 bepaal uitdruklik dat middele of rykdom gedeel moet word deur die gades in vaste aandele. Die boedel wat die kleinste aanwas toon, verkry 'n eis teen die ander gade se boedel vir die helfte van die verskil in aanwas.

54 *Spinazze v Spinazze* 1985 3 SA 650 (A) 656D–658D. 'n Standaard of stereotipe huweliksvoorwaardekontrak (hvk) word notarieel verly en geregistreer om teenoor derdes te geld terwyl 'n onderhandse kontrak net *inter se* en teenoor universele erfgename werking het.

55 Van Loggerenberg 1987 *Obiter* 111 ev argumenteer dat 'n a 21(1)-hofbevel (Wet op Huweliksgoedere 1984) die enigste manier is waarop voormalige buitelanders die bestel nahuweliks kan wysig en dat die hof 'n diskresie geniet om die regskeusereël wat na die reg van die man se domisilie tydens huwelksluiting verwys, toe te pas. Die *lex fori* gee die deurslag en verandering van domisilie of private ooreenkoms speel geen rol nie. Sien in die algemeen die redenasie op die interne vlak in Sonnekus 1992 *TSAR* 683 ev.

Artikel 21(1) het 'n mate van buigsaamheid verleen ten opsigte van huwelike na 1984 gesluit. Daar bestaan nie langer 'n absolute verbod op nahuwelikse kontraktuele wysiging van die huweliksgoedere bestel nie. Die moontlikheid van *informele nahuwelikse* wysiging van die huweliksgoederebestel, terugwerkend en/of toekomstig, geniet nie alle Suid-Afrikaanse kommentatore se steun nie, en die 1984-wet het aan die aard van die besware min verander.[56] Daar kan geargumenteer word dat die beletsel teen nahuwelikse wysiging van die huweliksgoederebedeling as 'n selfstandige reël van die interne huweliksgoedereregbeskou moet word.[57] Onderhandse wysiging van 'n huweliksvoorwaardekontrak is selfs al beskryf as 'n "wesenlike indruising teen die aard van die huwelik en verbandhoudende ooreenkomste", en as ontoelaatbaar omdat dit lukraak sou wees.[58]

Volgens Douglas doen die *governing system* wat teenoor derdes geld nie afbreuk aan die effektiwiteit van 'n informele verandering van die huweliksbestel nie, mits die gades se handelingsbevoegdheid nie daardeur verander is nie.[59] Hy

---

56 Hahlo (1985) 159 283 en Silberberg 1973 *CILSA* 358–359 meen dat 'n (geregistreerde) kontrak noodsaaklik is en dat die hvk net verander kan word deur 'n geregistreerde kontrak wat onderworpe is aan regterlike kontrole, aangesien dieselfde doel so bereik word as met die onveranderlikheidsleer. Vgl in die algemeen ook *Honey v Honey supra* 611–613 waar die hof die toelaatbaarheid van onderhandse nahuwelikse kontrakte in belang van derdes teenstaan.

57 Die argument lui dat die gemeenregtelike norme van skenkings tussen gades en die gemeenregtelike beletsel teen wysiging van die huweliksgoederebedeling (hvk of gemeenskap van goed) tydens die huwelik nie uitsluitlik van mekaar afhang nie. Die herroeping van die verbod op skenkings (a 22 Wet op Huweliksgoedere 1984) beteken nie in sigself dat die beletsel teen nahuwelikse kontrakte (en die *ratio* vir onveranderlikheid) verval het nie. Onder die gemeenregtelike skrywers wat die verbod voorgehou het as rede vir die onveranderlikheid tel Groenewegen *De Leg Abr* 4 29 11; Van Leeuwen *Het Rooms-Hollands regt* 4 24 12. Vgl die standpunte van Silberberg 1973 *CILSA* 338 355 362 wat meen dat die verandering *ex tunc* is na herroeping van die verbod op donasies; Hahlo (1975) 631 vn 463; Douglas 1991 *De Rebus* 206–207 211. Daar is oortuigende redes waarom die verandering van 'n huweliksgoederebestel van buite gemeenskap na binne gemeenskap van goed (of andersom) selfs nie destyds as 'n donasie aangemerk kon word nie al word daar aanvaar dat donasies wat gemaak is tussen persone wat buite gemeenskap getroud was voor 1984, en wat vernietigbaar was, na die wetswysiging geldig en afdwingbaar geword het (*Union Government v Larkan supra* 231; Barnard *et al* 234–235; Silberberg 1973 *CILSA* 360–362). Bodenstein 1917 *SALJ* 11 beskou die afwysing van 'n voordeel wat nog nie bekom is nie, nie as 'n skenking nie. Van Rensburg 1991 *De Rebus* 289 se siening is dat 'n informele verdelingsooreenkoms tussen 'n egpaar wat voor 1984 buite gemeenskap van goedere getroud is, vernietigbaar en onafdwingbaar is totdat verdeling plaasgevind het. Sonnekus 1992 *TSAR* 685 verwys na die onbestendigheid van skenkings tussen egliede wat oa deur die dood van die skenker bestendig kon word. Douglas 1991 *De Rebus* 209 ev ontken dat daar voor ontbinding van die huwelik 'n vorderingsreg op aanwasdeling bestaan wat geskenk kan word. Die potensiële nadeel vir skuldeisers (Bijnkershoek *Obs Tum* 2 obs 1604; 4 obs 3156) werk mee om veranderlikheid op interne vlak te inhibeer (Sonnekus 1992 *TSAR* 687; Silberberg 1973 *CILSA* 364).

58 Sonnekus 1992 *TSAR* 685. Hy steun oa op die beginsel van *pacta sunt servanda* en beginsels van goeie trou en redelikheid (688–689).

59 Douglas 1991 *De Rebus* 206–207 209 ev meen dat die Suid-Afrikaanse reg dit aan 'n kontrak oorlaat om die vermoënsregtelike gevolge van die huwelik vas te stel, totdat 'n

vervolg op volgende bladsy

beskou wedersydse toestemming (afgesproke of onderlinge wysiging) voldoende om die huweliksgoederebestel te wysig van 'n bestel wat gemeenskap en aanwas (*stante matrimonio*) uitsluit tot 'n bestel wat aanwasdeling (by ontbinding) insluit.

Volgens Douglas se perspektief sou 'n mens soos volg kon redeneer: Die *common law* sisteem laat herverdeling in bepaalde omstandighede by ontbinding van die huwelik toe, terwyl die Suid-Afrikaanse aanwasbedeling in alle omstandighede meebring dat boedelaanwas by ontbinding gedeel word. 'n Oorskakeling (ingevolge 'n onderlinge ooreenkoms of net in die sin van migrasie vir sover dit geag kan word 'n stilswyende ooreenkoms daar te stel) laat die handelingsbevoegdheid van die partye onaangeraak sodat derdes nie benadeel word nie en bevestig die bestaan van 'n *prima facie* reg om die aanwasbedeling aan te neem sonder registrasie van 'n kontrak of die hof se toestemming ingevolge artikel 21 Wet 88 van 1984.[60] Hulle sou slegs met mekaar hoef af te spreek om in mekaar se boedelaanwas te deel. Suid-Afrikaanse regspraak stel in ieder geval nie die vraag of die potensieel toepaslike *lex causae* nahuwelikse wysiging toelaat nie. Teen hierdie agtergrond gesien, herinner artikel 7(9) aan die Arizona-hof se beslissing in 1967 voordat die veranderlikheidsleerstuk aangepas is om gevestigde regte na behore te respekteer (die artikel sluit immers nie ontwikkeling van 'n leerstuk van gedeeltelike verandering uit nie). Indien effektief voorsiening gemaak word vir die beskerming van skuldeisers wat geen kennis van die nuwe bedeling ontvang het nie, deur aan hul eise voorrang te verleen, bly daar nie veel oor wat teen veranderlikheid aangevoer kan word nie.

Wat Suid-Afrikaanse regspraak in internasionale sake betref (en min het sedert April 1992 verander), is daar nie veel oor die onveranderlikheidsleerstuk uitgewei nie. In sake soos *Milbourn v Milbourn*[61] en *Bell v Bell*[62] was die egpare in Engeland gedomisilieer ten tyde van huweliksluiting. In beide gevalle eis die eiseresse oordrag van gedeeltes van hul gades se bates. In geen een van die twee gewysdes is die verdeling aan die reg van die nuut verkreë domisilie (Suid-Afrika) oorgelaat nie. Die onveranderlikheidsleerstuk word in *Milbourn* se saak bloot geïmpliseer, en omdat Engelse wetgewing nooit gepleit is nie, word geen erkenning daaraan verleen nie. In die beslissing *Bell v Bell* word uitdruklik daarna verwys.[63] In die geval van *Lagesse v Lagesse*[64] is die partye getroud terwyl die man in Mauritius gedomisilieerd was, sonder om 'n formele voor- of nahuwelikse kontrak te sluit voor 'n notaris of andersins. In die kantlyn

---

nuwe kontrak na die huwelik opgetrek word. Partye geniet 'n groot mate van party-outonomie in die beskrywing van watter bates eiegoed sal bly en die omvang van die aandele waarin hulle sal deel. Die belang wat 'n egpaar daarin het om hulle vermoënsregte *inter se* te bepaal en 'n belofte van 'n donasie van bepaalde omvang op 'n vaste datum aan mekaar te maak, benadeel nie onkundige en misleide skuldeisers teenoor wie die *governing system* geld meer as enige ander soort donasie nie.

60 Sien in die algemeen Douglas 1991 *De Rebus* 208–209.

61 1987 3 SA 62 (W).

62 1991 4 SA 195 (W).

63 Vgl die aanhaling uit die *Sperling*-saak *supra* 197C 220A.

64 1992 1 SA 173 (D).

van die huweliksertifikaat is bloot verwys na die Mauritiusse Ordonnansie wat gemeenskap van goed uitsluit. Artikel 7(3) se kontraksvereiste word geag bevredig te wees en die herverdeling van bates word oorgelaat aan die reg van die nuut gevestigde domisilie (Suid-Afrika). Die reg van Mauritius, as die reg van die plek waar die egpaar aanvanklik gedomisilieerd was, maak voorsiening daarvoor dat gemeenskap van goedere geld in afwesigheid van 'n kontrak of 'n verklaring ingevolge die Status of Married Women Ordinance 50 van 1949. Die klassifikasie van eiendom in die Suid-Afrikaanse en Mauritiusse reg kom dus ooreen ('n bedeling van gemeenskap van goedere geld van regsweë). Daar word na die reg van Mauritius verwys om die huweliksgoederebedeling aan te dui (Mauritius se reg is in relevante opsigte deur Franse reg beïnvloed sodat dit 'n ware hibriede stelsel is). 'n *Forum*-benadering word egter ten aansien van die verdeling gevolg. Steun vir die veranderlikheidsleerstuk kan nie sonder meer hieruit afgelei word nie omdat 'n veel nouer verwantskap bestaan tussen die regsinstellings in Suid-Afrika en dié van Mauritius, as met suiwer *common law* stelsels.

In die lig van al die voorgaande kan dus gesê word dat die onveranderlikheidsleerstuk as riglyn[65] op internasionale vlak in Suid-Afrika aanvaar behoort te word terwyl die *kwalifikasies daarop* in gedagte gehou moet word. Die moontlikheid bestaan dat die partye lank reeds alle kontak met hulle eerste domisiliêre reg en met die sosiale milieu van die eerste domisilie verloor het. Wanneer die bestaande verbindingsfaktor deur ander kontakpunte verdring word, is dit tyd dat belange hergeëvalueer word. Dit is egter duidelik uit die voorgaande dat die veranderlikheidsleerstuk en die leerstuk van skeiding ineengestrengel is. Savigny het gemeen dat daar nie redelikerwys aangeneem kan word dat die gades bedoel om hulle eiendomsreëlings afhanklik te stel van die toevallige toedrag van sake dat 'n deel van die boedel bestaan uit onroerende goed in die buiteland nie. Hy sê sy steun aan die eenheidsbeginsel toe in belang van sekerheid.[66] In Suid-Afrika word die eenheidsbeginsel nie ernstig bevraagteken nie[67] en die *lex situs* se rol ten opsigte van vreemde onroerende huweliksgoedere is beperk (hoewel 'n kontraktuele keuse van 'n bestel wat nie deur die *lex situs* toegelaat word nie, ongeldig sal wees). Die splitsingsleerstuk vergemaklik geensins die verdeling van huweliksgoedere nie. Of die teoretiese basis van die eenheidsleerstuk 'n gesonder een is, soos Symeonides al te kenne gegee het,[68] kan nie in die bestek van hierdie ondersoek uitgeklaar word nie.

3 REGSKEUSEREËLS VIR ONDERHOUD

Regskeusereëls vir onderhoud kom nie noodwendig ooreen met die regskeusereëls vir vermoënsregtelike gevolge nie. Die reg van meer as een staat kan

---

65 Kruger 1992 *THRHR* 496 verwys na die "beginsel" om die aansprake van die partye op huweliksgoedere te klassifiseer as vermoënsregtelike gevolge van die huwelik.

66 Vgl Savigny 292 par 379.

67 In *Union Government (Minister of Finance) v Larkan supra* word die vraag na die geldigheid van die nahuwelikse kontrak bepaal deur die *lex situs*. Daar word ook uitsprake gemaak wat onversoenbaar is met *Chiwell v Carlyon supra* 219.

68 1993 *Rabels* 487.

toegepas word op verskillende aspekte van dieselfde saak omdat verskillende regskringe belange in verskillende aspekte van 'n saak kan hê en omdat daar graadverskille kan wees in die belange wat hulle in verskillende aspekte het.

Engelse howe pas Engelse reg toe wanneer onderhoudsbevele oorweeg word, ongeag die domisilie van die partye of enige ander faktor wat op die toepassing van 'n ander regstelsel dui.[69] In die Australiese reg is die regskeusereël vir onderhoud ondubbelsinnig: die *lex fori* beheer onderhoud.[70] Die Family Law Amendment Act van 1987 skei onderhoudsaspekte van huweliksgoederebevele deurdat geskeides nou 'n lewenslange jurisdiksionele reg het om vir onderhoud aansoek te doen.[71]

Malawiese reg skenk nie by verdeling van huweliksgoedere aan toekomstige onderhoudsbehoeftes aandag nie. Onderhoudseise moet ingevolge die Egskeidingswet gebring word en word dus deur die *forum* bepaal.[72]

Die Hague Applicable Law Convention van 1973 bepaal dat die reg van die land waar die skuldeiser sy of haar vaste verblyf het, toepassing moet kry.

Ingevolge Suid-Afrikaanse reëls word egskeidingsaksies, die gronde vir egskeiding, die voorwaardes tot verlening van 'n egskeidingsbevel en die eise bykomend hiertoe of verbandhoudend daarmee ingevolge die hof se eie reg beslis (*qua lex fori* of *lex domicilii*). Aangesien onderhoud (soos eise om toesig en beheer) 'n eis bykomend tot egskeiding is, is dit nog altyd beheer deur die *lex fori*[73] waar die Suid-Afrikaanse hof jurisdiksie het. Die hof mag 'n bevel ingevolge artikel 7(1) of 7(2) uitvaardig, ongeag die eggenoot se domisilie ten tyde van huweliksluiting. Of artikel 7(9) hierdie tradisionele stand van sake gekwalifiseer het, sal weldra duidelik word.

4 REGTERLIKE DISKRESIE EN STATUTÊRE HUWELIKSGOEDEREBEDELINGS

Die verlening van statutêre magtiging aan regsbeamptes om hulle diskresie te gebruik binne die grense van 'n statuut is 'n histories bekende verskynsel.[74] Die regterlike diskresie is daardie mag wat die reg aan die houer daarvan verleen om een moontlikheid te kies uit verskillende skakerings moontlike regmatige

---

69 Cheshire en North 714. Die enigste uitsondering is wette wat op wederkerigheid steun.

70 Nygh 389.

71 Vgl Bates "Reforming Australian matrimonial property law" 1988 *Anglo American LR* 46 ev; Kovacs *Family property proceedings in Australia* (1992); Wade "New impediments to achieving settlement of financial disputes under the Family Law Act" 1990 *Aust J Family L* 4.

72 *Cromar v Cromar* 440/86 MHC 4. Sien in die algemeen *Malinki v Malinki* 129/78 MCH; *Kayambo v Kayambo* 162/83 MCH; *Kayambo v Kayambo* 8/85 MSCA; *Nyangulu v Nyangulu* 108/82 MSCA.

73 Vgl die teks by en die verwysings in vn 7 *supra*.

74 Vgl oor die regterlike diskresie in *hard cases* Barak *Judicial discretion* (1989) 27 ev; Pound 1960 *NY Univ LR* 926; Cardozo *The nature of the judicial process* (1921); Hart *The concept of law* (1961); Dworkin "Natural law revisited" 1982 *U FLA LR* 168; Raz *The authority of law* (1979).

oplossings, en so 'n toedeling te maak binne die bestek van "aanvaarbare" bevele. Regterlike diskresie impliseer dat die regter nie meganies of arbitrêr mag optree nie maar moet weeg en toets. In die konteks van huweliksgoederebevele kan hy 'n bevel maak wat 'n algemene verduideliking van die toedeling van goed bevat, of een wat 'n matematiese formule bevat vir die berekening van aandele in kapitaalgoedere en onderhoud.[75]

Hoe versoenbaar is die *common law* huweliksgoederebestel met die konsep van die huweliksgoedereverhouding in die sisteem wat aan die vreemde huweliksgoederebestel erkenning wil verleen? Daar word in die algemeen vereis dat vreemde reg gedingsvatbaar moet wees alvorens die howe van die *forum* dit sal erken. Spiro sê:

> "A plaintiff seeking to enforce a foreign right can . . . demand only those remedies recognized by the forum, and the claim will not be defeated merely because those remedies are greater or less than those in the courts of the foreign country. But the remedies available must harmonize with the right according to its nature and extent as fixed by the foreign law: if the machinery by way of remedies available at the forum is so different to that in the foreign country as to make the right sought to be enforced a different right, that right will not be enforced by the court of the forum."[76]

Die konsep van 'n totale huweliksgoederebestel het nog nooit vat gekry op Anglo-Amerikaanse regsdenke nie. Die basiese beginsel van die ou Normandiërs het gebly: dat die huwelik op sigself geen invloed het op die gades se finansiële en sakeregtelike belange nie. Afsonderlike reëls word eerder ontwerp soos en wanneer politieke, sosiale en ekonomiese krisispunte dit noodsaak. Daar kan nietemin nie ontken word nie dat die huwelik wel gades se vermoënsregte beïnvloed, ook waar hulle nie gekontrakteer het nie, ofskoon dit eers by beëindiging van die huweliksverhouding manifesteer. Die regstelsels wat hier vergelyk word, het almal 'n belang daarby om die nie-verdienende eggenoot te beskerm teen die gevolge van beëindiging van die huweliksverhouding deur egskeiding of dood. Daar was nooit juis twyfel in die *common law* regstelsels dat die ongekwalifiseerde aanwending van die skeiding van goed onversoenbaar is met die regs- en sosiale instelling van die huwelik nie.[77] Die *common law* regstelsels het die beweging in die rigting van regterlike bevoegdheid tot aanpassing van huweliksgoedereregte goedgunstig bejeën. Op die een of ander wyse maak almal spesiaal voorsiening vir verdeling van huweliksgoedere en 'n vorm van winsdeling in hierdie goedere op die tydstip van egskeiding of dood, en sien toe dat langslewendes en voormalige eggenote wat finansieel of andersins tot die huwelik bygedra het in bepaalde omstandighede 'n aanspraak het op 'n gedeelte van die bates van 'n kapitale of inkomste-aard wat gedurende die bestaan van die huwelik verwerf is, en dat hulle in die algemeen versorg is. In *common law*

---

75 *Wachtel v Wachtel* [1973] 1 All ER 829 836C–H beskryf die huweliksgoedere as bestaande uit die kapitale bates (bates van kapitaal-produserende aard soos 'n huis) en bates van 'n inkomste-aard.

76 *Conflict of laws* (1973) 51.

77 Vgl bv die verwysings in Van Schalkwyk *Aspekte van die onderhoudsaanspraak tussen eggenotes met spesifieke verwysing na egskeiding* (LLD-proefskrif UP 1987) 200.

regstelsels word die aanspraak wat een eggenoot op die ander se "aparte eiendom" kan maak wanneer die huweliksverhouding eindig (billike verdelingaanspraak), aanvaar as 'n komponent van die begrip "aparte eiendom". 'n Billike verdeling kan oordrag van meer as die helfte van die ander gade se eiendom beteken, asook oordrag van eiendom wat as eiegoed getipeer sou word in 'n regstelsel waar gemeenskap van goed die statutêre bedeling is.

Terwyl die gaping tussen reg en moderne sosiale omstandighede in die gemeenskap vroeër met behulp van regsfiksies oorbrug is, word dit nou deur *equity* en wetgewing aangespreek.[78]

4 1 Artikel 7(3)–(8) van die Egskeidingswet van 1979

Artikel 7(3) van die Wet op Egskeiding skep 'n meganisme vir geïndividualiseerde regstoepassing. Dit verleen aan die hof die bevoegdheid om saam met 'n egskeidingsbevel 'n billike oordrag van bates of 'n gedeelte van bates van een gade na die ander gade te gelas waar die huwelik voor 1 November 1984 gesluit is ingevolge 'n huweliksvoorwaardekontrak waardeur gemeenskap van goedere, gemeenskap van wins en verlies en aanwasdeling in enige vorm uitgesluit is. Die diskresie wat artikel 7(3)–(8) verleen, bevat ook substantiewe beperkings wat na billikheid verwys.

Artikel 7, soos artikel 2 van die Huweliksgoederewet, staan in die teken van gelyke regte. Die opvatting bestaan in geïndustrialiseerde gemeenskappe dat die party, gewoonlik die vrou, wie se boedel weinig of geen groei gedurende die huwelik toon terwyl haar gade se boedel wesenlik groei, haar in 'n potensieel onbillike situasie bevind wat regstelling kan vereis. "Gelyke" huweliksvennote behoort immers gelyke aandele te hou in wat die egpaar gedurende die huwelik verwerf of gespaar het. In die Suid-Afrikaanse reg is die meganisme van die artikel 7-regterlike bevoegdheid tot herverdeling gerig op beskerming van dié vroue wat voor 1984 sekuriteit vir status verruil het en wat met of sonder behoorlike regsadvies op die "ou koue" uitsluitingsisteem besluit het. In geval van 'n egpaar wat 'n domisilie in Suid-Afrika vestig, kon 'n aanspraak op deling in boedelgroei voorheen net gegrond word op gedrag wat 'n universele vennootskap in die lewe roep of op verryking. 'n Sosiale euwel moes geremedieer word en die ekonomiese mag van die gades gebalanseer word.[79]

---

78 Maine *Ancient law* (red Pollock) (1972) 31.

79 Verduidelikende Memorandum Tweede Wetsontwerp op Huweliksgoedere 1984; oa *Beaumont v Beaumont* 1985 4 SA 177 (W) 179G; *Beaumont v Beaumont* 1987 1 SA 967 (A) 987I; *Kritzinger v Kritzinger* 1989 1 SA 67 (A) 88B; *Beira v Beira* 1990 3 SA 802 (W) 804I–805H. Vgl Boberg "Sharing matrimonial assets" 1987 *Businessman's Law* 80; Sinclair "Marriage: is it still a commitment for life entailing a lifelong duty of support?" 1983 *Acta Juridica* 78–79; Sinclair *An introduction to the Matrimonial Property Act 1984* (1984); Sonnekus "Egskeiding en kwantifisering van die bydrae tot die ander gade se boedel – artikel 7(3)–(5) van die Wet op Egskeiding 70 van 1979" 1986 *SALJ* 367; Thomashausen 1985 *De Rebus* 169 en in die algemeen ook Freedman *et al Property and marriage: an integrated approach* (1988) 18 ev.

Vaste formules en regsreëls met gedetailleerde uitsonderings wat omskrewe feitestelle in besonderheid reguleer, is nie geskik vir die verdeling van huweliksgoedere nie. In wese gee artikel 7 aan die hof die bevoegdheid om die huweliksvoorwaardes waartoe die partye tot die egskeiding voor huwelksluiting gekom het rakende hul onderskeie eiendom, te kwalifiseer wanneer hulle in gebreke bly om 'n bateverdelingsooreenkoms te bereik. Terme kan gewysig of geskrap word of 'n "matigende" betekenis kan daaraan toegeken word met verwysing na wat deur een van die huweliksvennote verwerf is deur sy of haar bydrae. Daar kan dus terugwerkend ingemeng word met sakeregtelike belange of gevestigde regte, wat een eggenoot miskien 'n geruime tyd gelede al in die kontrak beskerm het. So kan 'n gelyke verdeling gelas word waar partye se onderskeie boedels nie naastenby gelyk is nie of die bedeling self verontagsaam word. Hierdie beskerming bestaan naas die beskerming wat inherent is aan die statutêre gemeenskap van goedere en die kontraktuele aanwasbedeling. As meganisme tot die oorbrugging van die formele en substantiewe aspekte van vryheid en gelykheid het dit sekerlik genoeg aan probleme.[80]

Artikel 7 verleen geen algemene herverdelingsbevoegdheid nie maar wel 'n relatief wye diskresie. Verskeie alternatiewe en kombinasies van alternatiewe beslissings is moontlik tussen die uiterstes van 'n oordrag van bates aan die een of die ander. 'n Ander onderskeid het te make met die graad van die aanwysings en beperkings wat opgelê word op die vorm en inhoud van die keuse wat uitgeoefen moet word. Regterlike diskresie is altyd beperk, onder meer deur die regsbeginsels wat die aanknopingspunt vir 'n beredeneerde beslissing is. Selfs sonder enige riglyne vir beslissing speel goeie trou, die afwesigheid van kwade motiewe en sekere prosedures met onpartydigheid tot inhoud 'n rol. Die uitoefening van die regterlike diskresie verg 'n waarde-oordeel oor die rol en aard van die huwelik, en die ekonomiese gevolge van egskeiding. Hierdie oorwegings is moeilik in wetgewing vaspenbaar.

4 2 Die regterlike diskresie in die Anglo-Amerikaanse regsfamilie

Aan die begin van hierdie eeu het regstoepassings geïndividualiseerd geraak. Anglo-Amerikaanse reg het ontwikkel uit die aktiwiteite van die *English royal courts*. Die prominente plek wat aan regterlike beslissings toegeken word in die sisteem weerspieël die wese van die Anglo-Amerikaanse regsfamilie. Die *courts of equity* (oorspronklik die *Court of Chancery*) het van regsvoorskrifte algemene

---

80 Die transformasie wat oor die jare plaasgevind het in die inhoud en funksie van die kontrak beïnvloed ook die huweliksreg. Hierdie transformasie is deels te verklaar deur die radikale uitbreiding van welsyns- en sosiale dienstefunksies van die staat. Aanmoediging van privaatskikking maak self-aktualisering moontlik. Vereenvoudiging van die reëls wat die huweliksgoederebestel bepaal en beskikbaarmaking van die besonderhede daarvan behoort teoreties uiteindelik tot herroeping van die regterlike diskresie te lei. Aan die ander kant is die beleidsoogmerk gerig op beskerming van die ekonomies swakker party. As 'n meganisme wat gevolg gee aan die huweliksverhouding as 'n verhouding tussen gelykes, is die diskresie wat kontrakteervryheid nou kwalifiseer, aanvaarbaar, selfs vir diegene met 'n meer markgeoriënteerde perspektief wat gekant is teen die terugwerkende inmenging met gevestigde belange.

riglyne gemaak in die soeke na regverdigheid in elke besondere saak. Hoewel die beginsel van gelykheid voor die reg (wat regsekerheid ten opsigte van eiendomsverkryging veronderstel) nie altyd maklik versoenbaar is met "versagtende uitleg van streng regsreëls" nie, is aanvaar dat 'n regverdige en wyse diskresie, as effektiewe individualiserende meganisme, nooit ten volle geëlimineer kan word in die strewe na regsekerheid nie.[81]

Alle remedies wat oorspronklik deur die *Court of Chancery* ontwikkel is, is *equity*. 'n Beroep op *equitable jurisdiction* beteken nie eenvoudig 'n beroep op billikheid of geregtigheid nie. In werklikheid is dit 'n beroep op die reëls van billikheid en geregtigheid soos ontwikkel deur die *Court of Chancery* met die oog op die toepassing daarvan in gevalle waar die reëls van die *common law* onvoldoende was. Die primêre doel van die groot regshervormings van die negentiende eeu en spesifiek die Judicature Act van 1873 was om *equity* en *common law* saam te snoer sodat alle howe enige reël kon toepas en enige toepaslike remedie kon gee. So is *strict law* (as deel van die eerste fase van historiese regsontwikkeling wat as vertrekpunt dien en nie gefokus is op toepassing in bepaalde omstandighede nie) naderhand aangevul deur die beginsels vir die uitoefening van die regterlike diskresie. Gaandeweg het dit duidelik geword dat die beskerming wat die 1882 Married Women's (Property) Act moes verleen aan vroue wat die *benefit of marriage settlements* geniet het of eiendom geërf het wat vir hul uitsluitlike gebruik bestem was,[82] nie langer 'n oplossing kon wees vir gevalle waar vroue aktief tot boedelgroei bygedra het nie. Die huweliksgoedereregs is aangevul deur middels tot geregtigheid wat die belang van sakereg en huweliksgoedereregs in tradisionele sin afgewater het.[83] Die diskresie moes nou die tekortkoming van 'n sisteem van vaste reëls oorbrug deur op spesifieke omstandighede ag te slaan.[84]

Alhoewel die huweliksverhouding toenemend deur die meer onseker konsepte van billikheid en redelikheid beheer word, was 'n *equitable division* nooit 'n verdeling wat minder verantwoordbaar was aan regsbeginsels as 'n verdeling

---

81 Pound 1960 *NY Univ LR* 926.

82 Kahn-Freund "Recent legislation on matrimonial property" 1970 *Mod LR* 601 605.

83 Tav *common law* huwelike is daar gewoonlik 'n diskresionêre statutêre bevoegdheid wat die howe in staat stel om 'n billike resultaat te bereik. Daar kan gevalle wees waar die presiese eiendomsbelange van die egliede belangrik is vir skuldeisers se aansprake of vir belastingdoeleindes en waar dit nodig kan wees om terug te val op tradisionele middels soos trusts. 'n Gade mag sy eis op die billikheidsleerstukke (*resulting, implied, constructive, remedial constructive trusts*) baseer indien dit in die omstandighede teen die hof se oortuiging sou indruis om die eienaar op sterkte van die titeldokumentasie te eien. Vgl Hayton "Constructive trusts: is the remedying of unjust enrichment a satisfactory approach?" in Youdan (red) *Equity, fiduciaries and trusts* (1989) 226 ev.

84 Die rigiditeit van die beginsel van skeiding van goed is versag. Uitdrukking is gegee aan die feitelike gemeenskap van gebruik en genot van eiendom in wette soos die Married Women's Property Act, 1964 en die Matrimonial Homes Act, 1967 wat bewoningsregte reguleer en beskerm. Die Matrimonial Proceedings and Property Act, 1970 verleen vir die eerste maal aan die Engelse hof diskresionêre bevoegdhede.

wat op sakeregbeginsels gebaseer was nie.[85] 'n Beroep op *equity* beteken eerder groter aan-bande-legging deur etiese beginsels as minder aan-bande-legging deur regsbeginsels. Regstoepassing is nie gebaseer óf op die tegniese element (identifiseerbare regsreël met 'n identifiseerbare gevolg) óf op die diskresionêre element (buite die regsreël of regsorde) nie.[86]

4 2 1 Engeland, Australië en Ontario

Daar is reeds verduidelik dat benewens die bepalings rakende die status van vroue – wat dateer uit die einde van die negentiende eeu – die *common law* regstelsels nie voortdurend-toepaslike bepalings ontwerp het wat die statutêre huweliksgoederebestel en die gades se onderskeie regte op huwelikgoedere omskryf nie.[87] Juis die feit dat daar geen uitdruklike bepaling in die Engelse reg is wat 'n vorm van winsdeling tussen gades moontlik maak nie, het dit vir die howe makliker gemaak om beginsels te ontwikkel wat die vermoënsregte en batebesit van die familie reël. Vandag is bevele dat bates van een gade aan die ander oorgemaak moet word of die waarde daarvan gedeel moet word algemeen deel van 'n relatief informele en buigsame egskeidingsprosedure. Artikels 23–25 van die Matrimonial Causes Act van 1973 (soos gewysig deur die Matrimonial and Family Proceedings Act van 1984) verskaf 'n algemene diskresionêre uitsondering op die skeidingsnorm in die interne verhouding. *Financial provision orders* sluit in skikkings ten bate van 'n eggenoot of die kinders uit die huwelik gebore, soos onderhoud hangende die geding, periodieke betalings en betaling van 'n lompsom. *Patrimonial adjustment orders* sluit die moontlikheid in om 'n bestaande huwelikskontrak te wysig of die verkoop van spesifieke eiendom te beveel. 'n Kombinasie van al die beskikbare magte maak 'n resultaat moontlik wat as billik, regverdig en redelik beskou kan word.[88]

In Australië het die staatlike en federale howe wye diskresionêre magte in verrigtinge aangaande die eiendom van die partye tot 'n huwelik of van een van hulle. Die vermoënsregtelike bepalings soos vervat in artikels 72–75 en artikel 79 van die Family Law Act van 1975 (wat die federale wet op huweliksgoedere

---

85 Inteendeel, *equity* was reg en regstegniek. Dit blyk uit Kahn-Freund 1970 *Mod LR* 605 se stelling ivm 19de eeuse Engelse reg. Hy het 'n ernstige pleidooi vir wetgewing gelewer na uitsprake soos *Pettitt v Pettitt* [1970] AC 777 omdat hy 'n agteruitgang vanaf *equity* na regsfiksie daarin bespeur het (630). Vgl in die algemeen Cardozo 116–117.

86 Pound 1960 *NY Univ LR* 929–930 onderskei ook sake wat in ooreenstemming met die reël in 'n strenge sin beslis moet word; deur te redeneer vanaf "beheersende" aanknopingspunte dmv 'n gemagtigde tegniek soos gerig deur gemagtigde ideale; deur die uitoefening van *regterlike* diskresie; en deur uitoefening van die persoonlike diskresie van die regterlike beampte sonder enige riglyne vir beslissing.

87 Engelse statute soos die Married Women's (Property) Act, 1882; a 7 van die Law of Property Act, 1925; Law Reform (Married Women and Tortfeasors) Act, 1935; Married Women (Restraint upon Anticipation) Act, 1949; Law Reform (Husband and Wife) Act, 1962; Theft Act, 1968.

88 *Hanlon v The Law Society* [1981] AC 124 146; sien in die algemeen Cretney *Elements of family law* (1992); Goldrein en De Haas *Property distribution on divorce* (1985); Duckworth *Matrimonial property and finance* (1987).

is) stel die hof in staat om die bates van die partye te herverdeel in ooreenstemming met wat billik en regverdig is, sonder om te veel ag te slaan op wie titelhouer is.

Die Family Law Act van 1990 in Ontario is deur 'n aanloop van hervormings in die sewentiger- en tagtigerjare voorafgegaan. Aan die einde van die ekonomiese vennootskap tussen die partye is elk geregtig op 'n gelyke verdeling van die finansiële groei wat tydens die bestaan van die vennootskap plaasgevind het, in erkenning van die veronderstelling dat kindersorg, bestuur van die huishouding en finansiële voorsiening die gesamentlike verantwoordelikheid van beide vennote is. Waar vroeëre wetgewing nie die verhouding tussen hierdie statutêre reg en die sakereg soos die regterlike reg op die gebied van *remedial constructive trust* uitgeklaar het nie, bevat artikel 14 nou vermoedens van sogenaamde *joint tenancy*.[89] Die gelykmakingsaanspraak of *equalization claim* maak die gelyke aandele in familiebates (bates wat tydens die vennootskap se bestaan bekom is) konkreet. Die party met die kleinste "netto gesinseiendom" mag die helfte van die verskil in netto waardes eis. Die hof mag ingevolge artikel 5(6) van die gelyke verdeling afwyk indien 'n gelyke verdeling as onbillik (*unconscionable*) beskou sou word. Die partye mag dieselfde doen in 'n ooreenkoms wat eiendomsbelange op 'n permanente basis reël.[90] Hierdie ooreenkomste (genoem *domestic contracts*) mag deur die hof tersyde gestel word óf in geval van gebrekkige openbaarmaking van wesenlike feite, selfs al het die applikant van die reg afstand gedoen; óf indien die aard en gevolge van die kontrak nie ten volle ingesien is nie; óf in ooreenstemming met die algemene beginsels van die kontraktereg.[91]

'n Aantal *common law* sisteme sien die oplossing in 'n gelyke verdeling tensy omstandighede 'n afwyking hiervan regverdig. Die Skotse huweliksbestel, ook genoem "gemeenskap by afsterwe", is 'n voorbeeld hiervan, en so ook die reg van Malawi.

4 2 2 "[S]uch order . . . as he thinks fit"

'n Bepaling wat onder meer gemeenskaplik is aan die Engelse, Australiese, Ontariose en Malawiese reg lui:

> "[I]n any question between husband and wife as to the title to or the possession of property, either party may apply to any judge . . . [who] may make such order with respect to the property in dispute and as to the costs of and consequent on the application, as he thinks fit . . ."

In Engeland was hierdie verklarende bevele die enigste uitsonderings op die algehele skeiding van goed, totdat die 1973-wet die funksie van artikel 17 van die Married Women's Property Act van 1882 gerelegeer tot die uitreiking van 'n verklarende bevel wat die regte van saamwoners bepaal en verklaar, waar die egpaar nie 'n egskeidingsbevel wil hê of kan kry nie of waar die ondersteunende

---

89 Hovius en Yodan *The law of family property* (1991) veral hfst 11; Bissett-Johnson en Holland *Matrimonial property law in Canada* (1980) vol II SO–14.

90 A 7 saamgelees met a 9. Vgl Hovius en Yodan 204–205.

91 A 56(4)(a) FLA 1986 & 1990.

remedie of verligting van die 1973-wet om die een of ander rede nie beskikbaar is nie. Waar een van die egliede insolvent verklaar word, sal 'n artikel 17-bevel die kurator verhinder om op die ander eggenoot se eiendom beslag te lê.[92] In Australië bestaan daar steeds twyfel oor die funksie en trefwydte van hierdie artikel. Tot onlangs nog was die heersende mening dat dit geen onafhanklike rol vertolk nie maar eerder 'n artikel 79-aansoek voorafgaan.[93] In Malawi vind artikel 17 aanwending.[94] 'n Billike verdeling is een wat kennis neem van konkrete bydraes vir sover vasgestel kan word wie die bydrae gemaak het. As daar enige onduidelikheid is oor wie eienaar is of oor die presiese bedrag van elk se bydrae tot die koopprys van 'n artikel en die aandele waarin hulle bates hou nie erken kan word nie, geld die stelreël *equality is equity*.[95]

Dit is duidelik dat die Anglo-Amerikaanse regterlike diskresie vandag 'n matigende interpretasie gee aan vaste omskrewe regsreëls. Die *common law* diskresie word ook in Afrika vertroetel,[96] al is dit nie altyd as algemene herverdelingsbevoegdheid wat in alle opsigte met die Engelse of Australiese howe s'n ooreenstem nie.

(*Word vervolg*)

> *I might add that, in general, Judges are rather more vulnerable than their fellows. They are public figures and, as I have indicated, they are accountable to the public for the proper discharge of their duties in regard to the administration of justice. The public have the right to criticise them and the manner in which they discharge their duties. But they suffer under the disability (not pertaining to other public figures) of not normally being in a position to defend themselves publicly, to answer back* (per Corbett CJ in *Argus Printing and Publishing Co Ltd v Esselen's Estate* 1994 2 SA 1(A) 28).

92 Vgl in die algemeen Kahn-Freund 1970 *MLR* 601 628 ev.
93 Kovacs 19–20.
94 Sien a 4 Divorce Act 25:04.
95 *Cromar v Cromar supra*; *Abeles v Abeles* 606/86 MCH.
96 *Nyali Ltd v Attorney-General* 1951 All ER 646.

Epilepsy, causation and future damage[1]

M Blackbeard
BProc LLD
Senior Lecturer in Private Law, University of South Africa

OPSOMMING

Epilepsie, kousaliteit en toekomstige skade

'n Persoon wat epilepsie ontwikkel na 'n ongeluk moet bewys dat die ongeluk die oorsaak van die epilepsie is voordat 'n aksie om skadevergoeding in beginsel toegestaan kan word. Aangesien die epilepsie eers 'n geruime tyd na die ongeluk sy verskyning kan maak, ontstaan daar 'n probleem aangesien die persoon wat reeds skadevergoeding geëis het kort na die ongeluk, nie toegelaat word om weer te eis nie. In die Verenigde State van Amerika staan die howe in die algemeen skadevergoeding toe na die aanhoor van getuienis van 'n mediese spesialis dat epilepsie na alle waarskynlikheid in die toekoms kan ontstaan. Die Supreme Court mag egter wel aanvanklik skadevergoeding toeken vir skade wat in daardie stadium reeds gely is, en sou daar later verdere skade (byvoorbeeld epilepsie) ontstaan, mag verdere skadevergoeding toegestaan word. In Engeland moet die applikant 'n eis instel vir skade wat ontstaan het uit een eisoorsaak, eens en vir altyd, selfs al het die skade wat die onderwerp is van 'n tweede eis (wat epilepsie kan insluit) nog nie gemanifesteer nie. In Nederland mag die howe die vasstelling van toekomstige skade, wat die latere ontstaan van epilepsie na 'n ongeluk insluit, uitstel. In Suid-Afrika moet die howe ook, soos in Engeland, by die eis om skadevergoeding skade eens en vir altyd toeken, hoewel epilepsie eers in 'n latere stadium kan ontstaan. 'n Uitsondering hierop is 'n eis ingevolge die Multilaterale Motorvoertuigongelukkefondswet waar 'n hof die vasstelling van toekomstige skade na 'n motorongeluk mag uitstel totdat die epilepsie ontwikkel het. Daar word aan die hand gedoen dat die howe in alle gevalle waar 'n persoon later epilepsie opdoen (en nie slegs by motorongelukke nie) by die ontstaan van die verdere skade skadevergoeding moet toestaan waarvoor daar nie vroeër geëis is nie.

1 INTRODUCTION

Among the special problems that have arisen when a person develops epilepsy after an incident, are first of all, the determination whether the epilepsy developed as a result of the incident and secondly, proof of future damage.

The longer the interval between the first epileptic seizure and the injury, the more difficult it becomes to establish causation. It has to be proved that there were no seizures prior to the injury at issue; that the seizures had their clinical onset at some period after the injury; that they are of the symptomatic type rather than idiopathic epilepsy (a problem arising more often in children than in

1 This article is taken from the author's doctoral thesis *Epilepsy – Legal problems* (Unisa 1994).

adults); and that the injury was of such a nature that it could have resulted in the kind of damage to brain tissue which would produce seizures.[2]

The presence of a brain lesion can usually only be deducted from relevant facts in the patient's history, neurological examinations and diagnostic tests.[3] In a small number of instances, an injured plaintiff sustains a head injury, and having suffered seizures at some time previously, may now suffer either a recurrence of seizures or an aggravation of their frequency or severity. One then first has to establish what kind of epilepsy the plaintiff had before the injury, and the history of the epilepsy.[4]

Sometimes post-injury seizures are attributed to a pre-existing epilepsy rather than to the injury itself. It is, however, often forgotten that there is no reason why a well-controlled case of idiopathic epilepsy cannot sustain a severe head injury with development of epileptogenic foci leading to focal seizures unrelated to the previous idiopathic epilepsy.[5]

Sometimes a person does not develop epilepsy immediately after an accident, but the doctors predict that he or she may develop it in the future. This brings to the fore the question whether future damages may be awarded for the probable development of epilepsy. These problems are investigated with reference to the United States of America, England, the Netherlands and South Africa.

2 THE UNITED STATES OF AMERICA

2 1 Causation

One of the requirements for delictual liability in the USA is that there must be a reasonably close causal connection between the conduct and the resulting injury. A person who develops epilepsy after an injury will therefore have to prove such a causal connection.[6]

Causation may be categorised into a proximate cause (legal cause) and a cause in fact.[7] A legal cause may be used to exclude a defendant's liability when the court decides that it would be unjust under the circumstances to hold him liable, even though his tortious conduct was a cause in fact of the injured person's (plaintiff's) injury. A cause in fact requires that the injury would not have occurred but for the defendant's conduct (the *sine qua non* rule), and that the defendant's conduct was a material element or a substantial factor in bringing about the injury.[8]

In *Maturin v Scotty Brick Co*,[9] the plaintiff was involved in an accident involving two motor cars and a truck. He suffered a serious head injury, and testified

2 Gray *Attorney's textbook of medicine* (1985) 92–36.
3 *Idem* 92–37.
4 *Idem* 92–37 to 92–38.
5 *Idem* 92–38 to 92–39.
6 Prosser *Handbook of the law of torts* (1971) 143.
7 Kionka *Torts* (1988) 30 175.
8 Kionka 175 ff; Keeton *Prosser and Keeton on the law of torts* (1984) 263 ff.
9 (1974) 292 So 2d 859 as referred to in Gray 92–95 to 92–96.

that he had been thrown about in the car when the driver applied the brakes. The plaintiff received treatment in a hospital over a period of 25 days. The doctor testified that throughout the time he saw the plaintiff he observed nothing to suggest that the plaintiff suffered a trauma to the head or a lesion that might lead to epilepsy, nor did the plaintiff complain of an epileptic seizure.[10]

Approximately a year and eight months later, the plaintiff informed the doctor that he had been placed on anticonvulsant medication owing to seizures which he had been experiencing. Nine months later the plaintiff was examined by a medical consultant who was of the opinion that the plaintiff was suffering from an organic brain disorder. The final visit to the consultant took place some four years after the accident. Inasmuch as muscle spasm was still present, the doctor was of the opinion that the plaintiff had experienced a significant cervical strain, but his opinion was that this was due, not so much to the neck injury, as to the brain syndrome. As to whether the plaintiff's post-traumatic convulsive problem was the result of this particular accident, the doctor stated there would have to be some conjecture.[11]

The trial judge rejected the plaintiff's claim based on epilepsy, since he had not suffered injuries sufficiently severe to cause scarring of the brain, and also because he was not treated for epilepsy until 14 months after the accident.[12]

2 2 Future damage

What legal remedy is available in the USA if a person develops epilepsy only a few months or even a few years after an accident?

The prescription period for actions for future damages ("statutes of limitations" in American terminology) may differ from state to state and also depending on the cause of action relied upon. Prescription usually begins to run from the date of the accident (the alleged causing event) or from the date that the victim (the plaintiff) discovers that (a) he has been injured; and (b) the injury is the result of someone's tortious conduct.[13]

18 A 8 van die kapitulasievoorwaardes van 1806 bepaal: "The burghers and inhabitants shall preserve all their rights and privileges which they have enjoyed hitherto." Die 1806-kapitulasievoorwaardes is te vinde in Harding *The Cape of Good Hope Government Proclamations from 1806 to 1825* (1838). Sien *BO* 88 *Voorslagen van capitulatie* van 1795-09-16. A 7: "Die Colonisten zullen alle haaren Rechten [in twee ander weergawes word gepraat van 'voorregten'] welke zij thans genieten blijven behouden zo wel als den Presenten Godsdienst zonder Eenige Verandering." Ivm die kapitulasievoorwaardes en veral a 8 van die 1806-kapitulasievoorwaardes, sien Sampson "Sources of Cape law" 1887 *CLJ* 110; Van Zyl 1907 *SALJ* 133–134; Bodenstein "English influences on the common law of South Africa" 1915 *SALJ* 338; Botha "The early influence of the English law upon the Roman-Dutch law in South Africa" 1923 *SALJ* 396–397; *R v Harrison and Dryburgh* 1922 AD 330. Sien hierteenoor Verloren van Themaat 59–60; De Wet en Swanepoel 34 vn 65. Sien in die algemeen Hahlo en Kahn *The Union of South Africa, the development of its laws and constitution* 17 170; De Wet 1958 *THRHR* 172; De Wet en Swanepoel 34.

19 Sien Eybers *Select constitutional documents illustrating South African history* (1918) 97.

20 Sien *VC* 58 "Instruction to Macartney" (1796-12-30) 6 a 4; vgl *idem* 19–20 a 12.

21 Sien *Kaapse Plakkaatboek* V 1795–1803 (1950) (1797-07-24/26) 95. Vgl in die algemeen *Halleck's international law* II (1893) 490; Burge *Commentaries on colonial and foreign laws* I (1838) xiv.

22 Sien vn 29 *infra*.

van die Kompanjie-tydperk, is ook na skrywers buite die grense van die Nederlande verwys.[23] Hierbenewens het die *Hollandsche Consultatien*, 'n adviesversameling, ook as gesag in die Kaap gegeld[24] en is daar in die strafreg ook na die Romeinse reg verwys.[25] Daar is verder bewyse dat die geresipieerde wettereg nagevolg is[26] en verwysings na onder andere die Groot Plakkaatboeke[27] kom voor.

Macartney se instruksie het verder 'n verandering gebring aan die wrede strawwe en die rol wat die pynbank in straftoemeting gespeel het.[28]

Die Romeins-Hollandse reg het tydens die Eerste Britse Besetting bly voortleef aan die Kaap.[29]

3 DIE REG SOOS TOEGEPAS AAN DIE KAAP TYDENS DIE BATAAFSE TYDPERK 1803–1806

Die reg wat tydens hierdie tydperk toegepas is, het ooreengestem met die reg gedurende die Eerste Britse Besetting. Volgens De Mist se instruksies het die materiële reg onveranderd gebly terwyl, wat die prosesreg betref, 'n "volledige Manier van Procedeeren" in die vooruitsig gestel is[30] en moes die Raad van Justisie ingevolge sy opdrag die bestaande prosedure aan die Kaap voortsit.[31]

Benewens die Kaapse plakkate wat toegepas is, blyk dit uit die krimenele en siviele stukke dat, wat die wettereg betref, ook Hollandse plakkate bekend was.[32] Ook die Statute van Indië is in die howe aangehaal.[33] Verwysings na die skrywers oor die Romeins-Hollandse reg word, net soos teen die einde van die vorige eeu, aangetref.[34]

---

23 Sien Visagie 96.
24 Sien *CJ* 472 *Kriminele prosesstukke* 1798 107.
25 *Ibid* 149.
26 Sien *CJ* 78 *Kriminele regsrolle* 1796 164.
27 Sien *CJ* 480 *Kriminele prosesstukke* 1800 395.
28 Sien *VC* 58 "Instructions to Macartney" (1796-12-30) 8 a 5.
29 Die skrywers oor die straf- en strafprosesreg wat aangehaal is, stem bv ooreen met dié wat gedurende die periode 1652–1795 aangehaal is (sien Visagie 96). Ook in die siviele stukke kom verwysings voor na Hugo de Groot, Simon Groenewegen van der Made, Simon van Leeuwen, Johannes Voet en Cornelis van Bynkershoek (sien *idem* 97).
30 Sien "Provisioneele Instructie voor den Raad van Justisie" a 37.
31 *Ibid* a 38. Sien egter a 39 waar "de Raad voor het overige de vorige wyze van procedeeren, aan die Kaap in gebruik, zo wel in het crimineele als in het civile, gebreklyk, of voor de bevordering van goed en kort recht schaadlyk, of ook onzeker en twyffelagtig mogt virdeelen, zal dezelve by provizie volgen, en door Partyen, en Rechtbedienden doen volgen, de styl en practycq voor de Hove van Holland in gebruik zynde, en zulks tot dat hier in nader zal wezen voorzien".
32 Sien *CJ* 494 *Kriminele prosesstukke* 1805 115. Vgl *CJ* 1375 *Siviele prosesstukke* 1804 321. Vgl verder "Ordonnantie raakende het bestier der buiten-districten" a 54.
33 Sien *CJ* 494 *Kriminele prosesstukke* 1805 115.
34 In die kriminele stukke vind 'n mens verwysings na Matthaeus, JJ van Hasselt en Voet. In die siviele stukke word verwys na Hugo de Groot, Voet, Simon van Leeuwen, Van Bynkershoek, Van der Linden en vele ander gesaghebbendes (sien Visagie 112).

4 DIE REG AAN DIE KAAP TYDENS DIE AANVANGSJARE VAN DIE TWEEDE BRITSE BESETTING

In 'n brief van 13 Januarie 1806 aan burggraaf Castlereagh het die Britse opperbevelvoerder, sir David Baird, die tussentydse maatreëls verduidelik wat getref is om die bewind aan die Kaap van die Bataafse Republiek aan Brittanje oor te dra.[35] In hierdie stadium van die Tweede Britse Besetting is min grootskaalse veranderinge beoog.[36] Die administrasie aan die Kaap sou outokraties bly. Die goewerneur sou voortgaan, onderworpe alleen aan die beheer van die staatsekretaris, wat drie maande ver per skip in Londen was, om wette by wyse van proklamasie te maak, aanstellings te doen en, met uitsondering van die president van die Raad van Justisie,[37] amptenare te ontslaan.

Die goewerneur het derhalwe steeds oor uitgebreide magte beskik. Hy het kriminele appèlle saam met 'n assessor of assessore aangehoor,[38] terwyl hy ook, onderworpe aan 'n verdere appèl in sekere gevalle, saam met die luitenant-goewerneur as hof van siviele appèl gedien het.[39] Die Vise-Admiraliteitshof het ook in die goewerneur gesetel. In hierdie hof het hy die posisie van vise-admiraal beklee.[40]

Die waardevolste veranderings wat in hierdie tyd plaasgevind het, was ongetwyfeld die invoering van die Rondgaande Hof en die bepaling dat verhore met oop deure moet geskied. Dat die regswese gaandeweg 'n Engelse vooroordeel sou vertoon, was toe reeds duidelik.[41]

Die Britse regeerders was egter, veral aanvanklik, besonder traag om aan die materiële reg te verander.[42] Die Romeins-Hollandse reg was dus in hierdie stadium nog onaangeraak. Die Britte het trouens die Kaap gedurende die eerste paar jaar na 1806 bloot as 'n buitepos beskou waarvan die vernaamste doel was om die Britse belange in die Ooste te beskerm deur die bewaking van die seeroete.[43]

---

35 Sien Theal *Records of the Cape Colony* V, Baird-Castlereagh 276–280. Wat die Tweede Britse Besetting in die algemeen betref, sien verder Walker *A history of Southern Africa* (1961) 137 ev; *Cambridge history of the British Empire* (1936) VIII 195 ev.

36 Sien Walker *A history of Southern Africa* 140.

37 *Ibid.*

38 Sien die Proklamasie van 1808-06-10, uitgevaardig deur Caledon in Theal *Records of the Cape Colony* VI 362–363.

39 Sien Theal *Proclamation by the Earl of Caledon* 115.

40 Sien register 1/46 Staatsargief Kaapstad iii. Tussen 1807 en 1861 het 12 goewerneurs as vise-admiraals opgetree (*ibid*).

41 Sien in die algemeen Girvin "The establishment of the supreme court of the Cape of Good Hope and its history under the chief justiceship of Sir John Wylde" 1992 *SALJ* 291 ev 652 ev. Girvin se bespreking raak die regswese aan die Kaap na die invoering van die twee regsoktrooie en dus die periode wat op hierdie bespreking volg.

42 Sien Van Zyl *Geskiedenis van die Romeins-Hollandse reg* (1979) 448.

43 *Ibid.*

5 DIE REG AAN DIE KAAP BY DIE KOMS VAN DIE KOMMISSARISSE VAN ONDERSOEK

Die eerste aanduiding van 'n kommissie word in 'n Britse parlementêre debat van 25 Julie 1822 gevind. Die onderwerp is in die Laerhuis deur Wilmot Horton ingelei

> "(who) rose to move that a humble address be presented to his majesty to issue under the Great Seal to enquire into the settlements at the Cape of Good Hope, Ceylon and the Leeward Isles".[44]

Die kommissie sou van 'n baie algemene aard wees:[45]

> "The commissioners would be directed to enquire into the whole state of each colony, into its whole civil government, into the extent to which its offices might be diminished both in number and salaries, into the state of the laws; and also into the practice and administration of justice."[46]

Die kommissarisse, Colebrook en Bigge, het gevolglik op 12 Julie 1823 aan boord van die *Lady Campbell* in Tafelbaai aangekom.[47]

5 1 Die wettereg

Aangesien daar vir doeleindes van hierdie bespreking op die gemenereg gekonsentreer word, word die wettereg buite rekening gelaat.[48]

5 2 Die gemenereg

Oor die gemenereg aan die Kaap het die kommissarisse hul soos volg uitgelaat:

> "The Civil Codes by which the rights of individuals in this Colony are protected, consist of those which are better known to the world by the general term of Roman Law, explained by the Commentaries and annotations of the Dutch jurists, amongst the most celebrated of whom are here esteemed, Voet, Grotius, and in later times Van Leeuwen and Van der Linden."[49]

---

44 Sien *Hansard* XII kol 1801 1822-06-25.

45 *Idem* kol 1801–1802.

46 *Ibid.* Die uiteindelike aanbevelings van die kommissie val buite die bestek van hierdie artikel. Hieronder word egter verwys na die kommissieverslae oor die geregshowe asook die strafreg en regsleer. Die kommissarisse het klaarblyklik genoeg verwysings na die Engelse reg aan die Kaap gekry om hulle te oortuig van die geskiktheid van daardie regstelsel vir die kolonie (sien *CO* 48/105 *Kommissieverslag oor die geregshowe*; Theal XXVIII *Kommissieverslag oor die geregshowe* 14).

47 Sien Edwards *The 1820 settlers in South Africa* (1934) 104–105. Vgl ook Wilmot *History of the Colony of the Cape of Good Hope from its discovery to the year 1819 (with annals by John Centlivres Chase)* (1869); Cory *The rise of Southern Africa* (1913) 157. Sien ook, ivm die aanvang van hulle ondersoek, *CO* 414/51 Bigge en Colebrook aan Hay 1829-10-29. 'n Derde lid, ene William Blair, is later aangestel. Blair het egter eers in Desember 1825 in die Kaap aangekom (sien Edwards 108).

48 Sien egter in die algemeen *CO* 48/120 *Kommissieverslag oor die strafreg en regsleer*; Theal XXVIII *Kommissieverslag oor die geregshowe* 12 ev. Vgl Visagie 3 ev. Sien ook Theal *op cit* XXXIII oor getuienis gelewer deur Truter HR (1826-09-30) 266. Sien verder Van Zyl 1907 *SALJ* 132 ev; Stock "The new Statutes of India at the Cape" 1915 *SALJ* 328; Roos "The Plakaat Books of the Cape" 1897 *CLJ* 6.

49 Sien *CO* 48/105; Theal XXVIII *Kommissieverslag oor die geregshowe* 12.

Die sakereg en erfreg was hoofsaaklik uit die siviele reg en die gewoontes van die provinsie Holland afkomstig.[50] Volgens die kommissarisse was die struktuur van die reg met betrekking tot eiendom en erfopvolging eenvoudig en nie onvanpas vir mense wat aan die landbou toegewy was en geen groter ideale vir hulle nageslag gekoester het as dieselfde omstandighede waaraan hulle gewoond was nie.[51] Dat die gemenereg van die provinsie Holland aan die Kaap toegepas is, blyk ook uit die getuienis van hoofregter Truter. Op 'n vraag van die kommissarisse oor watter reg deur die koloniale howe toegepas is, het hy geantwoord:

> "In the first place, I should add that we at present follow the dispositions of the local law, or statutes, made by the Government from time to time, next those that were sent either from the Mother Country or from Batavia for the express purpose of being made obligatory in the colony; next the Dutch Common Law and principally that of the Province of Holland, comprehending the Roman Law which is really incorporated with the Dutch Law but with some exceptions."[52]

In die praktyk het dit egter gaandeweg dikwels gebeur dat beide die regbank en die praktisyns op die Engelse reg teruggeval het ter ondersteuning van hulle uitsprake of pleidooie.[53]

6 BEVINDINGS OOR DIE REG WAT DEUR DIE APPÈLHOF EN DIE RAAD VAN JUSTISIE TOEGEPAS IS VOOR DIE INWERKINGTREDING VAN DIE REGSOKTROOIE

6 1 Inleiding

Vir doeleindes van hierdie artikel is 'n aantal argiefbundels nageslaan wat die stukke bevat van siviele en strafsake[54] wat voor die appèlhof en die Raad van Justisie gedien het.

---

50 *Idem* 13.

51 *Ibid.* Vgl ook *CO* 49/6 278 ev, Bigge aan Truter HR (1822-02-09) ivm 'n beslissing van Lord Charles Somerset in die appèlhof oor die geldigheid van twee testamente in die saak van *De Witt en Scheuble v Durr* waarin die Hollandse reg nagevolg is. Sien ook Bird *The State of the Cape of Good Hope in 1822* (1823) 10 en verder Chase *The Cape of Good Hope and the Eastern Province of Algoa Bay* (1967) 128.

52 Sien Theal XXXIII, getuienis gelewer deur Truter HR (1825-09-30) 265–266. Sien ook *CO* 48/123 *Documents referred to in the Commissioners' Report*, Denyssen aan Bigge (1826-10-17), waarin die fiskaal oa te kenne gee dat "the common laws of Holland by which the courts in this Colony are generally guided in the absence of such other written laws". So is die periode vir verjaring van eise tov onroerende goed derhalwe 'n derde van 'n eeu. Vgl ook *CO* 49/6, *Letter Book no 3: Letters sent from 21st November 1825 to 17th June 1827*, brief van die kommissarisse aan Denyssen. Sien ook ivm laster wat as 'n misdaad beskou is, *CO* 48/68, *January–June 1825 Despatches*, regsopinie van John Truter HR 193. Die hoofregter verwys na Voet 47 10 10 en konkludeer dan: "This evidently shows that the nature of the crime of Libel, in the eye of the Colonial law, is very different from what it is in the English Law."

53 Sien Van Zyl *Geskiedenis van die Romeins-Hollandse reg* 454–455.

54 Vir doeleindes van hierdie bespreking sal die bevindings wat uit sowel die siviele as die kriminele stukke gemaak is, saam bespreek word. Dit is interessant om daarop te let dat daar na die Romeins-Hollandse gesaghebbende skrywers verwys word in sowel die siviele as die kriminele prosesstukke.

6 2 Besondere bevindings uit stukke voor die appèlhof[55]

6 2 1 Verwysings na gesaghebbende skrywers oor die Romeins-Hollandse reg

6 2 1 1 Johannes Voet

Uit die stukke wat voor die appèlhof gedien het, val dit op dat daar heel geredelik op gesaghebbende skrywers oor die Romeins-Hollandse reg gesteun is.[56] In die bundels wat geraadpleeg is, duik die naam Johannes Voet dikwels op.

Die verwysing is soms van 'n volledige bewysplaas voorsien. So word daar in *Cloete v Briers*[57] verwys na die "celebrated Dutch law commentator" se kommentaar op die Romeinse reg in *Lib 7, Tit 1, para 2*.[58] Hierin sou Voet daarop wys dat daar afsonderlike saaklike en persoonlike verbintenisse betreffende die gebruik van enige eiendom of reg bestaan.[59]

In *Van Aarde v Coetzee*[60] word opgemerk dat alle "Law Doctors" dit eens is dat onbeëdigde getuienis regtens niks kan bereik nie.[61] Daar word verder verwys[62] na Voet *Lib 22, Tit 5, para 15 ff, de testibus* aangaande die feit dat 'n koopkontrak deur *consensus* tot stand kom; dog, as die partye bepaal dat die kontrak op skrif moet wees, vorm die dokument die wese van die ooreenkoms;[63] en met betrekking tot die verkoop van 'n slaaf, word daar in *Heatley v Rowles*[64] breedvoerig na Voet se kommentaar op die Romeinse reg *ad Lib 21, Tit 1, de Aedilitio Edicto, para 10* verwys.[65]

---

55 Aangesien die bevindings oor die appèlhof onder bepaalde *hoofde* bespreek word, sal die bespreking gevolglik *nie chronologies* vanaf die vroeëre tot latere tydperk plaasvind nie. Die argiefstukke van die appèlhof in die Staatsargief, Kaapstad, is oorgeplaas vanaf die argiefstukke van die Raad van Justisie na die argiefstukke van die goewerneur. Die verwysing is *GH* (Government House).

56 In siviele sake vind 'n mens verwysings na hierdie skrywers deur beide die advokaat vir die appellant en die advokaat vir die respondent. In kriminele sake het nie alleen die advokaat vir die verdediging nie, maar ook die fiskaal soms op 'n bepaalde Hollandse skrywer gesteun. Die *GH* 47-verwysings verwys na kriminele prosesstukke, terwyl die *GH* 48-verwysings op siviele prosesstukke dui.

57 1819 *GH* 48/2/41.

58 *Ibid* 52. Die verwysing word aangegee soos hulle in die betrokke dokument voorkom.

59 In hierdie bespreking sal daar so na as moontlik gehou word aan die woordgebruik wat deur die bepaalde regsverteenwoordiger voor die hof gevolg is. Die bewysplase word ook *verbatim* aangehaal soos dit in die betrokke dokumente voorkom. Die betrokke bewysplase is vir doeleindes van hierdie artikel nagegaan en daar is gevind dat die verwysings akkuraat is. In hierdie bepaalde bundel (293) verskyn daar 'n interessante opmerking van die hof *a quo*. Die hof verklaar dat die respondent se advokaat meer "explanatory lines form the celebrated Law commentator Johannes Voet on the Roman Digest" kon aangehaal het.

60 1819 *GH* 48/2/39.

61 *Idem* 425.

62 *Ibid.*

63 Sien 430: "However known and true the above Statement is, we shall however prove that this is no mere assertion which we have quoted, but that the principal Dutch Lawyers, and the quoted professor Voet have found it as an undeniable rule in the Roman Law, which is practised in our Jurisprudence."

64 1829 *GH* 48/2/39. Vgl ook vn 135 en 179 *infra*.

65 *Idem* 543–544.

In *Balston v Cloete, Agent of the East Indian Company*[66] word gesteun op die beginsel van die Romeinse en Hollandse reg dat die *actio damni ex lege Aquilia* beskikbaar is "in faciendo vel *omittendo*".[67] Hier word verwys na Voet se kommentaar op *Digesta, ad leg Aquiliam, para 2*.

Wat betref die krenking ("injury") wat voortvloei uit onregmatige ("false") inhegtenisneming, word in *Balston v Bird*[68] verwys na Voet se kommentaar op *Digesta, ad Legem Aquiliam, para 8*.[69]

Oor die menings van die Hollandse juriste aangaande die getuienis van medepligtiges word daar in *Anna Sauer v Landdros van Graaff-Reinet*[70] onder andere op Voet *Comment ad Lib 22, Tit 5, para 10* gesteun.[71]

In die saak *Halloran v Fiscal*,[72] waar Halloran in die hof *a quo* weens die belastering van generaal Grey tot transportasie gevonnis is,[73] wys fiskaal Truter daarop dat die aard van die misdaad waarvan die appellant aangekla is *arbitrio judicis* strafbaar is.[74] Bevestiging hiervoor word aangetref in sowel die reg wat in die kolonie van toepassing was as in Voet *Comment ad Pand Lib 47, Tit 10, para 15*.[75] In 'n ander lastersaak, *Rossouw v Brink*,[76] waar die appellant die respondent onder andere 'n leuenaar genoem het,[77] word uitgebreide verwysings na Voet aangetref.[78] In *Shortt v Fiscal*[79] was laster weer eens ter sprake. Die appellant is in die hof *a quo* gevonnis tot 50 riksdaalders en gevangenisstraf "op eie koste" totdat hy uit die kolonie getransporteer kon word.[80] Hierdie vonnis het gespruit uit lasterlike bewerings ten opsigte van die *ex officio*-vervolger.[81] Daar word op Voet se kommentaar gesteun vir die stelling dat dronkenskap 'n goeie grond vir strafversagting is.[82]

Ook in *Rabe v Jordaan*,[83] wat voortgespruit het uit 'n koopkontrak van grond, word na Voet verwys.[84] En met betrekking tot die stelling dat "a *bona fide*

---

66 1823 *GH* 48/2/62. Vgl vn 102 *infra*.
67 *Idem* 168. Die volledige verwysing na Voet is hier 9 8. Die beklemtoning van "*omittendo*" kom in die betrokke dokument voor.
68 1824 *GH* 48/2/62. Vgl ook vn 163 *infra*.
69 *Idem* 577. Breedvoerige aanhalings uit Voet word op 577–580 gevind.
70 1822 *GH* 47/2/23. Vgl vn 119 *infra*.
71 *Idem* 475. Daar word ook verwys na Matthaeus *De crim* 48 15 2.
72 1810 *GH* 47/2/23.
73 Die beslissing van die Raad van Justisie is gedateer 1810-12-13.
74 Sien 164. Vgl vn 125 en 162 *infra*.
75 *Ibid*. Tit 10 handel *de injuriis et famosis libellis*.
76 1819 *GH* 48/2/39. Vgl vn 158 *infra*.
77 Op 27 word melding gemaak van die "Appellant's mind and intention . . . his *animus injuriandi*".
78 Sien 29 107–108.
79 1818 *GH* 47/2/21. Vgl vn 122 *infra*.
80 *Idem* 24.
81 *Idem* 23.
82 *Idem* 19. Sien ook *Gebhard v Landdros, Stellenbosch* 1822 *GH* 47/2/23 waar verwys (24) word na Voet se kommentaar op die *Digesta* mbt die Hollandse reg se benadering oor "Homicidium dolosum ie 'wilful Murder'".
83 1819 *GH* 48/2/39. Vgl vn 108 *infra*.
84 *Idem* 213.

possessor enjoys all the fruits without exception", is weer eens op Voet gesteun.[85]

Daar kom ook gevalle voor waar sonder 'n bewysplaas (of 'n duidelike bewysplaas) na Voet verwys is.

6 2 1 2 Van Leeuwen

Van Leeuwen is gereeld gedurende die Kompanjietydperk in die Kaap aangehaal.[86] Twee interessante verwysings na Van Leeuwen verdien besondere vermelding. In *Bootsman v Landdros, Worcester*[87] is die beskuldigdes in die hof *a quo* aan moord skuldig bevind. Volgens die advokaat wat namens die appellant opgetree het, was die getuienis van een van die getuies, 'n seun van die vermoorde, teenstrydig met sy vorige getuienis, en was die getuienis van die persone wat teenwoordig was by die ondersoek van die liggaam regtens ontoelaatbaar.[88] Daar word verwys na Van Leeuwen *Censura Forensis*[89]

> "who says that at least two witnesses are requisite . . . according to the Doctrine of the Roman Law: *unus testis, nullus testis* which Doctrine is also taken in the Dutch Law, according to Dr Van Leeuwen as before quoted".[90]

'n Heel kritiese mening oor Van Leeuwen is in *Ryneveld v Zorn* gehuldig.[91] In hierdie saak was die geskilpunt 'n aantal wissels wat deur die respondent aan die appellant se oorlede man teruggestuur is, met protes weens nie-akseptasie en niebetaling.[92] Namens appellant is betoog[93] dat daar geen raakpunt was tussen sy saak en die mening van Van Leeuwen waarop respondent in die hof *a quo* staatgemaak het nie.[94] In hierdie betoog word na Van Leeuwen verwys as iemand wie se professionele kennis daadwerklik ontken word deur Bijnkershoek, president van die hooggeregshof in Holland, asook die "geleerde" professor Voorda.[95]

---

85 *Idem* 298.
86 Sien vn 15 *supra*.
87 1823 *GH* 47/2/26. Sien ook vn 147 *infra*.
88 *Idem* 11.
89 Deel II 1 6 1 hfst 29 no 23. Die verwysingsmetode is dié wat in die betrokke prosesstuk gevolg is.
90 Sien 12–13.
91 1819 *GH* 48/2/40. Alhoewel die indeksregister van die Raad van Justisie hierdie saak aangee as *Ryneveld v Zorp* lyk dit eerder of dit *Ryneveld v Zorn* moet lui.
92 Sien 528.
93 Sien 541.
94 Daar word geen aanduiding gegee op watter passasie uit Van Leeuwen gesteun is nie.
95 Hierdie persone sou dan "met respek" gewys het op Van Leeuwen se "total ignorance of the Law, and the errors committed by several other Law authors who copied or followed his commentaries in the same manner as the Cranes follow each other (these are about the own words of President Bijnkershoek)". Volgens Visagie *Regspleging en die reg aan die Kaap van 1652 tot 1806* (LLD-proefskrif UK 1969) 71 was Van Leeuwen ongetwyfeld die skrywer oor die straf- en strafprosesreg wat die meeste as outoriteit voor die Raad van Justisie aangehaal is tot 1795. Vgl vn 194 en 195 *infra*.

6 2 1 3 De Groot

Verwysings na De Groot word ook dikwels aangetref. Die betrokke prosesstukke verwys egter oorwegend spesifiek na "Grotius". In *Nonnemaker v Nonnemaker*[96] het 'n skeiding van tafel en bed deur ooreenkoms ter sprake gekom. In hierdie verband word Hugo Grotius se *Inleidinge tot de Hollandsche rechtsgeleerdheid* 1 5 18 en 20 vermeld.[97] Wat 'n erfregtelike aangeleentheid betref, word daar in *Laubscher v Orphan Chamber*[98] na Grotius 2 41 1 en 7 verwys.

In *Sampson v McDonald*[99] gaan dit oor 'n agent wat 'n saak vir minder verkoop het as waartoe hy gemagtig was. Daar word gesteun op Grotius *Inleidinge*[100] se mening dat die agent gebonde is om streng ooreenkomstig sy mandaat op te tree aangesien hy andersins aanspreeklikheid sal opdoen vir alle verliese insluitende winsverlies.[101]

In *Balston v Cloete, Agent of the East Indian Company*[102] word van die standpunt uitgegaan dat daar geen verskil bestaan nie tussen die geval waar 'n persoon self iemand anders belaster en die geval waar hy opdrag gegee het, beveel het of op die een of ander wyse belowe het dat dit gedoen sal word deur iemand anders.[103] Die persoon wat opdrag gegee het, is derhalwe net so aanspreeklik. Hierdie standpunt word dan toegelig met verwysing na Grotius se *Inleidinge* 3 36 2.[104]

6 2 1 4 Van der Linden

Verwysings na Van der Linden duik telkens op. In *Short and Berry v Thomson*[105] moes die hof oorweeg of 'n aksie binne 'n bepaalde tyd ingestel moet word.[106] Die hof vermeld Van der Linden *Form van Proc Lib 1, C 11, para 1*.[107]

In *Rabe v Jordaan*[108] word daar na Van der Linden se aantekeninge oor waarborg in siviele aksies en skadeloosstelling in persoonlike aksies verwys.[109] Hiervolgens moes daar dan 'n belofte of ooreenkoms bestaan het wat deur die respondent gemaak is, en dit moet bewys word deur die appellant op wie die *onus probandi* rus. In *Horne v Nesbit*[110] word gesteun op Van der Linden se

---

96 1819 *GH* 48/2/38.
97 Die verwysing verskyn in die prosesstuk as *Book 1 Sect 5* en dan die paragraafnommers.
98 1819 *GH* 48/2/38.
99 1821 *GH* 48/2/41.
100 *Inleidinge* 3 12 8. Die verwysing in die prosesstuk is dieselfde as in vn 97 *supra*.
101 Sien 708.
102 1823 *GH* 48/2/62. Vgl vn 66 *supra*.
103 Sien 447.
104 *Ibid*. Vgl vn 101 *supra*.
105 1819 *GH* 48/2/38. Vgl vn 117 *infra*. Die verwysings word ook hier aangegee soos dit in die prosesstukke verskyn.
106 Die tydperk hier ter sprake was ses weke: "Whenever a person vaunts of having an action against an other, he may be compelled by law to institute it within a certain time."
107 Die verwysing word soos in die prosesstuk aangedui.
108 1819 *GH* 48/2/39. Vgl vn 83 *supra* en 180 *infra*.
109 Sien 203. Die verwysing is na Van der Linden se *Treatise on judicial practice* 2 249.
110 1824 *GH* 48/2/66.

mening dat selfs in die laer howe nuwe getuienis nie voorgelê mag word nadat die verrigtinge gesluit is nie, tensy verlof vooraf verkry en redes vir die aansoek aangevoer is.[111]

Volgens die prosesstukke in *Thomas v Dawes*[112] is dit 'n stelreël dat daar geen appèl is teen voorlopige vonnisse vir "betaling onder sekuriteit" soos *in casu* nie.[113] Daar word weer na Van der Linden verwys.[114]

Wat betref die verhoor van 'n misdaad deur 'n persoon onder militêre gesag jeens iemand anders onder militêre gesag, word Van der Linden aangehaal in *Tiel v Fiscal*.[115] Hiervolgens sou die hof met geskikte jurisdiksie 'n krygshof wees.[116]

6 2 1 5 Ander skrywers

In die prosesstukke in *Short and Berry v Thomson*[117] en *William Francis Viret v Charles Blair*[118] word na Merula verwys. Met betrekking tot die getuienis van medepligtiges word na Matthaeus verwys in *Anna Sauer v Landdros van Graaff-Reinet*.[119] 'n Verdere verwysing na Matthaeus kom in *Rebecca v Landdros van Graaff-Reinet* voor.[120]

6 2 2 Die Hollandse Reg

In verskeie stukke word daar eenvoudig na die Hollandse reg verwys sonder dat enige bewysplase verskaf word.[121] So word in *Shortt v Fiscal*[122] opgemerk: "The Dutch Laws are still observed in this Colony . . ."[123]

---

111 Dieselfde werk van Van der Linden word aangehaal, hierdie keer as *Form van procederen* IV T 31 C 58.

112 1824 *GH* 48/2/66. Vgl vn 177 *infra*.

113 Sien 330. Hierdie saak het oor wissels gehandel. Vgl vn 174 *infra* wat wissels betref.

114 *Form of proceedings* B 11 C 24 par 2.

115 1817 *GH* 47/2/14. Vgl vn 126 *infra*.

116 Die verwysing na Van der Linden se *Form van procederen* is hier *1 Part II Chap 5 para*. Wat die siviele proses betref, word daar ook in *Short and Berry v Melvill and Johnson* 1811 *GH* 48/2/2 56 na dieselfde werk van Van der Linden verwys. Die verwysing hier is na Vol I Boek 2 Hfst 24 par 27 355.

117 1819 *GH* 48/2/38. Die verwysing is na Merula *Manier van Proc* L IV t 39 C 2–10, 11.

118 1812 *GH* 48/2/9. Die verwysing is hier na De Haas *ad Merulam* Lib 4 Chap 5 par 4. Die verwysings word aangedui soos dit in die betrokke prosesstukke voorkom.

119 1822 *GH* 47/2/43. Die verwysing is na Matthaeus *De crim* Lib 48 tit 15 Cap 2. Die verwysing kom op 222 voor.

120 1823 *GH* 47/2/26. Op 222 van die bundel word die stelling gemaak dat indien daar geen direkte bewys van die beskuldigde se "malice prepense" bestaan nie, dit nie igv kindermoord vermoed word nie maar dat dit, inteendeel, vermoed word 'n ongeluk te gewees het. Die verwysing is na Matthaeus *De crim* Lib 48 Tit 6 Cl no 6. Vgl ook vn 133 *infra*.

121 Daar word gewoonlik verwys na die "Laws of Holland" of "Dutch Laws".

122 1818 *GH* 47/2/21. Vgl vn 79 *supra*.

123 Sien 18. Deur blote verwysing in die prosesstukke na die Hollandse nuusblaaie blyk dit dat strawwe in die Nederlande vir laster nie so swaar was as die straf wat in die hof *a quo* mbt die appellant opgelê is nie (*ibid*).

In *Theron v Fiscal*[124] word van die veronderstelling uitgegaan dat in die Hollandse reg die straf vir laster aan die "arbitrasie" van die regter oorgelaat word.[125]

Namens die appellant word daar in *Tiel v Fiscal*[126] betoog dat die Hollandse reg van toepassing is:

> "Because the Dutch laws (. . . still continue in vigour in this Settlement as far as they are not counteracted by custom or abrogated by express proclamation) . . ."[127]

Die Hollandse reg en die Engelse reg is volgens die advokaat van die appellant in *Gebhard(t) v Landdros van Stellenbosch*[128] dieselfde op die punt dat die opset om te dood, wat nie opgevolg word deur die dood self nie, nie as moord strafbaar is nie.[129]

6 2 3 Die Romeinse reg

Ook die Romeinse reg word soms in die prossesstukke aangehaal ter ondersteuning van 'n bepaalde regspunt. So betoog advokaat Van den Berg in *Hartongh v Heyns*[130] dat sy kliënt nie afstand gedoen het van die voorreg ingevolge die *Senatusconsultum Velleianum* nie.[131] Ook die respondent soek steun in die Romeinse reg.[132] In *Rebecca v Landdros van Graaff-Reinet*[133] word op die Romeinse reg staatgemaak ter ondersteuning van die standpunt dat 'n vrou nie skuldig bevind kan word aan moord op haar baba nie;[134] en in *Heatley v*

---

124 1812 *GH* 47/2/5.

125 Sien ook *Halloran v Fiscal* 1810 *GH* 47/2/1. Vgl vn 72 *supra* en 160 *infra*. In *Theron v Fiscal* word daar ook na die "Dutch Law proceedings" mbt renovasie verwys.

126 1817 *GH* 47/2/14. Vgl vn 115 *supra*.

127 Sien 23.

128 1822 *GH* 47/2/23. Johann Gebhard(t), seun van 'n Paarlse predikant, was die eerste witman wat ter dood veroordeel is vir die moord op 'n slaaf. Hy is op 1822-11-15 tereggestel vir die moord op sy slaaf Joris. Sien Pringle *Narrative of a residence in South Africa* (1966) 175; Streak *The Afrikaner as viewed by the English 1795–1854* (1974) 95; *The Times* Londen (1823-02-07).

129 Sien 15. Sien ook 16 waar die houding ingeneem word dat volgens die Hollandse reg, waar 'n aggressor nie die bedoeling gehad het om te dood nie maar slegs om te steek of te verwond, die misdaad nie as moord beskou word nie. Daar word na *Barels crimineele advyzen* verwys. Vgl verder 20 ev waar 'n duidelike onderskeid gemaak word tussen die Engelse reg en die Hollandse reg tov "wilful murder".

130 1816 *GH* 48/2/28.

131 Sien 229. Daar word na die *Senatus consultum vellejani* verwys. Die appellant maak in hierdie verband staat op 'n vroeëre beslissing in *Martheze v The Widow Melser*. Lg beslissing word nie verder toegelig nie. Vgl vn 221 *infra*.

132 Sien 294: "[S]o we find in the Law 131 of the pandects, *de diversis regulis juris antiqui – qui dolo desieret possidere pro possidente damnatur, quia pro possessione dolus est*, and by Law 155 – *eodem titulo, factum enique suum non adversario nocere debet*." Die aanhaling word *verbatim* weergegee.

133 1823 *GH* 47/2/24. Vgl ook vn 120 *supra*.

134 Mbt hierdie tipe misdaad word op 216 opgemerk dat "the great ancient legislator Solon thought it so enormous . . . [that] he believed it impossible that any body could be guilty of it, for which reason no punishment was acted against it". Daar word verwys na "Cic: pro Roscio Amerino Cap 13 para 22", wat gevolg sou gewees het deur "Romulus vide Plutarchus in Vita Romuli" (*ibid*). 'n Verdere verwysing na Cicero kom op 220 voor.

Rowles[135] wat handel oor die verkoop van 'n slaaf, kom breedvoerige verwysings na die Romeinse reg ook voor.[136]

6 2 4 Die Statute van Indië

In die steekproewe wat vir doeleindes van hierdie artikel gedoen is, is drie verwysings na die Statute van Indië gevind. So word daar in *Faure (Kurator van Fytjie) v Van Breda*,[137] met betrekking tot die verkoop van 'n slaaf, daarop gewys dat die verkoper verplig is om aan die koper 'n ontvangsbewys, 'n "venduebill" of 'n notariële oordragbewys te verskaf. Sodanige notariële oordrag kon nie deur die notaris gedoen word nie.[138] Daar word na artikel 30 van die Statute van Indië verwys.

Ook in *Gebhard v Landdros van Stellenbosch*[139] word na die Statute van Indië verwys. In verband met die reël in beide die Romeinse reg[140] en die Engelse reg[141] dat daar by afwesigheid van opset om te dood nie sprake van moord kan wees nie, word die Nuwe Statute van Indië van 1766 vermeld.[142]

In *Hussey v Backton*[143] maak die appellant daarop staat dat die respondent nie amptelik aangestel is as registrateur van die Vise-Admiraliteitshof nie maar dat hy bloot die registrateur se assistent is.[144] Respondent kan derhalwe nie vergelyk word met sekere amptenare in die kolonie wat nie vir arres vatbaar is nie. Met verwysing na die Statute van Indië word daar dan vermeld dat hierdie kategorie persone vroeër bekend gestaan het as amptenare van die Oos-Indiese Maatskappy.[145]

---

135 1819 *GH* 48/2/39. Vgl ook vn 64 *supra*.

136 Sien 532 ev. Die nodige bewysplase ontbreek egter. Vgl ook vn 90 *supra* mbt die Romeinse reël *unus testis, nullus testis*; asook vn 63 *supra* tov die Romeinse reël dat by 'n geskrewe ooreenkoms die dokument die wesenlike gedeelte van die kontrak uitmaak.

137 1826 *GH* 48/2/70.

138 Sien 534. Wat slawe betref, is daar in die algemeen ook staatgemaak op gesag soos die Bataafse statute. Sien Theal XXXIII, getuienis van Truter HR 267; Theal XXVIII *Kommissieverslag oor die geregshowe* 12–13; *CO* 49/6, Bigge aan Truter HR (1827-05-16) 19.

139 1822 *GH* 47/2/23. Vgl vn 128 *supra*.

140 Sien 28.

141 Sien 29.

142 Sien 41. Hierdie sou ook 'n beginsel wees van die Mosaïse reg soos te vind in Eksodus 21: 20–21 (*ibid*).

143 1811 *GH* 48/2/2.

144 Sien 336.

145 *Ibid*.

6 2 5 Die Kroonverhoor[146]

In die beslissings na 1819 word ook verwysings na die Kroonverhoor aangetref. So word daar in *Bootsman v Landdrost, Worcester*[147] verwys na artikel 3 van die Kroonverhoor wat alle twyfel uit die weg sou geruim het betreffende die verhoor van misdade wat met die dood strafbaar is.[148]

In *Fiscal v Cooke and Thompson*[149] merk fiskaal Denyssen op dat die goewerneur se besluit om die strafregprosedure in hersiening te neem, 'n goeie en nuttige doel gedien het.[150] Hierdie ondersoek het gelei tot die Kroonverhoor waardeur strafverrigtinge aan die Kaap gereguleer is.[151] In *Gebhard v Landdros van Stellenbosch*[152] word na artikels 34 en 44 van die Kroonverhoor verwys.[153]

Dit is ook interessant om te let op 'n beslissing wat voor die inwerkingtreding van die Kroonverhoor afgehandel is en derhalwe ná laasgenoemde saak anders beslis sou gewees het. In *De Vos v Landdros van Stellenbosch*[154] is naamlik opgemerk dat oortredings wat strafbaar met verbanning was, nie onderworpe was aan kennisname deur die Raad van Justisie nie.[155] Artikel 5 van die Kroonverhoor het egter bepaal dat sodanige oortredings deur een van die kommissarisse van die Rondgaande Hof ondersoek moet word. Wanneer die ondersoek afgehandel is, sou die vervolging voor die Volle Raad van Justisie plaasvind.

6 2 6 Die Engelse reg

Verwysings na die Engelse reg kom meesal voor met betrekking tot een of ander aspek van die strafreg, waaronder laster ("libel") vir hierdie doel ressorteer. Ook wat wissels betref, is daar die een en ander oor die Engelse reg te vind, asook wat die reg aangaande onwettige handel betref.

'n Algemene verwysing na sir William Blackstone word aangetref in *Short and Berry v Herrer*[156] waar die appellant se advokaat die volgende stelling van

---

146 Met hierdie proklamasie, waardeur 'n rondgaande hof oa ingestel is, is 'n poging aangewend om weg te doen met die ou prosedure in strafsake. Sien die proklamasie van 1819-12-2 (gepubliseer 4 Des); Theal XXV *Crown trial; or mode of proceeding in criminal cases at the Cape of Good Hope* 80–123. Die Kroonverhoor het 'n Britse kleur aan die bestaande strafprosedure verskaf en heelwat ter verbetering van die administrasie van die regswese bygedra. Sien Dugard *South African criminal law and procedure* IV "Introduction to criminal procedure" 23; Hahlo en Kahn *The South African legal system and its background* 576.

147 1824 *GH* 47/2/26. Vgl vn 87 *supra*.

148 Sien 41.

149 1823 *GH* 47/2/24.

150 Sien 164.

151 *Ibid*. In hierdie saak het dit gegaan oor a 20 van die Kroonverhoor.

152 1822 *GH* 47/2/23. Vgl vn 128 *supra*.

153 Sien 6 88.

154 1818 *GH* 47/2/21.

155 Sien 317.

156 1811 *GH* 48/2/2. In hierdie saak is die huidige respondent in die hof *a quo* tot 'n sekere bedrag gevonnis mbt skade wat die appellant sou gely het agv die beskadiging van gesoute beesvleis.

Blackstone aanhaal: "That Equity in its true and genuine meaning is the soul and spirit of all laws."[157]

In *Rossouw v Brink*,[158] 'n lastersaak, word daar afgesien van Voet ook na Blackstone verwys.[159] In *Halloran v Fiscal*[160] word daar ook op sowel Voet[161] as die Engelse reg gesteun. Advokaat Neethling voer namens die appellant aan dat die straf vir laster in die Engelse reg 'n boete of gevangenisstraf is. Verbanning is onbekend in die Engelse reg terwyl "transportasie" as straf slegs by die pleeg van 'n halsmisdaad opgelê word.[162] Ingelyks word daar in *Balson v Bird*[163] na Voet[164] en Blackstone in verband met onregmatige arrestasie verwys.[165]

Verwysings na die Engelse reg kom ook voor in *Zaaiman v Landdros van George*.[166] Namens die appellant word betoog dat daar 'n aantal sake voor die howe in Engeland gedien het waar persone, wat van die betrokke ernstige misdade aangekla is, vrygespreek is. Die vryspraak het geskied op grond van die erkende beginsel dat regters hulleself moet weerhou van alle private of persoonlike gevoelens of suspisies.[167] Ook die respondent het in hierdie saak op die Engelse reg gesteun. Volgens assistent-fiskaal Lind is dit 'n erkende beginsel van die Engelse reg dat 'n beskuldigde nie op sy bekentenis alleen gevonnis kan word nie. Volgens hom is daar gevalle in die Engelse reg waar die beskuldigde nieteenstaande sy eie bekentenis vrygelaat is omdat verdere bewyse vir die misdaad ontbreek het.[168] Wat strafaangeleenthede betref, word verder vele verwysings na Blackstone aangetref.[169]

In *Reynolds and Murray v His Majesty's Fiscal*[170] blyk dit uit 'n prosesstuk van die hof *a quo* wat voor die Raad van Justisie gedien het, dat die vervolging

---

157 Sien 718. Die verwysing is na Blackstone se "inestimable treatise" III 429.

158 1819 *GH* 48/2/39. Vgl vn 76 *supra*.

159 Sien 29. Die verwysing is na Blackstone III C 8 126. Vgl ook die opmerking op 27, aangehaal in vn 77 *supra*.

160 1810 *GH* 47/2/1. Vgl vn 72 *supra*.

161 Sien vn 75 *supra*.

162 Sien 19. Geen spesifieke verwysing na die Engelse reg word gegee nie. Wat die oplê van die straf *arbitrio judicis* betref, word na Voet verwys. Sien vn 74 en 125 *supra*. In dié verband word ook verwys na die Engelse reg soos opgeneem in Hawkins *Pleas of the Crown 1st chapter 73 Sec 21* (sien 164).

163 1824 *GH* 48/2/62.

164 Sien vn 69 *supra*.

165 Sien 557. Die verwysing is na Blackstone III 127.

166 1820 *GH* 47/2/27.

167 Sien 37. Daar word nie na enige gesag verwys nie. Vgl, wat hierdie stelling betref, Potgieter AR se opmerkings in *Solomon v De Waal* 1972 1 SA 575 (A) 580G–H.

168 Sien 37 ev. Geen gesag word vermeld nie.

169 Sien *Gebhard v Landdros van Stellenbosch* 1822 *GH* 47/2/23 6. Die verwysings na Blackstone is bk 4 hfst 14 par 195; asook 14 201. Sien verder *Tiel v Fiscal* 1817 *GH* 47/2/14 32. Die verwysing is na Blackstone bk 4 hfst 29 352. Vgl, wat hierdie twee beslissings betref, vn 115 126 128 139 *supra*. Hieruit blyk dat daar soms, om een of ander regspunt te illustreer, na sowel die Hollandse as die Engelse reg verwys is. Vgl ook *Viret v Blair* 1812 *GH* 48/2/9. Hierin verwys die fiskaal na *Blackstone on the laws of England* bk 3 121. Vgl in hierdie verband ook vn 118 *supra*.

170 1813 *GH* 47/2/6.

op die Engelse reg staatgemaak het.[171] In hierdie saak het dit gegaan oor die onwettige invoer van goedere uit Oos-Indië. In verband met onwettige handeldryf steun die respondent in *Fiscal v Cooke and Thompson*[172] op Holt se verhandeling getiteld *System of shipping and navigation laws*.[173]

Wat wissels betref, word die volgende stelling van Chitty[174] in *Huntley v Horne* aangehaal:[175]

> "Bills of Exchange like every other contract are to be construed in such a way and manner as, if possible, to give effect to the intention of the contracting parties."[176]

'n Verwysing na Chitty kom ook in *Thomas v Dawes* voor.[177] *In casu* gaan dit oor die endossering en verhandeling van wissels.[178]

6 2 7 Ander bevindings

Uit die stukke wat geraadpleeg is, is gevind dat daar na gesag verwys is wat nie onder een van bogenoemde kategorieë tuishoort nie. So word daar in *Heatley v Rowles*[179] en *Rabe v Jordaan*[180] na die Fransman Pothier verwys; en in *Halloran v Fiscal*[181] word die Duitse strafreggeleerde Carpzovius vermeld.[182] Die appellant steun ook op Carpzovius in *Landdrost, Cape District v Stadler*.[183]

Wat adviesversamelings betref, word daar na Barels se *Crimineele Advyzen* verwys,[184] Moorman en Van Hasselt,[185] Moorman se verhandeling oor misdade[186] asook die werke van Bort,[187] Vromans[188] en Leyser.[189]

---

171 Sien a 16 van die dokument op 173.
172 1823 *GH* 47/2/24.
173 Sien 109.
174 Die verwysing is na *Chitty in his treatise on bills of exchange* 108.
175 1824 *GH* 48/2/66.
176 Sien 424.
177 1824 *GH* 48/2/66. Vgl vn 112 *supra*.
178 Sien 330. Die verwysing is na Chitty hfst IV.
179 1819 *GH* 48/2/39 547 ev. Geen bewysplase word gegee nie. Vgl vn 64 *supra*.
180 1819 *GH* 48/2/39 209–210. Vgl vn 108 *supra*.
181 1810 *GH* 47/2/1. Vgl vn 72 *supra*.
182 Sien 8. Die verwysing is na Carpzovius 98 1. Sien ook 24. Uit hierdie verwysing, wat van geen spesifieke bewysplaas voorsien is nie, blyk dit dat daar verwys word na Van Hogendorp se vertaling van Carpzovius. Hierdie vertaling heet *Verhandeling der lijfstraffelijke misdaaden en haare berechtinge* (vgl 25).
183 1812 *GH* 47/2/5. Hierdie bundel bevat geen bladsynommers nie. Die verwysing na Carpzovius is klaarblyklik na sy *Practica nova imperialis Saxonica rerum criminalium*. Die bewysplaas word aangegee as *prima quaestione 27 para 34*.
184 Sien *Gebhard v Landdros, Stellenbosch* 1822 47/2/23 17. Vgl vn 129 *supra*.
185 Moorman en Van Hasselt 2 10 13. Sien *Halloran v Fiscal* 1810 *GH* 47/2/1 10. Die verwysing is klaarblyklik na hierdie skrywers se *Verhandeling over de misdaden en der selver straffen voor een groot gedeelte opgestelt by wylen Mr Johan Moorman, voorts vervolgt en ten einde gebragt door Mr Johan Jacob van Hasselt*. Hierdie werk is hoofsaaklik 'n swak navolging van Matthaeus se *De crim*. Sien Visagie *Regspleging en reg aan die Kaap van 1652 tot 1806* 71 vn 57.
186 Moorman 2 1 5 word aangehaal in *Landdros, Cape District v Stadler* 1812 *GH* 47/2/5. Geen bladsynommers verskyn in hierdie bundel nie.
187 'n Verwysing na Bort se kommentaar op die *Hoge en ambachts heerlijkheid* 2 67 kom voor in *Landdros, Cape District v Stadler supra*.

vervolg op volgende bladsy

6 3 Besondere bevindings uit stukke voor die Raad van Justisie

Wanneer 'n aantal bundels uit die argiefstukke van die Raad van Justisie bestudeer word, blyk dit dat dieselfde patroon gevolg is wat hierbo uit die appèlhofbeslissings afgelei is. So word daar verwysings na Voet aangetref in die *Mulder*-saak,[190] *Ernst Marais v Landdros van Tulbach*,[191] *Fiskaal v Candas(z)a*[192] en *Fiskaal v Cathryn*.[193] Simon van Leeuwen word aangehaal in *Ernst Marais v Landdros van Tulbach*[194] terwyl daar na sy *Roomsch-Hollandsche recht* verwys word in *Fiskaal v Eduard Harding*.[195] In *Louis Cauvin v Fiskaal*[196] en *Ernst Marais v Landdros van Tulbagh*[197] word verwysings na De Groot aangetref.[198]

Daar is talryke verwysings na een van die laaste skrywers oor die Romeins-Hollandse reg, Johannes van der Linden. So word na sy *Koopmans handboek* verwys in *Landdros van Stellenbosch v Van Blommenstein*.[199] Ook in *Louis Cauvin v Fiskaal*[200] en *Patrick McCarthy v Fiskaal*[201] word na die *Koopmans handboek* verwys.[202] Verdere verwysings na hierdie werk word in *Fiskaal v Philip Richardson Peck*[203] en *Fiskaal v Cathryn* aangetref.[204]

Daar word ook gereeld na Matthaeus se *De criminibus* verwys, byvoorbeeld in die *Mulder*-saak,[205] *Patrick McCarthy v Fiskaal*,[206] *Fiskaal v Eduard Harding*,[207]

---

188 Vromans *De foro competenti* 1 III 9 en 11 ev. Sien *Landdros, Cape District v Stadler supra*.

189 Leyser *Meditationes ad pandectas* spec 552 1 en 2. Vgl vn 214 *infra*.

190 Die saakverwysing is ietwat onduidelik. Sien 1820 *CJ* 610 102. Geen bewysplaas word verstrek nie.

191 1820 *CJ* 610 436. Die verwysing hier is na Voet *ad Lex Cornelia de Sicariis*. Sien egter die verwysing na Voet op 445: "d.i. in tweyffel word noodweer ook gepraesumeer, tot dat die praesumtie of door bewyzen of door sterkere sporen van het tegendeel om verre geworpen word."

192 1822 *CJ* 620 169. Die verwysing is na Voet se "Commentarie" *ad tit D*.

193 1826 *CJ* 635 702. Die verwysing is na Voet *ad tit D, de incend* 5.

194 Sien vn 217 *infra*. Daar word slegs na die volgende stelling van Van Leeuwen verwys op 442: "dat men een nagtdief vryelik mag doodslaan". Op 437 word egter na *RH Regt* 4 Boek 34 verwys. Sien ook vn 95 *supra*.

195 1827 *CJ* 640 814. Die verwysing is na B 4 Cap 34.

196 1823 *CJ* 625.

197 Sien vn 194 *supra*.

198 In die *Cauvin*-saak 1169 word verwys na De Groot 3 48 7 terwyl daar in die *Marais*-saak 443 na De Groot *Inl* 3 33 9 verwys word.

199 1823 *CJ* 625. Op 535 word Van der Linden aangehaal mbt "toevallige doodslag" en op 563 mbt "direct of indirect oogmerk om te dooden". Die verwysing is na 241 en 240 van die *Handboek*.

200 Sien vn 196 *supra*.

201 1827 *CJ* 640.

202 Sien die *Cauvin*-saak 1168 en die *McCarthy*-saak 366. In lg saak word na Van der Linden se "manual" 2 8 6 272 verwys.

203 1827 *CJ* 640 637. Sien ook in dieselfde bundel die verwysing na Van der Linden *Handboek* in *Fiskaal v Harding* 815.

204 Sien vn 193 *supra*. Vgl 712–720 721. Die verwysings op hierdie bladsye is na Van der Linden 2 1 4 7; 2 8 3; en 1 17 3 182 asook 2 8 3.

205 Sien vn 190 *supra*. Vgl 101.

vervolg op volgende bladsy

Landdros van George v Bernardus Christiaan Zaayman[208] en *Fiskaal v Cathryn.*[209] Dat ook Groenewegen se *De legibus abrogatis* in hierdie hof bekend was, blyk uit *Fiskaal v Eduard Harding,*[210] *Fiskaal v Candas(z)a*[211] en *Fiskaal v W Stewart, C Logan en M Carey.*[212] Van Zurck se *Codex Batavus* word ook vermeld,[213] asook Merula se *Manier van procederen.*[214]

Daar word voorts in die Raad van Justisie-stukke oor die algemeen na die Nederlandse reg verwys.[215] Vele regspunte word aan die hand van die Romeinse reg toegelig. Die menings van beide Ulpianus en Huber oor die *Lex Aquilia* word aangehaal.[216] Daar kom selfs 'n verwysing na die *Twaalf Tafels* voor.[217] Die Romeinsregtelike benadering met betrekking tot sogenaamde "voluntarily contracted madness by drunkenness or intoxication" word ook vermeld.[218] Daar word verder gesteun op keisers Gratianus, Valentinianus en Theodosius se voorskrifte met betrekking tot publieke vervolgers.[219] 'n Verwysing na Hadrianus[220] en Justinianus[221] word aangetref. 'n Verdere verwysing na die Romeinse reg kom in *Fiskaal v Doherty*[222] voor.

Ook die Duitse strafreggeleerdes Carpzovius en Boehmer het hulle invloed laat geld. Verwysings na Carpzovius word vermeld in *Fiskaal v Peck,*[223]

---

206 Sien vn 201 *supra*. Vgl 367 en 489.
207 1827 *CJ* 640 814.
208 1819 *CJ* 600 510 en 708.
209 Sien vn 183 *supra*. Vgl 702.
210 Sien vn 207 *supra*. Vgl 819.
211 Sien vn 192 *supra*. Vgl 169. Hier word bloot na die "Rechtsgeleerde schryveren" Sande en Groenew verwys.
212 1826 *CJ* 635 911.
213 Sien die *Harding*-saak 280 vn 195 *supra*.
214 Sien die *Cathryn*-saak 720 vn 193 *supra*. Die verwysing is na *Manier van Procederen* lib 4 tit 62. 'n Verwysing na Leyser *Medit ad Pand* kom in *Fiskaal v Candas(z)a* 1822 *CJ* 620 160 voor.
215 Sien *Fiskaal v Candas(z)a* 1822 *CJ* 620 159. Hier word ook na die Engelse en Franse reg verwys.
216 Sien *Landdros van Stellenbosch v Van Blommenstein* 1823 *CJ* 625. Vgl die verwysing op 559 na Ulpianus *ad leg Aquil* asook die verwysing op 560 na Huber *Prael ad ff ad leg Aquilliam, num 4 ad scholiam Thomasii.*
217 Sien *Marais v Landdros van Tulbach* 1820 *CJ* 610 435: "daarom zegt reeds de Wet der Twaalf tafelen dat men eenen nagtdief ongestraft om het leven mag bringen". Vgl vn 194 *supra*.
218 Sien *Fiskaal v Peck* 1827 *CJ* 640 817. Geen gesaghebbende word egter aangehaal nie.
219 Sien *Landdros van George v Zaayman* 1819 *CJ* 600 705.
220 Sien *Fiskaal v Candas(z)a* 1822 *CJ* 620 159. Die verwysing is na Hadrianus: *D de testibus.*
221 Sien *Fiskaal v Cathryn* 1826 *CJ* 635 655 waar verwys word na "Keyser Justinianus in Lege 22, Cod ad SC tum Vellejanum (IV29)", asook sy *Meditationes* 7e Deel spec 473 Med 7. Vgl vn 131 *supra*.
The Constitution aims at eliminating these inequities that currently exist in our legal system. It has become evident that children's rights are high on the agenda of the present regime and the rights entrenched in the Constitution will clearly map out the path that the juvenile justice system will follow. (At a Day of the Child Celebration (1994-06-16) President Mandela committed himself to the

establishment of a trust fund to promote the interests of street children and children in prison.) Skelton proposes a radical change from the "existing one that has failed so miserably to deal with children in trouble with the law" ("Raising ideas for the creation of a juvenile justice system for South Africa" – paper presented at the *Children in trouble with the law* conference held at the University of Western Cape (October 1993) 1).

The shift from parliamentary sovereignty to constitutional supremacy is one which most human rights activists welcome. It is, however, one that comes with the threat of a rigidity and formality in court procedures that due process and a strict adherence to the provisions of the Constitution demands. The consequences of the implementation of these provisions would be that the socialised children's court as envisaged by the Child Care Act would be stripped of its flexibility and informality and be bound by strict rules of evidence and procedure.

The provisions of section 30(2) read with section 25 must, however, be seen against the background of the abuse of children's rights by the apartheid regime. Black children have for decades been traumatised by the laws of the country. As the struggle against apartheid intensified, the children became victims of the criminal justice system where they were detained in the most appalling conditions and often disappeared while in detention. While the struggle against apartheid may be over, South African children are still the victims of an inadequate criminal justice system.

The socio-economic situation in our country has led to the creation of bands of street children homeless and abandoned in the large cities who have to provide for themselves. Children who find themselves victims of the law charged with petty offences are often detained in prison pending their removal to places of safety as envisaged in the Child Care Act. The shortage of space at these institutions means that children found guilty by the criminal court are often imprisoned in adult correctional facilities. Psychologists and criminologists have spoken out about the enormous potential harm to young persons held in adult prisons. Neither the youth nor society is served by the irreparable harm suffered by youth held in these institutions. There is a real risk of physical danger, the risks of being coerced into homosexual behaviour and the likelihood of the young offenders adopting the codes of behaviour prevalent in such places. The United Nations Convention on the Rights of the Child provides in article 37(3) that "every child deprived of liberty shall be separated from adults unless it is considered in the child's best interests not to do so".

The John Howard Society of Ontario describes the admission of young people into adult institutions as being absolutely abhorrent and unnecessary. It quotes a penitentiary inmate as stating:

> "Terrible crimes will always shock us, but the truth of youth in prison would shock us more than the most terrible of crimes. Young people know what it is to die each day in prison. How would a child with an unformed body and underdeveloped mind know better? No society should allow its children to be raped, tortured and murdered as punishment" (Report of the John Howard Society of Ontario "Taking kids into adult prisons" 1990 *Can J of Fam L* 31).

In South Africa thousands of children are presently being held in prison cells pending trial. This callous and inhumane treatment of children must be stopped. If we continue to respond to the escalating violence in this manner, the youth will continue to react with violence. We are only perpetuating this vicious circle of crime and revenge. It is totally unacceptable that our children should be incarcerated together with adults. It is imperative that the Ministry of Justice urgently commissions an enquiry into the present state of juvenile justice in our country and in particular the effectiveness of alternatives to incarceration. Skelton 9 proposes a number of sentencing options, *inter alia*:

(a) the postponement of sentence which may be unconditional or conditional;

(b) community service, victim offender mediation and juvenile school;

(c) correctional supervision; and

(d) placement under the supervision of the probation officer.

The Swedish system, although it too does not have a separate juvenile justice, offers similar sentencing options. Whilst imprisonment is retained as an option it "should be served in a form which is especially adapted to juveniles" (Report of the Swedish Committee on Juvenile Delinquency (1993) 16). The Swedish penal system rests on the notion that imprisonment, as the most severe sentence, may only be used as a last resort. The court is bound to consider circumstances which imply the choice of a more lenient sanction (see Lindelöf "Juvenile justice" – paper presented at the *Children in trouble with the law* conference).

Section 290 of the Criminal Procedure Act makes provision for any court dealing with the sentencing of a juvenile to impose a punishment of whipping. This provision is totally anachronistic and out of line with most modern legal systems where whipping is totally abolished. In the Zimbabwean case of *R v F* 1989 1 SA 460 (Z) the court expressed outrage at the whipping of a boy aged ten. The judge, on review, found that the proceedings greatly offended his sense of justice and was distressed that the administration of justice was unable at any stage to protect the child and consciously perpetrated this grave injustice (460J). In *S v A Juvenile* 1990 4 SA 151 (ZSC) the Zimbabwean Supreme Court held that the sentence of whipping on juvenile offenders was unconstitutional as being an inhuman and degrading punishment in terms of section 15(1) of the Constitution. It is submitted that the interpretation of section 10 of the South African Constitution guaranteeing that every person shall have the right to respect for and protection of his or her dignity, will effectively remove whipping as a sentencing option.

The need to observe constitutional rights in the juvenile court does not necessarily imply conflict with the court's protective philosophy. One solution is that proposed in 1968 by the National Conference of Commissioners on Uniform State Laws (The Uniform Law Commissioners' Model Juvenile Court Act 1968) in the United States. The conference proposed and effected the establishment of two separate stages in juvenile court proceedings. The first stage, adjudication, would include all the elements of procedural due process with a requirement of proof beyond a reasonable doubt. Formally, the hearing is not to enquire or determine the child's innocence or guilt but to establish his status as either

delinquent or non-delinquent. Although the juvenile court partially relaxes the usual rules of evidence, these hearings afford many procedural safeguards. The complainant, generally a police officer, acts as prosecutor, presenting the case with the help of witnesses. Defence counsel may cross-examine all witnesses and where there is no counsel the child or his parents may clarify the complainant's evidence. The child's lawyer will then present the defence with the help of witnesses. The judge may question witnesses at any time; it is court policy, however, not to question children who refuse to testify about the alleged offence.

Only once a finding of "delinquent" has been made, does the court begin to function as a social agency now operating with a different set of rules and purposes. The judge then decides on disposition, a decision that will require him to balance or evaluate conflicting claims of treatment, enforcement of the law and community standards and prevention of possible future serious offences. In this he relies heavily on the probation officer's report, which is derived from the initial interview and outlines briefly the delinquent's background, general behaviour, family situation and school record. A lawyer will also be permitted to make an argument on disposition. Probation and commitment constitute the two main disposition alternatives. A programme of probation requires the child to be supervised by the probation officer and it may include the child's attending recreation-education programmes run by the court. The other alternative is that of commitment. This is the most drastic option open to the court. The court has statutory power to commit children found delinquent to the Youth Correction Authority which then reviews the case and assigns it to the most appropriate institution. Amidst this setting the juvenile court suggests an inherent dualism between legal and social models of that institution.

The court may also decide to treat the accused youth as a "juvenile offender". Where the child is over 14 and the court is of the opinion that his welfare, and the interests of the public, require that he should be tried for the said offence the court may dismiss the delinquency complainant and criminal proceedings may be initiated. In practice this option is invoked very infrequently as judges are reluctant to use it unless the crime is an extremely vicious one. In Canada, judicial officers sentencing a youth for murder were faced with the option of a maximum sentence of 3 years under the Young Offender Act and a maximum sentence of life imprisonment with parole eligibility in ten to twenty-five years under the criminal justice system. This vast disparity between the two systems was reduced with the introduction of Bill C-58. The bill increases the maximum sentence that a youth court may impose for murder to 5 years less a day, with the last two years being served on constitutional supervision in the community. The bill stipulates that the protection of the public shall be paramount when the court decides to transfer; a juvenile convicted of murder in an adult court may receive a life sentence but will be eligible for parole in 5 to 10 years (Bala "Dealing with violent young offenders: transfer to adult court and Bill C-58" 1990 *Can J of Fam L* 11).

Reform legislation would aim to avoid the situation in Canada where the Young Offenders Act was perceived as being "too soft" on the juvenile. If this

happens then the *status quo* will be maintained and this will be intolerable in a future South Africa.

South Africa's unique and tragic past demands that the socialised juvenile court must be tempered with constitutional principles ensuring due process of law and legal representation for the accused. Reform legislation must aim to strike a balance between these two schools of thought and must be sensitive to the peculiar historical imbalances in our country and the impact that this has had on the majority of the youth who, through no fault of their own, have suffered the rigours of poverty and unemployment and have been deprived of a sound education. At eighteen many of them have been self-supporting since tender years and have had their childhood denied them by the repressive apartheid regime. This has bred anger and discord in many a juvenile and society must recognise its obligation to these children of apartheid.

The solution to the legal problems may lie in reform legislation but there have to be fundamental societal changes brought about in a holistic manner. Many more places of safety or shelters need to be set up for these children so that they may be nurtured and feel wanted and loved and not be forced into adult correctional institutions for want of space. The legal process cannot be seen in isolation here and provision must be made for the child, his parents, the social worker, the public defender, the prosecutor and the magistrate to work as a team with a common goal which is and must always be *the welfare of the child.*

PAT SINGH
University of Durban-Westville

SPANNINGSVELD TUSSEN DIE PSIGO-KULTURELE EN DIE JURIDIESE: OPMERKINGE OOR DIE VERMOëNSREGTELIKE GEVOLGE VAN GEMEENREGTELIKE HUWELIKE TUSSEN SWARTES

1 Inleiding

In 'n redelik onlangse publikasie verwys Van Wyk, hoofsaaklik met beroep op die Duitse juris Peter Häberle, na die (idealiter?) breëre kultuurbasis van die staatsreg ("Kultuur, staat, reg – kultuurstaatsreg?" 1991 *Stell LR* 180). Wat in die algemeen duidelik blyk, is dat sinvolle reg, wat self 'n kultuurmoment is, kultuursinchroniserend moet wees. Regsverandering, in 'n substansiële sin, kan slegs sinvol geskied as dit voorafgegaan word of gepaard gaan met toepaslike kultuurveranderinge. Deur die reg te verander, verander die toepaslike kultuurbasis daarvan nie noodwendig nie (sien hieroor Seidman "Law and development: a general model" 1972 *Law and Society R* 311; Seidman "The communication of law

and the process of development" 1972 *Wisconsin LR* 686; Trubek en Galanter "Law and society" 1974 *Wisconsin LR* 1062; Labuschagne "Regsakkulturasie en wetsuitleg" 1985 *THRHR* 67). Sinvolle regsverandering moet myns insiens ook binne die trefkrag van die betrokke onderdane se (psigiese) konsepsie- en beleweniswêreld, wat 'n kulturele of waarde-onderbou het, val. Daarom is daar in die opskrif van die onderhawige aantekening na die "psigo-kulturele" verwys.

Verskeie skrywers het al daarop gewys dat baie swartes gemeenregtelike huwelike sluit sonder om werklik die gevolge daarvan te besef en te aanvaar (Dlamini "The new marriage legislation affecting Blacks in South Africa" 1989 *TSAR* 415; Dlamini "The modern legal significance of ilobolo in Zulu society" 1984 *De Jure* 148; Peart "Civil or Christian marriage and customary unions: the legal position of the 'discarded' spouse and children" 1983 *CILSA* 39; sien ook tav Nigerië, Achike "Problems of creation and dissolution of customary marriages in Nigeria" in Roberts (red) *Law and the family in Africa* (1977) 145).

In hierdie aantekening word aspekte van die problematiek in dié verband met verwysing na die vermoënsregtelike gevolge van gemeenregtelike huwelike deur swartes gesluit, aan die orde gestel. Die effek van 'n lobolo-ooreenkoms wat saam met 'n gemeenregtelike huwelik gesluit word, is reeds by 'n ander geleentheid onder die loep geneem en word nie weer hier bespreek nie (Labuschagne "Regsakkulturasie, die lobolo-kontrak en 'n gemeenregtelike huwelik" 1985 *Speculum Juris* 12).

2 Huweliksspluralisme in Suid-Afrika

In Suid-Afrika, soos in die res van Afrika, word die huweliksreg gekenmerk deur 'n pluralistiese aard (Bennett en Peart "The dualism of marriage laws in Africa" 1983 *Acta Juridica* 145). Daar word veral twee huweliksvorme aangetref, naamlik die inheemse gewoonteregtelike huwelik en die Westers-Christelike of gemeenregtelike huwelik. Die grondonderskeid tussen dié twee huweliksvorme is dat eersgenoemde vir poliginie voorsiening maak terwyl laasgenoemde streng monogamies van aard is. Die Suid-Afrikaanse howe het van die staanspoor af geweier om potensiëel-poligamiese huwelike te erken (*Ebrahim v Essop* 1905 TS 59 61; *Nalane v R* 1907 TS 407 408–409); *Seedats Executors v The Master (Natal)* 1917 AD 302 308–309; *Suid-Afrikaanse Nasionale Trust en Assuransie Maatskappy Bpk v Fondo* 1960 2 SA 467 (A) 473). So verklaar appèlregter Trengove in *Ismail v Ismail* 1983 1 SA 1006 (A) 1624:

> "Under our law a marriage is regarded as polygamous if it is celebrated under tenets which allow the husband to take another wife during its subsistence, whether he does so or not. A potentially polygamous union is equated with a *de facto* polygamous union."

(Vir 'n bespreking van en kritiek op dié saak sien Kerr "Back to the problems of a hundred or more years ago: public policy concerning contracts relating to marriages that are potentially or actually polygamous" 1984 *SALJ* 445.) Daar is egter twee teenstrydighede verbonde aan dié houding van die landshowe: Eerstens het die wetgewer en die howe self sekere gevolge van die inheemse huwelik erken (Labuschagne "Erkenning van die inheemse huwelik" 1991 *THRHR* 843; Peterson "Is there still a difference between a common-law marriage and a customary union?" 1992 *SALJ* 18). Erkenning van die gevolge van 'n regshandeling beteken

onvermydelik die erkenning van die regshandeling self, selfs al sou dit slegs vir 'n beperkte doel wees. Tweedens het die howe wat spesifiek daargestel is vir (onder andere) die toepassing van die inheemse reg, die inheemse huwelik as sodanig van die staanspoor af erken (Olivier *et al Die privaatreg van die Suid-Afrikaanse Bantoetaalsprekendes* (1989) 9).

3 Die posisie voor 1 Januarie 1929

3 1 Kaapprovinsie en Transkei

In die Kaap het geen spesiale reëlings gegeld vir huwelike deur swartes gesluit nie. Die Order-in-Council van 1838 was op alle onderdane van toepassing. Met die anneksasie van die Transkeise gebiede is dit ook daar van toepassing gemaak. Op 19 Oktober 1910 het Proklamasie 142 van 1910 in die Transkei in werking getree (Olivier *et al* 224; Bekker *Seymour's customary law in Southern Africa* (1989) 248–249). Hierdie proklamasie was analogies aan en kan beskou word as die voorloper van artikel 22(6) van die Swart Administrasie Wet 38 van 1927, wat hieronder bespreek word (sien *Pakkies v Pakkies* 1921 CPD 508; *Tonjeni v Tonjeni* 1936 NAC (C and O) 96 98).

3 2 Oranje Vrystaat

In die OVS het Wet 69 van 1899 die totstandkoming en gevolge van huwelike gereël. Geen afsonderlike wetgewing het ten opsigte van swartes gegeld nie (Olivier *et al* 224).

3 3 Transvaal

Artikel 25 Wet 3 van 1871 het dié wet, wat die statutêre grondslag van die huweliksreg in die Transvaal gevorm het, slegs op blankes van toepassing gemaak en 'n afsonderlike reëling vir "kleurlingen" in die vooruitsig gestel. Wet 3 van 1897, wat kragtens artikel 19 op 1 Januarie 1898 in werking getree het, het dan ook daarvoor voorsiening gemaak. Artikel 2 is die kernartikel en bepaal soos volg:

> "Iedere kleurling, die als boven een huwelijk wenscht aan te gaan, moet zich met een daartoe strekkend verzoek wenden tot een door de Regeering daartoe aan te stellen persoon of personen. Hij moet daarbij overleggen een certificaat van hunne ouders, of waar geen ouders in leven zijn, van hunne voogden, of van zijn Kapitein of ander Naturellenhoofd dat volgens wet tegen het voorgenomen huwelijk geen bezwaar bestaat, of indien zij christenen zijn, van den leeraar hunner kerk.
>
> Kleurlingen, komende van buiten de grenzen van dezen Staat en wenschende alhier in het huwelijk te treden, zullen ten genoege van bovengemelden persoon door een certificaat of door voldoende getuigenis moeten aantoonen dat volgens wet tegen het voorgenomen huwelijk geen beswaar bestaat."

Kragtens artikel 15 geld die bepalings van Wet 3 van 1871 waar dié wet geen voorsiening maak nie (Olivier *et al* 224–225; Bekker 249).

3 4 Natal

Wet 46 van 1887 is spesifiek verorden om huwelike te reguleer wat swartes volgens die Christelike godsdiens sluit. Indien een of albei partye aan die inheemse gewoontereg onderworpe was, kon 'n Christelike huwelik slegs gesluit word na die uitreiking van 'n lisensie (a 7 en 8).

Artikel 11 lui soos volg:

> "No marriage between Natives solemnised under this Law shall, when the male Native is subject to the Native Law in force in this Colony in anywise, except as is in this Law provided, remove either of the parties to such marriage from the operation of such Native Law, either in their persons or their property."

(Vgl hieroor *Mvelase v Mbhele* 1946 NAC (N and T) 94; *Xakaxa v Mkize* 1947 NAC (N and T) 85 86; *Matshali v Gwala* 1960 1 SA 597 (A) 600.)

Indien albei partye van die inheemse gewoontereg vrygestel was, kon hulle kragtens Ordonnansie 17 van 1846 burgerlike en kerklike huwelike soos blankes sluit. In *R v Saul* 1927 NLR 75 was S van die werking van die inheemse gewoontereg (kragtens Wet 28 van 1865) vrygestel. Hy het 'n Christelike (kerklike) huwelik met 'n nie-vrygestelde vrou gesluit. Daarna, staande dié huwelik, het hy 'n huwelik volgens die inheemse gewoontereg met 'n ander vrou gesluit. Die hof beslis dat laasgenoemde huwelik nietig is en dat S skuldig is aan statutêre bigamie (oortreding van a 13 Wet 46 van 1887).

Kragtens artikel 1 Wet 46 van 1887 kon 'n burgerlike huwelik nie gesluit word indien nóg die man nóg die vrou van die inheemse gewoontereg vrygestel is nie. Hulle kon wel 'n Christelike (kerklike) huwelik sluit, soos hierbo bespreek (sien verder *Mtunzi v Tshabalala* 1933 NAC (N and T) 1 2; *Ngcobo v Masango* 1936 NAC (N and T) 26; *Dhlamini v Dhlamini* 1953 NAC (N-E) 266 267). Die regsposisie soos in Natal van krag is mettertyd na Zoeloeland uitgebrei (*Daniël v Hester* 1910 NHC 119 120–121; *Ntuli v Mhlongo* 1936 NAC (N and T) 55 61).

4 Die posisie vanaf 1 Januarie 1929 tot 2 Desember 1988

Die Swart Administrasie Wet 38 van 1927 het op 1 Januarie 1929 in werking getree. Artikel 22(1) bepaal dat indien 'n swartman, solank 'n inheemsregtelike huwelik tussen hom en 'n vrou bestaan, 'n gemeenregtelike huwelik met 'n ander vrou wil aangaan, hy eers onder eed voor die magistraat of kommissaris van die distrik waarin hy gedomisilieerd is, moet aangee die naam van elke sodanige vrou en kind uit so 'n inheemse huwelik (gebruiklike verbinding) gebore en die soort en hoeveelheid goedere waarmee hy elke sodanige vrou of huis volgens inheemse reg bedeel het asook ander inligting wat van hom verlang word. Kragtens artikel 22(3) moet 'n sertifikaat te dien effekte aan die huweliksbevestiger voorgelê word (Olivier *et al* 225–226). In *Ndhlovu v Ndhlovu* 1937 NAC (N and T) 80 83 het die hof beslis dat nie-nakoming van artikel 22(1) die gemeenregtelike huwelik *ab initio* nietig maak. Byna 40 jaar later het die hof in *Malaza v Mndaweni* 1975 ACCC (C) 45 58 tot 'n teenoorgestelde konklusie gekom en soos volg verklaar:

> "The conclusion seems inescapable that, where there has been non-compliance with section 22(1) of Act 38 of 1927, the legislature intended merely to punish the husband of the civil marriage, and to leave the validity of the marriage unaffected."

(Sien ook Peart 1983 *CILSA* 56–57; *Mutandaba v Morenwa* 1971 NAC (N-E) 326; Olivier *et al* 227.)

Artikel 22(6) is die volgende artikel van belang. Hierdie artikel bepaal dat 'n (gemeenregtelike) huwelik tussen swartes, as uitgangspunt, nie in gemeenskap van goedere is nie. Die partye kan egter, in gevalle waar die man nie

inheemsregtelik met 'n ander vrou getroud is nie, binne een maand voor die bevestiging van die huwelik gesamentlik voor 'n magistraat, kommissaris of huweliksbevestiger verklaar dat hulle begeer om in gemeenskap van goedere en van wins en verlies te trou. In sodanige geval sal die huwelik in gemeenskap van goed en van wins en verlies wees. Grond wat in erfpag in 'n lokasie gehou word, is egter van die gemeenskap uitgesluit. Die maritale mag van die man geld maar kan deur 'n huweliksvoorwaardeskontrak uitgesluit word, behalwe in daardie gevalle waar die man in 'n voorafgaande inheemse huwelik met 'n ander vrou gestaan het (Olivier *et al* 265; Bennett *The application of customary law in Southern Africa* (1985) 156). Die regsgevolge van gemeenskap van goed en van wins en verlies is dieselfde as vir nie-swartes en word nie deur die inheemse reg beheer nie (*Ex parte Minister of Native Affairs: In re Molefe v Molefe* 1946 AD 315 320; *Mpushu v Mjolo* 1976 3 SA 606 (O) 608; *Sikenkelane v Ngcukana* 1947 NAC (C and O) 9 12; *Rabotapi v Nkonyane* 1946 NAC (N and T) 72 74; *Mobiletsa v Mobiletsa* 1946 NAC (N and T) 84 85; *Malunga v Zilwana* 1947 NAC (N and T) 64; *Kotole v Kotole* 1953 NAC (C) 123 124; *Khumalo v Khoza* 1982 ACCC (C) 120 124).

Artikel 22(7) bepaal dat indien 'n man 'n gemeenregtelike huwelik sluit en 'n vrou uit 'n voorafgaande inheemse huwelik daardeur agtergelaat word, dit geen invloed op die materiële regte van so 'n agtergeblewe vrou of haar kinders het nie. Verder het 'n weduwee van so 'n gemeenregtelike huwelik en haar kinders nie groter regte teenoor die boedel van die oorlede eggenoot as wat hulle sou gehad het as genoemde (gemeenregtelike) huwelik 'n inheemse huwelik (gebruiklike verbinding) was nie. Hierdie subartikel beskerm die vrou en kinders uit 'n voorafgaande inheemse huwelik gedurende die bestaan van die latere gemeenregtelike huwelik asook na die dood van die eggenoot (Olivier *et al* 251).

In *Nkambula v Linda* 1949 NAC (N-E) 60 het verweerder se dogter Lena 'n inheemse huwelik met eiser gesluit en lobolo is gelewer. Eiser sluit vervolgens 'n gemeenregtelike huwelik met 'n ander vrou. 'n Jaar later verlaat Lena die eiser waarop hy eis dat sy na hom moet terugkeer of dat die lobolo teruggelewer word. Die ou Naturelle-appèlhof beslis dat die inheemse huwelik nie deur die latere gemeenregtelike huwelik ontbind is nie en verduidelik (61):

> "Lena married respondent by lobolo (Native) custom, which recognises the right of her husband to contract marriage unions with other women. The fact that he married another woman subsequently under Common Law does not in any way affect Lena's rights or privileges which are specially protected as stated above.
>
> Being a tribally minded individual (*vide* her marriage by Native Custom) it cannot matter to her morally under what conditions her husband contracted the second marriage – he has merely acquired a second wife. Such second marriage cannot affect her in the least merely because it was not a customary union."

Die hof beslis verder dat die begrip "materiële regte" die reg tot kohabitasie met haar man insluit. Dié saak het uiteindelik die Appèlafdeling van die Hooggeregshof bereik (*Nkambula v Linda* 1951 1 SA 377 (A)). Die appèlhof beslis egter dat die man deur die sluit van 'n gemeenregtelike huwelik beskou moet word sy vrou uit die inheemse huwelik te verlaat het en dat laasgenoemde vrou geregtig is om sy woning of kraal te verlaat sonder dat haar vader of voog verplig is om

die lobolo terug te lewer (384). Appèlregter Fagan verduidelik in dié verband soos volg (382):

> "[T]he 'material rights' of the woman and the issue of the customary union are preserved and safeguarded, but in other respects the Act does not contemplate the existence side by side of a civil marriage and a customary union.
>
> Such co-existence is entirely repugnant to our idea of a civil marriage. By ordering Lena's father to return her to the respondent, and penalising him if she does not return, the Court would be telling her father to send her to a life of adultery. I need surely not stress the impropriety of such an order."

'n Gemeenregtelike huwelik ontbind 'n bestaande inheemse huwelik outomaties en die ontbindingsprosedure neergelê deur artikel 78(2) van die Natal en KwaZulu Wetboeke van Zoeloereg hoef nie gevolg te word nie (*Kumalo v Kumalo* 1954 NAC (S) 54 57–58). Olivier *et al* voer aan dat dit onseker is hoe die beskerming van "materiële regte" in artikel 22(7) genoem, moet plaasvind. In die inheemse reg word onderskei tussen kraaleiendom en huiseiendom. Huiseiendom behoort aan die huis en kraaleiendom aan die kraalhoof (of breëre kraalgemeenskap). 'n Mens sou kon argumenteer dat die man (kraalhoof) die kraaleiendom in die gemeenregtelike huwelik sou kon saamneem. Die probleem is egter dat die kraaleiendom volgens die inheemse reg ter beskikking van 'n huis gestel moet word indien dit nodig mag wees vir die onderhoud van lede van die huis (Olivier *et al* 251–252). Volgens Olivier *et al* is die volgende alternatiewe binne tradisionele konteks moontlik (253–254): (i) Die huis van die agtergeblewe vrou uit 'n inheemse huwelik kan bly voortbestaan in die kraal soos wanneer die man oorlede is. Kinders sou ook by haar verwek kon word kragtens die *ukungena*–gebruik. As haar voormalige man egter met haar geslagsomgang het, sou die gemeenregtelike vrou haar vir owerspel kon aanspreek (Peart 1983 *CILSA* 44 vn 28). In dié geval bly die tradisionele verhouding tussen die families voortbestaan. Dit wil voorkom of die enigste verskil in dié geval met 'n tradisionele poliginiese opset is dat die man nie regtens meer met die agtergeblewe vrou geslagsomgang mag hê nie. (ii) Die tweede alternatief is dat die verhouding tussen die twee families ook verbreek word en die agtergeblewe vrou na haar familie terugkeer. Sy sou dan ook weer in 'n huwelik gegee kon word. (iii) Derdens sou die huis van die agtergeblewe vrou selfstandig as 'n vermoënseenheid kon voortbestaan en sou sy haar vervolgens teen albei families handhaaf. Sy sou ook by haar oudste seun kon gaan bly indien hy reeds meerderjarig is.

Wat egter duidelik blyk, is dat die man die vermoë van die agtergeblewe vrou se huis ooreenkomstig die inheemse reg moet bestuur (*Kopman v Nohakisa* 3 NAC 228 (Tsolo) 230).

Boonzaaier, wat navorsing oor die Nkuna van Ritavi gedoen het, wys daarop dat die kraalhoof saam met elke vrou in 'n poliginiese huishouding 'n afsonderlike vermoënseenheid vorm. Tydens die kraalhoof se leeftyd word egter nie 'n duidelike onderskeid tussen die verskillende vermoënseenhede gemaak nie. Alle goedere wat deur 'n kraallid verkry word, word in 'n gesamentlike boedel opgeneem wat onder beheer van die kraalhoof staan (*Die familie-, erf- en opvolgingsreg van die Nkuna van Ritavi, met verwysing na ander aspekte van die privaatreg* (DPhil-proefskrif UP 1990) 271). Uit die navorsing van Hartman

blyk dat dit ook die posisie by die Changana-Tsonga van Mhala is (*Die samehang in die privaatreg van die Changana-Tsonga van Mhala, met verwysing na die administratiefregtelike en prosesregtelike funksionering* (DPhil-proefskrif UP 1978) 351). Die navorsing van Boonzaaier en Hartman bevestig die standpunt wat die howe vroeër oor die Changana-Tsonga ingeneem het (*Maganu v Maganu* 1938 NAC (N & T) 14; Peart 1983 *CILSA* 58). Wat duidelik blyk, is dat bogenoemde moontlikhede deur Olivier *et al* geopper nie op die Changana-Tsonga van toepassing kan wees nie, aangesien daar gedurende die leeftyd van die man nie werklik sprake van huisvermoëns is nie. Die agtergeblewe inheemse "huweliksgenoot" en die gemeenregtelike vrou asook hulle kinders moet uit dieselfde boedel onderhou word. Trouens, die begrippe in en buite gemeenskap van goedere en van wins en verlies kan in die lig van artikel 22(7) nie sinvol op die gemeenregtelike huwelik van toepassing gemaak word nie.

In *Kumalo v Jonas* 1982 ACCC (S) 111 was A en B volgens die inheemse reg getroud. B pleeg owerspel met C. A en B sluit daarna 'n gemeenregtelike huwelik. A eis van C genoegdoening weens die owerspel. Die hof beslis dat die latere gemeenregtelike huwelik nie die voorafgaande inheemse huwelik as sodanig beëindig het nie en vervolg (116):

> "Ek kom dus tot die gevolgtrekking dat die huwelik in die onderhawige geval miskien die onderlinge verhouding tussen die eggenote geraak het insoverre dit wat die landsreg betref sekere vermoënsregtelike (en miskien ander) gevolge meegebring het, indien dit volgens die gemenereg en die landswette beoordeel word, maar dat dit vanuit die oogpunt van die Swart reg gesien nie die uitwerking gehad het dat dit die huweliksverhouding wat deur die gebruiklike verbinding tot stand gekom het as sodanig beëindig het nie. Dit het allermins die eiser se reg van aksie teen die verweerder vernietig."

Die problematiek verbonde aan huweliksduplikasie is by 'n ander geleentheid onder die loep geneem en die argumente daar aangevoer en die oplossings wat aan die hand gedoen is, word nie hier herhaal nie (Labuschagne "Regspluralisme en huweliksduplikasie in Suid-Afrika" 1993 *De Jure* 171).

Hoewel artikel 22 in 1988 ingrypend gewysig is, is die grootste hoeveelheid gemeenregtelike huwelike nog daarvolgens gesluit en sal dit vir baie jare nog so bly. Die Westersregtelike konsepte van "in gemeenskap van goedere en buite gemeenskap van goedere" is nie aan die tradisionele inheemse reg bekend nie en ook nie aan die tradisionele swartes se konsepsie– en beleweniswêreld nie. Tog het hulle om 'n verskeidenheid van redes gemeenregtelike huwelike gesluit (en sluit dit nog steeds) sonder om die regsgevolge daarvan werklik te begryp. Hulle leef ook nie daarvolgens nie en gaan bloot voort om volgens hulle tradisionele waardes te leef. Die tradisionele regsprekers bereg ook die huweliksgeskille asof dit om inheemse huwelike gaan.

5 Die posisie vanaf 2 Desember 1988

Artikel 22 is gewysig deur die Wysigingswet op Huweliks- en Huweliksgoedereg 3 van 1988. Artikel 22(1) bepaal sedertdien dat 'n inheemse huwelik (gebruiklike verbinding) in 'n gemeenregtelike huwelik omskep kan word. Artikel 22(2) verbied 'n gemeenregtelike huwelik met 'n persoon wat in 'n inheemse huwelik

met 'n ander staan. Kragtens artikel 22(3) bevestig 'n huweliksbevestiger nie 'n huwelik nie tensy hy 'n verklaring afgeneem het tot die effek dat een van die partye nie in 'n inheemse huwelik met 'n ander persoon staan nie. Die nie-nakoming van die voorskrifte en die aflê van valse verklarings is strafbaar (a 22(4)–(5)). Dit wil voorkom of so 'n gemeenregtelike huwelik slegs vernietigbaar en nie nietig is nie (sien Labuschagne "Op die voetspoor van die wetgewingsproses: dwingende en aanwysende bepalings" in Joubert (red) *Petere fontes LC Steyn-gedenkbundel* (1980) 80; Maithufi "Do we have a new type of voidable marriage?" 1992 *THRHR* 628). Blykbaar sal 'n eggenote uit 'n inheemse huwelik of die gemeenregtelike eggenote die reg hê om die huwelik nietig te laat verklaar. Indien dié interpretasie korrek is, sou die probleme wat hierbo bespreek is, nog steeds bestaan. Artikel 22(7) is egter deur Wet 3 van 1988 uitgesluit van huwelike wat gesluit is na die inwerkingtreding van genoemde wet (Olivier *et al* 256). Die aanwasbedeling, soos hieronder genoem, is op laasgenoemde huwelike van toepassing (Dlamini 1989 *TSAR* 413). Artikel 7(3)–(6) van die Wet op Egskeiding 70 van 1979 is ook van toepassing gemaak op huwelike wat buite gemeenskap van goedere deur swartes gesluit is (vgl *Mathabathe v Mathabathe* 1987 3 SA 45 (W); *Milbourn v Milbourn* 1987 3 SA 62 (W); Dlamini 1989 *TSAR* 415).

Die Wet op Huweliksgoedere 88 van 1984 het die aanwasbedeling in Suid-Afrika ingevoer. Die *ratio* vir die aanvaarding van die aanwasbedeling is terugherleibaar tot die beginsel van gelyke behandeling van huweliksgenote, in besonder ten aansien van die vermoë wat na huweliksluiting opgebou word (Van der Vyver en Joubert *Persone- en familiereg* (1991) 562). Die maritale mag van die man is ook in beginsel afgeskaf; dit is reëlreg in stryd met die paternalistiese aard van die inheemse gemeenskapslewe (Peart "The effect of the matrimonial property bill on marriages between blacks" 1982 *SALJ* 79; Olivier "Swartes en die reg" 1984 *De Jure* 317; Bekker 255). As gevolg van die tradisionele ondergeskikte posisie van die vrou in die inheemse gemeenskapsorganisasie val nóg die aanwasbedeling nóg die uitsluiting van die maritale mag binne die waardesisteem en konsepsie- en beleweniswêreld van die tradisionele swarte (sien in die algemeen Bennett "The compatibility of African customary law and human rights" 1991 *Acta Juridica* 25).

6 Konklusie

Uit bogaande bespreking blyk duidelik dat sekere aspekte van die vermoënsregtelike gevolge van gemeenregtelike huwelike in stryd is met die konsepsie- en beleweniswêreld, asook met die gevolglike (kulturele) waardesisteem van tradisioneel-geöriënteerde swartes. Die oplossing vir dié probleme lê myns insiens, soos by 'n vorige geleentheid aangetoon is, in die deregulering van die huwelik (sien Labuschagne "Nietige en vernietigbare huwelike: opmerkinge oor die deregulering van die huwelik" 1989 *TSAR* 370; sien ook Dlamini "The Christian v customary marriage syndrome" 1985 *SALJ* 701). Hiervolgens word erkenning aan die outonomie van die partye gegee. Die lewensomstandighede en kulturele milieu waarin die partye leef, stel faktore daar waaruit die partye se oogmerk met betrekking tot die gevolge van hulle verhouding afgelei kan word. Partye wat volgens die inheemse reg leef en 'n "gemeenregtelike

huwelik" sluit, se huwelik sal hiervolgens ooreenkomstig die betrokke inheemse regstelsel bereg word. Die reg moet met die psigo-kulturele sinchroniseer anders verloor dit sy ordeningswaarde en sy funksionele sinvolheid.

JMT LABUSCHAGNE
Universiteit van Pretoria

THE ADVOCATE'S MANDATE AND THE ACCUSED'S RIGHT TO TESTIFY: *R v MATONSI* REVISITED

Section 196(1) of the Criminal Procedure Act 51 of 1977 provides that the accused is competent to testify but cannot be compelled to do so. The statute is silent, however, as to whether the decision to testify or to remain silent inheres in the accused or in his or her legal representative (see Leslie "The right of a represented accused to give evidence; who decides?" 1984 *SACC* 237).

In *R v Matonsi* 1958 2 SA 450 (A) 456C the Appellate Division established the rule in the following terms:

> "Once the client has placed his case in the hands of counsel the latter has complete control and it is he who must decide whether a particular witness, including the client, is to be called or not."

What follows is a summary of what I take to be the salient propositions for which *Matonsi* stands, and its ancillary consequences and implications:

(a) The terms of the relationship between the accused and the advocate are governed by principles derived from the law of mandate (*Matonsi* 456G–H; see also *Ras v Liquor Licensing Board* 1966 2 SA 232 (C)). For purposes of the rule it makes no difference that counsel was not retained but may have been appointed to act *pro deo* on the client's behalf by the court, an independent organisation such as the Legal Aid Board or even by the Attorney-General (*ibid*).

(b) Once an accused has counsel, whether retained or appointed, the latter possesses a mandate to represent him or her that is exclusive, cannot be shared with the client, and is beyond the latter's direction and control (*R v Baartman* 1960 3 SA 535 (A) 537–538). The mandate extends to all decisions involving trial strategy, such as the extent to which adverse witnesses should be cross-examined, evidence objected to, stipulations as to matters of practice, procedure and evidence, which witnesses to call and what evidence to tender on behalf of the accused, and whether to call the accused or not (*S v Bennett* 1994 5 SACR 392 (C) 398–399; *S v Mkhise, S v Masia, S v Jones, S v Le Roux* 1988 2 SA 868 (A) 875C–E; *Pendock v Attorney-General of Natal* 1958 3 SA 875 (A) 879C–D; *Klopper v Van Rensburg* 1920 EDL 239 242).

(c) The client is entitled to withdraw the advocate's mandate, and to continue the conduct of his or her case in person (*Matonsi* 456H). Conversely, the

advocate is entitled to request the court for leave to withdraw from further representation of the client (*S v Assel* 1982 1 SA 125 (A); see also *Matonsi* 457C per Van Blerk AJA).

(d) However, unless the client withdraws the advocate's mandate, or the advocate withdraws from the case, the accused is bound by the decisions that the advocate takes, whether the client approves of them or not, or agrees with them or not, or has been consulted or not (*S v Louw* 1990 3 SA 116 (A); *S v Bennett supra*; but see *S v Majola* 1982 1 SA 125 (A)).

(e) Once the matter has been litigated to finality, and a verdict has been entered, disagreements between the advocate and the client cannot be relitigated (*S v Bennett supra*). The client's objections to the advocate's conduct as regards the case, such as the latter's decision not to call the accused as a witness, do not form adequate grounds for appeal or for any other form of review (*ibid*).

(f) The advocate is not placed under any obligation, legal or ethical, to consult the client on such matters or to obtain his or her consent or approval or to explain the grounds for his choice and decisions (*S v Louw supra*; but see *S v Majola supra*). Failure to do so is neither an irregularity nor does it compromise either the fairness of the trial or the validity of the verdict entered (*S v Bennett supra; S v Louw supra*; but see *S v Majola supra*).

(g) Nor, apparently, is a claim for damages against the advocate, whether for failing to consult with the client, or for failing to follow instructions, cognisable (*S v Bennett supra*; see also Van Dijkhorst "Legal practitioners: Advocates" 14 *LAWSA* par 261).

(h) Finally, the advocate is accountable neither to the client nor to the court for the manner in which he represents the client's interests (Hunt "The ivory tower" 1966 *SALJ* 363), nor are strategic decisions made during the course of the conduct of the defence, open to subsequent investigation.

(i) The rule does not place any risk on the advocate. He or she is under no legal or ethical obligation either to explain to the client that it is not the client's but rather the advocate's right to make the decision whether the client will be called to testify or not; or to explain that if they are not able to reach agreement on this issue, the client has the right to dismiss the advocate by withdrawing his or her mandate (*S v Louw supra*).

(j) The accused is held to a strict standard. The rule makes no allowance for the accused's ignorance of its terms, and permits no exceptions on grounds of lack of knowledge of the remedies available to him or her.

Conclusion

The rule in *Matonsi*'s case reflects a view of the lawyer-client relationship that is at once authoritarian and paternalistic. It is heavily biased in favour of the advocate, and is indifferent to the interests and concerns of the client.

It is incompatible with the most fundamental principle on which a constitutional democracy is based – that the individual has the right to be involved and to make decisions with regard to all matters that affect his or her own interests, whether as citizen, taxpayer, voter or as the accused.

Democracy requires that individuals take their own decisions and accept responsibility for their own affairs, for better or for worse. For them to be able to do so, they must be "empowered" to make their own choices, whether moral, economic, political or legal.

Neither the rule nor its underlying premises are compatible with the logic of democracy. The rule can no longer be justified, and it may even be unconstitutional. It ought to be overruled and should no longer be followed.

MICHAEL P KATZ
University of the North

The Constitution does not only deal with lofty ideals and principles. It has many provisions on mundane matters. The transitional arrangements in ss 234–247 are some of them. In respect thereof one would do well to bear in mind that the question to be asked still is, as it has always been: what did the draftsmen have in mind? What does their instruction mean? We may have a new ball game but the goal is still the same, namely to determine the intention of the Legislature. It follows that one must start with the words used. The rules to be applied in case of ambiguity have not evaporated or been abolished. They form part of the law of the land, which has not been abrogated by the Constitution (*per* Van Dijkhorst J in *Kalla v The Master* 1995 1 SA 261 (T) 269).

VONNISSE

KARAKTERKOMMERSIALISERING ("CHARACTER MERCHANDISING") EN ONREGMATIGE MEDEDINGING IN DIE SUID-AFRIKAANSE REG

Federation Internationale de Football v Bartlett 1994 4 SA 722 (T)

Hierdie saak is die *locus classicus* vir die erkenning in die Suid-Afrikaanse reg van die handelspraktyk van sogenaamde karakterkommersialisering ("character merchandising"), die bestaan waarvan in ons land in 1981 nog deur regter Van Dijkhorst in *Lorimar Productions Inc v Sterling Clothing Manufacturers (Pty) Ltd, Lorimar Productions Inc v OK Hyperama Ltd, Lorimar Productions Inc v Dallas Restaurant* 1981 3 SA 1129 (T) 1152 so goed soos onbekend geag is:

> "Character merchandising is not so well-known in South Africa that I can, without proper evidence in this regard, assume that the man in the street will have any knowledge thereof. I would rather be inclined to find that he has none" (sien ook *Bartlett* 735I–736A).

Karakterkommersialisering kan omskryf word as die kommersialisering (handeldrywe in, verhandeling of bemarking) van populêre name en karakters ten einde die verkope van die verbruikersgoedere- of dienste in verband waarmee die name of karakters gebruik word, te bevorder (sien *Bartlett* 736E). Die gebruiker-ondernemer benut met ander woorde die *reklame- of advertensiewaarde* van die naam of karakter ten einde as voorspan vir sy prestasie (onderneming, produk of diens) te dien en sodoende sy onderneming se werfkrag uit te bou. So gesien, sal die ongemagtigde benutting of uitbuiting ("misappropriation") van bedoelde name of karakters op *aanleuning* ("leaning on") neerkom, wat in ondernemingsverband juis daarin bestaan dat een ondernemer die reklamewaarde van 'n ander ondernemer se reklametekens – soos sy handelsnaam, handels- of diensmerk, of trouens enige ander teken, merk, naam of karakter wat reklamewaarde in verband met sy prestasie het – sonder sy toestemming benut (sien Van Heerden en Neethling *Unlawful competition* (1995) 201–202, veral vn 4). Alhoewel aanleuning sowel binne as buite mededingingsverband kan voorkom en op 'n openlike of bedekte wyse kan geskied (*idem* 202 ev), is vir huidige doeleindes bedekte aanleuning tussen mededingers van primêre belang.

Nou is dit so, soos Rutherford ("Misappropriation of the advertising value of trade marks, trade names and service marks" in Neethling (red) *Onregmatige mededinging/Unlawful competition* (1990) 59) tereg aandui, dat 'n bedekte aanleuningshandeling binne mededingingsverband in die reël tegelykertyd ook aanklamping ("passing off") daarstel – volgens hom is "reliance on misappropriation of the advertising value of the mark as a cause of action [dan] unnecessary". Die rede is dat die aanklampingsaksie, afgesien van die

onderskeidingswaarde van handelsmerke, handelsname, ensovoorts, in hierdie gevalle normaalweg ook voldoende beskerming aan die ander min of meer selfstandige waardes – te wete die reklame- en herkomswaarde (sien Van Heerden en Neethling 107 fn 86 204) – van hierdie merke en name verleen.

Juis in hierdie verband bied die *Bartlett*-saak 'n treffende voorbeeld. Die eerste applikant is die wêreldwye organiseerder van sokker, onder andere die Wêreldbekertoernooi. Die ander applikante was almal lisensiehouers en/of -verleners met betrekking tot alle Wêreldbekeronderskeidingstekens ("insignia"). Ingevolge 'n lisensie-ooreenkoms tussen die eerste en tweede applikant het laasgenoemde

> "the exclusive and sole right to the use of, *inter alia*, all World Cup trade marks, designs, artistic works, names, designations, symbols and emblems of the first applicant in all countries around the world in relation to all goods and/or services capable of commercial exploitation" (726G).

Die tweede applikant het ook die bevoegdheid verkry om sublisensies ten opsigte van al hierdie onderskeidingstekens te verleen, welke lisensies via die derde en vierde applikant dwarsoor die wêreld, inbegrepe Suid-Afrika, uitgekring het.

Die vyf respondente was die eienaars of lisensiehouers van geregistreerde handelsmerke wat die woorde "World Cup", geplaas bo-op 'n wêreldkaartontwerp, bevat het.

Die applikante beweer dat die respondente 'n veldtog geloods het (ook in sekere korrespondensie) wat die wanvoorstelling wek dat hulle die lisensieregte in Suid-Afrika ten opsigte van die Wêreldbeker VSA '94 het, en daarom bereken is om onherstelbare skade aan die applikante te berokken. Gevolglik word 'n interdik op grond van aanklamping en onregmatige mededinging aangevra ten einde die respondente te verbied om met die gewraakte optrede voort te gaan (730H–731A). (Die ander gevraagde regshulp, op grond van skending van outeursreg en kragtens artikel 18 van die Wet op Handelsmerke 62 van 1963, word daargelaat (sien 731A–D 740–743).)

Ten aanvang wys regter Joffe daarop dat die applikante betrokke is by die praktyk van karakterkommersialisering, dit wil sê

> "the business of merchandising popular names, characters and insignia in order to enhance the sales of consumer products in relation to which such names or characters are used" (736E).

Die regter aanvaar dat hierdie handelspraktyk in Suid-Afrika beslag gekry het en beklemtoon die advertensiewaarde wat bedoelde karakters kan hê. Hy verklaar (736F–737A):

> "The association of a famous person or character with a consumer product can boost that product's sales considerably. The fame and popularity of the name or character in question enhances the desirability of the product from the consumer's point of view. The association between the name or character, which can be referred to as the 'merchandising property', and the consumer product is usually created by depicting the merchandising product [property?] prominently on the product. A typical merchandising product is the well-known cartoon character Mickey Mouse. As the proprietor of the merchandising property has already invested substantial time and money in developing and popularising such character, and it is the fame and desirability of the merchandising property which will promote the sale of the goods to which it is applied, the proprietor of the merchandising property charges a royalty or licence fee for the use of his merchandising property. The royalty is payable in terms of a licence agreement under which the owner of the merchandising property authorises the licensee to

> utilise the merchandising property in relation to his goods. Generally a licensor exercises a measure of supervision over the use of the merchandising property which is the subject of the licence and such supervision is commonly exercised by a licensing agent . . . It appears that the consumer makes a connection and an association between the character and its creator or owner and the products featuring the character. Thus it is widely known . . . that the character Mickey Mouse was created by Walt Disney. Clothing bearing the image of Mickey Mouse is inevitably then associated with Walt Disney."

Volgens die hof kan die kommersiële aanwending van die Wêreldbekertekens as karakterkommersialisering in 'n breë sin beskou word aangesien die publiek 'n verband sal vestig tussen die tekens wat op klere en ander produkte gebruik word en die Wêreldbekertoernooi, asmede die persoon of entiteit wat die "merchandising property on its path to fame and fortune" geloods het (737B–D). Wat Suid-Afrika betref, is regter Joffe se slotsom soos volg (738A–B):

> "In view of the evidence that has been placed before me, I find that the concept of character merchandising has taken hold in South Africa. The man in the street would have knowledge thereof. He would make the link between the merchandising property and the events or circumstances which made it famous. He would be aware that the link is established by licensing or a licence."

Met betrekking tot die aanklampingsaksie aanvaar die hof die bekende definisie van hierdie verskyningsvorm van onregmatige mededinging in *Capital Estate and General Agencies (Pty) Ltd v Holiday Inns Inc* 1977 2 SA 916 (A) 929, wat impliseer dat 'n gemeenskaplike mededingingsveld ("common field of activity") nie 'n vereiste vir aanklamping is nie (739D–G; sien ook *Brian Boswell Circus (Pty) Ltd v Boswell Wilkie Circus (Pty) Ltd* 1985 4 SA 466 (A) 478–479; Van Heerden en Neethling 192–193 208). Regter Joffe beslis (739I–740C) dat aangesien die applikante en hulle lisensiehouers 'n reputasie en werfkrag met betrekking tot die karakterkommersialisering van Wêreldbekeronderskeidingstekens in Suid-Afrika opgebou het – dit wil sê die publiek sal enige verwysing na die 1994 Wêreldbeker met die applikante assosieer – die respondente deur hulle optrede inderdaad die beweerde wanvoorstelling verwek het; en aangesien daardeur 'n waarskynlikheid van skade (verlies van inkomste deur lisensiëring en verlies van kliënte) vir die applikante geskep is, word die interdik op grond van aanklamping toegestaan. In die lig van hierdie bevinding vind die regter dit onnodig om hom ook oor onregmatige mededinging as skuldoorsaak uit te spreek, alhoewel hy bereid is om ook op hierdie basis die aansoek toe te staan.

Aspekte van die *Bartlett*-beslissing verdien beklemtoning en verdere kommentaar:

(a) Die beslissing geld as 'n mylpaal in die Suid-Afrikaanse reg vir sover die praktyk van "character merchandising" regtens erkenning verkry; terselfdertyd word die noodsaaklikheid van die beskerming van die onderskeidings- en reklamewaarde van bedoelde karakters (as handelsname, handelsmerke en diensmerke) onderstreep. Sodoende sluit die hof aan by Callmann (*The law of unfair competition, trade marks and monopolies* vol 1A (1981; 1994-byvoegsel deur Altmann) 4:139 ev) wat suggereer dat "[i]f a character becomes famous enough to be a means of identification, it may then assume a trademark significance" (4:143; sien ook Mostert *Grondslae van die reg op die reklamebeeld* (LLD-proefskrif RAU 1985) 139–140 153 ev oor die posisie in die Amerikaanse reg). Ondersteuning vir Callmann se standpunt kan gevind word in die minderheidsuitspraak van regter Carter in *Kurlan v Columbia Broadcasting* (1953) 256 P 2d 962:

> "Characters and characterizations which are products of the mind should be held to be protectable property interests. The radio industry is a large one and radio programs are frequently based upon a single character, personality or characterization. To illustrate the extremely valuable theatrical-radio properties which are in existence one must only look as far as the radio column in his daily paper to note the programs, built around a single character, or family, which continue from day to day, week to week and year to year. It should be apparent to even the least intelligent that these programs are as valuable as the most gilt-edged security listed on the Stock Exchange. No court would hesitate to extend its protection to the lawful owner of a security and yet equally valuable 'character-types' are not given the same protection."

(b) In die *Bartlett*-saak word die beskerming van die ter sake karakters en tekens op aanklamping gegrond, dit wil sê 'n inwerking op die onderskeidingswaarde (sien Van Heerden en Neethling 106 ev 163 ev) wat die karakters en tekens ten aansien van die applikante se ondernemings, produkte of dienste het. (Die hof se beskouing dat aanklamping as *species* van die *genus* onregmatige mededinging ook nie-mededingers omvat omdat 'n "common field of activity" nie 'n vereiste vir "passing off" is nie, is vatbaar vir kritiek. Hieraan word egter nie verder aandag gegee nie (sien Van Heerden en Neethling 192–193).) Langs hierdie weg, soos gesê, geniet die advertensie- of reklamewaarde van die tekens en karakters net insidentele of indirekte beskerming. Die vraag is egter of, *in die afwesigheid van aanklamping* en dus 'n wanvoorstelling aan die kant van die dader, die eienaar (of lisensiehouer) van die karakters of tekens nie ook op direkte beskerming teen die uitbuiting van die reklamewaarde daarvan deur mededingers geregtig behoort te wees nie. Indien wel, sou dit neerkom op die erkenning van *aanleuning* as selfstandige aksiegrond binne mededingingsverband (vgl Van Heerden en Neethling 205 ev). Nou kom dit voor of daar veel vir hierdie standpunt te sê is (sien vir besonderhede Neethling "Onregmatige mededinging: onregmatigheidskriteria, aanklamping ('passing off'), aanleuning ('misappropriation'), erosie ('dilution') en die reg op die reklameteken" 1990 *THRHR* 584–587; Neethling "Die reg aangaande onregmatige mededinging sedert 1983" 1991 *THRHR* 555–559; Van Heerden en Neethling 205–208): die aanleuningsoptrede stel naamlik 'n verskyningsvorm van onregmatige mededinging daar omdat dit in stryd met die mededingingsprinsiep – en daarom ook *contra bonos mores* – die getroffene se werfkrag bedreig of inderdaad skend; die waarskynlikheid van sodanige bedreiging of skending word in der waarheid vergroot deur die reële gevaar van die verwatering ("dilution") van die reklamewaarde van die karakters of tekens.

Die howe is in die algemeen egter nie geneë om die inwerking op die reklamewaarde van handelsmerke, ensovoorts op sigself as onregmatige mededinging aan te merk nie (bv *Union Wine Ltd v E Snell and Co Ltd* 1990 2 SA 189 (K) – sien Neethling 1990 *THRHR* 580 ev, Neethling 1991 *THRHR* 555 ev en Van Heerden en Neethling 205 ev vir besprekings van hierdie saak; vgl ook die *Dallas*-saak *supra* mbt nie-mededingers). In *Moroka Swallows Football Club Ltd v The Birds Football Club* 1987 2 SA 511 (W) 531 vat regter Stegmann die algemene gevoel soos volg saam:

> "The mere fact that a person has made a name famous does not give him a right of property in the name. He cannot stop other entrepreneurs from making such use of the famous name in the marketing of their goods and services as they may be able to make without either defaming any person or causing a likelihood of confusion as to the origin of the goods and services. Provided that he does not commit the delicts of defamation or passing off or offend against any specific statutory

> prohibition, there is no reason why an entrepreneur should not take the benefit of such advantage as he may be able to gain in the marketing of his goods and services by associating them with names that have become famous."

En in die *Union Wine*-saak *supra* 203 stel regter Van Deventer dit so:

> "However great a reputation and goodwill it may have built up and however much money and energy may have been expended to achieve its share of the market, an unregistered trade mark or name has no statutory or judicial protection and it may be appropriated by competitors provided they do not mislead the public by passing off or compete unlawfully in some other manner."

Die feit dat daar geen presedent vir die beskerming van die reklamewaarde van handelsmerke in ons reg bestaan nie, doen egter nie afbreuk aan die meriete en noodsaaklikheid van bedoelde beskerming nie. Hierbenewens maak die generaliserende benadering van ons deliktereg tot Aquiliese aanspreeklikheid in elk geval voorsiening vir onregmatige nuuthede, en word die resultaat van die regspraak se houding – soos weerspieël in die *Dallas*-saak *supra* – deurgaans deur skrywers veroordeel (sien Van Heerden en Neethling 213; Mostert *Grondslae* 369 ev; Rutherford in Neethling (red) 62–63; Hertzog "Ongelisensieerde karakterkommersialisering ('character merchandising') as daad van onregmatige mededinging in die Suid-Afrikaanse reg" 1982 *De Jure* 77 ev). Die houding van regter Joffe in *Bartlett* is daarom te verwelkom. Soos aangedui, is hy bereid om afgesien van aanklamping, die applikante ook op grond van onregmatige mededinging tegemoet te kom. Alhoewel hy nie sy redes hiervoor verskaf nie, is dit duidelik uit wat hierbo gesê is dat hy sodoende die deur ooplaat vir die beskouing dat die onregmatige mededinging goedskiks in aanleuning geleë kon gewees het.

(c) Afgesien van beskerming van die reklamewaarde van reklametekens (soos karakters) op grond van aanleuning, word 'n sterk saak ook uitgemaak vir die beskerming van bedoelde reklamewaarde (as waardevolle vermoënsgoed) deur die erkenning van 'n selfstandige immaterieelgoedereg op die reklameteken (sien Mostert *Grondslae* hfst IV V VI; sien ook Mostert "The right to the advertising image" 1982 *SALJ* 413 ev; Van Heerden en Neethling 216 ev; Rutherford in Neethling (red) 63; Neethling "Passing off and misappropriation of the advertising value of trade names, trade marks and service marks" 1993 *SA Merc LJ* 312–313). Dit behoef geen betoog nie dat 'n ondernemer se reklametekens vir hom van groot immateriële ekonomiese waarde is – 'n waarde wat hy deur sy bedrewenheid, arbeidsaamheid en onkoste ontwikkel het. Daarom behoort die vrugte van sy skepping die ondernemer-skepper self en nie ander ondernemers nie, toe te val. Die teenoorgestelde beskouing stel die ongemagtigde gebruiker in staat "om te maai waar hy nie gesaai het nie" en sodoende op die reklamewaarde van bedoelde tekens te teer (vgl die *Union Wine*-saak *supra* 195). Die reg op die reklameteken behoort dus in ondernemingsverband erken te word. Die *boni mores*-onregmatigheidsmaatstaf verskaf aan die howe die regsbasis nie alleen vir die erkenning van die reklamewaarde as regsgoed nie, maar ook vir die omlyning van die grense van die reg daarop.

Hierdie beskouing blyk *obiter* ook uit *Bartlett* (736F–737A, hierbo aangehaal) ten aansien van name en karakters as reklametekens. Die hof beskou die name en karakters as *merchandising property* wat aan die *proprietor* die bevoegdheid verleen om teen vergoeding (verlening van lisensies) ander persone in staat te stel om die advertensiewaarde daarvan te benut. So gesien, beskik die eienaar oor 'n subjektiewe reg (hier immaterieelgoedereg) op die advertensiewaarde

van die karakters as immateriële goed (regsobjek) wat aan hom die bevoegdheid verskaf om die goed te gebruik, te geniet en te vervreem (sien Neethling, Potgieter en Visser *Law of delict* (1994) 43 ev en Van Heerden en Neethling 79–81 oor die leerstuk van subjektiewe regte). Ongelukkig was dit egter nie vir regter Joffe nodig om sy beslissing op skending van hierdie immatereieelgoedereg te grond nie – soos reeds uitgewys is, is sy uiteindelike *ratio decidendi* dat die uitbuiting van die reklamewaarde van die Wêreldbekertekens aanklamping daargestel het.

Die slotsom is dat die hof in *Bartlett*, in ieder geval met betrekking tot karakterkommersialisering, die deur oopgelaat het vir die erkenning van aanleuning as verskyningsvorm van onregmatige mededinging in die Suid-Afrikaanse reg, en *obiter* erkenning aan die reg op die reklameteken verleen het. Hopelik sal dié benadering daartoe bydra om die howe se weerstand teen die selfstandige beskerming van die reklamewaarde van handelsmerke ensovoorts af te breek sodat hierdie beskerming op 'n vaste grondslag geplaas kan word.

J NEETHLING
Universiteit van Suid-Afrika

VERDERE HELDERHEID OOR 'N VEREISTE VIR DIE APPELLEERBAARHEID VAN INTERLOKUTORE HOFBESLISSINGS OOR SPESIALE VERWERE

Caroluskraal Farms (Edms) Bpk v Eerste Nasionale Bank van Suider-Afrika Bpk; Red Head Boer Goat (Edms) Bpk v Eerste Nasionale Bank van Suider-Afrika Bpk; Sleutelfontein (Edms) Bpk v Eerste Nasionale Bank van Suider-Afrika Bpk 1994 3 SA 407 (A)

1 Inleiding

Dit het hier gehandel oor drie appèlle waarin identiese geskilpunte ter sprake was en wat gevolglik saam hanteer is. In die loop van verrigtinge gerig op die likwidasie van drie ondernemings wat boerderybedrywighede gedeel het, het die vraag ontstaan of sertifikate wat uitgereik is ingevolge artikel 21(1) van die Wet op Landboukrediet 28 van 1966 die oorweging van die likwidasie-aansoeke teen die skuldenaars ten aansien van wie die sertifikate uitgereik is, verhinder. Die gemelde artikel bepaal dat die indiening van só 'n sertifikaat by 'n hof 'n geding opskort waar daardie geding teen iemand ingestel is om 'n bedrag wat hy skuld of beslaglegging of verkoop van sy bates te vorder as só 'n vonnis van die hof uitgevoer sou word, en die sertifikaat bevestig dat die persoon om finansiële bystand aansoek gedoen het en dat daar 'n redelike kans bestaan dat die aansoek kan slaag.

Die Kaapse hof het by monde van regter Berman op die onderhawige likwidasie-aansoeke, kragtens ooreenkoms tussen die partye, slegs oor die kwessie van die effek van die uitreiking van die sertifikate beslis. Die besluit wat geneem is, was dat met die likwidasie-aansoeke voortgegaan kon word ten spyte van die

uitreiking van die sertifikate. Die vatbaarheid van daardie beslissing vir appèl is hier ter sprake.

2 Die appelleerbaarheid van interlokutore beslissings

Elders is uitvoeriger oor verskeie aspekte in verband met die appelleerbaarheid van interlokutore hofbeslissings geskryf (sien 1992 *THRHR* 624; 1993 *THRHR* 357–379; 1994 *THRHR* 317–324; 1994 *THRHR* 576–586). Op daardie besonderhede word hier nie weer ingegaan nie. In hierdie bespreking word net 'n enkele aspek rakende die kwessie van die appelleerbaarheid van die tersaaklike bevel na vore gebring. Dit is 'n aspek waaroor daar tot nog toe nie 'n eenduidige standpunt in ons positiewe reg bestaan het nie, 'n gebrek wat nou met hierdie beslissing deur die appèlafdeling (by monde van Hefer AR) reggestel is.

Die onderhawige aspek het te make met die vereiste wat gewoonlik in verband met die vraag na die appelleerbaarheid van interlokutore hofbeslissings gestel word, naamlik dat die beslissing moet gehandel het oor regshulp wat inderdaad deur een van die partye aangevra is. In *Dickenson v Fisher's Executors* 1914 AD 424 427 word dit soos volg uitgedruk:

> "[T]he term judgment is used to describe a decision of a court of law upon relief claimed in an action . . . [T]here must be a *distinct application by one of the parties* for definite relief" (kursivering ingevoeg).

3 Gaan dit oor 'n formele aansoek om regshulp?

Uit vorige uitsprake hieroor kan twee moontlike standpunte vasgestel word. Enersyds kon gevra word of dit beteken dat die hof *formeel* (waar anders kan so iets gebeur as in die pleitstukke of wysigings daarvan?) om die betrokke regshulp gevra moet gewees het. Hier kan gedink word aan die eksepsie-argument in *Heyman v Yorkshire Insurance Co Ltd* 1964 1 SA 487 (A) 492A–B; die verwerping van só 'n argument in *Nxaba v Nxaba* 1926 AD 392 394; die standpunt dat nie van een tipe verrigtinge na 'n ander tipe geredeneer kan word nie, soos dit in *Holland v Deysel* 1970 1 SA 90 (A) 92C ev gestel is; asook die uitsprake in *Minister of the Interior v Moonsamy* 1932 NPD 202 205–206; *Pfizer Inc v South African Druggists Ltd* 1987 1 SA 259 (T) 262–263; *Government Mining Engineer v National Union of Mineworkers* 1990 4 SA 692 (W) 701G–I; *Priday t/a Pride Paving v Rubin* 1992 3 SA 542 (K) 547H–I; en *SA Eagle Versekeringsmaatskappy Bpk v Harford* 1992 2 SA 786 (A). Andersyds kon gevra word of dit beteken dat die beslissing moet gehandel het oor 'n kwessie wat net in die loop van die hofverrigtinge opgeduik het, waaroor die hof dan pertinent (deur enigeen van die partye) versoek is om uitsluitsel te gee. Myns insiens moet laasgenoemde as die algemene siening beskou word.

In eersgenoemde geval sou, streng gesproke, die pleitstukke die versoek moet bevat of dienooreenkomstig gewysig moet word; in die tweede geval is dit beslis nie nodig nie. Terwyl die algemene siening is dat 'n aansoek nie *formeel* gerig hoef te gewees het nie, is dit tog so dat die hof pertinent om die beslissing gevra moet gewees het. Juis dáárom kan die afleiding makliker gemaak word dat 'n formele aansoek vereis word. Hierdie risiko word verhoog weens die oorweging dat die beslissing in 'n sinvolle, formele hofbevel uitgedruk moet gewees het of kon geword het (*Pretoria Garrison Institutes v Danish Variety Products (Pty) Ltd* 1948 1 SA 839 (A); *Van Streepen & Germs (Pty) Ltd v Transvaal Provincial Administration* 1987 4 SA 569 (A); *SA Eagle Versekeringsmaatskappy Bpk v Harford* 1992 2 SA 786 (A) 792). Oorbeklemtoning van hierdie vereiste sou dus daartoe kon bydra dat die onderskeid tussen bogenoemde twee benaderings

vervaag. Daarteen moet gewaak word. Die voorgaande effense dubbelslagtigheid is egter nog nie die einde van die probleem nie.

4 Eise in hoof teenoor spesiale verwere

Die probleem kan verder soos volg verduidelik word: Die grondvereiste vir die appelleerbaarheid van 'n hofbeslissing is sekerlik dat daardie beslissing die uitwerking moet gehad het dat dit die regshulp wat aangevra is, moet vooruit geloop het (1994 *THRHR* 322–323). Terloops kan met waardering kennis geneem word van die klem wat appèlregter Hefer daarop plaas dat dit die *uitwerking* van die beslissing is wat van belang is, en nie die *vorm* (of *tydstip*, kan bygevoeg word) daarvan nie (414D–E; en sien 1994 *THRHR* 321).

In elke geding moet daar, weens die vereistes vir die bereiking van *litis contestatio*, toereikende pleitstukke gewees het waarin uitdruklik en duidelik genoeg dat daarop gepleit kon word, regshulp aangevra is – dit behoef geen betoog nie. Beslissings wat daardie gevraagde regshulp vooruitloop, moet as uitsprake aangemerk word, en oor die appelleerbaarheid daarvan hoef óók nie getwyfel te word nie. Hierdie punt is duidelik genoeg wanneer bedoel word dat die interlokutore beslissing die voornemende appellant se eis in hoof vooruitgeloop het – en dit dus as appelleerbaar aangemerk moet word. Sodanige beslissings veroorsaak naamlik dat die gevraagde regshulp geheel of gedeeltelik slaag of afgewys word, en skep dus vir die saak van 'n party wat nie met die beslissing tevrede is nie, 'n hindernis wat nie meer in daardie hofverrigtinge reggestel kan word nie.

Waar 'n argument deur 'n verweerder geopper is wat wesenlik op 'n spesiale verweer neerkom, en die hof dit verwerp, kan die eiser/applikant steeds met sy eis/aansoek in hoof voortgaan; dit beteken dat die beslissing nie die eiser se saak onherstelbaar geraak het nie en dat dit dus uit sy oogpunt beskou nie appelleerbaar sal wees nie. Uit die verweerder se oogpunt mag die verwerping van sy spesiale verweer egter die uitwerking hê dat hy heeltemal van só 'n verweer ontneem word. Sy regsposisie word dan wesenlik geraak deur die interlokutore beslissing aangesien hy hom nou verder op die meriete teen die hoofvordering moet probeer verweer – uit sy oogpunt behoort die beslissing dus as appelleerbaar aangemerk te word. Terloops kan daarop gewys word dat die voordeel van die wyer benadering, ingevolge waarvan daar gekyk word na die uitwerking van die beslissing op *albei partye* (sien weer *Priday t/a Pride Paving v Rubin* 1992 3 SA 542 (K) 547G–H) hier duidelik na vore kom.

Die onderhawige gevalle was volgens die appèlafdeling van die pasgemelde aard: die afwysing van die spesiale verweer dat die aanhoor van die likwidasie-aansoeke weens die uitreiking van die sertifikate nie kon voortgaan nie, het die verweerders voor die hof *a quo* heeltemal van daardie verweer ontneem en hulle weerloos gelaat teen die voortgang van die likwidasie-aansoeke (415A).

5 Watter regshulp moes vooruitgeloop geword het?

Die verdere kwessie is of dit, by die toepassing van die vereiste dat die betrokke beslissing moet gehandel het oor regshulp wat pertinent aangevra is (hetsy dit formeel in 'n aansoek gegiet hoef te gewees het of nie), nou moes gehandel het oor 'n beslissing wat die meriete van die saak in hoof geraak het. Is dit dus die *regshulp in hoof* wat deur die interlokutore beslissings benadeel moet gewees het, of die *interlokutore versoek om regshulp* waaroor die hof se beslissing op daardie oomblik gevra is? Hieroor beslis appèlregter Hefer dat dit handel oor die betrokke versoek om regshulp wat op daardie tydstip, in die loop van die

hofsaak, pertinent aan die hof gerig is – en nie oor die regshulp wat in die hoofsaak gevra is nie (416C–D).

Appèlregter Hefer beperk sy beslissing weliswaar tot gevalle waar dit handel oor die houdbaarheid van 'n spesiale verweer wat deur die verweerder/respondent geopper is en afsonderlik verhoor is (416C). 'n Mens sou dus nie sonder meer verder kon gaan, en die *ratio* van sy beslissing gaan toepas op interlokutore kwessies wat nie as spesiale verwere aangemerk kan word nie. As 'n mens dit anders sou benader, sou dit 'n vraag laat ontstaan oor die mate waartoe appèlregter Hefer se uitspraak te versoen is met die uitspraak van die appèlafdeling (by monde van Corbett HR) in *Marsay v Dilley* 1992 3 SA 944 (A) 962C–E, waar hy beklemtoon dat dit by die oorweging van die appelleerbaarheid van 'n interlokutore beslissing gaan oor die vraag of daardie beslissing 'n nadelige uitwerking gehad het op die regshulp wat deur die eiser in hoof aangevra is. Op die oog af is appèlregter Hefer se siening strydig hiermee. Dit hoef egter nie so verstaan te word nie. Hoofregter Corbett verwys in sy uitspraak na die betrokke benadering as die "algemene beginsel" (962C–D) en appèlregter Hefer stel dit uitdruklik dat hy slegs oor die situasie in verband met spesiale verwere praat. As die aangeleentheid so verstaan word, word die algemene beginsel nie weerspreek deur die besondere toepassing daarvan in die geval van spesiale verwere nie. Waar die grondtoon in ons reg ten opsigte van die onderhawige kwessies hedendaags een van soepelheid is, kan bogenoemde twee sienings myns insiens met mekaar versoen word sonder om van onaanvaarbare pragmatisme verdink te word.

Sonder om in woordespel te verval, kan daarop gewys word dat daar immers 'n verskil is tussen: (i) 'n beslissing oor 'n verweer op die meriete van die hoofsaak (wat kennelik appelleerbaar is); (ii) 'n beslissing oor 'n spesiale verweer (wat potensieel die hoofsaak kan verongeluk as dit slaag, of onomkeerbaar verbeur is as dit afgewys word; daarom is dit, soos hier, appelleerbaar); en (iii) 'n beslissing wat net die voortgang van die regsproses kan bevorder (dws 'n reëling wat nie appelleerbaar is nie).

Die appèlafdeling bevind dan in die onderhawige gevalle dat die beslissing wat van die hof *a quo* oor die spesiale verweer van die respondente gevra is, wat sowel die vorm as die uitwerking daarvan betref, die spesiale verweer heeltemal uitgeskakel het. Gevolglik was daardie beslissing 'n bevel wat vatbaar is vir appèl (416E–F). Die appèl teen die beslissing van regter Berman word dus van die hand gewys.

6 Slotsom

Met hierdie uitspraak van die appèlafdeling is, in opvolging van die groter soepelheid wat op die onderhawige terrein veld gewen het, duidelikheid gebring oor nog 'n aspek van die reg in verband met die appelleerbaarheid van interlokutore beslissings ten opsigte van spesiale verwere. Dit kan verwelkom word.

CHRIS VAN DER WALT
Potchefstroomse Universiteit vir CHO

DIE HEROORWEGING VAN KORREKTIEWE TOESIG

S v Dreyer 1994 2 SASV 300 (T);
S v Jacobs 1994 2 SASV 326 (K)

Dit is nie buitengewoon nie dat twee regsprekers dieselfde statutêre bepaling beoordeel en dan die mening huldig dat die bepaling ondubbelsinnig is en dat slegs een interpretasie daarvan moontlik is. Dit is ook nie ongewoon dat hulle dan uiteenlopende beslissings gee nie. Die statutêre bepalings oor korrektiewe toesig het al tot enkele sodanige situasies gelei waarvan hierdie twee beslissings 'n onlangse voorbeeld is.

In die *Dreyer*-saak het die beskuldigde artikel 122(2)(*a*) van die Wet op Padverkeer oortree, deurdat hy 'n voertuig op 'n openbare pad bestuur het terwyl sy bloedalkoholkonsentrasie 0,15 gram per 100 ml was. Aangesien dit nie sy eerste oortreding was nie, is hy gevonnis tot twaalf maande korrektiewe toesig plus 'n opgeskorte termyn van agtien maande gevangenisstraf. Hy het hom egter nie by die voorwaardes van die vonnis gehou nie, met die gevolg dat die korrektiewe toesig in 'n vonnis van ses maande gevangenisstraf omskep is.

Jacobs se feite is analoog: die beskuldigde is weens roof gevonnis tot twaalf maande korrektiewe toesig plus ses maande opgeskorte gevangenisstraf. Ook hy het die voorwaardes van sy korrektiewe toesig verbreek, en dit is in agt maande gevangenisstraf omskep.

Die vraag wat die hooggeregshof in beide uitsprake moes beantwoord, is of die hof tydens die heroorweging van die korrektiewe toesig die volledige vonnis moet heroorweeg wat aan die beskuldigdes opgelê is, of slegs die gedeelte wat uit korrektiewe toesig bestaan. 'n Antwoord op hierdie vraag vereis 'n noukeurige oorweging van artikel 276A(4) van die Strafproseswet 51 van 1977.

In *Dreyer* het die hof, nadat dit die magtigende bepalings in artikel 276A(4)(*a*) en 276A(3)(*d*) en (*e*) aangehaal het, tot die slotsom gekom dat die samehang van die bepalings dit duidelik maak dat

> "wanneer 'n hof 'n vonnis op aansoek van die Kommissaris heroorweeg, hy beklee is met dieselfde mag as die hof wat die beskuldigde in die eerste instansie gevonnis het" (302*d-e*).

Dit beteken dat, indien 'n opgeskorte vonnis saam met korrektiewe toesig opgelê word, die opgeskorte vonnis (gevangenisstraf) ook heroorweeg mag word. Hierdie gevolgtrekking blyk op 'n uitleg van artikel 276A(3) gebaseer te wees. (Artikel 276A(3) handel oor die prosedure wat gevolg moet word, *en die magte van 'n hof*, in gevalle waar die Kommissaris van Korrektiewe Dienste by die hof aansoek doen dat 'n vonnis van gevangenisstraf heroorweeg moet word.) Ek sê "blyk" omdat dit uit die samehang afgelei moet word. Die hof verwys dan na subartikel (4) wat spesifiek voorsiening maak vir die heroorweging van korrektiewe toesig indien dit nie 'n geskikte vonnis blyk te wees nie en noem dat subartikel (4)(*b*) uitdruklik bepaal dat by die heroorweging van vonnis die *prosedure* van subartikel (3) van toepassing sal wees (my beklemtoning). Die slotsom is:

> "Met ander woorde, die hof sal eweneens by magte wees om die hele vonnis die beskuldigde opgelê, te heroorweeg en nie net die korrektiewe toesig nie" (302*g*).

Daarmee is die beslissing in wese gevel, al word daar nie verduidelik hoekom die statutêre gelykstelling van prosedures ook tot die gelykstelling van bevoegdheid moet lei nie. Die hof vind egter verdere ondersteuning vir sy standpunt in die volgende:

• Enige ander uitleg sou die onhoudbare resultaat hê dat 'n vonnis net gedeeltelik hersien word (die hof blyk 'n onderskeid te maak tussen "straf" en "vonnis" deurdat straf slegs verwys na 'n enkele straftipe, terwyl vonnis verwys na die totale vonnis wat opgelê word).

• 'n Ongerapporteerde beslissing uit die Kaapse Provinsiale Afdeling (*S v De Kock* 1992-12-18 saakno A631/92 (K)) bied direkte ondersteuning vir die beslissing en beklemtoon ook dat 'n vonnis 'n eenheid vorm.

Die eerste faktor, naamlik die onhoudbare situasie dat slegs 'n gedeelte van die vonnis hersien word, is nogal 'n enigma. Die hof verwys glad nie na die lang gevestigde beginsel dat 'n hof van eerste instansie normaalweg nie die bevoegdheid het om eie vonnisse te hersien nie, en dat artikel 276A(4) eintlik vir 'n dramatiese verskuiwing weg van hierdie beginsel voorsiening maak nie. Die hof verduidelik ook nie hoekom dit so onhoudbaar is om slegs daardie gedeelte van die vonnis wat onuitvoerbaar blyk te wees, te heroorweeg nie. Ek sal aan die einde van hierdie bespreking weer na hierdie aspek verwys.

Wat die tweede argument betref, het die Kaapse Provinsiale Afdeling in die *Jacobs*-beslissing besluit dat die *De Kock*-uitspraak heroorweging verg as gevolg van 'n afwykende uitspraak in *S v Lackay* 1993-06-09 saakno A366/92 (K). Volgens die volbank in *Jacobs* lê die antwoord op hierdie vraag hoofsaaklik in 'n behoorlike uitleg van die bepaling in artikel 276A(4)(*a*) dat die hof "daardie straf" kan heroorweeg (330*b*). Die bepaling in artikel 276A onderskei tussen straf ("punishment") en vonnis ("sentence") deurdat straf deurgaans met korrektiewe toesig verbind word terwyl daar slegs van vonnis melding gemaak word wanneer 'n "vonnis" van *gevangenisstraf* deur die hof heroorweeg word (a 276A(3)). Gevolglik is die verwysing in artikel 276A(4)(*a*) na "daardie straf" beperk tot korrektiewe toesig en niks anders nie (330*f*).

Die enigste beperking wat in die heroorwegingsproses op die hof geplaas word, is die gewone jurisdiksieperke van die howe. Gevolglik mag 'n landdroshof se totale vonnis van gevangenisstraf, indien die korrektiewe toesig deur gevangenisstraf vervang word, nog steeds nie twaalf maande oorskry nie. Die feit dat 'n hof wat 'n termyn korrektiewe toesig plus 'n opgeskorte tydperk van twaalf maande gevangenisstraf opgelê het, die korrektiewe toesig dan nie deur gevangenisstraf sal kan vervang nie, is 'n anomalie wat moontlik wetswysiging verg (331*i*): "This potential anomaly . . . does not, however, . . . justify a departure from the plain meaning of the words used in s 276A(4)(*a*)."

Verderaan wys die hof ook daarop dat die verwysing in artikel 276A(4)(*b*) na die prosedure wat in subartikel (3) bedoel is, onderskei moet word van die *magte* wat die hof het in geval van 'n heroorweging van 'n straf van korrektiewe toesig. Myns insiens is hierdie beoordeling korrek. Die prosedure waarvolgens 'n hof 'n vonnis heroorweeg, kan tog nie dieselfde wees as die bevoegdhede wat 'n hof verkry wanneer daardie prosedure toegepas is nie.

Na my beskeie mening is daar geen twyfel dat die *Jacobs*-beslissing die regsvraag wat hier ter sprake is, korrek beantwoord nie. 'n Mens kan argumenteer oor die beperking van die begrip "vonnis" tot 'n vonnis van gevangenisstraf, maar dit is nie werklik hier ter sake nie.

Duidelikheidshalwe is dit nodig om artikel 276A(4) weer eens aan te haal:

> "(*a*) 'n Hof wat aan 'n persoon 'n straf bedoel in subartikel (1) of (2) opgelê het of sy vonnis omskep het kragtens subartikel (3)(*e*)(ii), hetsy anders saamgestel al dan nie, kan te eniger tyd, indien dit op grond van 'n gemotiveerde aanbeveling deur 'n proefbeampte of die Kommissaris bevind word dat daardie persoon nie geskik is om aan korrektiewe toesig onderworpe te wees nie of die opgelegde straf uit te dien nie, daardie straf heroorweeg en 'n ander gepaste straf oplê.
>
> (*b*) Die prosedure in subartikel (3) bedoel, is *mutatis mutandis* van toepassing by die heroorweging van 'n straf kragtens hierdie subartikel."

Wanneer subartikel (*a*) mooi bekyk word, kan die volgende daaruit afgelei word:

• Eerstens bied dit aan "'n hof" 'n bepaalde bevoegdheid. Sonder hierdie bepaling sou "'n hof" hierdie bevoegdheid nie gehad het nie. Dit is dus 'n bemagtigende bepaling.

• Die magtiging wat "'n hof" verkry, is om "'n straf" te heroorweeg.

• Die hof wat sodanig bemagtig word, is egter nie enige hof nie. Dit is slegs 'n hof wat aan 'n persoon 'n *straf* opgelê het soos bedoel in subartikel (1) of (2), of wat ingevolge subartikel (3)(*e*)(ii) opgetree het. Subartikel (1) en (2) verwys slegs na twee strafvorme, naamlik (in suba (1)) korrektiewe toesig soos bedoel in artikel 276(1)(*h*), en (in suba (2)) gevangenisstraf waaruit die kommissaris die gevangene uit eie beweging op korrektiewe toesig kan vrylaat soos beskryf in artikel 276(1)(*i*)). Subartikel (3)(*e*)(ii) handel weer oor 'n vonnis van gevangenisstraf wat deur die hof in korrektiewe toesig omskep is. Die enigste straf anders as korrektiewe toesig wat dus hoegenaamd deur hierdie artikel geraak kan word, is gevangenisstraf wat kragtens artikel 276(1)(*i*) opgelê word. Dit is dus slegs 'n hof wat een van hierdie beperkte aantal strawwe opgelê het (wat almal met korrektiewe toesig te make het), wat 'n straf mag heroorweeg.

• Hierdie hof wat die bevoegdheid verkry om die straf te heroorweeg, mag ook nie enige straf heroorweeg nie, maar slegs "daardie straf". Uit die konteks van artikel 276A(4) kan dit tog sekerlik nie enige ander straf beteken as juis een van hierdie strawwe waaroor daar net hierbo uitgewei is nie. Indien die onbelangrike bysinne weggelaat word, staan daar tog duidelik:

> "'n Hof wat aan 'n persoon 'n *straf* bedoel in subartikel (1) of (2) opgelê het of sy vonnis omskep het, . . . kan te eniger tyd . . . *daardie straf* heroorweeg en 'n ander gepaste straf oplê."

In effek beteken dit dat die hof net die straf van korrektiewe toesig mag heroorweeg, want volgens die Strafproseswet kan 'n toesiggeval wat deur die kommissaris op korrektiewe toesig vrygelaat is kragtens 'n vonnis ingevolge artikel 276(1)(*i*) opgelê, bloot weer in aanhouding geneem word om die res van die gevangenisstraf uit te dien.

Die res van die vonnis mag nie verander word nie. Dit hoef egter nie 'n probleem te wees nie. Wanneer die hof oorweeg waardeur die korrektiewe toesig vervang moet word, moet dit die res van die vonnis wat in stand gebly het, by die heroorwegingsproses in ag neem. Die nuwe deel van die vonnis moet dus by die res daarvan inpas. Indien die hof dan vind dat die beskikbare gevangenisstraf reeds met die aanvanklike vonnisoplegging uitgeput is, lê die probleem nie by 'n leemte in die wetgewing nie, en behoort dit ook nie as 'n anomalie gesien te word nie. Dit is in werklikheid net die oorspronklike vonnisoplegger wat daarvoor te blameer is. Hierdie probleem sal in elk geval iets van die verlede wees indien die reg gevestig word, want die verhoorhof sal dan besef dat dit onwys sal

wees om al die gevangenisstraf binne die hof se jurisdiksie met die aanvanklike vonnisoplegging uit te put, juis omdat daar dan min te doen is indien die korrektiewe toesig om een of ander rede nie slaag nie. 'n Mens kan darem van ons vonnisopleggers verwag om bewus te wees van die implikasies van die vonnisse wat hulle oplê.

'n Mens kan die saak ook uit 'n ander hoek bekyk. Die insluiting van korrektiewe toesig tot die lys van strawwe wat 'n hof mag oplê, het plaasgevind omdat daar 'n leemte was in die keuses wat 'n hof by vonnisoplegging mag maak. Korrektiewe toesig het nie op die wetboek verskyn sodat die landdroshowe nou swaarder mag vonnis as wat in die verlede moontlik was nie. Die oplegging van 'n vonnis wat al die beskikbare gevangenisstraf opgebruik, met die byvoeging van korrektiewe toesig, lei inderdaad tot 'n baie swaarder straf as wat in die verlede moontlik was. Vonnisopleggers wat hulle bevoegdhede op hierdie wyse uitput, kan nie werklik kla indien so 'n uitputting van bevoegdhede hulle later inhaal nie.

Hiermee het slegs 'n enkele van die potensiële probleme wat in artikel 276A(4) opgesluit is, aandag geniet. In twee ander artikels oor hierdie onderwerp, naamlik "The unfit probationer" 1994 (7) *Consultus* 53–56 en "Die toesiggeval" 1994 (29) *Die Landdros* 57–64, verwys ek na 'n paar verdere probleme. 'n Mens hoop net dat die howe in hulle beoordeling van hierdie bepalings versigtige en weldeurdagte beslissings sal gee, want daar is min dinge wat howe van eerste instansie soveel sal laat huiwer om korrektiewe toesig te gebruik as onsekerheid oor die korrekte regsposisie rakende verskeie aspekte van hierdie strafvorm.

STEPHAN TERBLANCHE
Universiteit van Suid-Afrika

MEANING OF THE CONCEPT "MINERAL"

Rand Mines Ltd v Potgieter 1994-09-19 case no 93/9540 (T)

1 This decision related to the meaning of the concept "mineral" in the context in which it had been used in a Certificate of Rights to Minerals No K711/1919S (the "certificate"). In terms of the certificate the applicant, Rand Mines Limited, was the holder of the "full free and sole right and interest in and to all minerals, mineral substances and metals, oils, precious stones and coal . . . without any exception" (3–4) in respect of three farms, namely portions 1, 2 and the remainder of the farm Hugomond 118 LS ("the farms").

2 The applicant sought a declaratory order that, by virtue of the certificate, it was the holder of the right in and to all forms of granite, and all forms of marble suitable for use as dimension stone in or under the farms (2). A declaration was sought by the applicant because it intended entering into an agreement with Keeley Group Holdings Limited ("Keeley"), in terms of which it intended selling to Keeley dimension stone (3). The applicant maintained that dimension

stone, because of its intrinsic value, was a mineral, and contended that the judgment of the Appellate Division in *Finbro Furnishers (Pty) Limited v The Registrar of Deeds, Bloemfontein* 1985 4 SA 773 (A) was decisive of the issue in the case (14). The respondents, the respective owners of the farms, denied that dimension stone was a mineral within the meaning of the certificate (4). The respondents argued, first of all, that the *ratio* in the *Finbro* decision was limited to the interpretation of statutes and did not apply to ordinary agreements, and secondly, that the test formulated by Botha J (as he then was) in *Loubser v Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens* 1976 4 SA 589 (T) was binding on the court, and that there was nothing contained in the *Finbro* judgment which derogated from what had been stated in *Loubser's* case (16).

At issue, therefore, was whether the applicant was vested with the right to mine dimension stone (4). According to Fine AJ the determination of the issue entailed both an interpretation of the applicant's rights as evidenced by the certificate and the determination of whether or not dimension stone was a mineral (5).

3 The court accepted that the expert evidence (see 5–13) was overwhelming that dimension stone had an intrinsic value apart from its bulk and weight (13 25) and was therefore a mineral. The court held that the concept "mineral", as it occurred in the certificate, in its ordinarily grammatical sense included dimension stone (25). The application therefore succeeded (26).

4 In arriving at his decision, Fine AJ elevated the intrinsic or individual value of a mineral to the decisive test or criterion for determining whether or not a particular substance is a mineral in the popular sense of the word:

> "It seems to me therefore that, in all the cases referred to above, the all-important if not decisive issue in determining the common sense or popular meaning of the word 'mineral' was whether or not the substance had an intrinsic value apart from its bulk and weight" (24).

The decisions relied on by Fine AJ were: the *Finbro* decision *supra* (19), *Marshall v Registrar of Mining Rights* 1904 TH 210, *New Blue Sky Gold Mining Co Ltd v Marshall* 1905 TS 363 (22), *Glencairn Lime Company (Pty) Ltd v Minister of Labour and Minister of Justice* 1948 3 SA 894 (T) (23) and *Belville Inry (Edms) Bpk v Continental China (Pty) Ltd* 1976 3 SA 583 (C) (24). The reliance on the *Finbro* decision was based upon a thorough analysis of this decision of the court *a quo* (1983 1 SA 191 (O) 16–17) and the Appellate Division (14–16 17–18 29–20). The court also held that not even the *Loubser* decision *supra* excluded the use of the intrinsic value criterion in the determination of the popular meaning of the concept "mineral".

In the *Finbro* decision Hoexter AJ clearly distinguished between the meaning of the concept "mineral" for purposes of the particular cession (the so-called "contractual meaning of the concept mineral": 802A–I) and the meaning of the concept "mineral" for the purposes of section 3(1)(m) of the Deeds Registries Act 47 of 1937 (the so-called "statutory meaning of the concept mineral": 802J–808D; Radesich and Trichardt 1986 *THRHR* 113–116; Badenhorst and Van Heerden "Betekenis van die woord mineraal" 1989 *TSAR* 454–455, "Weer eens die betekenis van die woord mineraal" 1991 *TSAR* 183 188–190; Badenhorst 1990 *TSAR* 242–243 247–248; Badenhorst *Die juridiese bevoegdheid om minerale te ontgin in die Suid-Afrikaanse Reg* (LLD thesis UP 1993) 269–271 291–295). At the outset of the decision Hoexter AJ stated clearly:

> "This appeal involves the interpretation of a clause in a contract and a subsection of a statute. The contract concerned is embodied in a notarial deed of cession of mineral rights and the relevant statute is the Deeds Registries Act 47 of 1937. The first question is whether the 'rights to minerals' ceded in terms of the notarial deed include rights to stone. Should that question be affirmatively answered the further question arises whether in terms of s 3(1)(m) of Act 47 of 1937 the Registrar of Deeds has a legal duty to register such notarial cession" (748H–I).

It is submitted that even from Fine AJ's analysis of *Finbro* one can still implicitly distinguish between the contractual and statutory meaning of the concept "mineral" (14–15). It is submitted that if such a distinction is not made, the two views in the *Finbro* decision are incorrectly perceived as being irreconcilable (see eg the initial view of Dale in *Elliot The South African notary* by Lowe *et al* (1987) 214). Because of this distinction, the said decision may be restrictively interpreted as being a consideration of "the customary meaning of the word 'mineral' in the context of the use of the word in the Deeds Registries Act 47 of 1937 in which there was no express or implied meaning" (Kaplan and Dale *A guide to the Minerals Act 1991* (1992) 31) or so-called statutory meaning of the concept "mineral".

It is submitted that the parameters of the contractual meaning in *Finbro* were narrower than the parameters of the statutory meaning. First of all, the ordinary and grammatical meaning of the contract included stone (802F–G 802I–J), whereas the statutory meaning included stone if it had a value apart from its mere bulk and weight, and if it had been obtained from the crust of the earth for purposes of profit (808D). Secondly, sand and clay as base minerals were excluded for purposes of the contractual meaning (see 802F–G), whereas the statutory meaning would be wide enough to include *inter alia* sand and clay, if these substances had an intrinsic value and could be commercially exploited (see 808D).

With reference to the above-mentioned *dictum* of Fine AJ about intrinsic value, it should, however, be noted that: (a) as already indicated, not only the intrinsic value of the substance but also its profitability formed part of the test accepted by the Appellate Division in the *Finbro* decision for determining the statutory meaning of the concept "mineral" (808D; see 15); (b) in determining either the statutory or contractual meaning of the concept "mineral", the legislature or parties to the agreement may not necessarily have intended the popular meaning of the word mineral; other meanings, such as a geological (or scientific) meaning, or a wider (or narrower) meaning than the popular meaning may also be possible; (c) apart from intrinsic value, other factors such as the scientific development over time, impact of legislation (see 16) and policy considerations may also influence the popular meaning of the concept "mineral" (see Badenhorst "Towards a theory on mineral rights" 1990 *TSAR* 240–241); (d) intrinsic value (and profitability) to test whether or not a substance should be regarded as a mineral in a statutory context at a particular point in time, makes good sense, since it accords recognition to the dynamic development of the meaning of the concept in a statutory context. Whether the same test can be applied to determine the intention of parties to an agreement entered into seventy-five years ago, is a different question. It is conceivable that evidence of the fact that a particular substance on a particular property had a value apart from its mere bulk and weight, and that it could be obtained from the crust of the earth for purposes of profit at the time when the contract was concluded, would suffice to indicate the probable intention of the parties; and (e) the concept "intrinsic value" is a

confusing concept. The only things inherent to a mineral substance are its characteristics which are meaningless until exposed to people whose reactions to it may find ultimate expression in value (Van der Vyver *'n Teoretiese beskouing van die bepaling van die markwaarde van mineraalregte as 'n komponent van die vergoeding betaalbaar ingevolge die Onteieningswet, 63 van 1975* (LLM dissertation Wits 1986) 55).

With reference to the aforesaid *dictum* of Fine AJ, it should be noted further that the judgment in *Finbro* did not deal only with the "popular" or "usual" meaning, in common parlance, of the word "minerals" (803E–H) but also with other meanings. For instance, Hoexter AJ clearly stated with reference to decided cases:

> "As a prelude to the consideration of the problems of interpretation which arise in the present case it is necessary to examine a number of decided cases in our Courts over the past 90 years in which, in a diversity of contexts, the meaning of the word 'mineral' in scientific, popular and legal language has been discussed" (791H–I).

It is submitted that, subject to the above-mentioned qualifications, the aforegoing *dictum* of Fine AJ is correct for the purposes of determining the popular meaning of the concept "mineral". To the extent that the thrust of the decision is that the popular meaning of the concept "mineral" is to be equated with the contractual and statutory meaning of the concept "mineral" (see 5 below), the *dictum* is incorrect as a general rule.

5 The respondents' first contention (see 2 above) was based upon the distinction made in the *Finbro* decision between the contractual and statutory meaning of the concept "mineral" (see 4 above). However, Fine AJ was of the following opinion:

> "I do not think that the Respondent's contention that the test formulated by Hoexter AJ, in the *Finbro Furnishers* case, *supra*, should be confined to the interpretation of a statute. There is no warrant for limiting the *ratio* of the judgment to the interpretation of statutes only. To apply one test to the interpretation of a statute, and another to the interpretation of a contract would be subversive and inimical to the concept of certainty and uniformity, something which each of the Courts has greatly emphasised" (25).

It is submitted that the test formulated by Hoexter AJ applies to the popular meaning of the concept "mineral" in the context of section 3(1)(m) of the Deeds Registries Act. (The "popular" meaning (803E–I) is discussed as part of the examination of the statutory meaning (802J); it is conceded that expressions such as "colloquial speech", "colloquial sense" and "common parlance" do occur in the discussion of the contractual meaning of the concept "mineral" (802D–E 802H).) Even if the statements of Hoexter AJ about the popular meaning of the concept "mineral" were not restricted to its statutory meaning, he clearly stated:

> "The fact that common parlance assigns a restricted meaning to the word 'mineral' does not give the Court a licence to go behind the clear language of a particular contract" (802E).

In other words, the popular (or statutory) meaning cannot necessarily be equated with the contractual meaning, if the contractual language indicates the contrary. As mentioned earlier, either or both the legislature and the parties to an agreement can attach a popular meaning to the concept as their intention. It seems as if Fine AJ equated the popular meaning of the concept "mineral" for purposes of section 3(1)(m) in *Finbro* with the popular meaning of the concept "mineral" for

the purposes of the particular cession in *Finbro*. Even if it is true that both the parties to the cession in *Finbro*, and the legislature for purposes of the Deeds Registries Act, intended a popular meaning of the concept "mineral" (which we doubt) the respective parameters differed (see 4 above). It is only in that sense that the *Finbro* test should not be confined to the meaning of the concept "mineral" for purposes of the Deeds Registries Act. Our reading of the test is that in each instance the substance under consideration should have a value apart from its mere bulk and weight, and that it should be obtained from the crust of the earth for purposes of profit before it can be regarded as a mineral for statutory purposes. If the test is to be extended not only to determine the statutory meaning of the concept "mineral", but also its contractual meaning, then at least the test should be applied correctly. Even if only the first leg of the test (that the substance has an intrinsic value) is used as a starting point, the enquiry should not stop there. Thereafter the contractual and statutory meaning must still be determined by making use of the applicable principles of interpretation (Fine AJ did indeed make a determination as to the ordinary and grammatical meaning of the certificate (25)). If it is not, how then can it be explained that the contractual meaning in the *Finbro* decision was narrower than the statutory meaning of the concept "mineral" even though the same test of intrinsic value had supposedly been used (see 4 above)? And if not, it could even be argued that, because a substance has intrinsic value, the parties to an agreement or the legislature must have intended it to be a mineral (perhaps unfairly, as such a deduction can be made from Fine AJ's finding on 25). If the contractual meaning of the concept "mineral" is not determined carefully, this could amount to an *ex post facto* supplementing of the intention of parties or the legislature by an intention based upon a determination of intrinsic value.

6 The second contention by the respondents (see 2 above) was based on the following concluding remarks of Botha J in the *Loubser* case *supra*:

> "Die vernaamste oorweging wat uit die genoemde Transvaalse beslissing blyk, vir doeleindes van die huidige saak, is dat die gewone of populêre betekenis van die woord 'minerals' nie stowwe omvat soos gewone baksteenklei, sand of klip nie" (598H).

After a review of the cases referred to in the *Loubser* decision (21–22), Fine AJ held that: (a) the remarks of Botha J would no longer apply in the case of stone, regard being had to the *Finbro* decision (in other words, "mineral" in the popular sense of the word does include stone, if it has an intrinsic value); (b) nothing in the *Loubser* case subverts the common sense or popular meaning of the concept "mineral"; and (c) nothing precludes the use of the intrinsic value criterion in the determination of the common sense or popular meaning of the concept "mineral" (23).

Regarding statement (a), Fine AJ did not find it necessary for purposes of his judgment to hold that the *Finbro* decision overruled the *dictum* in the *Loubser* case (25). His reasons were that each case was concerned with a different substance and that there was nothing in the *Loubser* case which limited the applicability of the test of intrinsic value (25). However, by holding that the *Loubser dictum* no longer applied to stone because of the *Finbro* decision, Fine AJ in effect held that the *Finbro* decision overruled *Loubser*.

It is submitted that the court itself had in effect overruled the *Loubser dictum* because the popular meaning of the concept "mineral" was enlarged by implication to include a substance such as rock if it has an intrinsic value apart from

bulk and weight (and if it is capable of commercial exploitation). If this were not so, the court could not have held that dimension stone is a mineral in the popular sense of the word. By analogy, the popular meaning of the concept would also then include brick, clay or sand if those substances had an intrinsic value (and are capable of economic exploitation).

It is not altogether clear what the court meant by statement (b).

Regarding statement (c), even though it is true that intrinsic value was not rejected outright in the *Loubser* decision, Botha J held the following about expert evidence (including evidence as to economical exploitability):

> "Maar vanselfsprekend verskaf hierdie getuienis nog geensins 'n antwoord op die ondersoek na die betekenis van die serwituut nie: wat uitdrukkings soos 'minerals' en 'mineral substances' in die serwituut beteken, moet nog bepaal word, want *non constat* dat die partye hierdie uitdrukkings in 'n geologiese-tegniese sin gebruik het" (597G).

The fact that a mineral means *inter alia* substances in exceptional use and with exceptional value, did not, according to Botha J, contribute to the attempt to give a positive content to the ordinary meaning of the concept "mineral" (603C). On the other hand, the following statement by Botha J again supports the said statement (c):

> "Dit mag so wees dat die gewone betekenis van 'mineraal' hier by ons ter land die gedagte van 'n besonder waardevolle stof in die aardkors inhou" (608A).

7 Because the *Loubser* decision was not overruled, it is submitted that the court should (expressly or by implication) have followed the interpretation adopted in the said decision of the clause with exactly the same wording. For purposes of the interpretation of the meaning of the concept "minerals", the *Loubser* decision held the following:

(a) The use of the accompanying phrase "all . . . without exception" did not warrant the deduction that the parties did not intend to use the concept "mineral" in the ordinary sense of the word (603G). The phrase refers to that which actually occurred in the land and not the different meanings of the language used in the agreement (604F).

(b) The use of the word "on" refers to the intention to include substances on the surface of the land but does not amount to an intention to use the word in an unusual sense (603H).

(c) The use of the phrase "mineral substance" together with "mineral" amounts to a contrast in the sense that "minerals" refers to separately identified minerals whereas "mineral substances" refers to a conglomeration of minerals (604D).

(d) The expression "mineral, mineral substances" does not indicate an intention to use the concept "mineral" in an abnormal or unusual sense (604E–F).

As indicated previously, it was held in the *Loubser* decision that the normal or popular meaning of the concept "mineral" did not include substances such as ordinary brick, clay, sand or stone (598H 599D 602A–B). In both decisions it was held that the concept "mineral" in the particular agreement was used in the ordinary sense of the word, the only difference being that in the *Loubser* decision stone *inter alia* was excluded from such a meaning (even if it had intrinsic value) whereas in the *Rand Mines* decision dimension stone was included because it had intrinsic value.

For the purposes of the meaning of the concept "mineral" in the Deeds Registries Act, dimension stone is a mineral because it has intrinsic value and is capable of commercial exploitation, according to the expert evidence.

8 The implications of the *Rand Mines* decision for South African law are the following:

(a) The criterion of intrinsic value of a substance (and profitability) is decisive in determining whether or not the substance is a mineral in the popular sense of the word.

(b) The concept "mineral" in the popular sense of the word includes rock if such rock has an intrinsic value (and is capable of commercial exploitation).

(c) The concept "mineral" in the popular sense of the word could even include substances such as sand, gravel and clay, if these substances do have an intrinsic value (and are capable of commercial exploitation).

(d) Different (and differing) tests need not be applied to determine the contractual and statutory meaning of the concept "mineral".

The enlargement of the popular meaning of the concept "mineral" raises the question whether it is still possible to distinguish the popular (or narrow) meaning from the wide meaning of the concept "mineral" (namely, any portion of the earth's crust, not being animal or vegetable). Even if one accepts that after the *Finbro* decision the parameters of the popular meaning of the concept "mineral" have been enlarged (in respect of valuable stone only), it is submitted that great care should be exercised in establishing the intention of parties to an agreement. What should be guarded against in future is the danger of reasoning that, merely because a substance has intrinsic value, the parties must have intended it to form part of the subject matter of the particular agreement. The parties could have intended something different from the (new) popular sense of the concept "mineral".

PJ BADENHORST
University of the North

E VAN DER VYVER
Legal Adviser

UITBREIDING VAN DIE TOEPASSINGSGEBIED VAN DIE *CONDICTIO INDEBITI* EN DIE ONTWIKKELING VAN 'N ALGEMENE VERRYKINGSAKSIE

Kommissaris van Binnelandse Inkomste v Willers 1994 3 SA 283 (A)

1 Inleiding

Die meerderheid moderne Suid-Afrikaanse juriste was voor 1966 van mening dat ons reg inderdaad 'n algemene subsidiêre verrykingsaksie erken het, wat naas die klassieke aksies bestaan en gevalle gedek het wat nie onder die klassieke aksies tuisgebring kon word nie (Wessels *The law of contract in South*

Africa (1951) par 3501 3515; Wille *Principles of South African law* (1961) 473–474; Joubert 1959 *SALJ* 472; Scholtens 1956 *Annual Survey of South African Law* 185, Scholtens 1960 *Annual Survey of South African Law* 152; Olivier "Die Aedilisiese aksies weens verborge gebreke" 1963 *THRHR* 190; Van der Walt "Die condicto indebiti as verrykingsaksie" 1966 *THRHR* 220; sien verder De Vos *Verrykingsaanspreeklikheid in die Suid-Afrikaanse reg* (1987) 304 vn 1; *contra* John 'n *Oorsig van ongeregverdigde verryking as gedingsoorsaak in die Suid-Afrikaanse reg* (LLD-proefskrif Leiden 1951) 140). Die erkenning van sodanige subsidiêre verrykingsaksie sou die weg baan vir die ontwikkeling van 'n allesomvattende algemene verrykingsaksie wat nie benewens die verskeie individuele aksies sou bestaan nie maar die hele gebied van ongeregverdigde verryking sou dek.

Wat die regspraak voor 1966 betref, was daar sake wat die indruk geskep het dat 'n subsidiêre algemene verrykingsaksie wel ontwikkel het (sien die gewysdes bespreek deur De Vos 244–303) terwyl ander die teenoorgestelde aangedui het of selfs uitdruklik die bestaan van sodanige aksie ontken het (sien die sake bespreek deur De Vos 304–305) – 'n ontkenning wat sy finale beslag in *Nortje v Pool* 1966 3 SA 96 (A) gekry het. Die uitspraak het skerp kritiek ontlok en juriste was dit feitlik eens dat die appèlhof die bestaan van so 'n aksie moes erken het (sien bv Van der Walt 1966 *THRHR* 374; Scholtens 1966 *SALJ* 391; Zimmermann 1985 *CILSA* 1; De Vos 311).

2 *Blesbok Eiendomsagentskap v Cantamessa* 1991 2 SA 712 (T)

Alhoewel die beslissing in *Nortje v Pool* nie die moontlike ontwikkeling van 'n algemene verrykingsaksie heeltemal uitgesluit het nie (vgl die opmerking van Botha AR 139H–140A), het die appèlhof, ondanks spesifieke ontwikkelings op die gebied van die verrykingsreg, nie veel aandag daaraan geskenk nie. Spesifieke ontwikkelings sluit onder andere in die onlangse erkenning in *Willis Faber Enthoven (Pty) Ltd v Receiver of Revenue* 1992 4 SA 202 (A) van aanwending van die *condictio indebiti* ook in die geval van regsdwaling (sien Visser se bespreking in 1992 *SALJ* 177). Die uitspraak van regter Van Zyl in *Blesbok Eiendomsagentskap v Cantamessa* het egter opnuut die aspek van 'n algemene verrykingsaksie aangeroer. In hierdie verband het die regter hom onomwonde soos volg uitgelaat (719D–F):

> "Ek is eerbiedig van mening dat die tyd inderdaad aangebreek het om aan 'n algemene verrykingsaksie erkenning te gee. Nie slegs is daar 'n mate van kunsmatigheid verbonde aan die vaskleef aan sogenaamde 'erkende verrykingsaksies' wat vir 'bepaalde omstandighede' daargestel is nie, maar die voortdurende uitbreiding van die verrykingsbeginsel om *ad hoc* vir nuwe gevalle voorsiening te maak, laat duidelik blyk dat daar 'n behoefte aan 'n algemene verrykingsaksie is. Trouens, die blote feit dat daar sulke uitbreiding plaasgevind het, is aanduidend van die bestaan van 'n algemene verrykingsaksie gegrond op die algemene beginsel teen ongeregverdigde verryking. Daarbenewens het gemeenregtelike navorsing sowel vóór as sedert die *Nortje*-saak onteenseglik die bestaan van 'n algemene verrykingsaksie in ons gemenereg bewys, soos duidelik uiteengesit deur De Vos *Verrykingsaanspreeklikheid in die Suid Afrikaanse Reg* (3de uitg 1987)."

(Sien ook Van Zyl R se bespreking van 'n algemene verrykingsaksie in 1992 *Acta Juridica* 115; vir vonnisbesprekings van hierdie gewysde sien Eiselen 1992 *THRHR* 124 en Sonnekus 1992 *THRHR* 301.)

Juriste het hulle ook sedert die *Nortje*-beslissing sterk uitgelaat ten gunste van die erkenning van 'n algemene verrykingsaksie (sien bv De Vos 328–329;

Zimmermann 1985 *CILSA* 18–20; Sonnekus 1992 *THRHR* 308–309; Eiselen 1992 *THRHR* 124–128; Malan 1992 *Acta Juridica* 131–135) alhoèwel hulle verskil wat betref die presiese implementering en toepassingsgebied van sodanige aksie. Enersyds is daar voorstanders van 'n aanvanklik subsidiêre verrykingsaksie wat uiteindelik sal ontwikkel tot 'n volkome algemene verrykingsaksie wat die tradisionele aksies sal verdring (sien bv De Vos 358–361 371–372; Van der Walt 1966 *THRHR* 377); andersyds word voorgestel dat 'n algemene verrykingsaksie deur die appèlhof erken of deur middel van wetgewing geskep moet word wat die bestaande tradisionele aksies vervang en waarvolgens alle vorme van verrykingsaanspreeklikheid dan opgelos kan word (sien bv Eiselen 1992 *THRHR* 127–128; Eiselen en Pienaar *Unjustified enrichment – a casebook* (1993) 22–23; Sonnekus 1992 *THRHR* 308–309).

3 *Kommissaris van Binnelandse Inkomste v Willers*

Met hierdie beslissing is die appèlhof opnuut die geleentheid gebied om uitsluitsel te gee oor die erkenning van 'n algemene verrykingsaksie. Die appellante was onderskeidelik die Kommissaris van Binnelandse Inkomste (eerste eiser) en die likwidateur (tweede eiser) van die maatskappy Bergbries (Edms) Bpk wat in vrywillige likwidasie geplaas is. Die eerste vier respondente (verweerders) was voormalige aandeelhouers en/of direkteure van hierdie maatskappy terwyl die vyfde respondent (verweerder) die voormalige likwidateur van die maatskappy was. Die sesde respondent (verweerder) was die Meester van die Hooggeregshof. Die eerste appellant se tweede alternatiewe eis het beweer dat die vyfde respondent in sy hoedanigheid van likwidateur van Bergbries (Edms) Bpk, sekere oorbetalings aan die eerste vier respondente gemaak het in die *bona fide* en redelike, maar foutiewe geloof dat laasgenoemde geregtig was om die volle bedrae te ontvang terwyl sodanige oorbetalings inderdaad onbetaalde inkomstebelasting ingesluit het wat die maatskappy aan die eerste appellant verskuldig was – die eerste vier respondente is gevolglik na bewering ongeregverdig teenoor die eerste appellant verryk. Die respondente het eksepsie hierteen opgewerp op grond daarvan dat die eis op die *condictio indebiti*, alternatief verryking, gebaseer is, omdat die *condictio* in die omstandighede nie aanwending vind nie en ook omdat daar geen algemene verrykingsaksie in die Suid-Afrikaanse reg bestaan nie. Hierdie eksepsie is deur die Transvaalse Provinsiale Afdeling gehandhaaf waarteen die appellante geappelleer het.

4 *Condictio indebiti*

Die uitspraak in die appèlhof is deur appèlregter Botha gelewer. Hy bevind dat die kern van die eksepsie gegrond is op die beslissing in *Rapp and Maister Holdings Ltd v Ruflex Holdings (Pty) Ltd* 1972 3 SA 835 (T) (wat ook inderdaad deur die hof *a quo* nagevolg is). In daardie geval weier die hof om die erkende aanwending van die *condictio indebiti* in die erfreg uit te brei na 'n soortgelyke geval as die onderhawige. In geval van bestorwe boedels kan 'n onbetaalde boedel-skuldeiser van 'n erfgenaam of legataris daardie bedrag eis wat laasgenoemde meer ontvang het as wat hy sou ontvang het indien die skuldeiser betaal was. In die *Rapp*-gewysde weier die hof om hierdie verrykingsaksie uit te brei na die geval waar 'n skuldeiser van 'n maatskappy wat vrywillig deur sy lede gelikwideer is, se eis nie in die finale likwidasie- en distribusierekening gereflekteer is nie, met gevolg dat sy eis onbetaald gebly het en 'n aandeelhouer in die maatskappy meer ontvang het as wat hy sou indien die skuldeiser wel uitbetaal is. In hierdie saak is eweneens 'n eksepsie teen die eiser se

besonderhede van vordering gehandhaaf. Die *ratio* vir die beslissing word vervat in die volgende *dictum* van regter Galgut (837F–838):

> "I cannot accept these submissions by counsel. Firstly, it is established under the common law that an action will lie at the instance of an unpaid creditor of a deceased person against an heir or legatee who has been paid more than he should have been paid out of the assets of the estate. Whether that action is described as a *condictio indebiti* or whether it is based upon the principle of unjust enrichment, does not matter. It is an action granted by the common law. See the remarks of *Broome, J.P.*, in *Prinsloo v* [*Woolbrokers*] *Federation, Ltd., supra* at p.299. There is no such common law action available to an unpaid creditor of a company against a shareholder who has received more on dissolution of the company than he would have received, had the creditor been paid. Secondly it has been held that there is no general action for enrichment in our law. Before a plaintiff can succeed on a claim based on unjust enrichment he must show that his cause of action falls within the scope of one of the recognised actions for enrichment in our law. The dicta in *Nortje en 'n Ander v Pool, N.O.*, 1966 (3) S.A. 96 (A.D.) at pp. 139 and 140, leave one in no doubt that our law does not regard the rule against unjust enrichment as creating a legal obligation independently of one or the other recognised enrichment actions and regardless of particular circumstances. As plaintiff has no common law action to assist it and as the alleged enrichment does not arise from one of the recognised enrichment actions it must fail unless the Companies Act assists it."

Wat betref die aanwending van die *condictio indebiti* binne die kader van die erfreg besluit appèlregter Botha dat dit uiters twyfelagtig is of die appèlhof bereid sou wees om oorweging te skenk aan die verwerping van 'n reël wat lank reeds in die regspraktyk gevestig is (330E–F). Die hof is inderdaad ook nie gevra om dit te doen nie. Die reël word al langer as 'n eeu deur ons howe toegepas (sien bv die sake genoem deur De Vos 172 vn 10) en word in die algemeen deur skrywers aanvaar (sien bv *idem* 172–174; De Vos 1968 *Acta Juridica* 220; Eiselen en Pienaar 212; *contra* Van der Walt 1966 *THRHR* 220).

5 Algemene verrykingsaksie

Appèlregter Botha kom tot die gevolgtrekking dat die meerderheidsuitspraak in *Nortje v Pool* geen gesag vir die benadering in die *Rapp*-gewysde *supra* is nie en laat hom soos volg hieroor uit (331A–D):

> "Die feite in *Nortje en 'n Ander v Pool NO* is te welbekend om weer hier uiteengesit te word. Vir huidige doeleindes hoef slegs gemeld te word dat een van die argumente wat namens die appellant aangevoer was, was dat die vergoedingsaksie van 'n *bona fide possessor* vir nuttige verbeterings, wat reeds in die regspraak uitgebrei was tot *bona fide* okkupeerders, by wyse van analogie verder uitgebrei moes word om ook die eis te omvat van 'n *bona fide* okkupeerder vir nuttige uitgawes waardeur die waarde van die grond verhoog is sonder dat tasbare verbeterings daarop aangebring is. In die meerderheidsuitspraak is hierdie betoog verwerp, maar daar is nêrens in die uitspraak, soos ek dit verstaan, enige aanduiding dat die voorgestelde uitbreiding *in beginsel* onmoontlik sou wees nie. Die teendeel blyk trouens duidelik. Met verwysing na uitbreiding in die verlede, word daar gesê (op 133F–G): 'Dat die gemeenregtelike *condictiones sine causa* 'n ontwikkeling in die Suid-Afrikaanse reg ondergaan het ten einde ongeregverdigde verryking ten koste van 'n ander meer effektief teen te werk, en dat verrykingsaanspreeklikheid om dieselfde rede deur ons Howe erken is waar die omstandighede nie streng binne die aanwendingsgebied van bedoelde *condictiones* geval het nie, maar tog analogies daaraan was, val nie te ontken nie."

In sy verdere bespreking van die uitspraak in *Nortje v Pool* kom regter Botha tot die slotsom dat analogiese toepassing van die bestaande aksie (die vergoedingsaksie van die *bona fide* okkupeerder) in daardie saak slegs verwerp is omrede die feite van die geval dit nie regverdig het nie (331H).

Volgens appèlregter Botha is daar twee uitlatings in die meerderheidsuitspraak van die *Nortje*-saak wat aanleiding tot misverstand kon gegee het. Die eerste is dat die hof gevra is om 'n nuwe aksie te skep wat nie voorheen in ons reg bestaan het nie, en dit het die hof geweier om te doen. Hierdie uitlating word oënskynlik aangegee as 'n rede waarom die appellant se betoog ten gunste van die voorgestelde uitbreiding nie aanvaar kon word nie. Regter Botha meen egter dat die uitlating slegs beskrywend was van die meerderheid se beskouing van die aard van die voorgestelde uitbreiding met verwysing na die feite van daardie geval en sê voorts dat die weiering van die hof om 'n nuwe aksie te skep nie beskou moet word as aanduidend van 'n algemene reël teen die erkenning van verrykingsaanspreeklikheid in gevalle waar dit voorheen nog nie erken is nie. Tweedens is beslis dat ongeregverdigde verryking nêrens as 'n verbintenisskeppende feit los van bepaalde omstandighede aanvaar is nie. Wat dit betref, beslis regter Botha dat die hof in die *Nortje*-saak wel teruggedeins het van die beeld van 'n algemene verrykingsaksie bestaande uit reëls wat in die algemeen geformuleer is en bepalend is van die bestaan van verrykingsaanspreeklikheid al dan nie in enige omstandighede, en wat uit *ad hoc*-beslissings van die verlede geëkstraheer kan word. Dit beteken egter nie, meen hy, dat 'n hof nie die bevoegdheid het om verrykingsaanspreeklikheid te aanvaar in gevalle waar dit nog nie voorheen erken is nie (332A–G). As voorbeeld van die pasvermelde bevoegdheid verwys die appèlregter na die uitbreiding van die aanwendingsgebied van die *condictio indebiti* deur die appèlhof in die *Willis Faber Enthoven*-gewysde *supra* (332H).

Regter Botha kom tot die volgende slotsom (333C–E):

> "Die aangehaalde woorde van Innes HR [in *Blower v Van Noorden* 1909 TS 890 op 905] gee aanleiding tot die gedagte dat die meerderheid van die Hof in *Nortje en 'n Ander v Pool NO (supra)* moontlik gekant was teen die erkenning van 'n algemene verrykingsaksie omdat die vasstelling en neerlegging van algemene en universeel-geldende norme om aanspreeklikheid te vestig en begrens, beskou is as 'n onderneming van wetgewende eerder as regsprekende aard. So 'n beskouing kan egter nie beteken dat die Hof daarvan weerhou word om in 'n bepaalde geval verrykingsaanspreeklikheid te aanvaar bloot omdat dit nog nie vantevore in dieselfde, of soortgelyke, omstandighede erkenning gevind het nie. In so 'n geval sal daar natuurlik aandag geskenk moet word aan die vraag of uitbreiding of nuwe ontwikkeling nodig of wenslik is, en daarby sal daar gekyk moet word na die bestaande presedente, sowel oud as jonk, en vanselfsprekend ook na die bydraes van akademiese skrywers wat voorstelle uitgewerk het van algemene maatstawwe om aanspreeklikheid te vestig en te begrens (sien veral De Vos (op cit hoofstuk VII op 328 ev))."

Gevolglik word bevind dat *Rapp and Maister Holdings Ltd v Ruflex Holdings (Pty) Ltd supra* verkeerd beslis is (333F) en dat die *condictio indebiti* in beginsel wel deur die appellante *in casu* aangewend kon word. Gevolglik is die eksepsie afgewys (333G–H).

6 Gevolgtrekkings

In die eerste plek bring die beslissing 'n verandering in die regsposisie mee deurdat die *condictio indebiti* in beginsel nou ook na gevalle soos die onderhawige

uitgebrei is. Alhoewel die appèl slegs gehandel het met 'n eksepsie en daar dus nie oor die meriete van die saak beslis is nie, is dit duidelik dat die appèlhof ten gunste van so 'n uitbreiding is. In beginsel behoort die *condictio indebiti* in alle analogiese gevalle toepassing te vind. Hierdie moontlike uitbreiding van verrykingsaanspreeklikheid word soos enige regsuitbreiding waar daar behoefte ontstaan, verwelkom.

Meer belangrik is die houding wat die appèlhof ingeneem het ten opsigte van die uitbreiding van verrykingsaanspreeklikheid in die algemeen. Appèlregter Botha se uitspraak kan ten minste gesien word as 'n aanmoediging tot uitbreiding van verrykingsaanspreeklikheid waar die behoefte bestaan. Hierdie benadering is te verwelkom aangesien die howe veral op die gebied van ongeregverdigde verryking regskeppend sal moet optree omdat die wetgewer sedert die beslissing in *Nortje v Pool* nie veel aandag aan die skepping van 'n statutêre algemene verrykingsaksie verleen het nie.

Daar is egter enkele punte van kritiek wat uitgelig moet word. Die uitspraak doen nie veel afbreuk aan die beslissing in *Nortje v Pool* en die effek daarvan nie. In laasgenoemde saak is die bestaan van 'n algemene verrykingsaksie ontken (133G 139F–140A) alhoewel daar toegegee is dat die *condictiones sine causa* 'n ontwikkeling in die Suid-Afrikaanse reg ondergaan het en dat verrykingsaanspreeklikheid as gevolg daarvan uitgebrei is (133F). Die hof was egter nie gekant teen verdere regsontwikkeling op hierdie gebied nie anders sou beslissings soos *Willis Faber supra* nie moontlik gewees het alvorens die appèlhof besluit het dat die *Nortje*-saak op hierdie punt verkeerd is nie. Daarin lê die haakplek met die *Willers*-saak: instede daarvan dat die hof 'n algemene subsidiêre verrykingsaksie erken en gevolglik die *Nortje*-saak op daardie punt omvergewerp het, word slegs bevind dat *Nortje* nie verdere ontwikkelings uitgesluit het nie en dat 'n hof dus steeds die bevoegdheid het om verrykingsaanspreeklikheid in gepaste gevalle uit te brei. Die howe is egter stadig om regshervorming te bewerkstellig.

Die uitspraak skep dus 'n mate van verwarring aangesien 'n subsidiêre verrykingsaksie nie erken word nie – trouens die teendeel blyk waar te wees want die *Nortje*-beslissing is nie op hierdie punt omvergewerp nie – maar uitbreiding van verrykingsaanspreeklikheid tog aangemoedig word met inagneming van presedente en die bydraes van akademiese skrywers aangaande algemene maatstawwe om aanspreeklikheid te vestig en te begrens. Wat laasgemelde betref, verwys appèlregter Botha na De Vos hoofstuk VII waarin die skrywer die reëls van 'n *algemene verrykingsaksie* bespreek. Dit skep die indruk dat die hof niks anders nie as 'n algemene subsidiêre verrykingsaksie in gedagte gehad het wat naas die tradisionele aksies aanwending vind.

C-J PRETORIUS
Universiteit van Suid-Afrika

MIDDELLIKE AANSPREEKLIKHEID VAN DIE MOTORVOERTUIGEIENAAR: TERUGKEER NA DIE TRADISIONELE BESKOUING?

Pretorius v Claasen 1994-02-10 saakno A520/93 (T)

1 Die feite

Die tersaaklike feite is soos volg: Pretorius en Pienaar het in Pretorius se voertuig op die nasionale pad tussen Potchefstroom en Johannesburg gery. Pienaar het bestuur. Die rede waarom hy bestuur het, is nie duidelik nie. Op die versekeringseisvorm beweer Pretorius dat hy en Pienaar op pad was om een van hulle motors, wat te Westonaria gestaan het, te gaan haal. Die hof *a quo* (landdroshof) bevind dat hulle op pad na 'n ete en dat Pienaar 'n kliënt van Pretorius was. Die rede waarom Pienaar bestuur het, is egter nie belangrik nie: 'n mens kan aanvaar dat Pienaar nie in diens van Pretorius was toe hy die motor bestuur het en dat daar ook nie 'n prinsipaal-verteenwoordiger-verhouding tussen hulle bestaan het nie.

Claasen, bestuurder van die ander voertuig, het vanaf Carletonville gekom en die Potchefstroom-Johannesburg nasionale pad by 'n stopteken binnegegaan – 'n botsing het plaasgevind tussen die voertuig bestuur deur Pienaar en dié bestuur deur Claasen.

2 Beslissing

Die beslissing van die hof *a quo* op die meriete is vir doeleindes van hierdie bespreking nie tersake nie; die bespreking word dus tot die beslissing oor die middellike aanspreeklikheidskwessie beperk. Landdros Vermeulen beslis dat daar drie vereistes vir middellike aanspreeklikheid is: (a) daar moet 'n versoek wees en die eienaar moet tot die bestuur van die voertuig toestem; (b) die bestuur moet in belang van die eienaar wees; en (c) die eienaar moet 'n reg van beheer hê oor die wyse waarop die voertuig bestuur word.

Wat die eerste vereiste betref, bevind die landdros dat Pienaar vir Pretorius gevra het of hy sy motor mag bestuur en dat Pretorius daartoe ingestem het. In verband met die tweede vereiste bevind die landdros dat Pienaar in belang van Pretorius bestuur het. Hy sê dat die gesag daarop dui dat die belang nie vermoënsregtelik hoef te wees nie, alhoewel daar in hierdie geval sprake van 'n vermoënsregtelike voordeel kon wees aangesien Pienaar 'n kliënt van Pretorius was en hulle 'n ete-afspraak gehad het.

Betreffende die derde vereiste verwys die landdros na *Roman v Pietersen* 1990 3 SA 350 (K) 356 en *Du Plessis v Faul* 1985 2 SA 85 (NK) 93–94. Hier word beslis dat die teenwoordigheid van die eienaar in die voertuig 'n *prima facie* afleiding van beheer regverdig en dat die eienaar nie net 'n reg van beheer het oor die wyse waarop die bestuurder die voertuig bestuur nie maar ook 'n *plig* daartoe.

In die lig hiervan bevind die hof *a quo* dat Pretorius middellik aanspreeklik is vir die nalatige wyse waarop Pienaar die motor bestuur en die ongeluk veroorsaak het.

Die hooggeregshof het die hof *a quo* se uitspraak op die middellike aanspreeklikheidskwessie ondersteun. Die volgende *dictum* uit die Engelse saak *Awnrod v The Crosswell Motor Services* [1952] 2 All ER 755, waarna regter Weyers met goedkeuring verwys, kan egter die indruk laat dat die enigste vereiste vir middellike aanspreeklikheid is dat die voertuig in belang van die eienaar bestuur moet gewees het:

> "The law puts a special responsibility on the owner of the vehicle who allows it to go on the road in charge of someone else. No matter whether it is his servant, his friend or anyone else. If it is being used wholly or partly on the owner's business or for the owner's purposes, the owner is liable for any negligence on the part of the driver."

Hierop word later ingegaan.

3 Beginsel van middellike aanspreeklikheid van die motorvoertuigeienaar

3 1 Algemene bespreking

Die beginsel van middellike aanspreeklikheid is in ons reg vanuit die Engelse reg oorgeneem en vorm deel van ons positiewe reg (Van der Merwe en Olivier *Die onregmatige daad in die Suid-Afrikaanse reg* (1989) 508 ev; Neethling, Potgieter en Visser *Law of delict* (1994) 352 ev; Burchell *Principles of delict* (1993) 217 ev). In *Estate Van der Byl v Swanepoel* 1927 AD 141 word die beginsel onomwonde tipeer as 'n "exception to the general rule that every man is liable for his own negligence only".

Die beginsel dat iemand vir 'n ander se handelinge aanspreeklik kan wees, geld ook by die bestuur van 'n motorvoertuig. Waar 'n voertuig in 'n ongeluk betrokke raak omdat dit op 'n nalatige wyse deur iemand anders as die eienaar daarvan met laasgenoemde se verlof bestuur is, kan die eienaar aanspreeklik gehou word (sien Van der Merwe en Olivier 523 ev; Neethling, Potgieter en Visser 358–359).

Tradisioneel is daar by middellike aanspreeklikheid van die eienaar altyd gekyk of daar 'n werkgewer-werknemer- of 'n prinsipaal-verteenwoordiger-verhouding tussen die eienaar en bestuurder was (sien Scott *Middellike aanspreeklikheid in die Suid-Afrikaanse reg* (1983) 236 ev). Soos bekend, is daar by die vasstelling van 'n werkgewer-werknemer-verhouding tradisioneel gelet op die feit of die werkgewer beheer en kontrole oor die handelinge van die persoon wat gehandel het, kan uitoefen of nie (Van der Merwe en Olivier 510). Die prinsipaal-verteenwoordiger-verhouding impliseer ook dat die prinsipaal beheer oor die optrede van die verteenwoordiger kan uitoefen. Die posisie van die motorvoertuigeienaar het mettertyd verander maar selfs vandag nog speel beheer by die vasstelling van die eienaar se aanspreeklikheid 'n groot rol.

3 2 Menings van skrywers

Boberg ("A new head of vicarious liability" 1962 *SALJ* 235, waar hy *Masinda v Tower Typewriter Co* 1961 1 SA 795 (N) bespreek) gaan so ver as om te sê dat 'n reg van beheer *per se*, in die afwesigheid van persoonlike nalatigheid of van 'n werkgewer-werknemer- of prinsipaal-verteenwoordiger-verhouding, nie 'n basis vir die werking van die middellike aanspreeklikheid van die motorvoertuigeienaar is nie. Waar beheer betrokke is maar vermelde verhoudings afwesig is, kan middellike aanspreeklikheid volgens hom (237) nie sonder meer toegepas word nie. Sy uiteindelike gevolgtrekking is dat daar nie twee basisse vir middellike aanspreeklikheid – een gebaseer op vermelde verhoudings en een gebaseer

op beheer alleen – kan wees nie maar dat die twee basisse inderdaad een is. Hy verklaar:

> "There is no reason of policy or justice which requires a right of control to entail vicarious liability . . . It is therefore submitted that the existence of a right of control is relevant in delict in two ways: (a) in an inquiry as to personal negligence; and (b) in determining whether a master-and-servant relationship exists. It is not, however, either on authority or on principle, a sound basis *per se* for the imposition of vicarious liability."

JBT ("Car owner's liability for friend's driving" 1964 *SALJ* 73, waar hy *Manickum v Lupke* 1963 2 SA 344 (N) bespreek) verskil met Boberg. Hy (74) beweer dat beheer wel die basis vir middellike aanspreeklikheid is, maar stel as kwalifikasie dat die eienaar in die voertuig teenwoordig moet wees. Daarom is die eienaar se aanspreeklikheid direk en nie middellik nie. JBT sê:

> "If, however, he hires out or lends his vehicle to another and is not present in it, then, at any rate in our law, it seems that he cannot be said to be in control and so cannot be held liable for negligent driving" (met verwysing na McKerron 1953 *SALJ* 313 waar hy *Ormrod v Crosville Motor Services Ltd* 1953 1 All ER 711 bespreek).

3 3 Howe se hantering

Wat die regspraak aanbetref, is reeds gesê dat tradisioneel vereis is dat daar een van die vermelde verhoudings, wat beheer oor die wyse van bestuur impliseer, moet wees voordat die eienaar middellik aanspreeklik kan wees. Reeds in 1962 het die hof in *Paton v Caledonian Insurance Co* 1962 2 SA 691 (D) egter afgewyk van die tradisionele standpunt. Regter Henning beslis:

> "There is another basis upon which the plaintiff's liability is, in my opinion, established. Rabie drove the car on her behalf as well as his own" (697).

Hierdie stelling moet egter saamgelees word met die regter se vroeëre stelling, naamlik dat die eienaar in besit en beheer gebly het terwyl Rabie bestuur het.

In *Manickum v Lupke supra* word beslis dat indien die eienaar in die motor teenwoordig is terwyl dit deur 'n ander bestuur word, die eienaar nie net die *reg* het om die motor te beheer nie, maar ook die *verpligting* om dit te doen (sien ook *Roman v Pietersen supra* 356; *Du Plessis v Faul supra* 93–94; Neethling, Potgieter en Visser 359 vn 144). Tog beslis regter-president Jacobs in *Du Plessis v Faul supra* 93 dat teenwoordigheid net 'n *prima facie* afleiding van middellike aanspreeklikheid daarstel.

In *South African General Investment & Trust Co Ltd v Mavaneni* 1963 4 SA 89 (D) 91 word die huidige vereistes vir die motorvoertuigeienaar se aanspreeklikheid soos volg saamgevat:

> "In South Africa the owner of a motor car is liable for the negligent driving of it by another person authorised by him to drive it if:
>
> (a) the vehicle is being driven on behalf of the owner, and
>
> (b) the relationship between the owner and the driver is such that the former retains the right to control the manner in which the car shall be driven" (sien ook Neethling, Potgieter en Visser 359; Scott 243).

3 4 Kritiese beskouing van die regspraak, veral Pretorius v Claasen

Ek ondersteun die tradisionele siening van die middellike aanspreeklikheid van die motorvoertuigeienaar, naamlik dat daar óf 'n werkgewer-werknemer- óf 'n prinsipaal-verteenwoordiger-verhouding, plus beheer oor die wyse van bestuur,

moet wees. Verder ondersteun ek ook die beginsel waarvolgens 'n eienaar middellik aanspreeklik kan wees waar die tradisionele verhoudings nie bestaan nie, maar waar die eienaar in die voertuig teenwoordig is en redelikerwys in staat is om werklike beheer oor die bestuur van sy voertuig uit te oefen.

Wat ek egter nie kan onderskryf nie, is die beginsel, soos blyk uit onder andere *Manickum v Lupke supra*, dat daar 'n (absolute?) *verpligting* op die eienaar rus om beheer uit te oefen en dat 'n afleiding van beheer uit die eienaar se teenwoordigheid in die motor gemaak kan word. Wat die verpligting om te beheer betref, kan ek aan baie voorbeelde dink waar uitoefening daarvan nie (redelikerwys) moontlik sou wees nie. Waar die eienaar (A) byvoorbeeld saam met sy vriend (B) in A se motor ry en B strydig met A se opdragte tog onverskillig ry en 'n ongeluk maak, kan A sekerlik nie middellik aanspreeklik gehou word vir B se optrede nie. Wat moes die eienaar gedoen het? Die stuur vasgryp; die handrem teen 120 kpu vastrek, en so 'n ongeluk veroorsaak? Die plig om beheer uit te oefen, wat spruit uit die *regsoortuiging van die gemeenskap* (*Du Plessis v Faul supra* 94), impliseer sekerlik dat dit net ontstaan indien daar *redelikerwys* van die eienaar *verwag* kan word om op te tree, en dat dié plig dan boonop op 'n *redelike wyse* uitgeoefen moet word – 'n absolute plig om beheer uit te oefen is dit ten ene male nie.

Boberg gaan myns insiens te ver waar hy beweer dat 'n reg van beheer net relevant is by die bepaling of 'n werkgewer-werknemer-verhouding bestaan het of nie. JBT is nader aan die waarheid waar hy sê dat beheer wel die basis vir middellike aanspreeklikheid kan wees mits die eienaar in die voertuig teenwoordig is. Dit kom my voor of die hof in *Du Plessis v Faul supra* die spyker op die kop slaan waar gesê word dat teenwoordigheid net 'n *prima facie* afleiding van middellike aanspreeklikheid daarstel. Daarom bestaan daar geen rede waarom ek middellik aanspreeklik gehou moet word indien 'n vriend wat my motor bestuur, daarmee 'n delik pleeg en ek, alhoewel ek in die motor teenwoordig was, redelikerwys niks kon doen om hom tot die besef te bring dat hy versigtig moet bestuur nie. In hierdie geval het ek die reg van en plig tot beheer, maar omdat ek my plig op 'n redelike wyse uitgeoefen het, is ek nie middellik aanspreeklik nie.

My belangrikste punt van kritiek is egter die indruk wat regter Weyers se uitspraak in *Pretorius v Claasen* laat dat die enigste vereiste vir middellike aanspreeklikheid is dat die voertuig in belang van die eienaar bestuur moet gewees het. Indien sodanige belang voldoende is, kan 'n mens die volgende absurde gevolg kry: Ek en vriende hou 'n braai by my huis. Ek gee my sleutels aan een van my vriende wat nog niks gedrink het nie en van wie ek weet dat hy 'n goeie en versigtige bestuurder is, met die opdrag om nog vleis te gaan koop want die vleis is te min. Op pad na die slaghuis ry hy nalatig oor 'n rooi verkeerslig en bots met 'n voertuig wat reg van weg het. Is ek, wat staan en vleis braai, nou middellik aanspreeklik? Die rit was sonder twyfel in my belang. Myns insiens sal die regsgevoel van die gemeenskap in opstand kom teen so 'n bepaling van middellike aanspreeklikheid.

Om op te som, sal ek graag wil sien dat ons howe middellike aanspreeklikheid by die bestuur van 'n motor net sal vestig in die volgende gevalle:

(a) waar een van die erkende verhoudings bestaan en die werknemer of verteenwoordiger binne die bestek van daardie verhouding die voertuig bestuur het;

(b) waar die eienaar in die motor teenwoordig is, hy redelikerwys beheer moet uitgeoefen het en versuim het om dié plig op 'n redelike wyse na te kom.

HJ GERBER
Regsadviseur, Mutual & Federal
Versekeringsmaatskappy Bpk

ARTIKEL 2(3) VAN DIE WET OP TESTAMENTE 7 VAN 1953

Horn v Horn 1995 1 SA 48 (W)

Die applikante het ingevolge artikel 2(3) van die Wet op Testamente 7 van 1953 aansoek gedoen om 'n bevel wat verklaar dat die Meester 'n bepaalde dokument as die testament van die oorledene moet aanvaar en dat hierdie dokument 'n testament herroep wat in 1986 opgestel is. Die betrokke dokument is 30 November 1993 gedateer en deur die erflater alleen onderteken. (Geen getuies het daarby geteken soos vereis word deur a 2(1)(a)(ii) van die wet nie.) Dit is op dieselfde dag gevind op die toneel waar die oorledene homself en sy twee kinders om die lewe gebring het.

Artikel 2(3) lui soos volg:

> "Indien 'n hof oortuig is dat 'n dokument of die wysiging van 'n dokument wat opgestel of verly is deur 'n persoon wat sedert die opstel of verlyding daarvan oorlede is, bedoel was om sy testament te wees, gelas die hof die Meester om daardie dokument, of die dokument soos gewysig, vir doeleindes van die Boedelwet, 1965 (Wet No 66 van 1965), as testament te aanvaar ofskoon dit nie aan al die vormvereistes vir die verlyding of wysiging van testamente bedoel in subartikel (1) voldoen nie."

Die doel van die artikel is om probleme veroorsaak deur die streng formalistiese benadering van die verlede te ondervang (sien *Jeffrey v The Master* 1990 4 SA 759 (N); *Gantsho v Gantsho* 1986 2 SA 321 (TR); *Kidwell v The Master* 1983 1 SA 509 (OK); *Tshabalala v Tshabalala* 1980 1 SA 134 (O); *Philip v The Master* 1980 2 SA 934 (D); *Radley v Stopforth* 1977 2 SA 516 (A); Cronjé en Roos "Een en ander oor testamentsformaliteite" 1984 *De Rebus* 257; Sonnekus "'n Sertifiserende beampte se hoedanigheid by testamente, die gesloer met wetswysiging en favor testamenti" 1991 *SALJ* 13; Roos "Hersiening van die erfreg" 1993 *THRHR* 108; Jamneck "Die invloed van artikel 2(3) van die Wet op Testamente 7 van 1953 op die erkende beginsels van rektifikasie en interpretasie van testamente" 1994 *THRHR* 597). Artikel 2(3) is dus daarop gemik om regskrag te verleen aan 'n dokument wat *ex facie* nie 'n geldige testament is nie. Die hof moes beslis of artikel 2(3) aan die hof 'n diskresie verleen om die Meester te beveel om 'n dokument as testament te aanvaar, indien hy oortuig is dat die testateur bedoel het dat dit as sy testament moet geld. Soos die hof tereg opmerk (50), is dit jammer dat die Afrikaanse teks van die wet nie duideliker gestel is nie. Die taalstyl wat deur die wetgewer gebruik word, is die vertellende trant en daar word nie uitdruklik gesê dat die hof so 'n bevel "mag" of "moet" verleen nie. Die ondertekende Engelse teks laat die hof egter geen keuse nie. Dit bepaal

dat "The court *shall* order the Master to accept that document". Die hof is dus verplig om die bevel te verleen indien hy oortuig is dat die testateur bedoel het dat die dokument as sy testament moet geld. Die hof verleen wel ingevolge artikel 2(3) 'n bevel *nisi* aan die applikante, maar spreek bedenkinge uit oor die gepastheid van die gevraagde regshulp. Dit wil voorkom of die hof die invoeging van artikel 2(3) in die wet wil kritiseer. Die wyse waarop die hof te werk gaan, kan moontlik wat die toepassing van artikel 2(3) betref verwarring skep. Hoewel die uiteindelike beslissing van die hof dus nie te betwis is nie, behoef 'n gedeelte van die uitspraak nadere beskouing.

Adjunk regter-president Flemming maak die volgende (moontlik verwarrende) stelling (49):

> "Ek was geneig om te dink dat getuies nie net die rol speel om die identiteit van die persoon wat as erflater geteken het, te bevestig nie. (In moderne tye waar handskrif deskundiges baie kan doen, is dit soms 'n misbare funksie.) Getuies sou ook kon getuig oor die gemoedstoestand van die erflater desnoods tot die mate dat beoordeling daarvan of hy voldoende by sy volle positiewe was, moontlik is. Tydens hierdie gesinsmoord was daar klaarblyklik aansienlike emosionele opwelling wat dalk 'n ondersoek kon regverdig daarna of die oorledene so irrasioneel was op die gegewe oomblik dat hy hetsy testeerbevoegdheid hetsy die kompetensie om 'n vorige testament te herroep ontbeer het."

Die hof skep dus die indruk dat hy graag die testateur se emosionele toestand en gevolglik sy testeerbevoegdheid by die kwessie sou wou betrek. Hoewel die emosionele toestand van die testateur in hierdie feitestel ongetwyfeld nie misken kan word nie, moet gewaak word teen die versoeking om testeerbevoegdheid by 'n artikel 2(3)-aansoek in gedrang te bring. Die doel van artikel 2(3) is uitsluitlik om aan die hof die bevoegdheid te verleen om gebreke in die testamentsformaliteite te kondoneer. Die testateur se testeerbevoegdheid behoort dus streng (teoreties-suiwer volgens uitleg van die wet) gesproke nie by 'n artikel 2(3)-aansoek ter sprake te kom nie. Dit behoort slegs in gedrang te kom nadat die hof die Meester gelas het om die dokument as geldige testament te aanvaar.

Prakties gesproke kom 'n mens egter voor 'n probleem te staan. In die verlede kon 'n testateur se testeerbevoegdheid slegs aangeveg word wanneer met 'n dokument gewerk is wat *ex facie* 'n geldige testament was. Die Meester het 'n testament aanvaar wat aan alle formaliteite voldoen, waarna enige belanghebbende die testament op grond van die testateur se gebrek aan testeerbevoegdheid in die hof kon aanveg. 'n Testament wat nie aan die formaliteite voldoen het nie, sou, vanweë die gebiedende aard van artikel 2, nie deur die Meester of die hof aanvaar word nie (sien bv *Kidwell v The Master* 1983 1 SA 509 (OK); *Jeffrey v The Master* 1990 4 SA 759 (N)). Die testeerbevoegdheid van die testateur het gevolglik nie eens ter sprake gekom waar nie aan alle formaliteite voldoen is nie. Die vraag ontstaan nou wat die posisie is na die wysiging van die wet deur Wet 43 van 1992, omdat dit nou moontlik is dat sowel die geldigheid van die testament as gevolg van die gebrek aan formaliteite, as geldigheid as gevolg van die gebrek aan testeerbevoegdheid, gelyktydig ter sprake kan kom. Aangesien artikel 2(3) slegs op die formaliteite betrekking het, kan 'n aansoek ingevolge daarvan nie teengestaan word met bewerings aangaande die testateur se testeerbevoegdheid nie. Gevolglik ontstaan die volgende vrae: Moet die hof eers die Meester gelas om die dokument as geldige testament te aanvaar, waarna opponerende belanghebbendes by wyse van 'n nuwe proses moet poog om te bewys dat die testateur nie oor die nodige testeerbevoegdheid

beskik het nie; of kan die teenparty by wyse van 'n teenaansoek tydens dieselfde proses 'n bevel aangaande die testateur se testeerbevoegdheid aanvra?

Eersgenoemde benadering sou in ooreenstemming met die praktyk voor wysiging van die wet wees. Ten einde tyd en koste te bespaar, lyk laasgenoemde prosedure egter verkieslik. Wanneer 'n aansoek kragtens artikel 2(3) gebring word, sal die teenparty dus 'n teenaansoek vir 'n bevel aangaande die testateur se testeerbevoegdheid moet aanvra. (Dié party sal natuurlik enige bewerings oor testeerbevoegdheid moet bewys – a 4 Wet 7 van 1953.) Dit sal ook dienlik wees indien die hof in so 'n geval eers die teenaansoek oorweeg, omdat 'n bevinding dat die testateur nie testeerbevoeg was nie enige verdere vrae na die geldigheid van die dokument uitskakel. Indien wel bevind word dat 'n testateur nie ten tyde van die maak van sy testament oor die nodige testeerbevoegdheid beskik het nie, is die testament *ab initio* nietig (Van der Merwe en Rowland *Die Suid-Afrikaanse erfreg* (1990) 185 205). Gevolglik sal geen verdere ondersoek na die vraag of die testateur bedoel het dat die dokument sy testament moet wees, nodig wees nie. Daar moet egter benadruk word dat die hof nie, by gebrek aan 'n teenaansoek, *mero motu* die vraag na testeerbevoegdheid kan opper wanneer 'n artikel 2(3)-aansoek beoordeel moet word nie aangesien dié artikel nie oor testeerbevoegdheid handel nie.

Ten slotte moet die feit dat die hof in die *Horn*-saak testeerbevoegdheid geopper het, miskien gesien word in die lig van die feit dat daar slegs 'n bevel *nisi* verleen is. Dit is moontlik dat die hof net aan die partye 'n idee van 'n grond vir die bring van 'n teenaansoek wou voorstel.

JUANITA JAMNECK
Universiteit van Suid-Afrika

JURIDIESE KOUSALITEIT BEREIK VOLLE WASDOM

Smit v Abrahams 1994 4 SA 1 (A);
Standard Chartered Bank of Canada v Nedperm Bank Ltd
1994 4 SA 747 (A)

1 Die soepele benadering tot juridiese kousaliteit wat deur appèlregter Van Heerden in die *locus classicus* op hierdie gebied, *S v Mokgethi* 1990 1 SA 32 (A) 39 ev, aangevoer en beskryf en daarna deur hoofregter Corbett in *International Shipping Co (Pty) Ltd v Bentley* 1990 1 SA 680 (A) 700–701 bevestig is (sien Neethling, Potgieter en Visser *Law of delict* (1994) 191 ev), het nou in die *Smit*- en *Nedperm*-saak volle wasdom bereik.

In *Smit* is die voertuig waarmee die eiser 'n marskramersbedryf beoefen het, in 'n botsing met die verweerder se voertuig onherstelbaar beskadig. Beide partye was nalatig. Die eiser slaag in die hof *a quo* (1992 3 SA 158 (K); sien Neethling en Potgieter "Aspekte van die delikselemente nalatigheid, feitelike en juridiese kousaliteit (insluitend die sogenaamde eierskedelgevalle)" 1993

THRHR 157–161) met sy eis om skadevergoeding vir die markwaarde van die voertuig. Omdat die voertuig noodsaaklik was vir die beoefening van sy bedryf en hy dit weens sy finansiële onvermoëndheid nie kon vervang nie, eis hy voorts die bedrag wat hy moes betaal vir die huur van 'n plaasvervangende voertuig. Hierteenoor voer die verweerder aan dat laasgenoemde eis nie verhaalbaar is nie omdat die skade deur die eiser se eie geldelike onvermoëndheid veroorsaak is. In sowel die landdroshof as die Kaapse Provinsiale Afdeling (per Farlam Wn R) word die verweer van die hand gewys en slaag die eiser gevolglik ook met sy eis om die huurgeld van die plaasvervangende voertuig. Teen laasgenoemde bevinding word geappelleer – die appèl wentel uiteindelik dus net om die verweer teen die tweede eis.

Die verkorte feite van *Nedperm*, vir sover dit nou vir ons van belang is, was dat die verweerder op navraag van die eiser op 'n nalatige wyse foutiewe inligting aangaande die kredietwaardigheid van 'n kliënt van die verweerder aan die eiser verskaf het. As gevolg van die verkeerde bankverslag het die eiser 'n wissel, getrek op bedoelde kliënt van die verweerder, verdiskonteer. Die eiser ly skade toe die wissel gedishonoreer word en die volle bedrag daarvan nie van die kliënt verhaal kon word nie. Alhoewel die hele eis gegrond op nalatige wanvoorstelling in geskil was, beperk ons ons bespreking tot die kwessie van juridiese (en feitelike) kousaliteit.

2 In beide sake was die uiteindelike vraag of vermelde skadeposte aan die verweerders toegereken kon word, dan wel of dit nie "too remote" was nie, of, soos appèlregter Botha dit in *Smit* 16H stel, of daar "'n genoegsame noue verband bestaan tussen die verweerder se onregmatige daad en die skade wat die eiser gely het". In *Nedperm* 764I verwoord hoofregter Corbett dit soos volg:

> "It is still necessary to determine legal causation, ie whether the furnishing of the untrue report was linked sufficiently closely or directly to the loss for legal liability to ensue, or whether the loss is too remote."

Ter beantwoording van die juridiese kousaliteitsvraag maak albei regters gebruik van die soepel benadering wat die appèlhof sedert *Mokgethi* en *Bentley* volg. Hiervolgens is die kernvraag of daar 'n genoegsaam noue verband tussen die dader se handeling en die gevolg bestaan dat die gevolg die dader, met inagneming van beleidsoorwegings op grond van billikheid, redelikheid en regverdigheid, toegereken kan word. Die bestaande juridiese kousaliteitsmaatstawwe (soos "direct consequences", adekwate veroorsaking en redelike voorsienbaarheid) het hiervolgens nie 'n deurslaggewende betekenis nie maar kan wel 'n subsidiêre rol speel by die bepaling van juridiese kousaliteit aan die hand van die elastiese benadering (sien *Mokgethi* 40–41; *Bentley* 700–701; Neethling, Potgieter en Visser 192–193).

Die soepelheid van die toets vir juridiese kousaliteit word deur appèlregter Botha beklemtoon (18E–G):

> "Die belangrikheid en die krag van die oorheersende maatstaf om vrae van juridiese kousaliteit op te los . . . lê juis in die soepelheid daarvan. *Dit is my oortuiging dat enige poging om aan die buigsaamheid daarvan afbreuk te doen, weerstaan moet word.* Vergelykings tussen die feite van die geval wat opgelos moet word en die feite van ander gevalle waarin daar alreeds 'n oplossing gevind is, of wat hipoteties kan ontstaan, kan vanselfsprekend nuttig en waardevol, en soms miskien selfs deurslaggewend, wees, maar 'n mens moet oppas om nie uit die vergelykingsproses vaste of algemeen-geldende reëls of beginsels te probeer distilleer nie. Die argument dat die eiser se eis 'in beginsel' verwerp moet word, is misplaas. Daar is net een 'beginsel': om te bepaal of die eiser se skade te ver

> verwyderd is van die verweerder se handeling om laasgenoemde dit toe te reken, moet oorwegings van beleid, redelikheid, billikheid en regverdigheid toegepas word op die besondere feite van hierdie saak" (ons kursivering; vgl ook die *Nedperm*-saak 765A).

In die lig van hierdie "beleidsverklaring" oor die buigsaamheid van die toets vir juridiese kousaliteit, bevraagteken regter Botha tereg die verhoorhof se siening waarvolgens redelike voorsienbaarheid van die skade die enkele, deurslaggewende maatstaf is om aanspreeklikheid te bepaal. Volgens hom kan redelike voorsienbaarheid as 'n ondergeskikte toets gebruik word by die toepassing van die soepele maatstaf maar dit kan die soepele maatstaf nie verdring nie (17E–F). Trouens, volgens sy beskouing kon die onderhawige saak sonder verwysing na redelike voorsienbaarheid afgehandel gewees het. Hy sou naamlik op die feite, bloot as 'n kwessie van beleid, die skade veroorsaak deur die huur van die plaasvervangende voertuig (weens die eiser se onvermoëndheid), die verweerder toegereken het – en dit selfs al sou die skade so uitsonderlik gewees het dat dit nie as redelikerwys voorsienbaar aangemerk sou kon word nie (19C–D):

> "Die eiser is in 'n verleentheid geplaas wat veroorsaak is deur die handeling van die verweerder. Sy optrede in reaksie daarop was in alle opsigte redelik. Om sy tekort aan geld en gevolglike onvermoë om 'n bakkie te koop, te beskou as 'n beletsel om sy uitgawe aan huur te verhaal, sou onbillik en onregverdig wees teenoor hom. Die tydperk van drie maande waartydens die eiser met 'n gehuurde bakkie sy besigheid aan die gang gehou het, is nie onredelik lank teenoor die verweerder nie. Dit is nie onbillik of onregverdig om die verweerder verantwoordelik te hou vir die onkoste wat die eiser oor daardie tydperk aangegaan het om sy inkomste te behou nie. As 'n kwessie van beleid, behoort hierdie skade van die eiser die verweerder toegereken te word" (19B–D).

Volgens die regter moet ook die vraag na die *omvang* van die skade – dit wil sê of 'n verweerder in 'n geval soos die huidige aanspreeklik gehou moet word vir al die skade wat sedert deliksspleging opgeloop het tot die verhoor van die saak plaasvind – deur middel van die soepel maatstaf bepaal word. Hy is van mening dat die toepassing van die maatstaf in die huidige verband veral toegespits sal wees op die redelikheid van die eiser se optrede en die billikheid en regverdigheid teenoor die verweerder. Appèlregter Botha is oortuig dat die toets van redelike voorsienbaarheid geen nuttige funksie hier kan vervul nie.

3 Hoe dit ook al sy, nieteenstaande regter Botha se bevinding dat juridiese kousaliteit as beleidskwessie besleg sou kon word sonder gebruikmaking van die subsidiêre toets van redelike voorsienbaarheid, ondersoek hy nogtans die vraag of die (intrede van die) onderhawige skade ook redelikerwys voorsienbaar was (soos wat die hof *a quo* inderdaad bevind het – 165H–I). Hy verduidelik dit soos volg (18H–19B):

> "Ons het te doen met die onbemiddelde eienaar van 'n motorvoertuig wat dit gebruik in 'n eenmansbesigheid waaruit hy sy lewe moet maak. Daar is derduisende sulke mense in ons land – huurmotorbestuurders, smouse, kleinbouers, kleinboere, verkoopsagente, en wat nog. Om te dink, in die sosio-ekonomiese toestande wat in ons land heers, dat sulke mense reserwefondse aanhou of versekering uitneem om hulle te beskerm teen die verlies van hulle voertuie, is gewoon onwerklik. Na my oordeel is dit vir elkeen wat op 'n openbare pad ry redelik voorsienbaar dat hy die risiko loop dat die eienaar van 'n voertuig waarmee hy bots, 'n onbemiddelde persoon is wat die voertuig gebruik om 'n lewe mee te maak, dat hy geldelik nie in staat sal wees om dadelik 'n ander voertuig te koop nie (selfs nie met 'n deposito nie), en dat hy 'n ander voertuig sal moet huur

> om nie sy inkomste te verloor nie. Daarmee wil ek egter geensins te kenne gee dat ek redelike voorsienbaarheid as beslissende toets sien nie."

Hoofregter Corbett sluit in *Nedperm* in 'n sin by hierdie siening van die rol van redelike voorsienbaarheid aan alhoewel dit voorkom of hy minder klem op die subsidiêre aard daarvan plaas. Hy beskou dit naamlik as een van vele faktore wat 'n rol by die juridiese kousaliteitsvraag kan speel (765A–C):

> "[T]he test to be applied is a flexible one in which factors such as reasonable foreseeability, directness, the absence or presence of a *novus actus interveniens*, legal policy, reasonability, fairness and justice all play their part . . . In applying this general test there are two matters on which I propose to concentrate: firstly [sekere feite van die saak] and, secondly, the question of reasonable foreseeability."

Na 'n ondersoek van die feite bevind die hoofregter dat die skade wat as gevolg van die nalatige wanvoorstelling gely is, redelikerwys voorsienbaar was (766–668).

Uit bostaande blyk duidelik dat of 'n mens redelike voorsienbaarheid (of welke ander juridiese kousaliteitsteorie ook al – soos "direct consequences") as 'n ondergeskikte toets vir of bloot as 'n faktor by die bepaling van juridiese kousaliteit beskou, dit hier bloot gaan om hulpmiddele om die kernvraag na die toerekenbaarheid van skade te help beantwoord. Redelike voorsienbaarheid staan dus in diens van die toerekenbaarheidsvraag en nie andersom nie. 'n Hof behoort dus nie vooraf aan 'n enkele ondergeskikte maatstaf gebonde te wees nie, maar die vryheid te hê om in elke gegewe geval in die lig van die omstandighede en met inagneming van beleidsoorwegings die maatstawwe te volg wat redelikheid en billikheid die beste kan dien (sien Neethling, Potgieter en Visser 194–195). Daarom is die klemverskil oor die rol van redelike voorsienbaarheid soos dit in die onderhawige twee sake na vore gekom het, heeltemal aanvaarbaar aangesien geregtigheid klaarblyklik in beide gevalle geskied het.

4 Die regspraak bied geen duidelike beeld oor die inhoud van die voorsienbaarheidsmaatstaf by juridiese kousaliteit nie. Gewoonlik word die voorsienbaarheidstoets nie gepresiseer nie maar word eenvoudig beslis dat 'n bepaalde geval voorsienbaar was of nie, en daarmee uit en gedaan (sien Van Rensburg *Normatiewe voorsienbaarheid as aanspreeklikheidsbegrensingsmaatstaf in die privaatreg* (1972) 48–49). Oor die vraag wat presies voorsienbaar moet gewees het om aanspreeklikheid te vestig, bestaan daar nie algehele duidelikheid nie. Soos appèlregter Botha dit in die *Smit*-saak stel (19B–C):

> "Die voorsienbaarheidstoets is 'n oneksakte maatstaf en geleerde mense kan verskil oor die uitslag van die toepassing daarvan op bepaalde feite, soos byvoorbeeld in verband met die sogenaamde *talem qualem* 'reël' of die sogenaamde 'eierskedelgevalle' (vgl die uitspraak *a quo* op 180B; en Neethling en Potgieter in 1993 *THRHR* 157 op 161)."

In die algemeen vertolk hoofregter Corbett in die *Nedperm*-saak die regspraak se benadering soos volg (768F–G):

> "In delict, the reasonable foreseeability test does not require that the precise nature or the exact extent of the loss suffered or the precise manner of the harm occurring should have been reasonably foreseeable for liability to result. It is sufficient if the general nature of the harm suffered by the plaintiff and the general manner of the harm occurring was reasonably foreseeable" (sien Burchell *Principles of delict* (1993) 92 ev; Neethling, Potgieter en Visser 186; Van der Walt *Delict: principles and cases* (1979) 100; Boberg *The law of delict: Vol I Aquilian liability* (1984) 443).

Van Rensburg 56 doen tot tyd en wyl die regspraak konkrete riglyne vir die bepaling van juridiese kousaliteit volgens hierdie maatstaf neergelê het, die volgende algemene kriterium aan die hand:

> "[W]as die gevolg, asook die kousale verloop tussen die handeling en die gevolg, vanuit die tydstip van die handeling met so 'n graad van waarskynlikheid voorsienbaar dat die gevolg, in die lig van die omstandighede, redelikerwys aan die dader toegereken kan word?"

By die toepassing van hierdie maatstaf kan volgens hom as algemene reël geld "dat 'n dader normaalweg vir al die gevolge van sy skuldige, onregmatige handeling aanspreeklik is, buiten die gevolge wat besonder onwaarskynlik was", of, in appèlregter Botha se woorde in die *Smit*-saak (19C), "so uitsonderlik is dat dit nie redelikerwyse voorsienbaar was nie".

5 In beide sake word die onderskeid tussen feitelike en juridiese kousaliteit gemaak. In *Nedperm* is feitelike kousaliteit oënskynlik aan die hand van die "but for"- of *conditio sine qua non*-toets vasgestel (764A–C H). Soos by herhaling aangetoon is, kan vermelde "toets" nie goedgepraat word nie. Die toets is in werklikheid geen kousaliteitstoets nie maar hoogstens 'n *ex post facto* wyse om 'n voorafbepaalde kousale verband uit te druk (sien oa Neethling, Potgieter en Visser 164–165; Snyman *Strafreg* (1992) 81–81; Neethling en Potgieter 1993 *THRHR* 158). Hierdie siening word inderdaad deur die volgende woorde van hoofregter Corbett bevestig (764H):

> "My conclusion is that the untrue report issued by Nedbank was a factual cause of Stanchart's loss. In other words, it was a *conditio sine qua non* of such loss."

Die bestaan van 'n kousale verband sal van die feite van 'n bepaalde geval afhang en word daardeur gekenmerk dat een feit uit 'n ander volg (Neethling, Potgieter en Visser 167–168). Of dit die geval is, moet bepaal word deur middel van menslike ervaring en kennis in die algemeen en dié van die beoordelaar van die feite in die besonder. Dié benadering blyk uit die uitspraak van appèlregter Botha in *Smit* 13I–14A:

> "Die vraag na feitelike kousaliteit verskaf nie probleme in hierdie saak nie (soos meestal die geval is in die praktyk, waar die kwessie van veroorsaking ter sprake kom). In 'n feitlike sin is die eiser se skade ongetwyfeld veroorsaak deur die verweerder se optrede. Dat die eiser nie in staat was om 'n plaasvervangende bakkie te koop nie, beteken dat sy onbemiddeldheid in 'n feitlike sin mede-oorsaak van die skade was."

Anders gestel, die regter bevind dat die feit dat die eiser nie 'n bakkie kon koop nie, (deels) uit sy onvermoëndheid gevolg het. Dit is opmerklik dat die regter tot hierdie slotsom geraak het sonder om hoegenaamd na *conditio sine qua non* te verwys of dit by implikasie toe te pas.

6 In die *Smit*-saak het dit gegaan oor 'n suksesvolle eis gegrond op skade weens die huur van 'n voertuig in die plek van 'n beskadigde voertuig wat vir besigheidsdoeleindes gebruik is. Dit is gemeensaak dat skade in die algemeen verhaalbaar is waar 'n beskadigde saak deur die eiser gebruik word om geld te verdien (bv *Shrog v Valentine* 1949 3 SA 1228 (T); *Zweni v Modimogale* 1993 2 SA 192 (BA)). In die loop van sy uitspraak maak appèlregter Botha egter in hierdie verband die volgende opmerking (21C–D):

> "'n Ander moontlikheid is dat in die ontwikkeling van ons reg 'n eis erken mag word vir die vergoeding van uitgawes om 'n beskadigde of ontneemde artikel deur 'n gehuurde artikel te vervang selfs waar eersgenoemde nie in die produksie van inkomste gebruik word nie, soos deur verskeie skrywers voorgestel word."

Hierdie moontlikheid het intussen reeds in *Kellerman v South African Transport Services* 1993 4 SA 872 (K) gerealiseer, 'n tendens wat in die algemeen verwelkom word (sien Visser en Potgieter "Skadevergoeding vir gebruiksverlies: 'n welkome nuwe ontwikkeling" 1994 *THRHR* 312–317).

J NEETHLING
JM POTGIETER
Universiteit van Suid-Afrika

There may be a few exceptions, but in general no politician should be permitted to silence his or her critics. It is a matter of the most fundamental importance that such criticism should be free, open, robust and even unrestrained. This is so because of the inordinate power and influence which is wielded by politicians, and the seductive influence which these attributes have upon corrupt men and women. The most appalling crimes have been committed by politicians because their baseness and perversity was hidden from public scrutiny (*per* Van Schalkwyk J in *Mandela v Falati* 1995 1 SA 251 (W) 260).

BOEKE

HIEMSTRA: SUID-AFRIKAANSE STRAFPROSES

deur J KRIEGLER

Vyfde uitgawe; Butterworths Durban 1993; 1008 bl

Prys R182,40 (sagteband) R270,18 (hardeband)

Inleiding

"'Hiemstra' het in die kwarteeu van sy bestaan 'n instelling geword". So begin die voorwoord tot die vyfde uitgawe van hierdie boek. Anders as die voorgangers is die skrywer egter nou regter Johann Kriegler, wat nie net bekend is as regter en waarnemende appèlregter nie, maar dalk veral as voorsitter van die veelbesproke Onafhanklike Verkiesingskommissie. En nou ook as regter van die Konstitusionele Hof.

In die voorwoord stel die skrywer sy gevoel van onbekwaamheid om "die grootste van Oom Victor se vele monumente" te help in stand hou. Hy verwys ook na die belangrikheid daarvan om 'n Afrikaanse standaardwerk in hierdie tye op datum te hou; en dat die ware beeld van 'n gemeenskap in die strafhof vertoon word. Die vraag is natuurlik hoe die betrokkenheid van 'n nuwe skrywer hierdie standaardwerk geraak het. Hopelik sal hierdie resensie begin om 'n antwoord te bied.

Uitleg

Anders as voorheen word die voorwoord nou basies opgevolg met die lyf van die boek, naamlik die teks van en kommentaar op die Strafproseswet 51 van 1977. Dit maak die boek veel makliker om te hanteer, want in die vorige uitgawe is die voorwoord gevolg deur die sestig bladsy-lange alfabetiese sakelys. In die verlede moes 'n mens nogal soek na die begin van die boek se inhoud. Die sakelys verskyn nou aan die einde van die boek, wat alreeds verduidelik waar 60 van die ekstra 127 bladsye heengegaan het (die nuwe boek beslaan 1 008 bl teenoor die vorige se 881, plus sowat 70 bl met Romeinse nommers). Al die aanhangsels aan die einde van die vorige uitgawe, soos die appèlhofreëls vir strafappèlle, bepaalde artikels uit die Wet op Landdroshowe ensovoorts is weggelaat, met die enkele uitsondering van die bepalings van die 1955-Strafproseswet wat nie herroep is nie. Volgens die skrywer het sommige aanhalings uit wette en regulasies en praktyksvoorbeelde ook in die slag gebly. Desnieteenstaande het *Hiemstra* se teks met minstens 67 bladsye gegroei.

'n Mens mis nog steeds 'n behoorlike inhoudsopgawe. Hoewel dit maklik genoeg is om volgens die indeling van artikels te bepaal in watter hoofstuk bepaalde artikels sal verskyn, is dit steeds onmoontlik om dadelik na die regte bladsy te blaai. Die inhoudsopgawe heel aan die begin van die boek het net vyf inskrywings en dui bloot daarop dat die Strafproseswet van bladsy 1 tot bladsy 898 strek. Dié bladsy het eintlik, net soos die voorganger, weinig praktiese nut.

Inhoud

Met 'n boek van hierdie omvang is dit nie prakties om die hele werk deur te gaan en te soek na die gedeeltes wat oorgeskryf is nie. Ek het gevolglik besluit om enkele hoofstukke te kies, dit deeglik deur te gaan en na verskille (en die effek daarvan) te soek. Die eerste waarop my keuse geval het, was hoofstuk 9: Borgtog. Hierdie veld van die strafprosesreg het in die onlangse verlede taamlik ontwikkel.

Regter Kriegler begin met 'n heeltemal nuwe inleiding tot die hoofstuk. Die klem word hierin geplaas op die belangrikheid daarvan dat die besluit oor borgtog nie ligtelik deur die howe geneem durf word nie. Die beskuldigde word tog immers vermoed onskuldig te wees en aanhouding moet vermy word indien dit hoegenaamd moontlik is. Aan die ander kant moet die reg daarin kan slaag om die beskuldigde met die aanklagte te konfronteer en moet stappe teen ontvlugting gedoen word. Die standpunte word gestaaf met navorsing uit boeke soos die onlangse Steytler *The undefended accused*, maar ook die ouer werk van Olmesdahl en Steytler *Criminal justice in South Africa*. Hierdie uitgangspunte weerspieël 'n klemverskuiwing vir hierdie werk – wat ook elders daarin te vind is – waarvolgens die regte van individue meer erkenning geniet. Die skrywer verwys ook, vir diegene wat verder oor die onderwerp wil nalees, na die twee handboeke wat spesifiek oor borgtog handel, naamlik die boeke van Nel en Van den Berg.

Die kommentaar onder artikel 58 oor die uitwerking van borg is slegs effens aangepas, maar die verlening van borgtog deur die polisie (a 59) is heelwat gewysig om dit op een lyn te bring met die inleiding tot die hoofstuk, en om weer eens daarop klem te lê dat verdagte mense vrygelaat moet word indien dit enigsins moontlik is.

Die kommentaar by artikel 60 is basies oorgeskryf (en beslaan nou 9 bl in vergelyking met die vorige uitgawe se 4). Elke aspek van borgtog word hierin aangeraak, veral teen die agtergrond van die belangrike verandering wat die beslissing in *Twayie v Minister van Justisie* 1986 2 SA 101 (O) in die praktyk teweeggebring het. Hierdie beslissing is slegs in 'n kort paragraaf in die vorige uitgawe genoem, waarskynlik omdat dit pas voor die afsnydatum vir nuwe gesag gerapporteer was.

Artikel 61 se kommentaar is bygewerk deur nuwe gesag. Die algemene benadering tot die prokureur-generaal se magte om die verlening van borgtog te voorkom, het egter dieselfde gebly. Die kommentaar by die daaropvolgende artikels is feitlik onveranderd gelaat. Min regsontwikkeling het sedert 1986 oor daardie aspekte van borgtog plaasgevind. Ook die kommentaar by artikel 66 is hoofsaaklik dieselfde, hoewel die paragraaf oor appèl by die bespreking van

Pillay v Regional Magistrate, Pretoria 1977 1 SA 533 (T) verkort is deur die vergelyking met die 1955-Strafproseswet weg te laat. In die proses word verwys na hersiening deur die hooggeregshof, maar die bladsyverwysing (701) is nie vir die nuwe uitgawe van die boek aangepas nie. Ook by artikel 67 is die kommentaar hoofsaaklik dieselfde, maar heelwat nuwe gesag is bygewerk oor die vraagstuk of 'n nuwe aansoek om borgtog kan volg indien 'n verdagte reeds 'n keer nagelaat het om die borgvoorwaardes na te kom. Die ander kommentaar in die hoofstuk is hoofsaaklik net so gelaat, behalwe dat hofuitsprake wat bepaalde punte by artikels 68 en 70 duideliker maak, ingevoeg is.

In die geheel bied hierdie hoofstuk 'n veel beter basis as sy voorganger vir die veranderde posisie wat nou onder die bepalings van die Grondwet tegemoetgegaan word.

'n Afdeling van die werk wat in die onlangse verlede omvangryk ontwikkel het, is bystand aan die beskuldigde. Die hele hoofstuk 11 is dan ook basies oorgeskryf ten einde hiervoor voorsiening te maak. Die bespreking is nuttig en helder met die regte klem op die regte plekke.

'n Verdere hoofstuk wat lukraak uitgekies is vir vergelyking met die vorige uitgawe, is hoofstuk 18 wat oor onskuldig-pleite handel. 'n Mens sou dink dat hierdie hoofstuk grootliks onveranderd gelaat sou kon word omdat die reg daaroor teen 1986 al grootliks gevestig was. Die kommentaar by artikel 115 sien egter heeltemal anders daar uit as in die vorige uitgawe. Dit begin met iets oor die geskiedenis van hierdie bepaling, gevolg deur die prosedure wat daarvolgens gevolg moet word. Materiaal wat wel uit die vorige uitgawe kom, is rondgeskommel om nou in 'n meer logiese volgorde te verskyn. Die gevolg is een van die duidelikste, kernagtige besprekings van artikel 115 wat ek nog gelees het. 'n Ander duidelike verandering is 'n grootskaalse afskaling van die vermaning in die vierde uitgawe teen té versigtige hantering van die ondervraging van die beskuldigde tydens die pleitproses. Daar word ook uitdruklik van die vorige uitgawe verskil oor die vraag of die hof die regsverteenwoordiger of die beskuldigde self moet aanspreek tydens die stel van vrae. Ook in hierdie bespreking is die groter gebruik wat die skrywer van ander bronne (veral handboeke) maak as sy voorganger, duidelik.

Die ontleding van artikel 118 is ook kernagtiger, maar tog met verwysing na heelwat meer gesag omdat die omvangryke verwysings na die feite van die toepaslike sake verminder is.

Foute

In 'n boek van hierdie omvang is foute waarskynlik onvermydelik. 'n Fout wat toevallig na vore gekom het en deurgeglip het vanuit vorige uitgawes, is die verwysing by artikels 171 en 179 na die Wet op Getuienis vir Buitelandse Howe as die Wet op Getuienis *van* Buitelandse Howe. Dit is nie 'n ernstige fout nie, maar op 436 word belowe dat hierdie wet meer volledig by artikel 180 bespreek sal word, terwyl dit eintlik onder artikel 179 gebeur. Oor die algemeen is die tegniese versorging van die boek egter so goed en taalfoute so skaars dat dit amper kleinlik is om op die uitsonderings klem te lê.

Die ernstigste kritiek wat teen die werk geopper kan word, is dat dit nie oral op datum is nie. Die afsnydatum vir wetgewing is volgens die voorwoord Julie 1993, maar sommige wysigings wat voor hierdie datum voorgekom het, is nie ingesluit nie. In hoofstuk 25 word die Wet op die Voorkoming en Behandeling van Dwelmafhanklikheid 20 van 1992 behandel, maar in die kommentaar by artikel 35 oor die beslaglegging op dwelmmiddels is die nuwe wet nie bespreek nie – daar word steeds volstaan met die bespreking van die Wet op die Misbruik van Afhanklikheidsvormende Stowwe en Rehabilitasiesentrums 41 van 1971 (vgl bv ook 370 en 710). By die nagaan van hierdie materiaal kom 'n mens dan ook agter dat die indeks van die boek heelwat meer verwysings na laasgenoemde wet het as wat daar in die teks verskyn, omdat die veranderinge wat deur eersgenoemde wet teweeggebring is nie uit die indeks verwyder is nie.

In hoofstuk 28 oor vonnis verskyn daar ook 'n paar sulke foute. Op 663 word genoem dat die maksimum gevangenisstraf wat die streekhof vir moord mag oplê 15 jaar is. Hoewel so 'n verandering in 'n stadium oorweeg is, is die stelling verkeerd. Op 710 word genoem dat die "huidige" maksimum boete wat deur 'n landdroshof opgelê mag word R4 000 is. Dit was egter sedert 1 Mei 1992 al op R20 000 vasgepen (vgl GK R1275). Die laaste sodanige fout wat hier genoem sal word, is die volgende: op 662 word gemeld dat daar geen bepaling is wat daarvoor voorsiening maak dat korrektiewe toesig vir enige (statutêre) misdaad opgelê mag word nie. Vanweë hierdie leemte is paragraaf 276(3)(b) egter deur Wet 139 van 1992 in die Strafproseswet ingevoeg. In hierdie verband moet lesers my 'n persoonlike nota vergun. Ek is gedeeltelik vir die foute aanspreeklik weens 'n bydrae tot die hoofstuk oor vonnisoplegging. My bydrae is egter nie so groot soos wat die skrywer, baie vrygewig, in die voorwoord te kenne wil gee nie.

Slotsom

Regter Kriegler se voorwoordelike besorgdheid was onnodig. *Hiemstra* is, volgens die konsensus van meeste ingeligte mense, 'n beter boek as wat dit voorheen was. Veral die vierde uitgawe het wat die toevoeging van nuwe gesag betref, 'n aansienlik aangelaste voorkoms begin kry. Daardie probleem is nou heeltemal uit die weg geruim. Wat veral beïndruk is die feit dat die boek nêrens saamgeflans voorkom nie, al is dit die werk van meerdere skrywers. Verder het die skrywer goed daarin geslaag om 'n meer menseregtelike benadering te laat deurkom, terwyl die voorganger waarskynlik meer op "crime control" as "due process" ingestel was. Diegene wat met die strafprosesreg (of bewysreg of die ander vakgebiede wat daarmee verband hou) werk en hierdie boek nie het nie, sit met 'n wesenlike bronleemte.

STEPHAN TERBLANCHE
Universiteit van Suid-Afrika

ARBITRATION IN SOUTH AFRICA
deur D BUTLER en E FINSEN
Juta Kaapstad Wetton Johannesburg 1993; 374 bl
Prys R112,50 (plus BTW en hanteringsgelde) (sagteband)

Daar is nie veel Suid-Afrikaanse handboeke oor hierdie onderwerp nie – veral nie handboeke wat spesifiek gemik is op die behoeftes van nie-regsgeleerde arbiters nie. Die outeurs dui hierdie mikpunt in die voorwoord aan maar spreek ook die hoop uit dat die werk regspraktisyns sal help om die potensiaal van arbitrasie as wyse van dispuutbeslegting te ontgin.

Die werk is in agt hoofstukke verdeel. Ter inleiding word arbitrasie omskryf, die geskiedkundige ontwikkeling daarvan kortliks aangedui en die voor- en nadele van arbitrasie asook die rol van arbitrasie-organisasies uitgelig. Afsonderlike hoofstukke word gewy aan die arbitrasie-ooreenkoms, die arbiter, die verloop van die prosedure voor en tydens die verhoor, die toekenning en internasionale arbitrasie. Hierbenewens word 'n hoofstuk ook gewy aan bewysregtelike aangeleenthede wat seer sekerlik van groot waarde sal wees vir nie-regsgeleerde arbiters aangesien nie alleen sekere basiese begrippe (byvoorbeeld getuienis en bewys) behandel word nie, maar ook aspekte soos die kwessie van toelaatbaarheid en die bewyslas. 'n Paar bladsye word selfs gewy aan praktiese advies ten aansien van die evaluering van getuienis.

Wat opval by die lees van die werk is die sterk praktiese inslag daarvan. Gevolglik is dit nie alleen geskik vir gebruik deur arbiters nie maar sal ook regspraktisyns veel kan leer van die praktiese werking van arbitrasie, hetsy hulle as arbiters of voor arbiters optree. Ook behoort dit 'n uiters nuttige handboek te wees vir studente wat gedurende hul studies met arbitrasie te doen kry. Die onderwerp word omvangryk behandel maar ten spyte daarvan word die regsbeginsels ter sprake duidelik en kernagtig weergegee.

Die werk bevat 'n volledige bibliografie, vonnis- en woordregister asook 'n afsonderlike afdeling waarin verskeie aanhangsels voorkom. Hierdie sluit onder andere in die Arbitrasiewet 42 van 1965, die reëls wat deur die Vereniging van Arbiters gepubliseer is vir die voer van arbitrasieverrigtinge, enkele standaard arbitrasieklousules wat in die konstruksiebedryf gebruik word asook besonderhede van liggame wat gemoeid met arbitrasie is. 'n Tabel waarin teksverwysings na huidige Suid-Afrikaanse arbitrasiewetgewing voorkom, behoort ook byval te vind by gebruikers.

Hoewel die werk hoofsaaklik verwysings na die konstruksiebedryf bevat, moet dit nie gesien word as 'n handboek wat slegs in hierdie veld gebruik kan word nie. Die beginsels wat uiteengesit en behandel word en praktiese wenke wat aan die hand gedoen word, is net so toepaslik in enige ander veld van arbitrasie. Vir diegene wat 'n behoefte ondervind om 'n werk te raadpleeg met sowel 'n goeie teoretiese onderbou as 'n praktiese inslag, kan hierdie publikasie

aanbeveel word. Trouens, dit sal heel waarskynlik deel van die toerusting van baie arbiters word, veral dié met 'n nie-regsgeleerde agtergrond.

ESTELLE HURTER
Universiteit van Suid-Afrika

THE EFFECTS OF ELECTRONIC MAIL ON LAW PRACTICE AND LAW TEACHING
Transcript of an electronic conference held 20 July – 7 August 1992
Edited by I TROTTER HARDY
William S Hein Buffalo, New York 1994; vii and 109 pp
Price R115,70

This book is an edited transcript of an unusual conference. In July and August of 1992, sixteen top American lawyers and legal academics who regularly use electronic mail ("e-mail") met for a three-week conference to assess the impact of e-mail on law, legal practice, and legal education. The entire conference was conducted by electronic communication over a variety of communications networks, including Internet and Compuserve.

To the editor's knowledge, this sort of conference has not been tried before, at least not in legal circles. Albeit an experiment, it proved to be an extremely successful one. The conference started off with the question: what is e-mail and what use is it? An interesting response came from the law firm McCarter and English, Newark: "[W]e have watched e-mail steadily mature from a gossip novelty into a serious practice tool" (2).

The response to this introductory question led to the following questions:

- Will e-mail affect the attorney-client relationship?
- How is e-mail actually used in practice?
- How can e-mail be used to interact with law students?
- How does e-mail handle privacy and privileged information?
- Should e-mail be regulated?
- How can e-mail be applied in contracts and dispute resolution?
- What happens to intellectual property ownership and the choice of law?
- How will e-mail affect the authentication of documents?

The responses to subjects like privacy and e-mail legal advice, in particular, are extremely interesting. It seems that more and more people are making contact with lawyers in America by means of e-mail. More people are able to have access to legal advice. Thus: e-mail may be changing the basic definition of what is an attorney-client relationship. Those in law practice and teaching who are

contemplating greater reliance on the use of electronic mail will find much to learn here. Helpful hints are given on how to use e-mail in the firm or law faculty and, for the real computer boffins, a description of how to run an e-mail conference is provided. The biographical appendix of all the conference participants is also of interest.

The book aims to be an edited transcript of a conference and succeeds admirably in doing just that. It is not an in-depth discussion of privacy, the lawyer-client relationship or confidential communication. This easy-to-read book gives the legal practitioner some background on what e-mail is and how to apply it successfully in practice. For the lawyer/lecturer who is hesitant to take the first step into the e-mail world, this is a must to read.

NICO M FERREIRA
Law Librarian
University of South Africa

INDIGENOUS LAW 32 *LAWSA*
WA JOUBERT (founding ed); TJ SCOTT (ed)
Butterworths Durban 1994; 1 and 280 pp
Price R290,70 (hard cover)

The law of South Africa is well known to the legal profession, academics and law students as a concise synopsis of current South African law. Volume 32 features an exposition of indigenous law in force on the 31 March 1994, that is to say, before the present Constitution came into effect.

The contributors to this volume are well-known authors on indigenous law. The Olivier trio, father and two sons, are the authors of *Die privaatreg van die Suid-Afrikaanse Bantoetaalsprekendes* (1989). JC Bekker is the author of *Seymour's customary law in Southern Africa* (1989). Volume 32 is largely an abridged and integrated version of these two sources.

The work is divided into six main parts as follows: law of persons (NJJ Olivier), civil marriages (JC Bekker), law of delict and application of customary law (NJJ Olivier (jnr)), law of succession and law of contract (WH Olivier). Each part is divided into numbered paragraphs, each containing a concise heading in bold print, and, where applicable, footnotes at the end of paragraphs. The text is further supplemented by a list of contributors, table of contents, bibliography, table of statutes, table of cases and a well-documented index. The reference in the bibliography to Church, NS (222) should read Church, J.

Part one (Law of Persons) deals with a number of factors determining personal status, rights and obligations (par 1–7) as well as the customary marriage (par 8–67). The latter section covers prohibited and preferential marriages, steps

to initiate marriage proposals, customary engagement, legal requirements, *lobolo*, consequences and effects of customary marriage, and dissolution.

Part two (par 68–77) discusses civil marriages and the important changes brought about by the Marriage and Matrimonial Property Law Amendment Act 3 of 1988. The latter act came into effect on the 2 December 1988 and amended section 22 of the Black Administration Act 38 of 1927, section 7 of the Divorce Act 70 of 1979, and the Matrimonial Property Act 88 of 1984. For example, chapters 1, 2 and 3 of the latter act now also apply to black marriages. The current position is that civil marriages between Blacks are the same as any other civil marriage. It is not clear why the customary marriage is dealt with under the law of persons and civil marriages in a separate section. It would seem better to deal with these under family law and marriage.

Part three (par 78–141) covers the law of delict and deals with sexual wrongs (seduction, adultery), damage to property, *ukuthwala*, libel, theft, abduction and harbouring, other delicts such as assault and the negligent causation of death, and also the co-liability of the kraalhead. Although specific delictual conduct is discussed, no attempt is made to formulate general principles. For example: is intent required for liability for damage to property or is negligence sufficient? Are there any grounds of justification that exclude unlawfulness?

Part four (par 142–158) deals with the law of succession and distinguishes between customary law and statutory provisions. Customary law of succession includes general principles, succession to a monogamous and polygamous family, *inter vivos* disposition of assets, illegitimate children, disinheritance, rights and duties of the successor, succession to chieftainship, and customs relating to substitution in order to beget a successor. The section on statutory provisions gives a background to current legislation, testate and intestate succession, succession to immovable property and the winding up of an estate. The recent LLD thesis of Watney *Beginsels van die opvolgingsreg van die Bapedi van Sekwati en Noord-Sothosprekendes in Vosloorus* (RAU 1993), would have provided valuable insights into the perceptions and interpretations of what Northern Sotho speakers of Vosloorus perceived their law of succession to be.

Part five (par 159–172) covers the law of contract and deals with phenomena such as sale and exchange (barter), donation, loan, contract of service, pledge, suretyship, mandate or agency, liability resulting from *lobolo*, the *ukufakwa* custom, *isondlo*, the *sisa* custom, cession of *lobolo* rights and prescription. Again there is no attempt to formulate the general principles of an indigenous contract (cf eg *The indigenous contract of Bophuthatswana*, Centre for Indigenous Law (1990) and Whelpton *Die inheemse kontraktereg van die Bakwena ba Mogopa van Hebron in die Odi I distrik van Bophuthatswana* (LLD thesis Unisa 1991) for attempts in this regard). Paragraph 159 is somewhat confusing. It is supposed to state general principles with regard to contracts, but refers rather to ownership and property, aspects which should have been dealt with under a separate section on property law. This paragraph concludes with the following statement:

> "It seems to be more appropriate to speak of 'liability law' instead of contract law, because the traditional customary law also acknowledges the liability to pay debt or to perform which does not result from consensual contract."

This is debatable, since it assumes that consensus forms the basis of contractual liability in indigenous law. Recent research supports the finding that a mere agreement does not result in contractual liability in indigenous law. Liability stems from agreement followed by performance or part performance, which implies a form of real contract. Moreover, "liability law" would per definition also include debts and liability arising from delictual actions. This would then imply that the section on the law of delict should be included in a discussion of "liability law". It is also not clear from the discussion whether the *ukufakwa* custom (par 168) and the *sisa* custom (par 170) are indeed contracts or mere customs. The question whether cession (par 171) is known to indigenous law, is also arguable (cf Whelpton 129–131).

Part six (par 173–215) deals with the application of customary law and covers topics such as internal conflict of laws, the court structure, and recognition of customary law. Paragraph 173 (187) contains a section on terminology, suggesting a strong preference for the term customary law to indigenous law. The reader is, however, left in the dark as regards the question why this volume is then titled indigenous law. The last paragraph (215) deals with the future of indigenous law, identifying various approaches in which the problem of legal pluralism can be addressed. It is concluded that the absence of constitutional guarantees about its existence may result in the gradual phasing out of indigenous law. One may add that this will depend largely on the way in which chapter 3 of the Constitution of the Republic of South Africa Act 200 of 1993 will be applied to indigenous law (cf also Bekker "How compatible is African customary law with human rights? Some preliminary observations" 1994 *THRHR* 440–447).

Although the legal profession, academics and law students will certainly find this work a useful source on indigenous law, they should keep in mind that this specific portrayal of indigenous law reflects "official" or "lawyer's" law since it is largely based on decisions of non-indigenous courts and on statutory provisions promulgated without consultation with the people whose lives were significantly influenced by these provisions. To regard these statutes and non-indigenous court decisions as "customary" in the ordinary sense of the word, is perhaps far-fetched. Recent research in the field of indigenous law reflects a conflict between what the law is formally stated to be and what the people perceived "their law" to be; in other words between "official" law and "living" law at grassroots level.

It is further unfortunate that the results of recent research were not taken into account in compiling this volume. In this regard a number of LLD-theses should be mentioned, namely those of Van den Heever *'n Sistematiek vir die inheemse deliktereg van die swartman* (UP 1984); Church *Marriage and the woman in Bophuthatswana: an historical and comparative study* (Unisa 1989); Whelpton (above) and Whatney (above). There are also a number of recent PhD theses in anthropology which could have been consulted. (See in this regard for instance De Beer *Groepsgebondenheid in die familie, opvolgings- en erfreg van die Noord-Ndebele* (UP 1986) and Boonzaaier *Die familie-, erf- en opvolgingsreg van die Nkuna van Ritavi met verwysing na ander aspekte van die privaatreg* (UP 1990), to name but two.) While Schapera's *Handbook of Tswana law and*

custom (1979, original edition 1938) is much referred to as authority for the "Tswana", it should be remembered that this work deals mainly with the people of Botswana and reflects the position as it was during the 1930s. It cannot be used without reservation as reflecting the position of the Tswana-speaking people of the Northwest Province.

In conclusion, one wonders whether it is correct to limit indigenous law to aspects of private law and matters relating to the courts. The research of Prinsloo on indigenous public law in the former Lebowa (*Inheemse publiekreg in Lebowa* (1993)) and of Myburgh and Prinsloo in the former KwaNdebele (*Indigenous public law in KwaNdebele* (1985)) suggests that this branch of indigenous law should also have been dealt with. At present, the position and role of traditional leaders is very topical, and these are matters of public law. Over the years, succession to chieftainship was and still is a greatly contested issue, and cannot be limited to one paragraph (149) on succession to chieftainship.

Despite these comments, this volume should be accepted as a significant step towards the recognition and acceptance of indigenous law as part of the law of South Africa. To a greater or lesser extent, indigenous law is still valued by the majority of people in South Africa, especially in rural areas. In this regard such law still has social legitimacy.

LP VORSTER
University of South Africa

CANEY'S THE LAW OF SURETYSHIP
by CF FORSYTH and JT PRETORIUS
Fourth edition; Juta Cape Town Wetton Johannesburg 1992; xxi and 216 pp
Price R104,60 (soft cover)

This work has become the authoritative textbook on the law of suretyship since its first publication in 1936 and needs no further introduction. It sets out the current law clearly and criticises case law where necessary. The footnotes contain a veritable gold mine of authority and very often a further discussion of the text and controversial theoretical issues as well.

Many new decisions on suretyship have appeared since the previous edition in 1982. The writers of this new edition have avoided the trap of simply updating and thus expanding the work and have thoroughly revised it. This is borne out by the fact that no chapter has been left untouched by revision. The bigger format in which the new edition is now printed, has concealed the growth in length which shows only a marginal increase from 206 to 216 pages.

It is impractical to describe all the changes, but I will outline the major aspects of the revision. As a whole, the changes are not due to the fickleness of the writers, but are well substantiated. Certain sections of the text in the previous edition have been completely left out, while others have been relegated to

footnotes. For example, the old chapter 8 on bail and fidelity bonds has been left out completely. The writers have sometimes rewritten the text in order to expand and update it and sometimes to condense it. The discussion of continuing suretyships in chapter 7 (94–98) has, for example, been rewritten to expand and update it. The systematic approach of the previous edition in the use of subheadings has been extended by adding even more subheadings: for example, the discharge of the surety (ch 13) has been rewritten and subdivided under new subheadings. Related themes that were fragmented in the previous edition are now grouped together. An example of this is the shortening of the discussion of the historical development of women's suretyship benefits in the old chapter 15 and its transfer to chapter 1, which contains an historical overview of the development of suretyship. Another example is the discussion of whether an undertaking amounts to suretyship in the old chapter 5. This discussion which deals with an aspect of the interpretation of contracts, has been correctly moved to chapter 6 in the new edition. Many footnotes have been expanded to include additional citations of authorities (eg fn 29 on 31, fn 41 on 38, fn 8 on 48 and fn 5 on 55). The main body of the work, however, has been left unchanged. Readers who are familiar with the previous edition will consequently have no real difficulty in finding their way around in the new edition.

The law of contract has had a turbulent history and suretyship has been at the heart of that turbulence. The Appellate Division has been reforming the law of contract in a series of far reaching judgments to give effect to the eighteenth century ideal of freedom of contract. The *exceptio doli generalis* has been disposed of and is no longer a possible defence against an unconscionable contract, while public policy has been pressed into service to provide a limit to freedom of contract. The writers show an awareness of the role that *bona fides* play in the law of contract and have included a thought provoking section on the demise of the *exceptio doli generalis* and an exploration of the limits of public policy as a potential restriction of freedom of contract (190–196). The writers have also examined the interpretation of the contract as a means used by our courts to limit the consequences of an unconscionable contract of suretyship (see ch 6). This has led to an expansion of the discussion of the general principles of interpretation as applied to contracts of suretyship.

There are, however, a few minor points of criticism. The discussion of the *exceptio doli generalis* and public policy (190–196) does not fit systematically into the chapter on the discharge of the surety. It can also be questioned whether the term "cession of actions" used in chapter 10 correctly reflects our law of cession, since the claims and not merely the actions are ceded (see in this regard Scott *The law of cession* (1991) 12–22). Furthermore, it is not certain that the security for the payment of the debt (especially in the form of a pledge or hypothecation) is transferred when the creditor cedes the claims to the surety who pays the principal debt (136; see the discussion in Scott 129–131).

In conclusion, it may be said that the new edition is an improvement and update of an already good textbook. Everyone interested in suretyship will most definitely continue to use this indispensable and erudite work.

TB FLOYD
University of South Africa

The psychological fault concept versus the normative fault concept: *Quo vadis* South African criminal law?

FFW van Oosten

BA LLD LLD

Professor of Criminal Law and Medical Law, University of Pretoria

OPSOMMING

Die psigologiese skuldbegrip versus die normatiewe skuldbegrip: *Quo vadis* Suid-Afrikaanse strafreg?

Daar het die afgelope vyftien jaar herhaaldelik stemme in strafreggeledere opgegaan vir die vervanging van die sogenaamde psigologiese skuldbegrip (wat skuld as 'n gesindheid sien en tans in Suid-Afrika die septer swaai) deur die sogenaamde normatiewe skuldbegrip (wat skuld as verwyt(baarheid) of blaam(waardigheid) sien en tans in Duitsland meerderheidsteun geniet). Omdat die voorgestelde verandering verreikende praktiese en dogmatiese konsekwensies vir die Suid-Afrikaanse strafreg behels en 'n verandering sonder 'n verbetering 'n sinlose en selfs skadelike oefening is, word die voordele en nadele daarvan en die argumente daarvoor en daarteen onder die soeklig geplaas en krities ontleed. Dit geskied teen die agtergrond van 'n bondige uiteensetting en bespreking van die Duitse en Suid-Afrikaanse skuldbegrippe, asook 'n oorsig van die ontwikkeling en inhoud van die Duitse misdaadbegrip waarmee die Duitse skuldbegrip intiem verweef is en waarsonder dit moeilik verstaanbaar is.

condition and[76] comprises two elements, to wit a psychological element on the one hand and an ethical element on the other.[77] Normative fault has been described variously as an assessment or disapproval of human conduct and the psychological elements which contributed to it, a breach of duty, the avoidability of the deed and a reasonable expectation of lawful conduct: in other words, a value judgment or legal blame.[78] In turn, the value judgment or legal blame,

---

Übertretung des Pflichtgebotes: du sollst gut sein; die Fahrlässigkeit ist eine Schuld auf dem Gebiete des verständigen Denkens, sie ist eine Übertretung des Pflichtgebotes: du sollst klug sein" (169).

76 Mittermaier *Kritische Beiträge zur Lehre von der Strafrechtsschuld* (1909) 7 (quoted by Hegler 1915 *ZStW* 197 fn 80) states that fault is "nicht etwas rein psychologisches, auch nicht nur die Bewertung eines Seelenszustandes, sondern sie ist die sozialetisch als unrecht bewertete psychische Beziehung zu einer mit dem Schuldigen irgendwie in adäquatem Kausalzusammenhang stehenden Geschehnis", and that "Schuld sei Objekt des Werturteils, die Beziehung des Seelenszustandes auf ein normwidriges Geschehen" (31); cf, however, Sturm 1909 *GS* 166: "Der Seelenszustand ist eine nackte Tatsache, die mit dem Begriffe der Pflicht und dem daraus folgenden Schuldbegriff nichts zu tun hat . . . Schuld ist das Attribut, welches wir dem Seelenszustande beilegen, sie ist die Beleuchtung, in die wir gemäss unserm subjektiven etischen Urteile den Seelenszustand setzen, und in dem wir ihn nun erblicken. Es liegt ihr also ein Urteil über den Seelenszustand oder eine Bewertung desselben zu Grunde" (cf also 189 196).

77 Dohna 1905 *GS* 314, who favours an "einheitliche Schuldbegriff" with "die Pflichtwidrigkeit des Verhaltens" as the common and constant characteristic of intention and negligence (cf Dohna 1907 *ZStW* 345: "Schuld ist diejenige psychische Disposition des Täters, an welche das Zurechnungsurteil anknüpft", and "Das *genus proximum* zu Vorsatz und Fahrlässigkeit ist . . . die Pflichtwidrigkeit der Willensbestimmung" (348)); Finger "Bemerkungen zum Schuldbegriffe" 1908 *GS* 254–255 258: "Die beiden eine Antithese bildenden Begriffe Schuld und Verdienst bezeichnen nicht nur eine Summe psychischer Voraussetzungen. Die Begriffe sind auch normativ, sie bringen Werturteile zum Ausdruck" (254), and: "Die Behauptung, Vorsatz und Fahrlässigkeit seien Schuldformen, ist daher nur insofern richtig, als man stillschweigend in dieser Behauptung einen pflichtwidrigen Inhalt, auf den sich Vorsatz und Fahrlässigkeit beziehen, supponiert" (264); Freudenthal 6 8 17 21 23 27; Merkel 1922 *ZStW* 340; cf Frank *Festschrift* 530 539 540; Sturm 1909 *GS* 163 ff 188 196; Rosenfeld 1911 *ZStW* 472 ff 477–478; Goldschmidt 1913 *ÖZSt* 139 ff 149 ff.

78 Dohna 1905 *GS* 306 310 311 315: "Enthält nicht das Schuldurteil begrifflich das Moment einer Missbilligung irgend welcher Art? Sagt es uns nicht schon die Gegenüberstellung von Verdienst und Schuld, dass hier ein Beurteilungsmassstab angelegt wird, wonach die menschlichen Handlungen sich ihrem Werte entsprechend als positiv oder negativ ausweisen sollen?" (310); Frank *Festschrift* 529 ff: "Schuld ist Vorwerfbarkeit" (529); Finger 1908 *GS* 254–255 257–258: "Mit dem Worte 'Schuld' wird ein Urteil gefasst" (250); Sturm 1909 *GS* 162 ff 197: "[E]s liegt in der Missbilligung ein Vorwurf, und zwar ein Vorwurf der Pflichtwidrigkeit. Der Begriff der Schuld beruht . . . auf dem Begriff der Pflicht" (163; see also 202); Kohlrausch *Reform* 184–185; Goldschmidt 1913 *ÖZSt* 139 ff 149 ff, who refers to the normative fault element as the "Sitz des 'Vorwurfes' in der Schuld" (139); Hegler 1915 *ZStW* 184 ff, who also uses the term "Bewertungsurteil" (190 ff) and couples blameworthiness with *Tatherrschaft* (185 ff); Freudenthal 2 ff, who uses the terms "Vorwerfbarkeit der Tat", "*Vermeidbarkeit* der Begehung" and "*Zumutbarkeit* des Nichthandelns" (8, italics supplied; see also 16 28); Merkel 1922 *ZStW* 336 ff, who regards fault as "das Unwerturteil . . . das der seelischen Beschaffenheit beigelegt wird, durch die ein Mensch zu einem Tun bestimmt worden ist, dessen Folgen unrechtmässig

continued on next page

which constitutes the essence of normative fault, has been defined variously as meaning –

(a) what was expected of the accused as opposed to what the accused did;[79]

(b) the accused's real psychological condition as opposed to what it should have been;[80]

(c) a failure by the accused to direct his or her internal conduct in accordance with the legal requirements for his or her external conduct;[81]

(d) that the accused acted while knowing or being capable of knowing, or while he or she should and could have known, the wrongful or immoral consequences of his or her conduct;[82] and

(e) that the accused should and could have acted differently.[83]

Not to be confused and identified with the normative element of intention, however, are the elements of awareness of unlawfulness and/or a breach of duty,

---

oder unsittlich sind" (340); cf Rosenfeld 1911 *ZStW* 477–478: "Trotz des normativen Charakters bleibt die Schuld eine Einzelrelation. Sie ist zu bestimmen als der Widerspruch zu einem rechtlich-sozialen Sollen, wie er in einem bestimmten Verbrechen zutage tritt" (478).

79 Finger 1908 *GS* 250: "'Schuld' deutet uns an das Zurückbleiben des Vorgegangenen gegenüber dem Erwarteten, ein Manko."

80 Sturm 1909 *GS* 166: "Wir bewerten den wirklichen Seelenszustand des Täters speziell dahin, dass er nicht so ist, wie er hätte sein sollen. Nicht der Seelenszustand selber, welchen der Täter hat, sondern die 'Abweichung' dieses wirklichen Seelenszustandes von dem, welchen der Täter haben sollte, begründet das Wesen der Schuld."

81 Goldschmidt 1913 *ÖZSt* 145, coining the phrase *Pflichtnorm* (not as a *vox ambigua* but as a "Bewertungsmassstab für pflichtgemässe" or "pflichtwidrige Willensbetätigung"), "die von dem einzelnen ein bestimmtes äusseres Verhalten fordert, unausgesprochen eine Norm, die dem einzelnen auferlegt, sein *inneres* Verhalten so einzurichten, wie es nötig ist, um den vor der Rechtsordnung an sein äusseres Verhalten gestellten Anforderungen entsprechen zu können" (cf 147 ff 149 ff), adding: "Wer sich durch die Erfolgsvorstellung nicht motivieren lässt (Fall des Vorsatzes und der bewussten Fahrlässigkeit), oder wer sich pflichtwidrig nicht selbst vermittels der Erfolgsvorstellung motiviert (Fall der unbewussten Fahrlässigkeit), Verletzt die Pflichtnorm, welche der den Erfolg verbietenden oder gebietenden Rechtsnorm korrespondiert" (161; cf 147–148 149 ff 154–155 160).

82 Merkel 1922 *ZStW* 337 ff 341 ff, who states "dass der Vorwurf der Schuld . . . nicht erst demjenigen gemacht wird, der die Folgen seiner Willensbetätigung als schädlich oder verwerflich beurteilt hat, sondern schon demjenigen, der zu einer solchen Beurteilung imstande war. Etische Indifferenz entschuldigt ebensowenig, wie vermeidbare Unkenntnis der rechtlichen oder sittlichen Pflichten" (337), and: "Vorsatz und Fahrlässigkeit haben, wenn man ihnen das Merkmal der Schuld beifügt, drei Bestandteile aufzuweisen: *die Vorstellung (das intellektuelle Moment), das Einverständnis mit dem Eintritt des Erfolges oder die Hoffnung auf den Nichteintritt (das psychologische oder Gefühlsmoment) und die Beurteilung der Folgen als rechtmässig oder unsittlich (das normative oder etische Moment)*" (342, italics supplied).

83 Freudenthal 6 ff, who regards fault as "die Missbilligung . . . dass der Täter sich so verhalten hat, während er sich anders hätte verhalten sollen und können" (6), adding "dass es an der Schuld fehlt, wo im Zeitpunkte der Tat Sollen oder Können gefehlt hat" (8) and that "should have avoided" presupposes "could have avoided" (11).

which are as indicative of a pure psychological relationship as intention without such awareness.[84]

3 4 2 Modern views

As regards the present position of the concept of fault in general and normative fault[85] in particular, widely divergent and sometimes conflicting opinions are the order of the day. On the one hand, the fault requirement for criminal liability is rejected in its entirety in some quarters,[86] while on the other, supporters of the normative fault concept are, notwithstanding similar points of departure, frequently anything but unanimous about the details. As regards the latter, from the point of view of similarities, there appears to be broad consensus in theory and in practice about the nature of, as opposed to the content of and terminology relating to, the normative fault concept.[87] The issues on which broad consensus has been identified are the following:

(a) A clear differentiation between *Unrecht* and fault remains imperative;

(b) fault as blame is of a highly personal and individual nature; and

(c) fault refers to blaming the perpetrator for making the wrong choice while being capable of making the right choice and not to blaming the perpetrator by judging what others would have done.[88]

From the point of view of the differences between supporters of the normative fault concept, leaving aside the numerous variations, contemporary leading schools of thought on normative fault take the view that the concept of fault denotes[89] –

(a) the possibility of acting differently;[90]

(b) a blameworthy state of mind;

(c) accepting responsibility for one's character;[91]

(d) attribution in terms of general prevention; and

---

84 Goldschmidt 1913 *ÖZSt* 140, adding: "Wer den Vorsatz werten will, muss das ihn wertende normative Element neben ihn stellen, nicht es in ihn hineinverlegen, muss die Schuld nicht als Wollen der Pflichtwidrigkeit, sondern als pflichtwidriges Wollen, nicht als 'Wollen des Nicht-Sein-Sollenden', sondern als 'nicht-sein sollendes-Wollen' auffassen" (141); cf Merkel 1922 *ZStW* 336 ff, who takes the view that unlawfulness and awareness of a breach of duty are elements of the concept of fault rather than of the concept of intention: "Dazu kommt noch, dass die Beziehung auf Rechtswidrigkeit allein das Wesen der Schuld nicht erschöpft; deren Wesen ist auch die Beziehung auf die Unsittlichkeit der Folgen einer Willensbetätigung eigentümlich" (336–337); Freudenthal 2: "[Der Täter] kann den Tatbestand in allen seinen Teilen – einschliesslich der Rechtswidrigkeit – wissentlich und willentlich verwirklicht haben, ohne dass sich nach den Umständen etwas anderes als diese Tat hätte erwarten lassen."

85 Inclusive of neonormative fault.

86 See Roxin 550–551.

87 Maurach/Zipf 403 408; cf Jakobs 470 475; Lackner Vor Par 13 Rdn 22.

88 Maurach/Zipf 403 411 ff; cf Hirsch *LK* Vor Par 32 Rdn 174.

89 See Roxin 541 ff; cf Jakobs 475–476.

90 "Andershandelnkönnen" or "Dafür-Können".

91 "Einstehen müssen für den eigenen Charakter".

(e) wrongful conduct notwithstanding the possibility of responding to the dictates of legal norms.[92]

An impression of the multitude of opinions on normative fault may be gained from the following definitions of the concept by leading textbook and commentary writers:

(a) "Der Inhalt des Schuldbegriffs besteht darin, dass dem Täter zum Vorwurf gemacht wird, sich tatbestandsmässig-rechtswidrig verhalten zu haben, obwohl er bei Begehung der Tat die Möglichkeit gehabt hat, sich anders, nämlich zum rechtlich Gesolltes zu bestimmen."[93]

(b) "Das von der unwertigen Tat auf den Täter übergreifende Unwerturteil wird allgemein als *Strafrechtsschuld*, kürzer als *Schuld* bezeichnet" and:[94] "Die entscheidende Wesenzug der Schuld wird ... darin gesehen, dass sie einen *Vorwurf* darstellt, der dem Täter wegen seiner pflichtwidrigen Motivation gemacht wird."[95]

(c) "Schuld bedeutet ... dass die *Maximen, von denen sich der Täter bei der Willensbildung hat leiten lassen, negativ zu bewerten sind und dass ihm die Tat deshalb persönlich zum Vorwurf gemacht werden kann*, oder kurz gesagt: Schuld ist Vorwerfbarkeit der Willensbildung."[96]

(d) "[*Die*] *Zuständigkeit für einen Mangel an dominanter rechtlicher Motivation bei einem rechtwidrigen Verhalten ist die Schuld*."[97]

(e) "Die Verantwortlichkeit hängt von zwei Gegebenheiten ab, die zum Unrecht hinzukommen müssen: der *Schuld* des Täters und der aus dem Gesetz zu entnehmenden *präventiven Notwendigkeit* strafrechtlicher Ahndung. Der Täter handelt schuldhaft, wenn er strafrechtliches Unrecht verwirklicht, obwohl er in der konkreten Situation von der Appelwirkung der Norm (noch) erreicht werden konnte und eine hinreichende Fähigkeit zur Selbststeuerung besass, so dass eine rechtmässige Verhaltensalternative ihm psychisch zugänglich war."[98]

(f) "Was materiell den Schuldvorwurf begründet, ist ... ausschliesslich der *psychische Sachverhalt* in der Person des Täters, der ihn für sein willentliches Handeln verantwortlich erscheinen lässt und seine fehlerhafte Einstellung zum Recht kennzeichnet."[99]

(To be continued)

---

92 "[U]nrechtes Handeln trotz normativer Ansprechbarkeit".

93 Hirsch *LK* Vor Par 32 Rdn 170; see also Dreher/Tröndle Vor Par 13 Rdn 28; Lackner Vor Par 13 Rdn 23.

94 Maurach/Zipf 403.

95 Maurach/Zipf 402; cf 408, adding: "Die Schuld hat keinen eigenen Ursprung und keinen von ihrem strafrechtsnormativen Untergrund gelösten selbständigen Gehalt ... Keine Schuld ohne rechtswidrige Tatbestandshandlung" (402; see also Hirsch *LK* Vor Par 32 Rdn 170).

96 Jescheck 363.

97 Jakobs 469, adding that fault consists in "mangelnde Rechtstreue" or "Rechtsuntreue": "Damit ist eine zu verantwortende Untreue gemeint; Rechtsuntreue ist also ein normativ bestimmter Begriff."

98 Roxin 536.

99 Schönke/Schröder/Lenckner Vor Par 13 Rdn 118, adding: "Anknüpfungspunkt für das Schuldurteil ist damit zunächst die *fehlerhafte Willensbildung* des Täters, die darin besteht, dass er sich nicht zu einem rechtmässigen Handeln hat motivieren lassen, obwohl er das Unrecht seines Tuns erkannt hat oder hätte erkennen können und ihm eine entsprechende Steuerung seines Verhaltens möglich gewesen wäre."

Die staat en die universiteitswese in Suid-Afrika: Nuwe wedersydse grondwetlike verantwoordelikhede, regte en verpligtinge

Francois Venter

BJur et Comm LLD

Professor in die Publiekreg en Regsfilosofie, Potchefstroomse Universiteit vir CHO

SUMMARY

The state and the university sector in South Africa: New reciprocal constitutional responsibilities, rights and duties

The new constitutional dispensation and the concomitant political change will undoubtedly lead to changes in the university sector. Tertiary education has now acquired a prominent constitutional dimension. Fundamental rights of individuals and institutions, and the constitutional distribution of authority among the state, universities and the academic community, have become integral aspects of the law relating to universities.

It is not certain how the provisions of the Constitution affecting the public status of universities, academic freedom, institutional autonomy and affirmative action will be interpreted in the long run. It is, however, to be expected that the extreme limits of the relevant provisions will be tested in the process of assailing any form of discrimination.

As regards the question whether universities should be considered to be bound by the Constitution as organs of government, guidance may be sought in Canadian law; academic freedom and institutional autonomy may usefully be construed with reference to German jurisprudence and the provisions relating to affirmative action may best be understood in the light of decisions of the United States Supreme Court.

Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika 200 van 1993 wat op 27 April 1994 in werking getree het, het 'n grondige verandering, nie net in die sosio-politieke en staatkundige lewe van die mense van die land nie, maar ook in die Suid-Afrikaanse regstelsel in geheel teweeggebring.

Weens die nuutheid van hierdie Grondwet, maar veral ook weens sy aard, kan die toepassing van heelwat van die bepalings daarvan nie presies en met volle sekerheid voorspel word nie. Hier is veral die soort bepalings ter sprake wat nie bloot regulerend nie maar prinsipieel van aard is. Die voor-die-hand-liggende (maar beslis nie die enigste nie) voorbeelde van hierdie soort bepalings is onder die opskrif *Fundamentele Regte* in hoofstuk 3 van die Grondwet te vinde. Hierdie soort bepalings voorsien die howe en regerings van beginselgrondslae waarop hulle optrede afgestem moet word, maar op 'n wyse wat van geval tot geval en van tyd tot tyd kan varieer.

Dit beteken natuurlik nie dat die Grondwet juridiese relativisme en regsonsekerheid in die hand werk nie: inteendeel, groter sekerheid van rigting word bewerkstellig deur die voorsiening van 'n gesaghebbende beginselraamwerk as deur rigiede, dog maklik-wysigbare statutêre norme. Wat egter in verband met die universiteitswese onvoorspelbaar is, is die mate waarin die regering, universiteitsowerhede en vindingryke individue die perke van die tersake voorskrifte van die Grondwet sal beproef en wat die reaksie van die howe daarop sal wees, sou hulle by die proses betrek word.

In die proses van konkrete toepassing van die nuwe Grondwet sal dit noodsaaklik wees om gebruik te maak van regsvergelykende materiaal – dit word immers deur die Grondwet self voorgeskryf.[1] Derhalwe moet die betekenis van die nuwe Grondwet vir die universiteitswese ook regsvergelykend vasgestel word.

1 ENKELE ASPEKTE VAN DIE GRONDWET

1 1 Die Grondwet is die hoogste reg

Toekomstige statutêre bepalings rakende die hoër onderwys sal, soos alle ander reg, in alle opsigte versoenbaar moet wees met al die bepalings van die Grondwet. Die rede daarvoor is dat die Grondwet nou die "hoogste reg" in die land uitmaak waaraan alle owerheidsorgane – wetgewend, uitvoerend en regsprekend – gebonde is.[2]

Dit bring enersyds mee dat parlementêre en provinsiale wetgewing en uitvoerende handelinge nie inbreuk sal mag maak op aansprake wat ingevolge die Grondwet aan persone en instansies verleen word nie, en andersyds dat wetgewing en uitvoerende optrede op die terrein van die onderwys nie noodwendig aan méér beperkinge onderworpe sal wees as dié wat deur die Grondwet opgelê word nie.

1 2 Fundamentele regte

Verskeie bepalings van hoofstuk 3 van die Grondwet waarin fundamentele regte verskans is, het regstreeks of onregstreeks op die hoër onderwys betrekking.

---

1 Kyk bv a 35(1) en 231(4): 35(1) "By die uitleg van die bepalings van hierdie Hoofstuk moet 'n geregshof die waardes wat 'n oop en demokratiese samelewing gebaseer op vryheid en gelykheid ten grondslag lê, bevorder en, waar van toepassing, die volkereg wat van toepassing is op die beskerming van die regte wat in hierdie Hoofstuk verskans is, in ag neem, en kan die hof vergelykbare buitelandse hofbeslissings in ag neem." 231(4) "Die reëls van die internasionale gewoontereg wat die Republiek bind, maak deel uit van die reg van die Republiek, tensy dit met hierdie Grondwet of 'n Parlementswet onbestaanbaar is."

2 A 4 van die Grondwet lui soos volg: "(1) Hierdie Grondwet is die hoogste reg van die Republiek en enige wet of handeling wat met die bepalings daarvan onbestaanbaar is, is, tensy uitdruklik of by noodwendige implikasie anders in hierdie Grondwet bepaal, nietig in die mate waarin dit aldus onbestaanbaar is. (2) Hierdie Grondwet bind alle wetgewende, uitvoerende en regsprekende staatsorgane op alle regeringsvlakke."

In die eerste plek verleen artikel 14 'n individuele reg op "akademiese vryheid aan instellings van hoër onderrig".[3] In die daaropvolgende artikel 15 word "die vryheid van wetenskaplike navorsing" gewaarborg.[4]

Watter presiese inhoud die regeringspraktyk en die howe aan akademiese vryheid en die vryheid van wetenskaplike navorsing sal gee, sal met verloop van tyd, veral uit die regspraak, moet blyk. Hieronder word verder daarop ingegaan.

Die hoër onderwyswese sal voorts moet voldoen aan die grondwetlike verbiedinge van diskriminasie. In hierdie verband is artikel 8(2) grondliggend deurdat "onbillike diskriminasie" deur die staat op enige denkbare grondslag uitdruklik verbied word.[5]

Ongeag die vraag of hoër onderwysinstellings vir doeleindes van die toepassing van die bepalings van die Grondwet as staatsorgane of as nie-staatlike instellings beskou moet word, vereis artikel 35(3) in verband met die uitleg van hoofstuk 3 dat die howe alle wette (dus ook wetgewing wat op die universiteitswese van toepassing is) in die gees van die fundamentele regte-bepalings van die Grondwet moet uitlê.

Ook die vraag wat *onbillike diskriminasie* in onderwysverband beteken, sal met verloop van tyd deur die regspraak beantwoord moet word. Hoër onderwyswetgewing en die toepassing daarvan sal ook die toets van die diskriminasieverbod moet slaag. Die formulering van sodanige wetgewing, waarby die universiteitswese hopelik 'n belangrike rol sal speel, behoort 'n wesenlike bydrae tot die proses van presisering van die betekenis van die toepaslike bepalings van die Grondwet te lewer.

Die diskriminasieverbod moet verder teen die agtergrond van ander grondwetlike regte en kwalifikasies verstaan word. So veroorloof artikel 8(3)(a) die tref van maatreëls ten gunste van benadeelde persone en groepe[6] en daar kan verwag word dat daar in die afsienbare toekoms ingevolge artikel 33(4) wetgewing aangeneem sal word wat daarop gemik is om "private" diskriminasie teen te werk.[7]

---

3 14(1) "Elke persoon het die reg op vryheid van gewete, godsdiens, denke, oortuiging en opinie, waarby akademiese vryheid aan instellings van hoër onderrig inbegrepe is."

4 15(1) "Elke persoon het die reg op vryheid van spraak en uitdrukking, waarby inbegrepe is vryheid van die pers en ander media, en die vryheid van artistieke kreatiwiteit en wetenskaplike navorsing."

5 8(2) "Daar mag teen niemand onbillik gediskrimineer word nie, hetsy direk of indirek, en, sonder om afbreuk te doen aan die algemeenheid van hierdie bepaling, in die besonder op een of meer van die volgende gronde: ras, geslagtelikheid, geslag, etniese of sosiale herkoms, kleur, seksuele georiënteerdheid, ouderdom, gestremdheid, godsdiens, gewete, geloof, kultuur of taal."

6 8(3)(a) "Hierdie artikel belet nie maatreëls wat daarvoor ontwerp is om die genoegsame beskerming en vooruitgang van persone of groepe of kategorieë persone wat deur onbillike diskriminasie benadeel is, te bewerkstellig ten einde hul volle en gelyke genieting van alle regte en vryhede moontlik te maak nie."

7 Artikel 33(4) lui soos volg : "Hierdie Hoofstuk belet nie maatreëls wat daarvoor ontwerp is om onbillike diskriminasie deur ander liggame en persone as dié wat ingevolge artikel

vervolg op volgende bladsy

Artikel 32 skep bepaalde individuele regte op onderwys.[8] Vir die hoër onderwyswese is dit belangrik dat die staat in paragraaf (a) aan individuele studente gelyke toegang tot onderwysinstellings verseker. Verder lê paragraaf (b) 'n regstreekse verband met die beskerming van die individuele taal- en kultuurregte wat in artikel 31 verskans word;[9] die totstandbrenging van kultuur-, taal- en godsdiensgeoriënteerde onderwysinrigtings word voorts in paragraaf (c) gemagtig.

1 3 Die rol van provinsiale owerhede

Ingevolge artikel 126 en bylae 6 word daar nie aan die provinsiale regerings regstreekse verantwoordelikheid oor hoër onderwys opgedra nie, maar wel vir "opvoeding op alle vlakke, met *uitsluiting* van universiteits- en technikonopvoeding", asook vir "kulturele aangeleenthede". Daar kan desnieteenstaande vanselfsprekend verwag word dat provinsiale owerhede 'n besondere belangstelling in die hoër onderwys in hulle provinsies sal toon.

Provinsiale wetgewers word deur artikel 126(6) spesifiek gemagtig om die aanname van wetgewing oor aangeleenthede buite hulle jurisdiksie by die parlement aan te beveel[10] en sou dus onregstreeks sterk invloed op die hoër onderwyswese in hulle provinsies kon uitoefen.

1 4 Ontplooiing van die owerheidsbeleid

Vir die duur van die gelding van die Grondwet is artikel 247 van sleutelbelang vir die ontplooiing van owerheidsbeleid ten gunste van spesifieke onderwysinrigtings.[11]

7(1) gebonde is, te verbied nie." Die Amerikaanse ekwivalent hiervan is "civil rights legislation", soos die Civil Rights Act van 1964.

8 32 "Elke persoon het die reg –
(a) op basiese onderwys en op gelyke toegang tot onderwysinstellings;
(b) op onderrig in die taal van sy of haar keuse waar dit redelikerwys uitvoerbaar is; en
(c) om, waar dit uitvoerbaar is, onderwysinstellings gebaseer op 'n gemeenskaplike kultuur, taal of godsdiens tot stand te bring, met dien verstande dat daar geen diskriminasie op grond van ras mag wees nie."

9 31 "Elke persoon het die reg om die taal van sy of haar keuse te gebruik en om aan die kulturele lewe van sy of haar keuse deel te neem."

10 126(6) "'n Provinsiale wetgewer kan by die Parlement die aanname aanbeveel van enige wet wat betrekking het op enige aangeleentheid waaroor so 'n wetgewer nie bevoeg is om wette te maak nie of ten opsigte waarvan 'n Parlementswet ingevolge subartikel (3) voorrang bo 'n provinsiale wet geniet."

11 247 "(2) Die nasionale regering verander nie die regte, bevoegdhede en werksaamhede van die beheerliggame van universiteite en technikons kragtens wette wat onmiddellik voor die inwerkingtreding van hierdie Grondwet bestaan het nie, tensy 'n ooreenkoms wat voortvloei uit bona fide-onderhandeling, met daardie liggame bereik is en redelike kennis van enige voorgestelde verandering gegee is. (3) Indien 'n ooreenkoms nie ingevolge subartikel (1) of (2) bereik word nie, word die nasionale regering en die provinsiale regerings, behoudens die ander bepalings van hierdie Grondwet, nie belet om die regte, bevoegdhede en werksaamhede van die bestuursliggame, bestuursrade of soortgelyke owerhede van departementele, gemeenskap-beheerde of staatsondersteunde primêre of sekondêre skole, sowel as die beheerliggame van universiteite en technikons, te verander

vervolg op volgende bladsy

In hierdie bepaling word die regte, kompetensies en funksies van die beheerliggame van hoër onderwysinrigtings ingevolge die bestaande wetgewing onveranderd gelaat, behalwe as en totdat die nasionale regering ná *bona fide*-onderhandeling met sodanige beheerliggame en ná redelike kennisgewing die verandering daarvan teweegbring.

Sou ooreenkoms egter nie ná onderhandeling tussen die regering en die beheerliggaam bereik word nie, mag die regering wel wysigings aanbring. Die geldigheid van sulke veranderinge kan dan op die proef gestel word aan die hand van die vraag of die veranderinge met al die bepalings van die Grondwet bestaanbaar is.

1 5 Die grondbeginsels van die Grondwet

Die identifikasie van die hoekstene van die nuwe Grondwet is vir die uitleg daarvan van groot belang. Dit is so omdat moderne grondwette teleologies aan die hand van sodanige hoekstene (*Leitideen*) uitgelê word.[12]

Die Grondwet is egter die produk van 'n uitgerekte veelparty-onderhandelingsproses. Dit is ook nie 'n finale produk nie, want die grondslae en prosedure vir die verfyning en noodwendige vervanging daarvan word deur die Grondwet self[13] voorgeskryf. Dit is derhalwe te verstane dat die huidige teks 'n verskeidenheid van prinsipiële "seine" uitstuur wat by geleentheid kreatiewe interpretasie sal verg ten einde hulle met mekaar te versoen.

Die katalogus van fundamentele regte is gewoonlik die belangrikste bron van die grondwetlike grondslae. In hierdie Grondwet is daar egter verskeie ander dele waaruit die grondwaardes ook afgelei moet word, waaronder die aanhef, die laaste "narede"-bepaling[14] en veral ook bylae 4 onder die opskrif *Grondwetlike Beginsels*.

Dit is nie hier geleë om 'n volledige analise van die Grondwet te onderneem om die grondwaardes daarvan te probeer ontbloot nie, maar hieronder in paragraaf 2 word onvermydelik van sodanige grondwaardes kennis geneem ten einde die tersake bepalings sinvol te kan uitlê. Voorlopig word dus met slegs enkele punte volstaan.

Die *Aanhef* begin met die frase: "In nederige erkentlikheid teenoor die Almagtige God" en die substantiewe bepalings van die Grondwet word afgesluit met 'n versugting in ses tale op die tema van "God seën Suid-Afrika". Hierdie frases kan nóg as gesag daarvoor dien dat die Grondwet primêr uit 'n Christelike perspektief uitgelê moet word, nóg kan hulle as betekenisloos afgeskryf word.

---

nie, maar is belanghebbende persone en liggame daarop geregtig om die geldigheid van so 'n verandering ingevolge hierdie Grondwet te toets."

12 Vgl bv Kruger en Currin *Interpreting a bill of rights* (1994), veral die hoofstuk deur Kruger getiteld "Towards a new interpretive theory" en die publikasies waarna op 103 verwys word, asook Du Plessis en De Ville se reeks van drie artikels "Bill of Rights interpretation in the South African context . . ." 1993 *Stell LR* 63 199 356.

13 Hfst 5 van die Grondwet is in geheel daaraan gewy.

14 Vgl Mureinik "A bridge to where? Introducing the interim bill of rights" 1994 *SAJHR* 31.

Allermins moet egter daarvan afgelei word dat die Grondwet erkenning verleen aan die oppergesag van God en dus geen mens, menslike instelling of norms erken wat voorgee om die soewereiniteit van God te misken nie.

Miskien is die sterkste aanduiding van die grondgedagtes wat die Grondwet weerspieël te vinde in die eerste drie paragrawe van die (ongenommerde) laaste bepaling. Enkele sleutelkonsepte word in die onderstaande aanhaling gekursiveer, maar origens spreek die bewoording vir sigself:

> "Hierdie Grondwet bou 'n geskiedkundige *brug* tussen die verlede van *'n diep verdeelde gemeenskap* wat gekenmerk is deur tweespalt, konflik, ongekende *lyding en ongeregtigheid*, en 'n toekoms wat gevestig is op *die erkenning van menseregte, demokrasie en vreedsame naasbestaan* en *ontwikkelingsgeleenthede* vir alle Suid-Afrikaners, ongeag kleur, ras, klas, geloof of geslag.
>
> Die strewe na *nasionale eenheid*, die *welsyn* van alle Suid-Afrikaanse burgers en vrede verg versoening tussen die mense van Suid-Afrika en *sosiale herstrukturering* van die gemeenskap.
>
> Die aanvaarding van hierdie Grondwet lê die vaste fondament vir die mense van Suid-Afrika om die *verdelings en tweespalt van die verlede*, wat gelei het tot growwe skendings van menseregte, die verbreking van menslikheidsbeginsels in gewelddadige konflik en 'n nalatenskap van haat, vrees, skuld en wraak, te *oorbrug*."

In een van die eerste gerapporteerde hofsake waarin die bepalings van die Grondwet toegepas is, het regter Froneman in ooreenstemming met wat hierbo gesê is, 'n voortreflike uiteensetting gegee en dit met die volgende stelling bekroon:[15]

> "The foundational concern of the Constitution is thus to form a bridge between an unjust, undemocratic and closed system of the past, and a future concerned with openness, democratic principles, human rights, reconciliation, reconstruction and peaceful co-existence between the people of the country."

2 'N VERTOLKING VAN ENKELE BEPALINGS VAN DIE GRONDWET

2 1 Die staat se verantwoordelikheid vir en gesag oor universiteite

Uit hoofde van die verdeling van gesag in die Grondwet tussen die nasionale en provinsiale owerhede, is dit duidelik dat die universiteitswese in die uitsluitlike gesagsdomein van die nasionale owerheid tuishoort. Dit blyk uit artikel 37[16] ingevolge waarvan die parlement met wetgewende kompetensie "vir die Republiek" (dit wil sê vir die hele land) beklee word, artikel 75[17] wat die nasionale

---

15 *Qozeleni v Minister of Law and Order* 1994 3 SA 625 (OK) 632–634. Die aangehaalde stelling is op 634B.

16 37 "Die wetgewende gesag van die Republiek setel, behoudens hierdie Grondwet, in die Parlement, wat bevoeg is om wette vir die Republiek ooreenkomstig hierdie Grondwet te maak."

17 75 "Die uitvoerende gesag van die Republiek met betrekking tot alle aangeleenthede wat binne die wetgewende bevoegdheid van die Parlement val, berus by die President, wat sy of haar bevoegdhede en werksaamhede behoudens en ooreenkomstig hierdie Grondwet uitoefen en verrig."

uitvoerende gesag aan die wetgewende kompetensie van die parlement koppel, en bylae 6 wat "universiteitsopvoeding" uitdruklik van die wetgewende gesagsfeer van die provinsies uitsluit.

Die universiteitswese moet dus steeds deur parlementêre wetgewing gereël word en deur 'n nasionale departement wat aan 'n kabinetsminister toevertrou is, geadministreer word.

2 2 Is universiteite staatsorgane?

Artikel 4(2) van die Grondwet bepaal dat die Grondwet (as hoogste reg) "alle wetgewende, uitvoerende en regsprekende *staatsorgane op alle regeringsvlakke*" bind en artikel 7(1) (die eerste bepaling wat oor fundamentele regte handel) bepaal eweneens dat hoofstuk 3 "alle wetgewende en uitvoerende *staatsorgane op alle regeringsvlakke*" bind. In artikel 233(1) word bepaal dat "staatsorgaan", tensy uit die samehang anders blyk, *ook 'n statutêre liggaam* beteken. Ten einde dus vas te stel op watter wyse 'n universiteit deur die Grondwet gebind word, moet eers bepaal word of die universiteit deur die Grondwet as staatsorgaan geag word al dan nie.

Die universiteitswese in Suid-Afrika word uitvoerig deur parlementêre wetgewing gereël. Afgesien van algemene wetgewing wat op al die universiteite van toepassing is, is daar vir elke universiteit 'n spesiale (en in die meeste gevalle, 'n "private") wet deur die parlement aangeneem.

Ingevolge 'n bepaling wat in die meeste private universiteitswette voorkom, bestaan die betrokke universiteit "vir die doeleindes, en is saamgestel op die wyse en het die regte, bevoegdhede, voorregte en pligte" wat in die wet omskryf word. Die universiteit is dus vir sy bestaan, struktuur en kompetensies van parlementêre wetgewing afhanklik. As dít is wat in artikel 233(1) van die Grondwet met 'n "statutêre liggaam" bedoel word, dan word die universiteit deur regswerking vir doeleindes van die Grondwet geag 'n "staatsorgaan" te wees.

Verskeie vrae moet egter beantwoord word alvorens die gevolgtrekking gemaak kan word dat 'n universiteit op dieselfde wyse as byvoorbeeld die kabinet of die Onafhanklike Uitsaai-owerheid deur die bepalings van die Grondwet gebind word:

- Wat word in die Suid-Afrikaanse reg onder "statutêre liggaam" verstaan?
- Kan 'n universiteit as 'n instelling beskou word wat, in die woorde van artikels 4(2) en 7(1) van die Grondwet, op enige "regeringsvlak" funksioneer, en indien wel, watter een?
- Is daar 'n maatstaf wat aangewend kan word om verskillende kategorieë statutêre liggame te identifiseer, sommiges waarvan vir die Grondwet se doeleindes as "staatsorgane" beskou moet word en andere nie?

Die antwoorde op hierdie vrae kan beredeneer word, maar daar kan tans by gebrek aan gesaghebbende judisiële interpretasie van die tersake bepalings van die Grondwet geen finale of onomstootlike norm uitgespel word nie.

Dit wil voorkom of die reg tot dusver die betekenis van "statutêre liggaam" as so vanselfsprekend geag het dat daar in die regspraak[18] en in wetenskaplike geskrifte[19] nie noemenswaardige aandag daaraan geskenk is nie. Waar statutêre liggame nou egter deur die Grondwet as staatsorgane gedefinieer word, moet gevra word of *elke* instelling wat sy bestaan aan 'n statuut te danke het, voortaan vir doeleindes van die Grondwet as staatsorgaan beskou moet word: in hierdie kategorie ressorteer byvoorbeeld die Bybelgenootskap van Suid-Afrika (Wet 15 van 1970), die Metodistekerk van Suider-Afrika (Wet 111 van 1978), Die Nasionale Parkeraad (Wet 57 van 1976), die Bemarkingsraad (Wet 59 van 1968), die Landbank (Wet 13 van 1944), die Suid-Afrikaanse Geneeskundige en Tandheelkundige Raad (Wet 56 van 1974), en so meer.

Daar is 'n hele aantal wette wat die begrip "statutêre liggaam" *vir doeleindes van die betrokke wet* omskryf. Uit hierdie omskrywing kan moontlik afleidings gemaak word, maar dit sal met omsigtigheid gedoen moet word omdat sulke woordomskrywings dikwels vir 'n bepaalde wet "pasgemaak" word.[20]

---

18 In *Gamiet v Heckroodt* 1960 1 SA 614 (A) het dit bv bloot gegaan oor die toepassing van die definisie van 'n statutêre liggaam in a 1 van die Wet op Groepsgebiede 41 van 1950 (nl "enige raad of liggaam deur of kragtens 'n wet ingestel") op die vraag of die Groepsgebiede-ontwikkelingsraad (as statutêre liggaam) ingestel ingevolge a 2 van die Wet op die Ontwikkeling van Groepsgebiede 69 van 1955, 'n ras het (!). Die hof bevind (624B) dat die raad, al is dit 'n statutêre skepping, nie 'n statutêre liggaam nie, maar (623H) "is really an organ or department of government which has been brought into existence to facilitate the working of group area legislation". Die beredenering in die regspraak oor die regterlike hersienbaarheid van besluite van die komitee van die effektebeurs op grond van die openbare belang wat gedien moet word, is in hierdie verband meer insiggewend: vgl bv *Dawnlaan Beleggings (Edms) Bpk v Johannesburg Stock Exchange* 1983 3 SA 344 (W) veral 364–365, wat in 'n reeks gewysdes gevolg is, waaronder *Davies v Chairman, Committee of the Johannesburg Stock Exchange* 1991 4 SA 43 (W) 46.

19 'n Kwessie wat egter nuttig is om hier in berekening te bring, dog nie presies dieselfde vraag aanspreek nie, is die identifikasie van 'n *administratiewe owerheidsorgaan* of 'n *public body* soos dit na vore kom in die administratiefregtelike literatuur en regspraak. Dit is ter sake omdat dit handel met maatstawwe vir die toepassing van publiekregsnorme op instellings wat van owerheidsweë ingestel is, maar dit handel nie met presies dieselfde vraag nie omdat a 233(1) van die Grondwet die ongenuanseerde begrip "statutêre liggaam", wat 'n spesie van die *genus* "owerheidsorgaan" kan wees, gebruik. Oor die betekenis van en toetse vir die klassifikasie van 'n administratiewe owerheidsorgaan, kan veral Wiechers *Administratiefreg* (1984) 73–77 en die gesag daarin aangehaal, geraadpleeg word. Sien ook Baxter *Administrative law* (1984) 99–101 (wat nie juis 'n duidelike rigting aandui nie), en Boulle, Harris en Hoexter *Constitutional and administrative law* (1989) 246–248.

20 'n Verteenwoordigende monster van sulke omskrywings van 'n *statutêre* liggaam is die volgende:
Wet 6 van 1962: "enige raad, fonds, instelling, maatskappy, korporasie of ander organisasie wat by of kragtens 'n wet gestig of saamgestel is";
Wet 94 van 1969: "'n raad of ander liggaam wat by of kragtens 'n Wet van die Parlement of 'n ordonnansie van 'n provinsiale raad of van die Wetgewende Vergadering van die gebied ingestel is om 'n werksaamheid te verrig wat by of kragtens wet voorgeskryf is, en (a) ten opsigte waarvan al die uitgawes aan die besoldiging van sy voltydse lede bestry word uit gelde wat deur die Parlement of deur 'n provinsiale raad of deur die Wetgewende Vergadering van die gebied, na gelang van die geval, vir die doel bewillig word;

vervolg op volgende bladsy

Dit is uit die aard van 'n grondwet asook die spesifieke bepalings van artikels 4 en 7 van die Grondwet duidelik dat dit daarin in die eerste plek gaan om die staat, sy struktuur, die verdeling van gesag tussen sy organe en sy verhouding met die ander deelnemers aan die regsverkeer, en dan primêr die publiekregsverkeer. Dit kom dus onwaarskynlik voor of die oogmerk met die insluiting van statutêre liggame by die omskrywing van staatsorgane daarop gemik kan wees om buite die normale terrein van die Grondwet te tree. Waar so 'n oogmerk in die Grondwet nagestreef word, word dit onomwonde gedoen.[21] Dit lyk dus geregverdig om, deur die toepassing van die frase "tensy uit die samehang anders blyk" in artikel 233(1), die aard van 'n statutêre liggaam in aanmerking te neem by die bepaling van die vraag of dit as staatsorgaan beskou moet word.

'n Staatsorgaan is 'n persoon of instelling wat owerheidshandelinge gesaghebbend namens die staat kan verrig. Owerheidshandelinge is handelinge wat die staat in die uitoefening van sy owerheidsgesag verrig. Hieruit spruit 'n sinvolle maatstaf voort aan die hand waarvan bepaal kan word of 'n statutêre liggaam as staatsorgaan benader word al dan nie, naamlik *die vraag of die statutêre liggaam owerheidsgesag namens die staat uitoefen.*[22]

Sou hierdie maatstaf aangelê word, blyk dit byvoorbeeld duidelik dat die Onafhanklike Uitsaai-owerheid, ingestel ingevolge Wet 153 van 1993, gemaklik as statutêre liggaam in die kategorie van 'n staatsorgaan val omdat die Uitsaai-owerheid tipiese owerheidshandelinge, soos die uitreiking van lisensies, beheer oor die uitsaaifrekwensiespektrum en die toepassing van gedragskodes, verrig vir doeleindes waarvan die wet aan hom gesag verleen. Daarenteen is dit ooglopend dat 'n kerklike of kulturele instelling wat ingevolge 'n private wet ingestel is nouliks beskou kan word as 'n orgaan wat met staatsgesag beklee is.

---

of (b) wat, op sy aansoek, deur die Minister in oorleg met die Minister van Finansies as 'n statutêre liggaam vir die doeleindes van hierdie Wet aangewys is";
Wet 70 van 1970: "(a) 'n raad of liggaam wat by of kragtens 'n wet ingestel is en wie se fondse in die geheel of ten dele bestaan uit geld wat die Parlement ten bate van die raad of liggaam bewillig het; (b) 'n plaaslike bestuur; (c) 'n ander raad of liggaam, of 'n raad of liggaam wat behoort tot 'n klas rade of liggame, wat die Minister by kennisgewing in die Staatskoerant tot 'n statutêre raad of liggaam of statutêre rade of liggame vir die doeleindes van hierdie Wet verklaar";
Wet 77 van 1973: "'n komitee of liggaam van persone wat kragtens 'n Wet van die Parlement of 'n ordonansie van 'n provinsiale raad . . . ingestel is";
Wet 53 van 1985: "(a) 'n raad of liggaam by of kragtens 'n wet ingestel, wat geheel en al of gedeeltelik in stand gehou word uit geld vir die doel deur die Parlement bewillig, en waarvan die administratiewe personeel geheel en al of gedeeltelik bestaan uit persone wat aan die Staatsdienswet, 1984 (Wet 111 van 1984), onderworpe is; (b) 'n plaaslike bestuur; en (c) enige ander raad of liggaam wat die Minister by kennisgewing in die Staatskoerant tot 'n statutêre liggaam vir die doeleindes van hierdie Wet verklaar";
Wet 52 van 1989: "enige plaaslike owerheid, raad, fonds, instelling, maatskappy, korporasie of ander organisasie wat gestig of saamgestel is by of kragtens 'n wet en waarvan die rekenings en finansiële state ingevolge daardie wet deur die Ouditeur-generaal geouditeer moet word."

21 Vgl bv a 33(4) en 35(3) van die Grondwet.

22 Vgl Wiechers 75 *in fine* 76 *in fine*.

Die vraag of 'n universiteit 'n staatsorgaan is omdat dit 'n statutêre skepping is, het prominent in die Kanadese Supreme Court-uitspraak *McKinney v University of Guelph* [1990] 3 SCR 229 na vore gekom. Daar bestaan 'n groot mate van ooreenstemming tussen die juridiese ordeningswyse van Suid-Afrikaanse en Kanadese universiteite en derhalwe is die *McKinney*-uitspraak hier van besondere nut. Uit die verskeie toepaslike *dicta* in die uitspraak van regter La Forest kan die volgende uitgelig word:

> "But the mere fact that an entity is a creature of statute and has been given the legal attributes of a natural person is in no way sufficient to make its actions subject to the *Charter*. Such an entity may be established to facilitate the performance of tasks that those seeking incorporation wish to undertake and to control, not to facilitate the performance of tasks assigned to government."

Benewens bogemelde argumente teen insluiting van universiteite by die definisie van staatsorgane kan ook oorweeg word of die buite-staatlike ontstaan van die meeste Suid-Afrikaanse universiteite nie hier ter sake is nie. Dit sou vreemd opval indien 'n universiteit wat histories as private of nie-staatlike instelling ontstaan het, geag word 'n staatsorgaan te geword het bloot weens die feit dat dit sogenaamd statutêr geïnkorporeer is. Bowendien is dit nouliks denkbaar dat enige van die statutêre kompetensies van die universiteit vertolk kan word as owerheidshandelinge wat namens die staat verrig word.

Daar word gevolglik aan die hand gedoen dat daar, totdat 'n hof anders sou beslis of wetgewing anders bepaal, aanvaar moet word dat universiteite nie binne die definisie van artikel 233(1) van die Grondwet val nie en dus nie op dieselfde wyse as die staat en sy organe deur die Grondwet gebind word nie.

Dit beteken egter hoegenaamd nie dat die Grondwet se bepalings vir universiteite irrelevant is nie. Vanselfsprekend is 'n universiteit ingevolge die Grondwet 'n reghebbende.[23] Dit is egter ook nodig om die uitwerking van die "uitstralingsbepaling" in artikel 35(3)[24] van die Grondwet op die universiteit te verreken. Uit die bewoording van hierdie bepaling is dit duidelik dat enige

---

23 Vgl bv a 7(3) en (4) van die Grondwet wat bepaal:
"(3) Regspersone is geregtig op die regte in hierdie Hoofstuk vervat waar, en in die mate waarin, die aard van die regte dit vatbaar daarvoor maak.
(4) (a) Wanneer 'n inbreuk op of bedreiging van enige reg in hierdie Hoofstuk verskans, beweer word, is enige persoon bedoel in paragraaf (b) daarop geregtig om by 'n bevoegde geregshof gepaste regshulp aan te vra, wat 'n verklaring van regte kan insluit.
(b) Die regshulp bedoel in paragraaf (a) kan aangevra word deur–
(i) 'n persoon wat in sy of haar eie belang optree;
(ii) 'n vereniging wat in die belang van die lede daarvan optree;
(iii) 'n persoon wat namens iemand anders optree wat nie in 'n posisie is om sodanige regshulp in sy of haar eie naam aan te vra nie;
(iv) 'n persoon wat as 'n lid van of in die belang van 'n groep of klas persone optree; of
(v) 'n persoon wat in die openbare belang optree."

24 35(3) "By die uitleg van enige wet en die toepassing en ontwikkeling van die gemene reg en gewoontereg, neem 'n hof die gees, strekking en oogmerke van hierdie Hoofstuk behoorlik in ag."

regsreël, hetsy statutêr, gemeenregtelik, geskrewe of ongeskrewe daardeur getref word. Elke handeling van 'n universiteit wat regtens gereguleer word (en daar is weinig wat buite dié kategorie val), moet dus ooreenkomstig die "gees, strekking en oogmerke" van hoofstuk 3 van die Grondwet beoordeel word. Die vraag is egter watter betekenis aan "gees, strekking en oogmerke" gegee moet word. Dit is ook 'n aangeleentheid wat gesaghebbend deur die howe vertolk sal moet word en intussen kan dit slegs beredeneer word.

Daar word aan die hand gedoen dat artikel 35(3) nie fundamentele regte summier op die terrein van die privaatreg ("horisontaal") laat geld nie. Die vraag sal egter in elke konkrete geval gevra moet word of daar 'n riglyn in hoofstuk 3 gevind kan word wat sinvol op 'n regshandeling van die universiteit toegepas kan word. Die volgende tipe voorbeelde kan ter illustrasie dien:

- Artikel 8(2) bevat 'n diskriminasieverbod: sonder om dit oor die boeg van 'n fundamentele reg te gooi maar wel in ooreenstemming met die "gees, strekking en oogmerke" wat uit sodanige verbod blyk, kan aanvaar word dat geen regsvoorskrif die universiteit veroorloof om "onbillik" te diskrimineer nie.
- Artikel 13, wat aan elke persoon "die reg op sy of haar privaatheid" verleen, dra vir die universiteit moontlik implikasies vir die manier waarop daar met die persoonlike gegewens van personeel en studente omgegaan word en vir die toegang wat die universiteitsowerheid homself tot studente en personeel se rekenaardata veroorloof.
- Enige universitêre aktiwiteite wat nadelig vir die omgewing of mense se gesondheid is, sal waarskynlik as onregmatig aangemerk kan word uit hoofde van die "gees, strekking en oogmerke" van artikel 29.[25]

Hieruit kan die gevolgtrekking gemaak word dat, al sou die universiteit nie geag kan word 'n staatsorgaan te wees nie, en al sou niemand 'n fundamentele reg as sodanig teen 'n universiteit as statutêre liggaam kon afdwing nie, die regsmilieu waarin die universiteitswese funksioneer, deurdrenk is met die gedagtegoed waarop die fundamentele regte van die Grondwet berus en dat universiteite hulle optrede dienooreenkomstig sal moet skik.

2 3 Akademiese vryheid en institusionele outonomie

Terwyl die Grondwet, soos aangedui, (in a 14(1)) uitdruklik melding maak van "akademiese vryheid" en (in a 15(1)) van "vryheid van wetenskaplike navorsing", word geen regstreekse verwysing na die outonomie van universiteite gemaak nie.

2 3 1 Akademiese vryheid en vryheid van wetenskaplike navorsing

Wat "akademiese vryheid" en "vryheid van wetenskaplike navorsing" regtens behels, is nie 'n uitgemaakte saak nie. Die Suid-Afrikaanse reg self bied weinig leidrade aangesien daar nie 'n fundamentele regte-tradisie is waarop staatgemaak

---

25 29 "Elke persoon het die reg op 'n omgewing wat nie vir sy of haar gesondheid of welsyn nadelig is nie."

kan word nie. Derhalwe moet verwag word dat daar in die regsprekende en wetgewende prosesse sterk op regsvergelyking gesteun sal word.[26]

'n Probleem is egter dat daar maar enkele ander grondwette is wat akademiese vryheid en vryheid van wetenskaplike navorsing by name vermeld en verskans. Benewens die Duitse bepaling wat hieronder behandel word, is daar byvoorbeeld artikels 20.1(c)[27] en 27.10[28] van die Spaanse Grondwet van 1978, artikel 17 van die Oostenrykse *Staatsgrundgesetz über die allgemeinen Rechte der Staatsbürger*[29] en artikel 9(1)[30] van die Europese Menseregtekonvensie. In die meeste ander jurisdiksies word akademiese vryheid afgelei van ander grondwetlike regte soos gewetensvryheid, spraakvryheid of vryheid van inligting. Daar word aan die hand gedoen dat die naaste vergelykbare stelsel[31] waarby kers opgesteek kan word, die Duitse stelsel is ten opsigte waarvan daar in elk geval ook die wydste gesaghebbende vertolkings te vinde is.[32]

Artikel 5(3) van die Duitse *Grundgesetz* (hierna "*GG*") bepaal in die eerste sin dat die kuns en wetenskap, navorsing en onderrig *vry* is.[33] By die toepassing van hierdie bepaling het die Duitse konstitusionele hof klinkklare bevindings gemaak, waaronder die volgende:

In order to get ourselves to the edge of the legal order and do our balancing trick there we need a different perspective of what legal theory is. We need to break the hypnotic spell of accepted formulae, generalisations, universalities and logical sequences, and look for cracks in accepted theory where we can start worrying at the surface of the coalface. We have to turn to different stories of the law, stories of the marginal and the trivial or unusual. Stories such as the *Diepsloot* case. A marginal case, by all accounts – a case which highlights quite an astonishing wealth of fissure lines, faults and breakdown points in South African property theory and practice. Tap on the applicants' version of this story, and a hairline crack appears when it becomes apparent that their resistance to the establishment of a less formal settlement is much more than a superficial effort to protect private property from nuisance – deeper down it is resistance to social and political change. Under the surface of what looks like a fairly normal neighbour law dispute there is evidence of the wish to maintain the *status quo*, to time-freeze property relations and distributions as they are. Prod at the three courts' versions of this story, and a light shower of crumbling flakes and dust is released in the judges' scramble for meaning and justification in what appears to be more or less contradictory judgments. There is no room for an appeal to a shared religious or metaphysical frame of reference, and therefore the various judgments seek comfort in a remarkably unappetising and unconvincing show of

113 Who is a professor in the Department of Private Law, Rijksuniversiteit Limburg, Maastricht, Netherlands. See Van Maanen "Balanceren op de grens van de rechtsorde" 1982 *Recht en Kritiek* 467.

confidence in the legend of abstract scientific private law reasoning,[114] or in a superficial display of liberal open-mindedness regarding a supposedly equally scientific public law reasoning which takes note of the changing *boni mores*,[115] while leaving the well-established legend of subjectivist private law thinking intact. And, more or less finally, peer at the ghost story that is never quite presented by the invisible yet dust-coated members of the squatter community continually hovering in the wings of this story, and then feel the hair at the back of your neck rise at the fleeting but uncomfortable thought of further, unseen cracks and fault lines somewhere above, ready to give under the immense weight of all those millions of tons of black pressure. Actually, this is a common and well-known story, one that was often told and more often pointedly not told in those gloomy days before the election, and even now, in the heady aftermath of the initial transition. But it is not a story which is often told as part of legal culture. We do not deal in ghost stories – after all, we are scientists.

We deal in legends, though, and in fables and in fairytales. We uphold the legend of the law as a neutral and abstract system of logical and coherent concepts and institutions which, when deftly manipulated by a professional, produces just and equitable results. We embroider upon the fable of a legal community which, when suitably prompted, can be delivered of flexible yet objectively trustworthy consensual legal convictions to fill in the gaps where legal science is still straining to keep up with social dynamics. And we proclaim the fairytale of a lone judge who dispenses justice objectively with the broadsword of neutral principles and mechanical interpretivism, periodically and unquestioningly sharpened on the grindstone of a handily positioned interpretive community.[116] And the ghost stories and the horror stories about all those invisible cracks and the constant pressure upon them? We try not to think about those. Not too often, anyway.

---

114 Per De Villiers J in the first decision, see 1993 1 SA 577 (T). This judgment is an example of a supposedly abstract and neutral or mechanical application of the syllogism of subjective rights: Individual property rights are inviolate and may be infringed only if so provided by law; a law providing for such infringement would make provision for suitable compensation; the law in question makes no provision for compensation; therefore, infringement upon individual rights could not have been foreseen and is not justified by that law.

115 Per McCreath J in the second judgment, see 1993 3 SA 49 (T), and per Smalberger JA in the decision of the Appellate Division, see 1994 3 SA 336 (A). In the former judgment the court makes heavy weather of the question whether the decision should be based upon the private law doctrine of nuisance or the public law doctrine of statutory authority. In the final judgment the court sets out a strictly legalistic argument based upon statutory authority, then rejects this argument for being too legalistic, and finally settles for a judgment based upon a no less legalistic analysis of the powers of the administrator in terms of what is argued to have been the intention of the legislator by necessary implication.

116 See in this regard the poignant remarks of Schlag "Fish v Zapp: the case of the relatively autonomous self" 1987 *Georgetown LJ* 37.

Deliktuele aanspreeklikheid weens nadeel deur onbekende lede van 'n groep toegebring I: Probleemstelling, die regsvergelykende metode, sekere gebruikte begrippe en die menings van Suid-Afrikaanse skrywers*

CFC van der Walt

BJur et Art LLD

Professor in die Privaatreg, Potchefstroomse Universiteit vir CHO

SUMMARY

Delictual liability for harm brought about by unknown members of a group

The topic will be explored in four parts. In this article the question to be studied is set out, the applicability of the comparative method and the way in which it should be employed explored, certain terms explained and the views of South African authors on the matter researched. In the second article the probable nature of and requirements for the delictual liability of a group member where harm was occasioned by someone else in the group, are examined. This entails a discussion of concepts such as tortfeasorship and causality in the Anglo-American and German legal systems. The third article covers the position in Switzerland, and explains the new approach recently adopted in the Netherlands. In the fourth article the question whether the proposed delictual liability of a group member will not unduly inhibit people in exercising their fundamental right to express themselves and to demonstrate, is addressed. In this context the influence of violence occurring in the course of a demonstration, and the role that the imposition of delictual liability could play relative to other available remedies, is commented upon in the light of experience gained elsewhere. Some conclusions and proposals are also made there.

"Group" is used here to indicate everybody involved in the activity, regardless of the party with which persons may have aligned themselves.

The matter in hand concerns but one example of the vexed question of multiple causation. Matters are further complicated by the proven potential of mass demonstrations to lead to violence and harm. Approaching the comparative research from an angle which takes cognisance of the teachings of the functional school, but which also takes into account relevant extra-juridical perspectives, opens up many more possibilities for discovering the similarities and differences between legal systems with a view to reaching a useful synthesis in the end.

---

* Die finansiële en ander ondersteuning wat verleen is deur die Sentrum vir Wetenskapsontwikkeling, Getrouheidsfonds vir Prokureurs en PU vir CHO het meegehelp dat hierdie ondersoek onderneem kon word. Elke bydrae word met dank erken. Standpunte hierin ingeneem moet uiteraard slegs aan die navorser toegeskryf word.

South African authors agree that the *conditio sine qua non* doctrine fails in cases of multiple causation. How this should be remedied, however, is problematic. Viewpoints vary from stout defence of the traditional doctrine, to cosmetic tinkering with it, or the creation of a "joint deed/action" doctrine, to the outright rejection of the traditional doctrine, replacing it with an approach based on common sense. There is a clear need for a strong proposal to give new direction to the debate and to facilitate the solution of some of the practical problems arising from group situations causing harm.

1 INLEIDING

1 1 'n Ondersoek in vier dele

Baie min koerante, tydskrifte, nuusbulletins of gesprekke in Suid-Afrika handel nie tans onder andere oor die gewelddadige aard en skadestigtende gevolge van die een of ander vorm van massa-optrede nie. Die wye voorkoms daarvan mag nie ongemerk aan die skadevergoedingsreg verbygaan nie.[1] Hierdie bydrae behels die eerste deel van die verslag oor 'n ondersoek na die betrokke terrein. Dit handel oor 'n verskynsel wat byna oral al meer van belang is. Oorhoofs word dit toenemend as die probleem van "multi-kousale nadeel"[2] aangedui. As sodanig kom dit op verskillende terreine voor,[3] waarvan hierin net een aangepak word.[4] Voorlopig kan gesê word dat dit hier uiteindelik gaan oor gevalle waar

1 As 'n eerste hipotese vir die ondersoek kan gesê word dat daar in beginsel deur die skadevergoedingsreg gevolge geheg behoort te word aan gevalle soos dié wat die onderwerp van hierdie ondersoek uitmaak.

2 Hierin word nie onderskei tussen vermoënskade en nie-vermoënskade nie (Switserse *BGE* (*Bundesgerichtsentscheidungen*) 57 II 417, 420), en word albei as vorme van nadeel beskou waaraan verskillende regsgevolge geknoop mag word. Vir die Suid-Afrikaanse reg word volstaan met die vanselfsprekende stelling dat in elke geval aan die normale vereistes vir die vestiging van aanspreeklikheid voldoen moet word alvorens 'n verbintenis tot die betaling van skadevergoeding, genoegdoening of kompensasie tot stand sal kom. Sover moontlik word dus hierin na *nadeel* ("harm") verwys.

3 Benewens die kwessie van die vergoeding van nadeel veroorsaak tydens demonstrasies en boikotte, gebouebesettings en deur toeskouerwangedrag, bv ook in verband met privaatregtelike aanspreeklikheid ingevolge die milieureg (Pellon *Privatrechtliche Haftung für Umweltschäden und Versicherung* (1993)); produkte-aanspreeklikheid (Schweighauser *Hersteller, Mehrzahl von Ersatzpflichtigen und Regress im Produktehaftungsrecht* (doktorale proefskrif StGallen 1993)) in die algemeen, en besonderlik ook aanspreeklikheid weens nadeel veroorsaak deur die inname van voorgeskrewe farmaseutiese stowwe met nadelige nawerkinge (Bodewig "Probleme alternativer Kausalität bei Massenschäden" 1985 *AcP* 505–508; Pfister *Die Haftung des Herstellers für Nebenwirkungen von Arzneimitteln nach amerikanischem Recht* (1989); Fernhout, Bregonj en Otto "Alternatieve causaliteit en DES-dochters" 1989 *NJB* 1376–1378; Vogel *Die Produkthaftung des Arzneimittelherstellers nach schweizerischem und deutschem Recht, mit zusätzlicher Berücksichtigung der EG-Produkthaftungs-Richtlinie und weiterer Rechtsordnungen* (1991); *Sindell v Abbott Laboratories; Rogers v Rexall Drug Company* 26 Cal 3d 588, 163 Cal Rprtr 132, 607 P 2d 924, 2 ALR 4th 1061, 449 US 912 (1980), die beroemde DES (diethylstilbestrol)-saak – verskuiwing van bewyslas ten opsigte van kousaliteit na die verweerders/aanspreeklikheid volgens markaandeel). Ook gevalle van bydraende nalatigheid word as 'n verskyningsvorm van multi-kousale nadeel aangemerk (bv deur Boberg *The law of delict: vol 1 Aquillian liability* (1984) 386 404(e) ev).

4 Na die vergoeding van nadeel aangerig deur gebouebesetting, optrede van stakende werkers en toeskouerwangedrag word hierin net verwys. Dieselfde grondprobleem doen hom in elk geval daar voor as in die gevalle wat hierin ondersoek word (Oftinger 1968 64

vervolg op volgende bladsy

nadeel aangerig word deur mense wat deel uitmaak van 'n demonstrasie sonder dat vasgestel kan word wie uit die groep die nadeel daadwerklik toegebring het.

Aspekte van die problematiek van aanspreeklikheid vir nadeel in groepsverband toegebring, geniet toegespitsde aandag van werkgewers en die howe in sommige lande – en byna oral van skrywers. Ten spyte daarvan heers groot onsekerheid oor die grondslag van en vereistes vir sodanige aanspreeklikheid, veral as dit toegepas word op verskynsels soos demonstrasies. Die tradisionele benaderingswyses, begrippe en tegnieke van die skadevergoedingsreg blyk veelal ontoereikend te wees vir die taak,[5] en die vraag is hoe dit dan sinvol gehanteer kan word. Enige poging om hierop 'n antwoord te vind, moet, benewens die vaktegniese aspekte, ook die beklemtoning van die belang van die fundamentele reg op vrye meningsuiting en demonstrasie terdeë verdiskonteer.[6]

Die eerste deel van die ondersoek gaan daaroor om die probleem te omlyn, uit te maak of en hoe die regsvergelykende metode aangewend kan word om die ondersoek te bevorder,[7] om sekere begrippe te omskryf en die menings van Suid-Afrikaanse skrywers daaroor aan te teken. Vir sover dit met die oog op die latere bespreking van die vereistes vir sodanige aanspreeklikheid nodig is, moet enkele aspekte van die sosiologiese verskynsel van groepsvorming aangestip word.[8]

Die tweede been van die ondersoek fokus op die vraag waarmee 'n mens ingevolge die reg aangaande die onregmatige daad eintlik te make het waar een of meer ongeïdentifiseerde persone, wat deel is van 'n groep, nadeel onregmatig aan 'n ander toebring; die benadeelde(s) kan uiteraard self deel van die groep, of 'n buitestander(s) wees. Die vraag is op watter grondslag iemand anders, wat wel deel van die groep was maar nie die nadeel berokken het nie, vir daardie nadeel aanspreeklik gehou kan word.[9] Verder word gepoog om die vereistes vir sodanige aanspreeklikstelling te gee. Reëls in verband met die onderlinge verhaal tussen groepslede wat aanspreeklik gehou word vir nadeel wat in groepsverband onregmatig veroorsaak is, word slegs genoem waar die betoog dit nodig maak. Hier word regsvergelykend kennis geneem van wat ten opsigte van die handelings- en kousaliteitsvereistes in die Anglo-Amerikaanse en Duitse reg ontwikkel het.

In die derde aflewering word oorweeg of ons iets uit die posisie in die Switserse reg kan leer, en word die onlangse nuwe rigting wat deur die Nederlandse wetgewer hieroor ingeslaan is, uiteengesit.

SJZ 228: gebouebesetting; *BGE* 57 II 417 419–420: stakende werkers rand nie-stakendes aan; sporttoeskouers), hoewel veral deur statutêre ingrype besondere reëls op die meeste van daardie gebiede kan bestaan. Sodanige reëls word nie hierin bespreek nie.

5 Hierdie kan as 'n tweede hipotese vir die ondersoek aangemerk word.

6 Hierdie kan as 'n derde hipotese vir die ondersoek aangemerk word.

7 As 'n vierde hipotese vir die ondersoek kan aangemerk word dat die aanwending van die regsvergelykende metode hier tot verrykende resultate vir die Suid-Afrikaanse reg kan lei.

8 Voorlopig word hier net daarop gewys dat aan "groep" in hierdie verband 'n wyer as gewoonlike betekenis toegeken word. Dit word in par 3 5 verduidelik.

9 As 'n vyfde hipotese vir die ondersoek kan gesê word dat iemand wat deel was of deel gebly het van 'n groep waaruit iemand anders onregmatig nadeel teweeggebring het, in gepaste gevalle vir sodanige nadeel deliktueel aanspreeklik gehou behoort te kan word.

In die vierde gedeelte van die verslag word ingegaan op die vraag na die toepassing op en betekenis van die onderhawige aanspreeklikheidsvorm vir demonstrasies.[10] In daardie gedeelte kom die vraag na die verband tussen aanspreeklikstelling weens onregmatige dade in groepsverband gepleeg en beskerming van die fundamentele reg op meningsuiting deur demonstrasie aan die orde. Voorts word oorweeg watter rol sodanige aanspreeklikstelling moontlik relatief tot ander regsmiddele in verband met die hantering van die uitwerking van gewelddadige optrede tydens demonstrasies kan speel. Sekere gevolgtrekkings en aanbevelings word ook gemaak.

Hoewel die hele ondersoek regsvergelykend aangepak word, geskied dit steeds in die lig van wat in die Suid-Afrikaanse omstandighede moontlik en wenslik mag wees.

1 2 Breë probleemstelling

Die vrae waaroor dit hier handel, is tipies van die samelewing in die laaste dekades van die twintigste eeu, en moet in daardie lig benader en opgelos word.[11] Dat die vraag na sodanige verfyning en afgrensing van die aanspreeklikheidsreëls altyd ,só, amper by nabaat, aandag trek, kan miskien toegeskryf word aan die aard van die problematiek teen die agtergrond van die tradisionele *casum sentit dominus*-benadering – in elk geval kan dit nie sonder meer as 'n teken van werklikheidsvreemdheid of taakversuim aan die kant van privaatregslui aangemerk word nie. Dit is waarskynlik eerder die geval dat die onhoudbaarheid van oordrewe beklemtoning van die alles-of-niks-uitwerking van daardie benadering tot die afwenteling van nadeel, wat swaar op die mens- en wêreldbeskouings van die 19de eeu steun, meer algemeen erken word. Ernstiger pogings word dus aangewend om oplossings te soek vir situasies wat dalk in die verlede uit 'n dogmatiese hoek as anomalieë afgemaak is. Intussen het die erkenning van aanspreeklikheid in gevalle wat nie noodwendig logies verklaarbaar of histories of sistematies konsekwent is nie, omdat dit óf nie sonder meer onder die tradisionele subjektiewe regte-leer tuisgebring kan word nie, óf 'n vraagteken agter die gewaande noodwendige rasionaliteit van die geykte vereistes vir aanspreeklikheid geplaas het, groot veld gewen. Die Verligting, met sy beklemtoning van rasionele denkmodelle het immers grootliks teleurgestel en verbygegaan; daar moet nou opnuut erken word dat ook die skadevergoedingsreg met die pluraliteit van die betrokke stuk werklikheid rekening moet hou.

---

10 Gepubliseer te word as 'n afsonderlike bydrae.

11 Die 19de eeu het sy eie uitdagings vir die skadevergoedingsreg gebied, veral tov aanspreeklikheid vir nadeel veroorsaak deur die spoor- en motorverkeer, steengroewe, myne, plofstowwe, fabrieke en elektrisiteit. Daarop is geantwoord deur met die skuldvereiste weg te doen of dit af te water en strikte aanspreeklikheid in te voer. Hiermee het 'n verfyning van die destyds geldende skadevergoedingsreg ingetree wat meteen ook tot verskerpte aanspreeklikheid op die betrokke terreine gelei het (só skryf Hedemann in 1910 in Hedemann *Die Fortschritte des Zivilrechts im XIX Jahrhundert, Erster Teil: Die Neuordnung des Verkehrslebens* (1910) 82–98).

Die negentiende eeu is ook op 'n ander manier vir die onderwerp van belang. Destyds, soos nou, het dit ook gehandel oor menslike aktiwiteite wat, hoewel dit 'n erkende potensiaal het om nadeel te veroorsaak, desondanks as gewens of toelaatbaar aangemerk is, met dien verstande dat dit tot aanspreeklikheid kon lei in gevalle wat nie aan die andersins geldende vereistes daarvoor sou voldoen het nie. Destyds was vrae rakende aanspreeklikheid vir nadeel wat deur die bedryf van treine, motorvoertuie en vliegtuie teweeggebring is met verwysing na die fundamentele regte op ondernemings- en bewegingsvryheid aan die orde.[12] Nou moet besin word oor die noodsaaklike verfyning van die reëls rakende 'n geval van aanspreeklikheid vir nadeel waarvan die oorsaak nie bewys kan word nie, en moet die betrokke fundamentele reg(-te) terdeë in ag geneem word. In 'n sekere sin het die vraagstelling dus dieselfde gebly, naamlik: hoe ver, gesien teen die agtergrond van die betrokke fundamentele regte, behoort aanspreeklikheid te strek waar nadeel uit sekere wenslike dog gevaarskeppende aktiwiteite ontstaan?

2 DIE AANWENDBAARHEID VAN DIE REGSVERGELYKENDE METODE OP DIE ONDERWERP

2 1 Inleiding

Die taak wat hier aangepak word, stel hoë eise aan enige ondersoekmetode, soos reeds blyk uit die volgende onheilspellende woorde van Prosser:

> "The terms 'joint tort' and 'joint tortfeasors' have been surrounded by no little uncertainty and confusion[13] . . . An examination of the multitude of cases in which they are to be found leads to the conclusion that they have meant very different things to different courts, and often to the same court, and that much of the existing confusion is due to a failure to distinguish the different senses in which the terms are used, which often has had an unfortunate effect on the substance of the law."[14]

Gesien die verreikende verskille wat op hierdie gebied tussen regsfamilies en regstelsels binne dieselfde regsfamilie en selfs binne een regstelsel voorkom, is die uitdaging dus groot. Die aanwendbaarheid van die regsvergelykende metode word egter nie verhinder deur die feit dat die verskille wat op die betrokke terrein bestaan groot is of ooreenkomste slegs met moeite vasgestel kan word nie.[15] Dit gaan immers by die regsvergelykende metode oor 'n wetenskaplike metode wat daarop gerig is om in die lig van die ooreenkomste en verskille tussen regstelsels oor 'n onderwerp tot 'n sintese te kom, ten einde sinvolle teorievorming, aanwendbare gevolgtrekkings en kreatiewe probleemoplossing te

---

12 Só neem Hedemann 83 uitdruklik standpunt in ivm die afstanddoening van die skuldbeginsel in Oostenryk.

13 Hierin sal blyk dat dit nie noodwendig tot groter helderheid lei as die onderhawige probleem in terme van gesamentlike of mededaderskap uitgedruk word nie.

14 *Prosser and Keeton on the law of torts* (5 uitg Keeton) (1984) 322; Harper, Fleming en Gray *The law of torts* vol 3 (1986), met 1991 *Cumulative supplement No 2* III 1; Van Oosten "Oorsaaklikheid in die Suid-Afrikaanse strafreg – 'n prinsipiële ondersoek" 1982 *De Jure* 4–33 25 vn 7 kla ook oor die begripsverwarring wat voorkom tussen dinge soos "gesamentlike", "alternatiewe" en "kumulatiewe kousaliteit".

15 Venter *et al Regsnavorsing: metode en publikasie* (1990) 221–222.

bereik.[16] By die keuse van die betrokke regstelsels en die wyse waarop daaroor verslag gedoen word, moet die diepgaande verskille nietemin terdeë in gedagte gehou word.

2 2 Vergelykbaarheid en motivering van die keuse van regstelsels vir die vergelyking

2 2 1 Die keuse van die element(-e) wat vergelyk gaan word

'n Moontlike vertrekpunt vir die beantwoording van die vergelykbaarheidsvraag is om die juridiese boustene of elemente te identifiseer wat die praktiese situasies en terme uitmaak wat gebruik kan word om die moontlik toepaslike regsbeginsels en regsbeleid in die te vergeleke regstelsels mee te vind en te beskryf. Regsfeite,[17] regsreëls, regstegnieke en regsfigure kan almal as sodanige moontlike elemente beskou word.[18] Indien verder sorg gedra word dat die element waarmee gewerk word as 'n samehangende bundel probleme van 'n buitejuridiese (byvoorbeeld maatskaplike, politieke, ekonomiese of kriminologiese) of 'n vakfilosofiese aard gesien word, kan voortgegaan word om die element te omlyn aan die hand waarvan die vergelykbaarheidsvraag beantwoord moet word en die moontlik betrokke regstelsels gekies kan word.

Die probleem van die grondslag en grense van aanspreeklikheid vir nadeel wat ontstaan uit groepsgedrag sonder dat die veroorsaker daarvan bepaal kan word, is, as dit as element uitgedruk en geanaliseer word, soos pas gesê is, een wat baie suksesvol regsvergelykend bestudeer kan word. Die element wat sodoende omlyn is, moet sover moontlik geanaliseer word deur soveel vrae moontlik in verband daarmee te formuleer. Hierdie vrae stel die navorser dan in staat om die verskillende regskulture as 't ware in hulle "natuurlike staat" te bestudeer ten einde die ooreenkomste en verskille tussen hulle vas te stel.

Dit behoef geen verdere betoog nie dat die element, soos dit hierbo omskryf is, in die meeste regskulture,[19] indien nie in almal nie, aangetref sal word. Dit is myns insiens belangrik om by die toepassing van die regsvergelykende metode nie die stap wat pas uitgevoer is te beperk tot 'n soektog na regsreëls met dieselfde funksie in die verskillende regstelsels nie. Dit moet dus wyer as die blote funksie van regsreëls gaan; dit sluit ook die hele regskultuur in, met die houdings en ander (ook buitejuridiese) oorwegings wat daaraan 'n bepaalde styl gee. Daar kan dus wel na regsreëls met dieselfde funksie gevra word maar dit moet nie die enigste aspek wees wat as bousteen vir die regsvergelykende ondersoek dien nie. Die voorkoms en rol van strafregtelike verwysings in die hantering van gevalle van multikousale nadeel kan illustreer waar die voorgestelde benadering beter moontlikhede bied as die funksionele benadering.

---

16 *Idem* 213.
17 Dws handelinge, toestande of gebeurtenisse.
18 Venter *et al* 225.
19 *Idem* 220.

2 2 2 Die strafreg as relevante ondersoekveld op grond van die funksionele benadering

'n Opvallende gemeenskaplike funksionele faktor tussen die verskillende regsfamilies is in die onderhawige verband daarin geleë dat in elkeen van hulle, in die soeke na aanknopingspunte vir die hantering van die probleemgebied, oorspronklik by die strafreg aangeklop is of steeds word. Só word in die Romeins-Germaanse én Anglo-Amerikaanse regsfamilies na aspekte van die misdaad roof verwys,[20] en word in die Anglo-Amerikaanse regsfamilie na "conspiracy"[21] en na die hantering van "principals in the first and second degree"[22] terugverwys. Hierdie benadering kan seker daaruit voortspruit dat groepsgedrag waaruit nadeel ontstaan meestal in die eerste plek tot strafregtelike ingrepe lei, en dat by die hantering van die privaatregtelike vrae daarom by strafregtelike denkbeelde aanknoping gesoek word. Daar kom egter ook ander publiekregtelike kwessies aan die orde (byvoorbeeld van staats- en administratiefregtelike aard) wat teen só 'n simplistiese verklaring spreek en die indruk laat dat die raakpunte dieper gesoek moet word.

Die moontlike gronde vir die oënskynlike relevansie van aspekte van die strafreg vir die huidige hantering van die vergoeding van multikousale nadeel word nie hierin spesifiek ondersoek nie. Van Oosten[23] lê klem op die onderskeid tussen die straf- en deliktereg. Enkele aspekte daarvan kan soos volg saamgevat en uit die oogpunt van ons ondersoek van kommentaar voorsien word:

- Vir die deliktereg is daderskap (afsonderlike, gesamentlike of mededaderskap) deurslaggewend; in die strafreg bied medepligtigheid en begunstiging ruimer moontlikhede.
- Vir die deliktereg gaan dit oor die voltooide daad; in die strafreg bied poging, uitlokking en sameswering ruimer moontlikhede.
- In die deliktereg gaan dit altyd oor gevolgsaanspreeklikheid; in die strafreg kom sowel handelings- as gevolgsaanspreeklikheid voor – eweneens bied dit ruimer moontlikhede.
- Vir die deliktereg is skuld nie altyd 'n vereiste nie; vir die strafreg word skuld in die reël altyd vereis. Hier is die strafreg meer beperkend as die deliktereg.

Strafregtelike stappe is in elk geval een van die voor-die-hand-liggende maniere waarop die reg kan reageer wanneer die situasie wat ons ondersoek, hom voorgedoen het of dreig om hom voor te doen. Dit mag ons egter nie in ons ondersoek van die vreemde stelsels tot die strafreg beperk nét omdat die funksionele benadering ons in daardie rigting sou lei nie. Waar die funksionele benadering van meet af aan die ondersoek op die strafregtelike raakpunte sou toespits, maak die voorgestelde benadering dit moontlik om – bo en behalwe die betrokke strafregreëls – na alle ander relevante aspekte ook te kyk. Hierin word

---

20 Bv *BGE* 47 II 417, 420; *Sir John Heydon's* Case (1613) 77 ER 1150.
21 Bv Prosser en Keeton 324.
22 Bv Fleming *The law of torts* (1992) 256.
23 Van Oosten 1982 *De Jure* 4–33.

nie verder iets oor die moontlik toepaslike strafregsreëls en die moontlike effektiwiteit daarvan gesê nie.

Dit kom dienlik voor om die praktiese situasie wat hom in die onderhawige gevalle voordoen as die te ondersoeke element met die oog op 'n sinvolle vergelyking van die verskillende regstelsels aan te merk. *Die element is dan die feit dat iemand vermoënskade of persoonlikheidsnadeel gely het en 'n regsmiddel wil hê, maar nie kan aantoon wie uit 'n groep mense die nadeel veroorsaak het nie.* Aan die hand van hierdie element kan dan 'n aantal vrae gestel word waarvolgens die ondersoek gestruktureer kan word. Voorbeelde daarvan is: Word regsgevolge geheg aan so 'n voorval? Watter soort gevolge? Wat is die grondslag of verklaring vir die heg van skadevergoedingsregtelike gevolge aan so 'n geval? Wie kan daarby betrek word? Wat moet bewys word? Aan die hand van sodanige vrae kan die verskillende regstelsels dan onderskei word.

2 3 Die verdere keuse van 'n metodologiese benaderingswyse tot die ondersoekmateriaal

In die algemeen is dit by hierdie ondersoek nie maklik om uit te maak of 'n induktiewe dan wel 'n deduktiewe benaderingswyse beter kan wees nie. Enersyds kan geredeneer word dat die onderwerp makliker toeganklik gemaak kan word as 'n dogmaties-sistematiese en induktiewe (veralgemenend kan ons sê na aanleiding van die Vastelandse tradisie van regsnavorsing), eerder as 'n kasuïstiese en deduktiewe (veralgemenend kan ons sê na aanleiding van die Anglo-Amerikaanse tradisie van regsnavorsing) benaderingswyse gevolg sou word. Andersyds bring die aanvanklike konfrontasie met feitestelle nuanses na vore wat nie so regstreeks uit die meer dogmatiese styl blyk nie. Aangesien daar myns insiens nie so iets soos 'n alleen-korrekte metode bestaan nie en die regsvergelykende metode ons tot 'n sintese teen die agtergrond van die vasgestelde ooreenkomste en verskille tussen regstelsels moet voer,[24] gaan gepoog word om voordeel uit elke metode te put. Om die betoog te vergemaklik, en ook omdat oor die aard van die onderhawige aanspreeklikheidsvorm klaarblyklik nog nie in die Anglo-Amerikaanse regsfamilie veel gesê is nie, begin die regsvergelykende uiteensetting deur die Duitse,[25] Nederlandse[26] en Switserse[27] posisies daaroor weer te gee. Tussendeur kom die Anglo-Amerikaanse en Suid-Afrikaanse posisies aan die orde.

2 4 Die invloed van die styl van 'n regstelsel ten opsigte van aanspreeklikheid weens nadeel op die behoefte aan aanspreeklikstelling weens onregmatige dade in groepsverband gepleeg

Vooraf moet daarop gewys word dat die nodigheid vir 'n reël ten opsigte van die onderhawige gevalle hoofsaaklik daardeur bepaal word of 'n algemene aanspreeklikheidsbeginsel ten opsigte van onregmatig veroorsaakte nadeel in die

---

24 Venter *et al* 235–236.
25 Nav §830 *BGB*.
26 Nav a 166 *Nieuw BW*.
27 Nav a 50 *OR*.

betrokke regstelsel bestaan of nie. Waar dit wél bestaan, kan die onderhawige grondvraag soos volg gestel word: Kan iemand wat deel van 'n groep was sélf, bloot deur sy deelwees of deelbly van die groep, in bepaalde omstandighede aanspreeklikheid weens onregmatige daad oploop? Waar geen algemene aanspreeklikheidsbeginsel geld nie sal die vraag eerder wees of daar 'n spesiale reël bestaan om sodanige verweerders aanspreeklik te stel vir nadeel wat onregmatig deur 'n ander lid van die groep toegebring is.[28] Die voor-die-hand-liggende verskil tussen hierdie benaderingswyses lyk onoorbrugbaar: In die eerste geval gaan dit oor die vraag of die aangesprokene self 'n onregmatige daad gepleeg het[29] en in die tweede oor die omstandighede waarin iemand weens 'n onregmatige daad gepleeg deur 'n ander aanspreeklik gestel kan word.[30] Miskien juis vanweë die minder dogmatiese styl wat laasgenoemde benaderingswyse kenmerk, is dit my kontensie dat hierdie benaderingsverskil weinig praktiese implikasies het vir dit wat ons ondersoek. Die verskil in benadering moet egter terdeë in gedagte gehou word anders word probleme ondervind om die vergelykingsproses tot by 'n sintese gevoer te kry.

Hoe dit ook al mag wees, waar skrywers oor die Suid-Afrikaanse reg insake die onregmatige daad tereg klem daarop plaas dat ons reg wél van 'n algemene aanspreeklikheidsbeginsel uitgaan,[31] en hulle siening met verwysings uit die regspraak gestaaf kan word,[32] kan dus eintlik verwag word dat min teenstand ondervind sal word om aanspreeklikheid in die onderhawige gevalle binne die Suid-Afrikaanse deliktereg tuis te bring. Hierdie ondersoek het dan onder andere ten doel om vas te stel wat die huidige situasie met betrekking tot sodanige aanspreeklikstelling in ons reg is, en, indien gewens, hoe dit moontlik verbeter kan word.

Dit gaan hierin, uit een oogpunt beskou, oor die verligting van die posisie van 'n eiser in sekere gevalle waar dit dan nie vir hom nodig is om te bewys wie sy nadeel veroorsaak het nie. Daar bestaan in elke regstelsel talle voorbeelde van gevalle waar die dader en die aanspreeklikgestelde verskillende persone is, en die eiser se bewyslas wesenlik verlig word. Hier kan aan middellike aanspreeklikheidsgevalle gedink word waar dit voldoende is om te bewys dat 'n werknemer van die aangesprokene, ongeag watter spesifieke een, die nadeel aangerig het;[33] of in ander gevalle, dat 'n dier van die aangesprokene die nadeel aangerig

28 Nav *Toelichting: Ontwerp voor een Nieuw Burgerlijk Wetboek 3de Gedeelte Boek 6* 660.

29 Wat meer met die Romeins-Germaanse regstelsels se benadering ooreenstem.

30 Wat meer met die benadering in die Anglo-Amerikaanse regstelsels ooreenstem.

31 Sien bv Corbett "Aspects of the role of policy in the evolution of our common law" 1987 *SALJ* 52–69; Van Aswegen "Policy considerations in the law of delict" 1993 *THRHR* 171–195.

32 Soos *Blower v Van Noorden* 1909 TS 890 905; *Universiteit van Pretoria v Tommie Meyer Films (Edms) Bpk* 1977 4 SA 376 (T); *Minister van Polisie v Ewels* 1975 3 SA 590 (A); *Administrateur, Natal v Trust Bank van Afrika Bpk* 1979 3 SA 824 (A).

33 Nav die feit dat die kousale verband een tussen die riskante diensaktiwiteit en die nadelige gevolge is, soos Scott *Middellike aanspreeklikheid in die Suid-Afrikaanse reg* (1983) 48 aantoon.

het, ongeag watter een; ensovoorts.[34] Daar kan ook statutêre gevalle bestaan.[35] Verder val hieronder die spesifieke statutêre bepalings wat die onderwerp van ons regsvergelykende ondersoek raak.[36]

Die feit dat hierdie kwessie gesien kan word uit die oogpunt van 'n verligting van die eiser se posisie omdat hy dan nie die identiteit van die skadeveroorsaker hoef te bewys nie, het waarskynlik daartoe bygedra dat hierdie gevalle in die Anglo-Amerikaanse reg geklassifiseer word as gevalle waar iemand vir die onregmatige dade van 'n ander aanspreeklik gehou word. Dit is myns insiens egter 'n té beperkte kriterium, en dit moet vir doeleindes van hierdie ondersoek uiteindelik liewer vervang word deur die wyer siening ingevolge waarvan dit hier handel oor *die vraag van die afwenteling van multikousale nadeel in 'n fundamentele regte-bedeling op 'n demonstrant wat nie self nadeel aangerig het nie weens deelname aan so 'n groepsaktiwiteit.*

3 BEGRIPSBEPALINGS

Ten einde 'n standpunt oor die moontlike grondslag en vereistes vir aanspreeklikheid in die onderhawige gevalle te kan aanbied, is dit belangrik om eers oor 'n aantal begrippe stelling in te neem gesien die grootskaalse verwarring wat onderdele van hierdie terrein kenmerk. Die volgende begrippe is van belang:

3 1 Dader

"Dader" word gebruik vir die anonieme, nie-aangesproke pleger van 'n onregmatige daad in groepsverband, wat (of wie se bydrae tot die benadeling) weens die anonimiteit wat die groepsbetrokkenheid gebied het, onbekend gebly het. Dit kan op 'n natuurlike of 'n regspersoon, handelende deur sy organe, dui.

3 2 Aangesprokene

Daarmee word iemand bedoel wat aangespreek word vir skadevergoeding weens nadeel wat onregmatig aangerig is deur iemand anders uit 'n groep (die dader, soos hierbo beskryf), omdat die aangesprokene in die omstandighede deel was of gebly het van die groep, sonder dat hy self die nadeel aangerig het of die dader daartoe aangestig of daarmee gehelp het, of dit namens hom deur 'n verteenwoordiger gedoen is of hy daarvoor middellik aanspreeklik is. Dit kan op 'n natuurlike of 'n regspersoon, handelende deur sy organe, dui.

3 3 Aanspreeklikheid weens onregmatige dade in groepsverband gepleeg

Hoewel in hierdie verband dikwels na "groepsaanspreeklikheid" en "groepsdelikte" verwys word, is dit eintlik verkeerd. Dit gaan eerder daaroor dat die

---

34 Nav Quendoz *Modell einer Haftung bei alternativer Kausalität in Zürcher Studien zum Privatrecht* Nr 85 (1991) 16.

35 Soos ingevolge die Switserse Strassenverkehrsgesetz (1958) 76 I (tref-en-trap slagoffers word uit motorvoertuigversekeringsfonds vergoed), of Kernenergiehaftpflichtgesetz (1983) 16 I(a), ingevolge waarvan vergoeding moet geskied al kan die aanspreeklike nie bepaal word nie (Quendoz 17).

36 Nl §830 *BGB*, a 50 *OR* en a 166 *Nieuw BW*.

aangesprokene 'n onregmatige daad gepleeg het wat daarin bestaan dat hy deel was van 'n groepsaktiwiteit in omstandighede toe dit redelikerwys voorsienbaar was dat sy deelwees of deelbly van die groep die kans op die intrede van nadeel deur die pleeg van 'n onregmatige daad deur iemand anders uit die groep in die omstandighede sodanig verhoog het dat hy hom van deelname of verdere deelname aan die groepsaktiwiteit moes onttrek het, en hy dit nie gedoen het nie. Dit gaan dus oor die vraag of die aangesprokene weens sy eie onregmatige daad aanspreeklik gehou kan word.

Veral as gedink word aan groepe sonder regspersoonlikheid is dit verder duidelik dat iets soos 'n "groepsdelik" nie bestaanbaar is nie.[37] Hieruit moet myns insiens nie afgelei word dat die verskynsel waaroor hierdie ondersoek handel hom nie kan voordoen waar 'n groep of 'n deel of dele daarvan wel oor regspersoonlikheid (hetsy gemeenregtelik of statutêr) beskik nie. Al belang wat die vraag van regspersoonlikheid dan sou hê, is om 'n voor-die-hand-liggende verdere, potensieel kapitaalkragtiger verweerder te identifiseer, byvoorbeeld indien 'n lid van die regspersoon 'n onregmatige daad sou pleeg in omstandighede wat vir die regspersoon regstreekse of middellike aanspreeklikheid kan meebring. Vir die vraag wanneer iemand wat deel uitgemaak het van 'n groepsaktiwiteit terwyl 'n ongeïdentifiseerde persoon/persone uit die groep onregmatig nadeel aangerig het, persoonlik vir sodanige nadeel aanspreeklik gehou kan word, kan die kwessie van regspersoonlikheid van die groep of enige deel daarvan in elk geval nie deurslaggewend wees nie.

Daarmee word nie ontken dat die feit van regspersoonlikheid van groot belang kan wees as dit oor die moontlike persoonlike aanspreeklikheid gaan van mense wat namens beweerde regspersone opgetree het of voorgegee het om dit te doen nie. 'n Aangesprokene sou hom immers daarmee kon verweer dat hy as gevolmagtigde namens 'n natuurlike of 'n regspersoon, of as werknemer in die loop van sy diens van so 'n natuurlike of regspersoon deel van die groep was, en sodoende poog om persoonlike aanspreeklikheid te ontkom. Die kwessie sou dan oor volmag of middellike aanspreeklikheid handel – en oor daardie voorbeelde van *ex lege*-aanspreeklikheid weens 'n onregmatige daad deur 'n ander gepleeg handel hierdie ondersoek nie.

Die onderhawige probleemgebied moet dus ook onderskei word van gevalle wat voorkom waar dit gaan oor die moontlike persoonlike aanspreeklikheid van iemand wat 'n onregmatige daad pleeg terwyl hy die skyn verwek het dat hy as gevolmagtigde[38] of andersins[39] namens 'n natuurlike persoon of 'n regspersoon optree, terwyl hy of byvoorbeeld sy prinispaal of sy werkgewer nie die bevoegdheid daartoe gehad het nie. Só iemand berokken uiteraard self die onregmatig veroorsaakte nadeel terwyl hy die aanspreeklikheid daarvoor deur

---

37 Nav Boonekamp *Onrechtmatige daad in groepsverband volgens het NBW* (1990) 6. Dieselfde geld vir informele of toevallige versamelings van mense.

38 Wat bv sy volmag oorskry het of wat namens 'n versweë prinsipaal opgetree het en lg bly versweë.

39 Bv as werknemer wat in die loop van sy diens handel.

regswerking byvoorbeeld op sy prinsipaal of werkgewer wil laat neerkom, en dit is nie die verskynsel waaroor hierdie ondersoek handel nie. *Hierin gaan dit uitsluitlik oor die gevalle waar nie bepaal kan word wie uit 'n groep die nadeel onregmatig aangerig het of wat elkeen se bydrae daartoe was nie.* Indien die *identiteit* van die dader (waaronder ook die *aandeel* van meerdere persone aan die nadeel verstaan moet word) vasgestel kan word, het die geval dus moontlik raakvlakke met onderskeibare (dog verbandhoudende) ander situasies, byvoorbeeld aanstigting, hulpverlening, verteenwoordiging, middellike aanspreeklikheid, ensovoorts waaroor hierdie ondersoek nie handel nie.

3 4 "Mass torts"/"massa-deliktuele aanspreeklikheid"

Of die uitdrukking "mass torts" of "massa-deliktuele aanspreeklikheid" in die onderhawige verband[40] enigsins 'n verbetering op "group torts" of "groepsaanspreeklikheid" is, is te betwyfel. Met die eerste oogopslag lyk dit wel aantreklik omdat dit nie soveel klem op die groep as 'n entiteit plaas nie, en dit dus minder gevaar inhou dat iemand kan aflei dat dit oor onregmatige dade gaan wat deur of namens 'n groep as *groep* gepleeg word. Daarenteen hou juis hierdie "voordeel" egter die gevaar in dat té wye aanspreeklikheid daaruit kan volg: dit is tog ondenkbaar dat enigiemand wat hom in 'n massa mense bevind (byvoorbeeld die winskopiejagters wat hulle op 'n geadverteerde halfprysdag rondom en binne 'n winkel bevind) wanneer iemand uit die massa onregmatig nadeel veroorsaak (deur byvoorbeeld die ruite te breek en die uitstalrakke of kasregister om te stamp en te beskadig), vir daardie nadeel aanspreeklik gehou kan word. Vanselfsprekend kan 'n massa nie vir die betaling van skadevergoeding gedagvaar en daartoe gevonnis word nie.

3 5 'n Wye betekenis van "groep" en "groepsaktiwiteit"

Die vereistes wat vir aanspreeklikheid en die afdwing daarvan gestel word, maak dit onontbeerlik dat hier in terme van *'n min of meer omlynde versameling mense* gedink word waarvan die aangesprokene *op 'n spesifieke manier* deel gevorm het toe nadeel onregmatig aan 'n ander toegebring is. Ons noem sodanige versameling hierin "'n groep", ongeag of dit 'n groep is wat oor regspersoonlikheid beskik (soos 'n politieke party, vakbond of verbruikersorganisasie moet of kan hê) of nie (soos baie belangekringe, openbare optogte of spontane demonstrasies).

'n Verdere belangrike punt in verband met die terme "groep" en "groepsaktiwiteit" in hierdie verband is dat dit verstaan moet word in die sin van *alle deelnemers aan die gebeure in die loop waarvan die onregmatig berokkende nadeel aangerig is.* Van Leeuwen[41] stel dat onder "groep" alle deelnemers aan so 'n aktiwiteit (dit wil sê van die verskillende kante) verstaan moet word. Dit omvat byvoorbeeld in die geval van 'n gebouebesetting, demonstrasie of boikotaksie

---

40 Ander moontlike betekenisse van hierdie uitdrukking, bv ivm "ongelukke", farmaseutiese of ekologiese "rampe", daargelaat.

41 BHA "Aansprakelijkheid voor demonstratieschade en betogingsvrijheid" 1985 *NCJM-Bulletin Nederlands Tijdschrift voor de Mensenrechten* 99.

waartydens gevegte tussen besetters, demonstrante of boikotters en teenstanders van die aksie uitbreek, ten minste[42] sowel die besetters, demonstrante of boikotters én die teenstanders van die besetting, demonstrasie of boikot. Dit gaan dus gewoonlik in hierdie verband nie in beginsel oor die vraag of die (in ons voorbeeld) besetting, demonstrasie of boikot deur die een of ander "groep" gereël is nie, maar daaroor dat daar 'n aktiwiteit plaasgevind het waarby 'n aantal mense betrokke was, ongeag van die kant(e) (indien enige) waaraan hulle was.

In die lig van die wye betekenis wat hierin aan "groep" en "groepsaktiwiteit" geheg word, moet verder in gedagte gehou word dat die groepe waaroor dit hier gaan in omstandighede mense uit twee of meer kampe kan insluit. Binne bykans enige groep[43] kan daar uiteraard ander groepe aanwesig wees; trouens, dit sal meestal die geval wees. Só kan binne 'n groep wat by 'n boikotaksie betrokke is voor- en teenstanders van die boikot, leiers en volgelinge, ordebepalers en openbare veiligheidsmense, die publiek, werknemers en klante, ouer en jonger mense, besadigde en militante mense, ongewapende en gewapende mense, georganiseerde en ongeorganiseerde mense, simpatiseerders en nuuskierige toeskouers, ensovoorts aanwesig wees. Die feit dat so 'n groep uit individue en ander groepe saamgestel kan wees, doen nie af aan die uitgangspunt dat almal wat, hóé dan ook, by die gebeure betrokke is vir doeleindes van ons onderwerp deel van die groep vorm nie. Noukeurige analise van die betrokke groep om te bepaal watter individue en subgroepe daarin aanwesig was, is belangrik omdat dit feite en oorwegings na vore kan bring wat in ag geneem sal moet word by die beantwoording van die vraag of die aangesprokene aan die gedragsnorm voldoen het wat in die omstandighede vir hom gegeld het. Hiermee kom ons ook uit by die kwessie van aanspreeklikheid in die geval van misbruik van 'n andersins nieriskante geleentheid, byvoorbeeld deur 'n bende fanatici, om ter bevordering van hulle oogmerke onregmatige dade te pleeg sonder dat dit teen hulle bewys sal kan word. Hulle gebruik dan die anonimiteit wat vanself (of wat weens intimidasie of omkopery verdiep is) binne die groep bestaan en die geleentheid wat dit bied om ongemerk so 'n daad te pleeg, om aan aanspreeklikheid te ontkom, terwyl hulle desgewens steeds byvoorbeeld daaruit propagandamateriaal kan put of in 'n oogmerk om te intimideer kan slaag.

Uit die voorgaande is dit duidelik dat aan "groep" hier nie die vaktegniese betekenis wat byvoorbeeld in die sosiologie daaraan geheg word, toekom nie. Desondanks moet terdeë rekening gehou word met die invloed van groepsvorming[44] en die normatiwiteit vir individuele gedrag wat as konformiteitsdruk en sosiale kontrole in groepe[45] aanwesig is.[46] Dit kan 'n deurslaggewende invloed op individuele

---

42 Meelopers, toeskouers, toesighouers, polisiebeamptes, ens, kan bv ook deel wees daarvan.

43 Dws: bestaande uit almal wat by die gebeure betrokke is, ongeag van die manier, rede, oogmerk en verloop van sodanige betrokkenheid of die kwessie van regspersoonlikheid.

44 Bv die anonimiteit wat individuele lede binne 'n groep gewoonlik geniet; intimidasie, omkopery of sameswering kan hierdie anonimiteit uiteraard verdiep (nav Herder *Lexikon soziologie* (1978) 30).

45 Hoe kleiner die groep, hoe beter is die lede gewoonlik onderling aan mekaar bekend of minstens vir mekaar identifiseerbaar.

46 Die groepsdinamika leer dat 'n groep 'n selfbewussyn, 'n "groep"- of "ons"-gevoel ontwikkel. Dieselfde sal in subgroepe voorkom. Dit moedig konformiteit van individuele

vervolg op volgende bladsy

gedrag uitoefen weens die sterk druk ten gunste van konformiteit wat daarvan uitgaan.[47] Hierdie faktore kan 'n rol speel wanneer die *verwytbaarheid* van 'n lid van so 'n groep se gedrag beoordeel moet word. Indien dit dus sou blyk dat *skuld* vir aanspreeklikheid vereis word in hierdie gevalle sal weer na groepsteorieë in die sosiologie gekyk moet word.

3 6 Groepslid

In hierdie ondersoek moet onder "groepslid" nie verstaan word dat dit noodwendig gaan oor lidmaatskap waarvoor 'n minder of meer formele lidmaatskapsaansoek, -uitnodiging, -aanbeveling of -aanmelding vereis word nie. Netso word ook nie vereis dat daar 'n formele bedanking, skorsing of ander vorm van beëindiging van lidmaatskap moet wees voordat iemand sal ophou om deel van so 'n groep te wees nie.

Verder moet onthou word dat elke individu lid van meerdere groepe kan wees.[48] Elke groepslid, vir doeleindes van ons ondersoek, is dus meteen ook lid van etlike ander groepe wat ook invloed op hom en die situasie kan uitoefen. Ook dít moet verreken word by die beoordeling van die situasie om te bepaal watter gedragsnorm daarvoor gegeld het.

4 HOE GEVALLE SOOS DIE ONDERHAWIGE VOLGENS SUID-AFRIKAANSE SKRYWERS BENADER MOET WORD

4 1 Van der Merwe en Olivier

Volgens hierdie skrywers lýk dit net of die *conditio sine qua non*-benadering in die onderhawige gevalle faal; word dit korrek aangewend, lewer dit ook in hierdie gevalle bevredigende resultate.

Dit gaan volgens hulle hier oor 'n gesamentlike handeling van die groep – en nie oor die afsonderlike handeling van elke groepslid nie – waarvan die optrede van elke lid van die groep wel 'n bestanddeel was. Elke lid van die groep word dus as 'n *mededader* aangemerk:[49]

> "Is die gesamentlike handeling oorsaak van die gevolg en is A ('n lid van die groep) se optrede nie skeibaar van die kumulatiewe veroorsakende gedraging nie, is A se handeling as bestanddeel van die groter geheel oorsaak van die gevolg."[50]

Hulle werk dus met 'n "kumulatiewe daderskap-begrip"[51] en is van mening dat dit die enigste manier is waarop hierdie gevalle gehanteer kan word – ten minste

---

groepslede se gedrag met die groepsgedrag aan; dit is gewoonlik swakker by 'n massa (bv 'n oploop van mense, stadionbesoekers of massa-demonstrasie) of versameling (bv busryers, toustaners of fliekgangers) aanwesig as in kleiner groepe (nav Herder *Lexikon sv* "Masse").

47 Schwonke *Die Gruppe als Paradigma der Vergesellschaftung* in Schäfers *Einführung in die Gruppensoziologie, Geschichte, Theorien, Analysen* (1980) 36.

48 Elke individu behoort glo aan minstens vyf tot agt groepe (Gukenbiehl en Schäfers *Grundbegriffe der Soziologie* (1986) *sv* "Gruppe").

49 Van der Merwe en Olivier *Die onregmatige daad in die Suid-Afrikaanse reg* 4de uitg (1980) 199.

50 *Idem* 200.

51 *Idem* 200 vn 25.

as nie weggedoen moet word met die feitelike basis van die kousaliteitsmaatstaf nie. Sonder daardie feitelike grondslag sal volgens hulle van die "aangeleentheid van veroorsaking 'n juridiese klugspel" gemaak word.[52]

'n Handeling kan dan volgens hulle as 'n "juridies relevante mede-oorsaak" aangemerk word in twee gevalle: (i) waar die handeling self wel weggedink kan word sonder dat die gevolg verdwyn, maar dit saam met 'n ander handeling of handelinge, wat ook weggedink kan word sonder dat die gevolg verdwyn, nie weggedink kan word sonder dat die gevolge uitbly nie (wat hulle 'n "kumulatiewe handeling/veroorsakende feit" noem); en (ii) waar meerdere juridies relevante handelinge as selfstandige oorsake van die gevolg aan te merk is.[53]

Uit die voorbeelde wat die skrywers aanbied, is dit duidelik dat hulle nie 'n antwoord gee vir die gevalle waar nie bewys kan word dat die aangesprokene in die gewone sin van die woord 'n dader was wat dus die gevolg feitelik (mede-) veroorsaak het nie.[54] Enersyds sê hulle dat as bewys kan word dat die aangesprokene nie die gevolg veroorsaak het nie, hy nie aangespreek kan word nie. Dit kan as vanselfsprekend aangemerk word en neem die kwessie geensins verder nie. Andersyds sê hulle dat, as nie bewys kan word dat die aangesprokene se optrede wel deel was van die kumulatiewe handeling nie, hy nie aangespreek kan word nie.[55] Dit lyk ook vanselfsprekend. Die probleem ontstaan egter juis as bewys word dat die aangesprokene in die besondere omstandighede deel was of deel gebly het van 'n groep,[56] maar nie bewys kan word wie uit die groep die nadeel veroorsaak het, of in welke mate elke lid (of, minstens, die aangesprokene) tot die intrede van die nadeel bygedra het nie. Die vraag is immers of en wanneer die blote deelword of deelbly van 'n groep tot aanspreeklikheid kan lei vir nadeel wat uit die groepsoptrede ontstaan het, sonder dat bewys is dat, of in watter mate, die aangesprokene tot die intrede daarvan feitelik meegewerk het.

In die mate waarin die skrywers se benadering van 'n pro-verweerder ingesteldheid getuig, moet dit as 'n *petitio principii* beskou word: die vraag is juis of dit in orde is dat die eiser in sodanige gevalle bedroë daarvan moet afkom. Om sonder meer in die trant van *casum sentit dominus* ten gunste van die verweerder te besluit, is nie noodwendig in pas met moderne opvattings nie. Die antwoord op hierdie probleem hoef immers nie daarin geleë te wees dat "die werklikheid deur 'n norm verdring . . . en die kousaliteitsvereiste 'n inhoudlose

---

52 Weinrib "A step forward in factual causation" 1975 *Mod LR* 518–534 beklemtoon eweneens die belangrikheid van die vereiste van feitelike kousaliteit, sodat skadevergoedingsaksies beperk kan word tot die gevolge wat werklik "relevant" is (518). Uitlatings soos hierdie en dié in die teks spruit klaarblyklik uit 'n vooraf ingenome standpunt wat nie net aan die gedagtegoed van *casum sentit dominus* herinner nie maar van 'n primêr dader-georiënteerdheid getuig.

53 Van der Merwe en Olivier 200 vn 25.

54 Neethling, Potgieter en Visser *Law of delict* (1994) 164 vn 22 wys met instemming op Boberg 383 se kritiek teen Van der Merwe en Olivier se benadering in die gevalle van onafhanklike daders wat dieselfde nadeel teweegbring.

55 Van der Merwe en Olivier 200 vn 25.

56 In die wye sin waarin "groep" hierin gebruik word.

slagspreuk [word]" nie.[57] Alvorens aanvaar sal kan word dat aan die kwessie ontkom kan word deur die skrywers se voorstel van 'n alternatiewe handelingsbegrip te aanvaar, sal die vereistes daarvan eweneens uitgewerk moet word. Hoedanig sou die verband tussen die aangesprokene se optrede en die groep se optrede moet wees om as "nie skeibaar nie" of "bestanddeel van" aangemerk te word? Die mannekoor- en vuurpeloton-voorbeelde wat die skrywers gebruik, is gevalle waar waarskynlik van "common design" gepraat kan word.[58] Origens val dit op dat die twee gevalle wat hulle as verskyningsvorme van juridies relevante mede-oorsake aantoon, albei gevalle is waar die feitelike kousale verbande reeds vasstaan. Só beskou, is dit blote oëverblindery wanneer die skrywers voorgee om die probleem te hanteer deur hulle toevlug tot 'n kumulatiewe handelingsbegrip te neem. Hierin sal uitgemaak moet word of ons dermate verknog moet wees aan die tradisionele *conditio sine qua non*-teorie en die *casum sentit dominus*-benadering dat ons hoegenaamd nie 'n verfyning van die oorgelewerde sienings wil oorweeg nie.

4 2 Neethling, Visser en Potgieter

Hierdie skrywers skaar hulle by diegene[59] wat die standpunt inneem dat die *conditio sine qua non*-teorie, afgesien van ander besware wat daarteen kan bestaan, in elk geval geen oplossing bied vir gevalle van multikousale benadeling nie. Volgens hulle is die oplossing daarvoor relatief eenvoudig. Waar bewys word dat die optrede van byvoorbeeld twee onafhanklike daders saam genoegsaam was om die nadeel teweeg te bring,[60] spreek dit volgens hulle vanself[61] dat beide daders se betrokke handelinge die nadeel veroorsaak het.[62] Hiermee toon die skrywers aan dat die *conditio sine qua non*-teorie vir kritiek vatbaar is, maar word verder niks gesê wat ons kan help om bevredigende antwoorde te vind waar juis nie van 'n kousale verband in die gewone betekenis sprake kan wees nie.

Visser en Potgieter[63] voer die saak ook nie verder nie. Hulle val eenvoudig terug op "gesonde verstand" as dit oor die bevind van 'n kousale verband in

---

57 Van der Merwe en Olivier 200 vn 25.

58 Soos hierdie gevalle gewoonlik gehanteer word, bring dit nie die eintlike probleem na vore nie: dit is een ding om te sê dat daar 'n gesamentlike handeling was waar elke lid van 'n koor gesing of elke lid van 'n vuurpeloton gevuur het. Dit is egter 'n ander vraag of iemand wat net by die gebeure betrokke was – en self nie gesing of gevuur het nie – self weens 'n onregmatige daad aanspreeklik gehou kan word waar nadeel uit die gesingery of geskietery ontstaan het.

59 Veral Van Rensburg *Juridiese kousaliteit en aspekte van aanspreeklikheidsbeperking by die onregmatige daad* (LLD-proefskrif Unisa 1970) 36 ev en De Wet en Swanepoel *Strafreg* (1985) 64 gee toe dat dit so is.

60 Die vb wat hulle gebruik, is waar twee daders onafhanklik van mekaar maar gelyktydig elkeen 'n koeël deur die oorledene se kop gejaag het, en vasgestel word dat twee koeëls deur die kop altyd dodelik is.

61 Volgens die "direct common sense approach of the man in the street" (nav *Portwood v Swamvur* 1970 1 SA 8 (RA) 15).

62 Neethling, Potgieter en Visser 163.

63 *Skadevergoedingsreg* (1993) 83–84.

hierdie tipe gevalle gaan, en op dit wat "raadsaam en billik" sal wees as dit oor die bepaling van die betaalbare bedrag handel.

4 3 McKerron

McKerron verwys na die moontlikhede dat die optrede van twee onafhanklike daders dieselfde nadeel kon veroorsaak het, of dat die eiser bydraend nalatig kon gewees het. Na sy mening berus aanspreeklikheid in hierdie gevalle dan daarop dat die betrokke handeling "a material factor in bringing about the damage" was.[64] Wanneer daar aan die vereiste van wesenlikheid voldoen sal word, sê hy nie. Uit hoofde van die gesag waarna hy verwys,[65] is dit egter duidelik dat die vraag is of die betrokke optrede "a significant factor in producing the damage . . ." was – en dit is iets wat volgens die omstandighede van elke geval kan verskil.

Teen die agtergrond van die skaal wat ter sprake is by die soort groepsgedrag waaroor hierdie ondersoek handel, maak die "significant factor"-element wat McKerron voorstaan daardie maatstaf minder aanwendbaar. In elk geval berus dit op 'n *petitio principii* – as aangetoon kan word dat iemand se optrede 'n wesenlike (kousale) bydrae tot die intrede van die nadeel gemaak het, ontstaan die probleem immers nie. Met die oplos van gevalle waar juis geen sodanige bydrae aangetoon kan word nie, help dit ons nie.

4 4 Van Rensburg (Boberg)

Van Rensburg toon oortuigend aan dat die *conditio sine qua non*-leer onbruikbaar is in gevalle van gesamentlike veroorsaking. Die benadering wat deur hom[66] voorgestaan word, is om in die lig van die getuienis te bepaal wat die gewraakte gevolg veroorsaak het. Die voorbeeld wat hy gebruik om sy standpunt te verduidelik, is een waar wel genoegsame getuienis oor die kousale verloop gepostuleer word om sy gevolgtrekking te ondersteun. Wat moet gebeur waar juis nie ander getuienis bestaan oor die kousale verband as dat die aangesprokene deel was of gebly het van 'n groep waaruit nadeel onregmatig toegebring is nie, bring Van Rensburg se siening ons ongelukkig nie verder nie.[67]

Boberg[68] konstateer dat daar algemene instemming is oor die noodsaaklikheid van die vereiste van 'n feitelike kousale verband. Hy sluit hom sterk by Van Rensburg se uiteensetting oor die korrekte benadering tot kwessies in verband met feitelike kousaliteit aan,[69] en verklaar dat dit daarin slaag om die probleem

---

64 McKerron *The law of delict* (1971) 138.

65 *Shell Tankers Ltd v SAR & H* 1967 2 SA 666 (OK) 676A.

66 Van Rensburg *Juridiese kousaliteit* 49–50.

67 Kyk ook Van Rensburg "Nog eens *conditio sine qua non*" 1977 *TSAR* 101 102 104; Van Rensburg "'n Kritiese beskouing van die conditio sine qua non-oorsaaklikheidsteorie soos uiteengesit deur ons Suid-Afrikaanse skrywers" in *Huldigingsbundel Daniel Pont* (1970) 397–398.

68 Boberg 383 ev.

69 Van Oosten 1982 *De Jure* 4–33 24 vind Van Rensburg se bydrae "nie so indrukwekkend nie" en meen dat dit vatbaar is vir kritiek.

van gesamentlike veroorsaking ("concurrent causes") op te los. Dit bring ons dus ook nie verder in die gevalle wat ons hierin oorweeg nie.

4 5 Whiting

Whiting[70] meen dat die kwalifisering van gedrag as *'n bydraende faktor* by die intrede van die nadeel genoegsaam is om 'n feitelike kousale verband daar te stel waar dit oor die plaasvind van iets ("a positive result") handel; handel dit oor die nie-plaasvind van iets ("a negative result"), moet die gedrag *'n noodsaaklike voorwaarde* daarvoor wees alvorens 'n feitelike kousale verband sal bestaan. Ten spyte van kritiek teen hierdie benadering,[71] bied dit 'n moontlikheid om in die gevalle wat hierin ondersoek word met betrekking tot die kwessie van feitelike kousaliteit vorentoe te kom. Wat dan vereis sal moet word, is dat die aangesprokene se deelwees of -bly van 'n groep waaruit nadeel onregmatig toegebring is, 'n bydraende faktor tot die intrede van daardie nadeel moet wees. Hierna word later teruggekeer.

5 SAMEVATTENDE RESULTATE

5 1 Probleemstelling

Die probleemstelling is omlyn, as synde die vraag na die aard van en vereistes vir deliktuele aanspreeklikheid weens nadeel wat toegebring is deur 'n onbekende dader vanuit 'n groep waarvan die aangesprokene deel was of gebly het.

5 2 Hipoteses en voorlopige gevolgtrekkings

Verskillende hipoteses is gestel en enkele voorlopige gevolgtrekkings is bereik, te wete dat:

- die aanwending van die regsvergelykende metode hier tot verrykende resultate vir die Suid-Afrikaanse reg kan lei;
- by die aanwending van die regsvergelykende metode nie slegs met die funksionele benadering gewerk word nie, maar dat ook buite-juridiese faktore in ag geneem word by die bepaling van die element(e) aan die hand waarvan die ondersoekveld geanaliseer word om die identifisering van ooreenkomste en verskille tussen regstelsels met die oog op die bereiking van 'n sintese te vergemaklik;

---

70 Whiting "Factual causation in perspective" in Kahn (red) *Fiat justitia: essays in memory of Oliver Deneys Schreiner* (1983) 370.

71 Boberg 386 meen dat Whiting se benadering neerkom op *ex post facto* rasionalisering oor oplossings wat hy op onuitgesproke gronde as wenslik beskou. 'n Soortgelyke siening word deur Mundell "Causation in delict: do the means justify the ends?" 1987 *THRHR* 379–397 gehuldig. Mundell verklaar dat die oogmerk wat in elke soort geval met aanspreeklikstelling primêr nagestreef word, bepalend is vir die siening van die aard van die kousaliteitsvereiste in daardie geval. Afgesien van wat moontlik van die ekonomiese analise van die deliktereg gesê kan word, beklemtoon Mundell 396–397 tereg dat iets soos die kousaliteitsvereiste nie los van die oogmerke met aanspreeklikstelling ingevolge die deliktereg – in 'n vakuum dus – beskou mag word nie.

- sommige begrippe en leerstukke uit die strafreg moontlik as voorbeelde kan dien van hoe oplossings vir die onderhawige dilemma gekry kan word;
- sekere aspekte van die groepsdinamika in ag geneem moet word wanneer die optrede van 'n lid van 'n groep en van 'n groep as sodanig beoordeel word;
- 'n persoon wat deel was of deel gebly het van 'n groep waaruit iemand aan die eiser onregmatig nadeel teweeggebring het, in gepaste gevalle op grond van 'n eie onregmatige daad vir sodanige nadeel aanspreeklik gehou behoort te kan word;
- die tradisionele benaderingswyses, begrippe en tegnieke van die skadevergoedingsreg ontoereikend is om talle kwessies in verband met aanspreeklikheid vir nadeel in groepsverband toegevoeg, sinvol mee te hanteer; en dat
- die vaktegniese aspekte weliswaar korrek behartig moet word, maar dat die fundamentele reg op vrye meningsuiting en demonstrasie veral deeglik in ag geneem moet word wanneer daar oor aanspreeklikheid vir nadeel in groepsverband deur demonstrasies aangerig, besin word.

PUBLIKASIEFONDS HUGO DE GROOT

Uit hierdie fonds word finansiële hulp vir die publikasie van regsproefskrifte en ander verdienstelike manuskripte verleen.
Aansoeke om sodanige hulp moet gerig word aan:

Prof DJ Joubert
Sameroeper Publikasiefondskomitee
Vereniging Hugo de Groot
Posbus 1263
PRETORIA
0001

Migrerende egpare se huweliksgoedereprobleme: *common law*- en gemengde regstelsels

(*vervolg*)*

Christa Roodt

BLC LLM

Hoofnavorser: Instituut vir Buitelandse Reg en Regsvergelyking, Universiteit van Suid-Afrika

5 'N SLUIMERENDE KATEGORISERINGSKONFLIK

Voordat artikel 7(9) gepromulgeer is, was die kategoriseringskonflik in die Suid-Afrikaanse internasionale privaatreg sluimerend in artikel 7(3)–(8). In die voorbeeld hierbo kon Wilma op Empire-reg óf Suid-Afrikaanse reg in haar egskeidingspleit steun. Mits 'n Suid-Afrikaanse domisilie bekom is na huweliksluiting kon die eis gebaseer word op die bekende reël dat egskeidingsaksies, die gronde vir egskeiding, die voorwaardes tot verlening van 'n egskeidingsbevel en die eise bykomend hiertoe of verbandhoudend hiermee – byvoorbeeld 'n eis om herverdeling van huweliksgoedere – ingevolge die hof se eie reg[97] beslis word. Omdat eise wat met egskeiding in verband staan direk verband kan hou met die gades se finansiële posisie, kon so 'n eis ook gebaseer word op die regskeusereël dat die vermoënsregtelike gevolge van die huwelik bepaal word deur die reg van die man se domisilie ten tyde van huweliksluiting.

Op internasionale vlak moes die "korrekte" kategorie bepaal word, wat 'n regsvergelykende oorsig van die reël in die sisteem waarvandaan dit kom en van die gevolge van plasing in 'n bepaalde kategorie sou verg.

Daar is allerweë uitgesien na 'n aansuiwering van artikel 7(3) van die Egskeidingswet 70 van 1979 om 'n sogenaamde billike bateverdeling deur middel van 'n beroep op die regterlike bevoegdheid daartoe vir die Henry-en-Wilma-tipe feitestel moontlik te maak.[98] Alle voorstelle in dié verband het op niks

---

* Sien 1995 *THRHR* 194–218.

97 *Qua lex fori* of *lex domicilii*.

98 A 22 van die Swart Administrasiewet 38 van 1927 is eers met ingang 1988-12-02 gewysig sodat swartes op die herverdelingsbevoegdheid van die hof aanspraak kan maak. Die Wysigingswet op Huweliks- en Huweliksgoedereregt 3 van 1988 voeg a 7(3)(b) by die Wet op Egskeiding in en herroep sowel a 22(6) van die Swart Administrasiewet van 1927 as a 25(1) van die Wet op Huweliksgoedere 1984. Die hof moet ag

vervolg op volgende bladsy

uitgeloop nie[99] en die toepassingsgebied van artikel 7(3)–(8) het 'n unilaterale aangeleentheid gebly.

Bedelings word vandag geïdentifiseer volgens die graad van onafhanklikheid gedurende die huwelik, die mate van deling tydens en by ontbinding van die huwelik en die strekwydte van die diskresie. Die mate van deling by ontbinding definieer dikwels juis die huweliksgoederebestel en omlyn die reëls wat geld vir die vermoënsregtelike verhouding tussen die egpaar vanaf die oomblik van huwelksluiting en *stante matrimonio*. Die herverdelingsbevoegdheid het betrekking op die bevoegdheid om regte te vestig, eiendom te tipeer en ooreenkomstig die tipering te verdeel. By ontbinding kan die verdeling 'n streep deur die aanvanklike huweliksgoederebedeling trek. Die vasstelling van regte en die verdeling van eiendom ingevolge die regterlike bevoegdheid kan geklassifiseer word as 'n vermoënsregtelike gevolg van 'n bepaalde huwelik.[100] Assosiasie van die finansiële gevolge van egskeiding (soos deur die verdelingsbevoegdheid vasgestel) met vermoënsregtelike gevolge van huwelksluiting (eerder as met egskeidingsaangeleenthede en gevolge van die huwelik op persoonlike vlak) was nie vergesog nie vir sover die Egskeidingswet aangeleenthede reël wat integrerend deel van die huweliksbedeling uitmaak.[101] Nogtans het die wisselwerking tussen bedeling-diskresie in die regstelsels onder bespreking voldoende ruimte gelaat vir die teenargument dat die funksie van die *forum* se diskresie in samehang met ander *forum*-wetgewing vervul moet word.[102] Plaaslike howe kon

---

slaan op enige verpligting wat 'n man teenoor sy vrou mag hê ingevolge 'n huwelik gesluit ingevolge die ou a 22(7) Swart Administrasiewet van 1927.

99 SA Regskommissie "Hersiening van die Egskeidingsreg" Werkstuk 26 November 1988; "Verslag oor die wysiging van artikel 7(3) van die Wet op Egskeiding 70 van 1979" Projek 1990-06-12; Costa "A plea for the reform of s 7(3) of the Divorce Act 70 of 1979 as amended" 1990 *De Rebus* 916; Clark en Van Heerden "Asset redistribution on divorce – the exercise of judicial discretion" 1989 *SALJ* 243; Roodt "Artikel 7(3) van die Egskeidingswet: talle vroue feitlik sonder remedie" 1988 *De Rebus* 59.

100 Neels 1992 *SALJ* 337–338.

101 Een van die aannames wat hierdie ontleding onderlê, is dat "regterlike diskresie" in die sg *hard cases* wel bestaan (Barak 34–35; *contra* Dworkin). Omdat 'n onbeperkte aantal variasies ingevolge die diskresie tov herverdeling moontlik is, val dit te betwyfel of partye 'n vermoënsreg kan hê op huweliksgoedere wat ingevolge die diskresie verdeel moet word. Mi verleen die diskresie tov die vermoënsregtelike posisies van 'n egpaar wanneer hulle skei nóg 'n remedie in 'n kontraktuele situasie, nóg 'n reg wat naas die kontrak bestaan. Die Ontario Family Law Act, 1990 impliseer in a 5 en a 7(2) dat die regterlike diskresie geen belang in eiendom skep in die afwesigheid van 'n a 9-hofbevel nie, en bepaal dat die aanspraak by egskeiding 'n persoonlike een tussen die gades is. Die statutêre diskresie kan eerder beskryf word as 'n onvoltooide persoonlike reg wat tot 'n aandeel of 'n reg op kapitale genot ontwikkel sodra 'n billike herverdeling beveel is. Castel "Choice of law – matrimonial regimes" 1982 *Can Bar R* 180 186–187 verwys reeds na die reg op die verdeling van bates op 'n billikheidsgrondslag as 'n *new substantive right*.

102 Thomashausen 1985 *De Rebus* 168 beskryf die Egskeidingswet as 'n "backdoor"-benadering om aanwasbeginsels tov sekere huwelike in te voer. Sien ook die verwarring in die reg van Wisconsin na die promulgasie van die Wisconsin Matrimonial Property Act, 1984; Erlanger en Weisberger "From common law property to community property" 1990 *Wisconsin LR* 783.

egter die gevolgtrekking maak dat die uitoefening van die diskresie in artikel 7(3) verhinder word deur die afwesigheid van "huweliksvoorwaardes".

Die vertrekpunt by klassifikasie is die *lex fori*.[103] 'n Suiwer *lex fori*-benadering veronderstel egter dat blote feite geklassifiseer moet word terwyl feite inderdaad altyd in die lig van die een of ander regstelsel aangebied word. Op sy beurt is die reg weer alleen vasstelbaar indien basiese feite bekend is. Die hof analiseer die aard van 'n eis of 'n verweer, soos uitgedruk in 'n regsisteem in die lig van die funksie van daardie reël in daardie regsisteem. Die eis of verweer word in verband gebring met die regskeusereëls van die *forum* wat breed beskou (dit wil sê nie beperk tot konsepte van die *lex fori* nie) die betrokke eis kan dek. Nadat die ware aard en klassifikasie van die vreemde reël ingevolge sy regstelsel geanaliseer is, kan dit vergelyk word met die meganismes van die *lex fori* en ingevolge Suid-Afrikaanse internasionale privaatregskategorieë geïnterpreteer word.[104]

Terwyl die regskeusereël aandui dat die vermoënsregtelike gevolge van die huwelik deur die *lex domicilii* beheers word, klassifiseer die *lex domicilii* nie noodwendig die herverdelingsbevoegdheid as 'n vermoënsregtelike gevolg nie; dit is selfs moontlik dat dit glad nie 'n skema vir die klassifikasie van huweliksgoedere het nie. Daar sou geredeneer kon word dat in die afwesigheid van 'n klassifikasieskema vir eiendom in die potensieel toepaslike reg, daar ingevolge die *lex fori* geklassifiseer moet word. Op hierdie wyse sou weer opnuut aan Kahn en Bartin se *lex fori*-voorkeur prominensie by huweliksgoederekonflik verleen word. Daar word weer in paragraaf 5 3 teruggekom op die *lex fori* se klassifikasieskema vir eiendom.

5 1 Regspraak voor artikel 7(9) se promulgasie

In die sake waarin immigrante 'n beroep op artikel 7(3)–(8) doen,[105] is klassifikasie nie as probleem geïdentifiseer en beredeneer nie. Regspraak kon nie oortuigend aandui welke regstelsel aangewese is om die herverdeling te beheers nie. In die *Milbourn*-gewysde[106] eis die eiseres die oordrag van die helfte van haar man se bates. Daar word geen onderhoud geëis nie.

---

103 Kahn (1980) 620. Vgl die *Restatement (Second)* (1971); Allarousse "A comparative approach to the conflict of characterisation in private international law" 1991 *Case Western Reserve J of Int'l L* 496 ev.

104 Vgl *Laurens v Van Höhne* 1993 2 SA 104 (W) waar 'n kosmopolitaanse uitleg aan die regskeusereëls van die *forum* gegee is en die *via media*-benadering gevolg is om die vraag of opbetaling van kapitaal van 'n maatskappy 'n materiële of formele vereiste is, te beantwoord (116I–117E). Die hof let op die aard, strekwydte en doel van die vreemde reël in die konteks van die vreemde reg. Sien ook *Laconian Maritime Enterprises v Agromar Lineas* 1986 3 SA 509 (D) 520H–521B. Ander moontlikhede sluit in Batiffol se tweeledige teorie, en Robertson en Cheshire se primêre en sekondêre klassifikasie. Vgl Forsyth "Enforcement of arbitral awards, choice of law in contract, characterization and a new attitude to private international law" 1987 *SALJ* 8–11; Faul "Klassifikasie en internasionale privaatreg" 1987 *TSAR* 246; Hahlo (1975) 578–581; Neels 1992 *SALJ* 340; en in die algemeen Allarousse 1991 *Case Western Reserve J of Int'l L* 500–502; Lipstein *Principles of the conflict of laws, national and international* (1981) 96–97.

105 Vgl Van Schalkwyk *Huweliksregbronnebundel* (1992) 320 ev.

106 *Supra*.

Regter Coetzee behandel by implikasie haar eis as een wat met egskeiding in verband staan en wys dit van die hand, steunende op die duidelike taal waarin die wetgewer sy bedoeling in artikel 7(3)(a) vervat het dat 'n kontrak 'n vereiste is. Die kontrak moet na vermoënsregte of die huweliksgoederebestel verwys maar daar word nie uitgeklaar in watter vorm die kontrak moet wees nie (65A–E). Die gaping in die reg is nie genoeg om regter Coetzee te oortuig om die betekenis van "kontrak" uit te brei nie.[107] Die kontrak moet dus 'n voorstel vir verdeling van eiendomsreg maak alvorens die hof by magte is om 'n verdeling in ooreenstemming met billikheid te kan bewerkstellig.

In *Bell v Bell*[108] word die eiseres se eis op vergelykbare feite toegestaan. Sy eis naamlik die oordrag van sekere onroerende eiendom in Suid-Afrika geleë asook 'n derde van haar man se netto bates, maar baseer haar eis op artikels 23 en 24 van die Engelse Matrimonial Causes Act van 1973, soos gewysig. Geen onderhoud of periodieke betalings is aangevra nie. Die hof, by monde van waarnemende regter Kuper, neem eenvoudig aan dat die eise van die partye geklassifiseer moet word as verbandhoudend met vermoënsregtelike gevolge van die huwelik, en dit is inderdaad hoe beide die eiseres en die verweerder hulle bedes verwoord het. Sy beroep haar op analoë vir hierdie benadering wat die Egskeidingswet en die DDR-statuut, wat in *Sperling v Sperling* ter sprake was, na haar mening bied (in die *Sperling*-gewysde is 'n bate-oordrag op gesag van buitelandse reg beveel, en wel om die vermoënsregtelike en versorgingsregtelike komponente van die eis te bevredig).[109] Op "internasionale privaatregvlak" is haar antwoord dat 'n gaping vermy behoort te word:[110]

> "If [the Milbourn decision] is correct (and I think with respect that it is, notwithstanding the judgment in Mathabathe) then it would mean – assuming the exception to be well-founded – that a person in the plaintiff's position would not enjoy her rights under the English law and would simultaneously be disbarred from enjoying like rights under the South African law. As I see the position, that consequence does not follow, because recognition can be given to ss 23 and 24 of the English legislation."

Erkenning en toepassing van die Engelse wetgewing op die gebied van verdeling van huweliksgoedere moes dus die gaping wat die *Milbourn*-saak blootgelê het, vir die besondere geval vul. Klassifikasie is egter nêrens by name genoem nie: nóg ten opsigte van die judisiële diskresie om die regte in die huweliksgoedere van die

---

107 In *Mathabathe v Mathabathe* 1987 3 SA 45 (W) was die gevolge van die huwelik nie deur buitelandse reg beheers nie maar deur die ou a 22(6) van die Swart Administrasiewet 38 van 1927 wat 'n kontrak onnodig maak indien gemeenskap van goed uitgesluit wou word. Die hof het eenvoudig die betekenis van die begrip "hvk" uitgebrei tot elke soort voorhuwelikse ooreenkoms. Dit sluit in 'n ooreenkoms om in die huwelik te tree of 'n verlowingsooreenkoms (51J–52A). Die saak gee geen uitsluitsel oor buitelandse huwelike nie (*per* Stegmann R 58C–D). In *Lagesse v Lagesse supra* is bevind dat die definisie van "kontrak" wyd genoeg is om informele en mondelinge kontrakte om gemeenskap van goed uit te sluit, te dek mits derdes se regte onaangeraak bly (177J–178A).

108 *Supra*.

109 Soos in die *Sperling*-saak *supra*.

110 199I–200A.

voormalige gades aan te pas, nóg ten opsigte van die huweliksgoedere wat die fokuspunt van die onderskeie eise is. Engelse regspraak is nie ondersoek nie.

Litigasie in Engeland, in die veronderstelling dat jurisdiksionele vereistes andersins nagekom was, sou *Suid-Afrikaanse reg* in beheer gestel het van die eis vir oordrag van onroerende eiendom wat in Suid-Afrika geleë is. Die Suid-Afrikaanse egskeidingsbevel ken egter regte in onroerende goed in Suid-Afrika geleë toe op sterkte van *Engelse wetgewing* wat herverdeling moontlik maak. Die vreemde reg word dus toegepas waar die vreemde hof dit nooit sou doen nie. Te min is oor die feite bekend om die gevolgtrekking te regverdig dat die domisilie ten tyde van litigasie meer verteenwoordigend was van die feitelike, werklike en konsensuele verband. Dit is nogal ironies dat die toepassing van buitelandse reg in hierdie geval juis klassifikasie- en beslissingsharmonie opoffer. Positiewe nawerking van die beslissing sluit in dat 'n mate van sensitiwiteit vir die individu se dilemma getoon is en dat die *forum* ten gunste van herverdeling in hierdie besondere omstandighede is. Die beslissing het die bestaande "normatiewe sisteem" verander wat die benadering tot interpretasiereëls effens kon versteur. Sodoende is die behoefte aan regsekerheid net meer beklemtoon.

Lagesse v Lagesse[111] is tot op hede die enigste saak waarin immigrante met hulle aanspraak op artikel 7(3)–(8) geslaag het. Die partye het getrou terwyl die man in Mauritius gedomisilieerd was sonder om 'n formele voor- of nahuwelikse kontrak voor 'n notaris of andersins te sluit. Die verwysing in die kantlyn van die huweliksertifikaat na die ordonnansie wat gemeenskap van goed uitsluit word geag te voldoen aan artikel 7(3) se kontraksvereiste. Regter Kriek oefen die diskresie uit wat die Suid-Afrikaanse bepaling verleen op sterkte daarvan dat 'n informele ooreenkoms bestaan wat gemeenskap van goed by implikasie uitsluit. Die vraag of die huwelik binne of buite gemeenskap van goed is, is sonder meer beantwoord met verwysing na die potensiële *lex causae*; die vraag na die toepaslike sisteem om die bateverdeling te beheers, word beantwoord met verwysing na artikel 7(5) op sterkte van twee reëls: die inkorporasie-deur-verwysing-reël van die kontraktereg en die beginsel dat wetsbepalings sover moontlik uitgelê behoort te word dat almal gelyk daardeur geraak word. Regter Kriek verklaar dat die vermoënsregtelike gevolge van die huwelik beheer word deur die reg van die man se domisilie ten tyde van huweliksluiting.[112] Die reg van Mauritius erken 'n ooreenkoms wat as kantlynaantekening bestaan. Artikel 7(3) is ooreenstemmend uitgelê.[113]

Die reg van Mauritius was benewens die *lex domicilii* van die man ten tyde van huweliksluiting ook die *lex loci contractus*, en die reg met die betekenisvolste

---

111 *Supra*.

112 175D–E. Forsyth *Private international law* (1990) 249 meld die geldigheid van die hvk as 'n vermoënsregtelike gevolg van die huwelik. Vrancken 1993 *TSAR* 183 meen daarenteen dat die kategorie eerder die formele geldigheid van die hvk is.

113 *Per* Kriek R 178G. *Ex parte Senekal et Uxor* 1989 1 SA 38 (T) steun 'n "wye gelding" van a 36 van die Huweliksgoederewet. Hierdie saak wys die potensiaal vir probleme in veranderde omstandighede uit. Neels kritiseer die uitspraak ooreenkomstig sy siening dat a 7(3) 'n geskikte basis slegs vir onderhoud – die versorgingsregtelike aspek van 'n eis – kan wees waar die *lex domicilii matrimonii* nie die Suid-Afrikaanse reg is nie. Vgl Neels 1992 *SALJ* 341.

verhouding met die kontrak en die partye. Om mee te begin, was die kanse klein dat 'n kategoriseringskonflik rondom die *Lagesse*-feitestel kon ontwikkel: die reël van die *forum* is vergelykbaar met die instelling wat die *lex causae* ken. Die saak verhelder nie die toepassing van artikel 7(3) in gevalle waar die *lex domicilii* gemeenskap van goed uitsluit, maar 'n vorm van deling by ontbinding aan die regterlike diskresie oorlaat nie, en kon nie potensiële kategoriseringskwellings aanspreek nie.

Al die bogenoemde sake toon dieselfde neiging na 'n meganiese en kumulatiewe toepassing van regskeusereëls.[114]

5 2 Verskille tussen artikel 7(3)–(8) en die *common law*-diskresie

Dit is duidelik uit paragraaf 4 hierbo dat die Anglo-Amerikaanse regterlike diskresie vandag 'n matigende interpretasie aan vaste omskrewe regsreëls gee. Die diskresionêre toesegging van 'n billike aandeel is voorts bekend in Afrikalande soos Zimbabwe, Zambië en Malawi.[115] Daar is 'n natuurlike neiging in die *common law*- sowel as *civil law*-tradisies om 'n korrektief vir die man se volle en uitsluitlike beheer oor die gemeenskaplike fonds daar te stel. Hierdie oogmerk word *stante matrimonio* bereik, óf deur vaste reëls dat die bestuursfunksie verdeel word tussen die eggenote, óf deur volkome gemeenskap of winsdeling by ontbinding te laat intree, óf deur die diskresionêre verdeling deur die hof by ontbinding. Gemengde bedelings van gemeenskap van aanwinste, uitgestelde gemeenskap van aanwinste of gemeenskap van toegevalle winste (*accrued gains*) wat gekoppel word aan 'n diskresie om van gelyke deling af te wyk, is algemeen bekend.[116]

In die Engelssprekende wêreld vorm die diskresie deel van 'n oorkoepelende billikheidsbegrip. Huwelike sluit *ex lege* gemeenskap van goed uit en kontrakte tot die teendeel word aan regterlike toetsing onderwerp. Elke gade se eiendom is onderworpe aan 'n billikheidseis van die ander gade, of aan onvoltooide regte wat materialiseer in geval van egskeiding of dood van die eienaar-eggenoot.[117] In baie van die *common law*-lande kom die diskresionêre verdeling amper neer op 'n uitgestelde gemeenskap van aanwinste (met behulp van die regterlike diskresie wat van die gesinsbateteorie[118] gebruik maak of billikheidsoorwegings wat in die *trust*-konsep opgesluit is[119]).

---

114 Symeonides 1987 *Am J Comp L* 274 ev. Sy besware teen die "tradisionele" metode is net so geregverdig waar die onveranderlikheidsleerstuk aangehang word.

115 Ncube "Dealing with inequities in customary law: action, reaction and social change in Zimbabwe" 1991 *Int'l J of Law and the Family* 72 ev; a 11(1) Zambian High Court Act Cap 50; a 4 Malawi Divorce Act Cap 25:04.

116 Vgl die gemengde gemeenskap van winste soos beskryf deur Freedman *et al* 26–30.

117 Symeonides 1987 *Am J Comp L* 275.

118 Bates wat deur 'n egpaar verwerf is om voortdurend tot die gesin se beskikking te wees in almal se gesamentlike voordeel, kan *stante matrimonio* en na ontbinding van die huwelik as gemeenskaplike bates hanteer word. Familiebates is daardie bates wat bestem is vir die huidige en toekomstige gemeenskaplike gebruik van die gesin. Vgl *Wachtel v Wachtel supra* 90; *Gissing v Gissing* [1971] AC 886; en *contra Pettitt v Pettitt supra* 817A–G *per* Lord Upjohn.

119 Vgl *supra* vn 83; Ontario se reg en Skotse reg.

Volgens artikel 7(3)–(8) kan 'n billike aandeel toegewys word slegs waar die partye 'n verdelingsreëling getref het. Terwyl die Suid-Afrikaanse huweliksvoorwaardekontrak voorsiening mag maak vir verdeling in ooreenstemming met eiendomsreg in bates, laat artikel 7(3)–(8) 'n verdeling toe wat nie hiermee ooreenstem nie hoewel dit met elkeen se onderskeie bydrae rekening moet hou. Die verbeurdverklaring van vermoënsvoordele of 'n gedeelte daarvan hou ingevolge artikel 9 weliswaar met billikheid (behoorlikheid) verband en mag beveel word selfs waar daar geen kontraktuele reëling getref is nie, maar het slegs betrekking op daardie aandeel wat 'n party ingevolge die toepaslike bedeling toeval. Geen bates mag uit een boedel aan 'n ander oorgedra word nie. Waar 'n verbeurdverklaringsbevel verleen word, kan die verweerder niks méér neem as daardie bates wat hy self bygedra het nie.[120] Die moontlikheid van 'n eis vir "onmiddellike verdeling" op 'n billikheidsgrondslag van die gemeenskaplike boedel of 'n boedel onderworpe aan aanwasdeling kom slegs ter sprake waar die huwelik nie ontbind word nie.[121]

Die klaarblyklike eenvoud van huweliksbedelings kan dus besondere reëls en materiële verskille versluier. Terwyl artikel 7(3)–(8) onvoltooide persoonlike regte verleen ten opsigte van 'n gade se "eiegoed",[122] verleen die statutêre gemeenskap van goedere-bestel gedurende die huwelik reeds 'n eiendomsbelang in die helfte van dit wat deur die ander gade bekom word, en erken geen regte ten opsigte van 'n gade se eiegoed nie. In die afwesigheid van 'n kontrak ondersteun die reg deur middel van 'n vermoënsregtelike reëling: partye het die geleentheid om eiendomsbelange te vestig in meeste van die eiendom wat tydens die duur van die huwelik bymekaargemaak is. Dus hoef die verdelingsreëls nie *ook* op beskerming gerig te wees nie. Die Engelse reg weer verleen beskerming ingevolge die verdelingsreëls, en tipeer eiendom nie as gemeenskaplik gedurende die bestaan van die huwelik nie. Hoewel alle huwelikseiendom afsonderlik besit word in *common law*-sisteme (wat die gevaar kan skep dat 'n huweliksgoederebedeling beskou kan word as een wat *stante matrimonio* geen voorsiening vir gemeenskap van goed, deling van wins en verlies en aanwasdeling maak nie), behoort hierdie feit nie as basis vir nie-verdeling te kon dien in 'n stelsel wat gemeenskap van goed as statutêre bedeling het en wat eiegoed in hierdie bedeling vry van enige eise in die ander gade se guns ag nie. Dit kon geen sin hê om die *common law* se tipering van goed as eiegoed te aanvaar nie omdat die *common law* nie die onderskeid tussen afsonderlike en gemeenskaplike huweliksgoedere ken nie. 'n Vrou wat relatief min op haar naam het

---

120 In die onlangse appèlafdelinguitspraak *Wijker v Wijker* 1993 4 SA 720 (A) is die *lex fori* toegepas om verbeurdverklaring van voordele teen die applikant te verhinder. Die klassifikasieproses is onduidelik omdat soveel fasette van die *lex fori* met dié van die *lex causae*, Nederlandse reg, saamgeval het.

121 Die gedrag moet belange in die gesamentlike boedel benadeel en derdes se belange moet nie deur so 'n bevel benadeel word nie. Ingevolge a 20(2) kan die hof verder gaan en 'n ander huweliksgoederebedeling onder voorwaardes wat hy goedvind van toepassing maak.

122 Hier is "eiegoed" nie vergelykbaar met eiendom wat in die – statutêre – gemeenskap van goederebedeling as eiegoed getipeer kan word nie. Eg kan lg insluit.

omdat sy 'n nie-verdienende gade was wat na die huishouding omgesien het, behoort nie gepenaliseer te word omdat sy nie lank genoeg in die *common law*-sisteem gebly het om onder daardie land se verdelingsreëls te kom nie, en omdat sy nie vroeg genoeg na die gemeenskap van goedere-sisteem beweeg het om deur daardie land se tipering van eiendom beskerming te verkry nie. Tipering van eiendom en die verdeling daarvan is in beide sisteme geïntegreer, terwyl beide sisteme beskerming bied aan nie-verdienende gades en tuisteskeppers – bloot op ander maniere en tye in die huweliksverhouding en selfs in die afwesigheid van formele beplanning vir die toekoms.

Die oplossing kon natuurlik in klassifikasie self gesoek gewees het. Aanpassing (*adaptation*) kon aan artikel 7(3)–(8) 'n uitleg gee wat aan die partye alles laat toekom wat hulle sou gehad het indien die Suid-Afrikaanse hof se herverdelingsdiskresie wel op die partye betrekking gehad het. Daar kon naamlik geredeneer word dat die klassifikasie van die herverdelingsbevoegdheid as 'n aangeleentheid wat met egskeiding verband hou, 'n subsidiêre klassifikasie daarvan as 'n vermoënsregtelike aangeleentheid insluit vir daardie gevalle waar herverdeling nie kan plaasvind nie omdat buitelandse egskeidingsreg nietoepaslik geag word. Kategorisering van die regterlike diskresie in een geval beteken nie dat dit vir alle toekomstige doeleindes in dieselfde kategorie moet val nie.[123] Waar die potensieel toepaslike *lex causae* se tipering nie leiding gee nie, kon die *lex fori* se tipering die deurslag gegee het. Die *lex fori* se klassifikasieskema vir eiendom veronderstel gemeenskaplike huweliksgoedere in afwesigheid van 'n kontrak. Die *lex fori* se tipering van eiendom is globaal gesien, uitsonderlik (aanvanklik, voor die 1984-wet, 'n eenvoudige onderskeid tussen gemeenskaplike goed en eiegoed en later die erkenning van deling deur die aanwasbedeling, wat as 'n vorm van skeiding van goed beskou is). Die funksie van die diskresie is egter iets wat die Suid-Afrikaanse reg met al die regsfamilies gemeen het: om regte in eiendom vas te stel en te verdeel. Indien die *lex fori* weens sy rigiede vereistes vir diskresie-uitoefening nie die verdeling kon rig nie, moet die verdeling geskied soos dit in die potensiële *lex causae* sou geskied. Dit is immers onlogies om te bevind, soos in die *Bell*-saak, dat sekere voormalige buitelanders geen herverdelingsaanspraak het nie waar beide die *lex fori* en die potensiële *lex causae* die herverdelingsbevoegdheid ken. Die *lex fori* moet die beskikbaarheid van die regterlike diskresie aan Henry en Wilma erken en daarmee omgaan soos die *forum*-reg vereis.

Daar sou onderskei kon word tussen die bestaan van 'n remedie en die aard van 'n remedie. Indien die diskresie in sowel die *lex fori* as die potensiële *lex causae* bestaan, kon die aard daarvan as 'n prosessuele aangeleentheid beskou word sodat die detail van die verdeling aan die *lex fori* oorgelaat word.[124]

---

123 Vgl Allarousse 1991 *Case Western Reserve J of Int'l L* 512 met verdere verwysing; in die algemeen Bennett "Cumulation and gap: are they systemic defects in the conflict of laws?" 1988 *SALJ* 444.

124 Hierdie redenasie sluit aan by die vereiste dat vreemde reg gedingsvatbaar moet wees alvorens die howe van die *forum* dit sal erken. Hier bestaan egter twyfel of a 7 'n ware

vervolg op volgende bladsy

Dit was ook moontlik om die klassifikasiemeganisme as ontsnappingsmeganisme in te span in 'n resultaatgerigte benadering.[125] Genadelose logika is nie die enigste faktor wat die kategorie bepaal nie.[126] Hierdie benadering sou veronderstel het dat klassifikasie gesien word as metode en ontleding, terwyl die regskeusereël as tegniek onder verdenking staan.[127] Dit sou ook vereis het dat daar erken word dat die inhoud van die vreemde reg dwarsdeur die proses van klassifikasie daarop inwerk en deurentyd deur die litigante in gedagte gehou word; dat die substantiewe regsbelang 'n invloed op die proses uitoefen.

Die proses behoort plooibaar genoeg te wees om die tekortkominge wat uit die sisteem of orde van die substantiewe reg kan blyk nadat regsvergelykend gewerk is, aan te spreek en te beperk. Howe in *common law*-, *civil law*- en gemengde regstelsels het meganismes ontwikkel, soos permutasies op die veranderlikheidsleer, om potensiële onbillikheid in die Henry-en-Wilma-tipe feitestel te beperk. Daarenteen het die Suid-Afrikaanse howe die Wilma-en-Henry-tipe feitestel onder bestaande kategorieë ingetrek, sonder om aanpassings te maak.

Kommentatore kon niks beter aan die hand doen nie. Kahn het voorgestel dat indien onderskei kan word tussen reëls wat die vermoënsregtelike verhouding tussen die egpaar vanaf die oomblik van huweliksluiting *stante matrimonio* reël en reëls wat 'n egpaar se vermoënsregtelike posisie reël wanneer hulle skei, slegs eersgenoemde reëls as vermoënsregtelike gevolge van die huwelik aangesien moet word. Die funksie van die diskresie in die Engelse reg is om regsbystand by egskeiding te bied, wat versoenbaar is met die funksie van die diskresie in die *lex fori*. Volgens Kahn moes die *Bell*-saak op artikel 7(3) gefokus het met as enigste korrekte gevolgtrekking dat daar 'n gaping is, en 'n herverdelingsbevel gevolglik nie verleen mag word nie.[128] Vir Kahn was die beskikbaarheid van die *forum* se herverdelingsmeganisme afhanklik van die bestaan van 'n ooreenkoms (uitdruklik, by implikasie of stilswyend). Sy siening stel billikheid afhanklik van 'n verdelingsreëling. As die eiendom nie geklassifiseer word nie omdat die huwelik vermoënsregte basies onaangetas laat en 'n ooreenkoms vanaf regsweë onnodig is om dit so te hou, kan die meganisme nie werk nie. Daar kan geargumenteer word dat dit Engelse immigrante vrystaan om te kontrakteer as hulle huweliksgoedere wil deel by egskeiding. Die logiese uiteinde van die argument wat Kahn voorstel, sou wees dat individue wat huwelike ingevolge *common law* gesluit het (of dit nou voor of ná 1 November 1984 was) geen aanspraak sou kon hê op die herverdelingsmeganisme nie; en so ook swart immigrante vanuit *common law*-lande of state wat voor 1988 buite gemeenskap van goedere getroud is anders as uit hoofde van die ou artikel 22(6) van die Swart Administrasiewet.[129]

---

remedie daarstel omdat daar nie net een verdelingsmoontlikheid nie, maar talle in 'n aansoek om herverdeling bestaan.

125 Juenger "Conflict of laws: a critique of interest analysis" 1984 *Am J Comp L* 32.

126 Vgl bv *Grant v McAuliffe* 41 Cal 2d 859, 264 P 2d 944 (1953); Silberberg 1973 *CILSA* 363–364.

127 Allarousse 1991 *Case Western Reserve J of Int'l L* 514–516.

128 Kahn 1991 *Annual Survey of South African Law* 588.

129 *Mathabathe v Mathabathe supra.*

Neels het gemeen dat die herverdeling van kapitale bates (vermoënsregte, geklassifiseer ingevolge die *lex fori*) telkens na die vreemde reg verwys moet gewees het. Vreemde reg moet die eis wat gebaseer is op die eiser se bydrae tot die boedel van die ander eggenoot beheer. Beide die tipering en die verdeling van kapitaalgoedere moet deur die potensiële *lex causae* beheer word. Verdeling van sowel kapitale as inkomstebates ingevolge die buitelandse reg sou weliswaar 'n skoon breuk moontlik kon maak, maar omdat onderhoud deur die *lex fori* beheer word, moet hierdie soort "holistiese" gedagtegang laat vaar word in die Henry-en-Wilma-tipe feitestel.[130] Hy sê nie hoeveel van die vreemde reg toegepas moet word nie en of vreemde regspraak hierby ingesluit moet wees nie.

In 'n vinnig veranderende wêreld kan die regs*corpus* kwalik diggeweef genoeg wees om vir alle gevalle wat kan voorkom, voorsiening te maak. Gapings ontstaan deels as gevolg van 'n onbuigsame en onverfynde klassifikasieproses wat nie daarmee rekening hou dat verskillende regsinstellings dieselfde sosiale doel nastreef en deur verskillende regskeusereëls beheer word ingevolge die *lex fori* nie. Bestaande beginsels en aanknopingspunte bied nie altyd voldoende dekking nie.[131] Beide Kahn en Neels pas die onveranderlikheidsleerstuk ongekwalifiseerd toe.[132] Albei beroep hulle op die belangrikheid van partye se regmatige verwagtings. Kahn se benadering ontken die interafhanklikheid van die klassifikasie en verdelingsreëls binne elke regsisteem, en die onderliggende verantwoordelikheid van regstelsels om vir eggenotes in Wilma se posisie 'n oplossing te probeer vind wat internasionale uniformiteit respekteer. Dit is met 'n mate van sinisme wat 'n mens hierdie doelwit van die internasionale privaatreg oorweeg in die lig van beslissings soos die *Bell*-uitspraak. Neels se siening van die metode wat in internasionale privaatregsake gebruik is voordat artikel 7(9) gepromulgeer is, bevat elemente van sowel die tradisionele metode as die "speurmetode" en is meer progressief as meeste ander sienings. Hoe meer vreemde reg-gerig 'n siening egter is, hoe meer potensiële probleme word ervaar in die blootlegging, bewys en toepassing van vreemde reg.

5 3 Kommentaar op die posisie ingevolge artikel 7(9)

Ingevolge artikel 7(9) kan 'n Suid-Afrikaanse hof aanspraak daarop maak dat dit dieselfde bevoegdhede oor huweliksgoedere mag uitoefen as 'n egskeidingshof van 'n egpaar se eertydse domisilie. Artikel 7(9) konsentreer op verdeling: as 'n verdeling van 'n spesifieke *ratio* 'n behoorlike beslissing sal wees ingevolge die

---

130 Neels 1992 *SALJ* 341. Die feit dat vergoeding 'n invloed kan hê op die omvang van versorgingsaansprake beteken dus nie noodwendig dat onderhoud as 'n deel van die huweliksgoedereg bereg moet word nie. Soos hy dit verstaan, is "holisme" net moontlik in gevalle soos in *Lagesse v Lagesse supra* waar a 7(3) as basis vir die versorgingsregtelike eis kan dien.

131 Aristoteles *Ethica Nicomachea* Boek V 10 (vert Sir David Ross) (1925) 1137 sien *equity* as regsteller van reg wat onvolkome is agv die universaliteit daarvan. Sien ook *Wachtel v Wachtel supra* 829 838. Voet 1 1 6 meen dat billikheid by onvolledige reglementering te verkies is bo streng reg en oordrewe eksakte argument.

132 Symeonides 1987 *Am J Comp L* 274–276.

reg van die eertydse domisilie, kan die Suid-Afrikaanse hof 'n soortgelyke verdeling beveel. Dit stel nie die verdeling van huweliksgoedere afhanklik van die klassifikasie daarvan ingevolge die potensiële *lex causae* nie. *Common law*-sisteme klassifiseer in elk geval nie die partye se eiendom nie.[133]

By implikasie gee artikel 7(9) toe dat dit vreemd sou wees om op 'n kontrak aan te dring om gemeenskap uit te sluit in die geval van voormalige buitelanders wat nie nodig gehad het om te kontrakteer om bates afsonderlik te hou nie. Die handelingsbevoegdheid van die partye word immers nie deur hulle migrasie geraak nie, sodat geargumenteer kan word dat die gades 'n *prima facie* reg het (wat tussen 1 November 1984 en 31 Oktober 1988[134] 'n statutêre reg was) om die bestel te verander. Die feit dat die hof by egskeiding 'n ander verdeling mag beveel, of dat die partye 'n bate as gemeenskaplike eiendom verkry, verander niks hieraan nie.[135] Daar is geen sprake van enige verandering in die vrou se handelingsbevoegdheid wat teenoor derdes effektief gemaak behoort te word nie. Artikel 7(9) vertoon egter nie genoeg sensitiwiteit vir die feit dat mense wat onlangs na Suid-Afrika geïmmigreer het, nie vir alle doeleindes in dieselfde posisie is as mense wat reeds ou inwoners is wat die geleentheid gehad het om die *forum* se gemeenskap van aanwinste of goedere te kies en hul beplanning dienooreenkomstig in te rig nie. Louisiana se reg bied aan almal wat daar 'n domisilie vestig vir 'n jaar lank die geleentheid om te kontrakteer om eiendom "apart" te hou, dit wil sê vry van eise ten aansien daarvan, anders word die afwesigheid van 'n kontrak geag op 'n vorm van gemeenskap van goed te dui. Die *prima facie* reg waarvan Douglas praat, sou op soortgelyke wyse beperk kon word.

Ofskoon dit in artikel 7(9) om verdeling eerder as klassifikasie gaan, en die artikel deel uitmaak van die Egskeidingswet, koppel die artikel tog die herverdelingsbevoegdheid aan die vermoënsregtelike gevolge van die huwelik. Dit verleen statutêre magtiging aan die *Bell*-toepassing. Hiermee is die waarskynlikheid verhoog dat vreemde reg toepassing kan kry in 'n eis om bateverdeling ingevolge die regterlike diskresie. 'n Gebiedende of dwingende uitleg ten aansien van *common law*-huwelike kan uiteindelik die klassifikasieproses neutraliseer. In ieder geval het die Suid-Afrikaanse internasionale privaatreg nog nooit verhinder dat die herverdelingsdiskresie as 'n aspek van huweliksgoedereg geklassifiseer word nie. Waarom die Egskeidingswet hierdie kategorie aktief onderskryf, is onverstaanbaar. Klassifikasie worstel direk met die mate van *forum*-beheer oor die faktore wat die vreemde reg dwingend maak. Klassifikasie ingevolge die *lex fori* bring logistieke eenvoud mee. Sinvolle aanwending van die reg van die *forum* kan heelwat probleme voorkom.

Amerikaanse teorieë ten aansien van interstaatlike regskonflik sluit in substantiewe keusereëls (*proper law*) van Cavers; *interest analysis* van Currie; funksionele analise van Von Mehren en Trautman; eklektisisme en die "beter

133 Symeonides 1993 *Rabels* 489.
134 GK R2114 *SK* 10481/1986.
135 Douglas 1991 *De Rebus* 210.

reg"-benadering.[136] Die oplossing in huweliksgoederekonflikte word in *forum*-beheer gesoek. Die "kwasie-gemeenskapmetode" wat in Kalifornië ontwikkel is, laat sowel die klassifikasie as verdeling aan substantiewe *forum*-reg oor. Die eiendom word geag verkry te gewees het waar die gemeenskap van goed geld. In geval van egskeiding en dood word dit om die helfte verdeel. Hierdie metode is vir interstaatlike konflikte ontwerp. Kommentatore het getoon dat oneweredighede te dikwels deurglip, onder meer omdat 'n mate van arbitrêre en onbillike verdeling volg uit die verskille in die Amerikaanse state se tipering van eiendom.[137] Die metode sou beter resultate kon lewer indien die state met vorme van gemeenskap van goed almal dieselfde definisie van gemeenskaplike goedere gehad het.

Artikel 3526 van die nuwe Louisiana-kodifikasie is meer gesofistikeerd. Dit magtig klassifikasie ingevolge die *lex fori* by huweliksgoederekonflik. Wat die vasstelling van regte in of die verdeling van die huweliksgoedere betref, word alle eiendom wat ingevolge die *lex fori* as gemeenskaplik getipeer is, ingevolge die *lex fori* verdeel.[138] Vir sover die interne *forum*-reg die eiendom tipeer en verdeel in 'n buigsame proses wat ook van gevestigde regte kennis neem, herinner dit aan die *modus operandi* van die Australiese howe.[139]

Belange-ontleding (*interest analysis*)[140] sal toepassing van die reg van die huweliksdomisilie ten tyde van die verbrokkeling van die huwelik voorstaan aangesien hierdie staat waarskynlik die nouste geraak sal word deur die uitwerking van die huweliksgoederevraag. Aangesien gevestigde eiendomsbelange egter beskerming vereis, word die huweliksdomisilie ten tyde van verkryging van die eiendom in Amerika as 'n werkbare kompromis aanvaar.[141]

'n "Regstelling" van die oorsig wat die Suid-Afrikaanse substantiewe reg ten opsigte van sekere tipes feitestelle begaan het, sou in die vorm van 'n verborge regskeusereël in artikel 7(3) gemaak kon gewees het. Daar kon bepaal word dat artikel 7(3) aangewend moet word in alle sake waar die hof jurisdiksie het om aansoeke vir die verdeling van huweliksgoedere aan te hoor. 'n Verborge reël sou by implikasie beide klassifikasie en verdeling aan die *lex fori* oorgelaat het. Die voordele hiervan sluit in dat immigrante wie se *lex domicilii* nie herverdeling moontlik maak nie, ook hierdeur bevoordeel sou kon word. Dit is voorts in lyn met die uitbreiding van die diskresie na alle huwelike, ook binne

---

136 Direkte toepassing en unilateralisme het baie veld gewen. Vgl in die algemeen Wasserstein-Fassberg "The forum: its role and significance in choice-of-law" 1985 *Zeitschrift für Vergleichende Rechtswissenschaft* 27–34; Juenger "General course on private international law" *Recueil des Cours* 1985 IV (1986) 123 191 213 ev; Kegel *International encyclopedia of comparative law* vol 3 hfst 3 pars 17–52; Lipstein (1981) 39–42.

137 Symeonides 1987 *Am J Comp L* 277 ev.

138 Symeonides 1993 *Rabels* 489.

139 Nygh 386.

140 Davie 1993 *ICLQ* 864 ev; die belange-ontleding en verbandsbenadering in *In re Estate of Crichton supra*. Davie verskaf 'n goeie oorsig oor die impak van die belange-ontledingteorie op Amerikaanse internasionale privaatreg.

141 Davie 1993 *ICLQ* 878.

gemeenskap en wanneer ook al voltrek, met as enigste vereiste die oordeel van die hof dat die feite van die betrokke geval billikheidshalwe 'n herverdeling vereis.[142]

Ongelukkig sou so 'n formulering verdeling van alle tipes eiendom en in alle gevalle aan die *forum* oorlaat, want dit let nie op hoe die potensiële *lex causae* regte allokeer en goedere verdeel nie, byvoorbeeld om selfonderhoudenheid te verseker.

6 GEREGTIGHEID IN DIE INTERNASIONALE PRIVAATREG

Nasionale aanwysingsregsisteme is veronderstel om 'n regverdige gesagsverdeling tussen state as identiese gelykes te reflekteer. Hierdie onpartydigheid waarborg onder meer dat 'n *forum* aan sy eie reg voorkeur sal verleen alleen as sy internasionale privaatreg dit vereis. Die internasionale privaatreg beoog uiteindelik, hoewel indirek, ook geregtigheid tussen individue. Abstrakte geregtigheid word deur billikheid gekwalifiseer.

Voor die invoeging van artikel 7(9) was Neels se opinie dat *Milbourn v Milbourn* verkeerdelik artikel 7(2) oorgesien het as basis vir die beslegting van die versorgingsregtelike eis, en nagelaat het om artikel 7(3) in beginsel te beperk tot 'n versorgingsregtelike eis. Engelse reg moes na sy mening die vermoënsregtelike eis beheer het. Hy was ook van mening dat *Lagesse v Lagesse* verkeerdelik van artikel 7(3) gebruik gemaak het om die vermoënsregtelike eis te besleg.[143] Neels se standpunte bring die kwessie van *dépeçage* op die voorgrond. Is dit wenslik dat een regstelsel se huweliksgoederereëls eiendom tipeer en 'n ander regstelsel die verdeling daarvan (wat op diskresie kan berus) bepaal? Steun artikel 7(9) *dépeçage* van vermoënsregtelike en versorgingsregtelike reëls sover dit Henry se miljoen betref?

6 1 Onderhoud: *Dépeçage* of *compéçage*

Sekere internasionale feitestelle en situasies kan 'n splitsing en aparte oorweging van aspekte en die toepassing van meerdere aanwysingsreëls vereis ("picking-and-choosing on the basis of an issue-by-issue analysis").[144] Amerikaanse howe erken *dépeçage*. Dit is 'n natuurlike maar nie noodwendig noodsaaklike gevolg van die beleidsgeoriënteerde benadering tot regskeuse nie. Daar word ook toegegee dat verbandhoudende aspekte van 'n saak die toepassing van 'n samehangende stel reëls kan noodsaak. Op die Vasteland neig die metodologie tot die veronderstelling dat partye verwag dat 'n enkele regstelsel toegepas sal word.[145]

Sonnekus toon aan dat alimentasie (onderhoud, oudagsversorging of die versorgingsregtelike aanspraak wat 'n onveranderlike gevolg van die huwelik is waaruit partye nie mag kontrakteer nie) in die Suid-Afrikaanse reg op ander beginsels berus en in beginsel heeltemal onafhanklik is van die herverdeling van

---

142 Clark en Van Heerden 1989 *SALJ* 248.
143 Neels 1992 *SALJ* 341.
144 Hay "Flexibility versus predictability and uniformity in choice of law" *Recueil des Cours* 1991 I 376.
145 *Idem* 377.

bates of "sakeregtelik beheerste bateverdeling by ontbinding van die huwelik" met die oog op die berekening van 'n billike deel. Die alimentasie-aansprake tussen gades tydens die huwelik en tussen voormalige gades na ontbinding van die huwelik berus ook op verskillende beginsels.[146]

In internasionale sake kan dit uiters onwenslik wees om meerdere regstelsels op verskillende aspekte van dieselfde saak toe te pas. Die mate waarin potensieel toepaslike reëls verweefd is, is 'n belangrike aanduiding van onwenslikheid: wanneer die reël van een stelsel wat vir toepassing uitgesonder word so 'n noue verwantskap het met 'n ander reël van daardie stelsel dat die toepassing van die een sonder die ander die balans wat die reëls gesamentlik meebring drasties versteur, behoort *dépeçage* vermy te word. Tweedens moet oorweging geskenk word aan die beleidsoogmerke wat die regskeusereëls in beide stelsels ten grondslag lê omdat *dépeçage* dit onbedoeld kan ondergrawe en verwring.

Normaalweg is daar geen twyfel nie dat die *lex fori* onderhoud moet beheer. Versorgingsregtelike norme, sensitief vir veranderde gemeenskapsopvattings, is deel van die welsynsbeleid van die *forum*. Artikel 7(9) weerlê dit nie. Daar word immers vermoed dat statuut die gemenereg niks meer wysig as wat uitdruklik aangedui is nie. Indien hierdie reël van uitleg in gedagte gehou word, asook die onwenslikheid daarvan om onderhoud na die potensiële *lex causae* te verwys deur gebruikmaking van 'n substantiewe, relatief statiese wetsbepaling, moet volg dat artikel 7(9) die versorgingsbehoeftes uitsluitlik in die *lex fori* se hande laat maar *dépeçage* goedkeur.

Wat wel twyfel laat, is die verwringing van die *lex causae* wat kan intree indien die vermoënsregtelike eis ingevolge die *lex domicilii* bereg word en die versorgingsregtelike eis ingevolge die *lex fori* beoordeel word. Neels toon byvoorbeeld aan dat die beginsel van selfonderhoud van die Engelse reg net toevallig sou resulteer indien onderhoud ingevolge artikel 7(2) oorweeg word.[147] Indien alle eise wat met die finansiële posisie by egskeiding verband hou ingevolge die *lex domicilii* ten tyde van huwelksluiting bereg word, waar hierdie stelsel die herverdeling van bates in 'n vermoënsregtelike en versorgingsregtelike konteks reël, word die "eenheid" en die integriteit van die vreemde regstelsel gerespekteer. *Compéçage*[148] (as die skikking deur 'n enkele regstelsel beheer word) sal onpraktiese ondersoeke uitskakel. Dit sal byvoorbeeld nie nodig wees om te bepaal welke herverdeling 'n Engelse hof sou gelas as dit net rekening met die vergoedingsaspek moes hou met uitsluiting van die onderhoudsaspek nie. 'n "Kunsmatige" uitmekaarhaal van konsepte wat in die vreemde reg verweef is, kan onbillik werk. As 'n *forum*-reël in die geslote buitelandse regsisteem ingevoer word, sal daar noodwendig ander aanpassings in belang van die voortdurende

---

146 Vgl Sonnekus "Artikel 36 van die Wet op Huweliksgoedere 88 van 1984" 1985 *De Rebus* 331; "Pensioenverwagtings en onderhoud na egskeiding in versorgingsregtelike in plaas van vermoënsregtelike konteks" 1989 *TSAR* 226 ev; "Pensioendeling, billikheid én egskeidingsreg is onversoenbaar" 1994 *TSAR* 48.

147 Neels 1992 *SALJ* 345.

148 Term geleen van Ehrenzweig/Jayme *Private international law* vol III (1977) 9.

harmonie tussen regsisteme gemaak moet word.[149] *Dépeçage* is nie sonder verdere aanpassing geskik vir die Henry-en-Wilma-tipe feitestel nie. Die besluit vir of teen *dépeçage* moet resultaat-georiënteerd wees. Die kompensasie wat aan die verdienstelike nie-verdienende eggenoot gebied word, tesame met 'n oorweging van toekomstige onderhoudsbehoeftes, behoort deurslaggewend te wees.

Dit val nie te betwyfel nie dat elke enkele bate-item deur die een of die ander regstelsel, toegepas in sy totaliteit, beheer moet word: net een regstelsel behoort regte in 'n spesifieke bate te bepaal. Dit laat 'n keuse tussen veranderlikheid en onveranderlikheid. 'n Oplossing soos dié van artikel 3526 van die nuwe Louisiana-kodifikasie is nog oop vir ondersoek: om al Henry en Wilma se huweliksgoedere ingevolge die *lex fori* te klassifiseer, en dit wat ingevolge die *lex fori* as gemeenskaplik geklassifiseer is, ingevolge die *lex fori* te verdeel. Hierdie is een van die mees progressiewe antwoorde op dié soort probleem. Oorbeskerming behoort nie as 'n fundamentele en onoorkomelike probleem beskou te word nie. Te veel is hier verkiesliker as te min[150] en toepassing van die *lex fori* ten aansien van die totale eis behoort "oorkompensasie" te kan beperk tot relatief min gevalle.

Waar *forum*-reg onbillike beperkings bevat, kan regverdigheid vereis dat 'n oorsig in die reg onmiddellik reggestel word vir 'n besondere saak sodat die regterlike diskresie aangewend kan word tot tyd en wyl ondervinding, soos ontwikkel deur rede of wetgewing, 'n regsbeginsel geformuleer het.[151] Die verhouding tussen diskresie, billikheid en regskeusereëls word belig in wat volg.

6 2 Regskeusereëls en billikheid in die internasionale privaatreg

Regskeusereëls wat na die klassifikasieproses geïdentifiseer is, verdien respek omdat hierdie reëls die beste aangewese oplossing of allokasie in die oë van die *forum* is.

> "The threshold for departures from existing conflicts rules due to interests having shifted or weakened should be considerably higher than for a 'free' formulation of a suitable new rule."[152]

Alle regskeusereëls bevorder nie substantiewe beleid in dieselfde mate as wat sekere moderne kodifikasies (soos die Switserse internasionale privaatregstatuut) dit doen nie. Nietemin, die terrein van die huweliksgoedere smag na beleidsgeoriënteerde regskeuse. Regskeusereëls mag nie langer blind wees vir die resultaat van hul toepassing nie.

Een van die algemene vereistes, van prosessuele aard, vir billikheid is dat soortgelyke sake op dieselfde wyse beslis moet word. Substantiewe geregtigheid in die individuele geval word deels bevredig deur die waarborg wat die proses

---

149 Neels 1992 *SALJ* 343; Roodt 1988 *De Rebus* 63–64; Silberberg 1973 *CILSA* 339; sien teks by vn 88.

150 Symeonides 1987 *Am J Comp L* 284–5; 1993 *Rabels* 489–490.

151 Pound 1960 *NY Univ LR* 298–299.

152 Vonken "Balancing processes in international family law" in Centrum voor Buitenlands Recht en Internationaal Privaatrecht *Forty years on: the evolution of postwar private international law in Europe* (1990) 192.

verleen dat ander *fora* tot dieselfde resultaat sal kom waar die inhoud van regskeusereëls universeel is. Voor die 1992-toevoeging van subartikel 7(9) was daar nie sprake van konsekwente toepassing daarvan in die Witwatersrandse Plaaslike Afdeling nie, hoewel al die beslissings volkome regmatig was. Billikheid vereis ook gehoorsaamheid aan die statuut as uitdrukking van die wetgewende wil, ofskoon die statuut aan herinterpretasie en herformulering in ooreenstemming met die onderliggende beginsel in 'n saak onderworpe bly.[153] Die *Milbourn*- en *Bell*-gewysde is nie deur 'n enkele bepaalde reël beheer nie en het 'n afweging vereis van die gewig van die relevante beginsels wat op daardie tydstip gegeld het. Die gewig van 'n beginsel berus egter op alle bewese feite in 'n konkrete saak (wat dit van 'n reël onderskei) en die aanwending van een beginsel tot die uitsluiting van 'n ander berus op persoonlike oordeel.

Die diskresie ingevolge die Suid-Afrikaanse reg is in pas met regsinstellings in ander gedeeltes van die wêreld: artikel 7(3) is ontwerp met billikheid in die omstandighede van die individuele geval voor oë en die *common law*-stelsels streef 'n vergelykbare doel na. Indien die doel van die proses dan billikheid teenoor die partye is, moet billikheid ook getoets kan word aan hoe getrou die *forum*-bevel 'n bevel ingevolge die *lex causae* naboots. Artikel 7(9) toon nie genoeg sensitiwiteit vir die wyse waarop die vreemde hof sy reg toepas nie. *Dépeçage* en klassifikasie is instrumente waarmee rasionele oplossings bewerk kan word. Artikel 7(9) erken nie een van die twee vir wat hulle is nie.

Daar word ten slotte nog kortliks gekyk hoe artikel 7(9) inpas by die metodologie van die internasionale privaatreg.

7 ARTIKEL 7(9) EN INTERNASIONALE PRIVAATREGMETODOLOGIE

Met artikel 7(9) toon die Suid-Afrikaanse reg 'n bewustheid dat veranderde omstandighede as gevolg van migrasie problematies kan wees. Die tegniek van wetsopstelling wat hier aangewend is, laat egter heelwat vrae ontstaan. Lê dit 'n vaste reël neer of bloot 'n *open-ended* reël of benadering? Is dit aanwysend en inhoudsgerig of dwingend en jurisdiksiegerig? Watter implikasies hou dit vir *renvoi* in? Hoe beïnvloed dit die ruimtelike werking van wette en die aard en perke van die aanwysingsproses?

Artikel 7(9) bepaal nie welke regsisteem aanwending moet verkry nie maar poog om die bevoegdhede van die Suid-Afrikaanse hof te omlyn wanneer 'n vreemde hof 'n bepaalde bevel mag gee. Dit is dus geen unilaterale of multilaterale regskeusereël nie maar bevat 'n bepaling aangaande 'n aanwysingsreël. Dit verleen dieselfde bevoegdheid as wat "'n bevoegde hof van die betrokke vreemde staat op daardie tydstip sou hê . . ." (daar is natuurlik nie noodwendig op die tydstip van litigasie wél 'n bevoegde hof in die buiteland nie – hierdie absurditeit laat ons egter daar). Artikel 7(9) wil die resultaat op die meriete

153 Sien Allan "Justice and fairness in law's empire" 1993 *Cambridge LJ* 74–75 86–88 se kritiek op Dworkin.

beheer. Hierdie bepaling stel rigtinggewende beginsels daar wat net die buitenste grense van beslissings vir sekere voormalige buitelanders aandui. Dit is by uitstek gemik op die Henry-en-Wilma-tipe sake. Om die waarheid te sê, die artikel is slegs sinvol waar die vreemde regstelsel 'n diskresionêre verdelingsbevoegdheid verleen.

Op die oog af dui artikel 7(9) geen voorkeur ten opsigte van die *lex fori* of die *lex causae* aan nie. Ofskoon die gebruik van die woord "hof" eerder as "regstelsel" as 'n *forum*-benadering gesien kan word, is die norme van billikheid en regverdigheid soos dit in die potensiële *lex causae* toepassing kry, allesbehalwe uitgesluit. Een van die onsekerhede op 'n praktiese vlak is of dit moontlik is om 'n vreemde regstelsel getrou weer te gee met verwysing na wetgewing alleen. Alhoewel dit geen uitgemaakte saak is dat die uitoefening van die diskresie onderworpe moet wees aan regspresedente nie, kan 'n ondersoek van presedente wat aandui hoe die vreemde hof sy magte interpreteer 'n getrouer aanduiding van die regsmilieu gee (dis nie alle buitelandse presedente wat van billikheid jeens die ekonomies minder aktiewe party spreek nie[154]). Hoe minder vergelykbaar die potensiële *lex causae* met Suid-Afrikaanse reg is, hoe groter die nut wat buitelandse presedente sal hê.

Die praktiese probleme met die vasstelling van die inhoud en betekenis van relevante buitelandse wetsbepalings spreek ten gunste van 'n magtigende interpretasie. Die bewoording van die memorandum tot Wet 44 van 1992, om die hof in Henry-en-Wilma-tipe gevalle "met 'n wyer bevoegdheid te beklee", steun 'n magtigende interpretasie. Voorts dui die plasing van subartikel 9 aan dat dit bykomend tot subartikels 3–8 bedoel is. 'n Dwingende interpretasie in internasionale sake sou subartikels 3–8 oorbodig maak.

'n Magtigende uitleg sal egter net sinvol wees as daar terselfdertyd van die onveranderlikheidsleerstuk wegbeweeg word omdat hierdie leerstuk op sy beurt duur en tydrowende ondersoeke na vreemde reg nodig maak, probleme verbonde aan die bewys en die toepassing van vreemde reg meebring en die kans op 'n foutiewe toepassing van vreemde reg verhoog. Die veranderlikheidsleerstuk kan ook problematies wees. Selfs egpare wat hulle nahuwelikse domisilie net eenmaal verander het, kan voor feitlik onoplosbare administratiewe en logistieke probleme te staan kom indien die eiendom bekom onder die vroeëre domisilie vervleg geraak het met later verkreë eiendom. Die vraag in watter mate die eenheidbeginsel in die pad staan van 'n ontwikkeling in die rigting van veranderlikheid verdien verdere navorsing.

Die vertrekpunt van die Suid-Afrikaanse reg ten aansien van *renvoi* is dat verwys word na die *lex causae* se interne reg tensy billikheid, gerief en beslissingsharmonie gedeeltelike *renvoi* nodig maak en daar geen statutêre bepaling is wat hiermee strydig is nie.[155] Die domisiliêre reg soos deur die Suid-Afrikaanse regskeusereël ten aansien van vermoënsregtelike gevolge van die

154 Bv die beslissings van die Zimbabwe High Court in *Mujati v Mujati* HC-H-505–87 en *Masocha v Masocha* HC-H-183–87.

155 Spiro (1973) 63.

huwelik aangedui, verwys slegs na interne reg. Artikel 7(9) verwys by implikasie na die resultaat wat voor die vreemde hof verkry kan word. Dit wil lyk of daar ruimte vir *renvoi* gelaat word – 'n leerstuk wat in sy eenvoudige en volkome vorme talle kombinasies moontlik maak.[156] Die idee was dalk om iets van die *foreign court theory* van die Engelse howe weer te gee, naamlik dat huweliksgenote dieselfde regte behoort te hê as wat hulle sou gehad het in die land waarvandaan hulle hul huweliksgoederebestel verkry het, en dat hulle onderworpe behoort te wees aan dieselfde beperkings ten aansien van huweliksgoedere as waaraan hulle in daardie land sou wees.[157] Die *foreign court theory* as leerstuk van volkome *renvoi* sou beteken dat die Suid-Afrikaanse hof die reëls moet toepas wat die hof van die *lex causae* sou toepas indien die feitekompleks hom dáár sou voordoen. Die klem sou moes val op die buitelandse regskeusereëls en die buitelandse hof se benadering tot *renvoi*.

Die Louisiana-kode se selektiewe toepassing van *renvoi* is besonder interessant. Wanneer die wetgewer die regskeuse maak, word *renvoi* geag uitgesluit te wees tensy die teendeel duidelik blyk. Wanneer die regskeuse aan die regterlike diskresie oorgelaat word, word *renvoi* nie uitgesluit nie (artikel 3517).

Artikel 7(9) kies nie uitdruklik vir of teen *renvoi* nie. Nietemin is dit miskien meer sinvol om *renvoi* hier uit te sluit. Daar is 'n beweging in hierdie rigting ten opsigte van *renvoi* in sy gedeeltelike en volkome vorme omdat die universele aanvaarding daarvan kwalik tot internasionale uniformiteit van beslissing lei.[158] Die interpretasie wat die plaaslike howe aan 'n regskeusereël heg wat met hierdie artikel geassosieer word, bevestig hierdie tendens. Vir sover artikel 7(9) die *Bell*-toepassing steun, lui dit die doodsklok vir internasionale eenvormigheid van beslissing. Dit sanksioneer naamlik 'n ander hantering as wat die buitelandse hof sou volg wat die leerstuk van splitsing aanhang.

In beginsel behoort interne en vreemde privaatreg gelyke behandeling te geniet. Terwyl geen hof verplig is om die wetsbepalings of die regsbeslissings van die vreemde reg onvoorwaardelik toe te pas nie, bly *forum*-reg ook die gerieflikste, goedkoopste, dikwels die mees praktiese om toe te pas en dien dit dikwels die algemene belang die beste. Dit is altyd beskikbaar, bekend en toeganklik. Moderne teorie ken selfs aan die *lex fori* 'n primêre rol toe (sodat die toepassing van die vreemde reg as uitsondering beskou word). Die groter beheer van die *forum* en die *lex fori* sluit in die beheer oor die keuse van die beter reg. Iets van hierdie benadering word teruggevind in die "kwasie-gemeenskapsbenadering" of uitgebreide veranderlikheid en in veranderlikheid soos die Louisiana-kodifikasie dit kwalifiseer.

---

156 Lipstein (1981) 104; Edwards "Locus regit actum" 1986 *THRHR* 152 ev.

157 Vgl in die algemeen Silberberg 1973 *CILSA* 338.

158 Wet op Domisilie 3 van 1992 a 4; Wysigingswet tot Wysiging van die Erfreg 43 van 1992 a 2; EEC Convention on the Law Applicable to Contractual Obligations 1980-06-19 (80/934/EEC) *OJEC* 1980L266/1 a 15; die benadering van Engelse howe om *renvoi* uit te sluit by kontrakte.

8 GEVOLGTREKKING

Vir sover artikel 7(9) buigsaamheid aan die hof in sy soeke na die toepaslike reg verleen, bied dit beskerming aan sekere nie-verdienende eggenotes wat op die reg van die vorige domisilie steun. Dit verleen naamlik erkenning aan die regte en aansprake wat ander regstelsels ten opsigte van die verdienende gade se eiegoed mag erken. Artikel 7(9) is beleid-bewus. Dit sou 'n waardevolle hervorming kon wees indien dit sou kon lei tot belange-ontleding en 'n strewe kon wakkermaak na formulering van 'n beleidsgerigte regskeusereël. Soos dit tans staan, harmonieer die artikel nie volkome met Suid-Afrikaanse internasionale privaatreg nie. Teen 'n teoretiese agtergrond beskou, is artikel 7(9) oorbodig.

- Die klassifikasieproses het 'n potensiaal wat ryk genoeg is om die gewaande probleme in internasionale feitestelle te voorkom. Om van 'n kategorie wet te maak, ontneem dit van sy potensiaal om rasionele oplossings te bewerk op 'n kasuïstiese basis en onder 'n buigsame proses. As leiding op wetgewende vlak dan noodsaaklik word, moet bestaande aanwysingsregteorie en regsvergelykende modelle hiervoor benut word.
- Artikel 7(9) gee geen leiding oor die toepassing van die bestaande regskeusereëls nie.
- Artikel 7(9) kies nie vir of teen *renvoi* nie.
- Artikel 7(9) kies nie vir of teen die toepassing van vreemde reg nie.
- Artikel 7(9) dui geen beleidsrigting vir of teen die gedeeltelike veranderlikheidsleer wat plek laat vir verkreë regte, beskerming en verwagtings wat ingevolge die reg van die vorige domisilie bestaan nie. Indien artikel 7(9) gesien kan word as 'n terugverwysing na die vroeëre domisiliêre reg, bevestig dit die onveranderlikheidsleerstuk. In geval van beide veranderlikheid en onveranderlikheid bly vele kombinasies moontlik wat van alle internasionale of meerstaatlike sake noodwendig *hard cases* maak.
- Nóg 'n gebiedende uitleg, nóg 'n aanwysende uitleg van artikel 7(9) sal die belang van regsekerheid en voorspelbaarheid in huweliksgoederedispute dien. 'n Gebiedende uitleg beteken nie dat internasionale sake outomaties *easy* of *intermediate cases* word, omdat die regmatige oplossings tot een oplossing die toepassing van die vreemde reg op die herverdeling verminder nie. Die regter moet steeds kies: om vreemde reg toe te pas ten aansien van die verdeling van kapitale bates of die verdeling van bates daar verkry; om vreemde reg toe te pas ten aansien van die tipering van die eiendom; om *dépeçage* te weier sodat die potensiële *lex causae* of die *lex fori* alle aspekte van die eise beheer of om dit toe te pas; hoeveel van die vreemde reg om toe te pas; om 'n bate-vir-bate of formeel separatistiese benadering te volg by die oorweging van die meriete van die onderskeie eise en 'n bevel ten aansien van elk se eis; om 'n bevel te maak wat 'n algemene verduideliking van die toedeling van goed, of een wat 'n matematiese formule vir die berekening van kapitaal en onderhoud bevat. Indien artikel 7(9) as adviserend beskou word, as 'n benaderingsvoorstel eerder as 'n reël, word die keuses nie noodwendig minder of makliker nie. 'n Skematiese vergelyking van beginsels en metodes

sal gou toon dat regsadvies 'n veel groter spektrum van moontlikhede moet dek as wat behoorlikerwys verwag kan word!

Regsvergelykende studie wys dat fyn omlynde reëls besig is om die algemene en wydomsluitende tradisionele reëls van die verlede te vervang. Dit is betekenisvol dat moderne teorieë neig tot groter *forum*-beheer, diskresie en substantiewe oorweging al is dit beperk tot interstaatlike konflik soos in Amerika. Die regsvergelykende analise wat hierbo gedoen is, verwys na die waarde daarvan om die *lex fori* toe te pas ten aansien van klassifikasie van kapitale bates en die verdeling van kapitale bates wat ingevolge die reg van die *forum* as gemeenskaplike bates getipeer is. Alhoewel dit voordelig kan wees om te let op die tipering van inkomstebates ingevolge die *lex causae*, is die *lex fori* veral geskik om versorgingsregtelike aansprake en die verdeling van inkomstebates te beheer. In die Suid-Afrikaanse bedeling wat vanaf regsweë aanwending vind, is daar as reël nie kapitale bates wat as eiegoed geklassifiseer sal word nie, sodat die Louisiana-model sal beteken dat vreemde reg in steeds minder gevalle toegepas sal moet word.[159] Die party wat die vreemde reg se beskerming soek, betaal die prys daarvoor aangesien hy of sy verantwoordelikheid dra vir die bewys daarvan.[160] *Forum*-reg behoort nie sekondêr gemaak te word by herverdelingsbevele nie. Per slot van sake kan geen bepaling ooit 'n hof in staat stel om 'n ander diskresie as net sy eie uit te oefen nie.

Die substantiewe sy van internasionale privaatregsteorie word tradisioneel deur 'n proses omlyn. Die proses bevredig die regverdigheidsin indien 'n beslissing aan toepaslike reëls beantwoord en 'n regstelsel "korrek" aangewys is al beteken dit dat die toepaslikheid van die bron belangriker geag word as die meriete van die reg wat as toepaslik beskou word. Oplossings behoort egter in ooreenstemming te wees met die doelstellinge van beide die internasionale privaatreg en die substantiewe huweliksgoedereregs.

Die vraag na regshervorming op die gebied van die familiereg is dringend. Gekodifiseerde aanwysingsreg het in baie wêrelddele 'n realiteit geword. Die leiding wat 'n internasionale privaatregkode hier kan gee, onder meer om die fragmentariese benadering ten opsigte van internasionale privaatregwetgewing

---

159 Vreemde reg sal in die gewone gang van sake onder die regter se aandag gebring word in die pleitstukke. Ingevolge die Wysigingswet op die Bewysreg 45 van 1988 a 1 kan geregtelike kennisname daarvan geneem word waar die inhoud van vreemde reg maklik en met voldoende sekerheid vasgestel kan word. Indien dit nie die geval is nie, geld die feiteleerstuk en moet deskundige getuienis gelei word. Dit is waarskynlik ook toelaatbaar vir die regter om *sua sponte* die toepaslikheid van 'n vreemde reël te ondersoek. Die hof het 'n diskresie om die getuienis toe te laat. Vgl Edwards "Book Review" 1991 *THRHR* 855; in die algemeen Edwards 1986 *THRHR* 147 ev 168–171 oor die bewys van vreemde reg; ook Spiro (1973) 39.

160 Die vermoede dat die inhoud van vreemde reg dieselfde is as dié van die *forum* indien die inhoud daarvan onseker is, steun die status van gelykheid tussen die *lex fori* en buitelandse reg. *Forum*-reg en buitelandse reg is egter steeds nie vir alle doeleindes gelyk nie want die hof het nie die volledige verantwoordelikheid om die inhoud van vreemde reg vas te stel nie.

te besweer, en om die uitwerking van die Huweliksgoederewet en Egskeidingswet op die internasionale privaatreg uit te spel, kan onskatbare waarde hê. Kodifikasie hoef immers nie onbestaanbaar te wees met die neerlegging van 'n benadering (teenoor regsreëls) nie.[161] Dit het veral tyd geword om regsvergelykende modelle ernstig op te neem vir sover hulle 'n begeerliker oplossing tot 'n spesifieke meerstaatlike probleem verskaf. Regsvergelykende modelle en ontwikkelings ter versoening van die *civil law* en *common law*, wat raamwerke vir interaksie tussen die regsfamilies skep en wat duidelike parameters stel, kan nie langer oor die hoof gesien word nie. Wetenskaplike regshervorming het dalk 'n luukse in die wetgewende proses geword maar dit bied steeds die enigste hoop op 'n *nugget of pure truth*.

I agree, and I firmly believe, that freedom of expression and of the press are potent and indispensable instruments for the creation and maintenance of a democratic society, but it is trite that such freedom is not, and cannot be permitted to be, totally unrestrained. The law does not allow the unjustified savaging of an individual's reputation. The right of free expression enjoyed by all persons, including the press, must yield to the individual's right, which is just as important, not to be unlawfully defamed. I emphasise the word 'unlawfully' for, in striving to achieve an equitable balance between the right to speak your mind and the right not to be harmed by what another says about you, the law has devised a number of defences, such as fair comment, justification (ie truth and public benefit) and privilege, which if successfully invoked render lawful the publication of matter which is prima facie *defamatory . . . The resultant balance gives due recognition and protection, in my view, to freedom of expression* (per Corbett CJ in *Argus Printing and Publishing Co Ltd v Esselen's Estate* 1994 2 SA 1 (A) 20).

161 Edwards 1986 *THRHR* 165. Vgl Bodenheimer "Is codification an outmoded form of legislation?"1982 *Am J Comp L* (Supp Law in the USA for the 1980s) 15; Symeonides 1993 *Rabels* 461.

AANTEKENINGE

ENKELE OPMERKINGS OOR DIE WERKING VAN DIE RISIKO-REËL BY DIE KOOP ONDERWORPE AAN 'N OPSKORTENDE VOORWAARDE EN SOORTGELYKE BEDINGE

In die Suid-Afrikaanse reg geld 'n besondere reëling van risiko by die koop onderworpe aan 'n opskortende voorwaarde. Voor vervulling van die voorwaarde dra die verkoper die risiko vir die toevallige vernietiging en beskadiging van die saak. Indien die voorwaarde vervul word, dra die koper die risiko vir beskadiging van die saak reeds voor vervulling van die voorwaarde asook die risiko van vernietiging vanaf die oomblik van vervulling. 'n Aantal bedinge word by die bespreking van risiko in die Romeinse reg en nog meer uitgebreid in die Romeins-Hollandse reg aan die opskortende voorwaarde gelykgestel. Hierdie bedinge is nie suiwer opskortende voorwaardes wat hulle werking betref nie. Die vraag is nou waarin hierdie gelykstelling geleë is. Beteken dit dat voor nakoming van die beding die koopkontrak bloot nie *perfecta* is nie of beteken dit ook dat die oorgaan van die risiko op dieselfde wyse as die opskortende voorwaarde gereël word? Moderne Suid-Afrikaanse skrywers en regspraak gee geen uniforme antwoord op hierdie vraag nie.

Die Suid-Afrikaanse reëling van risiko is hoofsaaklik gebaseer op die Romeins-Hollandse reg (Hamman *Die risiko by die koopkontrak in die Suid-Afrikaanse reg* (1938) 305–306). Die gemeenregtelike skrywers volg weer die Romeinsregtelike reëling van risiko, soos wat hulle dit verstaan het (Schorer *ad Gr* 3 14 34; Voet 18 6 6; Groenewegen *De Leg Abr Inst* 3 23(24) 3; Zimmermann "Der Kaufvertrag" in Feenstra en Zimmermann (reds) *Das römisch-holländische Recht* (1992) 169; Hamman 1 75–76). Verdere ontwikkeling vind wel in die gemenereg plaas (Zimmermann "Der Kaufvertrag" 169; Hamman 1) en afwykende menings kom ook onder die gemeenregtelike skrywers voor (Hamman 76). 'n Historiese ondersoek van die vraag, wat in die vorige paragraaf gestel word, is dus van pas.

1 Romeinse reg

Die reëling van risiko in die klassieke Romeinse reg is onseker. Al wat wel vasstaan, is dat die klassieke tekste, wat in die *Digesta* opgeneem is, bewerk is (vir 'n onlangse bespreking sien Ernst *Das klassische römische Recht der Gefahrtragung beim Kauf: periculum est emptoris* (1981)). Slegs die risiko-reëling

van die *Corpus juris civilis* sal bespreek word weens hierdie onsekerheid en die feit dat die reëling van die koopkontrak in die moderne Suid-Afrikaanse reg hoofsaaklik op hierdie kodifikasie gebaseer is (Hamman 1).

Die algemene reël is dat die verkoper die risiko vir die toevallige vernietiging en beskadiging van die koopsaak dra voordat die koop *perfecta* is en dat die risiko op die koper oorgaan sodra die koop *perfecta* is (*D* 18 6 8*pr*). Die koop is *perfecta* sodra die identiteit, kwaliteit en kwantiteit van die koopsaak bepaald is, die prys bepaald is en die koop onvoorwaardelik is (*ibid*).

1 1 Koopkontrak onderworpe aan 'n opskortende voorwaarde

Die Romeine verstaan onder 'n voorwaarde slegs die opskortende voorwaarde, al ken hulle die ontbindende voorwaarde (De Zulueta *The Roman law of sale* (1945) 29; Hamman 41).

Paulus bespreek in *D* 18 6 8*pr* die oorgang van die risiko waar die koopkontrak aan 'n opskortende voorwaarde onderworpe is (bevestig in die baie kort *Frag Vat* 16 Pap 3 resp: vir 'n bespreking sien Seckel-Levy "Die Gefahrtragung beim Kauf im klassischen römischen Recht" 1927 *ZSS* 154–178; Ernst 35–50; Hamman 45–48). Die koopkontrak is voor vervulling van die opskortende voorwaarde nog nie *perfecta* nie. Indien die voorwaarde nie vervul word nie, is daar geen koop nie. Indien die voorwaarde wel vervul word, dra die koper die risiko. Waar die koopsaak vernietig word voor vervulling van die voorwaarde, kan die betaalde prys teruggeëis word en die vrugte van die saak kom die verkoper toe. Daarenteen, indien die saak nog bestaan maar in waarde verminder voor vervulling van die voorwaarde, dra die koper die verlies.

Hoewel dit voorkom of die Romeine by die vervulling van die opskortende voorwaarde die risiko vir vernietiging en waardevermindering aan die koper en verkoper onderskeidelik toewys, is dit nie die geval nie. Dit is bloot die gevolg van die werking wat die Romeine aan 'n opskortende voorwaarde koppel (Seckel-Levy 1927 *ZSS* 174 177–178; Ernst 38). Vir hulle kom die koopkontrak vanaf kontraksluiting tot stand wanneer die voorwaarde vervul word (*D* 18 6 8*pr*; Ernst 44). Waar die koopsaak egter vernietig word voor vervulling van die voorwaarde, kan 'n koopkontrak nie so tot stand kom nie, omdat een van die vereistes vir 'n geldige koopkontrak (die bestaan van 'n koopsaak) ontbreek (Ernst 45; Seckel-Levy 1927 *ZSS* 174). Indien die saak beskadig word, kan die koopkontrak wel tot stand kom (daar is 'n koopsaak) en daarom dra die koper die risiko van beskadiging van die saak (Ernst 45–46; Seckel-Levy 1927 *ZSS* 174).

Vele moderne skrywers aanvaar dat die koper die risiko van waardevermindering in Justinianus se tyd dra (Moyle *The contract of sale in the civil law* (1892) 78–79; Hamman 46 49; Ernst 37–38; Seckel-Levy 1927 *ZSS* 154–178; Sohm *The institutes of Roman law* (1907) 402 vn 5; Buckland *A text-book of Roman law from Augustus to Justinian* hersien deur Stein (1966) 494–495). De Zulueta 32 spreek egter twyfel hieroor uit. Hy meen dat *D* 18 6 8*pr* die enigste teks is wat dit bepaal. Hy meen ook dat daar nie uitgespel word of dit ook van toepassing is op gevalle waar die saak of prys onbepaald is nie. Soos reeds aangetoon, is daar 'n verband tussen die risiko-reëling en die werking van die

opskortende voorwaarde. Die reëling sal nie op die gevalle wat De Zulueta noem, toepassing kan vind nie omdat daar nie van 'n voorwaarde in daardie gevalle sprake is nie. Zimmermann werp weer twyfel op die reëling van risiko by waardevermindering met 'n verwysing na skrywers wat die vraag bespreek of dit in die klassieke Romeinse reg voorgekom het (*The law of obligations* (1990) 284 vn 76). Daar is ook skrywers wat in hulle bespreking van die risiko-reëling by die opskortende voorwaarde die reëling ten aansien van waardevermindering glad nie noem nie (bv Rodger "Emptio perfecta revisited: a study of Digest 18, 6, 8, 1" 1982 *TvR* 349–350; Van Zyl *Geskiedenis en beginsels van die Romeinse privaatreg* (1977) 291; Lee *The elements of Roman law* (1952) 311). Hieruit kan egter geen afleiding gemaak word oor wat hulle standpunt ten aansien van die reëling van risiko by waardevermindering is nie.

1 2 Koop ad mensuram

In so 'n koopkontrak word 'n bepaalde koopsaak, soos 'n hooimied, verkoop teen 'n bepaalde prys per eenheid (Hamman 23; De Wet en Van Wyk *Die Suid-Afrikaanse kontraktereg en handelsreg* vol 1 (1992) 348–349). Die koopsaak is bepaald maar nie die aantal eenhede nie (*D* 18 1 34 5). Die koopprys kan eers vasgestel word nadat die koopsaak geweeg, gemeet of getel is (Hamman 23; De Wet en Van Wyk 349).

Gaius is volgens *D* 18 1 35 5 van mening dat dit 'n omstrede vraag is of die koop *perfecta* word voordat afweging, meting of telling plaasvind. Hy verwys na Sabinius en Cassius wat die vereiste van afweging, meting of telling as 'n soort voorwaarde beskou. Hulle meen daarom dat die koopkontrak eers *perfecta* word nadat afweging, meting en telling plaasgevind het. Die doel van die meting is volgens Paulus om die hoeveelheid vas te stel en nie om die hoeveelheid te vermeerder of verminder nie (*D* 18 1 34 5). Die ander standpunt van die meningsverskil word nie in die *Digesta* weergegee nie en daaruit kan die afleiding gemaak word dat Justinianus die standpunt van Sabinus en Cassius verkies (Seckel-Levy 1927 *ZSS* 188; De Zulueta 32).

Gaius dui egter nie aan wat Sabinus en Cassius in hierdie verband ten aansien van die oorgang van die risiko uitspel nie (Seckel-Levy 1927 *ZSS* 185). Dit gee aanleiding tot meningsverskil onder moderne skrywers. Ten aanvang is dit duidelik dat die beding van afweging, meting of telling nie 'n suiwer voorwaarde is wat die werking van die hele koopkontrak opskort nie, maar slegs die *perfecta*-wording van die koopkontrak (Hamman 23–24; Mostert, Joubert en Viljoen *Die koopkontrak* (1972) 85 vn 1; Hackwill *Mackeurtan's sale of goods in South Africa* (1984) 186). Sommige moderne skrywers is van mening dat die oorgaan van risiko net soos by die opskortende voorwaarde behandel moet word (Seckel-Levy 1927 *ZSS* 185–186; De Zulueta 32; Hamman 25). Seckel-Levy (1927 *ZSS* 185) se argument is dat Gaius waarskynlik vroeër die oorgaan van risiko by die opskortende voorwaarde bespreek het en dit daarom nie weer hier doen nie.

Ander moderne skrywers meen daarenteen dat die volle risiko van vernietiging en beskadiging eers by afweging, meting en telling op die koper in die Romeinse reg oorgaan (Sohm 402 vn 6; Moyle 85–86; Thomas *Textbook of*

Roman law (1981) 289, "Marginalia on certum pretium" 1967 *TvR* 83–86; Morice *Sale of goods in Roman-Dutch law* (1919) 82 (by implikasie)). Hierdie skrywers steun op verskillende tekste as gesag.

Sohm (402 vn 6) en Thomas (*Textbook* 289) verwys na *D* 18 1 35 5–7 as gesag. In dié tekste word *perfecta*-wording by die koop *ad mensuram*, koop *per aversionem* en die genuskoop bespreek (Mackintosh *The Roman law of sale* (1907) 76–77). Die koop *per aversionem* kom voor waar 'n groep sake soos 'n hooimied of trop skape vir 'n globale prys verkoop word. By die beperkte genuskoop word 'n aantal eenhede uit 'n groter geheel teen 'n bepaalde prys per eenheid verkoop; by hierdie koop word die beding van meting, telling of weging nie as 'n soort voorwaarde beskou nie en die verkoper dra die risiko totdat die meting, telling of weging plaasvind (*D* 18 1 35 7). Risiko sluit by die beperkte genuskoop risiko vir beskadiging en vernietiging van die koopsaak in (Hamman 32–33). Thomas (1967 *TvR* 83–86) voer aan dat *D* 18 1 35 5–7 nie gelees moet word as 'n voorwaardelike koop nie. Hy meen dat die term *imperfectus* gebruik word om beide aan te toon dat die koopkontrak nog nie bestaan nie en dat die voorwaarde nog nie vervul is nie (83). Die koop *ad mensuram* is hiervolgens nog nie *perfecta* alvorens die saak gemeet, geweeg of getel word nie omdat daar geen koopprys is nie en die koopkontrak dus nog nie bestaan nie (86). Zimmermann stem met hierdie standpunt saam (*The law of obligations* 286–287).

Moyle (85–86) steun weer op *C* 4 48 2 as gesag. Dié koop, wat in *C* 4 48 2*pr* genoem word, lyk met die eerste oogopslag weliswaar na 'n koop *ad mensuram* maar is in werklikheid 'n beperkte genuskoop (Seckel-Levy 1927 *ZSS* 197–199; Hamman 30). In *C* 4 48 2*pr* word gesê dat die koper nie die risiko van verslegting van die wyn dra by die verkoop van wyn teen 'n bepaalde prys per houer nie totdat die wyn gelewer word. Die koop in *C* 4 48 2 1 word as 'n teenstelling tot hierdie eerste koop genoem en is duidelik 'n koop *per aversionem*. Hieruit kan die afleiding gemaak word dat die wyn, wat in *C* 4 48 2*pr* verkoop word, eers van die ander wyn in die pakhuis afgesonder moet word en dat dit dus gaan om 'n beperkte genuskoop.

1 3 Koop ad gustum

In die antieke tyd is wyn veral blootgestel aan die gevaar dat dit suur of muf kan word (vir 'n uiteensetting van wynverkope sien *D* 18 6 1 en 4: Zimmermann *The law of obligations* 284–287). Daarom word wyn dikwels gekoop onderworpe aan die beding dat die koper die kans sal hê om eers die wyn te proe (*D* 18 6 1*pr*). Dit wil voorkom dat die koper slegs die wyn mag afkeur indien dit inderdaad suur of muf is en dat hy hierdie diskresie verder soos 'n redelike man moet uitoefen (*D* 18 6 5; Mackintosh 66–67; Zimmermann *The law of obligations* 286–287 en veral vn 93). Die verkoper dra voor goedkeuring die risiko van verslegting van die wyn en die koper die risiko daarna (*D* 18 6 1*pr*). Indien 'n beding van goedkeuring nie in die kontrak voorkom nie, dra die koper onmiddellik die risiko vir beide die verslegting en vernietiging van die wyn (*D* 18 6 1*pr*).

Hierdie beding word deur sommige skrywers as 'n opskortende voorwaarde beskou (Buckland 495–496; so ook a 1587 van die Franse *Code Civil* – Mackintosh 67). Ander sien dit weer as 'n ontbindende voorwaarde (Mackintosh 67; Hamman 62–63). Die aard van die beding sal 'n verskil maak by die beantwoording van die vraag wie die risiko vir die vernietiging van die wyn voor vervulling van die voorwaarde dra. Indien die voorwaarde opskortend is, dra die verkoper hierdie risiko maar indien dit ontbindend is, die koper (Mackintosh 67). Uit *D* 18 6 4*pr* is dit duidelik dat die beding soortgelyke werking as 'n voorwaarde kan hê (*quasi sub condicione vernierint*) en, soos gesien, verstaan die Romeine onder 'n voorwaarde 'n opskortende voorwaarde. Ulpianus meen in dieselfde teks dat indien die bedoeling van die partye nie vasgestel kan word nie, die koop bly voortbestaan indien die koper nie binne die afgespreekte tyd proe nie. Die versuim is immers aan die koper te wyte.

2 Romeins-Hollandse reg

Die mening van moderne skrywers oor wat die Romeinsregtelike reëling behels het, is van geen belang by die vasstelling van wat die gemeenregtelike skrywers gesê het oor die risiko-reël nie. Die vraag is hoe die gemeenregtelike skrywers die Romeinse reg verstaan het. Die Romeinse reg vorm wel die agtergrond waarteen die gemeenregtelike skrywers gelees moet word.

2 1 Koopkontrak onderworpe aan 'n opskortende voorwaarde

Die gemeenregtelike skrywers ken beide die opskortende en die ontbindende voorwaarde maar bedoel met voorwaarde meestal die opskortende voorwaarde (Hamman 93–94). Die ouer skrywers soos De Groot en Van der Linden ken slegs die opskortende voorwaarde (Hamman 96). Die opskortende voorwaarde het dieselfde werking as in die Romeinse reg. Die koopkontrak bestaan nie voor vervulling van die voorwaarde nie en het dus geen werking nie (*Hollandsche consultatien* deel 3 cons 59 no 2). Die koop is voor vervulling van die opskortende voorwaarde onseker maar na vervulling asof die voorwaarde reeds vanaf kontraksluiting vervul is (De Groot 3 14 29; Van Leeuwen *CF* 1 4 19 8).

Die oorgang van die risiko by die opskortende voorwaarde word net soos in die Romeinse reg hanteer. Voor vervulling van die opskortende voorwaarde is die koopkontrak *imperfecta* (Van der Linden *Koopmans handboek* 1 15 8) en daarom dra die verkoper die risiko vir die toevallige beskadiging en vernietiging van die koopsaak (Huber 3 5 24; Van Leeuwen *CF* 1 4 19 8, *RHR* 4 17 2; De Groot 3 14 35; Van der Keessel *Praelectiones ad Gr* 3 14 35). Na vervulling van die voorwaarde dra die koper die volle risiko (Van Leeuwen *CF* 1 4 19 8). Die koper dra die risiko van beskadiging van die saak reeds voor vervulling van die opskortende voorwaarde indien die voorwaarde wel vervul word (Van Leeuwen *CF* 1 4 19 8; Voet 18 6 5; De Groot 3 14 35; Van der Keessel *Praelectiones ad Gr* 3 14 35; Scheltinga *ad Gr* 3 14 29). Die koop kan immers terugwerkend vanaf kontraksluiting gelding verkry omdat daar aan die geldigheidsvereiste van die bestaande koopsaak voldoen word. Waar die saak egter hangende vervulling van die voorwaarde vernietig word, kan die voorwaarde nie vervul word nie omdat die koopsaak nie meer bestaan nie en die voorwaarde daarom nie terugwerkend gelding kan kry nie (Voet 18 6 5).

2 2 Koop onderworpe aan goedkeuring

In die gemenereg word die spesiale reëling, wat vir die verkoop van wyn in die Romeinse reg gegeld het, op alle vervangbare sake soos wyn en olie van toepassing gemaak (Voet 18 6 3; Huber 3 5 25–26). Die risiko van kwaliteitsvermindering (bv dat die wyn suur of muf kan word) rus vanaf kontraksluiting op die koper by die verkoop van vervangbare sake wat gewoonlik onderworpe aan die koper se goedkeuring verkoop word (Voet 18 6 3). Waar die koop aan goedkeuring van die koper onderworpe is, gaan die risiko dat dit suur of muf word eers na goedkeuring op die koper oor (Voet 18 6 3; Huber 3 5 26). Die verkoper dra nog die risiko van vernietiging totdat die weging, meting of telling daarvan plaasvind waar laasgenoemde 'n vereiste is (Voet 18 6 4). Voet 18 6 3 meen dat die beding van goedkeuring 'n opskortende voorwaarde is maar betwyfel dit of die risiko op die koper oorgaan waar die dag vir goedkeuring verbygaan sonder dat die koper sy goedkeuringsreg uitoefen. Daarteenoor meen Huber 3 5 26, in ooreenstemming met die Romeinse reg, dat die risiko in so 'n geval op die koper oorgaan.

2 3 Koop ad mensuram

Voet 18 6 4 meen dat waar al die wyn in 'n vat verkoop word en daar 'n beding is dat die prys aangepas sal word afhangende van die maat wat deur meting vasgestel sal word, die risiko van die kwaliteit en hoeveelheid onmiddellik op die koper oorgaan net soos in die geval van die koper *per aversionem*. Hier het die beding van meting, weging of telling dus nie die werking van 'n opskortende voorwaarde nie, maar van 'n *modus* en is bloot 'n aanduiding van die hoeveelheid wyn wat verkoop word. Daarom gaan die risiko onmiddellik op die koper oor. Voet se uiteensetting rym nie met die Romeinsregtelike risiko-reëling by die koop *ad mensuram* nie (Morice *Sale in Roman-Dutch law* 82). Twee moderne skrywers aanvaar sonder kritiek of kwalifikasie hierdie uiteensetting as dié van die risiko van die koop *ad mensuram* (Nathan *The common law of South Africa* vol 2 (1913) 830–831; Morice "The risk of the thing sold" 1912 *SALJ* 241). Uit die *Digesta*-tekste wat Voet as gesag aanhaal, wil dit egter voorkom of hy nie 'n koop *ad mensuram* in gedagte het nie maar 'n koop waar die aantal eenhede ongeveer bekend is – 'n koop *per aversionem* dus (Hackwill 186; sien ook *Jamieson & Co v Goodliffe* 1880 SC 206 220–221; Wessels *The law of contract in South Africa* vol 2 (1937) 1314).

'n Aantal gemeenregtelike skrywers verklaar bloot dat die koop van vervangbare sake eers *perfecta* word nadat die koopsaak afgetel, geweeg of gemeet word sonder om uitdruklik te verklaar wie die risiko van waardevermindering dra (Huber 3 5 25; Van Leeuwen *CF* 1 4 19 9, *RHR* 4 17 2; Van der Linden *Koopmans handboek* 1 15 8). Hierdie uiteensetting is natuurlik vir beide die koop *ad mensuram* en die beperkte genuskoop korrek. Geen afleiding kan gemaak word uit die feit dat hulle nie die risiko van waardevermindering bespreek nie. Dit is egter onseker of hierdie skrywers die beperkte genuskoop, die koop *ad mensuram*, of beide in gedagte het:

(a) Huber 3 5 25 dui nie aan welke koop hy in gedagte het nie, maar uit sy verdere bespreking (3 5 26) lyk dit of hy slegs die beperkte genuskoop in die oog het.

(b) Van Leeuwen meen dat die risiko op die koper rus asof die koop onderworpe is aan die voorwaarde dat die koopsaak getel, geweeg of gemeet moet word (*CF* 1 4 19 9, *RHR* 4 17 2). Van Leeuwen verwys na *D* 18 1 35 5 en *C* 4 48 2 as gesag. Uit hierdie gesag is dit duidelik dat hy sowel die koop *ad mensuram* as die beperkte genuskoop in gedagte het. Sy standpunt oor die gelykstelling van die beding aan die opskortende voorwaarde gaan dus verder as die Romeinse reg wat die beperkte genuskoop betref.

(c) Van der Linden verwys net soos Van Leeuwen na *D* 18 1 35 5–7 en *C* 4 48 2 as gesag (*Koopmans handboek* 1 15 8), maar sonder om die beding as 'n soort opskortende voorwaarde te sien.

Die Franse skrywers Pothier en Troplong word dikwels deur ons howe en skrywers in verband met risiko aangehaal. Nogtans moet onthou word dat hulle oor die Franse reg skryf. Pothier meen dat die beperkte genuskoop eers *perfecta* word nadat meting, weging en telling plaasgevind het, omdat die koopsaak dan eers vasstaan (*Vente* 309). Hy meen dat dit ook dieselfde by die koop *ad mensuram* is omdat die hoeveelheid van die koopsaak en die prys dan eers vasstaan (*ibid*). Pothier baseer sy uiteensetting op die Romeinse reg maar verwys nie na die gelykstelling aldaar tussen die beding by die koop *ad mensuram* en die opskortende voorwaarde nie. Pothier (*idem* 312) sit in teenstelling hiermee die oorgaan van risiko by die opskortende voorwaarde net soos die Romeinse reg uiteen. Troplong deel Pothier se beskouing in die algemeen (Hackwill 185).

Kersteman (*Hollandsch rechtsgeleert woordenboek sv* "Koop") beskou die beding van afmeting, weging en telling as 'n opskortende voorwaarde sonder om aan te dui of hy die beperkte genuskoop of die koop *ad mensuram* of beide in gedagte het. Hy meen dat die verkoper die risiko van vernietiging dra alvorens die afmeting, weging en telling plaasvind. Hy swyg egter oor wie die risiko van beskadiging of waardevermindering dra.

Voet 18 6 4 dui aan dat in die geval van die beperkte genuskoop, waar vervangbare sake geweeg, gemeet of getel moet word uit 'n groter geheel, die risiko van die hoeveelheid (vernietiging) eers op die koper oorgaan nadat die weging, meting en telling plaasgevind het. Die implikasie van Voet 18 6 3–4 is dat die risiko van kwaliteitsvermindering reeds voor die tyd by die koper rus. As voorbeeld noem hy die geval waar 'n hoeveelheid wyn uit 'n vat, en nie al die wyn daarin nie, verkoop word (sien ook Huber 3 5 26). Voet 18 6 4 meen dat die koopkontrak onderworpe is aan die voorwaarde van afmeting en alvorens die wyn afgemeet is, is dit asof dit nog nie verkoop is nie. Hierdie teks van Voet kan op twee wyses verstaan word. Aan die een kant is dit moontlik dat Voet uitdruklik, in teenstelling met die Romeinse reg, die beding van meting, weging of telling by die beperkte genuskoop as 'n opskortende voorwaarde beskou. Aan die ander kant moet Voet verstaan word teen die agtergrond dat vervangbare sake verkoop word en dat die risiko van kwaliteitsvermindering reeds vanaf kontraksluiting daarom op die koper rus omdat geen goedkeuringsbeding voorkom nie. Laasgenoemde is die aanvaarbaarste verklaring van hierdie teks van Voet.

De Groot 3 14 35 bespreek ook die risiko-reëling waar sake verkoop word wat gemeet, getel of geweeg word. Die risiko van beskadiging maar nie vernietiging nie, rus op die verkoper voor meting, telling of weging (sien ook Scheltinga *ad Gr* 3 14 35). De Groot gaan verder en verklaar dat die risiko-reëling by die opskortende voorwaarde dieselfde is. Hy gee geen aanduiding of hy hier 'n beperkte genuskoop of 'n koop *ad mensuram* in die oog het nie. As gesag verwys hy na *D* 18 6 5 en 15. Belcher meen dat hierdie gesag De Groot nie steun nie (*Norman's purchase and sale in South Africa* (1972) 201). Belcher se kritiek gaan egter nie op nie. Die verkoper dra volgens *D* 18 6 5 die risiko totdat afmeting plaasvind waar 'n honderd kruike wyn uit 'n sekere wynkelder verkoop word. Die koper dra volgens *D* 18 6 15 die risiko vir kwaliteitsverandering van wyn omdat hy dit nie geproe het nie of omdat hy 'n verkeerde opinie gevorm het nadat hy dit wel geproe het. Dit gaan dus blykbaar oor die beperkte genuskoop van wyn. Dit word bevestig deur Van der Keessel (*Praelectiones ad Gr* 3 14 35) wat die voorbeeld van die koop van 'n kruik wyn uit 'n vat gee ter illustrasie van De Groot se bespreking. Van der Keessel noem die beding van meting, telling of weging 'n stilswyende voorwaarde. Morice (*Sale of goods in Roman-Dutch law* 84) meen dat De Groot die beperkte genuskoop in die oog het waar die risiko van die kwaliteit na goedkeuring op die koper oorgaan en die risiko van die hoeveelheid eers na afmeting, telling of weging. De Groot se uiteensetting stem dan ooreen met Voet 18 6 4 wat hierbo bespreek is. Hamman (90) en De Wet (De Wet en Van Wyk 349) spreek daarenteen die mening uit dat De Groot moontlik die *emptio ad mensuram* in gedagte het (so ook by implikasie Hackwill 184 vn 13). Laasgenoemde mening verklaar egter nie die gesag waarop De Groot hom beroep nie en daarom word eersgenoemde verklaring van De Groot verkies.

In teenstelling met die voorafgaande gemeenregtelike skrywers staan Van Bijnkershoek (*Obs Tum* 1326) wat dit duidelik oor 'n koop *ad mensuram* het. Die koopsaak, hooi, ondergaan in die saak wat hy bespreek, 'n waardevermindering voor weging kan plaasvind. Dit is 'n koop *ad mensuram* aangesien al die hooi op 'n bepaalde land verkoop word. Van Bynkershoek merk op dat hy en van die ander raadshere van mening is dat geen koop aanwesig is nie omdat 'n vervangbare saak verkoop word en die risiko eers na telling, meting of weging op die koper oorgaan.

Hierdie opvatting is egter nie die meerderheidsopvatting van die hof nie. Boonop wil dit voorkom of hier ook 'n vervangbare saak, wat gewoonlik onderworpe aan goedkeuring verkoop word, ter sprake kom. Indien dit die geval is, behoort die reëling van risiko soos deur Voet 18 6 3 en De Groot 3 14 35 uiteengesit, toepassing te vind.

Die risiko-reël wat op die *emptio ad gustum* in die Romeinse reg van toepassing is, word, soos gesien, na ander vervangbare sake uitgebrei wat gewoonlik onderworpe aan goedkeuring verkoop word. Dit lei tot 'n vervaging van die onderskeid tussen vervangbare sake wat onderworpe aan goedkeuring gekoop word en ander vervangbare sake wat per gewig, maat of getal verkoop word. Verder vervaag die onderskeid tussen die risiko-reëling by die beperkte genuskoop en die koop *ad mensuram* skynbaar by skrywers soos Van Leeuwen

(*CF* 1 14 19 9, *RHR* 4 17 2) en Kersteman (*Hollandsch rechtsgeleert woordenboek sv* "Koop").

Die risiko-reël by die koop *ad mensuram* word geensins duidelik in die gemenereg uiteengesit nie. Daarom moet dié uiteensetting teen die agtergrond van die Romeinse reg gesien word. Die analogie en selfs gelykstelling van sekere bedinge en die opskortende voorwaarde, wat in die Romeinse reg ten aansien van die koop *ad mensuram* 'n aanvang neem, word in die gemenereg voortgesit. Uit Voet 18 6 3–4 en Van der Keessel (*Praelectiones ad Gr* 3 14 35) se uiteensettings is dit duidelik dat hierdie analogie of gelykstelling daarin geleë is dat die risiko-reël by koopkontrakte met hierdie bedinge dieselfde werking as by kope onderworpe aan 'n opskortende voorwaarde het. De Wet kom ook tot dieselfde gevolgtrekking (De Wet en Van Wyk 349). Die Romeinsregtelike reëling van risiko by die koop *ad mensuram* moet dus saam met die gevolg wat die gemenereg aan hierdie gelykstelling heg, gelees word. Daarom kan die gevolgtrekking gemaak word dat die koop *ad mensuram* net soos 'n voorwaardelike koop in die gemenereg gehanteer word vir sover dit risiko betref (De Wet en Van Wyk 349; Hamman 25 89–90 92–93 220–224).

2 4 Koopkontrak waar die goedere na die koper vervoer moet word

Van Leeuwen is die enigste skrywer wat hierdie soort koop bespreek. Hy (*RHR* 4 17 2) bespreek eers die risiko-reël by die voorwaardelike koop voordat die voorwaarde vervul word. Hy meen dat waar iemand op 'n ander plek wyn of graan koop wat in Holland of elders gelewer moet word en die wyn of graan word tydens die vervoer vernietig ("verongelukkende"), die verkoper die verlies moet dra. Van Leeuwen sê nie uitdruklik wie die risiko dra indien die wyn of graan in kwaliteit verminder nie. Uit die gesag wat hy aanhaal (*C* 4 48 6 en *D* 18 6 8), is dit duidelik dat hy die koop onderworpe aan 'n vervoerbeding as 'n voorwaardelike koop beskou (Hackwill 197 vn 15). Kersteman verstaan Van Leeuwen ook so (*Hollandsch rechtsgeleert woordenboek sv* "Koop").

Die beding van vervoer is nie 'n egte opskortende voorwaarde nie omdat die koop voor vervulling van die beding van vervoer tot stand kom (Morice *Sale in Roman-Dutch law* 78). Die afleiding wat uit die gelykstelling met die opskortende voorwaarde gemaak kan word, is dat die koper die risiko dra waar die wyn of graan wel gelewer word, net soos by die voorwaardelike koop (Hamman 83). In teenstelling hiermee meen Hamman 83 dat dit onwaarskynlik is dat Van Leeuwen in gedagte kon gehad het dat die verkoper die risiko vir vernietiging en waardevermindering dra van goedere wat vervoer moet word en wat onderweg beskadig of vernietig word. Hamman gee hiermee nie die uitwerking van 'n opskortende voorwaarde op die risiko korrek weer nie. Hy (83) noem twee moontlikhede wat Van Leeuwen na sy mening in gedagte kon gehad het. Die eerste is dat die goedere verkoop word onderworpe aan die voorwaarde dat die goedere veilig by hulle bestemming aankom. Die tweede moontlikheid is dat die wyn of graan nog onbepaald is of eers by lewering aan die koper bepaald word. Hamman se standpunt berus op die geldige veronderstelling dat die vervoerbeding nie 'n egte opskortende voorwaarde is nie. Morice (*Sale in Roman-Dutch law* 78) en De Wet (De Wet en Van Wyk 351 vn 236) huldig onomwonde die standpunt dat hierdie nie 'n egte opskortende voorwaarde is nie.

3 Suid-Afrikaanse reg

3 1 Koopkontrak onderworpe aan 'n opskortende voorwaarde

Die regspraak en skrywers aanvaar almal dat die moderne risiko-reëling by die koop onderworpe aan 'n opskortende voorwaarde dieselfde is as die gemeenregtelike reëling (Hackwill 180; Belcher 196; De Wet en Van Wyk 350).

3 2 Koop ad mensuram

Hamman 224 meen dat daar geen saak is waar die Romeinsregtelike reël die grondslag vir die beslissing vorm nie. Hy meen dat daar wel aanduidings vir die erkenning daarvan in drie sake is (220–223):

(a) In *Jamieson & Co v Goodliffe supra* 220 stel die een regter (Smith R) die algemene reël dat die koop nie *perfecta* is alvorens die prys vasgestel is nie en dat die koop eers *perfecta* word nadat afweging, meting of telling plaasgevind het. Die regter aanvaar ook Voet 18 6 4 se uiteensetting van die risiko by die koop *ad mensuram* (220–221).

(b) In *Page v Blieden & Kaplan* 1916 TPD 606 610–611 koppel regter Wessels ten onregte (Hamman 220–223) die vraag of eiendomsreg in 'n koop *ad mensuram* op die koper oorgegaan het aan die vraag of die risiko op die koper oorgegaan het. Regter Wessels verkies die standpunt van die Franse skrywers (Pothier en Troplong) oor die koop *ad mensuram* bo dié van Voet 18 6 4. Regter Wessels se uitspraak is die meerderheidsbeslissing wat *ratio* betref. In hierdie saak word die ander gemeenregtelike gesag glad nie bespreek nie en dit is dus twyfelagtige gesag vir die aanvaarding van die Franse skrywers se standpunt. Die kwessie van waardevermindering kom ook glad nie ter sprake nie.

(c) In *Montgomerie v Rand Produce Supply Co* 1918 WLD 167 170 bevind die hof dat dit onnodig is om te beslis wat die risiko-reël by die koop *ad mensuram* is (sien egter Mostert, Joubert en Viljoen 86). Die hof meen dat die VOS-beding (vry op spoor) deurslaggewend is. Tog bevind die hof dat die hoeveelheid mielies eers vasstaan wanneer die verkoper die mielies per spoor versend het (170). In hierdie geval het die mielies voor versending muf geword.

In geeneen van hierdie sake word die regsposisie in die gemenereg volledig ondersoek nie. Verder huldig die *Jamieson*- en *Page*-saak botsende menings. Die posisie in die gemenereg behoort dus van deurslaggewende belang te wees.

Desnieteenstaande is die invloed van die *Page*-saak en die Franse skrywers duidelik te bespeur onder die moderne Suid-Afrikaanse skrywers. Kerr haal Pothier se uiteensetting sonder meer aan as synde ons reg (*The law of sale and lease* (1984) 156–157). Belcher volg die uiteensetting van die Franse skrywers, Pothier en Troplong, en 'n Engelse saak (*Norman's purchase and sale in South Africa* (1972) 197). In teenstelling hiermee meen hy dat 'n beding van afweging, meting of telling wel 'n opskortende voorwaarde is (178). Hackwill (184 185) meen bloot dat die risiko by 'n koop *ad mensuram* eers op die koper oorgaan na afweging, meting of telling, terwyl hy na De Groot se standpunt oor waardevermindering slegs in 'n voetnoot (184 vn 13) verwys. Verder beroep hy hom op die Franse skrywers, Troplong en Pothier, in die teks.

Wessels meen dat die koop wel voorwaardelik is maar stel dit bloot dat die risiko eers na afmeting, weging of telling op die koper oorgaan sonder om aan te dui wat die posisie by waardevermindering is (1313–1314). Lee weer stel dit bloot dat die koop nie *perfecta* voor afmeting, weging of telling is nie en dat die risiko by die verkoper rus (*An introduction to Roman-Dutch law* (1953) 293). Lee huldig egter dieselfde mening oor die risiko-reël by die opskortende voorwaarde.

Die skrywers wat op die gemenereg steun, meen weer dat die koop *ad mensuram* 'n voorwaardelike koop is en dat die risiko-reëling dieselfde as by die voorwaardelike koop is. De Wet (De Wet en Van Wyk 349) verklaar dan ook:

> "Dit kom ook daarop neer dat die koper die risiko vir verslegting en beskadiging dra. Hierdie houding is verklaarbaar; word die goed slegs beskadig, of versleg dit slegs in kwaliteit, kan die meting, weging of telling nog plaasvind, en kan die prys nog bepaal word. Dus sal slegs 'n onheil, wat die uiteindelike berekening van die koopprys heeltemal belet, die koper bevry van die risiko."

Hamman (25 89–90 92–93 220–224) huldig 'n soortgelyke standpunt.

3 3 Koop onderworpe aan goedkeuring

Daar is geen regspraak oor die koop van goedere wat gewoonlik onderworpe aan 'n goedkeuringsreg verkoop word nie. Die gemenereg behoort hier deurslaggewend te wees.

3 4 Koopkontrak waar die goedere na die koper vervoer moet word

Die blote feit dat 'n verkoper onderneem om die koopsaak op 'n bepaalde plek te lewer, beteken nie dat die verkoper die risiko op hom neem tot by lewering nie. Die risiko gaan reeds voor lewering op die koper oor (*Stein v Eckersley* 7 HCG 4; *Arkell v Nourse* 1897 OR 435; Hamman 272 274; Belcher 205–206 208). In *Jamieson & Co v Goodliffe supra* het die koopkontrak 'n beding bevat dat die mielies in die hawe van Kaapstad gelewer moet word of langs 'n sekere vaartuig in Algoa Baai indien die vaartuig na Port Elizabeth kan voortgaan. Die hof bevind dat die partye nie met hierdie beding oor lewering in Algoa Baai bedoel het om 'n opskortende voorwaarde te skep nie (221–222 225). Die mielies is vir doeleindes van die vervoer vanaf Kaapstad na Port Elizabeth bepaalde goedere (Hamman 268). In geeneen van hierdie sake word na Van Leeuwen *RHR* 4 17 2 verwys nie.

Na 'n bespreking van die sake meen Hamman dat die risiko-reëls wat internasionaal vir koopkontrakte met KAV (koste assuransie vrag), VAB (vry aan boord) en VOS-bedinge (vry op spoor) geld, stilswyend ook toepassing op gewone koopkontrakte vind (Hamman 276–305 306). Die verkoper dra die risiko totdat die koopsaak aan boord of op spoor geplaas word. Slegs in twee van hierdie sake word na Van Leeuwen verwys:

(a) In *Birkbeck v Hill* 1915 CPD 687 708–710 bevind die hof dat die KAV-beding 'n opskortende voorwaarde uitmaak. Die hof verwys na Van Leeuwen *CF* 1 4 19 5–8 en beslis dat die verkoper die risiko van nie-nakoming (vernietiging) van die goedere dra.

(b) In *Montgomerie v Rand Produce Supply Co supra* kom 'n VOS-beding in 'n koop *ad mensuram* van mielies voor. Die mielies word muf voor versending per spoor. Regter Ward se beslissing is gebaseer op alternatiewe redes (169). Een van die alternatiewe redes is die bevinding dat die verkoper die risiko van beskadiging van die mielies dra in die stadium toe dit muf geword het (170–171). Die hof verwys na Van Leeuwen *RHR* 4 17 2 se opmerking oor die risiko waar die koopsaak vervoer moet word (170), en beslis (170–171):

> "I think that under our law in a contract such as the present the risk is with the seller at any rate until the goods are delivered on the railway. Until that is done the quantity is actually unknown. The liability to pay for the goods does not arise under the contract until the rail-note is delivered, and consequently if the property were *totally destroyed* before being delivered to the railway no obligation to pay can arise" (my kursivering).

Die hof wil verder die uitsondering wat Voet 18 6 3 op die koper se aanspreeklikheid vir waardevermindering noem, slegs toepas op die tydperk nadat die mielies by die spoorweë vir versending gelewer is (171). Die *Montgomerie*-saak is nie 'n korrekte toepassing van die risiko-reëls by opskortende voorwaardes nie en is daarom vatbaar vir kritiek (Hackwill 197 (versigtig)). Die hof se toepassing van Van Leeuwen is nie korrek nie omdat Van Leeuwen slegs van vernietiging praat.

TB FLOYD
Universiteit van Suid-Afrika

DIE BESTE BELANG VAN DIE KIND BY EGSKEIDING – ENKELE GEDAGTES NA AANLEIDING VAN *McCALL v McCALL* 1994 3 SA 201 (K)

1 Inleiding

Die beslissing in *McCall v McCall* 1994 3 SA 201 (K) het opnuut aspekte rakende beheer en toesig oor kinders by egskeiding onder die loep geneem. *In casu* het daar 'n oorlog (by wyse van spreke) geheers tussen geskeide gades oor wie die toesig oor hulle twaalfjarige seun moet verkry (230D). 'n Faktor wat die beslissing enigsins bemoeilik het, is die feit dat die hof sonder 'n sweem van twyfel bevind dat albei ouers geskik en bevoeg is om toesig oor die kind te hê en dat die enigste motivering vir die voortsetting van die aangeleentheid daarin geleë is dat hulle die kind se beste belang voorop stel. Daarteenoor is die taak van die hof vergemaklik deurdat die seun in 'n gesprek in kamers met die voorsittende regter ondubbelsinnig sy voorkeur uitgespreek het om eerder by sy vader te bly en onder sy toesig te wees (207J).

Die hof gee gevolg aan die uitgesproke wens van die seun nadat hy 'n reeks faktore oorweeg om vas te stel wat in sy beste belang sal wees. Dié reëling word onderworpe gestel aan die toesig van die betrokke gesinsadvokaat (209B). (Die reeks faktore word hierna die kontrolelys genoem.)

In hierdie aantekening word die volgende aspekte wat uit die beslissing vloei, van nader bekyk:

- dat 'n rigiede en ongekwalifiseerde voortsetting van die reël om 'n bevel rakende kinders by egskeiding te maak, nie noodwendig hulle beste belang dien nie;
- dat die kontrolelys van faktore wat die hof aanwend om die beste belang van die kind te bepaal, 'n gesonde ontwikkeling is; en
- dat die hof sy eie taak inderdaad aansienlik vergemaklik deur die uitgesproke wense van die kind op deurdagte wyse in aanmerking te neem.

2 Die noodwendigheid van 'n hofbevel om die posisie van kinders by egskeiding te reël

In sy uiteensetting van die feite van die saak, verwys die hof na 'n groetekaart wat in Amerika gebruik word en wat lui: "[T]he war is over, we are divorced". In hierdie geval is die egskeiding reeds afgehandel, "but sadly the war is not over" (203D). Teen dié agtergrond skyn dit 'n geldige vraag te wees of die reël dat 'n bevel by egskeiding gemaak word dat die kind aan een ouer (en in uitsonderlike gevalle aan albei) toegeken word, nie daartoe meewerk dat die ouers nie tot 'n vergelyk kan kom nie, en dat ouers in der waarheid die gevraagde bevele aangaande die kinders gebruik om die oorlog voort te sit.

Die situasie in die *McCall*-saak is nie uniek nie. In *Van Vuuren v Van Vuuren* 1993 1 SA 163 (T) 167 maak die hof byvoorbeeld die volgende opmerking:

> "Dit is welbekend dat omdat so 'n skikking ook finansiële geskille tussen partye bylê, die een party soms onbehoorlike druk op die ander te pas mag bring om toegewings ten opsigte van of die beheer en toesig van die kinders, of sy toegang tot die kinders te maak."

In hierdie saak het dit in wese gehandel oor skikkingsonderhandelinge tussen die partye waartydens toegangsregte tot die kinders "part of the package" geword het. Na aanleiding van die *Van Vuuren*-saak is opgemerk dat dit moontlik selfs te betwyfel was of dit enigsins nodig was om 'n hofbevel aangaande die beheer en toesig oor die kinders en die meegaande toegangsregte te maak. Dit sou meebring dat die kinders nie 'n strydpunt sou wees in die skikkingsonderhandelinge tussen die partye nie (Robinson "Divorce settlements, package deals and the best interests of the child" 1993 *THRHR* 495) en dat die onderhandelinge bes moontlik met veel minder emosie afgehandel sou kon word.

Artikel 6(3) van die Wet op Egskeiding 70 van 1979 bepaal dat 'n hof wat 'n egskeidingsbevel verleen, volgens sy diskresie ook 'n bevel rakende die voogdy, bewaring of toegang tot 'n minderjarige kind gebore uit die huwelik *kan* verleen. In ten minste twee sake, te wete *Kastan v Kastan* 1985 3 SA 235 (K) en *Venton v Venton* 1993 1 SA 763 (D) bevind die howe dat dié subartikel 'n wye diskresie aan die hof verleen. Daar is egter geen gesag dat die subartikel nie só uitgelê moet word dat die hof nie verplig is om 'n bevel te maak nie. Trouens, Joubert verduidelik na aanleiding van *Willers v Serfontein* 1985 2 SA 591 (T) dat wanneer 'n huwelik deur 'n egskeidingsbevel ontbind word, "*sal*" die hof altyd 'n gepaste bevel maak om die posisie ten aansien van die ouerlike gesag oor die minderjarige kinders van die huwelik te reël (Van der Vyver en Joubert *Persone- en*

familiereg (1991) 616). Verder sê hy, "*sal*" die hof bevele uitreik aangaande die bewaring en voogdy oor die kinders.

Die konflikpotensiaal rondom kinders by egskeiding hang verder saam met 'n terughoudendheid by ons howe om 'n bevel te maak wat gesamentlike beheer en toesig oor die kinders aan albei ouers by egskeiding toesê (*Willers v Serfontein supra* 599; *Schlebusch v Schlebusch* 1988 4 SA 548 (OK)). So word daar in *Edwards v Edwards* 1960 2 SA 623 (D) beslis dat dit duidelik is dat so 'n bevel nie deur 'n hof gemaak behoort te word nie, want dit is 'n "legal impossibility that the legal custody of a child could be shared equally between two individuals" (524F). In die *Schlebusch*-saak verduidelik die regter dat hy "view with concern any trend towards the granting of joint custody orders" (551I). Hierdie benadering steun sterk op uitsprake soos dié in *Heimann v Heimann* 1948 4 SA 926 (W) waar regter Murray sê dat dit wenslik is dat slegs een ouer by egskeiding beheer en toesig oor die kind sal hê. Die motivering vir hierdie terughoudendheid by die howe om sodanige bevele te verleen (en wat meteen ook as motivering dien om wel 'n bevel aangaande die kind te maak), word soos volg in *Kastan* uiteengesit (236B):

> "Orders for joint custody are rare. Such few examples as can be gleaned from the law reports would seem to point emphatically in a direction away from orders of this nature and the reason for this, I would think is clear. Custody of children involves day to day decisions and also decisions of longer and more permanent duration involving their education, training, religious upbringing, freedom of association and generally how best to ensure their good health, welfare and happiness. To leave decisions of this nature to the joint decision of parents who are no longer husband and wife could be courting disaster, particularly where the divorce has been preceded by acrimony and disharmony between the parents."

Die hof kom egter tot die gevolgtrekking dat dit eerder in die beste belang van die betrokke kinders sal wees indien hy die voorstel van twee deskundige getuies aanvaar en 'n bevel maak wat gesamentlike beheer en toesig aan albei ouers verleen. Dit sou in belang van die kinders wees aangesien uitgerekte litigasie andersins sou volg wat 'n destruktiewe resultaat by die partye tot gevolg sou hê en hulle sou polariseer (237B–C). Hierdie gevolgtrekking word ondersteun. Bevele rakende kinders kan stigmatiserend wees, veral in die geval waar beheer en toesig oor 'n jong kind nie aan die moeder toegeken word nie. Daarbenewens kan so 'n bevel tot gevolg hê dat 'n gesonde band wat die kind het met die ouer wat nie beheer en toesig oor hom het nie, ten gronde gaan. Trouens, talle regspraktisyns sal kan getuig van gevalle waar kinders deur bewarende ouers dermate negatief jeens die ander ouer beïnvloed is dat 'n aanvanklike goeie verhouding totaal tot niet gegaan het.

Daar word ter oorweging gegee dat enersyds die reël wat ontwikkel het en andersyds die uitleg wat aan artikel 6(3) gegee word, naamlik dat 'n hof 'n bevel rakende beheer en toesig oor en toegang tot kinders by egskeiding *moet* maak, nie noodwendig in die beste belang van die kind is nie. Die volgende aanbevelings word gemaak:

(a) Dat kennis geneem word van artikel 1(5) van die Engelse Children Act 1989. Dié artikel lui soos volg:

> "Where a court is considering whether or not to make one or more orders . . . with respect to a child, it shall not make the order or any of the orders unless it considers that doing so would be better for the child, than making no order at all."

In paragraaf 3.2 van hulle verslag spreek die Engelse Law Commission (hierna die regskommissie genoem) sy twyfel uit oor die praktyk wat ontwikkel het om in alle gevalle van egskeiding waar daar kinders betrokke is, 'n bevel aangaande sodanige kinders te maak. Daarmee word egter nie te kenne gegee dat daar nie gevalle is waar bevele wel toepaslik sal wees nie. So 'n bevel kan, indien toepaslik, tot regsekerheid lei en die beste belang van die kind dien deurdat daar stabiliteit aan reëlings oor sy verblyf en ook die posisie van die ouers verleen word. Die regskommissie wys egter daarop dat dit moontlik is dat ouers uitmekaar kan gaan sonder om te skei en dat daar in sodanige gevalle dan geen bevele rakende die kinders gemaak word nie. Dit kan ook gebeur dat ouers nie wil hê dat daar 'n bevel rakende die kinders gemaak word nie. Die regskommissie se beswaar daarteen dat daar in alle egskeidingsgevalle bevele rakende die kinders gegee word, is soos volg verwoord:

> "Where a child has a good relationship with both parents the law should seek to disturb this as little as possible. There is always a risk that orders allocating custody and access . . . will have the effect of polarising the parents' roles and perhaps alienating the child from one or other of them."

(b) In aansluiting by die vorige paragraaf word aanbeveel dat die Wet op Bemiddeling in Sekere Egskeidingsgedinge 24 van 1987 gewysig word om te bepaal dat eers as dit vir die gesinsadvokaat duidelik is dat dit in die lig van die omstandighede van die geval in belang van die kind sal wees dat daar 'n bevel gemaak word, en die gesinsadvokaat só aan die hof aanbeveel, die hof 'n bevel aangaande die kind sal maak. Op dié wyse kan verseker word dat die beste belang van die kind beskerm word deurdat hy/sy sover doenlik buite die litigasie-arena gehou word.

3 'n Kontrolelys om die beste belang van die kind te bepaal

Die tweede aspek wat na aanleiding van die *McCall*-saak aan die orde kom, is die "metode" wat deur die hof aangewend word om die beste belang van die kind te bepaal. Die aanwending van die lys word gebruik om vas te stel welke van die twee ouers eerder geskik is om na die kind se fisiese, emosionele, geestelike en morele welsyn om te sien (204J). In die lys word daar 13 faktore genoem maar die hof waarsku dadelik dat daar oorvleueling tussen sommige van die faktore kan voorkom en dat die faktore nie in 'n volgorde van belangrikheid gerangskik is nie. Behalwe om te verduidelik dat die faktore bloot kriteria is aan die hand waarvan bepaal kan word welke ouer eerder geskik sal wees om beheer en toesig oor die kind te verkry (sodat die beste belang van die kind daardeur bevorder kan word), gee die hof geen aanduiding op welke wyse met die lys faktore omgegaan moet word nie. Daar word betoog dat die uiteensetting van so 'n lys 'n gesonde regsontwikkeling is en dat die verpligte oorweging van faktore wat in só 'n lys genoem word, statutêr opgeneem behoort te word.

Die bedoeling is nie om die faktore wat in die lys genoem word, individueel te ontleed nie. Eerder word daarop gewys dat so 'n tabulering van faktore in pas is met die sogenaamde "statutory checklist" wat in die Engelse Children Act, 1989 opgeneem is. Die waarde van so 'n kontrolelys word soos volg in paragraaf 3.18 van die verslag van regskommissie uiteengesit:

> "It was perceived as a means of providing greater consistency and clarity in the law and was welcomed as a major step towards a more systematic approach to

> decisions concerning children . . . [i]t would help to ensure that the same basic factors were being used to implement the welfare criterion by the wide range of professionals involved, including judges, magistrates, registrars, welfare officers and legal advisers . . . it would be particularly useful when advising magistrates in making decisions in contested custody cases and in formulating reasons in the event of an appeal. It would also provide a practical tool for those lacking experience and confidence in this area. Perhaps, most important of all, . . . such a list would assist both parents and children in endeavouring to understand how judicial decisions are made. At present, there is a tendency for advisers and their clients (and possibly even courts) to rely on rules of thumb as to what the court is likely to think best in any given circumstances. A checklist would make it clear to all what, as a minimum, would be considered by the court. At the very least it would enable parties to prepare and give relevant evidence at the outset, thereby avoiding the delay and expense of prolonged hearings or adjournments for further information. Moreover . . . solicitors find the checklist applicable to financial matters most useful in focusing their clients' minds on the real issues and therefore in promoting settlements. Anything which is likely to promote the settlement of disputes about children is even more to be welcomed."

Die regskommissie waarsku egter teen 'n té rigiede toepassing van die faktore wat in die kontrolelys genoem word. Dié faktore behoort slegs die wesenlikste aspekte aan te spreek en die hof behoort steeds 'n diskresie te hê om enige ander relevante oorweging in aanmerking te neem. As die kontrolelys té gedetailleerd sou wees, sou die risiko vir appèl veel groter wees waar 'n hof in gebreke sou bly om elke individuele faktor noukeurig te oorweeg en op te weeg ten einde sy beslissing te motiveer.

Teen bovermelde agtergrond word die laaste faktor wat deur regter King in *McCall* gemaak word, naamlik dat die hof enige ander relevante faktor ten opsigte van die geval voor hande mag oorweeg, sterk ondersteun.

Die voorstel word gemaak dat dit in die beste belang van die kind is dat artikel 6(3) van die Wet op Egskeiding, gelees met die bepalings van die Wet op Bemiddeling in Sekere Egskeidingsgedinge 24 van 1987, gewysig word om vir so 'n kontrolelys voorsiening te maak. In die, weliswaar ongelukkige, omstandighede waar dit dan volgens die gesinsadvokaat se oortuiging inderdaad nodig is dat 'n hofbevel wel aangaande die kinders gemaak moet word, sal die verpligte gebruikmaking van die kontrolelys veel daartoe bydra om by die partye duidelikheid aangaande die relevante oorwegings te bring.

4 Die uitgesproke wense en voorkeure van die kind

In die derde plek word kortliks aandag gegee aan 'n faktor wat sowel in die kontrolelys van die Children Act as die uiteensetting van die *McCall*-saak na vore kom. Dit is naamlik dat die "ascertainable wishes and feelings" van die kind, inaggenome sy ouderdom en begripsvermoë, in aanmerking geneem moet word. Dit is 'n ontwikkeling wat, indien dit met versigtigheid en begrip toegepas word, die taak van die howe eweneens kan vergemaklik.

Die benadering van die Suid-Afrikaanse howe getuig van 'n enigsins skeptiese ingesteldheid in dié verband. 'n Sprekende voorbeeld hiervan is te vinde in *Greenshields v Wyllie* 1989 4 SA 898 (W) 899 waar regter Flemming die benadering soos volg uiteensit:

> "Because the Courts know that children grow up, that their perspectives change, that their needs change, a Court is not inclined to give much weight to the

> preferences of children of 12 and 14. It is not because what they say is not important but because the Courts know that there is more to it than the way they respond emotionally at this stage. It is therefore not that a court simply ignores their desire, but, as a father sometimes tells a child 'no', the Court, as the children's super father, can tell both them and their father and mother 'no' when it is necessary."

Dit blyk dat die hof *in casu* nie negatief daarteenoor staan dat die wense van kinders in aanmerking geneem word nie, maar dat hy van oordeel is dat kinders van onderskeidelik 12 en 14 jaar te jonk is dat hulle voorkeure in aanmerking geneem kan word. Dit het in hierdie geval gehandel oor die wysiging van 'n bevel van beheer en toesig. Daar word geen aanduiding in die hofverslag gevind dat die hof hom van deskundige getuienis laat bedien het om die wense van die kinders te evalueer nie. Inteendeel, die hof wend hom tot oorwegings wat "have been proven through the generations by the experience of psychologists, social workers and ordinary individual experience" (899C). Die hof wys daarop dat almal weet dat kinders *storm en drang* beleef en dat hulle op die ouderdom van 12 en 14 dit besonder moeilik vind om hulle eie identiteit vas te stel. Hulle uitgesproke voorkeur by wie hulle wil bly, kan derhalwe nie met erns bejeën word nie.

Die hof behoort na my oordeel die wense van die kinders wel in aanmerking te geneem het. Dit kon hy doen deur die getuienis van deskundiges wat die posisie van die kinders asook hulle uitgesproke wense en voorkeure beoordeel het, aan te hoor. Dit sou die hof, as oppervoog van alle minderjariges in sy jurisdiksie, se taak vergemaklik het deurdat hy nie die kunsgreep van algemeenheid ("experience of psychologists, social workers and ordinary individual experience") hoef toe te pas nie, maar inderdaad die wense van die kinders wetenskaplik kon laat evalueer.

Daar word aan die hand gedoen dat die oorweging van die kinders se uitgesproke wense, in ag genome hulle ouderdom en begripsvermoë en behoorlik sielkundig en sosiaal-maatskaplik wetenskaplik geëvalueer, 'n stap in die regte rigting is. Die gevare daaraan verbonde dat kinders hulle voorkeure rakende beheer en toesig oor hulleself uitspreek, is welbekend. Dit gebeur somtyds dat hulle bepaalde skuldgevoelens ontwikkel, of voel dat hulle die nie-toesighoudende ouer verwerp of selfs gedragsprobleme ontwikkel. Dit kan selfs gebeur dat 'n kind vanweë negatiewe en selfs skadelike oorwegings by 'n bepaalde ouer wil bly. Dit is derhalwe onontbeerlik dat die gesinsadvokaat hierdie gevare deeglik voor oë sal hou wanneer sy haarself van die wense van die kind vergewis. Indien die uitgesproke wense en voorkeure van die kind met die nodige versigtigheid hanteer word, kan dit inderdaad die hof se taak in 'n beduidende mate vergemaklik.

5 Slot

Artikel 30(3) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika Wet 200 van 1993 lui dat in alle aangeleenthede rakende 'n kind, sy of haar beste belang voorop gestel word. Die voorstel word gemaak dat dié bepaling aanduidend is van 'n bepaalde hiërargie van fundamentele regte. Die begrippe "alle aangeleenthede" en "voorop gestel" dui inderdaad op 'n bedoeling dat die beste belang van

die kind in alle omstandighede die oorheersende oorweging sal wees. Die Engelse uitdrukking in dié verband lui dat die kind se beste belang "shall be paramount". Die oorheersende gewig van die artikel kan tot gevolg hê dat die proses by egskeiding waar die belange van kinders ter sprake is, ingrypend kan wysig juis omdat die adversatiewe stelsel van bewyslewering die belange van kinders kan benadeel. Die *Van Vuuren*-saak *supra* is aanduidend van dié spesifieke moontlikheid. Die oorweging deur die hof in *McCall* van faktore wat in 'n kontrolelys genoem word en in besonder die oorweging van die wense en voorkeure van die kind, word sterk ondersteun. Dit is duidelik dat dié aspekte van die beslissing in pas is met die voorskrifte van artikel 30(3) van die Grondwet van Suid-Afrika.

JA ROBINSON
Potchefstroomse Universiteit vir CHO

ASPEKTE RAKENDE DIE STRUKTUUR EN VERLOOP VAN GRONDWETLIKE GESKILLE

Blykens die prominensie wat grondwetlike regspraak tot dusver in die hofverslae geniet het, gaan grondwetlike litigasie sonder twyfel van soveel belang word dat geen regspraktisyn dit sal kan ignoreer nie. Veral die moontlike impak van hoofstuk 3 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika Wet 200 van 1993 (Fundamentele regte) sal in feitlik alle litigasie oorweeg moet word. Om dié rede word op 'n enigsins tentatiewe basis 'n paar gedagtes uitgespreek oor die struktuur en verloop van 'n konstitusionele dispuut waarin hoofstuk 3 ter sprake is.

Artikel 33(1) van die Grondwet, dit wil sê die beperkingsklousule ten opsigte van fundamentele regte, het alreeds in 'n aantal grondwetverwante beslissings gefigureer (*S v Fani* 1994 1 BCLR 43 (OK) 48G; *S v Smith* 1994 1 BCLR 63 (SOK) 69; *Qozeleni v Minister of Law and Order* 1994 1 BCLR 75 (OK) 88 ev; *Rudolph v The Commissioner of Inland Revenue* 1994 2 BCLR 9 (W) 11E ev; *S v Sefadi* 1994 2 BCLR 23 (D) 27D ev 28F ev 37A ev; *S v Majavu* 1994 2 BCLR 56 (CkGD) 83 ev; *Khala v The Minister of Safety and Security* 1994 2 BCLR 89 (W) 97 ev; *S v Botha* 1994 3 BCLR 93 (W) 102F ev; *Phato v The Attorney-General, Eastern Cape* 1994 5 BCLR 99 (OK) 66 ev; *Shabalala v The Attorney-General of the Transvaal* 1994 6 BCLR 85 (T)). Aangesien heelwat grondwetlike dispute juis sal wentel om die vraag of 'n inbreuk op 'n fundamentele reg op 'n geregverdigde beperking neerkom, vereis dit geen profeet om te voorspel dat artikel 33(1) nog dikwels oorweging van die howe sal vereis nie. In die bespreking wat hierna volg, word egter gefokus op twee aspekte wat buite die bestek van artikel 33(1) val en wat tot dusver min of geen aandag gekry het nie maar tog belangrik vir grondwetlike litigasie is.

1 Twee tipes grondwetlike dispute

Breedweg kan twee tipes grondwetlike dispute onderskei word:

(a) Die *volskaalse grondwetlike dispuut* – hier gaan die dispuut in die geheel oor 'n grondwetlike aangeleentheid. Dit sal voorkom waar 'n litigant in die hoedanigheid van 'n applikant (reël 10 van die reëls van die konstitusionele hof) die hof nader om wetgewing of 'n administratiewe handeling ongeldig te verklaar op grond van die feit dat dit onbestaanbaar is met een of meer van die fundamentele regte vervat in hoofstuk 3.

(b) Die *interlokutêre grondwetlike dispuut* kom voor gedurende die verloop van gewone siviele of straflitigasie, waar dit langs 'n verskeidenheid van weë die hof se aandag kan vereis, byvoorbeeld deurdat 'n grondwetlike aspek gedurende die verloop van die hofverrigtinge by wyse van betoog geopper word. Enkele voorbeelde ter illustrasie is die volgende:

- In die verloop van 'n borgondersoek beweer die verdediging dat die Grondwet (a 25(2)(d)) meebring dat die bewyslas na die staat verskuif;
- ten aanvang van 'n strafverhoor maak die verdediging aanspraak op alle inligting in die polisiedossier op grond van artikels 23, 25(3)(b) en (d);
- in 'n lastergeding baseer die verweerder sy verdediging onder meer op artikel 15(1) van die Grondwet waarin die reg op vryheid van spraak verskans word.

In nie een van bogenoemde gevalle wentel die dispuut *in die geheel* om 'n grondwetlik verwante aspek nie. Nogtans vereis die afhandeling van die saak telkens dat die hof benewens ander aangeleenthede, ook oor die grondwetlike punt uitspraak moet gee alvorens die litigasie afgehandel kan word.

Enige party – die eiser, verweerder, eksipiënt, beskuldigde of vervolging – kan 'n grondwetlike punt opper, anders as by die volskaalse grondwetlike dispuut waar die party wat die grondwetlike punt aanhangig maak, dit reg vanuit die staanspoor in die hoedanigheid van applikant doen.

2 Die prosedure van die dispuut

Met betrekking tot die verloop wat die dispuut aanneem, is al verklaar dat 'n grondwetlik verwante dispuut in twee fases uiteenval (Cachalia *et al Fundamental rights in the new Constitution* (1994) 106 ev; Basson *South Africa's interim Constitution* (1994) 50; *Qozeleni supra* 87CD): 'n eerste fase waartydens die applikant moet aantoon dat daar op 'n reg inbreuk gemaak is, gevolg deur 'n tweede fase waartydens die respondent (gewoonlik die staat) op grond van die beperkingsklousule (a 33(1)) 'n saak moet probeer uitmaak dat 'n inbreuk kragtens die vereistes van die gemelde artikel toelaatbaar is. Die stelling is soos *infra* aangedui word, 'n veralgemening wat in baie gevalle nie steek hou nie.

Dit is weliswaar korrek dat in bepaalde gevalle – veral by die volskaalse grondwetlike dispuut (*supra* 1) – die dispuut hierdie tweeledige verloop sal neem. In sodanige gevalle sal die applikant in die normale verloop van sake die bewyslas dra om op 'n oorwig van waarskynlikheid aan te dui dat daar 'n inbreuk op 'n grondwetlike reg plaasgevind het of dat dit sal plaasvind indien die hof nie die gevraagde regshulp verleen nie.

Dit kan ook die posisie wees by *sommige* interlokutêre grondwetlike dispute, maar in die meerderheid gevalle van 'n interlokutêre grondwetlike dispuut sal die geding 'n heel ander verloop neem. In die geval van 'n verweer in 'n lastergeding op grond van artikel 15(1) (die derde voorbeeld hierbo), sal die verweerder (soos by enige verweer wat onregmatigheid kan uitsluit), die bewyslas op 'n oorwig van waarskynlikheid dra (sien bv *Mabaso v Felix* 1981 3 SA 865 (A) 871H ev). Die ligging van die bewyslas sal telkens deur die aard van die geskil bepaal word. Die kwyt van die bewyslas kom daarop neer dat die verweerder bloot aandui dat hy kragtens een van sy fundamentele regte gehandel het. Dit is egter nie gerig op feitelike substansiëring van 'n bewering dat daar op van sy regte inbreuk gemaak is nie.

Die grondwetlike dispuut wat ter sprake kom by borgtog waar dit handel oor die ligging van die bewyslas, handel nie met die inbreuk op 'n reg nie en vereis nie van die verdediging dat 'n saak uitgemaak moet word dat 'n fundamentele reg geskend is nie. Inteendeel, dit handel met die uitleg van 'n bepaling wat op grond van *argumente* besleg word. Nóg die kwessie van 'n beweerde inbreuk op 'n reg, nóg die kwyt van 'n bewyslas (soos in die geval van die twee-fase grondwetlike dispute) kom hoegenaamd ter sprake.

Ook in ander gevalle sal die dispuut nie die verloop neem dat 'n party beweer dat daar op 'n reg van hom inbreuk gemaak is, of dat 'n inbreuk dreig nie, soos in gevalle waar 'n individu *ex lege* (vanuit die Grondwet) oor 'n reg beskik waarop 'n onregmatige inbreuk dreig. As voorbeeld kan artikel 25(2)(d) weer vermeld word. Die beskuldigde, soos enige ander individu, het die reg op vryheid en die meegaande reg om met of sonder borgstelling uit aanhouding vrygelaat te word, tensy die belange van geregtigheid anders vereis. Daar is egter geen sprake van enige bewyslas op die beskuldigde om 'n dreigende regsinbreuk te bewys nie; die bewyslas rus op die staat om aan te dui dat die belange van die regspleging 'n inbreuk op die beskuldigde se vryheid vereis. (Raadpleeg bv die minderheidsuitspraak in *Ellish v Prokureur-Generaal Witwatersrand* 1994 5 BCLR 1 (W).) Alternatief kom die kwyt van die bewyslas hoegenaamd nie ter sprake nie (die meerderheidsuitspraak in *Ellish*).

In geeneen van die voormelde gevalle word vereis dat die applikant hom van 'n bewyslas moet kwyt nie. Dit illustreer duidelik dat *Cachalia et al* se stelling hierbo inderdaad 'n veralgemening is wat nie die situasie met betrekking tot grondwetlike dispute getrou en volledig weergee nie.

3 Afstanddoening

In grondwetlike dispute kan die verskynsel van afstanddoening van die uitoefening van grondwetlike regte sigself ook voordoen. Die vraag wat in hierdie opsig ontstaan, is of 'n grondwetlike (fundamentele) reg wat betref afstanddoening deur ander reëls as "nie-fundamentele" regte gereguleer word. Anders gestel, het die fundamentaliteit van 'n reg 'n invloed op die regsposisie met betrekking tot afstanddoening?

'n Ondeurdagte standpunt wat soms voorkom, is dat afstanddoening nie kan figureer binne die konteks van grondwetlike regte nie. In beginsel is daar egter geen verskil tussen afstanddoening binne en buite die konteks van grondwetlike

regte nie. Die feit dat 'n reg kragtens die Grondwet die karakter van 'n fundamentele reg aanneem, het die effek dat enige regsreël, hetsy statutêr of gemeenregtelik, of enige administratiewe handeling wat met die betrokke fundamentele reg in botsing kom en wat daarmee onbestaanbaar is, nietig is (a 4(1) van die Grondwet). Dit vertoon die eiesoortige eienskap dat die soewereiniteit van die regering om op die regte inbreuk te maak, uitgesluit word. Die fundamentaliteit van die reg is derhalwe daarin geleë dat dit immuun is teen inmenging deur die owerheid. Die fundamentaliteit van grondwetlike regte raak derhalwe nie die verskynsel van afstanddoening nie.

Die gedagte dat grondwetlike regte nie vir afstanddoening vatbaar is nie, word deur die volgende drie oorwegings verydel:

(a) Die meeste fundamentele regte wat in hoofstuk 3 voorkom, geniet alreeds erkenning binne ander dissiplines van die reg, soos die privaatreg, strafreg, administratiefreg, strafprosesreg en dies meer. Die verheffing van hierdie regte tot fundamentele regte verleen aan die gemelde regte immuniteit teen inmenging en ongedaanmaking deur die owerheid maar die posisie ten opsigte van afstanddoening word kennelik steeds gereguleer deur dieselfde reëls as die reëls van die vakdissiplines waar die regte hulle oorsprong vind. Die reg op waardigheid (a 10); privaatheid (a 13); vryheid van gewete, godsdiens, denke, oortuiging en opinie (a 14(1)); vryheid van uitdrukking (a 15(1)) en bewegingsvryheid (a 18) het almal hulle oorsprong in die privaatreg en spesifiek in die persoonlikheidsreg (sien in die algemeen Neethling *Persoonlikheidsreg* (1991)). Binne die konteks van die Grondwet bly hierdie regte steeds grondliggend persoonlikheidsregte aangesien dit immers presies dieselfde regsbelange is wat hier beskerming geniet, naamlik die *corpus*, *fama* of *dignitas* van die persoon. Die regte is dus nie bloot *fundamentele* of *grondwetlike* regte nie maar fundamentele (grondwetlike) *persoonlikheidsregte*. Dit volg derhalwe logies dat dieselfde reëls met betrekking tot afstanddoening behoort te geld as wat alreeds binne die konteks van die persoonlikheidsreg geld. In die algemeen kan daar dus van die uitoefening van hierdie regte afstand gedoen word vir sover die *boni mores* dit toelaat.

The view that the right to a good name or reputation forms part of the right to human dignity cannot be faulted. Moreover, the view that the right to freedom of expression and the right to a good name are on equal footing is in accordance with the – generally accepted – view that chapter 3 of the interim Constitution does not establish a hierarchy of rights (see eg Cachalia, Cheadle, Davis, Haysom, Maduna and Marcus *Fundamental rights in the new Constitution* (1994) 115). The recognition that there is no hierarchy of rights can be liberating: it can free us from the kind of formalism which holds that a correct result can be logically deduced from existing rules, and that law is wholly distinct from politics. (On legal formalism, see Roberto Unger "The Critical Legal Studies movement" 1983 *Harv LR* 563.) Instead, each new case should entail a fresh reappraisal of our constitutional commitments.

Neethling and Potgieter's argument is, however, deeply conservative. The realisation that chapter 3 does not create a hierarchy of rights here results in a paralysing relativism – one right cancels the other – which comes in very handy to bracket chapter 3 as largely redundant, and to plunge back into the *status quo*. Could it be that the lingering suspicion of the private lawyer is surfacing here,

that whereas private law represents a rational, principled, and scientific enterprise, public law is unprincipled and profoundly political? That in the absence of a constitutionally defined hierarchy of rights, our only device is to resort to a private law that is untainted by the irrationality of (constitutional) politics? Consider the following statements, which were made elsewhere:

> "[T]here is a dividing line, however difficult it may be to define, between law and politics ... While the political debate is, as is to be expected, dominated by subjectivity and ideological partiality, lawyers at least should not be blinded by ideology when recommending, interpreting and formulating legal principles (Potgieter "The role of the law in a period of political transition: the need for objectivity" 1991 *THRHR* 803).

And among the reasons why "a proper bill of fundamental rights" is vital, the following grounds are mentioned:

> "(a) The relatively unsophisticated political views and attitudes of the majority of the electorate and many of their legislative representatives; (b) the lack of relevant experience of many in the executive branch of government; (c) the historical baggage of the crimes committed in the past either to preserve the *status quo* or to bring about political liberation; (d) the unfortunate fact that too many people currently in high office are tainted by criminal backgrounds; (e) the potentially harmful agendas of certain political parties in power" (Visser and Potgieter "Some critical comments on South Africa's bill of fundamental rights" 1994 *THRHR* 493).

Constitutionalism, it seems, is seen as a device to wrest matters of vital political importance from the hands of the majority, and to entrust them to lawyers. The objectivity of the rule of law is distinguished sharply from the subjectivity and arbitrariness of the rule of politics and, by implication, the rule of the people. Could it be that many South African legal academics still live in a pre-realist legal landscape, where legal objectivity and neutrality are seen as unproblematic? Are the authors here proposing different levels of constitutional scrutiny for the utterances of an "unsophisticated" legislative majority, on the one hand, and the "reasoned" tenets of the common law, as developed and expounded by legal minds, on the other? And if so, do they really fail to see that this involves a political choice on their part?

In terms of section 35(3), the common law must be interpreted to reflect the spirit, purport and objects of chapter 3. The effect of what the authors stand for, is that the constitutional guarantee of free speech is reduced to the protection afforded by the common law. Instead of measuring particular common law rules against chapter 3, the authors seem to start from a presumption that the common law already conforms to the dictates of the bill of rights. After all, the common law is a celebration of freedom and equality (1994 *THRHR* 518; cf Neethling "'n Toekomsblik op die Suid-Afrikaanse privaatreg – volwaardige naasbestaan of versoenende sintese?" in Van Aswegen (ed) *The future of the South African private law* (1994) 3:

> "[T]he apartheid era cannot be attributed to Roman-Dutch law – the blame must be placed squarely on the shoulders of the ruling minority who introduced the system of apartheid by way of legislation, and they were primarily enabled to this end by the doctrine of parliamentary sovereignty which derives from English constitutional law."

That the liberality of our common law is not reflected by the decision in *Neethling*, is not considered.

A traditional-liberal conception of rights is employed to justify a conservative outcome. This is the – essentially privatist – view of rights as individual entitlements: A's rights are weighed against B's rights, without any regard for the broader social context within which the rights adjudication occurs. The right of the *Vrye Weekblad* and *Weekly Mail* to freedom of expression is viewed in abstract from the social function of a free press in democratic countries. The actual implications of the decision for the newspapers concerned are not even considered. According to the authors (518), the court in *Neethling* did consider the "values which underlie an open and democratic society based on freedom and equality", as the court took notice of foreign case law. This is an impoverished view of what it means to apply chapter 3, the provisions of which must be interpreted within the context of the Constitution as a whole. Surely it must be borne in mind that accountability, democracy and openness are written in capitals all over the Constitution? Moreover, chapter 3 must also be interpreted in the light of our own unique history. This history includes, *inter alia*, an oppressive system of state and "private" censorship.

Admittedly, the authors qualify the use of foreign case law: it is said that our own *boni mores* may still be decisive (517). The term *boni mores* is, however, problematic: historically, it has been used to denote the convictions of the white community. Moreover, in so far as it is used to imply a broad societal consensus on important matters, the term must be used sparingly, if at all; according to Schnably ("Property and pragmatism: a critique of Radin's theory of property and personhood" 1993 *Stanford LR* 361), we must be on the lookout "for tensions in those (shared) ideals, even where – in fact, particularly where – consensus seems strongest".

That the authors fail to take the values underlying the Constitution seriously, is evident from the authoritarian overtones of the discussion. Lawyers for Human Rights, who criticised the Appellate Division for its insensitivity to freedom of expression claims in *Neethling* and two other decisions, is scolded for its "irresponsible" view of freedom of speech. This is exacerbated, in the view of the authors, by the fact that the other two decisions were written by a judge of the stature and esteem of Chief Justice Corbett, who also concurred in the *Neethling* decision. Does this mean that certain officials are beyond criticism? Did Lawyers for Human Rights expose itself to an action for defamation?

The decision in *Gardener v Whitaker*

The decision of Froneman J in *Gardener v Whitaker* 1994 5 BCLR 19 (E) – a case which also deals with an action for defamation by a public figure – stands in marked contrast to the a-historical, privatist and authoritarian views of Neethling and Potgieter. Like Neethling and Potgieter, the judge expressed the view that the right to a good name forms part of the right to human dignity, and that the Constitution does not create a hierarchy of rights. Unlike the authors, the judge takes chapter 3 seriously as a yardstick for the future development of common law, and not merely as a footnote to it.

The question whether chapter 3 should be applied horizontally, is discussed in the light of the basic values and principles underlying the Constitution. In the view of the judge,

> "the application of fundamental rights in litigation is dependent on the proper application of the deepest principles and values of the Constitution, and not on a public/private action divide" (35H; see also 30I–32C).

All aspects of the common law, including the common law of defamation, must be subjected to constitutional scrutiny; failure to do so would "perpetuate aspects of an undemocratic, discriminatory and unjust past" (32C).

The judge noted, with reference to the *Neethling* decision, that in the common law of defamation, the right to reputation and a good name has generally held the upper hand over the right to freedom of expression. The contest between these rights

> "has taken place without express reference to the effect its outcome would have on the open and democratic nature of society, nor did it occur in the context of a constitution which reigns supreme over other law" (33E–H).

Section 15 is viewed in historical context, which suggests that "the right to free speech and expression should, generally speaking, carry as much weight as the other fundamental rights set out in chapter 3 of the Constitution" (35I). In so far as the current law of defamation requires the defendant to prove defences such as truth in the public benefit, it clearly conflicts with the dictates of the Constitution; in light of section 15, the plaintiff must bear the onus.

Conclusion

That legal academics of the stature of Neethling and Potgieter are so reluctant to recognise the implications of the Constitution for their discipline, is truly disappointing. It is hoped that in future, they will use their formidable intellectual powers to assist in the transformation of our private law to reflect the deepest values and commitments of the Constitution.

HENK BOTHA
University of South Africa

DIE REG OP EMOSIONELE TRANKILITEIT: OPMERKINGE OOR DIE DINAMIESE AARD VAN DIE PERSOONLIKHEIDSREG

1 Inleiding

In 1975 het ek die moontlikheid van die erkenning van emosionele trankiliteit (of gemoedsrus) as beskermingswaardige persoonlikheidsgoed, as regsobjek dus, geopper ("Noodweer ten aansien van nie-fisiese persoonlikheidsgoedere" 1975 *De Jure* 59–71; vgl Bergenthuin *Provokasie as verweer in die Suid-Afrikaanse*

strafreg (LLD-proefskrif UP 195) 337–339). Die feitestel van 'n beslissing van die Nederlandse Hoge Raad wat onlangs gerapporteer is, het hierdie moontlikheid 'n duidelike basis in die regswerklikheid gegee (Hoge Raad 1993-06-18, NJ 1994, 347). Die eiseres in dié saak was 'n verkragtingslagoffer. Dit blyk uit die toepaslike artikel 1401 van die Nederlandse Burgerlike Wetboek dat 'n verkragtingslagoffer daarop geregtig is dat die dader die gevolge van die misdaad sover moontlik moet beperk "dan wel door een passende vorm van schadevergoeding zoveel mogelijk zouden worden goedgemaakt". In die onderhawige saak het die slagoffer in die vrees en onsekerheid geleef dat sy moontlik met die HIV-virus besmet is. Die vraag wat die hof ter beslissing gehad het, was of die verkragtingsdader tot die onderwerping aan 'n bloedtoets in dié verband gedwing kon word. Die hof beslis dat eiseres 'n swaarwegende belang het by so snel moontlike beëindiging van hierdie onsekerheid wat 'n diepgaande effek op haar persoonlike lewe het. Wáárom dit hier wesenlik gaan, is die reg van die verkragtingslagoffer op emosionele trankiliteit, wat in 'n besondere sin in dié geval 'n relatiewe reg is aangesien dit slegs ten aansien van die betrokke verkragtingsdader geld (sien verder Labuschagne "Relatiewe kante van die subjektiewe reg" 1988 *THRHR* 377). Wat die sanksie in dié geval ongewoon maak, maar tog nie absoluut uniek nie, is die feit dat nie skadevergoeding of genoegdoening of 'n ander tradisionele deliksanksie, soos apologie, ter sprake is nie, maar dat 'n sekere "dulding" van die verkragtingsdader geverg word (vgl ook Labuschagne "Verpligte bloedtoetse by vaderskapsgedinge?" 1993 *TSAR* 486).

In 'n insiggewende artikel wys Van der Walt, met beroep in hoofsaak op die Duitser Kegel (*Haftung für Zufügung seelischen Schmerzen* (1983) 17–51), daarop dat daar 'n toenemende beskerming van die mens se geestelik-emosionele ewewig in regsontwikkeling voorkom: "Die reg strek sy aanspreeklikheid uit na gevalle waar menslike optrede skok, kommer, angs, ergernis, skaamte, woede, teleurstelling en onbehae veroorsaak" ("Skoktoediening: 'wie sal die aftreksom maak?'" in Strauss (red) *Huldigingsbundel vir WA Joubert* (1988) 247). Wat duidelik blyk, is dat die persoonlikheidsreg, meer bepaald in dié verband, 'n dinamiese aard het. Die moontlikheid van die erkenning van emosionele trankiliteit as beskermingswaardige belang, spesifiek in ons reg, word in hierdie aantekening kortliks onder die loep geneem.

2 Die konkreet-sigbare liggaamsbesering as uitgangspunt

In rudimentêre regstelsels het 'n regsanksie slegs ter sprake gekom by die veroorsaking van sintuiglik-waarneembare benadeling (sien Labuschagne "Die voorrasionele evolusiebasis van die strafreg" 1992 *TRW* 38–40 gelees met Labuschagne en Van den Heever "Die oorsprong van en onderskeid tussen die fenomene misdaad en delik in primigene regstelsels" 1991 *Obiter* 116). Wat die hedendaagse persoonlikheidsreg betref, was aanspreeklikheid aanvanklik beperk tot konkreet-sigbare besering van die menslike liggaam. Interne beserings, soos orgaanbloeding, kan in die algemeen slegs met moderne sjirurgie en instrumente opgespoor word. In die lig hiervan is dit te verstane dat psigiese besering of benadeling aanvanklik slegs kompensasiewaardig geag is indien dit 'n liggaamlike onderbou gehad het. In eerste instansie is 'n fisieke impak vereis. Die onderliggende motivering was dat die voorgee van benadeling wat nie werklik

bestaan nie, deur dié vereiste uitgeskakel kon word. Hierdie vereiste is selde in ons regstelsel in ag geneem. Van der Walt (249) vermeld in dié verband die volgende:

> "Die tweede beperking wat ontwikkel is om die agterliggende regspolitieke bedenkinge te besweer, was die vereiste dat slegs psigiese skok wat 'n fisies-organiese versteuring meebring, of omgekeerd 'n fisiese aantasting wat erkenbare psigopatologiese ongesteldheid veroorsaak, die grondslag bied vir 'n deliktuele verhaalsreg. Weer eens weerspieël dit die gedagte dat 'n fisies-organiese gevolg in die kousale ketting 'n redelike waarborg van egtheid ten aansien van die gewraakte psigiese aantasting bied."

(Sien verder *Hauman v Malmesbury Divisional Council* 1916 CPD 216 220; *Creydt Ridgeway v Hoppert* 1930 TPD 664 668; Milner "Liability for emotional shock" 1957 *SALJ* 265; Tager "Nervous shock in South African law" 1972 *SALJ* 435; Van der Vyver "Onregmatige daad – senuskok – kousaliteit – motorvoertuigassuransie" 1973 *THRHR* 169.) Daar moet vermeld word dat dit nie hier werklik gegaan het om 'n "waarborg van egtheid" nie. Trouens, daar bestaan reeds geruime tyd psigiatries-wetenskaplike wyses van verifiëring van psigiese belewenisegtheid. Die reg was bloot nog vasgevang in oorblyfsels van 'n vroeëre fase van die sosio-juridiese evolusieproses van die mens.

3 Die kentering van 1973

In 1973 met die saak van *Bester v Commercial Union Versekeringsmaatskappy van SA Beperk* 1973 1 SA 769 (A) word 'n nuwe era in Suid-Afrika ingelei. In dié saak word die menslike psige vir die eerste keer nie as sodanig aan die liggaam ondergeskik gestel nie, maar word die integrasie van liggaam en psige beklemtoon. So verklaar appèlregter Botha (779):

> "Iemand wat aan 'n angsneurose ly, wat geen rustige nagrus kan geniet nie, wie se skoolwerk merkbaar agteruitgaan, en wie se verhouding met andere versteur is, geniet geen normale fisiese gesondheid nie. Die senu- en breinstelsel is, in iedere geval, net so 'n deel van die fisiese liggaam as wat 'n arm of been is, en 'n besering aan die senu- of breinstelsel is net so 'n besering van die fisiese organisme as wat 'n beseerde arm of been is."

(Vgl *Masiba v Constantia Insurance Co Ltd* 1982 4 SA 333 (K) 342.) Omdat hierdie benadering werklikheidsgetrou en van gekunsteldheid ontbloot is, is dit gunstig deur regskrywers ontvang en word dit dikwels sonder kommentaar aanvaar (Neethling *Persoonlikheidsreg* (1991) 28 91–92; Tager "Nervous shock and mental illness" 1973 *SALJ* 123; McQuoid-Mason "Emotional shock: Shades of Descartes?" 1975 *SALJ* 19; Neethling en Potgieter "Senuskok of 'psigiatriese besering' – verhaalbaar indien voorsienbaar" 1973 *THRHR* 176; Van der Merwe en Olivier *Die onregmatige daad in die Suid-Afrikaanse reg* (1989) 329). Die begrip "corpus" wat tradisioneel as regsobjek van 'n persoonlikheidsreg geïdentifiseer word, behoort in die lig hiervan as 'n sinoniem vir biopsigiese integriteit verstaan te word (sien ook Potgieter "Delictual liability for intentional infliction of emotional distress in South African law?" 1976 (1) *Codicillus* 11).

Die psigiese benadeling hoef nie van 'n permanente aard te wees nie (sien *Muzik v Canzone del Mare* 1980 3 SA 470 (K) 474; McQuoid-Mason 1975 *SALJ* 19 se kritiek op *Lutzkie v SAR and H* 1974 4 SA 396 (W) 398). Aan die ander

kant is genoegdoening nie verhaalbaar vir 'n niksbeduidende skok of psigiese benadeling wat van 'n verbygaande aard is nie (sien *Bester v Commercial Union Versekeringsmaatskappy van SA Bpk supra* 779; *Boswell v Minister of Police* 1978 3 SA 268 (OK) 273). Neethling en Potgieter (1973 *THRHR* 177) toon tereg aan dat hierdie veld in ieder geval deur die stelreël *de minimis non curat lex* gedek word.

In *Bester v Commercial Union Versekeringsmaatskappy van SA Bpk supra* 779 stel die appèlhof ook 'n voorsienbaarheidsbegrensing by aanspreeklikheid vir psigiese benadeling:

> "Om bostaande redes kom ek dus tot die gevolgtrekking dat daar in ons reg geen rede bestaan waarom iemand, wat as gevolg van die nalatige handeling van 'n ander, senuskok of psigiatriese besering met gevolglike ongesteldheid opgedoen het, nie op genoegdoening geregtig is nie, mits die moontlike gevolge van die nalatige handeling voorsien sou gewees het deur die redelike persoon wat hom in die plek van die onregpleger sou bevind het."

(Sien ook Boberg *The law of delict: Vol 1 Aquilian liability* (1984) 176; Midgley "The role of foreseeability in psychiatric injury cases" 1992 *THRHR* 444; *Lutzkie v South African Railways and Harbours supra* 398; *Boswell v Minister of Police supra* 273.) Dit is insiggewend om daarop te let dat hierdie tipe voorsienbaarheidsvraag in bogenoemde Nederlandse saak nie werklik ter sake is nie.

4 Konklusie

Angsneurose en vrees vir jou eie gesondheid kan jou emosionele trankiliteit, biopsigiese integriteit, ernstig skend (sien hieroor McQuoid-Mason "Emotional shock – why the Cartesian distinction?" 1973 *THRHR* 124–126; Tager 1972 *SALJ* 438–439; Neethling, Potgieter en Visser *Law of delict* (1994) 276). Die Hoge Raad het in sy beslissing van 18 Junie 1993 die onderdaan se reg op emosionele trankiliteit, binne konteks van die betrokke saak se feitestel, erken. Die Hoge Raad het in effek beslis dat die verkragtingslagoffer se reg op emosionele trankiliteit voorkeur geniet bo die dader se reg op sy liggaamlike integriteit. So verklaar Brunner (1994 *NJ* 1602) in 'n aantekening op die Hoge Raad se beslissing soos volg:

> "Het beroep van de dader op zijn lichamelijke integriteit die zou worden aangetast indien hij zich onvrijwillig aan onderzoek van zijn bloed zou moeten onderwerpen, is door de Hoge Raad verworpen met het argument dat dat grondrecht aan beperkingen is onderworpen door art. 1401 BW (oud), in het bijzonder dat het uitzondering lijdt in gevallen waarin hij verplicht is de schade te beperken. Dat lijkt me overtuigend in een geval als dit: de ernstige aantasting van het grondrecht van de vrouw op lichamelijke integriteit rechtvaardigt alleszins dat de dader een (geringe) inbreuk op zijn lichamelijke integriteit moet dulden om de schade van zijn slachtoffer te beperken. Daar komt nog bij dat het beroep van de dader op zijn grondrecht in hypocrisie nauwelijks is te overtreffen."

(Sien ook Alkema se aantekening op dié saak 1994 *NJ* 1601.)

In 'n onlangse Suid-Afrikaanse saak, *N v T* 1994 1 SA 862 (K) 864, het die hof genoegdoening toegeken aan die moeder van 'n agtjarige dogter wat verkrag is. Die hof beslis naamlik dat, hoewel die moeder self nie as sodanig liggaamlik geskend is nie, sy uiters geskok was oor die gebeure en dat dit vir

haar voortdurend smartvol is om die kind se trauma waar te neem en te hanteer. Die moeder se reg op emosionele trankiliteit is (en word nog voortdurend) myns insiens in dié saak geskend (sien ook Labuschagne "Deliktuele aanspreeklikheid weens verkragting" 1994 *Obiter* 242).

JMT LABUSCHAGNE
Universiteit van Pretoria

THE WORLD ASSOCIATION FOR MEDICAL LAW

The 11th World Congress on Medical Law

The Eleventh World Congress on Medical Law will for the first time be held in South Africa at Sun City from 28 July to 1 August 1996. More than a thousand persons from many countries are expected to attend the five day event.

The World Association for Medical Law (WAML) was founded in Belgium in 1967. Leading doctors, lawyers, ethicists and healthcare workers from all over the world participate in its activities. Since its inception the WAML had held a series of highly successful world congresses in cities such as Ghent, Washington, Manila, Prague and Jerusalem. The Sun City event will be the first WAML world congress to be held on the African continent. It will be co-sponsored by the World Health Organization (WHO) and the Council for International Organisations of Medical Sciences (CIOMS).

Topics such as the legality of euthanasia, abortion and surrogate motherhood, legal aspects of AIDS, the financing of health services in developing countries and the role of traditional healers will be debated at the Congress.

The current president of the World Association for Medical Law is Professor Amnon Carmi of Haifa Israel. Professor SA Strauss of the University of South Africa was a founding member in 1967 and served for a number of years as a vice-President. Professor Ferdinand van Oosten of the University of Pretoria is at present a vice-President.

Premier Popo Molefe of the Northwest will be chief Patron of the Sun City Congress.

Details may be obtained from Mrs Friedman at Mmabatho by telephoning 0140–842470/1.

VONNISSE

ENKELE GEDAGTES OOR DIE HISTORIESE INTERPRETASIE VAN HOOFSTUK 3 VAN DIE OORGANGSGRONDWET

De Klerk v Du Plessis 1994 6 BCLR 124 (T) (1995 2 SA 40 (T))

1 Agtergrond

Hierdie uitspraak handel hoofsaaklik oor die moontlike horisontale of derdewerking van die hoofstuk oor fundamentele regte (hoofstuk 3) in Suid-Afrika se oorgangsgrondwet (Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika 200 van 1993). Die eisers dagvaar die verweerders vir laster en laasgenoemdes opper die konvensionele privaatregtelike verwere. Ná inwerkingtreding van die oorgangsgrondwet doen die verweerders aansoek om 'n beroep op artikel 15(1) van die Grondwet (wat vryheid van spraak verskans) tot hulle verweerskrif toe te voeg. Wat die Transvaalse hof by monde van regter Van Dijkhorst moet beslis, is of so 'n wysiging toegelaat moet word op die gevaar af dat dit die verweerskrif eksipieerbaar kan maak. Is 'n beroep op artikel 15(1) met ander woorde 'n geldige verweer in 'n privaatregtelike lasteraksie? Dít bring die moontlike derdewerking van hoofstuk 3 ter sprake.

Sowel gebeure waarop die aksie baseer word as *litis contestatio* het voor inwerkingtreding van die Grondwet plaasgevind. Deur te bevind dat artikel 241(8) die terugwerkende werking van die Grondwet in hierdie geval uitsluit, handel die hof die saak eintlik af (127G). Regter Van Dijkhorst oorweeg nogtans of die aansoek nie tog vanweë die derdewerking van artikel 15(1) kan slaag nie en bevind dat "the fundamental rights set out in chapter 3 of the Constitution are intended to be of vertical application only" (133I–J). 'n Paar interessante en soms aanvegbare redenasies rugsteun hierdie gevolgtrekking. Hierdie bespreking konsentreer slegs op die hof se siening van *historiese interpretasie.*

2 Historiese interpretasie en *travaux préparatoires*

2 1 Die versigtige dog nie-afwysende gebruik van historiese gegewens

By die vertolking van internasionale menseregte-aktes word voorafgaande beraadslagings (*travaux préparatoires*) vryelik gebruik (sien bv Smits *The right to life of the unborn child in international documents, decisions and opinions* (1992) 6–27). Munisipale howe, daarenteen, hanteer hierdie hulpmiddel nie as 'n primêre vertolkingsbron nie maar bloot ter bevestiging van die resultate van

ander uitlegmetodes: diegene wat regstreeks met die opstel van 'n grondwet gemoeid is se siening van wat daarin staan, is té subjektief (en té deur eie voorkeure gekleur) om die "objektiewe" betekenis van die teks onberispelik betroubaar aan te dui (Du Plessis en De Ville "Bill of rights interpretation in the South African context (3): Comparative perspectives and future prospects" 1993 *Stell LR* 374–376; sien ook Kommers *The constitutional jurisprudence of the Federal Republic of Germany* (1989) 49). Boonop reflekteer die eindproduk plek-plek politieke akkoorde "agter die skerms" en "sê" dit nie wat enige van die partye betrokke by die opstelproses "graag sou wou sê" nie.

Die hof in die *De Klerk*-saak sê dat "the drafting history of the Constitution should . . . be regarded as *irrelevant* to its interpretation" (my beklemtoning).Vir hierdie kategoriese verwerping van *travaux préparatoires* word Mureinik ("A bridge to where?: Introducing the interim bill of rights" 1994 *SAJHR* 48) en Marcus ("Interpreting the chapter on fundamental rights" 1994 *SAJHR* 99) as gesag aangehaal.

2 2 Mureinik se argumente

Die sterk taal is dié van Mureinik wat historiese interpretasie in die verbygaan aanraak terwyl hy die moontlike rekwydte van die sinsnede "designs to achieve" in artikel 8(3)(a) van die Grondwet (die "regstellende aksie"-bepaling) oorweeg. In 'n voetnoot sê hy dat 'n "rich literature" redes vir "discounting the drafting history" van 'n handves gee.

Hierdie stelling is verdag. Eerstens is daar 'n (ewe) ryk literatuur wat die gebruik van *travaux préparatoires* in 'n beperkte sin steun (Du Plessis en De Ville 1993 *Stell LR* 374–376). Tweedens verwys Mureinik uitdruklik na slegs twee voorbeelde – albei uit boeke van Ronald Dworkin: hoofstuk 10 van *Law's empire* (1986) en hoofstuk 5 van *Life's dominion* (1993). Hierdie bronne ondersteun nie Mureinik se kategoriese gevolgtrekking nie. Dworkin evalueer die oorspronklike bedoelings- oftewel *original intent*-teorie as benadering tot grondwetlike uitleg en in veral *Life's dominion* reken hy op 'n voortreflike wyse daarmee af. Of die oorspronklike bedoeling (*original intent*) van die opstellers van 'n handves 'n *Leitmotiv* by die vertolking daarvan moet wees *en of* die onmiddellike ontstaansgeskiedenis van 'n handves by die vertolking daarvan hoegenaamd in aanmerking kan kom, is egter verskillende vrae. In hoofstuk 5 van *Life's dominion* onderskei Dworkin tussen wat die opstellers van 'n grondwet bedoel/beoog het om te sê (*meant to say*) en dít waaraan hulle gedink het toe hulle dit gesê het. Die opstellers van die Agste Wysiging van die Grondwet van die VSA het byvoorbeeld beoog om "cruel and unusual punishment" te verbied maar nie gedink dat 'n openbare afranseling wreed en ongewoon is nie. Hierdie tersaaklike onderskeid is nie moontlik as 'n mens die ontstaansgeskiedenis van die Amerikaanse Grondwet ignoreer nie: dit help 'n mens juis sien wát daarin blywend en wát van verbygaande betekenis is.

Dworkin se fokus is nie gebruik van tydgenootlike getuienis by die vertolking van 'n handves nie: hy gee 'n filosofiese kritiek van *original intentionalism* wat neig om die ontstaansgeskiedenis van die teks *met ideologiese bymotiewe* te

misbruik. Self sê hy nie dat die ontstaansgeskiedenis van die teks by die vertolking daarvan *irrelevant* is nie.

Derdens sluit Mureinik se "rich literature" vermoedelik hoofsaaklik Amerikaanse bronne in. In the VSA is die gebruik van "oorspronklike materiaal" problematies omdat meer as tweehonderd jaar sedert die totstandkoming van die oorspronklike teks verloop het. In Kanada en Duitsland daarenteen word historiese gegewens geredeliker gebruik om twee grondwetlike tekste van 'n onlangse oorsprong te vertolk. Die howe se houding is versigtig dog nie volstrek afwysend nie (vgl *Reference Re Section 94(2) of the Motor Vehicle Act* (1988) 24 DLR (4th) 536 554–555 (Kanada) en Katz *Staatsrecht: Grundkurs im öffentlichen Recht* (1992) 49 51 (Duitsland)). Die Deutches Institut für Föderalismusforschung aan die Universiteit van Hannover, Duitsland dokumenteer tans die onmiddellike ontstaansgeskiedenis van die Duitse Grondwet juis omdat daar 'n behoefte aan die gebruik van sulke historiese gegewens by grondwetlike vertolking is.

Ten slotte opper Mureinik (1994 *SAJHR* 48 vn 54) wel een uit (volgens hom) baie moontlike redes vir sy volstrek afwysende houding oor die gebruik van historiese gegewens:

> "[P]eople governed by a text are entitled to order their lives on the strength of what they can see; on the strength, in other words, of the published words and published authoritative commentary, without having to burrow among obscure and inaccessible drafting sources."

Hierdie argument is gebrekkig juis in sy eenvoud. Dit is wensdenkery dat 'n grondwetlike teks duidelik en spesifiek genoeg is vir almal (sélfs regsgeleerdes) om "reg" te verstaan. En as die teks dan met behulp van gesaghebbende kommentare verstaan moet word, waarom moet die kommentare heeltemal van die ontstaansgeskiedenis van die teks wegskram? Moet húlle nie juis vir Jan Alleman sin help maak van "obscure and inaccessible drafting sources" nie?

'n Samelewing en sy mense is "produkte" van 'n wording*geskiedenis*. In 1995 kan 'n mens in the VSA – anders as in 1792, toe die Agste Wysiging aanvaar is – jou lewe orden wetend dat jy nie 'n openbare afranseling op die lyf sal loop nie. Die teks van die Grondwet het egter dieselfde gebly. Waarborge teen openbare afranselings in 1995 lê dus nie in die teks van die Grondwet nie *maar mede* in wat "histories geword" het sedert die aanvaarding van die teks. Maar dan moet 'n mens weet dat die opstellers van die teks, alhoewel hulle presiese gedagtes anders gelyk het as dié van juriste twee eeue later, nogtans 'n verbod op wrede en ongewone straf *beoog* het. Die uitlegger in 1995 hoef nie die opstellers se presiese gedagtes (weer) in praktyk te probeer stel nie maar moet gevolg gee aan wat hulle beoog het.

2 3 Marcus se siening

'n Beroep op Marcus se artikel steun eweneens nie die kategoriese gevolgtrekking dat die ontstaansgeskiedenis van 'n handves *irrelevant* vir die vertolking daarvan is nie. Marcus (1994 *SAJHR* 98–99) bespreek slegs die rol van *vooraf-gaande debatte.* In die geval van Suid-Afrika se oorgangsgrondwet is the posisie in 'n sekere sin eenvoudig: daar bestaan nie betroubare transkripsies van die

voorafgaande debatte nie. In 'n wyer sin is the saak egter ingewikkelder. Die Grondwet en hoofstuk 3 is produkte van 'n grondwetlike debat wat nie tot die onderhandelingslokale van Kemptonpark beperk was nie en trouens lank vóór die onderhandelingsproses self begin het. Omvattender debatspunte was dus ook op die onderhandelingstafel en sommiges het in die eindproduk neerslag gevind (sien bv Du Plessis en Corder *Understanding South Africa's transitional bill of rights* (1994) 23–39). 'n Treffende voorbeeld is die spanning tussen vryheid en gelykheid wat opsigtelik in sleutelbepalings van hoofstuk 3, byvoorbeeld artikel 33(1)(a)(ii) en a 35(1), aanwesig is. Die grondwetlike uitlegger durf hierdie wyer debat en die invloed daarvan op hoofstuk 3 nie ignoreer nie. Regter Van Dijkhorst se uitspraak laat trouens, soos aanstons sal blyk (sien 2 4 hieronder), óók ruimte vir die verdiskontering daarvan.

Marcus baseer sy redes vir die nie-gebruik van voorafgaande debatte (in enger sin) op die oordrewe subjektiwiteit wat deelnemers aan die proses geneig is om aan die dag te lê wanneer hulle sê wat hulle dink 'n grondwetlike bepaling beteken. Soos voorheen opgemerk (sien 2 1 hierbo), sluit hierdie tekortkoming egter nie die *omsigtige en oordeelkundige* gebruik van sodanige gegewens (as sekondêre vertolkingsbron) by voorbaat uit nie.

2 4 Die hof se redenasie

Die hof se uitgangspunt is dat die Grondwet en hoofstuk 3 doeldienend of, liewer, doelsverwesenlikend (*purposive*) uitgelê moet word. Tereg word gesê dat doelsverwesenliking 'n vrygewige of toeskietlike (*generous*) vertolking *kan* noodsaak *maar dit nie noodwendig doen nie*: doelsverwesenliking kwalifiseer toeskietlikheid (128D–I; sien ook die bespreking van die Kanadese regspraak in Davis, Chaskalson en De Waal "*Democracy and constitutionalism: The role of constitutional interpretation*" in Van Wyk, Dugard, De Villiers en Davis (reds) *Rights and constitutionalism: The new South African legal order* (1994) 30). Doelsverwesenliking self is egter ook gekwalifiseer juis deur die doel wat bereik moet word. Dít sê die hof nie in soveel woorde nie, dog by implikasie: die doel van hoofstuk 3 moet bepaal word deur na sowel die geheel as die individuele, daarstellende bepalings daarvan te kyk (128G). Doelsbepaling het dus 'n *strukturele* kant. Daar moet oor hoofstuk 3 egter ook gevra word

> "what problems and aspirations did it seek to address, and what does it have in mind for our society. In short, what are the values and norms our society cherishes and intends to uphold" (128G).

Doelsbepaling het dus ook 'n *historiese* kant: die breëre agtergrondsgeskiedenis van hoofstuk 3 en die omvattender grondwetlike debat (sien 2 3 hierbo) is ter sake – maar dit sluit, na die hof se mening, nie die onmiddellike ontstaansgeskiedenis van hoofstuk 3 in nie.

Die hof hanteer die *strukturele* kant myns insiens grotendeels bevredigend deur sistematies oftewel holisties te interpreteer (Du Plessis en Corder *Transitional bill of rights* 73–7): Artikel 7(1) en artikel 7(2) word saamgelees op so 'n manier dat laasgenoemde eersgenoemde kwalifiseer (133H–I). Artikel 7(1) maak hoofstuk 3 regstreeks bindend op alle wetgewende en uitvoerende staatsorgane op alle regeringsvlakke terwyl artikel 7(2) dit op alle geldende reg van

toepassing maak. Sommiges redeneer dat "alle geldende reg" ook privaatreg insluit (Cachalia, Cheadle, Davis, Haysom, Maduna & Marcus *Fundamental rights in the new Constitution* (1994) 20). Die hof bevind egter tereg dat, omdat artikel 7(1) artikel 7(2) kwalifiseer, "alle geldende reg" slegs (gemene- en gewoonte-) regsnorme met vertikale werking oftewel publiekregsnorme insluit en dus privaatregsnorme (met 'n horisontale werking) uitsluit. (Die hof sê dit nie maar dit volg uit a 7(1), wat wetgewers bind, dat wetgewing, hetsy privaat- of publiekregtelik, altyd regstreeks onderworpe is aan hfst 3.) Die hof redeneer, eweneens tereg, dat die aanwesigheid van artikel 33(4) wat die staat magtig om maatreëls te tref wat "privaatdiskriminasie" verbied, hierdie gevolgtrekking rugsteun: indien hoofstuk 3 regstreekse derdewerking gehad het, sou artikel 33(4) onnodig wees (131H–I). Dit is opvallend dat die hof nie 'n soortgelyke afleiding uit die bestaan van artikel 35(3) maak nie: artikel 35(3) wat die onregstreekse of middellike derdewerking van hoofstuk 3 deur interpretasie moontlik maak, sou eweneens onnodig wees indien regstreekse derdewerking uit artikel 7(2) sou volg. (Die hof oorweeg wel sekere implikasies van a 35(3) maar met 'n ander doel.)

Die hof se hantering van *historiese* kwessies is minder bevredigend. Du Plessis ("A background to drafting the chapter on fundamental rights" in De Villiers (red) *The birth of a constitution* 93) word redelik uitvoerig aangehaal oor hoekom by Kemptonpark bepaal is dat artikel 33(4) en 35(3) moet "vergoed" vir die andersins "swak" derdewerking van hoofstuk 3 (129G–H). Die hof meen egter – met 'n beroep op Mureinik en Marcus (sien 2 2 en 2 3 hierbo) – dat daar (ongelukkig) nie waarde aan hierdie relaas geheg kan word nie en dat dit waarskynlik (*presumably*) slegs slaan op beraadslagings binne die tegniese komitee wat hoofstuk 3 moes opstel. Laasgenoemde is nie korrek nie. Oor 'n beleidskwessie soos derdewerking kon die tegniese komitee die onderhandelingspartye alleen adviseer. Wat in die betrokke artikels staan, weerspieël waarop die onderhandelaars ooreengekom het – nie die tegniese komitee se voorkeure nie.

Du Plessis se weergawe van wat die partye beoog het, klop met wat die hof deur middel van sistematiese uitleg oor die derdewerking van hoofstuk 3 (en die nodigheid van a 33(4)) bevind. Regter Van Dijkhorst sou dus, soos regters elders in die wêreld, die sekondêre inligting oor die ontstaan van hoofstuk 3 (omsigtig en oordeelkundig) kon gebruik om sy eie vertolking te bevestig en te versterk. Hierdie gegewens word egter kategories (en soos in 2 hierbo aangetoon verkeerdelik) uitgesluit. (Sou wat uit die voorafgaande beraadslagings blyk nié klop met wat 'n hof deur sistematiese uitleg bevind nie, kry laasgenoemde natuurlik voorkeur.)

Nogtans huiwer regter Van Dijkhorst nie om ander historiese gegewens wat op die omvattender grondwetlike debat betrekking het (sien 2 3 hierbo), by te haal om sy bevindinge te rugsteun nie, byvoorbeeld:

> "There was a pressing need for a bill of rights, given the suppressive State action of the past. The call for a conventional bill of rights was sharp and clear. But there were no such calls for a bill of rights on a horizontal plane" (131D).

Hierdie *dictum* berus op die aanvegbare veronderstelling dat die meeste Suid-Afrikaners apartheid bloot as 'n verdrukkende stelsel *van staatsweë* ervaar het. Treffend onjuis is ook die aanname dat daar nie 'n behoefte aan 'n menseregte-handves met derdewerking was nie. Op een na maak al die handvesvoorstelle wat in Kemptonpark gedien het, vir vorme van derdewerking sterker as tans in hoofstuk 3 voorsiening. Die uitsondering was die *Regeringsvoorstelle oor 'n handves van fundamentele regte* wat op 'n "vertikaliteitsbeginsel" baseer is soos duidelik uit artikels 1 en 2 daarvan blyk. Daarenteen voorsien beide die ANC en die Demokratiese Party (DP) se voorstelle 'n handves wat nie-staatlike persone en instansies "where appropriate" (a 17 van die ANC-handves) of "where applicable" (a 1 van die DP-handves) bind terwyl artikel 14 van die voorgestelde *Constitution of the State of KwaZulu/Natal* die oppermagtige grondwet ook in "interpersonal relations under the control of the State" afdwingbaar maak. Die Suid-Afrikaanse Regskommissie se handvesvoorstelle van Mei 1993 stel dit die ondubbelsinnigste van almal: fundamentele regte en vryhede geld ook "die onderlinge verkeer van die draers van gemelde regte teenoor mekaar" en fundeer aksies wat sulke regte beskerm en afdwing (a 2(1)). Kortom, regter Van Dijkhorst se verstaan van verskillende betrokkenes se geartikuleerde behoefte aan 'n handves akkommodeer, wat die moontlike derdewerking van so 'n handves betref, die sterk vertikalistiese sentimente van slegs een party, naamlik die vorige Nasionale Party (NP)-regering.

Tydens die onderhandelinge self was die partye geneë om aan hoofstuk 3 'n vorm van derdewerking te gee. Selfs die vorige NP-regering was aanvanklik hiervoor te vinde. Bedenkinge is egter, eienaardig genoeg, deur die Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party (SAKP) geopper. 'n Mens verwag dat 'n oorwegend sosialistiese party sal aandring op 'n handves wat maksimum beskerming nie alleen teen die staat nie maar ook teen "private" maghebbers op byvoorbeeld ekonomiese en veral arbeidsgebied gee. Die SAKP se hoofwoordvoerder oor hoofstuk 3, professor Halton Cheadle, het die saak egter andersom beredeneer: 'n handves wat té sterk horisontaal werk, kan private maghebbers 'n hefboom gee om elke denkbare privaatregtelike geskilpunt te probeer konstitusionaliseer – en húlle kan lang en ingewikkelde siviele gedingvoering bekostig. Die handves word dan, in feite en in the persepsie van die breë bevolking, 'n addisionele magsmiddel waarmee die reeds magtiges in the samelewing hulle posisie bestendig. Dít kan die legitimiteit van die handves by the breë bevolking ondermyn (sien Du Plessis en Corder *Transitional bill of rights* 111).

Hoofregter Corbett het ook in 'n *Memorandum submitted on behalf of the judiciary of South Africa on the draft interim bill of rights* (3–5) skerp afwysend gereageer op 'n voorgestelde klousule in 'n vroeëre konsep van hoofstuk 3 wat aan fundamentele regte derdewerking sou gee "where just and equitable". Sy beswaar was dat so 'n bepaling regsprekers sal opsaal met 'n "beleidsbesluit" wat liefs (vooraf) deur die (grond-)wetgewer geneem moet word (Du Plessis en Corder *Transitional bill of rights* 111–112). Hierdie beswaar, komende van die hoofregter namens die regbank, het die NP en vorige regering hulle meer genaakbare posisie oor die derdewerking van hoofstuk 3 laat heroorweeg en hulle belangstellend na die besware van die SAKP laat kyk.

Hoe dit ook al sy, die aangeleentheid is (feitelik-histories) veel ingewikkelder (en die uiteindelike politieke kompromis waaraan die regbank onregstreeks 'n aandeel gehad het minder voor die hand liggend) as wat regter Van Dijkhorst in sy uitspraak te kenne probeer gee. Maar waarom dan steun op karige en ongekontroleerde historiese gegewens terwyl direkte inligting oor die ontstaansgeskiedenis van hoofstuk 3 as "irrelevant" verwerp word? Is so 'n vergissing 'n doodsonde – veral terwyl die hof se sistematiese interpretasie van artikel 7(1) en (2) die Kemptonpark-onderhandelaars se onbevredigende kompromie (en dus "bedoeling") oor die derdewerking van hoofstuk 3 oënskynlik nie onherstelbare geweld aandoen nie?

Wat die hof gedoen het, kan tog ongelukkige gevolge hê – vir 'n geval soos die *De Klerk*-saak maar ook in 'n ruimer konteks.

3 Gevolgtrekkings

In die *De Klerk*-saak het die hof artikel 35(3) nie ernstig genoeg geneem nie – waarskynlik omdat "historiese oogklappe" dit verhinder het om die betrokke bepaling as die Kemptonpark-onderhandelaars se kompromis oor derdewerking te verdiskonteer. Dit is waar dat "whenever there is room for interpretation or development of our virile system of law that *it [a 35(3)]* is to be the point of departure" (133E–F). Maar wat sluit hierdie moontlikheid op die gebied van die lasterreg uit – veral waar 'n openbare figuur in the loop van die "politieke proses" (wat 'n openbare, *staatkundige* proses is) na bewering belaster word? Oor die presiese omstandighede van die beweerde laster in die *De Klerk*-saak sê die gerapporteerde uitspraak niks nie. En die versweë feite sal na regter Van Dijkhorst se insig waarskynlik net so ontersaaklik wees soos gegewens oor die ontstaansgeskiedenis van hoofstuk 3. Hy verwerp immers die uitspraak in *Mandela v Falati* 1994 4 BCLR 1 (W) wat wel, in 'n soortgelyke konteks, waarde heg aan die status van 'n gedingsparty as 'n *openbare, politieke figuur* (132A–H).

Dit was nie in eerste instansie vir die hof in die *De Klerk*-saak nodig om die regstreekse ontstaansgeskiedenis van artikel 35(3) te raadpleeg ten einde volle erkenning aan die bestaansdoel van die betrokke bepaling te gee nie. 'n Sistematiese vergelyking van artikel 7(1) en artikel 7(2) met artikel 35(3) sê wat die besondere funksie van laasgenoemde is: dit moet die ongekwalifiseerd vertikale werking van eersgenoemdes temper. Indien die hof verder sekere van die historiese gegewens waarop dit wel steun – naamlik die onderhandelingspartye se sienings van horisontaliteit vóór die onderhandelings – behoorlik sou kontroleer, sou dit duidelik wees dat daar hoofsaaklik twee sentimente was: een vir gekwalifiseerde horisontaliteit en die vorige regering se uitgesproke voorkeur vir 'n sterk vorm van vertikaliteit. Dit behoort die uitlegger wat die omvattender grondwetlike debat ernstig neem (sien 2 3 hierbo) dadelik te laat vermoed dat daar 'n kompromis êrens in the hoofstuk self moet wees – en wat anders as artikel 35(3) (en natuurlik ook a 33(4)) kan dit wees? Met die daadwerklike ontstaansgeskiedenis van hoofstuk 3 en die politieke debat oor vertikaliteit en horisontaliteit as sekondêre inligting bygereken, word die rol wat artikel 35(3) veronderstel is om te speel bo alle twyfel bevestig. En met artikel 35(3) in die

prentjie ontstaan die vraag: Indien 'n party tot 'n lasteraksie verlang dat die hof "die gees, strekking en oogmerke" van hoofstuk 3 (en veral a 15(1)) by die "toepassing en ontwikkeling" van die lasterreg in aanmerking moet neem, hoe anders as in die pleitstukke bring hy of sy dit te berde? Die hof kan dan steeds die aangeleentheid oorweeg en beslis dat hoofstuk 3 in 'n bepaalde geval nie veel verskil maak nie. Maar om te suggereer dat die blote te berde bring van hoofstuk 3 'n verweerskrif (of dagvaarding) eksipieerbaar kan maak, is om die effek van artikel 35(3) óf te ignoreer óf tot 'n niksseggendheid te relegeer – dit is die ongelukkige gevolg van die uitspraak in die *De Klerk*-saak vir die betrokke saak en vir soortgelyke gevalle. (Vgl hierteenoor die meer bevredigende benadering in *Jurgens v The Editor, The Sunday Times Newspaper* 1995 1 BCLR 97 (W) (1995 2 SA 52 (W)), veral 101–102.)

Wat ongelukkig is in 'n ruimer konteks, is 'n houding wat nie slegs tot die *De Klerk*-uitspraak beperk is nie maar vry algemeen (ook in ander jurisdiksies) na vore kom. Dit is naamlik dat historiese interpretasie beperk is tot 'n beroep op *travaux préparatoires*. Omdat *travaux préparatoires* as hulpmiddel by grondwetlike vertolking sekere tekortkominge het, word dan van historiese interpretasie in 't geheel 'n ondergeskikte vorm van grondwetlike uitleg gemaak. Huidige omstandighede (*present circumstances*), word gesê, dra méér direkte gewig: die handves moet in 'n kontinue tydsraamwerk só vertolk word dat dit óók moontlikhede wat die opstellers daarvan nie voorsien het nie, kan akkommodeer (Du Plessis en De Ville 1993 *Stell LR* 376–377). Met dié stelling kan nouliks getwis word maar dit sal jammer wees as dit veronderstel dat historiese interpretasie met 'n beroep op *travaux préparatoires* eindig. Teleologiese interpretasie wat die wil van 'n "hipoteties-permanente grondwetgewer" postuleer (vgl Katz *Staatsrecht* 49), is nie "minder histories" as 'n vorm van interpretasie wat faktore uit die verlede by die vertolking van die teks in die hede betrek nie.

Die geskiedenis en "historisiteit" is nie slegs attribute van die verlede nie. Dit kry gestalte in 'n kontinue voortgang van gebeure *vanuit* die verlede, *deur* die hede *na* die toekoms toe. Carr (*What is history?* (1986) 24) sê dat geskiedenis "an unending dialogue between the present and the past" is. Heidegger (*Einführung in die Metaphysik* (1953) 34) stel dit nog sterker:

> "Geschichte als Geschehen is das aus der Zukunft bestimmte, das Gewesene übernehmende Hindurchhandeln und Hindurchleiden durch die *Gegenwart*. Diese ist es gerade, die im Geschehen verschwindet."

Op Engels lees hierdie kwalik vertaalbare aanhaling só (Heidegger *An introduction to metaphysics* (1961) 36):

> "History as happening is an acting and being acted upon which pass through the *present*, which are determined from out of the future and which take over the past. It is precisely the present that vanishes in happening."

Volgens Heidegger "verdwyn" die hede in the geskiedenis: geskiedenis *gaan deur* die hede, word vanuit die toekoms *bepaal* en *neem die verlede oor*. Geskiedenis ís dus ewe hede-, toekoms- en verlede-gerig. Die toekoms is egter ongekarteer en onseker. Die verlede, daarenteen, is vasgestel en gekarteer, en is daarom 'n bron of *fokus* van sekerheid, *gegee die onbekendheid van die toekoms*. Die hede (en *present circumstances*) bemiddel tussen die verlede en die toekoms.

Hiervolgens is die inagneem van huidige omstandighede by grondwetlike uitleg (óók toekomsonthalwe) nie minder "histories" as die inagneem van gebeurtenisse uit die verlede nie. Huidige omstandighede vorm trouens 'n ontmoetingspunt tussen historiese interpretasie en teleologiese interpretasie. Met die verlede as fokus van sekerheid kan egter nie weggedoen word nie – ook nie met 'n verlede waarin en van waaruit 'n grondwetlike teks gestalte gekry het nie. 'n Hof wat hoofstuk 3 vertolk, moet rekening hou daarmee dat dit ontstaan het in 'n situasie waar daar 'n duidelike wil was om in die plek van die repressiewe sisteem van apartheid 'n bedeling met optimale beskerming vir menseregte orent te probeer kry. Regter Van Dijkhorst sê dat hy hiermee rekening hou, al is sy aannames oor die onderhandelingspartye se siening omtrent die horisontale trefwydte van menseregte feitelik onjuis (sien 2 4 hierbo). Regters Kroon en Froneman redeneer in 'n soortgelyke trant in *Qozeleni v Minister of Law and Order* 1994 1 BCLR 75 (E) 77–81 (sien ook 1994 3 SA 625 (OK)).

Die historiese konteks van hoofstuk 3 is dus belangrik juis by die doelsverwesenlikende vertolking daarvan. Déél van hierdie konteks is voorafgaande beraadslagings wat, om redes voorheen genoem (sien 2 1 hierbo), omsigtig en oordeelkundig hanteer moet word (en hoogstens sekondêre vertolkingswaarde het) *maar wat nie heeltemal irrelevant is nie.*

'n *Sekondêre* beroep op *travaux préparatoires* by die vertolking van 'n handves, beteken nie dat die *oorspronklike bedoeling* (*original intent*) van die opstellers daarvan 'n interpretatiewe *Leitmotiv* word nie. Laasgenoemde houding is trouens onhistories júís in sy absolutistiese fokus op grondwetgewende denkprosesse *uit die verlede* wat die kontinuïteit van verlede, hede en toekoms nivilleer. Iemand soos Dworkin se kritiek op *original intentionalism* (sien 2 2 hierbo) sluit egter nie 'n begrensde (oordeelkundige en omsigtige) gebruik van *travaux préparatoires* uit nie.

Müller ("Einige Leitsätze zur juristischen Methodik" in Dreier en Schwegmann (reds) *Probleme der Verfassungsinterpretation* (1976) 252–253) onderskei met, toegegee, ander teoretiese oogmerke tussen *historiese* en *genetiese* interpretasie. In 'n ietwat aangepaste vorm kan so 'n onderskeid vir die huidige bespreking van waarde wees. Genetiese interpretasie is, volgens Müller, beperk tot die gebruik van *travaux préparatoires.* Historiese interpretasie daarenteen appelleer op normtekstuele "voorgangers" van die te vertolkte normteks. Sulke voorganger-tekste ontbreek egter in die geval van baie van die bepalings in Suid-Afrika se oorgangsgrondwet, insonderheid dié wat op fundamentele regte en hulle moontlike derdewerking betrekking het. Historiese interpretasie kan egter die aanvul van ontbrekende tekstuele gegewens uit die breëre (in teenstelling met slegs die onmiddellike) ontstaans- en agtergrondsgeskiedenis van hoofstuk 3 magtig. Historiese interpretasie is meer gesaghebbend en "minder sekondêr" as genetiese interpretasie.

Om dus op te som: Historiese interpretasie is 'n inklusiewe proses wat die kontinuïteit van verlede, hede en toekoms moet probeer verdiskonteer. Die inagneem van sowel huidige omstandighede as gebeure uit die verlede wat die uiteindelike grondwetlike teks help vorm gee het, asook die toekomsverwagtings van die gesamentlike outeurs van die teks, is integrerend déél daarvan. Onder

gebeure uit die verlede tel ook die beraadslagings wat die aanname van die teks voorafgegaan het. Omdat die sienings van deelnemers aan die totstandkomingsproses van die Grondwet egter bevooroordeeld en die teks as eindproduk plekplek die resultaat van politieke akkoorde is, moet sulke beraadslagings as getuienis van wat die teks beteken, oordeelkundig en omsigtig gebruik word en het hulle hoogstens die status van sekondêre getuienis wat die resultate van ander uitlegmetodes kan bevestig maar nie kan weerlê nie.

LOURENS DU PLESSIS
Universiteit van Stellenbosch

TERUGWERKENDHEID VAN 'N VERANDERING VAN HUWELIKSGOEDEREBEDELING INGEVOLGE ARTIKEL 21(1) VAN DIE WET OP HUWELIKSGOEDERE

Ex parte Burger 1995 1 SA 140 (D)

In die verlede, voor die inwerkingtreding van die Wet op Huweliksgoedere 88 van 1984, het die sogenaamde onveranderlikheidsreël in ons reg gegeld (sien bv Barnard, Cronjé en Olivier *Die Suid-Afrikaanse persone- en familiereg* (1994) 234). Ingevolge hierdie reël het die huweliksgoederebedeling wat die gades by huwelksluiting gekies het, na huwelksluiting onveranderbaar voortgeduur en kon dit nooit deur die gades tydens die bestaan van die huwelik gewysig word nie. Hierdie reël is egter verslap met die inwerkingtreding van die Wet op Huweliksgoedere in 1984 wat gades in bepaalde omstandighede magtig om hulle huweliksgoederebedeling gedurende die bestaan van die huwelik te wysig.

Artikel 21(1) van die Wet op Huweliksgoedere magtig die hof om op aansoek van beide gades toestemming te verleen dat die gades se huweliksgoederebedeling verander word. Die hof sal

> "indien hy oortuig is dat –
>
> (a) daar gegronde rede vir die voorgenome verandering bestaan;
>
> (b) aan al die skuldeisers van die gades voldoende kennis van die voorgenome verandering gegee is; en
>
> (c) geen ander persoon deur die voorgenome verandering benadeel sal word nie, gelas dat daardie huweliksgoederebedeling nie meer op hul huwelik van toepassing sal wees nie en hulle magtig om 'n notariële kontrak te sluit waardeur hul toekomstige huweliksgoederebedeling gereël word op die voorwaardes wat die Hof goedvind."

Artikel 21(2) van die Wet op Huweliksgoedere het voorsiening gemaak vir 'n wysiging van die gades se huweliksgoederebedeling sonder die nodigheid om die hof te nader. Ingevolge hierdie artikel kon persone wat voor die inwerkingtreding van die Wet op Huweliksgoedere (op 1 November 1984), of voor die inwerkingtreding van die Wysigingswet op Huweliks- en Huweliksgoedereg

3 van 1988 (op 2 Desember 1988), buite gemeenskap van goedere getroud is die aanwasbedeling op hulle huwelik van toepassing maak deur middel van die verlyding en registrasie van 'n notariële kontrak. Hierdie vergunning het egter slegs vir 'n oorgangstydperk gegeld (tot 1 November 1988 vir blanke, kleurling en Asiër gades en tot 2 Desember 1990 vir swart gades). (Ingevolge a 25(2) van die wet kon gades in wie se huwelike (binne of buite gemeenskap van goed) die maritale mag gegeld het, op dieselfde wyse en binne dieselfde tydperke die maritale mag afskaf.) Sedert die verstryking van bogenoemde tydperke moet gades wat 'n verandering aan hulle huweliksgoederebedeling wil bewerkstellig dit doen deur middel van 'n hofaansoek ingevolge artikel 21(1).

Ex parte Burger handel oor 'n aansoek ingevolge artikel 21(1) van die Wet op Huweliksgoedere vir die verandering van die partye se huweliksgoederebedeling. Die applikante is op 30 Mei 1970 buite gemeenskap van goed getroud. Hulle doen nou aansoek om die aanwasbedeling vanaf die datum van huwelksluiting op hul huwelik van toepassing te maak.

Twee vrae ontstaan met betrekking tot die aansoek: Eerstens, voldoen die aansoek aan die drie vereistes wat in artikel 21(1)(a)–(c) van die Wet op Huweliksgoedere gestel word? Tweedens, het die hof die bevoegdheid om die huweliksgoederebedeling terugwerkend tot huwelksluiting te verander?

Met betrekking tot die eerste vraag is veral die eerste vereiste in artikel 21(1)(a) van belang, met ander woorde, of daar "gegronde rede" vir die voorgenome verandering is. Ten aansien daarvan kan die vraag gestel word wat "gegronde rede" beteken. Soos wat regter Hattingh in *Ex parte Le Roux et Uxor; Ex parte Von Berg et Uxor* 1990 2 SA 70 (O) sê, "vereis doelmatigheid dat gegronde rede nie vooruit en uitvoerig omskryf kan word nie omdat dit van geval tot geval sal verskil". In *Ex parte Engelbrecht* 1986 2 SA 158 (NK) kom regter Steenkamp tot die gevolgtrekking dat die woorde "gegronde rede" volgens hulle gewone grammatikale betekenis uitgelê moet word en gevolglik feite is wat oortuigend, geldig en verankerd in die werklikheid is.

Uit die regspraak blyk dat die howe maklik oortuig word dat daar gegronde rede vir 'n wysiging is en dat Hahlo se voorspelling in 1984 (*The South African law of husband and wife* (1984) 283) korrek was dat,

> "provided that the change on which the spouses are agreed is not, on the face of it, unreasonable or unfair to one of the spouses, it should not be difficult to convince the court that there are sound reasons for it".

Voorbeelde van redes wat al as grondig beskou is, is dat partye voor die huwelik ooreengekom het om buite gemeenskap van goed te trou en deurgaans volgens hierdie bedoeling opgetree het (sien *Ex parte Engelbrecht supra*). In *Ex parte Krös* 1986 1 SA 642 (NK) is die feit dat die applikante onkundig was omtrent die regsposisie toe hulle die huwelik aangegaan het en nie regsadvies ingewin het oor die implikasies en gevolge van 'n huwelik binne gemeenskap van goed nie, gekoppel daaraan dat die man beoog het om sy eie sakeonderneming te begin wat die bates van die vrou in gevaar kon stel, as grondig beskou.

In *Burger* se saak word ook bevind dat daar gegronde rede vir die aansoek is – die gegronde rede is in hierdie saak gevind in die feit dat die gades wou hê dat die vrou moes deel in die groeiende boedel van die man, wat nie met hul huidige

huweliksgoederebedeling bewerkstellig kon word nie (141E). Hierdie bevinding stem ooreen met Hahlo se standpunt hierbo en sy mening dat

> "it should also be sufficient that the spouses, after mature consideration, have arrived at the conclusion that the matrimonial system under which they were married does not really suit their circumstances".

Regter Magid bevind verder dat die applikante ook aan die ander twee vereistes van artikel 21(1) voldoen het (141E–F).

Soos hierbo aangedui, was die tweede vraag wat in *Ex parte Burger* ter sprake gekom het, of die hof die bevoegdheid het om te beveel dat die gades se nuwe huweliksgoederebedeling vanaf die datum van die huwelik kan geld. Die probleem hier is dat daar botsende uitsprake oor die aangeleentheid is: In *Ex parte Krös supra* is beslis dat die huweliksgoederebedeling wel terugwerkend verander mag word terwyl die teendeel in *Ex parte Oosthuizen* 1990 4 SA 15 (OK) bevind is.

Die applikante in *Ex parte Krös* het aansoek gedoen dat hulle huweliksgoederebedeling verander moet word van binne gemeenskap van goed na buite gemeenskap van goed vanaf die begin van die huwelik. Die registrateur van aktes het betwis dat die huweliksgoederebedeling ingevolge artikel 21(1) met terugwerkende krag verander mag word. Vir sy argument steun hy hoofsaaklik op die woord "toekomstige" in artikel 21(1) en voer hy aan dat die gebruik van daardie woord beteken dat die huweliksgoederebedeling slegs ten opsigte van die toekoms verander mag word. Regter Basson verwerp hierdie argument en beslis dat daar nie te veel klem op die woord "toekomstige" gelê moet word nie en dat dit nie die afleiding teen terugwerkendheid regverdig nie. Hy sê verder dat die wetgewer net sowel die woord "nuwe" in plaas van "toekomstige" kon gebruik het (645F–G). Regter Basson voer nog verdere redes aan vir sy beslissing dat die huweliksgoederebedeling wel met terugwerkende krag verander mag word. Onses insiens is die belangrikste rede dat die hele doel van die Wet op Huweliksgoedere is

> "om weg te doen met die onbuigsaamheid wat voorheen bestaan het. As die hof nie by magte is om die huweliksgoederebedeling met terugwerkende krag te verander nie, is ons weer terug by 'n onbuigsame stelsel" (646C–D).

Hierdie rede is oortuigend (sien ook Cronjé en Heaton *Vonnisbundel oor die Suid-Afrikaanse persone- en familiereg* (1994) 406).

In *Ex parte Oosthuizen* het die applikante toestemming gevra om hulle huwelik van binne gemeenskap van goed na 'n huwelik buite gemeenskap van goed te verander, ook met terugwerkende krag. In die saak word sterk klem gelê op die woorde in artikel 21(1) wat op die toekoms dui (nl "sal wees" en "toekomstige"). Regter Erasmus beslis dat wanneer die hof 'n verandering van 'n huweliksgoederebedeling ingevolge artikel 21(1) magtig, die hof gelas dat die bestaande bedeling nie meer van toepassing "sal wees" nie, dit is *ex nunc* (vanaf die datum waarop die bevel gegee word) en nie *ex tunc* (vanaf die huweliksdatum) nie. Verder magtig die hof 'n "toekomstige" huweliksgoederebedeling. Hierdie woorde dui volgens regter Erasmus duidelik daarop dat die wysiging nie terugwerkend kan wees nie. Die regter sê ook verder dat benewens die duidelike bepaling van die artikel baie probleme kan ontstaan indien die artikel wel

terugwerkende krag sou hê. Derdes sou daardeur benadeel kon word en regsonsekerheid sou kon ontstaan.

Alhoewel die interpretasie in die *Oosthuizen*-saak in ooreenstemming is met die letter van die wet, is die buigsame benadering in *Krös* waarskynlik meer in ooreenstemming met die bedoeling van die wetgewer en is dit te verkies. (Sien Cronjé en Heaton 406; sien egter ook Van Schalkwyk *Huweliksregbronnebundel* (1992) 249; Visser en Potgieter *Inleiding tot die familiereg* (1994) 75; Sonnekus "Terugwerkende wysiging van huweliksgoederebedeling" 1991 *THRHR* 133 wat die uitspraak in *Oosthuizen* steun op grond van die uitdruklike bewoording van a 21(1). Van Schalkwyk "Nahuwelikskontrakte" 1991 *De Jure* 345 argumenteer dat dit gevaarlik is om oor die boeg van 'n algemene en vae doelstelling soos die "buigsaamheid" van 'n wet, 'n betekenis strydig met die uitdruklike betekenis te wil invoer.)

In *Ex parte Burger* spreek regter Magid geen mening uit oor welke van die *Krös*- en *Oosthuizen*-saak korrek is nie en probeer hy ook glad nie om die botsing tussen die twee sake te versoen nie. Die rede hiervoor is dat hy tot die gevolgtrekking kom dat dit wat die gades *in casu* versoek glad niks met terugwerkendheid te make het nie! Regter Magid beslis dat wanneer gades hul huweliksgoederebedeling wil wysig ten einde die aanwasbedeling ingevolge artikel 21(1) op hul huwelik van toepassing te maak, hulle verplig is om die "normal basis of the accrual system" te gebruik. Hierdie "normal basis" word in hoofstuk 1 van die wet vervat en bepaal dat wanneer gades die aanwasbedeling op hulle huwelik van toepassing maak, die aanwasbedeling gebaseer is op die groei van elke gade se boedel vanaf die datum van huweliksluiting tot by die ontbinding van die huwelik. Regter Magid redeneer dat die gades ook in die geval van 'n wysiging ingevolge artikel 21(1) die aanwasbedeling *moet* invoer vir die *hele duur van hul huwelik* en dat die nuwe bedeling dus nie kan geld vanaf die datum van die artikel 21(1)-bevel nie.

Ter ondersteuning van sy argument, sê regter Magid, moet gelet word op die bewoording van artikel 21(2) van die wet. Artikel 21(2) het (soos hierbo verduidelik) gades wat buite gemeenskap van goed getroud was gemagtig om die aanwasbedeling in te voer deur middel van die verlyding en registrasie van 'n notariële kontrak. Die artikel het die partye uitdruklik 'n keuse gegee of die aanwasbedeling vanaf die datum van huweliksluiting of vanaf die datum van die kontrak moes geld. Regter Magid redeneer dat as die wetgewer bedoel het om die gades ook ingevolge artikel 21(1) so 'n keuse te gee, die wetgewer dit uitdruklik in die artikel sou vermeld het. Aangesien die wetgewer dit nie gedoen het nie mag gades wat ingevolge artikel 21(1) om wysiging van hul huweliksgoederebedeling aansoek doen die aanwasbedeling net van die begin van die huwelik af invoer.

Die regter gaan egter verder en beslis dat sy gevolgtrekking dat die aanwasbedeling vanaf die begin van die huwelik ingevoer moet word nie beteken dat die gades se huweliksgoederebedeling terugwerkend verander word nie. Hierdie aspek van die beslissing is onses insiens moeilik om te verstaan aangesien dit immers vanselfsprekend is dat as 'n wysiging (in hierdie geval die invoer van die aanwasbedeling) vanaf die begin van die huwelik geld, dit noodwendig beteken

dat die huweliksgoederebedeling terugwerkend moet wees. 'n Mens kan kwalik anders as om af te lei dat die regter eenvoudig net nie die botsing tussen *Ex parte Krös* en *Ex parte Oosthuizen* wou aanspreek nie.

'n Verdere beswaar teen die uitspraak in *Ex parte Burger* is dat regter Magid in effek beslis dat 'n wysiging ingevolge artikel 21(1) – minstens vir sover die aanwasbedeling ingevoer word – terugwerkend *moet* wees. Die gevolg hiervan is dat die rigiditeit waarteen in *Ex parte Krös* gewaarsku is weer kop uitsteek. Ingevolge *Krös* se uitspraak *mag* die verandering terugwerkend plaasvind; ingevolge *Ex parte Burger* se uitspraak *moet* die verandering terugwerkend plaasvind.

JACQUELINE HEATON
SONJA JACOBS
Universiteit van Suid-Afrika

ARTIKEL 2(3) EN 2A VAN DIE WET OP TESTAMENTE – KONDONASIEBEVOEGDHEID VAN DIE HOF – VERLYDING EN HERROEPING VAN TESTAMENTE

Logue v The Master 1995 1 SA 199 (N);
Horn v Horn 1995 1 SA 48 (W)

1 Inleiding

Met die toevoeging van artikel 2(3) en 2A tot die Wet op Testamente 7 van 1953 (sien a 3(g) en 4 van die Wet tot Wysiging van die Erfreg 43 van 1992) was die oogmerk van die wetgewer (of die noodwendige gevolg) dat in geval van onduidelikheid by die verlyding of herroeping van testamente, litigasie sou volg. Deur aan die hof 'n kondonasiebevoegdheid te verleen, beteken dat wanneer onsekerhede ontstaan oor die geldigheid of die aanvaarding van 'n testament die hof (en nie die meester nie) uitsluitsel oor vraagstukke moet gee.

Die huidige posisie ten opsigte van die verlyding en herroeping van testamente kan soos volg saamgevat word:

(a) Ten einde 'n geldige testament te verly, moet voldoen word aan die vormvereistes gestel in artikel 2(1)(a) van die Wet op Testamente. Indien enige van die gestelde vereistes nie nagekom is nie kan daar soos volg aansoek gedoen word ingevolge artikel 2(3):

> "Indien 'n hof oortuig is dat 'n dokument of die wysiging van 'n dokument wat opgestel of verly is deur 'n persoon wat sedert die opstel of verlyding daarvan oorlede is, bedoel was om sy testament of 'n wysiging van sy testament te wees, gelas die hof die Meester om daardie dokument, of die dokument soos gewysig, vir die doeleindes van die Boedelwet, 1965 (Wet No 66 van 1965), as testament te aanvaar ofskoon dit nie aan al die vormvereistes vir die verlyding of wysiging van testamente bedoel in subartikel (1) voldoen nie." (Vir 'n bespreking van die

omvang van die bevoegdheid van die hof, sien Schoeman "Testamente – regterlike diskresie" 1992 *De Jure* 423 ev.)

(b) Ten einde 'n geldige testament te herroep, moet daar aan die gemeenregtelike vereistes vir herroeping voldoen word (sien De Waal, Schoeman en Wiechers *Erfreg studentehandboek* (1992) 62–75). Indien dit onseker is of 'n herroepingshandeling 'n gemeenregtelik erkende herroepingswyse is, kan daar ingevolge artikel 2A soos volg by die hof aansoek gedoen word:

> "Indien 'n hof oortuig is dat 'n erflater–
>
> (a) 'n geskrewe aanduiding op sy testament aangebring het of voor sy dood sodanige aanduiding laat aanbring het;
>
> (b) 'n ander handeling met betrekking tot sy testament verrig het of voor sy dood sodanige handeling laat verrig het wat uit die voorkoms van die testament waarneembaar is; of
>
> (c) 'n ander dokument opgestel of voor sy dood sodanige dokument laat opstel het, waardeur hy bedoel het om sy testament of 'n gedeelte van sy testament te herroep, verklaar die hof die testament of die betrokke gedeelte van sy testament, na gelang van die geval, herroepe te wees." (Sien Schoeman 1992 *De Jure* 423 427.)

Die ideaal is dus steeds dat 'n testament behoorlik verly word en dat die formaliteitsvereistes nagekom word. Indien die erflater 'n bestaande testament wil herroep, is dit verder gewens dat hy dit op een van die erkende gemeenregtelike wyses doen. Gevolglik sou daar geargumenteer kon word dat artikel 2(3) en 2A slegs daar is vir gevalle waar die bedoeling van die testateur as gevolg van die statutêre en gemeenregtelike vereistes wat vir die verlyding en herroeping van testamente gestel word, verydel sou word. Die agterdeur word dus oopgelaat om uitvoering te gee aan die ware bedoeling van die testateur.

Wanneer artikel 2(3) en 2A naas mekaar gestel word, is dit opvallend dat in artikel 2(3) slegs verwys word na 'n dokument of wysiging van 'n dokument wat verly is deur *'n persoon wat sedert die opstel of verlyding daarvan oorlede is* terwyl artikel 2A verwys na handelinge wat verrig is met betrekking tot herroeping deur *die erflater of iemand anders*. Hieruit sou afgelei kon word dat dit 'n vereiste vir die werking van artikel 2(3) is dat daar getuienis moet wees dat die erflater self ('n persoon) die dokument wat vir kondonasie voorgelê word, moet opgestel het (die handeling verrig het) terwyl by herroeping die handeling deur die erflater of iemand anders verrig kon word. Of dit die bedoeling van die wetgewer was, word betwyfel. Volgens die skrywers sal 'n dokument wat deur die erflater opgestel is, maar ook 'n dokument wat op versoek van die erflater deur iemand anders (soos 'n prokureur) opgestel is maar nog nie verly is nie of foutiewelik verly is (deurdat die formaliteite nie behoorlik nagekom is nie), gekondoneer kan word. Die woorde "opstel of verly" is dus bepalend en nie die woord "persoon" nie.

In die sake onder bespreking het die toepassing van artikel 2(3) en 2A ter sprake gekom. In beide gevalle was die betrokke dokument wel deur die erflater self opgestel. Dit blyk dat daar by die applikante en die hof onduidelikheid is oor (a) in welke volgorde aansoeke gebring moet word: moet artikel 2(3) eers toegepas word en daarna artikel 2A of andersom (sien 200D en I van die *Logue-*

saak)?; (b) of een of beide die artikels hoegenaamd toepassing behoort te vind; en (c) hoe die hof sy regterlike diskresie moet uitoefen.

2 *Logue v The Master*

In die *Logue*-saak het die oorledene 'n geldige testament op 7 April 1986 verly. (Later word na dié testament verwys asof dit op 18 Junie verly is: sien 202B.) Uit dié testament (hierna genoem die "eerste testament") blyk dat die oorledene doelbewus die applikant, sy seun, onterf het na 'n familietwis. Gedurende 1987 het die oorledene 'n ligte beroerte-aanval gehad en is gehospitaliseer. Hy word deur die applikant en dié se kinders besoek en die verhouding tussen die oorledene en die applikant word herstel. Die goeie verhouding het daarna voortgeduur tot en met die afsterwe van die oorledene op 27 Januarie 1993.

Applikant meld dat gedurende die tydperk van versoening hy deur die oorledene meegedeel is dat hy sy sake in orde gekry het en dat sy dokumente in 'n liasseerkabinet tuis was. Volgens die applikant het hy die indruk gekry dat die oorledene die nodige stappe gedoen het om hom weer as erfgenaam te herstel. By die oorledene se dood word 'n dokument in die kabinet gevind wat netjies in sy eie handskrif geskryf was en waarvan die handtekening en datering met 'n ander pen gedoen is as waarmee die dokument oorspronklik geskryf is. Die dokument is op 24 Desember 1988 deur slegs die oorledene op die laaste bladsy daarvan onderteken. Die vormvereistes vir die behoorlike verlyding van 'n testament ooreenkomstig artikel 2(1)(a)(i–v) is dus nie nagekom nie. Die oorledene het nie die dokument in teenwoordigheid van getuies geteken nie, geen getuies het geteken nie en die oorledene het nie die eerste bladsy van die dokument geteken nie (202C).

Sekere aspekte in die *Logue*-saak was gemeensaak. Daar bestaan 'n geldige, behoorlik verlyde eerste testament (200H). Daar is na die dood van die erflater 'n dokument gevind (201G – hierna die "latere testament" genoem) wat oënskynlik ongeldig is omdat daar nie aan die formaliteitsvereistes voldoen word nie (202C). Dit blyk dat oor twee aspekte uitsluitsel gegee moet word:

(a) Die applikant doen by die hof aansoek om die dokument geldig te verklaar en die meester te gelas om dit as testament te aanvaar. Presies hoe die aansoek geformuleer was, is nie duidelik nie (sien 199I).

(b) Die meester was onseker oor "certain practical difficulties arising from the provisions of s 2(3) and 2A of the Wills Act 7 of 1953, which were introduced into the Act by the Law of Succession Amendment Act 43 of 1992" (200D).

Geen uitsluitsel word gegee oor die praktiese probleme wat die meester voorsien het nie. Die probleem was waarskynlik gesentreer om die belangrike vraag in welke volgorde die aansoeke gebring moet word. Die meester word egter gelas om met die dokument te handel soos bepaal in artikel 8(4) van die Boedelwet (204E). Artikel 8(4) bepaal dat

> "indien dit aan die Meester blyk dat so 'n dokument wat 'n testament is of heet te wees, om die een of ander rede ongeldig is, kan hy, ondanks registrasie daarvan ingevolge subartikel (3), weier om dit vir doeleindes van hierdie Wet te aanvaar totdat die Hof oor die geldigheid daarvan besluit het".

Die meester het getwyfel oor die geldigheid van die dokument aangesien die formaliteitsvereistes nie nagekom is nie en wag dus vir 'n hofbevel oor bedoelde geldigheid. Die meester se probleem was ongetwyfeld egter nie die bepalings van artikel 8(4) nie; hy was van mening dat sekere praktiese probleme bestaan oor die toepassing van artikels 2(3) en 2A. Die bepalings van artikel 8(4A) is ook belangrik in dié verband:

> "[B]y die neem van 'n besluit aangaande die aanvaarding van 'n testament vir die doeleindes van hierdie Wet neem die Meester die herroeping van 'n testament deur 'n latere testament in ag, maar nie die gemeenregtelike vermoedens aangaande die herroeping van 'n testament nie."

('n Bespreking van die uitwerking van artikel 8(4A) volg hieronder. Sien ook Schoeman 1992 *De Jure* 428.)

Ten opsigte van die aansoek deur die applikante om die dokument geldig te verklaar, beklemtoon die hof in eerste instansie die belangrikheid van die formaliteitsvereistes (202D–F 203F) maar bevind tereg dat die bedoeling van die erflater nie onderdruk of verydel moet word as gevolg van "tegnikaliteite" nie (203F). Die hof was wel op die feite voor hom oortuig (203G) dat die erflater bedoel het dat die dokument sy testament moet wees en verleen ingevolge artikel 2(3) 'n bevel dat die meester die dokument as testament moet aanvaar. Die hof bevind dat die bepalings van artikel 2(3) gebiedend eerder as aanwysend is (202G). Indien die hof daarmee bedoel dat hy die bevel *moet* verleen indien hy oortuig is dat dit die bedoeling van die oorledene was dat die dokument sy testament moet wees, is dit onses insiens korrek; en indien die verloop van die uitspraak was soos hierbo uiteengesit, sou dit na ons mening korrek gewees het. Die hof het egter reeds voor die toepassing van artikel 2(3) die eerste testament herroepe verklaar (200A 203D). Soos uit die bespreking hieronder sal blyk, was dit prosessueel verkeerd.

Die gevolg van 'n aanvanklike artikel 2(3)-bevel sou wees dat daar aan die latere testament ("dokument" – hierna a 2(3)-testament genoem) uitvoering gegee kan word. Ingestelde erfgename sal kan erf volgens die bepalings van dié testament, en die eksekuteur kan sy benoeming aanvaar. Belangrik is ook dat, omdat daar 'n geldige testament is, 'n herroepingsklousule in die latere artikel 2(3)-testament 'n vroeëre testament sal herroep. Soos hierbo aangehaal, magtig artikel 8(4A) van die Boedelwet die meester om by die herroeping van testamente die herroeping deur 'n latere testament in ag te neem. Indien die latere testament strydig met die vroeëre testament is, behoort dit die vroeëre testament stilswyend te herroep by gebrek aan 'n uitdruklike herroepingsklousule en in die mate wat dit onversoenbaar is, behoort die latere testament voorkeur te geniet. Hierdie is albei gemeenregtelike erkende herroepingswyses.

Dit wil lyk of die aansoek hier verkeerd geformuleer is "for an order declaring a will of a testator to have been revoked and directing the master to accept a certain document to be the will of such testator" (199I). Ons is van mening dat 'n artikel 2(3)-bevel herroeping tot gevolg sou hê en dat die aanwending van artikel 2A onnodig was.

Artikel 2A (soos hierbo aangehaal) sal ter sprake kom waar dit onduidelik is of 'n spesifieke herroepingswyse 'n erkende gemeenregtelike herroepingswyse

is. In die *Logue*-saak het die artikel 2(3)-bevel die aanwending van artikel 2A onnodig gemaak. Die aanwendingsmoontlikhede van artikel 2A word hieronder bespreek.

3 *Horn v Horn*

In die *Horn*-saak blyk dit uit die beperkte beskikbare feite dat die oorledene 'n selfmoordbrief gedateer 30 November 1993 nagelaat het wat skynbaar strydig met 'n vroeëre testament was asook 'n ander vel papier met onbekende inhoud. Die brief was nie 'n geldige testament nie. Dit is wel deur die oorledene onderteken (48I–J 49A) maar geen getuies was teenwoordig (48H) of het die brief geteken nie. 'n Vroeëre gesamentlike testament is in 1986 deur die oorledene en sy vrou verly (48H).

Die gerapporteerde saak is wel slegs 'n bevel *nisi* (48F) maar die kommentaar wat volg, is volgens die skrywers tog geregverdig. 'n Aansoek dien voor die hof om die selfmoordbrief as testament te kondoneer (48F) en verder dat die brief die vroeëre testament herroep (48H).

Die hof was van mening dat hy geen diskresie het om die bevel te verleen nie (49I). As daar feite soos in die onderhawige geval voor die hof is, is die bepalings volgens die hof gebiedend. Die bevindinge word gegrond op die bewoording in die Engelse teks: "[T]he Court shall order the Master to accept that document" (50B). Die hof kan onses insiens egter slegs artikel 2(3) en 2A toepas indien die hof telkens *oortuig is* dat die erflater bedoel het om te testeer of bedoel het om te herroep. Die hof het wel 'n diskresie om die bevel te verleen al dan nie maar die diskresie van die hof berus dan op die feit dat getuienis hom daarvan moet oortuig dat hy die regte bevel verleen. Dit blyk uit die hof se bevindinge dat die hof na aanvanklike twyfel tog oortuig was dat die oorledene bedoel het dat die dokument as sy testament moet dien. Daar word soos volg bevind (49I):

> "Nadat die uitspraak voorbehou is, het dit egter vir my al meer begin blyk dat die Hof ingevolge art 2(3) geen diskresie het nie. Die erflater het geteken; die dokument noem homself 'n 'testament' en is dit ook in strekking en toon in al die omstandighede die bedoeling dat dit as testament moes funksioneer."

Hier word eers 'n artikel 2(3)-bevel verleen (50F–G – die selfmoordbrief word gekondoneer as synde 'n testament) en daarna word artikel 2A toegepas (50G). Ook dié resultaat bring verwarring mee aangesien geen feite beskikbaar is oor die inhoud van die selfmoordbrief en die moontlikheid van stilswyende of uitdruklike herroeping nie. Soos in die *Logue*-saak is hier net een dokument (alhoewel daar na nog 'n dokument verwys word, is daar geen inligting oor die inhoud daarvan nie: 49C).

Indien aanvaar word dat die hof hier korrek te werk gegaan het deur eers artikel 2(3) toe te pas, is die volgende belangrike vraag of artikel 2A korrek aangewend is. Aangesien geen besonderhede oor die inhoud van die selfmoordbrief bekend is nie, kan die vraag na uitdruklike of stilswyende herroeping nie spesifiek beantwoord word nie. Daar kan egter geredeneer word dat die inhoud van die selfmoordbrief vanselfsprekend strydig was met die bepalings van die gesamentlike testament, anders sou daar geen rede wees om die selfmoordbrief

as testament te kondoneer nie. Soos reeds hierbo genoem, is artikel 2A op die wetboek geplaas om voorsiening te maak vir herroepingswyses waaroor daar nie sekerheid is nie omdat dit nie as een van die erkende gemeenregtelike herroepingswyses kwalifiseer nie. Die hof kan slegs van artikel 2A gebruik maak indien hy oortuig is dat die bedoeling om te herroep uit die selfmoordbrief blyk (sien 50D). Die moontlike toepaslike artikels is óf 2A(a) óf 2A(c). In die eerste geval sou dit moes blyk uit 'n geskrewe aanduiding op 'n testament dat die erflater bedoel het om sy testament of 'n gedeelte van die testament te herroep (die aanduiding sal iets anders moet wees as die inhoud van die testament); en in die tweede geval sou dit uit 'n ander dokument wat opgestel is of laat opstel is, moes blyk dat die erflater sy testament wil herroep. Indien die hof eers artikel 2(3) toepas en bevind dat die selfmoordbrief 'n testament is, sal artikel 2A(a) slegs toepassing vind indien daar 'n geskrewe aanduiding op "dieselfde testament" is. Artikel 2A(c) sal toepassing vind indien daar 'n herroepingsbedoeling blyk, aangesien die artikel 2(3)-testament nie langer as 'n dokument beskou kan word nie. Die hof beskou egter wel die selfmoordbrief (artikel 2(3)-testament) as dokument: "Dit wil my voorkom dat die 1993 dokument die 1986 testament kon herroep al is die 1993 dokument self nie 'n testament nie" (50D); die hof verwys dan na a 2A(c). Die stelling is as sodanig korrek maar in dié stadium was die selfmoordbrief reeds gekondoneer.

Daar moet toegegee word dat die volgorde waarin die artikels aangewend sal word, van die omstandighede sal afhang. Indien 'n dokument nie 'n testament is nie (daar word nie met die bemaking van bates, die omvang daarvan, of aanwys van bevoordeeldes gehandel nie) maar slegs die bedoeling bevat om 'n vroeëre testament te herroep, sal slegs artikel 2A(c) aanwending vind sonder 'n verdere bevel. Indien 'n testament self egter 'n aanduiding bevat om 'n vroeëre testament te herroep – iets anders as 'n herroepingsklousule – soos strepe of woorde voor of agter op die testament – sal artikel 2A(a) toepassing vind.

4 Samevatting

Die wenslikheid van die verlening van 'n kondonasiebevoegdheid is reeds bevraagteken. Daar is vroeër opgemerk dat die howe waarskynlik weer riglyne sal moet soek vir gevalle waar kondonasie wel verleen kan word (Schoeman "Enkele opmerkings oor die regskommissie se verslag insake die wysiging en herroeping van testamente" 1988 *De Jure* 141 ev). Probleme manifesteer nou reeds in die eerste twee gerapporteerde uitsprake. As die uitsprake geëvalueer word, blyk dit dat die hof dit as 'n leemte sien dat daar geen maatstawwe is waarvolgens geoordeel moet word nie (*Horn*-saak 50A). In die *Horn*-saak word die bewoording van artikel 2(3) soos volg gekritiseer (49F–G):

> "'n Ander vraag wat ontstaan, is waarom die woord 'al' in art 2(3) verskyn. Dit kan 'n poging wees om aan te dui dat, normaalweg altans, substansiële nakoming van die vormvereiste nodig sou wees of so nie 'n herkenbare poging om aan die Wet te voldoen. Anders sou ook die Engelse teks net kon sê: 'although it does not comply with the formalities'. As dit so sou wees dat 'n testament erken moet word as testament ondanks die grofheid van verontagsaming . . ., sou art 2(1) weglaatbaar wees want, weens art 2(3) word enige testamentêre beskikking wat die bewese handtekening van 'n kompetente erflater dra, as testament erken. Artikel 2(1) sou nie eers hoef te verwys na 'n handtekening nie want 'n 'konsep' wat

> opgestel is en wat (op die een of ander stadium?) bedoel was om as 'n testament te funksioneer moet erken word."

Welke substansiële vereistes volgens die hof nagekom moet word, is nie duidelik nie. Die wet vereis slegs 'n dokument. Skrif word dus as die enigste drempelvereiste gestel (Suid-Afrikaanse Regskommissie *Hersiening van die erfreg* (1991) par 2 29). Die hof hoef nie na verdere maatstawwe te soek nie. Wat wel deur die hof as belangrik geag word, is dat die erflater self die dokument geskryf het en dat dit ook die handtekening van die erflater dra (*Horn* 49I). Wat weer uit die *Logue*-saak blyk, is dat die handtekeninge van getuies skynbaar nie so belangrik is nie (202E–J) terwyl in die *Horn*-saak die hof tog van mening was dat die getuies moontlik 'n belangrike rol vervul (49E).

Daar word aanbeveel dat die bepalings van artikels 2(3) en 2A duidelik onderskei moet word. Dit kan wees dat beide in gegewe omstandighede aanwending vind, maar dit is nie noodwendig so nie. Gewoonlik sal kondonasie ingevolge artikel 2(3) tot gevolg hê dat die vroeëre testament deur die werking van die gekondoneerde testament ook herroep word. Die omstandighede en hoeveelheid dokumente ter sprake sal bepaal in welke volgorde die aansoeke gebring moet word.

MC SCHOEMAN
A VAN DER LINDE
Universiteit van Pretoria

STEEDS 'N PAAR TEKSTUELE IKONE TEEN DIE REGSTAATLIKE MUUR

Kalla v The Master 1995 1 SA 261 (T)

Heelparty wanopvattings oor die aard van die konstitusionele grondverskuiwing wat sedert April verlede jaar plaasgevind het, kom deesdae na vore: 'n taxibestuurder verklaar prontuit tydens 'n televisieonderhoud dat daar mos nou 'n handves van menseregte is en dat almal nou mag doen wat hulle wil; 'n arbeidskenner pleit in 'n radioprogram dat die regering moet ingryp om die probleme rondom die nuwe arbeidswetsontwerp op te los, want daar is darem iets soos die "soewereiniteit van die parlement"; sommige wetstoepassers en staatsaanklaers is van mening dat hoofstuk 3 van die 1993-Grondwet veroorsaak het dat die handhawing van wet en orde heeltemal lamgelê is; 'n eertydse sekurokraat is egter glad nie bekommerd nie, want deur middel van die slim en gereelde toepassing van die beperkingsklousule (a 33(1)) sal niks regtig verander nie! Hierdie ekstreme persepsies beklemtoon die gebrek aan 'n *rights culture* in die Suid-Afrikaanse samelewing, wat (hopelik) met verloop van tyd sal verander.

Bogenoemde wanopvattings oor die wesenskenmerke van die 1993-Grondwet as die *lex fundamentalis* in die Suid-Afrikaanse regsorde is egter nie net tot die man in die straat beperk nie. Voor die inwerkingtreding van die 1993-Grondwet is daar reeds twyfel uitgespreek oor die moontlike onvermoë van die regbank in Suid-Afrika om die eise van 'n nuwe wets- en grondwetuitlegmetodiek die hoof te kan bied. Talle voorbeelde uit die stortvloed van grondwetlike regspraak sedert die begin van die nuwe grondwetlike bedeling het hierdie skeptisisme egter besweer (sien oa *Gardener v Whitaker* 1994 5 BCLR 19 (E), asook regter Cloete se indrukwekkende hantering van hierdie nuwe sistematiek in *Shabalala v Attorney-General, Transvaal*; *Gumede v Attorney-General, Transvaal* 1995 1 SA 608 (T)). Die aanmerkings van regter Van Dijkhorst in *Kalla v The Master* 1995 1 SA 261 (T) (asook sy uitspraak in *Du Plessis v De Klerk* 1994 6 BCLR 124 (T)), is egter 'n aanduiding dat die hele regbank nog nie ten volle vertroud is met die aard van die nuwe Suid-Afrikaanse regstaatlikheid nie.

Vir doeleindes van hierdie bespreking sal die feite van die saak bloot kortliks opgesom word. Die geskil het te make met die erflating van 'n sekere Mohamed Abdool Kalla. Kalla is gedurende 1922 in Suid-Afrika gebore en het permanent in die Republiek gewoon. Gedurende 1948 het hy volgens Islamitiese reg in Indië met die tweede respondent in die huwelik getree en gedurende 1950 na Suid-Afrika teruggekeer. Hy sterf op 1 April 1992 en op 14 Januarie 1994 het die Meester van die Hooggeregshof beslis dat die huwelik geldig is in Suid-Afrika. Op 10 Februarie 1994 rig die applikante (Kalla se enigste twee testate erfgename) 'n aansoek om die hersiening van die Meester se beslissing, en die geding was nog hangende met die inwerkingtreding van die 1993-Grondwet op 27 April 1994. Op grond van die appèlhofbeslissing in *Ismail v Ismail* 1983 1 SA 1006 (A), asook die feite van die onderhawige saak, wys regter Van Dijkhorst dan ook uit dat die poligame huwelik tussen wyle Kanna en die tweede respondent ongeldig was voordat die 1993-Grondwet in werking getree het. Die tweede respondent opper egter die argument dat aangesien die *mores* van die Suid-Afrikaanse samelewing verander het, die hof in die lig van artikel 14(1) van die Grondwet (wat godsdiensvryheid waarborg) moet beslis dat die *Ismail*-beslissing nie meer geld nie.

Soos die regter tereg opmerk, kom die terugwerkende toepassing van die 1993-Grondwet (en meer spesifiek a 241(8)) dus nou ter sprake. Sagkens gestel, is hierdie bepaling nie 'n toonbeeld van helderheid nie (sien oa *S v Shuma* 1994 4 SA 583 (OK) 589E). Die talle botsende hofbeslissings oor artikel 241(8) is seker die grootste nagmerrie vir diegene wat probeer byhou met die grondwetlike regspraak wat feitlik daagliks verskyn. In *S v Makwanyane* 1994 3 SA 868 (A) het die appèlhof beslis dat hierdie bepaling meer as een betekenis het, maar aangesien die appèlhof ingevolge artikel 101(5) van die Grondwet nie jurisdiksie oor grondwetlike aangeleenthede het nie, is die hele vraag aan die konstitusionele hof oorgelaat vir 'n beslissing. Artikel 241(8) (onder die opskrif **Oorgangsreëlings: Regsprekende gesag**) is deel van **Hoofstuk 15: Algemene en Oorgangsbepalings** en bepaal soos volg:

> "Alle verrigtinge wat onmiddellik voor die inwerkingtreding van hierdie Grondwet hangende was voor 'n geregshof, met inbegrip van 'n tribunaal of hersieningsgesag wat by of kragtens 'n wet ingestel is, wat jurisdiksie uitoefen ooreenkomstig die

> reg wat toe van krag was, word mee gehandel asof hierdie Grondwet nie aangeneem is nie. Met dien verstande dat indien 'n appèl in sodanige verrigtinge aangeteken word of hersieningsverrigtinge met betrekking daartoe ingestel word na genoemde inwerkingtreding, die verrigtinge voor die hof gebring moet word wat kragtens hierdie Grondwet jurisdiksie het."

Regter Van Dijkhorst kom tot die gevolgtrekking dat artikel 241(8) die terugwerkende toepassing van die Grondwet op hangende sake uitsluit. Met dié beslissing sluit hy hom aan by die groep beslissings (*S v Lombard* 1994 3 SA 776 (T); *S v Saib* 1994 4 SA 554 (D); *S v Ndima* 1994 4 SA 626 (D); *S v Vermaas* 1994 4 BCLR 18 (T); *S v Coetzee* 1994 4 BCLR 58 (W); *Mulaudzi v Chairman, Implementation Committee* 1995 1 SA 513 (V); *De Klerk v Du Plessis supra*) wat artikel 241(8) interpreteer as 'n arbitrêre afsnypunt: die Grondwet, insluitende die fundamentele regte in hoofstuk 3, is nie van toepassing op enige regsverrigtinge wat voor 27 April 1994 ontstaan het nie. Al die verskillende punte van kritiek teen die "afsnypunt"-benadering kan nie hier behandel word nie (sien veral Breitenbach "Raising constitutional issues in existing proceedings" *Juta's seminar on constitutional litigation: Procedure and practice* (Maart 1995) vir 'n breedvoerige bespreking van al die beslissings en standpunte oor a 241(8)). Daar moet egter toegegee word dat artikel 241(8) wel tot verskillende interpretasies aanleiding kon gegee het. Wat egter pla in die *Kalla*-beslissing, is nie soseer die hof se uiteindelike standpunt oor artikel 241(8) nie, maar wel die wets- en grondwetuitlegmetodiek waarmee die beslissing gestut word, asook die hof se gebrek aan begrip oor die aard en rol van die fundamentele regte in hoofstuk 3.

Die regter verklaar (266I) dat artikel 241(8) die enigste bepaling is wat van toepassing is op die kwessie van terugwerkendheid van die Grondwet. Hiermee kan nie saamgestem word nie. Afgesien van die res van artikel 241, moet artikels 101–103 noodwendig daarmee saamgelees word. Verder verplig artikel 35(3) enige hof om by die uitleg van alle wetgewing (insluitend die res van die Grondwet) die gees, strekking en oogmerk van hoofstuk 3 behoorlik in ag te neem. Die voorrede, artikel 4, die sogenaamde *postamble* en die grondwetlike beginsels speel in hierdie verband 'n belangrike rol, terwyl artikel 33(1) moontlik 'n beperkende invloed kan hê. Dat wetsbepalings nie in isolasie gelees en verstaan moet word nie, is tog 'n aanvaarde beginsel van wets- en grondwetuitleg (*Nasionale Vervoerkommissie v Salz Gossow* 1983 4 SA 344 (A); *Nyamakazi v President of Bophuthatswana* 1992 4 SA 540 (BGD) 556C; *Qozeleni v Minister of Law and Order* 1994 5 BCLR 75 (OK) 78G–79E; *Matiso v The Commanding Officer, Port Elizabeth Prison* 1994 3 BCLR 80 (SOK) 88H).

Regter Van Dijkhorst volg (269C–G) die ortodokse *plain meaning*-reël van wetsuitleg: Volgens hom is die belangrikste beginsel van wetsuitleg steeds om die bedoeling van die wetgewer te vind; gevolglik moet die uitlegger met die woorde begin en indien die teks dubbelsinnig blyk te wees, moet die reëls van wetsuitleg toegepas word; die gewone reëls van wetsuitleg vorm deel van die *law of the land* en is nie deur die Grondwet opgehef nie. Met hierdie formulering kan ongelukkig nie saamgestem word nie (sien ook *S v Shabalala supra* 618I):

(a) Die sogenaamde "bedoeling van die wetgewer" is sedert 27 April 1994 nie meer die belangrikste beginsel van uitleg nie. Die bedoelingsteorie is binne die raamwerk van parlementêre soewereiniteit vir jare al gekritiseer (Devenish *Interpretation of statutes* (1992) 25–35; CJ Botha "Interpreting the Constitution" 1994 *SAPR/PL* 259–261; Du Plessis *The interpretation of statutes* (1986) 31–39), en het nie enige bestaansreg onder 'n oppermagtige grondwet nie. Nou is dit die belangrikste beginsel om die doel en oogmerk van die wetgewing (of die "bedoeling van die wetgewer", as dit dan moet) vas te stel in die lig van die Grondwet in die algemeen en hoofstuk 3 in die besonder. Artikel 35(3) van die Grondwet, wat handel oor die interpretasie van wetgewing in die algemeen, bepaal soos volg:

> "By die uitleg van enige wet en die toepassing en ontwikkeling van die gemene reg en gewoontereg, neem 'n hof die gees, strekking en oogmerke van hierdie Hoofstuk behoorlik in ag."

Dit beteken dat alle howe tydens die interpretasie van alle wetgewing die doel en oogmerk daarvan moet beoordeel in die lig van hoofstuk 3 wat die fundamentele regte uiteensit: met ander woorde, *plain meanings* en sogenaamde duidelike tekste is nou nie meer voldoende nie. Onmiddellik word die relevante faktore en omstandighede *rondom die blote teks van die wetgewing* by die uitlegproses betrek. Met ander woorde, artikel 35(3) het die effek dat nog voordat die betrokke teks bestudeer word, die uitlegger reeds buite daardie teks met een voet binne hoofstuk 3 staan. Artikel 35(1) van die Grondwet bepaal egter dan die volgende ten opsigte van hoofstuk 3:

> "By die uitleg van die bepalings van hierdie Hoofstuk moet 'n geregshof die waardes wat 'n oop en demokratiese samelewing gebaseer op vryheid en gelykheid ten grondslag lê, bevorder en, waar van toepassing, die volkereg wat van toepassing is op die beskerming van die regte wat in hierdie Hoofstuk verskans is, in ag neem, en kan die hof vergelykbare buitelandse hofbeslissings in ag neem."

Kortliks gestel, moet die regbank tydens die uitleg van alle wetgewing die doel, gees en strekking van die hoofstuk oor fundamentele regte in ag neem (a 35(3)), maar om dit te kan doen, moet artikel 35(1) in ag geneem word (sien veral Kruger "Value judgments and section 35" 1995 *CILSA* 1–20). Die hof moet dus die relevante reëls van volkereg (veral die *international human rights law*) ondersoek, en indien wenslik, buitelandse hofsake wat oor soortgelyke bepalings handel. NJ Botha ("International law and the South African interim Constitution" 1994 *SAPR/PL* 249) wys egter daarop dat beslissings oor handveste van menseregte deur munisipale howe een van die bronne van *international human rights law* is. Streng gesproke het die Suid-Afrikaanse howe ingevolge artikel 35(1) nie 'n keuse nie: ook vergelykbare buitelandse hofbeslissings *moet* in ag geneem word tydens die uitleg van hoofstuk 3. Artikel 35(3) skep egter nog 'n interessante anomalie. Ingevolge artikel 101(4) en (5), saamgelees met artikel 98(2), is die appèlhof nie by magte om die Grondwet uit te lê nie. Artikel 35(1) en (3) het egter die noodwendige gevolg dat enige hof 'n mate van grondwetuitleg sal moet doen terwyl wetgewing in die lig van die gees, doel en strekking van hoofstuk 3 uitgelê word. Indien die appèlhof geensins enige grondwetuitleg mag doen nie, sou dit beteken dat die appèlhof vir alle praktiese doeleindes nooit sal mag sit nie, aangesien artikel 35 ook die ontwikkeling van die gemenereg en die

gewoontereg betrek. Afgesien van al die ander kritiek teen die uitsluiting van die appèlhof se konstitusionele jurisdiksie, is dit teoreties gesproke ook ongrondwetlik, omdat dit bots met artikel 35.

(b) Twee bepalings in die 1993-Grondwet skep 'n "vermoede van grondwetlikheid": artikel 35(2) bepaal dat waar wetgewing op die oog af ongrondwetlik is omdat dit op die oog af bots met die bepalings van *Hoofstuk 3*, en die betrokke bepaling(s) redelikerwys vatbaar is vir 'n meer beperkte interpretasie wat wel grondwetlik en dus geldig sal wees, sodanige beperkte betekenis gevolg behoort te word. Artikel 232(3) weer bepaal dat waar wetgewing op die oog af ongrondwetlik is omdat dit op die oog af bots met die bepalings van die *Grondwet in die algemeen* en die betrokke bepaling(s) redelikerwys vatbaar is vir 'n meer beperkte interpretasie wat wel grondwetlik en dus geldig sal wees, sodanige beperkte betekenis gevolg behoort te word. Saamgelees met artikel 4(1) en 35(3), kan bogenoemde bepalings dalk die gevaar van 'n "dubbelsinnigheid" en 'n sogenaamde "niksseggende" resultaat (*S v Lombard supra* 783A) vermy of uit die weg ruim.

(c) Myns insiens is dit te betwyfel of die lukrake stel epistomologiese stelreëls waarop die Suid-Afrikaanse reëls van wetsuitleg berus, die status van *law of the land* verdien (CJ Botha *Statutory interpretation* (1991) 1). Hoe dit ook al sy, die 1993-Grondwet as *lex fundamentalis* (en veral artikel 35(1) en (3)) het dit onherroeplik verander, indien nie afgeskaf nie. Regter Van Dijkhorst (269D) baseer die voortbestaan van die tradisionele reëls van wetsuitleg op artikel 33(3). Artikel 33(3) kan egter nouliks beskou word as gesag vir die handhawing van 'n besondere wetsuitlegmetodiek, aangesien dit die voortbestaan van bestaande regte en vryhede waarborg insoverre dit nie bots met hoofstuk 3 nie.

(d) Hierdie tradisionele wetsuitlegmetodiek het die regspositivisme en parlementêre soewereininteit as grondslag, en is dus nie versoenbaar met 'n menseregtebedeling, oppermagtige grondwet en die normatiewe basis van die 1993-Grondwet nie (sien Henk Botha "The values and principles underlying the 1993 Constitution" 1994 *SAPR/PL* 233).

(e) Alhoewel die howe steeds onseker is oor die verskille tussen 'n *generous*, *liberal* en *purposive* grondwetuitleg (sien oa *Government of the Republic of Namibia v Cultura 2000* 1994 1 SA 407 (NmSC); *S v Shabalala supra* 623H–J; *Phato v Attorney-General, Eastern Cape* 1994 5 BCLR 99 (OK) 107J–110F; *Qozeleni v Minister of Law and Order supra* 633G–I), moet die klem eerder val op die waardes en norme onderliggend aan die Grondwet. Labuschagne ("Regsnormvorming: riglyn vir 'n nuwe benadering tot die tradisionele reëls van wetsuitleg" 1989 *SAPR/PL* 211) bepleit tereg 'n normdoeldienende uitleg, wat nou binne die raamwerk van die 1993-Grondwet *grondwetlike* normdoeldienende uitleg moet wees. Aangesien die Grondwet se normatiewe basis waarde-oordele van die regbank sal verg, word 'n teleologiese uitlegbenadering vereis. Dit is dan veral 'n begrip vir die *telos* van die 1993-Grondwet wat in die onderhawige saak ontbreek.

(f) Die gemeenregtelike vermoede teen terugwerkendheid word gebruik om die "afsnypunt"-benadering ten opsigte van artikel 241(8) te ondersteun (269H–J). Met alle respek, ook hierdie argument toon 'n tekstuele onderbou. Die vermoede

teen terugwerkendheid het juis ten doel om te verhoed dat die individu se gevestigde regte aangetas of weggeneem word (Devenish 190–191). Die fundamentele regte sal egter bestaande regte versterk, sekere prosessuele en bewysregtelike remedies verbreed en selfs nuwe regte skep. Indien bestaande regte dalk deur die inwerkingtreding van die 1993-Grondwet aangetas kan word, sal dié steeds beskerming geniet deur veral die toepassing van die beperkingsklousule in artikel 33(1) (sien veral *Gardener v Whitaker supra* 25I–26E). Die rol van die gemeenregtelike uitlegvermoedens het ook sedert 27 April 1994 'n verandering ondergaan. Waar die vermoedens in die verlede in 'n groot mate deur die howe misken is en bloot 'n derderangse funksie tydens die uitlegproses vervul het, is Du Plessis (54) se standpunt dat die vermoedens die materiële *grundnorm* van die regsorde moet vervul het, nou verwesenlik. Die onderliggende beginsels van meeste van die vermoedens vind weerklank in die fundamentele regte. Daardie vermoedens (of gedeeltes daarvan) wat nie in hoofstuk 3 "weerspieël" word nie, is egter steeds weerlegbaar en moet in elk geval volgens artikel 35(3) in die lig van die gees en strekking van die fundamentele regte ontwikkel en toegepas word.

Regter Van Dijkhorst verklaar onomwonde (269G): "The meaning is plain." Die uitspraak is versier met talle tekstuele ikone: bedoeling van die wetgewer, *plain meanings*, dubbelsinnigheid, *Venter v R* 1907 TS 910, *Union Government v Mack* 1917 AD 731 en, helaas, Steyn.

Die konstitusionele hof het op 8 Junie 1995 in *Mhlungu v State* (CCT 25/94 ongerapporteer) beslis dat artikel 241(8) nie die terugwerkende toepassing van die Grondwet op hangende verrigtinge uitsluit nie. Gevolglik is die feit dat regter Van Dijkhorst die afsnypunt-benadering ten opsigte van artikel 241(8) gevolg het, van minder belang. Dit is egter die tekstueel-gebaseerde redes daarvoor wat pla. In politieke geledere heers 'n heftige debat oor die behoud al dan nie van simbole uit die vorige politieke era. Daar is myns insiens egter geen twyfel dat *Kalla v The Master* se tekstuele ikone nie teen die regstaatlike muur van die nuwe Suid-Afrika hoort nie, en so gou as moontlik verwyder moet word.

CHRISTO BOTHA
Universiteit van Suid-Afrika

DELIKTUELE ONREGMATIGHEID BY DIE NIE-NAKOMING VAN 'N STATUTÊRE VOORSKRIF

Knop v Johannesburg City Council 1995 2 SA 1 (A)

Die eiser het skadevergoeding van die verweerder geëis op grond daarvan dat laasgenoemde eersgenoemde se aansoek om onderverdeling van 'n erf goedgekeur het terwyl die onderverdeling in botsing was met die verweerder se dorpsbeplanningskema. Die eiser het sekere onkoste in verband met die ontwikkeling van die

erf aangegaan nadat die aansoek om onderverdeling goedgekeur is en poog nou om sy gevolglike ekonomiese verlies van die verweerder te verhaal. Die appèlhof bevestig die hof *a quo* se bevinding dat die eis van die hand gewys moet word, onder andere omdat die verweerder se goedkeuring van die gebrekkige aansoek nie op die verbreking van enige regsplig teenoor die eiser neergekom het nie – die verweerder het volgens die hof dus nie onregmatig opgetree nie.

Die beslissing handel oor die vraag na deliktuele onregmatigheid weens die nie-nakoming van 'n statutêre voorskrif (sien in die algemeen Neethling, Potgieter en Visser *Law of delict* (1994) 64–66). Soos bekend, word onregmatigheid in die Suid-Afrikaanse deliktereg basies aan die hand van die skending van 'n subjektiewe reg of die nie-nakoming van 'n regsplig bepaal. In beide hierdie gevalle is die algemene norm of maatstaf waarvolgens vasgestel word of die feitelike benadeling van 'n persoon regtens ongeoorloof is al dan nie, die *boni mores* of regsopvattings van die gemeenskap (*idem* 31 ev). Dit het nou reeds algemene praktyk geword om onregmatigheid by aanspreeklikheid weens 'n late, die veroorsaking van suiwer ekonomiese verlies (nalatige wanvoorstelling inbegrepe) en die nie-nakoming van 'n statutêre voorskrif met verwysing na die regsplig-benadering vas te stel. Die rede is waarskynlik, anders as wat normaalweg die geval is, dat die feitelike benadeling van 'n persoon in hierdie gevalle nie *prima facie* onregmatig is nie (sien egter die bespreking hieronder par 4) aangesien daar volgens die *boni mores* nóg 'n algemene regsplig is om benadeling van andere deur positiewe optrede te voorkom (Neethling, Potgieter en Visser 50 ev), nóg 'n algemene plig om suiwer ekonomiese verlies te vermy (*idem* 280 ev), nóg 'n algemene plig om deur nakoming van 'n statutêre voorskrif benadeling te verhinder. So 'n algemene plig sou waarskynlik 'n te swaar las op die gemeenskap plaas. Daarom moet in elke besondere geval bepaal word of daar 'n regsplig was om positief op te tree, suiwer ekonomiese verlies te vermy of 'n statutêre plig na te kom (*idem* 49).

In die lig hiervan verdien die volgende aspekte van die onderhawige saak vermelding of bespreking:

1 Appèlregter Botha (sien in die algemeen 19–25) maak dit duidelik dat dit in die huidige verband geen sin het om tussen *kwasie-judisiële* en suiwer *administratiewe* beslissings te onderskei nie; trouens, dit is volgens hoofregter Rumpff in *Administrateur, Natal v Trust Bank van Afrika Bpk* 1979 3 SA 824 (A) 834 nie moontlik om vaste reëls in verband met die bepaling van 'n regsplig neer te lê nie: "When in the past Judges have attempted to lay down rigid rules or classifications or categories they have later had to be abandoned" (aanhaling uit *Mutual Life & Citizens' Assurance Co Ltd v Evatt* [1971] 1 All ER 150 (PC) 162). Met betrekking tot die onregmatigheidsvraag val die klem daarom deurgaans op die omstandighede van die besondere geval, en, moet 'n mens byvoeg, op die algemene toepaslike deliksbeginsels. Dit is onnodig om verder hierop in te gaan en ons volstaan met die volgende *dictum* van regter Botha (24G–I):

> "In the present case, if it is assumed that the Council was negligent in exercising its statutory functions, the question whether it is liable in damages to the plaintiff must depend on the answer to the question whether its conduct was wrongful. In considering this question the nature of the Council's functions will certainly

> require close scrutiny. But in view of what has been said above, two observations must immediately be added. The first is that the nature of the functions is but one of the circumstances calling for consideration in this case; as always, to determine the issue of wrongfulness, all the circumstances of the case fall to be considered. The second is that, to determine the issue of wrongfulness, there is no point in straining to categorise the functions as either quasi-judicial or purely administrative."

2 Vir doeleindes van die onderhawige tipe geval maak appèlregter Botha tereg 'n duidelike onderskeid tussen onregmatigheid en nalatigheid. In hierdie verband verwys hy na die Engelsregtelike "duty of care"-leerstuk (26I ev). Hierdie leerstuk verg volgens die Engelse reg 'n tweeledige benadering om nalatigheid te bepaal. Eerstens word gevra of die verweerder teenoor die eiser 'n "duty of care" verskuldig was (die sogenaamde "duty issue" wat "policy based" is); en tweedens of daar 'n nie-nakoming ("breach") van daardie "duty" was (die sogenaamde "negligence issue"). Nou spreek dit eintlik vanself dat deur die gebruik van die "duty of care"-leerstuk in ons reg verwarring kan ontstaan tussen die toets vir onregmatigheid as die verbreking van 'n regsplig en dié vir nalatigheid. Om verwarring te voorkom, is dit dus beter om "regsplig" by onregmatigheid met "legal duty" te vertaal (sien ook Neethling, Potgieter en Visser 139–140). Net soos hoofregter Rumpff in die *Trust Bank*-saak *supra* 833–834, sluit appèlregter Botha (27D–I) soos volg hierby aan:

> "In the phraseology of our law the 'policy based or notional duty of care' is more appropriately expressed as a 'legal duty', in consonance with the requirement of wrongfulness as an element of delictual liability and the underlying concept of legal reprehensibility in respect of the causing of pure economic loss . . . [T]he enquiry into the existence of a legal duty is discrete from the enquiry into negligence . . . The existence of the legal duty to prevent loss is a conclusion of law depending on a consideration of all the circumstances of the case . . . The enquiry encompasses the application of the general criterion of reasonableness, having regard to the legal convictions of the community as assessed by the Court."

3 In verband met die onregmatigheidsvraag by die verbreking van 'n statutêre plig word soms gesê dat die verweerder aanspreeklik is indien hy sy statutêre bevoegdheid op 'n "nalatige" wyse uitgeoefen het en die eiser daardeur skade gely het. Soos reeds voorheen beklemtoon is (Neethling en Potgieter "Deliktuele aanspreeklikheid by die lasgewer-lashebber-verhouding" 1992 *THRHR* 311), gaan dit hier natuurlik (nog) nie om nalatigheid nie aangesien die oorskryding van die perke van statutêre bevoegdheid onregmatigheid betrek. In hierdie stadium is die vraag met ander woorde nie of die verweerder nalatig (skuldig) opgetree het nie, maar wel of hy deur onredelike optrede sy bevoegdhede oorskry en dus onregmatig gehandel het (vgl *Knop* 25B–26D; sien ook *Simon's Town Municipality v Dews* 1993 1 SA 191 (A) 196).

4 Appèlregter Botha maak vir doeleindes van 'n afleiding van onregmatigheid, 'n onderskeid tussen gevalle van saakbeskadiging en gevalle van suiwer ekonomiese verlies. Hy bevestig, soos reeds hierbo aangedui, dat die veroorsaking van suiwer ekonomiese verlies in teenstelling met saakbeskadiging nie *prima facie* onregmatig is nie. Hy stel dit soos volg (26E–I):

> "The point of distinction between the situation dealt with in that case [*Dews supra*] and the issue in the present one is this. In that case the negligent causing of a fire to spread to and damage the respondents' properties would undoubtedly have been found to have been wrongful, but for the possibility of a defence under s 87 of the Forestry Act being successfully invoked. *Prima facie* wrongfulness was manifest in the physical impact the appellant's conduct had on the corporeal property of the respondents . . . In the present case there is no such feature. The plaintiff is suing for the recovery of pure economic loss. He is in no position to rely on an inference of wrongfulness flowing from an allegation of physical damage to property (or injury to person)."

Hierdie standpunt verdien in die algemeen instemming omdat in die geval van suiwer ekonomiese verlies, soos reeds gesê, 'n *prima facie* afleiding van onregmatigheid 'n te swaar las op die gemeenskap sou plaas. Hierbenewens verskaf by saakbeskadiging die feitelike inwerking op die saak as beskermde regsgoed as 't ware 'n opsigtelike haak waaraan 'n onregmatigheidsoordeel geknoop kan word. 'n Klaarblyklike uitsondering op hierdie algemene beginsel is dat die feitelike inwerking op die werfkrag van 'n mededinger weens die nie-nakoming van 'n statutêre voorskrif *prima facie* onregmatig is (vgl Van Heerden en Neethling *Unlawful competition* (1995) 267 ev). Die rede hiervoor is dat 'n mens hier, net soos in die geval van saakbeskadiging, met die inwerking op 'n afgebakende regsobjek te make het op grond waarvan onregmatigheid afgelei kan word. (Sien in die algemeen Van Aswegen *Die sameloop van eise om skadevergoeding uit kontrakbreuk en delik* (LLD-proefskrif Unisa 1991) 146 117 ev.)

5 Aangesien die verbreking van 'n statutêre plig wat tot nadeel lei, hoogstens *prima facie* onregmatig kan wees, moet steeds uit die spesifieke bewoording van die betrokke statutêre bepaling vasgestel word of die nie-nakoming daarvan inderdaad as deliktuele onregmatigheid gebrandmerk kan word. Dit verg volgens regter Botha 'n ondersoek na die bedoeling van of oogmerk met die betrokke bepaling (31D):

> "The fundamental question, therefore, is this: did the legislator intend that the applicant should have a claim for damages in respect of loss caused by the negligence of the local authority?"

Vir doeleindes hiervan ondersoek die regter dan die betrokke statutêre voorskrifte en kom tot die volgende slotsom:

> "In my opinion the reasoning reflected in the above passages can be applied to the legislation under consideration in the present case, in conformity with the criteria in our law for determining whether or not the local authority owes a legal duty to an applicant for subdivision in respect of pure economic loss. As to the intention of the legislature, the fact that it has prescribed a particular form of procedure by which an aggrieved applicant can obtain relief against the refusal of his application shows by necessary implication that it did not intend a negligently incorrect refusal to give rise to an action for damages. As to the broader considerations of policy, on the one hand an aggrieved applicant does not need an action for damages to protect his interests; he has readily at hand the appeal procedure provided within the legislative framework. On the other hand, considerations of convenience militate strongly against allowing an action for damages; the threat of such an action would unduly hamper the expeditious consideration and disposal of applications by the local authority in the first instance. That is not to say that the local authority need not exercise due care in dealing with applications; of course it must, but the point is that it would be contrary to the objective criterion of reasonableness to hold the

> local authority liable for damages if it should turn out that it acted negligently in refusing an application, when the applicant has a convenient remedy at hand to obtain the approval he is seeking. To allow an action for damages in these circumstances would, I am convinced, offend the legal convictions of the community. (Compare *Minister of Law and Order v Kadir* [1995 1 SA 303 (A).]"

Alhoewel hierdie beredenering en slotsom volle instemming verdien, vind ons dit tog jammer dat die appèlhof nie direk na die tradisionele benadering tot die nie-nakoming van 'n statutêre voorskrif, soos uiteengesit in *Da Silva v Coutinho* 1971 3 SA 123 (A) 140, verwys nie. In laasgenoemde saak bevestig appèlregter Jansen McKerron (*The law of delict* (1971) 257 ev) se vereistes wat 'n persoon moet bewys ten einde met 'n deliktuele aksie gegrond op verbreking van 'n statutêre regsplig te slaag, te wete:

> "(1) the statute was intended to give a cause of action;
> (2) he was one of the persons for whose benefit the duty was imposed;
> (3) the damage was of the kind contemplated by the statute;
> (4) the defendant's conduct constituted a breach of the duty; and
> (5) the breach caused or materially contributed to the damage."

(Sien ook Van Heerden en Neethling 267–268; Van der Walt *Delict: principles and cases* (1979) 37 ev; Burchell *Principles of delict* (1993) 46; Neethling, Potgieter en Visser 65–66.)

Interessant genoeg pas appèlregter Botha in sy ondersoek in elk geval die primêre vereiste – naamlik of die statutêre bepaling beoog het om aan die eiser 'n privaatregtelike remedie te verskaf – toe. Ofskoon hy die eis tereg bloot om hierdie rede van die hand wys, moet in gedagte gehou word dat die ander vereistes wat McKerron noem in gepaste omstandighede steeds 'n nuttige rol by die onregmatigheidsvraag kan speel (sien *ibid*).

J NEETHLING
JM POTGIETER
Universiteit van Suid-Afrika

REDELIKE DOKTER VERSUS REDELIKE PASIËNT

Castell v De Greef 1994 4 SA 408 (K)

1 Inleiding

Die tradisionele "redelike man-toets" vir nalatigheid is onvoldoende in gevalle waar die dader oor 'n eienskap van bedrewenheid of deskundigheid ten aansien van die beweerde nalatige optrede beskik. In sulke gevalle word gewoonlik gewerk met die toets van die "redelike deskundige" en waar die deskundige 'n dokter is, met die sogenaamde "redelike dokter". Hierdie "redelike dokter" is in alle opsigte soos die redelike man, maar dan aangevul deur 'n redelike mate van

die toepaslike deskundigheid. Die standaard van deskundigheid word as *redelik* beskryf omdat daar nie gewerk word met die hoogste mate van deskundigheid in die betrokke professie of beroep nie, maar met die algemene en gemiddelde vlak van deskundigheid wat daar heers (Neethling, Potgieter en Visser *Deliktereg* (1992) 129; *Castell v De Greef* 1993 3 SA 501 (K) 509G–H).

In die saak onder bespreking is die toetssteen van die "redelike dokter" aangewend met verwysing na twee verskillende vrae. Eerstens die vraag of die verweerder (respondent) die eiser (appellant) na behore ingelig of gewaarsku het rakende die wesenlike risiko's en komplikasies verbonde aan die operasie wat hy op haar uitgevoer het (419A). Hierdie vraag hou verband met the stelreël *volenti non fit iniuria* en bepaal of die toestemming deur die pasiënt (eiser) aan die dokter (verweerder) gegee, regsgeldige toestemming was wat *onregmatigheid*, en derhalwe ook aanspreeklikheid, aan die kant van die dokter uitgesluit het. Tweedens word die "redelike dokter-toets" aangewend om te bepaal of die dokter se optrede as *nalatig* aangemerk kan word. Dit is vir doeleindes van interpretasie van hierdie beslissing van uiterste belang dat hierdie twee toepassingsgebiede van die "redelike dokter" uitmekaar gehou sal word (425E–F).

2 Feite

Die verweerder (respondent), 'n plastiese chirurg, is deur die eiser (appellant) gedagvaar weens die nalatige wyse waarop hy 'n operasie op haar uitgevoer het. Die eiser het 'n familiegeskiedenis van borskanker gehad en nadat sy gewasse in haar borste begin kry het, is besluit om 'n mastektomie op haar uit te voer. Dit is belangrik om te weet dat daar twee metodes is waarop hierdie operasie uitgevoer kan word, elk met sy eie risiko's. Alhoewel die operasie 'n sukses was, het daar later infeksie in die wonde gekom en dit het bykomende pyn en ongemak veroorsaak. Omdat die infeksie in 'n laat stadium eers behandel is, het dit 'n verdere operasie genoodsaak. Die eiser dagvaar die geneesheer, Castell, vir R94 000 vir hierdie ekstra uitgawes, asook weens pyn en lyding. (Sien *Castell v De Greef* 1993 3 SA 501 (K) 502I–505D vir 'n opsomming van die feite.)

Regter Scott (hof *a quo*) wys die eis van die hand. Sy beslissing is hoofsaaklik gebaseer op afleidings van die mediese getuienis wat hy aangehoor het, asook op 'n gedeeltelike verwerping van die eiser se getuienis teenoor die aanvaarding van die verweerder se weergawe van die feite. Die eiser appelleer nou na 'n volbank van dieselfde hof.

Geriefshalwe sal deurlopend na beide die hof *a quo* (Scott R) en die volbank van die Kaapse Provinsiale Afdeling (Ackermann R) verwys word. Regter Ackermann baseer sy uitspraak op drie (feitelike) gronde vir nalatigheid (414F–416H) soos dit in die pleitstukke geformuleer is, naamlik:

(a) Verweerder se versuim om eiser te waarsku teen die wesenlike risiko's en komplikasies van die operasie;

(b) verweerder se versuim om die intrede van nekrose te voorkom of die omvang daarvan te beperk; en

(c) verweerder se versuim om die post-operatiewe infeksie behoorlik of betyds te behandel.

By die eerste grond vir nalatigheid moet die vraag of die eiser se toestemming tot die operasie regsgeldig was, beantwoord word vóór die moontlike nalatigheid aan die kant van die dokter ter sprake kan kom en gaan in paragrawe 3 en 4 bespreek word. Die ander twee gronde vir nalatigheid sal kortliks in paragraaf 5 behandel word.

3 *Volenti non fit iniuria*

Wanneer 'n wilsbevoegde persoon regsgeldig toestemming gee dat hy benadeel mag word, geskied die benadeling regmatig. Die toestemming kan dus deur die dader as regverdigingsgrond aangebied word indien die benadeelde hom aanspreeklik wil hou vir die skade wat uit sy optrede voortvloei (Neethling, Potgieter en Visser 90). Toestemming, soos uitgedruk in die stelreël *volenti non fit iniuria,* kan twee verskyningsvorme aanneem: *toestemming tot benadeling* en *toestemming tot die risiko van benadeling.* Waar eersgenoemde toestemming tot 'n spesifieke benadeling inhou, word in laasgenoemde geval eerder toegestem tot die *risiko* dat die optrede van die dader *moontlik* benadeling kan inhou (*idem* 91). In die saak onder bespreking het laasgenoemde verskyningsvorm van *volenti* ter sprake gekom.

Die vereistes vir regsgeldige toestemming word soos volg deur regter Ackermann (met verwysing na Van Oosten *The doctrine of informed consent in medical law* (1989) 13–25) opgesom (425H–I):

(a) Die toestemmende persoon moet kennis gedra en bewus gewees het van die aard en omvang van die benadeling of risiko;

(b) die toestemmende persoon moet waardeer en verstaan het wat die aard en omvang van die benadeling of risiko is;

(c) die toestemmende persoon moet toegestem het tot die benadeling of die risiko aanvaar het; en

(d) die toestemming moet volledig gewees het, met ander woorde van toepassing wees op die geheel van die ooreenkoms, met insluiting van al sy gevolge.

4 "Redelike dokter" en toestemming

Daar word algemeen aanvaar dat daar in *sekere omstandighede* 'n plig op 'n dokter rus om sy pasiënt in te lig of te waarsku aangaande die risiko's betrokke by 'n operasie of ander mediese behandeling. Die probleem is egter om te bepaal (a) *wanneer hierdie plig tot waarskuwing ontstaan* en (b) *wat die aard en omvang van die waarskuwing moet wees* (416J–417A).

Met verwysing na (a) haal regter Ackermann uit *Esterhuizen v Administrator, Transvaal* 1957 3 SA 710 (T) 721B en 721C–E aan:

> "I do not pretend to lay down any such general rule; but it seems to me, and this is as far as I need go for purposes of a decision in the present case, that a therapist, not called upon to act in an emergency involving a matter of life or death . . . must explain the situation and resultant dangers to the patient . . ." (417E–F).

En:

> "In such cases where it is frequently a matter of life and death I do not intend to express any opinion as to whether it is the surgeon's duty to point out to the patient

> all the possible injuries which might result from the operation, but in a case of this nature . . . in order to effect a possible cure for a neurotic condition, I have no doubt that a patient should be informed of the serious risks he does run" (417G–H).

Uit hierdie aanhalings kan 'n mens aflei dat daar in 'n *noodgeval* heel waarskynlik nie 'n streng plig op die dokter sal rus om die pasiënt vooraf in te lig nie. In ander gevalle rus daar egter wel 'n plig op 'n dokter om sy pasiënt in te lig of te waarsku aangaande die risiko's verbonde aan die operasie of mediese behandeling. Daar bestaan nietemin nie duidelikheid oor wat die aard en omvang van hierdie waarskuwing (b) moet wees nie (419A). Regter Ackermann verwys hier na die toepassing van die sogenaamde terapeutiese of geneeskundige privilegie ("therapeutic privilege") van die geneesheer. Hierdie privilegie het ten doel om gesondheidswerkers te magtig om inligting van pasiënte te weerhou wat hulle as teen-terapeuties en dus nadelig vir die spesifieke pasiënt beskou (418D–E).

Regter Ackermann ag dit nie nodig om hom verder hieroor uit te laat nie aangesien die dokter in hierdie saak nie op die privilegie gesteun het nie (418G). Hy meen egter dat dit wel verband hou met die wyer debat aangaande toestemming tot mediese behandeling en die vraag of die klem geplaas moet word op die *outonomie* en *reg op selfbeskikking* van die pasiënt in die lig van al die feite, en of die klem eerder geplaas moet word op die *reg van die mediese professie* om te bepaal wat die betekenis van redelike bekendmaking van inligting is (418G–H). Die vraag is dus of die aard en omvang van die waarskuwing wat gegee moet word, uit die oogpunt van 'n *redelike dokter* bepaal moet word of uit die oogpunt van 'n *redelike pasiënt*.

Regter Scott in die hof *a quo* (517H–I) aanvaar die redelike dokter-toets soos dit deur regter Watermeyer in *Richter v Estate Hammann* 1976 3 SA 226 (K) 232H aangewend is:

> "[I]t seems to me in principle that his conduct should be tested by the standard of the reasonable doctor faced with the particular problem. In reaching a conclusion a Court should be guided by medical opinion as to what a reasonable doctor, having regard to all the circumstances of the particular case, should or should not do."

Regter Scott beslis dat die redelike dokter-toets goed ingeburger is in ons reg en soepel genoeg is dat dit, indien na behore aangewend, nie die gevolg sal hê dat die bepaling van 'n regsplig slegs by die dokter berus nie. Hy verwerp die leerstuk van ingeligte kennis ("informed consent") in navolging van die uitspraak van die House of Lords in *Sidaway v Bethlem Royal Hospital Governers* [1985] 1 All ER 643. Volgens die *leerstuk van ingeligte kennis* sal 'n pasiënt se toestemming tot mediese behandeling ongeldig wees indien hy nie genoegsame inligting aangaande die voorgestelde behandeling ontvang het nie. Onderworpe aan 'n aantal uitsonderings word die mate van inligting wat hy moet ontvang, bepaal nie met verwysing na die inligting wat 'n redelike dokter bekend sou gemaak het nie, maar met verwysing na die waarde wat 'n verstandige ("prudent") pasiënt waarskynlik aan die inligting sou heg in sy besluitneming of hy die behandeling moet ondergaan of nie (518C–E). Regter Scott aanvaar dat enige redelike dokter sy pasiënt na behore sal inlig aangaande alle risiko's en dat daar in elk geval nie van 'n dokter verwag kan word om sy pasiënt op dieselfde vlak van kennis te bring as wat hyself het nie (518E–I). Regter Ackermann verskil egter met regter Scott op hierdie punt (418J).

Regter Ackermann maak 'n duidelike onderskeid tussen die "redelike dokter" met verwysing na die standaard van bekendmaking (419A) en die "redelike dokter" met verwysing na die bepaling van nalatigheid (425E–F 423B–C). Regter Scott pas dieselfde redelike dokter-toets in beide gevalle toe. Wat eersgenoemde geval betref, het die toets volgens regter Ackermann nog nie veel aandag in ons reg geniet nie. Regter Ackermann is egter nie oortuig dat die tradisionele redelike dokter-toets in hierdie gevalle nie daartoe sal lei dat die bepaling van die regsplig aan die oordeel van die dokter alleen oorgelaat word nie (419C). Hy meen dat daar nie alleen regverdiging vir 'n ander benadering is nie maar dat dit inderdaad 'n noodsaaklikheid geword het om 'n pasiënt-georiënteerde benadering in hierdie gevalle te volg (420G–H). Hy baseer hierdie mening op veral drie gronde, naamlik (i) dat regsgeldige toestemming in die Suid-Afrikaanse reg (anders as in die Engelse reg) 'n andersins deliktueel onregmatige optrede kan regverdig (420H–I); (ii) die belang van die fundamentele reg op selfbeskikking (420J–422E); en (iii) die ontwikkeling in ander lande op dieselfde gebied (422E–425F).

Wat (i) betref, is reeds daarop gewys dat die toepassing van die "redelike dokter" by *volenti non fit iniuria* anders hanteer moet word as by gevalle waar getoets word vir nalatigheid. Indien die toestemming van die pasiënt as regsgeldig aanvaar word, word die andersins onregmatige optrede van die dokter geregverdig en kan hy nie aanspreeklik gehou word vir die nadelige gevolge wat daaruit kan voortspruit nie.

Wat (ii) betref, beslis regter Ackermann dat dit duidelik die pasiënt se keuse in die uitvoering van sy reg op selfbeskikking is om te besluit of hy/sy die operasie wil ondergaan (420J). Regter Ackermann kritiseer ook die terapeutiese privilegie in hierdie konteks. Hy gaan sover as om te sê dat indien 'n dokter sou weet dat sy vroulike pasiënt nooit sal toestem tot 'n mastektomie nie, en hy en die hele mediese professie oortuig is dat dit die enigste wyse is waarop haar lewe gered kan word, dit die dokter nog steeds nie 'n reg gee om die risiko hieraan verbonde van sy pasiënt te weerhou nie (421A–D):

> "I cannot conceive how the 'best interests of the patient' (as seen through the eyes of her physician or the entire medical profession, for that matter) could justify a mastectomy or any other life-saving procedure which entailed a high risk of the patient losing a breast. Even if the risk of breast-loss were insignificant, a life-saving operation which entailed such risk would be wrongful if the surgeon refrains from drawing the risk to his patient's attention, well knowing that she would refuse consent if informed of the risk. It is, in principle, wholly irrelevant that her attitude is, in the eyes of the entire medical profession, grossly unreasonable, because her rights of bodily integrity and autonomous moral agency entitle her to refuse medical treatment" (421B–D).

Regter Ackermann haal op hierdie punt met goedkeuring aan uit Giesen *International medical malpractice law* (1988). Giesen 297 verwys na twee pasiënt-georiënteerde benaderings wat toegepas kan word:

(a) Die "objektiewe" of "redelike" pasiënt-benadering, gebaseer op die behoefte aan inligting van die hipotetiese "redelike" pasiënt en dit wat die dokter van sy pasiënt se omstandighede weet of behoort te weet; of

(b) die individuele of "subjektiewe" pasiënt-benadering, waar die dokter daardie inligting moet bekend maak wat hy weet of behoort te weet deur sy spesifieke pasiënt in daardie besondere omstandighede vereis sal word (421E–G).

Giesen 303–305 stel voor dat 'n kombinasie van bogenoemde twee benaderings gevolg word. Die redelike pasiënt se *minimum behoeftes* kan as uitgangspunt gebruik word, aangevul deur die individuele pasiënt se *addisionele behoeftes.* Volgens hom moet die reg van die pasiënt om sy eie besluite met betrekking tot sy liggaam te neem, gewaarborg word selfs waar die individuele pasiënt verskil van wat die mediese professie of enige iemand anders meen 'n "redelike" pasiënt moet doen. Die pasiënt het 'n reg om anders te wil wees; hy het 'n reg om verkeerd te wees (421G–J).

Wat (iii) betref, verwys regter Ackermann onder andere na navorsing wat deur Giesen en Van Oosten gedoen is, asook na die belangrike uitspraak *Rogers v Whitaker* (1993) 67 ALJR 47 in die High Court van Australië. Volgens Giesen 295 word in beide Duitsland en Switserland die pasiënt se mensereg om self te besluit wat met sy liggaam gedoen moet word, as uitgangspunt geneem, en hierdie beginsel word in geen opsig beperk deur die paternalistiese toepassing van die terapeutiese privilegie van die dokter nie. Die plig van die dokter om die pasiënt in te lig, verseker dat die pasiënt 'n ingeligte besluit kan neem (422E–G). Van Oosten 414 kom tot die volgende slotsom na die bestudering van die "leerstuk van ingeligte kennis" in die Suid-Afrikaanse, Engelse en Wes-Duitse reg (423H–I):

> "When it comes to a straight choice between patient autonomy and medical paternalism, there can be little doubt that the former is decidedly more in conformity with contemporary notions of and emphasis on human rights and individual freedoms . . . The fundamental principle of self-determination puts the decision to undergo or refuse a medical intervention squarely where it belongs, namely with the patient."

Regter Ackermann steun in sy beslissing sterk op die volgende uitspraak wat deur die hof in *Rogers v Whitaker supra* 52 gemaak is (426C):

> "The law should recognise that a doctor has a duty to warn a patient of a material risk inherent in the proposed treatment; a risk is material if, in the circumstances of the particular case, a reasonable person in the patient's position, if warned of the risk, would be likely to attach significance to it or if the medical practitioner is or should reasonably be aware that the particular patient, if warned of the risk, would be likely to attach significance to it. This duty is subject to the therapeutic privilege."

Volgens regter Ackermann behoort die Suid-Afrikaanse reg die uitspraak in *Rogers v Whitaker* te volg, soos aangepas vir die besondere behoeftes van die Suid-Afrikaanse regsleer. Hierdie uitspraak is volgens hom in ooreenstemming met die fundamentele reg op individuele outonomie en selfbeskikking waarheen die Suid-Afrikaanse reg besig is om te beweeg. Hierdie omskrywing staan ook lynreg teenoor paternalisme waarvan ons reg besig is om weg te beweeg. Dit is in ooreenstemming met sowel die ontwikkelings in die *common law*-lande soos Kanada, die Verenigde State van Amerika en Australië, as regspraak in Europa (426D–F).

Regter Ackermann kom dan tot die volgende gevolgtrekking (426F–H) wat betref die *nuwe benadering of standaard ten opsigte van die plig van die dokter om sy pasiënt in te lig*: Voordat 'n pasiënt se toestemming tot mediese behandeling as regverdigingsgrond wat onregmatigheid uitsluit deur die dokter geopper kan word, moet die dokter die toestemmende pasiënt ingelig het oor enige wesenlike ("material") risiko's verbonde aan die voorgestelde behandeling; 'n risiko is wesenlik indien, in die omstandighede van die besondere geval –

(a) 'n redelike persoon in die pasiënt se posisie, as hy/sy aangaande die risiko ingelig sou word, waarskynlik waarde daaraan sal heg; of

(b) die dokter bewus is of redelikerwys bewus behoort te wees daarvan dat die spesifieke pasiënt, as hy/sy aangaande die risiko ingelig sou word, waarskynlik waarde daaraan sal heg.

Hierdie nuwe benadering moet volgens regter Ackermann onderworpe aan die terapeutiese privilegie toegepas word, "whatever the ambit of the so-called 'privilege' may today still be" (426H). Indien regter Ackermann se uitspraak en opmerkings oor die terapeutiese privilegie in die geheel gelees word, wil dit voorkom of hy in die lig van die huidige ontwikkelings in ons reg nie positief oor die toepassing van hierdie privilegie voel nie. Dit is egter duidelik dat hy hom nie finaal *teen* die toepassing van die privilegie in ons reg wil uitspreek nie.

Verder sal deskundige mediese getuienis, soos geïnterpreteer deur die howe, relevant wees om te bepaal watter risiko's met spesifieke mediese behandeling verband hou (426H–I). Regter Ackermann identifiseer vervolgens op grond van die mediese getuienis vyf wesenlike risiko's waarvan die eiser ingelig moes gewees het om haar toestemming regsgeldig te maak (427B–G). Hy bevind dat al vyf hierdie wesenlike risiko's wel deur die verweerder aan haar bekend gemaak is en dat haar toestemming derhalwe regsgeldig was (427H–430I). Hieruit kan dus afgelei word dat die eerste grond vir nalatigheid (aanspreeklikheid) nie slaag nie, aangesien die toestemming van die eiser regsgeldig was en die dokter derhalwe nie onregmatig gehandel het nie toe hy die operasie op haar uitgevoer het.

5 "Redelike dokter" en nalatigheid

By die bepaling of die verweerder se optrede as nalatig aangemerk kan word op grond van die tweede en derde gronde, maak regter Ackermann gebruik van die tradisionele benadering met betrekking tot die "redelike dokter" (soos bespreek in par 1 hierbo). Hy baseer sy beslissing hoofsaaklik op die deskundige mediese getuienis en kom dan tot die slotsom dat die dokter se optrede nie as nalatig aangemerk kan word wat die nekroses betref nie (430J–434I), maar wel wat sy behandeling van die infeksie betref (434J–440G). Hy bevind egter dat daar nie 'n nou genoeg (kousale) verband op grond van die getuienis bewys is tussen die verweerder se nalatige optrede en die latere operasie wat sy moes ondergaan nie (440I–J). Die hof staan egter wel vergoeding toe vir haar pyn en lyding gedurende daardie tydperk wat die dokter nalatig was met sy behandeling van die infeksie (441A–D).

6 Slotsom

Die belang van hierdie beslissing lê veral daarin dat regter Ackermann (i) 'n duidelike onderskeid maak tussen die toepassing van die "redelike dokter" in die bepaling van nalatigheid *en* die vraag of daar regsgeldige toestemming was; (ii) die klem nou plaas op die reg op selfbeskikking van die pasiënt in teenstelling met die sogenaamde terapeutiese privilegie van die dokter; en, (iii) in die lig hiervan, 'n duidelike omskrywing gee van die benadering wat gevolg moet word ten opsigte van die plig van 'n geneesheer om sy pasiënt in te lig. Die benadering in (ii) kan veral van belang wees in die debat rakende aborsie en die vraag of daar enige beperkinge geplaas mag word op die pasiënt (moeder) se reg op selfbeskikking.

LOMA DREYER
Universiteit van Suid-Afrika

The bond between husband and wife may be equally as strong as that between mother and child. Marriages are almost invariably entered into by parties who have deep affection for one another and who intend to devote the remainder of their lives together. Although the condition of matrimony does not, as a concept of law, make the spouses one flesh – una caro – *it nonetheless embodies the obligations to found a home, to cohabit, to have children and to live together as a family unit. It is the most fundamental institution known to mankind – 'the first step from barbarism' and 'the true basis of human progress'* (per Gubbay CJ in *Rattigan v Chief Immigration Officer, Zimbabwe* 1995 2 SA 182 (ZS) 189).

BOEKE

BUTTERWORTHS LAW REPORTS: LABOUR LAW
by AT MYBURGH, J GOLDBERG, CM DE VILLIERS
and RB WADE (managing editors)
Butterworths Durban
Price R456,00 (12 month subscription)

People active in the rapidly growing field of labour law in this country are somewhat set in their ways. They talk a language all of their own, refer to decisions and legislation other academics and practising lawyers avoid like the plague and they read certain journals. Being creatures of habit they have also grown used to citing decisions of certain courts in a certain way.

The following citation may serve as an example: *National Union of Mineworkers v Black Mountain Mineral Development Co (Pty) Ltd* 1994 15 *ILJ* 1005 (LAC). The abbreviation *ILJ* stands for the *Industrial Law Journal*, a publication of Juta & Co that turns sixteen in 1995. The relatively new *Butterworths Law Reports* labour law series (which, for the sake of brevity, will also be referred to as the *Butterworths Labour Law Reports*) finds itself in direct competition with this sturdy sixteen-year-old.

There is, at this point, something wistful about reviewing a publication devoted to the reporting largely of judgments handed down in the industrial court. The new Draft Labour Relations Bill foresees the demise of the industrial court as we know it. What, one cannot help but ask, will be reported in the *Butterworths Labour Law Reports* once the industrial court, now in its death-throes, painful to watch, finally gives up the ghost and is buried in the sands of time?

The reporting of industrial court decisions started in 1980 (in Juta & Co's *Industrial Law Journal*). The Wiehahn Commission's vision of the role of the revamped industrial court made the extensive reporting of decisions necessary. In accepting the proposals of the Wiehahn Commission, the government of the time agreed with the commission that the industrial court would "develop a body of case laws [*sic*] which would by judicial precedent contribute to the formulation of fair employment guidelines". This the industrial court would do in terms of a definition of the unfair labour practice (in terms of amendments to the predecessor of the Labour Relations Act in 1979) as being any labour practice that in the opinion of the industrial court is unfair. This extremely wide definition meant that the industrial court would not only determine unfair labour

practices (dispute resolution), but would also be performing what some commentators at the time called a "legislative" function (Reichman and Mureinik "Unfair labour practices" 1980 *ILJ* 22). The court would be performing this legislative function by defining unfair labour practices – this process in turn leading to the establishment of a code of fair labour practices through judicial precedent. The Industrial Conciliation Amendment Act 95 of 1980 introduced a definition of the unfair labour practice not dissimilar to the one still tenaciously clinging to life in the not-yet-quite-dead Labour Relations Act 28 of 1956 as amended. The definition contained a more extensive statutory definition of the unfair labour practice, essentially as any labour practice or change in labour practice which unfairly affects the employment opportunities, work security or welfare of employees, which unfairly affects the business of any employer, which promotes labour unrest or which detrimentally affects the relationship between employees and employers. The introduction of this statutory definition led the commentators to state that the legislative function of the industrial court had fallen away (Mureinik "Unfair labour practices: update" 1980 *ILJ* 117).

But the industrial court used the 1980 definition as the foundation for an extensive, technical, complex, and sometimes contradictory jurisprudence covering aspects of South African labour law. Perhaps the most significant in this regard is the development of the unfair dismissal jurisprudence, originally based almost exclusively on international labour standards. (It is, to an extent, surprising that the industrial court chose to adopt the conceptual structures of conventions and recommendations of the International Labour Organisation (ILO) even though South Africa was at the time not a member of the ILO, and at a time when the relationship between the South African government and the ILO was distinctly troubled.)

Through a large number of cases, the industrial court has virtually single handedly, *made* law in several respects, assisted here and there by the commentaries and suggestions of leading academic labour lawyers. In this law-making process, the role of the reporting of decisions should not be underestimated. Decisions were reported, commented upon, further decisions made, which either followed earlier principles or re-wrote the contours of our law. The piece-meal development of labour law has several disadvantages, the lack of coherence being the most often cited.

Throughout this creative process, the *Industrial Law Journal* was where it all happened: cases were reported, academic commentaries and articles appeared, cases were analysed and discussed and some issues debated. Even as early as 1984, it had become clear that Juta & Co's *Industrial Law Journal* had become *the* labour law journal in South Africa.

In this context, the *Butterworths Labour Law Reports* have their work cut out, because they are competing with a journal that has an established reputation and a set place in South African labour law.

For the purposes of review, we were supplied with Issue No 7 of 1994 (July). Apparently, these reports are to appear on a monthly basis. If the size of the July issue is anything to go by (in total 129 pages), this would mean a total of about 1500 odd pages per year, a figure similar to the annual size of the *Industrial Law*

Journal. These being reports of court decisions, the traditional volume number of a journal has been done away with.

Generally, the *Butterworths Labour Law Reports* make a good impression: the reports of decisions are presented as they are. The editors state clearly that judgments are not edited (this saves time), but are printed in the form in which they are released for publication. This focus on speed of publication is commendable, even though it has the (inadvertent) effect of subjecting readers to the poor style of the judgments (this is, of course, outside the sphere of responsibility of the editors!).

A table of contents and an index also help the reader find what he or she is looking for. An additional (and very helpful) feature is an editorial which contains a summary of both the facts of a case and the decision of the court. In this editorial, cases are organised in terms of the topic covered, such as dismissal for misconduct, retrenchment, constructive dismissal, strikes and collective bargaining. Additional (and detailed) summaries appear at the beginning of each case report – these summaries being more detailed than those appearing in the *Industrial Law Journal*.

These helpful features enhance the usefulness of the reports, making this a publication with easy, effective and speedy access to the information contained between the covers. No academic articles or commentaries appear in this publication, however. Should one therefore be interested in reading comments and ideas of academic lawyers and others involved in labour law, one would still need to peruse the familiar pages of the *Industrial Law Journal*.

A brief comparison indicates that the cases reported in the July 1994 *Butterworths Labour Law Reports* do not appear in those 1994 issues of the *Industrial Law Journal* that are available at this stage. The review copy did not disclose any principles of editorial policy – it is therefore not clear whether the aim of the *Butterworths Labour Law Reports* is to report only those cases that do not make it onto the pages of the *Industrial Law Journal*, or in fact to duplicate the reports of the *Industrial Law Journal*. While the first approach entails the potential danger of reporting only relatively marginal cases (those deemed not important enough to be taken up in the *ILJ*), the second approach implies a wasteful duplication.

The cases reported in the July 1994 issue of the *Butterworths Labour Law Reports* date from the end of January to May 1994. In other words, the greatest difference between the date of judgment and publication in the July 1994 issue was 6 months, which, considering the sometimes haphazard manner in which copies of decisions are distributed, is relatively efficient. This impression of efficiency is enhanced by the fact that by far the majority of the judgments reported in the July 1994 issue were in fact handed down in May 1994 (a difference of about one and a half months between date of judgment and date of publication).

The success of the *Butterworths Labour Law Reports* depends on the niche it will be able to carve for itself on the already cramped bookshelves of labour practitioners and academics. As an alternative source of reports of judgments,

this speedy reporting will no doubt gladden the hearts of all those who have reached a stage beyond exasperation at the familiar frustrating delays in the publication of the *Industrial Law Journal*. If the *Butterworths Labour Law Reports* succeed in providing quick and easy access to judgments handed down, and if the judgments reported are not merely those not reported in the *Industrial Law Journal*, this young publication may indeed succeed in giving the sixteen year old journal some stiff competition.

CARL MISCHKE
University of South Africa

BASIC PRINCIPLES OF CONSUMER CREDIT LAW
deur NJ GROVÉ en L JACOBS
Juta Kaapstad Wetton Johannesburg 1993; xvi en 112 bl
Prys R60,00 (sagteband)

Die skrywers beoog met hierdie werk om 'n oorsig van die basiese beginsels van verbruikerskredietreg te gee aan regsgeleerdes en studente wat onbekend met hierdie deel van die reg is. Voorwaar geen maklike taak nie! Die reg insake verbruikerskrediet is sekerlik een van die ingewikkeldste regsgebiede. Soos die skrywers dit stel (2): "Consumer-credit legislation is complicated. It is extremely technical in nature, difficult to comprehend and difficult to apply in practice." Daar is nie net drie wette betrokke nie maar ook regulasies wat ingevolge hierdie wette uitgevaardig is. Die wetgewing wat ter sprake is, is die Woekerwet 73 van 1968, die Wet op Kredietooreenkomste 75 van 1980 en die Wet op die Vervreemding van Grond 68 van 1981. Hierdie wetgewing moet verder teen die agtergrond van die algemene beginsels van die kontraktereg en die reëling van sekere spesifieke kontrakte (koop-, huur-, diens- en geldleningskontrak) gelees word.

In *Eksteen v Eksteen*[20] was ene JP Eksteen met appellant se ma Johanna van Reenen getroud. JP en Johanna het op 21 Februarie 1790 'n gesamentlike testament opgestel waarvolgens hulle kinders in ouderdomsvolgorde by wyse van 'n prelegaat 'n manlike of vroulike slaaf kon kies wanneer die langslewende sterf. In 1817 sterf Johanna en JP trou met tweede respondent. JP moes egter voor sy hertroue die gemeenskaplike boedel verkoop en die kinders die moederlike helfte laat toekom. JP gaan 'n ooreenkoms met sy kinders aan dat hy aan elkeen 40 000 gulde sal gee vir hulle aandeel in die gemeenskaplike boedel. Hulle sou steeds by sy dood elk 'n slaaf kon kies. JP verly egter met sy hertroue weer 'n gesamentlike testament met tweede respondent en bevestig daarin die prelegate en dat sy kinders in die vaderlike helfte sal deel. JP en sy kinders raak vervreem van mekaar en in 1821 stel JP en tweede respondent 'n tweede gesamentlike testament op waarin slegs die prelegate van die kinders bevestig word. Tweede respondent kon daarvolgens vir die duur van haar lewe die dienste van die tien beste slawe benut. Vir die kinders het daar net 'n paar slawe (volgens hulle die swakkeres) oorgebly om uit te kies. Bowendien is hierdie slawe wat hulle sou kies met *fideicommissa* ten gunste van hulle kinders belas. Indien hulle nie kinders sou hê nie, sou die slaaf na appellant se jongste broer (die gunsteling) gaan. Die appellante het almal egter groot gesinne gehad en was van mening dat die tweede gesamentlike testament ten aansien van die *fideicommissa* onredelik was. In die hof *a quo* is beweer dat die *fideicommissum*-bepaling moet verval en dat die kinders soos in die oorspronklike gesamentlike testament uit al die slawe kon kies. Die hof *a quo* het die appellante gelyk gegee ten aansien van die

---

weens die een of ander gebrek ongeldig, sou die seun s'n ook ongeldig wees – *I* 2 16 5. Vgl ook *D* 28 6 4.

17 Buckland en McNair *Roman law and common law* (1974) 148–149.

18 De Smidt *Compendium van de geschiedenis van het Nederlands privaatrecht* (1977) 55 – sodanige testamente word tans in Nederland verbied.

19 *Anossi & Neethling (Smuts) v Fleck* 1806 CJ 1419 6–300; *Eksteen v Orphan Chamber and Widow Eksteen* 1823 GH 48/2/59 211–682; *Ventura (Janssens) v Danielse (De Oude)* 1810 CJ 264–544; *Nielen v Roux en Hamman* 1814B GH 481; *Laubscher v Orphan Chamber* 1818 CJ 1677 320–566, 1819 GH 48/2/38 235–392.

20 1823 GH 48/2/59 1–14.

fideicommissa-reëling maar bepaal dat hulle slegs uit die oorblywende slawe (na tweede respondent haar keuse uitgeoefen het) mog kies. Die redes vir appèl was die volgende:[21]

(1) Die herstel van die oorspronklike 1790-testament met die prelegaatbepaling word gevra. Appellante voer aan dat volgens die Hollandse reg 'n prelegaat eerste uitbetaal moet word. Die moontlikheid sou volgens hulle bestaan dat die prelegate geadieer en die erfenis gerepudieer kan word.[22]

(2) Prelegate het dikwels aan die Kaap voorgekom en die algemene reëls met betrekking tot prelegate moet gevolg word.[23]

(3) Volgens die Hollandse reg kan prelegate nie deur 'n latere testament gewysig word nie. Die appellante verwys na *C* 5 9 6 in dié verband.

(4) Wanneer 'n tweede gesamentlike testament opgestel word, vind boedelskeiding ten aansien van die eerste boedel plaas en moet die oorledene se boedel eers volgens die eerste testament verdeel word. Hierdie reëling sou volgens die regspraktisyn ter beskerming van die kinders dien.[24]

Respondente het aangevoer dat die laaste gesamentlike testament die geldige testament is en dat die boedel daarvolgens verdeel moet word.[25] In respondente se antwoord (*respondent's reply*)[26] is Pothier as gesag aangevoer.[27] Volgens respondente moet in gevalle waar die woorde van 'n kontrak, 'n testament of verdrag eenvoudig en verstaanbaar is, dit dienooreenkomstig uitgelê word. Volgens dié uitleg sou daar nie aan die respondente 'n reg om te kies verleen gewees het nie.

Appellant (*rejoinder of appellants*)[28] verwys weer eens na die *Codex*-teks wat volgens hom baie streng in Holland toegepas is. In die verband verwys hy ook na Voet *Commentarius ad Pandectas* 23 120.[29] Die Siviele Appèlhof het die hof *a quo* se beslissing tersyde gestel en beveel dat die kinders geregtig is om uit die slawe wat tydens die lewe van die eerste twee erflaters gebore is, te kies.[30]

Dit blyk dus dat die hof waarskynlik appellant se betoog ten aansien van die regsposisie soos uiteengesit in die *Codex*-teks en Voet se standpunt gevolg het. In geval van 'n tweede gesamentlike testament waarin prelegate voorkom, moet daar eers aan die eerste gesamentlike testament uitvoering gegee word en kan die langslewende nie die testamentêre bevoordeling herroep wat deel van 'n kindsdeel uitmaak nie.

---

21 15–28.
22 15–16.
23 19–24.
24 27–28.
25 99–288.
26 289–320.
27 293.
28 321–348.
29 341–342.
30 1821 GH 48/1/2 164. Kurators is vir die slawe aangestel – 174.

In *Roux en Hamman (Disch) v Nielen*[31] is in appèl aangevoer dat volgens die regspraktyk aan die Kaap die gewoonte ontstaan het dat partye in 'n huwelik binne gemeenskap van goed 'n gesamentlike testament (vervat in een akte) opstel.[32] Dié testament bestaan uit twee verskillende testamente.[33] Appellant voer aan dat dit die natuurlike reg van vrymense is om 'n testament te maak en te herroep.[34] Sou die hof bevind dat die langslewende nie die gesamentlike testament in geheel kan herroep nie, dan sou die begunstigdes slegs op die helfte van die voordeel geregtig wees. In hierdie geval was daar volgens 'n eerste gesamentlike testament van 1796 ('n kodisil is in 1806 bygevoeg) 'n bemaking van Rd 12 000 aan die Sendinggenootskap van Rotterdam. In 1807 stel die oorledene en eerste appellant weer 'n gesamentlike testament (met haar tweede eggenoot) op waarin sy die 1796- en alle latere testamente herroep (sy sterf in 1810).[35]

Respondente voer aan dat die legaat kragtens die eerste gesamentlike testament nie herroep kan word nie, aangesien die langslewende voordele uit die testament aanvaar het en dat die Rd 12 000 aan die Sendinggenootskap oorbetaal moet word. Dié bemaking sou ook nie uitdruklik deur haar herroep gewees het nie – sy het wel uitdruklik na ander legate verwys.[36] Volgens die gebruike in "hierdie kolonie" sou iemand wat in gemeenskap van goed getroud was en 'n gesamentlike testament verly net oor sy/haar eie helfte kan beskik. Die Rd 12 000, so is aangevoer, moet uit die helfte van die gemeenskaplike boedel ingevolge die eerste gesamentlike testament betaal word. As die langslewende weer sou wou trou, is dit die gebruik in "hierdie kolonie" dat die boedel van die eerste eggenoot eers afgehandel moet word.[37]

---

31 1811 CJ 1534 140–378 handel oor die geldigheid van die 1807-testament wat 'n tweede gesamentlike testament van die langslewende was. Hier word die saak in appèl 1814 GH 48/2/19 631–821 bespreek aangesien dit hoofsaaklik oor die aard van die gesamentlike testament handel.

32 GH 48/2/19 643–644.

33 644. Vgl ook *Anossi & Neethling (Smuts) v Fleck* 1806 CJ 1419 26.

34 Vgl ook *Anossi & Neethling (Smuts) v Fleck* 1806 CJ 1419 25 waar verwys word na Peckius *De testamentis* 1 43 en Groenewegen *in notis*; De Groot *Inleydinge* 2 17 24; Everardus *Consilia sive responsa iuris* 79; Hynsing art 1 obs 8; Faber *Breviarium in Codicem C* 6 5 18; Gaill 2 117 1–2; *Hollandsche consultatien* 2 282; Lybrechts *Redeneerend vertoog D* 1 296; adv Munniks *Inleyding tot de hedendaagse rechtsgeleerdheid* 18 2 pag 136 (1776): "Dusdanige verandering van dispositie en herroeping van het vorige gemaakte daalt af uit het Publyke recht /: D qui test 3 en 33; C de pact leg 15:/ kan met geen mogelykheid zoo lang iemand leeft hem verhindert werden, nog de oor beedigde overeenkomst, nog zelfs door den flexkoten bepaaling in het testament vervat, deswijl elk sig zelve hier in een Wet stellende ook bevoegd is deeze Wet weederom te veranderen /: leg 22 D FF de leg 3, leg 7 FF de denot inter viv uxor:/ en de nalaatenschappen door geene contracten mogen overgebragt werden, want schoon man en vrouw hun laatsten willen te zamen op een papier kunnen stellen, nogtans vermag ieder, in het byzonder, hunne dispositie veranderen, wanneer het haar welgevalt door vernietigende het eerste Naamen in gerichte, met volkoomen behouwd van het gestelde dood degeene die zulks wil opgevolgd hebben" (25–27). Vgl ook Lybrechts *Redenerende practycq* 213.

35 633–639.

36 683–684.

37 766–768 810.

Die Siviele Appèlhof gee die respondente en appellante gedeeltelik gelyk en beveel dat Rd 6 000 (ipv 12 000 soos deur die Raad van Justisie op 1813-06-24[38] beveel is) aan die sendinggenootskap oorbetaal word.[39] Dit lyk of die hof aanvaar dat dit die gebruik in die kolonie is dat waar twee persone binne gemeenskap van goed getroud is en 'n gesamentlike testament opgestel het, die boedel by die dood van die eerssterwende afgehandel moet word. Die helfte van die boedel waaroor beskik is, kan uitbetaal word. Dit staan die langslewende vry om sy/haar helfte van die bemaking te herroep.

In die vroeëre 1806-saak van *Anossi & Neethling (Smuts) v Fleck*[40] is ook verwys na gesamentlike testamente wat volgens die landsgewoonte en *coutume locaal* erken is as dit aan al die formaliteite voldoen het.[41]

In *Smuts v Fleck*[42] is 'n saak van 1644 (*Wouter van Hendoorn cum locus requiranten contra Michiel Tormein* in die Howe van Holland waarna Groenewegen sou verwys), De Groot,[43] *C* 6 23 27, Guido Papaquest[44] en Faber[45] aangehaal ten einde te staaf dat die blote herroeping van die testateurs voldoende is om 'n testament kragteloos te maak.[46]

In *Ventura (Jansens) v Danielsen (De Oude)*[47] is 'n aansoek gerig dat 'n gesamentlike testament van Janssen en Danielsen nietig verklaar word aangesien die kinders nie as erfgename ingestel is nie.[48] Volgens *Hollandsche consultatien* 14[49] moet ouers elkeen van hulle kinders uitdruklik as erfgenaam instel anders is die testament kragteloos. Om legate na te laat, is nie voldoende nie.[50] Voet[51] stel dat as die *suus heres* oor die hoof gesien is, dit geag word dat die erflater nie by sy sinne was toe hy die testament opgestel het nie.[52] Daar word ook na Lybrechts se *Rechtsgeleerd, practicaal en koopmans handboek*[53] verwys waar ook gesê word dat

> "praeteritie is eene *onbedagsame voorbijganing* van ouders, of kinderen in hunne legitieme portie en dat zulks geschied zijnde *het Testament kragteloos is en direct vernietigd kan worden*".[54]

---

38 Soos gevind in GH 48/2/19 650. Raad van Justisie-stukke kon nie opgespoor word nie.
39 GH 48/1/1 236(211).
40 1806 CJ 1419 6–300.
41 269–270.
42 1809 CJ 1492 1–797.
43 *Inleydinge* 2 34 13.
44 200.
45 *Breviarium in Codicem* 5 29.
46 269.
47 1810 CJ 1509 264–544.
48 Die applikant beroep hom op *Hollandsche consultatien* 1 158: 264 (308).
49 309–311.
50 312.
51 *Commentarius* 2 17 2 en 2 18, 2e druk Leydensche editie (313–316).
52 314–315.
53 3 59.
54 316. Respondent is van mening dat die appellant hierdie tekste verkeerd interpreteer en dat die legate en ander erfinstellinge soos hieronder uiteengesit, steeds van krag bly (516–517).

Die respondent voer daarenteen aan dat die "Roomsche wetten" (*N* 115 3) die gevalle noem waar erfgename op grond van 'n wettige rede onterf kon word – in hierdie geval het die testateurs nie met enige kwaadwillige bedoeling opgetree nie en kan die *querela inofficiosi testamenti* nie slaag nie.[55] Hy voer verder aan dat De Groot[56] (en dit lyk of die hof hierdie standpunt in sy uitspraak aanvaar het[57]) en andere die volgende mening het:

> "Het is volgens het gevoelen der meest geaccrediteerde Rechtsgeleerden buite twyffel dat een Testament houdende exheriditatie ten opzigte van oudere of ten aanzien van kinders door middel van de querela inofficiosi tesamenti . . . ofte petitione haereditatis by den Rechter wordende vernietigt ende geannulleerd de legaten en praelegaten en andere diengelijke makingen, en verder Dispositien nogthans in haar geheel en van volkomene waarde blyven."[58]

Huber[59] ondersteun hierdie standpunt. Hy gaan selfs verder en noem ook "ondererfstellinge" of *fideicommissa*.[60] Van Leeuwen[61] word as verdere gesag vir die standpunt aangehaal.[62] Respondent wys ook daarop dat by die berekening van die legitieme porsie voordele wat die erfgename voor die testateurs se dood ontvang het, bereken kan word. In die verband verwys hy na die "Roomsche recht", Wurm,[63] Gail[64] en Van Leeuwen.[65] Volgens respondent sou selfs legate in 'n *clausula codicillair* bemaak in stand gehou word. In dié verband word 'n beroep gedoen op *Hollandsche consultatien* 36 1[66] en *cons* 121.[67]

2 2 1 Ontleding van gesag

In feitlik al die sake oor die gesamentlike testament word daar sterk op die 17de-eeuse Romeins-Hollandse outeurs, in besonder De Groot, Voet, Huber en Van Leeuwen gesteun. Veral die *Hollandsche consultatien* word geraadpleeg. Die *Codex*- en *Novellae*-tekste is veral by die kwessie oor prelegate aangehaal. In sekere gevalle word daar ook na nie-Romeins-Hollandse outeurs verwys wat ook deel van die Europese *ius commune* uitmaak. In *Ventura v Janssens* is daar byvoorbeeld verwys na die "moderne" 18de-eeuse Romeins-Hollandse reg, 16de eeuse *mos italicus* (Mantica en Menochius), Gaill (uit die Duitse resepsietydperk 1526–1587) en Wurm (Duitsland, 14de eeu).

---

55 388–389.
56 *Inleydinge* 2 24 7.
57 1810 CJ 927 115.
58 391.
59 *Heedendaegse rechts-geleertheyt* 6 1 44: 189 (391–393).
60 Die respondent verwys in hierdie verband na die Hollandse regsgeleerdes se standpunt in *Consultatien* 22 2 (392–394). Ander gesag waarna respondent sonder bespreking verwys ter ondersteuning van hierdie standpunt is Mantica *De conjectsult volunt* 9 5 8–11; Menochius *De prosum* 4 8 31 10 (393). Sien ook Lybrechts *Redeneerend vertoog over 't notaris ampt* 20 31 (508–510).
61 *RHR* 3 2 2.
62 394–396.
63 *Pract* 42 2 3.
64 2 91 5–6.
65 *RHR* 3 5 4 (399), vgl ook Huber *Heedendaegse rechts-geleertheyt* 2 4: 192 (425).
66 38 (507).
67 507.

In meerdere sake word daar verwys na die "gewoontes van hierdie kolonie" en die praktyk aan die Kaap dat partye wat binne gemeenskap van goed getroud is, gesamentlike testamente verly. Ook prelegate sou volgens die Kaapse gewoonte gereeld voorkom. Volgens Kaapse praktyk moet die eerste boedel eers afgehandel wees alvorens 'n tweede huwelik se boedel verdeel kon word. Hieruit kan wel afgelei word dat daar 'n spesiale praktyksreël met betrekking tot gesamentlike testamente aan die Kaap tot stand gekom het.

2 3 *Fideicommissa familia*

> " 'n *Fideicommissum* is 'n regsfiguur ingevolge waarvan 'n persoon (die *fideicommittens*) 'n bevoordeling aan 'n bepaalde bevoordeelde (die *fiduciarius*) laat toekom onderhewig daaraan dat die bevoordeling by die afloop van die aangeduide termyn of by die vervulling van 'n voorwaarde aan 'n verdere bevoordeelde (die *fideicommissarius*) oorgedra moet word."[68]

Aanvanklik was daar geen beperking op die aantal *fideicommissêre* substitusies wat in 'n testament opgelê kon word nie, maar kragtens die Wet op die Opheffing of Wysiging van Beperkinge op Onroerende Goed 94 van 1965 word *fideicommissêre* substitusie tot twee opeenvolgende *fideicommissarii* beperk.[69]

2 3 1 Romeinsregtelike ontwikkeling

In die Romeinse reg is die *fideicommissum* aanvanklik gebruik om die streng werking van die *ius strictum* te omseil.[70] Keiser Augustus het na aanleiding van 'n versoek regskrag verleen aan 'n *fideicommissum* wat nie in 'n testament vervat was nie.[71] Verskeie vorme van *fideicommissa* het bestaan, naamlik die *fideicommissum hereditatis*[72] en die *fideicommissum residui* waarvolgens die *fiduciarius* slegs driekwart van die boedel mag vervreem – ten minste 'n kwart moet aan die *fideicommissarius* oorgedra word.[73] Hierdie vorm is in die oud-Nederlandse reg geresipieer.[74]

Die *fideicommissum familia*[75] het ten doel gehad om 'n bepaalde saak in die familie te hou. Aanvanklik kon die *fideicommissum* nie aan *incerta pesona* nagelaat word nie, maar Justinianus het in *Novellae* 159 die aantal geslagte tot vier uitgebrei.[76] Tydens die resepsieperiode van die Romeinse reg is hierdie *fideicommissum* veral deur die adelike families gebruik om die sogenaamde eersgeboortereg te handhaaf.[77] Volgens Buckland en McNair[78] het die beperking

---

68 De Waal, Schoeman en Wiechers 100; vgl ook Van der Merwe en Rowland 293.
69 Van der Merwe en Rowland 294.
70 Vgl *I* 23 1; Van Zyl *Geskiedenis en beginsels van die Romeinse privaatreg* (1977) 238; Thomas *Textbook of Roman law* (1976) 512.
71 *I* 2 25*pr* – Van Zyl *Geskiedenis en beginsels* 220; Thomas *Institutes of Justinian* 160–162.
72 Van Zyl *Geskiedenis en beginsels* 239–241; Van der Merwe en Rowland 303–308.
73 Van der Merwe en Rowland 315–317.
74 Feenstra *Romeinsrechtelijke grondslagen van het Nederlands privaatrecht* (1990) 284; De Smidt 54.
75 Eintlik latere Europese terminologie "fideicommissum familiae relictum" – Feenstra 283 (*D* 31 69 3; *D* 31 32 6 en *N* 159).
76 Sien ook Buckland en McNair 173–174.
77 Feenstra 283–284.
78 174–175.

van vier geslagte ook in die Middeleeue gegeld en die invloed daarvan is ook in die Engelse reg sigbaar. Die *fideicommissum familia* het 'n belangrike rol in die oud-Nederlandse reg gespeel.[79] In Frankryk is die aantal geslagte in 1560 tot twee verminder en na die Franse revolusie totaal en al verbied vanweë die adelike verbintenis daarvan.[80] Die *fiduciarius* was as eienaar bevoeg om die saak te gebruik en die vrugte te trek. Hy moet egter die saak in stand hou.[81]

In die oud-Hollandse reg was die *fideicommissum* beskou as 'n uiterste wilsbeskikking waardeur die ingestelde erfgenaam of legataris belas is om 'n legaat geheel of gedeeltelik in stand te hou en op 'n latere tydstip aan die bevoordeelde uit te keer.[82] Dit word onderskei van die Romeinse terminologie wat 'n veel breër betekenis aan die begrip geheg het.[83]

2 3 2 Die reg van toepassing aan die Kaap

Die toonaangewende sake in die Kaap wat oor *fideicommissa* handel, is *Laubscher v Watermeyer*,[84] *Morkel (Rossouw) v Laubscher (Watermeyer)*,[85] *Smuts v Fleck*,[86] *Van Druten v Le Roux*[87] (in appèl *Van Druten & Sappe v Widow Kiesewetter & Haupt*),[88] *Weesmeester v Laubscher*[89] (in appèl *Laubscher v Orphen Chamber*).[90]

In *Laubscher v Watermeyer*[91] het die vraag ter sprake gekom of die erflater die bedoeling gehad het om 'n *fideicommissum familia* of 'n legaat in te stel. Die testateurs het op grond van 'n *clausule reservatoir* sekere beskikkings gemaak en 'n aantal legate (verskillende plase) aan hulle seuns nagelaat. Ten aansien van sommige van die plase is die woorde bygevoeg dat die plaas altoos in die familie sal bly en daar sal "overgaan". Jacob het die plase Bergrivier en Patrysberg geërf. Na Jacob se dood wou sy kinders die plase verkoop en die opbrengs proporsioneel verdeel.[92] Die Raad van Justisie het 'n interdik teen die openbare verkoop van die plase verleen.[93]

Die eiser het hom op *D* 50 17 12 en Van Leeuwen[94] beroep dat daar na die bedoeling van die testateur gekyk moet word. Daarvolgens het geblyk dat 'n

---

79 Feenstra 284; De Smidt 53.
80 Nicholas 269. Hierdie beperking is gedeeltelik in die *Code Civil* opgeneem.
81 De Smidt 53–54. Die saak was nie altyd teen uitwinning deur derdes beskerm nie en daarom het 'n plakkaat van 1624-07-30 vir registrasie voorsiening gemaak – dié reëling is egter nie behoorlik afgedwing nie.
82 Feenstra 280; De Smidt 53.
83 Feenstra 282.
84 1808 CJ 1458 114–506.
85 1812 CJ 1546 1–405.
86 1809 CJ 1492 1–757.
87 1814 CJ 1573 33–609.
88 1814–1815 GH 48/2/21 578–1347.
89 1818 CJ 1677 320–566.
90 1819 GH 48/2/38 235–392.
91 1808 CJ 1458 114–506.
92 121–133.
93 1808 CJ 922 339.
94 *RHR* 3 2 12–13.

fideicommissum ingestel is.[95] Indien die plase verkoop sou word, sou dit buite die familie-eiendom val en sou daar nie aan die erflater se wense gevolg gegee kon word nie.[96] Van Leeuwen[97] vermeld dat as die testateur 'n bepaling in die testament insluit dat sekere sake nie "uit sy geslag" moet gaan nie maar nie die tydperk vermeld nie, 'n *fideicommissum familia* ter sprake is. Die aantal *fideicommissêre* geslagte word tot vier beperk.[98] Volgens Voet[99] moet waar twyfel bestaan die waarskynlike "begeerte" van die testateur vasgestel word.[100] As daar nie 'n spesifieke persoon as *fideicommissarius* ingestel is nie, kan hy benoem word of anders erf die "naaste bloed".[101]

Die verweerder beweer dat daar geen *fideicommissum* tot stand gekom het nie en dat daar "erfstelling uit die hand" en nie "oor die hand" was nie. In dié verband word na De Groot[102] verwys. *Substitutio* is al wat ter sprake is.[103] Na aanleiding van Vinnius[104] sit die verweerder die verskil tussen gewone substitusie en *fideicommissêre* substitusie uiteen. Gewone substitusie vind slegs plaas wanneer die erfgenaam of legataris by die dood van die erflater ontbreek of sy erflating of legaat repudieer.[105] By die *fideicommissum* moet die *fiduciarius* eers aanvaar om "naderhand uit de hand van dezen over te gaan in de hand van den fideicommissairen erfgenaam of legataris".[106] Vinnius gebruik *D* 34 2 om die volgende voorbeeld te formuleer:

> "Titio fundum Cornelianum do lego, Si Titius fundum quem ei legari, non ceperit, eundem fundum Sejo do lego."[107]

Die uitwerking van die substitusie is *legatum agnoscente primo legatario evannescit.*[108]

---

95 133–134.
96 135–136.
97 *RHR* 3 5 7.
98 138.
99 *Commentarius* 20 7 22 (140). Daar word verder verwys na *D* 35 1 19.
100 27 7 3 en 30 (140–142).
101 Voet 27 7 2; *D* 32 6 (144). Volgens Van Leeuwen *RHR* 6 3 4 moet daar gekyk word na woorde soos "ek wil/begeer/versoek" (147).
102 *Inleydinge* 2 19 1–4 (167).
103 170.
104 *Commentarius ad Institutiones* 2 15 2 (171–172).
105 171–172.
106 172–173. Daarom dan volgens verweerder dat De Groot dit "erflaating over de hand" noem. Die verweerder vind dit nie nodig om oor die basiese beginsels van die reg gesag aan te haal nie maar as dit nodig sou wees, verwys hy die ander party na die uiteensetting van Vinnius wat volledig aangehaal is.
107 Wat hy vertaal as "Ik legateer myn landgoed genaamd Cornelianum aan Titius. Zoo Titius het landgoed, het welk ik aan hem heb gelegateerd niet aanvaard dan legateer ik het zelfde landgoed aan Sejus" (175–176).
108 "Het legaat houdt geheel en al op te bestaan, zodra de eerste genoemde of geinstitueerde legataris het zelve heeft aanvaard" (179). Daar word ook verwys na *C* 6 37 6: "Si legati relicta primus agnovit legatarius substitutio eorum in personam Pontianae facta evanuit", vertaal as "Zo de eerste/geinstitueerde legatarus de legaaten aan hem nagelaaten heeft aanvaard, dan wordt de substitutie in dezelve, welke geschied is aan de persoon van Contiana geheel en al krachteloos en nietig" (180).

Die verweerder verwys na die *Romeinsche wetboek* wat die regsgeleerdes as "heilige wette" beskou het en wat voorbeelde in bogenoemde verband bevat: Averanius,[109] Cuiacius,[110] *D* 28 5 9 3 en *D* 9 27 1.[111] Die Romeinse reg sou nie toelaat dat iets verdraai word nie en daar word verwys na *D* 35 1 72 6: "Falsam causam legato non obesse verius est quia ratio legandi legato non cohaeret."[112] Die uitleg of daar met 'n legaat gewerk word, moet uit die bemaking self afgelei word en kan nie ingelees word nie.[113] Volgens *D* 32 69 1

> "[mag men] niet eerder van de beteekenis der woorden afwijken dan wanneer het zeker is dat het Testateuren iets anders gedachte hebben dan met de woorde is uitgedrukt".[114]

Die eiser meen dat die verweerder se interpretasie van die Romeinse reg spitsvondig is.[115] Die grondslag van die reg is egter geleë in die reg van die kolonie en dié van Holland en die Romeinse reg kom slegs ter sprake as die Nederlandse reg sou swyg.[116] Die Romeins-Hollandse outeurs wat die verweerder aanhaal, is diegene wat die suiwer Romeinse reg bestudeer het (bv Vinnius).[117] Aan die Kaap van Goeie Hoop moet volgens hom na die "eenvoudige leer van Hollandse regsgeleerdes" gekyk word.[118] Die verwysing na Van Leeuwen dat daar aan die erflater se wil gevolg gegee moet word, staaf juis die eiser se standpunt.[119] Na aanleiding van Voet[120] moet ook die ander woorde in die testament (soos die voorrede) in ag geneem word. Daaruit kan afgelei word dat die plase in familiebesit moet bly.[121] Die eiser is dus met 'n beroep op Voet[122] (wat volgens hom oor die Hollandse praktyk skryf) van mening dat die erflater wel 'n *fideicommissum familiae relictum* daargestel het.[123] Hy is van mening dat die tekste wat die verweerder aanhaal juis sy standpunt dat dit 'n *fideicommissum* is, steun.[124]

---

109 17de-eeuse Italiaanse regsgeleerde – Van Zyl *Geskiedenis* 266; *Interpretationis iuris* 4 16 1.

110 *Observationes* 17 15.

111 199.

112 Vertaal as "Eene verkeerde raadgeving obsteert niet aan het legaat omdat de reden waarom men legateert met het legaat zelve niet te zamen hangt" (200–201).

113 201.

114 "Non aliter a significatione verborum recedi oportet, quam quum manifestum est aliud sensisse testatorum" (203). Sien ook die latere betoog 412–416 419–420 waar *D* 31 32 6 en Voet *Commentarius* 36 1 28 as gesag aangehaal word dat direkte substitusie van toepassing is.

115 228. Hy beskuldig verweerder dat hy een van die "Scholastieke geleerden" sou wees aangesien hy hom op die Romeinse reg beroep – 332–335.

116 246–247.

117 247–249.

118 249.

119 250–252.

120 *Commentarius* 28 7 2 (262).

121 263. Ook Voet *Commentarius* 28 17 30; 20 7 30 en 22 (266) dat die bedoeling is dat die plase in besit van die familie moet bly (266–267).

122 *Commentarius* 36 18 27 (282).

123 282–283 442–443.

124 *D* 32 6 (284–285).

Die verweerder is van mening dat die term Romeins-Hollandse reg uit Van Leeuwen se boek *Rooms-Hollands regt* kom en dat die sogenaamde Romeins-Hollandse reg eintlik maar op die Romeinse reg gebaseer is aangesien Van Leeuwen nie na Nederlandse reg verwys het nie maar slegs na die Romeinse reg.[125] Die "hedendaagse" regsgeleerdes sou volgens hom slegs 'n uitleg van die Romeinse reg gee.[126] Solank die eiser nie bewys dat die wette of *costumen* van die kolonie of Nederland-Oos-Indië of Nederland strydig met die Romeinse standpunt is nie, bied die Romeinse reg die finale antwoord.[127] Die boeke van Fagel H[128] en Van der Hoop JC[129] word vir die eiser se advokaat aanbeveel om te lees aangesien die geskiedenis van en gesag vir die Nederlandse reg daarin uiteengesit word.[130]

Dit blyk dat die hof wel die eiser se standpunt oor die Kaapse en Nederlandse reg aanvaar asook dat 'n *fideicommissum familiae* deur die testament geskep is. Daar was dus nie sprake van direkte substitusie nie. Die nadeel daarvan dat die hof nie redes vir die verlening van die interdik gegee het nie, blyk daaruit dat die hele aangeleentheid vier jaar later weer voor die hof gekom het.

In opvolg van voormelde saak het die bogemelde testament en *fideicommissum* in *Morkel (Rossouw) v Laubscher (Watermeyer)*[131] ter sprake gekom. Pieter Laubscher en Johanna Eksteen se gesamentlike testament het soos hierbo uiteengesit op grond van 'n *clausule reservatoir* 'n plaas en opstalle daarop aan hulle seun Jacob Laubscher bemaak. 'n Eksekuteur en voogde is vir hulle minderjarige kinders aangestel. Uit die testament blyk dat daar 'n *fideicommissêre* beskikking ten aansien van Jacob se wettige kinders gemaak is. Dit blyk dat Jacob weer eens die plaas wou verkoop. Eisers het egter aangevoer dat die plaas onder erfgename van die oorledene moet vererf. Die *hereditas petitio* moet ingestel word.[132]

'n Interdik is vantevore verleen dat die plaas nie verkoop mag word nie en dat die erfenis in stand gehou moet word totdat die seun 25 jaar oud is. Die vraag was of die opstalle nie verkoop en die opbrengs onder die minderjarige kinders

---

125 368–370.
126 370.
127 372–373.
128 *De origine et usu iuris Romani in Hollandia.*
129 *Necessario Romani et subinde quoque canonici juris in Hollandia studio.*
130 373–374. In dié verband verwys hy verder na die "lofspraak" van De Groot in *Epistolae ad Gallos* 148 dat die Romeinse reg op grond van "rechtvaardigheid" selfs lande (soos Pole) binnegedring het wat nie deur die Romeine met wapengeweld oorgeneem is nie (375–378).
131 1812 CJ 1546 11–14.
132 Met 'n beroep op Westenberg *Principia juris* 5 8 8 (32 205); Voet *Commentarius* 10 22 12 (32), *D* 5 4 1 (33 205); 10 2 34–35 (34–35); 5 4 8 (205); 41 1 19 (tav die *bona fide possessor* – 253); Carpzovius *Jurisprudentia forensis* 2 34 11 (35); *N* 119 (205). Die eiser beroep hom op De Groot *Inleydinge* 3 48 4 (28). Verweerder kritiseer sy beroep op hierdie teks as sou dit op *restitutio in integrum* by die koopkontrak betrekking hê (121–122). Die verweerder kritiseer ook die beroep op die *hereditas petitio* en die gesag daarvoor uiteengesit aangesien dit geen betrekking op die saak het nie (123).

verdeel kon word nie. Die verweerder het 'n eksepsie *inaequalificati* opgewerp aangesien die eisers nie bevoeg sou wees om as *negotiorum gestores* vir die kinders op te tree nie.[133]

Die eiser voer verder aan dat die testament vir 'n *legatum familia relictum* voorsiening maak wat een van die kinders bevoordeel.[134] Na sy dood sou die voordeel op sy seun, en as hy nie 'n seun het nie op sy broers en dié se kinders na hulle, oorgaan.[135] Die erfenis mag dus nie vervreem word nie.[136] Die testament moet volgens die "letter" uitgelê word[137] en oordrag ("transport") kan nie *contra* die testament geskied nie.[138] Die bedoeling van die erflater dat die twee plase in die familie moet bly, kan afgelei word uit die feit dat die plase spesifiek aan die seun nagelaat is om "altoos die Plaatsen aan een der kinderen na hen te doen verallen".[139] Die eksepsie van die verweerder is gehandhaaf.[140] Uit die saak kan egter afgelei word dat daar aan die Kaap wel sprake van 'n *fideicommissum familia* was. Alhoewel die tekste waarop 'n beroep gedoen is, meestal na die *hereditas petitio*, legate en "transport" verwys, blyk dit tog dat daar veral 'n beroep op Voet en De Groot gedoen is. Wat wel interessant voorkom, is die beroep op Westenberg en Carpzovius.

Peter Laubscher en Johanna Eksteen het in 'n kodisil tot die gesamentlike testament 'n plaas tot in oneindigheid aan hul kinders nagelaat in *Laubscher v Orphan Chamber*.[141] Respondent het die administrasie van die eiendom *nomine officii* oorgeneem en by die hof aanbeveel dat die eiendom verkoop word.[142]

Die feite van die saak is kortliks dat appellant se grootouers die testament gemaak het en dat hulle by die dood vyf seuns en vyf dogters nagelaat het. Die oudste (vader van appellant – Hendrik) wou die plaas in die familie behou. Die grondslag vir dié reg word volgens appellant in die Hollandse (feodale) reg gevind waar die oudste seun telkens die plaas geërf het. Appellant se ouers het besit van die plaas geneem en 'n gesamentlike testament opgestel waarin nie hul oudste seun (appellant) nie maar sy vier susters alles erf. Na appellant se vader se dood het sy moeder nog sewe jaar geleef. Respondent was van mening dat sy intestaat gesterf het en het alle moontlike intestate erfgename kennis gegee dat die boedel daarvolgens verdeel gaan word. Appellant het beswaar aangeteken as enigste manlike erfgenaam maar die hof bevind dat die plaas verkoop en die opbrengs verdeel moet word.[143]

---

133 111. Die verweerder doen 'n beroep op *C* 2 18 20 en 6 en Voet *Commentarius* 3 5 7.
134 220.
135 221.
136 *Ibid.*
137 223.
138 228 252. Sien ook die beroep op Voet 41 (311).
139 247. Daar word ook 'n beroep gedoen op *D* 11 10–12 (249); *C* 6 24 13 (320).
140 1812 CJ 931 137.
141 CJ 1677 320–566 en GH 48/2/38 235–392.
142 GH 48/2/38 237–239.
143 1818 CJ 2235 951–956.

Die volgende word as redes vir die appèl aangevoer:[144]

(1) Ingevolge die Hollandse reg is die testateur geregtig om sy grond met 'n *fideicommissum* te belas. Hierdie reëling sou volgens die advokaat presies dieselfde wees as wat in Engeland aangetref word.[145] De Groot[146] definieer dit soos volg (soos in hofstukke vertaal): "An estate is hereditary indivisible right on another person's immovable property."

(2) Kragtens die grootouers se testament moet die plaas na die oudste seun gaan en in die familie bly.[147] Volgens De Groot[148] bepaal die algemene reëls van erfopvolging dat die boedel van seun tot seun oorgedra moet word. As daar geen seuns is nie, erf die oudste dogter (mans sou altyd voorkeur bo vrouens geniet – en oudste kinders bo jongeres). Daar word dus van "tak tot tak" in die *descendentes* se linies beweeg. Volgens die advokaat laat die Hollandse reg dus nie slegs hierdie vererwing toe nie maar word daar spesifieke reëlings voorgeskryf.[149]

(3) Die hof *a quo* het die testament in die "gees" van die Hollandse reg, veral die *ius feudii*, geïnterpreteer en bevind dat bovermelde interpretasie aan die testament verleen moet word.[150]

(4) As appellant dus kan bewys dat hy die enigste manlike erfgenaam is, is daar geen rede waarom die hele familie daarin moet deel nie.[151]

(5) Die appellant het uit die gesamentlike testament van sy vader net 'n manlike slaaf geërf terwyl die res van die boedel onder sy susters verdeel is. Daaruit moet afgelei word dat sy vader onder die indruk was dat hy na behore deur sy grootvader se testament versorg was.[152]

Respondent voer egter aan dat die moeder nie 'n testament gemaak het nie en dat die boedel intestaat moet vererf. In 'n ongetekende en ongedateerde testament het sy die Weeskamer as eksekuteur aangewys om die plaas te verkoop en die restant onder die kinders te verdeel.[153] Die volgende redes is aangevoer waarom die Raad van Justisie-uitspraak gevolg moet word:[154]

(1) Die vader van appellant het 'n keuse gehad om in sy testament die plaas aan een of al sy erfgename te bemaak – dit moet net in die familie bly.[155] Daar word 'n beroep gedoen op Scaevola.[156]

---

144 GH 48/2/38 266–382.
145 267.
146 *Inleydinge* 2 41 7.
147 268.
148 *Inleydinge* 2 41 7.
149 268–269.
150 270–272.
151 272.
152 278. Die vertaalde testament lui soos volg: "Hendrik Ostwald Laubscher . . . Roodebloem . . . under that condition that this place shall always remain and devolve in our and his family and that further those that may succeed to this place shall keep in good repair the burying place on this property . . ." (282).
153 310.
154 322–334.
155 324.
156 *D* 34 2 15 (325–327).

(2) Daar moet spesifiek na 'n *fideicommissum* verwys word en die begunstigdes by name genoem word. "In our and his family" beteken dat 'n spesifieke persoon nie aangewys is nie en dat 'n erfgenaam benoem mag word.[157]

(3) 'n Algemene *fideicommissum* het nie slegs betrekking op manlike erfgename nie – die testament verwys net na familie en sou dus alle Laubschers insluit.[158]

(4) Die algemene regsreël *indefinitum universale acquipullit* meld dat dit wat nie gedefinieer is nie as geheel gesien moet word en daarom sluit die woorde alle familie en nie net spesifieke lede daarvan in nie.[159]

Respondent toon verder aan dat die regverdigheid, billikheid, onregverdigheid of onbillikheid van die testament geen rol speel nie maar dat daar na die bewoording van die testament gekyk moet word.[160] 'n Legaat met 'n voorwaarde is nie noodwendig 'n *fideicommissum* nie.[161]

Ten aansien van die tweede grond wat aangevoer is om die Raad van Justisie-uitspraak te bevestig, word 'n beroep op Wissenbach[162] gedoen dat alle erfgename in 'n gelyke mate in die erfenis moet deel.

D 32 69 3 toon aan dat daar na die woorde van die testateur gekyk moet word en dat appellant geen groter voordeel as dié van sy susters kan eis nie.[163] Ook Cuiacius ondersteun die standpunt.[164] Leyser[165] toon aan dat daar spesifiek na die bedoeling van die testateur gesoek moet word. Appellant kon ook nie aantoon dat hy bo sy susters "in favour" was nie.[166] Die ander erfgename en hulle kinders het dus in 'n gelyke mate dieselfde regte as appellant.[167]

Respondent kritiseer appellant se beroep op De Groot in verband met die leenreg of *ius feudii*.[168] Die argument wat die appellant aanvoer, steun juis nie sy saak nie aangesien geen kolonie in die wêreld die feodale regte erken nie en dit selfs in die grootste deel van Europa (veral in Holland) nie meer bestaan nie.[169] Die teks kan dus nie op die Kaap van toepassing wees nie want die plaas Roodebloem is nie feodale grond nie; bowendien bestaan daar nêrens in Afrika enige sodanige grond nie – die gewone erfopvolgingsreëls moet dus toepassing vind.[170]

---

157 328.
158 329–333.
159 334. In lg verband word daar 'n beroep op Pothier *Pandecta* 31 98 2 (587) (350–353) gedoen.
160 346.
161 349.
162 Hfst 6 (353–354).
163 355–356. Sien ook *D* 50 17 12 (357).
164 358.
165 *Meditationes ad Pandectas* 34 5 2 en 4.
166 359–360. Leyser *Meditationes ad Pandectas* 34 5 2 en 5.
167 360.
168 Vertaal as "Loan right, is an hereditary indivisible right to another and their landed property with the obligation of protection on the other part and the duty of homage . . . to the other part" (364).
169 365.
170 365–366.

In die appellant se "rejoinder" het hy gepoog om die argumente van die respondent omver te werp. Volgens hom sou hy bewys dat die testament uitgelê moet word volgens die reëls van die reg en billikheid.[171] In die eerste plek meen hy dat die verwysing na familie juis aantoon dat die *descendentes* van die oudste seun erf.[172] In die tweede plek het sy moeder nie intestaat gesterf nie aangesien sy en haar eggenoot 'n gesamentlike testament gemaak het.[173] In die derde plek verwys die *Digesta*-tekste slegs na roerende eiendom en daarom kan dit aan enigeen oorgedra word. In die geval van onroerende goed is daar net twee gevalle bekend naamlik (a) erfpag en (b) die leenreg (*feudum et emphyteusis*).[174] Hierdie grondbeheervorme het hulle oorsprong in die feodale reg en lê die grondslag vir erfopvolging van *descendentes* in feitlik elke Europese land. Sodanige erfopvolging kom in sowel die Engelse as die Hollandse reg voor.[175] Hy gee toe dat feodale regte van die landheer as sodanig nie meer voortbestaan nie maar dat die erfopvolgingsreëls nog dieselfde gebly het. In sowel Holland as die kolonie word talle gevalle van erfopvolging vanaf die vader na die seun in familietestamente aangetref.[176]

In verband met interpretasie verwys hy na Voet[177] wat sê dat daar aan die bedoeling en woorde van die testateur gevolg gegee moet word en dat dit nie verdraai moet word nie.[178]

Die erfgenaam kan dus nie vryelik oor die plaas beskik nie want dit was 'n *legata cum onere fideicommissi*.[179] Volgens die appellant sal alleen aan die "rules of equity and justice" gevolg gegee kan word as die bedoeling van die testateur nagevolg word.[180]

Die Siviele Appèlhof verander die vonnis van die Raad van Justisie en bepaal dat appellant as enigste manlike erfgenaam die plaas Roodebloem erf, maar dat hy die ander erfgename van sy vader en moeder die som van Rd 60 000 moet betaal.[181]

Dit lyk of die hof in hierdie saak aan beide die appellant en respondente se betoë gevolg gegee het. Alhoewel appellant dus as oudste manlike erfgenaam die plaas erf, moet hy steeds sy susters vir hulle verlies aan die "intestate erfdeel" vergoed. Hieruit kan afgelei word dat hier moontlik sprake kan wees van 'n eie Kaapse regsontwikkeling.

In hierdie saak word vir die eerste keer spesifiek na die Engelse reg (as synde dieselfde as die Romeins-Hollandse reg) verwys. Geen spesifieke bronne is in

---

171 En dat respondent volgens hom in die lug redeneer – 368–369.
172 371–372.
173 372.
174 De Groot *Inleydinge* 2 40 1.
175 575–576.
176 376.
177 *Commentarius* 7 1 8 (383).
178 384. Sien ook *D* 24 (387).
179 Voet *Commentarius* 7 1 13 – die plaas word vir die nageslag in "trust" gehou.
180 392.
181 GH 48/1/1 313–314 316 333. Die koste moes deur die boedel gedra word.

die Siviele Appèlhof aangehaal nie. In die Raad van Justisie is verwys na Solme (Holme) wat oor die regeringsvorme in Engeland geskryf en daarop gewys het dat ten aansien van familievererwing die grond in die hande van die familie moet bly.[182]

Soos reeds uit die ander sake geblyk het, is daar aan die Kaap aan die *fideicommissum familia* gevolg gegee. Dit blyk dat die Romeins-Hollandse reg, soos aangevul deur Kaapse gewoontes en gebruike, die reg in dié verband gereël het. In 1818 is die Engelse reg vir die eerste keer betrek maar in die betrokke saak is daar onsamehangend daarna verwys. Die bronne wat in die prosesstukke voor die Raad van Justisie aangehaal is, is nie regsbronne nie.

(*Word vervolg*)

It is clearly for the patient to decide whether he or she wishes to undergo the operation, in the exercise of the patient's fundamental right to self-determination. A woman may be informed by her physician that the only way of avoiding death by cancer is to undergo a radical mastectomy. This advice may reflect universal medical opinion and may be, in addition, factually correct. Yet, to the knowledge of her physician, the patient is, and has consistently been implacably opposed to the mutilation of her body and would choose death before the mastectomy. I cannot conceive how the 'best interests of the patient' (as seen through the eyes of her physician or the entire medical profession, for that matter) could justify a mastectomy or any other life-saving procedure which entailed a high risk of the patient losing a breast. Even if the risk of breast-loss were insignificant, a life-saving operation which entailed such risk would be wrongful if the surgeon refrains from drawing the risk to the patient's attention, well knowing that she would refuse consent if informed of the risk. It is, in principle, wholly irrelevant that her attitude is, in the eyes of the entire medical profession, grossly unreasonable, because her rights of bodily integrity and autonomous moral agency entitle her to refuse medical treatment. It would, in my view, be equally irrelevant that the medical profession was of the unanimous view that, under these circumstances, it was the duty of the surgeon to refrain from bringing the risk to his patient's attention (per Ackermann J in *Castell v De Greeff* 1994 4 SA 408 (C) 420).

182 CJ 1677 537. Daar is selfs na William Shakespeare (1616) verwys as bewys dat die leenreg in Engeland voorgekom het – 538–543.

The development and significance of the title "officer of the court"

JB Cilliers

BA LLB HDip Co Law

Senior Lecturer in Mercantile Law, University of South Africa

SM Luiz

BA LLM HDip Co Law

Associate Professor in Mercantile Law, University of South Africa

OPSOMMING

Die ontwikkeling en belang van die titel "beampte van die hof"

Die uitdrukking "beampte van die hof" kom periodiek in die Suid-Afrikaanse regspraak voor, veral in die konteks van likwidateurs en kurators van insolvente boedels. In die onlangse saak *James v Magistrate, Wynberg* 1995 1 SA 1 (K) het die vraag of 'n likwidateur 'n beampte van die hof is in ons reg weer ter sprake gekom.

Die titel "beampte van die hof" het sy oorsprong in Engeland in die Middeleeue gehad. Aanvanklik het persone na wie verwys is as beamptes van die hof, amptelike posisies in die hof beklee. Dit het onder meer behels dat hulle onderworpe was aan regulering deur die hof en dat hulle sekere voorregte geniet het. Later het ook prokureurs wat nie hierdie amptelike posisies beklee het nie, daarop aanspraak gemaak om beskou te word as beamptes van die hof (waarskynlik ter wille van die voorregte wat daarmee saamgehang het). Hierdie praktyk het daartoe gelei dat die begrip begin het om sy oorspronklike betekenis te verloor.

Die plig van prokureurs en advokate om behoeftige kliënte te verteenwoordig, het ook sy oorsprong in Engeland gehad. Die skrywers argumenteer egter dat hierdie verpligting nie teruggevoer kan word tot hulle status as beamptes van die hof nie aangesien advokate in Engeland nooit as sodanig beskou is nie.

Dit is duidelik dat die inhoud van die vertrouensplig van likwidateurs en kurators nie afhang daarvan of hulle beamptes van die hof is of nie. Die titel "beampte van die hof" is nou afgewater in so 'n mate dat dit, in die woorde van regter Coetzee in *Gilbert v Bekker* 1984 3 SA 774 (W), "a nebulous concept at best" geword het. Daar word gevolglik aan die hand gedoen dat hierdie uitdrukking nie langer enige regsbetekenis het nie en daarom vermy behoort te word.

INTRODUCTION

In the recent case of *James v Magistrate, Wynberg*[1] the question was raised whether in our law, as opposed to that of England, a liquidator is an officer of the court. The phrase "officer of the court" has appeared periodically in South

1 1995 1 SA 1 (C).

African case law, mostly in relation to the position of liquidators and trustees.[2] In *James v Magistrate, Wynberg*, the question when a person can be regarded as an officer of the court, was once again not conclusively answered.[3] The purpose of this article is to consider the development and significance of this phrase.

THE ENGLISH POSITION

The title "officer of the court" originated in England in medieval times.[4] It appears from Holdsworth[5] that solicitors were subject to the discipline of the court and were officers of the court. Barristers, who were mainly under the control of the Inns of Court and not directly under the control of the court as solicitors, were not considered to be officers of the court. However, according to Robert J Martineau,[6] this explanation ignores the fact that solicitors were, at least until the sixteenth century, permitted to be members of the Inns of Court.

Birks[7] states that initially, court clerks and others associated with the sheriff's office performed services similar to that of an attorney. This early association of attorneyship with the clerks of the court gave rise to the present-day solicitor (whose predecessor was referred to as an attorney) being regarded as an officer of the court.[8] Martineau's explanation is that most solicitors originally enjoyed some independent official status, for example, as clerk of the court or under-sheriff. Certain privileges were conferred on them, such as an exemption from certain public duties, immunity from being sued except in their own court, and being able to wear court gowns.[9] Subsequently, solicitors who did not hold any official position in the court, wished to be treated on the same footing. This ultimately resulted in their also being referred to as officers of the court.[10]

One of the questions that arises is whether the duty to represent indigents, which has its roots in ancient England, flows from the fact that a person is an officer of the court. According to Holdsworth, serjeants-at-law, who were originally pleaders, were obliged to act on behalf of indigent persons.[11] Barristers now perform the work of serjeants-at-law.[12] Martineau suggests that this

---

2 See, eg, *Price v The Deputy-Sheriff of the Witwatersrand* 1903 TH 467; *Engelbrecht v The Sheriff* 1904 TS 615; *Chermont v Lorton* 1929 AD 84; *Trustee, Assigned Estate Wall v Illovo Trading Co* (1909) 30 NLR 522; *Gluckman v Wylde* 1933 EDL 322; *Estate Behr v Klotz* 1926 TPD 353; *Gilbert v Bekker* 1984 3 SA 774 (W).

3 *Supra*.

4 Holdsworth *A History of English Law* vol II 317–318 vol VI 432–433.

5 *Idem* vol VI 434.

6 "The attorney as an officer of the court: time to take the gown off the bar" 1984 *South Carolina LR* 548; see also Holdsworth vol VI 441; Birks *Gentlemen of the law* (1960) 42.

7 32.

8 Birks 37–38. Note that there was an early distinction between attorneys and solicitors in English law; see Holdsworth vol VI 454–456; Van Zyl *The theory of the judicial practice of South Africa* (1921) vol 1 5.

9 Birks 37–38.

10 *Idem* 37–38; Martineau 547. For the duties of solicitors as officers of the court, see *Halsbury's Laws of England* 4 ed vol 44 100 ff.

11 Vol II 491.

12 *Ibid*; see also Birks 6.

duty could not have arisen from the status of officer of the court, as barristers, who were also subject to this obligation, were never regarded as officers of the court in England.[13] He asserts that this obligation was in exchange for the monopoly enjoyed by solicitors and barristers to represent clients in court.[14]

Although it seems to be settled that in English law the solicitor is regarded as an officer of the court and the barrister is not, the position of the official receiver, the liquidator and the trustee in insolvency pose some difficulties.

The official receiver is an official of the Department of Trade and Industry, and is appointed to his position and may be removed from office by a direction of the Secretary of State,[15] under whose directions he acts.[16] His main function is to act as receiver and manager of an insolvent estate until such estate vests in the trustee and to investigate the conduct and affairs of the insolvent and report thereon to the court where appropriate.[17] The Secretary of State may also from time to time assign other functions to the official receiver.[18] The latter is designated by statute as an officer of the court in relation to which he exercises the functions of his office.[19]

The trustee is appointed by the creditors of the insolvent estate, by the Secretary of State, or by the court.[20] In terms of section 305, the general functions of the trustee are to get in, realise and distribute the insolvent's estate. In carrying out these functions, he may use his own discretion. Apparently the trustee in insolvency is an officer of the court.[21] As such he "ought to be as honest as other people".[22] In *Ex parte Simmonds; In re Carnac*,[23] this proposition was extended and interpreted by Lord Esher MR to mean that a trustee as officer of the court has to act in a high-minded manner and therefore should not take advantage of a mistake of law and enforce a right that an ordinary person would be entitled to insist upon.[24] In *In re Wigzell; ex parte Hart*[25] Salter J agreed with earlier decisions which had held that the court has a discretion to disregard a trustee's legal right if enforcing such a right would be contrary to natural justice. However, this discretion should not be exercised unless the enforcement of the legal right would lead to obviously unjust results. The judgment of Salter J was confirmed on appeal.[26]

---

13 561 fn 62.
14 558 fn 53.
15 S 399(2) Insolvency Act, 1986 (c 45).
16 S 400(2) Insolvency Act, 1986.
17 S 287(1) and 289(1) Insolvency Act, 1986.
18 S 400(1) Insolvency Act, 1986.
19 S 400(2) Insolvency Act, 1986. See also *Bottomly v Brougham* [1908] 1 KB 584 589; *Burr v Smith* [1909] 2 KB 306 CA 311.
20 S 292(1) Insolvency Act, 1986.
21 James LJ in *Ex parte James; In re Condon* [1874] 9 Ch 609 614; *In re Wigzell; ex parte Hart* [1921] 2 KB 835 (CA) 851; *Halsbury's Laws of England* vol 3(2) 249.
22 *Ex parte James; In re Condon supra* 614.
23 (1885) 16 QBD 308 312.
24 See also the comments and interpretation of Kekewich J in *In re Opera Ltd* [1891] 2 Ch 154 159–161 dealt with below.
25 [1921] 2 KB 835 845.
26 857.

A company may be wound up either by a winding-up order made by the court, or by the passing of a resolution by the company for its voluntary winding-up.[27] There are three kinds of liquidator in a winding-up by the court, namely a provisional liquidator, an official receiver acting as liquidator *ex officio*, and a liquidator appointed by creditors, the court or the Secretary of State to replace the official receiver.[28] A liquidator in a winding-up by the court, whether he is an official receiver or some other person,[29] is an officer of the court,[30] but only for certain purposes.[31] The liquidator is placed in the position of officer of the court when he is discharging duties originally given to the court but which have been delegated to him to exercise subject to the control of the court.[32]

According to *Re Contract Corp, Gooch's case*,[33] the liquidator in a winding-up by the court is required to be even-handed and impartial in his dealings with all those who have an interest in the winding-up. He has a duty to become thoroughly conversant with the affairs of the company and must not conceal or suppress any knowledge which he acquires during his investigation that is material to ascertain the true position. This duty is owed to the shareholders, the creditors and the court and the judge should ensure that he complies with it.[34]

As an officer of the court, the liquidator must act fairly and honourably when dealing with persons who have claims adverse to his own. The liquidator should not merely "stand on his rights at law or in equity".[35] In *In re Opera Ltd*,[36] Kekewich J discussed the interpretation of the principle laid down in *Ex parte James; In re Condon*,[37] as extended in *Ex parte Simmonds; In re Carnac*.[38] The judge concluded that the correct interpretation of the principle is as follows:

> "[I]f the assets in the hands of an officer of the Court, on behalf of creditors or others, have been increased by a transaction occasioned by an honest mistake of law, then, notwithstanding such mistake is not capable of rectification as between ordinary adverse litigants, the Court will compel its officer to recognise the rules of honesty as between man and man, and to act accordingly."[39]

---

27 S 73(1) Insolvency Act, 1986.
28 S 135(1), 136(2) and 136(4) Insolvency Act, 1986.
29 *Halsbury's Laws of England* vol 7(2) 1168.
30 *Ex parte James; In re Condon supra* 614; *Ex parte Simmonds; In re Carnac supra* 312; *Re Contract Corp, Gooch's case* (1872) 7 Ch App 207 211.
31 S 160 Insolvency Act, 1986.
32 *In re Hill's Waterfall Estate and Gold Mining Company* [1896] 1 Ch 947 954.
33 (1872) 7 Ch App 207.
34 *Supra* 211. See also *Re Sir John Moore Gold Mining Company* (1879) 12 Ch D 325 CA 332; *Re Charterland Goldfields Ltd* [1909] 2 TLR 132 133; *Re Rubber and Produce Investment Trust* (1915) 1 Ch 382 388; *Re Lubin, Rosen and Associates Ltd* [1975] 1 All ER 577 (Ch) 580–581.
35 *Halsbury's Laws of England* vol 7(2) 1170.
36 (1891) 2 Ch 154 159–161.
37 *Supra*. This principle provides that the liquidator ought to be as honest as other people.
38 *Supra*.
39 162. Although *In re Opera Ltd supra* was reversed on appeal, it was on other grounds. See also *Re Wyvern Developments Ltd* [1974] 1 WLR 1097 1105.

In *In re TH Knitwear (Wholesale) Ltd*[40] Slade LJ was of the view that a liquidator in a voluntary winding-up cannot properly be called an officer of the court within the principle laid down in *Ex parte James; In re Condon.*[41] The reason is that the court does not appoint him and does not control the exercise of his powers unless some interested party approaches the court for directions.[42] Slade LJ discussed section 273 of the Companies Act, 1948 (which is almost identical to s 160 of the Insolvency Act, 1986) in terms of which the liquidator is referred to as an officer of the court and is said to be subject to the control of the court. The judge pointed out that this section and section 364, which requires officers of the court acting in the winding-up of companies to make returns of business to the Board of Trade, apply only to liquidators in a compulsory winding-up.[43] Although Slade LJ was of the opinion that the principle is a noble one, he warned that the extension of it to liquidators in a voluntary winding-up, who are not officers of the court, may lead to uncertainty.[44] The judge concluded that this principle does not extend to a liquidator in a voluntary winding-up because he is not an officer of the court and must distribute the assets amongst the creditors strictly according to the law.[45] In *In re Sandiford (No 2)*[46] it was held that the principle in *Ex parte James; In re Condon*[47] would not apply to an executor as he was not an officer of the court, even though the estate was being administered by the court.

THE SOUTH AFRICAN POSITION

An "officer" has been defined in *Ketteringham v The Cape Town City Council*[48] as

> "a person who has been appointed to an office, that is a person who has been appointed to perform certain duties which have been duly prescribed as the duties of that office".

However, the meaning of the concept "officer of the court" remains uncertain.

In the early case of *Price v Deputy Sheriff of the Witwatersrand*[49] the question arose whether the sheriff or his deputy was, for the purposes of a certain rule of

---

40 [1988] 2 WLR (CA) 276 286. See also the discussion of the application of this principle in *In re TH Knitwear (Wholesale) Ltd* [1987] 1 WLR 371 377.

41 *Supra.*

42 Although it does not seem to be a general power conferred on the court, s 108 of the Insolvency Act, 1986 (a provision which applies to a voluntary winding-up) does authorise the court to appoint a liquidator if, from any cause whatsoever, no liquidator is acting. In terms of the same section, the court also has the power to remove a liquidator and appoint another, where cause is shown. For an interpretation of the phrase "cause shown", see *Re Sir John Moore Gold Mining Company supra* 332, *Re Charterland Goldfields Ltd supra* 133 and *Re Rubber and Produce Investment Trust supra* 388.

43 S 364 of the Insolvency Act, 1986 was incorporated into the Companies Act, 1985 (c 6) as s 662 but was subsequently repealed by Schedule 12 of the Insolvency Act, 1986.

44 287.

45 This overrules *Re Temple Fire and Accident Assurance Co* (1910) 129 LT Jo 115; see also *Re London County Commercial Reinsurance Office Limited* [1922] 2 Ch 67; *In re John Bateson & Co Ltd* 1985 BCLC 259.

46 [1935] Ch 681–692.

47 *Supra.*

48 1933 CPD 316 318.

49 1903 TH 467.

court, an officer of the court and was accordingly obliged to serve process free of charge in proceedings *in forma pauperis*. This rule provided that no fee should be taken by "any advocate, attorney or officer of the court" from any person admitted to proceed as a pauper for anything done by him in the conduct of the case. It was held that the term "officer of the court" in the wide sense includes advocates and attorneys. However, it was not intended to have such a wide application to include the sheriff or deputy-sheriff.[50] It seems that the court was influenced by the fact that the sheriff is not a salaried officer of the court but depended for his remuneration on the charges that he was entitled to make.[51]

Lewis[52] states, without reference to any authority, that an attorney is an officer of the court. Van Zyl[53] appears to agree with this view. He also states that attorneys are subject to the court's summary jurisdiction and discretion regarding their professional conduct.[54] The term "officer of the court" was considered in its widest meaning to include both attorneys and advocates.[55] No authority is given for this statement either and one can only assume that it is derived from English law. However, the inclusion of advocates as officers of the court is a deviation from the position in English law, where barristers have never been considered to be officers of the court.[56] As an officer of the court, one of the duties of an attorney is to inform the court of any authority which may be adverse to his own case. The same duty rests on counsel in the supreme court.[57] Both attorneys and advocates also have a duty to accept work in the assistance of the poor.[58] However, the fact that they are subject to the duty to represent indigent clients is no authority for the conclusion that they are officers of the court, since in English law the barrister, who was subject to the same obligation, was never considered to be an officer of the court.

Although it seems to be accepted in South Africa that attorneys and advocates are officers of the court, the position of the trustee is not clear. Certain cases have been relied upon in support of the view that a trustee in insolvency is indeed an officer of the court. In *Trustee, Assigned Estate Wall v Illovo Trading Co*[59] Bale CJ was of the view that where a trustee acts *ultra vires*, he would not be entitled to benefit from his own wrong. The reason given for this *obiter* statement is that the trustee is an officer of the court.[60] Broome J was of the

---

50 467.

51 *Supra* 468; see also *Engelbrecht v The Sheriff supra*; *Chermont v Lorton supra* 92–93.

52 *Legal ethics – a guide to professional conduct for South African attorneys* (1982) 128. See also *Re Cairncross* 7 Buch (1877) 122 126 where Dennysen J described an attorney as an officer of the court.

53 Vol 1 45 51–52.

54 7 62–63. See eg *Incorporated Law Society v Mccolla* 6 CTR 85 where the court struck an attorney off the roll.

55 *Price v Deputy Sheriff of the Witwatersrand supra* 467.

56 See *supra*.

57 Lewis 128.

58 *Idem* 76. For a discussion of the general duties of attorneys, see Lewis 7–18.

59 (1909) 30 NLR 522.

60 527.

opinion that the trustee is a statutory officer who must exercise his powers in the interests of creditors strictly in terms of the law.[61] Although Smith[62] favours the view that a trustee should be described as a statutory officer, she points out that as the trustee steps into the shoes of the Master, he could perhaps be considered to be an officer of the court.[63] Whether the Master himself is an officer of the court seems open to debate. Mars states that the Master is not an officer of the court although he is referred to as the Master of the Supreme Court.[64] As authority for this statement, reference is made to section 34(1)(*a*) of the Supreme Court Act[65] where it is pointed out that this section provides for the appointment of officers of the supreme court but does not specifically refer to the Master.[66] It is submitted that although the section provides that the minister may appoint for the supreme court "registrars, assistant registrars and other officers" without specifically mentioning the Master, this does not necessarily mean that the Master is not an officer of the court.[67] In *Gluckman v Wylde*[68] the question arose whether a trustee could waive the provisions of section 67 of the Insolvency Act.[69] This section provides that any party who has instituted legal proceedings which have been suspended by sequestration, and who intends to continue with those proceedings, must give the trustee three weeks notice in writing before doing so. According to Pittman AJP, the trustee could waive this provision as he was not a public officer entrusted with the exercise of rights on behalf of the public at large. He represents only the creditors and the debtor.[70] Gane AJ, relying on *Trustee, Assigned Estate Wall v Illovo Trading Co*,[71] stated that it was certain that a trustee was "in some sense" an officer of the court. The judge pointed out that the election of the trustee is confirmed by the Master,[72] that the trustee is not entitled to resign without the permission of the court,[73] and that the trustee *inter alia* has to investigate the transactions of the insolvent and assist in prosecutions of the insolvent if required by the Master.[74] In *Estate Behr v Klotz*[75] Greenberg J referred in an *obiter* statement to the trustee as an officer of the court and stated this as the reason for his conduct being open to censure.[76]

Gilbert v Bekker[77] is the only case in which our courts have considered in some detail whether a trustee is an officer of the court. Coetzee J referred to

---

61 529.
62 *The law of insolvency* (1988) 186.
63 185.
64 De la Rey *Mars: The law of insolvency in South Africa* (1988) 14.
65 59 of 1959.
66 14 fn 44.
67 It is interesting to note that in the old Transvaal Proclamation 14 of 1902 s 8 refers to the Master as an officer of the court.
68 1933 EDL 322.
69 32 of 1916.
70 327.
71 *Supra*.
72 S 64 Insolvency Act 32 of 1916.
73 S 61(1) Insolvency Act 32 of 1916.
74 S 153(1) Insolvency act 32 of 1916.
75 1926 TPD 353 361.
76 See also *Enyati Resources Ltd v Thorne* 1984 2 SA 551 (C) 556.
77 1984 3 SA 774 (W).

Mars[78] who states that a trustee is an officer of the court. After having considered the cases of *Trustee, Assigned Estate Wall v Illovo Trading Co*,[79] *Gluckman v Wylde*[80] and *Estate Behr v Klotz*,[81] Coetzee J took the view that in none of these cases was it necessary to decide pertinently whether a trustee is an officer of the court.[82] These cases are therefore insufficient authority to establish that the trustee is indeed an officer of the court and that something flows from it.[83] Coetzee J went on to say that, at best, it is a nebulous concept[84] and concluded that it is inappropriate to regard a trustee as an officer of the court.[85] He simply holds one of the many offices created by statute. Moreover, the judge felt that even if a trustee is an officer of the court, no legal consequences flow from such position.[86]

As Coetzee J pointed out in *Gilbert v Bekker*[87] insolvency administration in England is fundamentally the function of the court.[88] Section 363 of the English Insolvency Act, 1986 provides that every bankruptcy is under the general control of the court which has full powers to decide all questions of priorities and all other questions of law or fact arising in any bankruptcy.[89] This approach differs completely from that followed in South Africa.[90] It is clear that the court has retained its common law power to remove a trustee on the grounds of misconduct.[91] However, this does not necessarily lead to the conclusion that a trustee is an officer of the court.

There is scant authority in South Africa for the proposition that the liquidator is an officer of the court. In *Concorde Leasing Corporation (Rhodesia) Ltd v Pringle-Wood NO*[92] Beadle ACJ simply quoted the following paragraph from *Halsbury's Laws of England*[93] when referring to the duties of a liquidator:

> "The liquidator must, as an officer of the Court, maintain an even and impartial hand between all the individuals whose interests are involved in the winding-up."

Relying on *Concorde Leasing Corporation*,[94] Henochsberg states that in a compulsory winding-up the liquidator is an officer of the court.[95] Without

---

78 *The law of insolvency in South Africa* (1980) 239. It is interesting to note that in the 8th edition of Mars 15, the approach of *Gilbert v Bekker supra* that a trustee is not an officer of the court although he exercises his functions under the Master's supervision, was adopted. See also Smith 185–186.

79 *Supra*.

80 *Supra*.

81 *Supra*.

82 *Supra* 780.

83 *Gilbert v Bekker supra* 780.

84 *Ibid*.

85 *Gilbert v Bekker supra* 781.

86 781E–F.

87 *Supra*.

88 778.

89 This power is subject to the provisions of Part IX of the Insolvency Act, 1986.

90 *Gilbert v Bekker supra* 778.

91 *Fey NO and Whiteford NO v Serfontein* 1993 2 SA 605 (A) 612.

92 1975 4 SA 231 (R) 234.

93 Par 1112.

94 *Supra*.

95 Meskin (ed) *Henochsberg on the Companies Act* vol 1 (1994) 788.

referring to any direct authority, the following is simply stated in *The Law of South Africa*: "As an officer of the court the liquidator must maintain an even and impartial hand between all the individuals whose interests are involved in the liquidation."[96]

The question whether the court has control over the liquidator may have led to his being perceived as an officer of the court. Previously, the court did have the power to appoint a liquidator[97] and to fill a vacancy in the office of the liquidator.[98] However, it is now the Master who appoints a liquidator, whether in a voluntary winding-up or in a winding-up by the court and it is the Master, and not the court, who can fill vacancies in the office of a liquidator.[99] Although the Master may remove a liquidator in terms of section 379(1) of the Companies Act,[100] the court may also, on the application by the Master or any interested person, remove a liquidator from office if the Master fails to do so in any of the circumstances mentioned in subsection (1) or for any other good cause.[101] In *Ex parte Bowman: In re International Rock Products (Pty) Ltd*[102] the court, declaring the dissolution of a company void, held that although section 420 empowers the court to make an order upon such terms as it thinks fit, it does not empower the court to appoint an entirely new liquidator – that was the Master's duty.[103]

In *James v Magistrate, Wynberg*[104] application was made by a sole member of a close corporation in liquidation for an order preventing his interrogation in terms of section 415 of the Companies Act.[105] The basis for the application was that the liquidator was not impartial and was biased in favour of one of the interested parties. Thring J, in discussing the duties of the liquidator,[106] referred to relevant authorities dealing with the question whether a liquidator is an officer of the court[107] and concluded that it was unnecessary to decide this point.[108] Whatever the status of the liquidator, it is clear that he stands in a fiduciary position in relation to the company, its members, and its creditors, as a whole.[109] Thring J held that the liquidator must not only be independent, but must also be seen to be so.[110]

---

96 See Blackman "Companies" 4 *LAWSA* par 522.
97 *Murray v Edendale Estates Ltd* 1908 TS 17 19. See also s 124(1) Companies Act 46 of 1926.
98 S 124(5) Companies Act 46 of 1926.
99 S 367 and 377 Companies Act 61 of 1973.
100 61 of 1973.
101 This is very similar to the power which the court in England has to remove voluntary liquidators in terms of s 108 Insolvency Act, 1986.
102 1985 1 SA 70 (W).
103 73.
104 *Supra*.
105 61 of 1973.
106 12–13.
107 13.
108 *Ibid*.
109 *Ibid*.
110 14. See also *Re Allebart (Pty) Ltd (in liq); Re Home Holdings (Pty) Ltd (in liq)* [1971] NSWLR 24; *Re Intercontinental Properties (Pty) Ltd (in liq)* 1977 (2) ACLR 488.

CONCLUSION

The issue of whether trustees or liquidators are officers of the court generally arises where their conduct is being scrutinised by the court. It is clear that both trustees and liquidators occupy a fiduciary position and must act accordingly. Whether they are officers of the court or not does not alter the content of their fiduciary duty. Furthermore, the duty of attorneys and advocates to represent indigent clients cannot be traced back to their status as officers of the court, since barristers of England, where this concept originated, were never considered to be officers of the court.

Originally, those who were referred to as officers of the court, held official positions in the court. This included their being subject to regulation by the court and their having certain specific privileges. Subsequently, when solicitors who were not official court appointees, laid claim to being regarded as officers of the court (presumably to enjoy the privileges that went hand in hand with such a position), the concept started to lose its original meaning. It has now been watered down to such an extent that it has, in the words of Coetzee J in *Gilbert v Bekker*, become "a nebulous concept at best".[111] Accordingly, it is submitted that this phrase no longer has any legal significance and should therefore be avoided.

> *When interpreting the Constitution and more particularly the Bill of Rights, it has to be done against the backdrop of our chequered and repressive history in the human rights field. The State, by legislative and administrative means, curtailed the common-law human rights of most of its citizens in many fields while the courts looked on powerless. Parliament and the executive reigned supreme.*
>
> *It is this malpractice which the Bill of Rights seeks to combat. It does so by laying down the ground rules for State action which may interfere with the lives of its citizens. There is now a threshold which the State may not cross. The Courts guard the door* (per Von Dijkhorst J in *De Klerk v Du Plessis* 1995 2 SA 40 (T) 46).

111 *Supra* 780.

Deliktuele aanspreeklikheid weens nadeel deur onbekende lede van 'n groep toegebring II: Terminologiese lig op die aard van aanspreeklikheid en die benaderingswyses in die Anglo-Amerikaanse en Duitse reg

(*vervolg*)[1]

CFC van der Walt
BJur et Art LLD
Professor in die Privaatreg, Potchefstroomse Universiteit vir CHO

SUMMARY

Delictual liability for harm brought about by unknown members of a group II: Terminological light on the nature of the problem and the approaches in Anglo-American and German law

In this article the attempt to discover the nature of the present problem is continued.

It appears that the Anglo-American legal systems approach the matter from the angle of different categories of tortfeasorship, whereas the Romano-Germanic systems deal with it in terms of different categories of causality. In view of the hybrid character of the South African legal system, it seems profitable to study both approaches.

As far as South African law is concerned, attention has been given to questions concerning the matter of contribution, but that is as far as it has gone.

From the discussion of other legal systems, it appears that the need to make some provision for dealing with the problems arising from the malfunctioning of the *conditio sine qua non* test for causality in these cases is generally recognised. This need has been addressed in different ways by legislatures, courts and academics in the legal systems covered here. However, it has become clear that no satisfactory answers to the manifold questions caused by group activities where causality cannot be directly proven, have as yet been found in the Anglo-American or German legal systems. Nevertheless, the results of their struggle encourage us to look further.

In the next part of this report, the position in Swiss law having been set out, the interesting route taken in the Netherlands recently will be considered. From this it will become clear that elements such as tortfeasorship and causation will have to be refined in order to reach our ultimate goal. It is most important that the law of delict, in tandem with other legal and non-legal disciplines, should be enabled to provide suitable remedies for

---

1 Deel 1 van die verslag oor hierdie ondersoek het verskyn in 1995 *THRHR* 421–439. Die finansiële en ander ondersteuning wat verleen is deur die Sentrum vir Wetenskapsontwikkeling, Getrouheidsfonds vir Prokureurs en PU vir CHO het meegehelp dat hierdie ondersoek onderneem kon word. Elke bydrae word met dank erken. Standpunte hierin ingeneem, moet uiteraard slegs aan die navorser toegeskryf word.

these cases of multi-causal harm caused through demonstrations, otherwise the fundamental right of all citizens to demonstrate cannot be upheld.

1 INLEIDING

Alvorens nagegaan word wat geput kan word uit die regsvergelykende gegewens oor die moontlike aard van en vereistes vir die aanspreeklikheid van 'n groepslid waar 'n onbekende uit 'n groep nadeel onregmatig toegebring het, moet enkele verdere begrippe wat spesifiek in hierdie verband gebruik word, vasgestel word. Daaruit kan reeds iets meer agtergekom word van waarmee ons hier te make het. Daarna word gekyk na die hantering van sodanige gevalle in die Anglo-Amerikaanse en Duitse regstelsels.

2 MOONTLIKE TERMINOLOGIESE LIG OP DIE AARD VAN AANSPREEKLIKHEID IN DIE ONDERHAWIGE GEVALLE

'n Opvallende verskil in benadering tussen die Anglo-Amerikaanse en Romeins-Germaanse regstelsels wat hier na vore kom, is dat die kwessie in eersgenoemde geval volgens *verskillende kategorieë daders* gehanteer word,[2] en in laasgenoemde gevalle as een van *verskillende kategorieë waarin die kousaliteitselement* onderverdeel kan word. Die twee benaderingswyses lewer nie in alle opsigte heeltemal ooreenstemmende indelings op nie, en dit kompliseer begripsvorming oor die onderwerp en bemoeilik die ondersoek enigsins. Met die oog op die gemengde aard van die Suid-Afrikaanse reg, moet met invloede uit albei hierdie twee regskulture rekening gehou word by die bespreking van die onderwerp. Op plekke kan selfs 'n mate van herhaling in die bespreking nodig wees ten einde verwarring te voorkom.

2 1 Gesamentlike daders

Gesamentlike daders[3] is persone wat saam (kragtens "some common enterprise"[4]) dieselfde nadeel veroorsaak.[5] Hier bestaan konkurrensie ten opsigte van die *common enterprise* én die nadeel.[6] Elke gesamentlike dader se besondere bydrae tot die nadeel hoef nie vasgestel te kan word nie en dit maak in beginsel nie saak of elkeen op sy eie of hulle almal weens opset of nalatigheid verwyt kan word, en of van hulle skuldloos of weens risikoverhoging aanspreeklik gestel word nie. Hier, so word kragtens die *common law* geoordeel, bestaan daar slegs een skuldoorsaak.[7] Gesamentlike daders is gesamentlik en afsonderlik

2 Dieselfde problematiek doen hom ook in die strafreg voor (sien bv Snyman *Strafreg* (1992) hfst 5 6). Die bespreking van deelneming, begunstiging, poging, sameswering en uitlokking kan as agtergrondmateriaal met vrug gelees word alhoewel dit ongelukkig nie 'n antwoord bied vir die probleem waarmee die deliktereg in die onderhawige verband gekonfronteer word nie.

3 Fleming *The law of torts* (1992) (hierna Fleming) 255.

4 *Ibid.*

5 Hulle word "joint concurrent tortfeasors" genoem.

6 Fleming 255.

7 *Idem* 255 258.

aanspreeklik vir al die nadeel wat ontstaan het uit enige lid van die groep se deliktuele handeling.[8] Prestasie deur een bevry die ander en hulle het onderlinge verhaalsregte teenoor mekaar.

Die begrip "gesamentlike dader" word veral in die Anglo-Amerikaanse reg aangewend om iemand wat op daardie bepaalde manier deel van 'n groep was, se aanspreeklikstelling vir nadeel veroorsaak deur 'n onregmatige daad van 'n onbekende persoon uit daardie groep te beskryf. Dit is dus vir hierdie aspek van die ondersoek van belang.

2 2 Mededaders

2 2 1 Algemeen

Mededaders is afsonderlike konkurrente daders, dit wil sê verskillende persone wat onafhanklik van mekaar dieselfde nadeel veroorsaak, ongeag of dit eenmalig of in fases intree.[9] Konkurrensie bestaan hier slegs ten opsigte van die nadeel. Dit veronderstel dat bewys kan word welke persone aan die benadeling meegewerk het *maar nie wat elkeen se aandeel daaraan was nie.*[10] Hier maak dit in beginsel ook nie saak of hulle elkeen of almal weens opset of nalatigheid verwyt kan word, en of van hulle skuldloos of weens risikoverhoging aanspreeklik gestel word nie. Volgens die *common law* is daar soveel skuldoorsake as wat daar mededaders was.[11] Mededaders is hoofdelik aanspreeklik vir al die nadeel wat veroorsaak is (elkeen afsonderlik vir die geheel). Prestasie deur een bevry die ander en hulle het onderlinge verhaalsregte teenoor mekaar.

Hierdie begrip word soms aangewend om iemand wat deel van 'n groep was, aanspreeklik te hou vir nadeel aangerig deur 'n onregmatige daad van 'n onbekende persoon uit daardie groep, deurdat *die mate waarin elke mededader tot die benadeling bygedra het*, nie bekend hoef te wees nie. Aangesien die kousale verband tussen elke mededader se handeling en die intrede van die nadeel egter wél vasgestel moet wees, maar net nie die kousale uitwerking (graad) daarvan nie, is hierdie gevalle vir hierdie ondersoek net deels van belang.

2 2 2 Die onderskeid tussen gesamentlike daders en mededaders

Uit die voorgaande is dit al duidelik dat dit in die *common law* stelsels nie juis meer so belangrik is om tussen gesamentlike daders en mededaders te onderskei nie.[12]

Die ou reël van die *common law* – dat geen bydrae van ander gesamentlike daders geëis kan word waar een gesamentlike dader die eiser se eis bevredig het nie[13] – is in die Verenigde State van Amerika tot ongeveer 1970 baie algemeen

---

8 *Sir John Heydon's Case* [1613] 11 Co Rep 5, 77 ER 1150.

9 Hulle word "several concurrent tortfeasors" genoem.

10 Sien par 2 5 2 hieronder.

11 Fleming 255 257–258.

12 Ingevolge a 6(1) van die Law Reform (Married Women and Tortfeasors) Act 1935, vervang deur a 1 Civil Liability (Contribution) Act 1978 (soortgelyke wetgewing geld ook in Australië (Fleming 258 fn 31 260–262) en in die RSA, waar die posisie deur die Wet op Verdeling van Skadevergoeding 34 van 1956 soos gewysig deur die Wysigingswet op Verdeling van Skadevergoeding 58 van 1971 gereël word.

13 *Merryweather v Nixan* 8 TR 186 (1799) 101 ER 1337; Keeton *Prosser and Keeton on the law of torts* (1984) (hierna Prosser) 336; Fleming 259.

toegepas op enige konkurrente dader, hetsy hy 'n gesamentlike dader of 'n mededader was. Geen onderskeid is dus tussen die twee klasse daders gemaak nie. Sedertdien is wetgewing egter in die meeste Amerikaanse state[14] aanvaar om bydrae in albei gevalle tog op 'n manier toe te laat, steeds sonder om tussen die twee klasse daders te onderskei.[15] Ter uitvoering daarvan kan 'n eiser wat weens enige skuldoorsaak (nie meer net onregmatige daad nie) vonnis teen 'n verweerder verkry het, nou in 'n latere aksie vonnis verkry teen enige iemand anders wat ook vir die benadeling aanspreeklik is, en kan selfs in die tweede aksie meer verhaal word as wat in die eerste aksie die geval was.[16]

Vir Australië verdedig Fleming[17] steeds die voorskrif dat nié in die tweede aksie meer as in die eerste aksie verhaal kan word nie omdat dit glo "verdict shopping" sou help voorkom. Uiteraard kan in totaal nie méér as die volle nadeel verhaal word nie.[18] Koste word in die tweede aksie ook slegs toegestaan as daar na die mening van die hof redelike gronde was om die tweede aksie in te stel.[19] Hoe dan ook, is die enigste oorblywende verskil tussen gesamentlike daders en mededaders in die *common law* dat 'n notariële kwytskelding ("release under seal") of skikking met een gesamentlike dader ook die ander bevry, terwyl dit nie die geval by mededaders is nie.[20]

Hierdie twee kategorieë daders moes in die Suid-Afrikaanse reg van mekaar onderskei word voordat die Wet op Verdeling van Skadevergoeding 34 van 1956 op die wetboek geplaas is.[21] Die redes daarvoor was dat, net soos in die *common law*-stelsels, hier te lande voorheen geen onderlinge bydraeplig tussen gesamentlike daders erken is nie, en dat die 1956-wet die posisie tussen gesamentlike en mededaders eenvormig reël. Vanweë die siening dat die 1956-wet nie gevalle van afsonderlike daders[22] of *iniuria*[23] dek nie, het die gemenereg egter vir daardie gevalle van belang gebly.[24] Bogenoemde onderskeid moet hier dus ongelukkig nog steeds gemaak word. Dat dit verwarring kan laat ontstaan, is duidelik.

2 2 3 Die onderskeid tussen sekere gevalle van mededaderskap en kumulatiewe kousaliteit

In die Anglo-Amerikaanse literatuur word by die verklaring van die term mededaders[25] nie onderskei tussen gevalle waar elkeen se afsonderlike gedraging vir

---

14 En Australiese state (Fleming 258 fn 31 260–262).

15 Prosser 337–341. Tans verhinder 'n vonnis teen een gesamentlike dader nie meer 'n eis of die voortsetting van 'n aksie teen die ander nie.

16 Brazier *The law of torts* (1993) (hierna *Street on torts*) 579 wys op hierdie verskil tussen die 1935- en 1978-wette. Dit is ook in die VSA die geval (Prosser 330–331).

17 258.

18 Prosser 330–331.

19 Fleming 258.

20 *Street on torts* 579.

21 Bv Van der Walt *Delict: principles and cases* (1979) par 60. Hulle word steeds in verband met a 1 van die 1956-wet van mekaar onderskei.

22 Tap.

23 Tap.

24 Tap.

25 Dws "several concurrent tortfeasors".

die intrede van die nadeel nodig was maar geeneen van hulle op sigself die nadeel teweeg kon gebring het,[26] en dié waar die volle nadeel reeds deur enige een van die kumulerende, afsonderlike gedraginge kon ingetree het nie;[27] laasgenoemde word eenvoudig aangemerk as gevalle waar dit nie moontlik is om die nadeel tussen die mededaders te verdeel nie.[28] Gevolglik word hulle solidêr aanspreeklik gehou. Die deelbaarheid van die nadeel word sodoende 'n belangrike faktor wanneer besluit moet word of iemand aanspreeklik gehou moet word vir nadeel wat (in 'n onbekende mate) deur 'n ander groepslid aangerig is.

Fleming[29] maak wel die bogenoemde onderskeid in verband met die kousaliteitsvereiste, maar wys daarop dat die howe geneig is om in sodanige gevalle beleidsoordele te vel.[30] Elke mededader word dan eenvoudig vir die volle nadeel aanspreeklik gehou – en daarmee word die kwessie van kumulatiewe kousaliteit in die groepskonteks vir die Anglo-Amerikaanse reg as afgehandel beskou!

2 3 Afsonderlike daders

Afsonderlike daderskap kom voor waar verskillende persone onafhanklik van mekaar verskillende nadele aan dieselfde eiser of aan verskillende eisers berokken.[31] Elke aangesproke dader se besondere bydrae tot die benadeling moet hier vasgestel word, maar dit maak in beginsel nie saak of hulle elkeen of almal weens opset of nalatigheid verwyt kan word, of skuldloos of weens risikoverhoging aanspreeklik gestel word nie. Hier sal daar ook 'n veeltal van skuldoorsake bestaan.

Ook hierdie begrip word soms aangewend om iemand wat deel van 'n groep was, aanspreeklik te hou vir nadeel veroorsaak deur 'n onregmatige daad van 'n onbekende persoon uit daardie groep, en is dus vir hierdie ondersoek van belang. Hiervan kan enkele voorbeelde genoem word: Een manier is waar uit die feit dat samevoeging van verweerders toegelaat word,[32] afgelei word dat 'n aangesprokene aanspreeklik gehou kan word vir nadeel wat deur 'n onbekende ander groepslid aangerig is. Nog 'n voorbeeld is waar afsonderlike daders verskillende nadeel veroorsaak het terwyl hulle tóg gemeenskaplike opset gehad het.[33]

2 4 Middellike aanspreeklikheid- en volmaggevalle

In sodanige gevalle word, heel algemeen gesproke, iemand aanspreeklik gehou vir onregmatige dade wat in sekere omstandighede deur ander gepleeg is. Die

---

26 Hierdie geval word ook nie in die OR of *BGB* genoem nie.
27 Dws kumulatiewe kousaliteit.
28 *Street on torts* 576–577.
29 196.
30 Fleming 196–197. Hy maak die onderskeid nie met verwysing na die gevalle van aanspreeklikheid weens onregmatige dade in groepsverband gepleeg nie.
31 Hulle word "several tortfeasors" genoem.
32 Sien (f) hieronder oor die verskil in benadering tussen Engeland en die VSA.
33 Ingevolge a 50 OR (Brehm *Berner Kommentar Band VI 1e Abteilung, 3e Teilband, 1e Unterteilband* (1990) (hierna Brehm) 385). Brehm "Zur Haftung bei alternativer Kausalität" 1980 *JZ* 585 (hierna Brehm 1980) kan ook geraadpleeg word.

aanspreeklikgestelde pleeg dus nie self 'n onregmatige daad nie. Op hierdie gevalle word nie verder ingegaan nie.

2 5 Kumulatiewe, bydraende en hipotetiese kousaliteit[34]

2 5 1 Kumulatiewe kousaliteit

Die algemeenste voorbeeld hiervan[35] is waar meerdere persone deur die kombinasie of gesamentlike uitwerking van hulle onafhanklike onregmatige gedraginge dieselfde nadeel veroorsaak het[36] en dit nie bekend is wie van hulle se gedraging daarvoor deurslaggewend was nie, terwyl die volle nadelige gevolg deur elkeen van hulle se gedraging kon ingetree het.[37] Elke mededader se gedraging was hier *'n* oorsaak van die nadeel en hulle word elkeen afsonderlik vir die volle nadeel aanspreeklik gehou.[38]

2 5 2 Bydraende kousaliteit

Fleming onderskei voorts "concurring", oftewel "jointly sufficient causes".[39] Dit is faktore wat gelyktydig of opeenvolgend tot die intrede van die nadeel bydra sonder dat enige faktor op sigself vir die intrede van die nadeel genoegsaam is *of sonder dat elkeen se bydrae daartoe bepaal kan word.*[40] [41] 'n Mens kan dit ter wille van die onderskeid *bydraende kousaliteit* noem. Elke bydraende gedraging was hier *'n* oorsaak van die nadeel en elke dader kan vir die hele nadeel aanspreeklik gehou word.[42] Dit stel elke mededader dus vir die hele nadeel aanspreeklik.[43]

---

34 Daar bestaan eintlik geen standaardbetekenis van enige van hierdie begrippe of ander kategorieë waarin "kousaliteit" onderverdeel word nie. Elke skrywer kies oënskynlik maar 'n terminologiese indeling wat vir die uitbou van sy gedagtegang dienlik is. Hier word nie gepoog om hieroor 'n standaard oftewel nuwe standaard neer te lê nie; verder word nie tot die moontlike verwarring bygedra deur verdere begrippe aan die gebruiklikes toe te voeg nie; nietemin moet nou eenmaal taaltekens vir die verloop van die betoog gebruik word en sal die tradisionele terme aangewend word, behalwe waar hulle werklik ontoereikend is en kritiese kommentaar en aanpassing verdien.

35 Wat Hart en Honoré *Causation in the law* (1985) (hierna Hart en Honoré) 205 "additional causation" noem, en wat Fleming 196 "alternative sufficient causes" noem. Die uitdrukking *cumulative* gebruik Fleming anders (bv 201), nl om faktore aan te dui wat elkeen net 'n bydrae tot die intrede van die nadeel maak, sonder dat enige een op sigself die nadeel kon laat intree het (Hart en Honoré 205 noem dit "contributory causation"), wat hieronder in par 2 5 2 "bydraende kousaliteit" genoem word.

36 Dws mededaders was.

37 Bv Quendoz *Modell einer Haftung bei alternativer Kausalität* Zürcher Studien zum Privatrecht Nr 85 (1991) (hierna Quendoz) 107. Fleming 196 noem ook 'n tweede verskyningsvorm van *alternative sufficient* causes, nl waar die waarskynlike nadelige uitwerking van die tweede alternatiewe oorsaak reeds deur die eerste alternatiewe oorsaak vooruitgeloop is: sien egter par 2 5 3 hieronder.

38 Sien par 2 2 3 hierbo.

39 200–201.

40 Sien par 2 2 1 hierbo.

41 Hierin lê die verskil met die vorige kategorie gevalle.

42 Fleming 201.

43 Solidariteit kan dus daaruit ontstaan.

2 5 3 Überholende Kausalität

Dit word (dalk ietwat onakkuraat) dubbele veroorsaking, "supervening causes",[44] "alternative causes"[45] of [46] hipotetiese kousaliteit[47] genoem. Hier kon die tweede gedraging die nadeel *wat deur die eerste gedraging reeds (minstens gedeeltelik) teweeggebring is*, ten volle veroorsaak het.[48] Die Engelse howe het – myns insiens tereg – in só 'n geval die eerste dader steeds aanspreeklik gehou vir die nadeel wat hy aangerig het en die tweede dader net vir wat hy daaraan toegevoeg het.[49] In latere uitsprake het die House of Lords[50] hierdie rigting bly verdedig met die argument dat dit onbillik sou wees om die eiser tussen twee "stoele" (dit wil sê daders) te laat deurval. Die Law Lords het egter tereg daarop gewys dat die eerste verweerder andersins sal kan sê dat sy aanspreeklikheid staak wanneer die tweede onregmatige daad plaasvind, terwyl die tweede verweerder sal kan sê dat hy die eiser aangetref het nadat die eiser reeds die nadeel gely het!

Die tweede verskyningsvorm van "alternative sufficient causes" wat Fleming[51] noem, naamlik waar die nadeel wat daadwerklik ontstaan het ook deur 'n tweede gedraging veroorsaak sou kon gewees het as dit nie reeds deur die eerste gedraging teweeggebring was nie, is die enigste wat eintlik 'n geval van dubbele veroorsaking genoem kan word. Hier is net die eerste faktor kousaal verbonde en nie die tweede nie[52] – die tweede is dus werklik net 'n hipotetiese oorsaak van die nadeel omdat dit nooit werksaam geword het wat die intrede van die nadeel betref nie. Op beleidsgronde kan die skadevergoedingsbedrag natuurlik by die feite aangepas word.[53]

Albei die voorgaande verskyningsvorme kan van gesamentlike daderskap[54] onderskei word, omdat geen "common enterprise" daarby voorkom nie. Die probleem wat dit met betrekking tot kousaliteit oplewer, is nietemin soortgelyk, te wete dat die *conditio sine qua non*-benadering tot die algehele vryspraak van albei mededaders sal lei, en dit is onsinnig.[55] "Praktische Vernunft"[56] vereis

---

44 Fleming 197.
45 Hart en Honoré 205.
46 Dit is onbevredigend omdat die tweede gedraging inderdaad plaasgevind het maar net nie sy volle werking kon uitoefen nie omdat die gevolg reeds deur die eerste gedraging teweeggebring was.
47 Sien bv Visser en Potgieter *Skadevergoedingsreg* (1993) 85 ev.
48 Bv Quendoz 108; kyk ook die uitspraak van die House of Lords in *Baker v Willoughby* [1970] AC 467 (CA) 475D–476H.
49 Krities hieroor is Fleming 197.
50 Volgens Fleming 198.
51 196.
52 *Ibid.*
53 Soos om by die berekening daarvan die reeds verhoogde kans op nadeel of die reeds verminderde lewensverwagting weens die aanwesigheid van sodanige alternatiewe faktore in ag te neem.
54 Wat Peter *Allgemeiner Teil des Schweizerischen Obligationenrechts von Andreas von Tuhr 1e Band, 1e Lieferung*, 3e Aufl (1974) (hierna Von Tuhr-Peter) 93 "gemeinsame Kausalität" noem.
55 Fleming 196 noem daardie moontlikheid "idiotic".
56 Von Tuhr-Peter 94.

gevolglik dat sodanige mededaders vir die volle nadeel aanspreeklik gehou moet kan word – of ten minste dat die bedrag skadevergoeding op beleidsoorwegings aangepas moet kan word.[57]

2 5 4 Gevalle waar die kousale verloop nie vasgestel kan word nie

Die kousale verloop is in die gevalle wat tot nou toe bespreek is, bekend[58] en dit is duidelik dat 'n beleidsoordeel oor aanspreeklikheid gevel sal moet word – dit is des te meer waar as dit gaan oor aanspreeklikheid weens 'n onregmatige daad in groepsverband. Elkeen van die genoemde kousaliteitskwessies kan dus ook op die gebied van aanspreeklikheid weens onregmatige dade in groepsverband voorkom, maar dit lewer as sodanig nie nuwe probleme in daardie konteks op nie en verdien geen uitgebreide bespreking in verband met hierdie ondersoek nie.

Waar nadeel deur A of B se gedraging in die geheel veroorsaak is maar nie bepaal kan word deur watter een van die twee dit gebeur het nie,[59] is in die Switserse reg 'n analoë reëling as vir die voorgaande gevalle getref: In sodanige gevalle, asook waar verskillende persone andersins weens verskillende aanspreeklikheidsgronde vir dieselfde nadeel aanspreeklik is,[60] volg daar volgens die Switserse regspraak solidêre aanspreeklikheid.

2 5 5 Vrae oor hoe gevalle soos die onderhawige ingevolge die Suid-Afrikaanse reg benader word

In die Suid-Afrikaanse reg was dit voor die 1956-wet nodig om te onderskei tussen gesamentlike mededaders en konkurrente daders. Albei klasse daders was gesamentlik en afsonderlik aanspreeklik, maar anders as by konkurrente daders was daar geen verhaalsreg in die geval van gesamentlike mededaders nie. Of dit alleen genoeg rede was vir die invoeging van hoofstuk 2 van die 1956-wet, is moeilik om te bepaal. Hoofstuk 2 het in elk geval eintlik net te make met die bydraevraag en lê die nodige prosedurereëls neer om dit makliker te maak. Hoofstuk 2 se bepalings kan nie help met die beantwoording van die vraag óf daar aanspreeklikheid moet wees nie. Dit lyk eerder of hoofstuk 2 gesamentlike aanspreeklikheid veronderstel, en bloot die betrokke onderskeid uitdruklik vir doeleindes van 'n bydrae irrelevant gemaak het. Gesien die klem wat daarin op die posisie van die afhanklike en eggenoot geplaas word, is dit duidelik dat eintlik net bedoel is om duidelik te maak dat ook in daardie gevalle van gesamentlike en afsonderlike aanspreeklikheid van die broodwinner/eggenoot se boedel (mededaderskap genoem) sprake is, en om 'n bydraereëling in verband daarmee te tref – iets wat voorheen nie bestaan het nie. Hoe dan ook, die oogmerk was dalk net om die laaste geleentheidsreël vir die betrokke gevalle af te

57 Sien ook bv Visser en Potgieter 86.

58 Alhoewel die kousale bydrae van elke gedraging nie noodwendig bekend hoef te wees nie.

59 Die *BGB* bevat wel 'n bepaling hieroor maar nie die OR nie.

60 Merz *Obligationenrecht Allgemeiner Teil, Erster Teilband* in *Schweizerisches Privatrecht* Von Greyerz, Gutzwiller, Hinderling, Meier-Hayoz, Merz, Piotet, Secrétan, Von Steiger en Vischer 6e Band (1984) (hierna Merz) 102.

skaf. Die opvallende ooreenkomste tussen bepalings van die 1956-wet en die posisie in die *common law* soos gewysig deur die Engelse wetgewing versterk hierdie indruk. Dit lyk desnietemin of die uitwerking daarvan nie was om die onderskeid in die algemeen op te hef nie maar net vir sover dit oor bydrae handel.

Uit die voorgaande is dit duidelik dat die aandag wat tot dusver aan die onderhawige probleem gegee is, beperk gebly het tot die kwessie van onderlinge bydrae. In verband met nadeel wat deur 'n onbekende lid van 'n groep toegebring is, is egter nog geen deurbraak gemaak nie.

3 AANSPREEKLIKHEID VIR NADEEL VEROORSAAK DEUR ONREGMATIGE DADE IN GROEPSVERBAND GEPLEEG VOLGENS ENKELE ANDER REGSTELSELS

3 1 Die Anglo-Amerikaanse regsfamilie

3 1 1 Inleiding

3 1 1 1 Algemeen

In die Anglo-Amerikaanse regsfamilie word die onderhawige gevalle gewoonlik benader as gevalle waar iemand vir 'n onregmatige daad gepleeg deur iemand anders aanspreeklik gehou kan word. 'n Voorbeeld is die verskillende maniere waarop iemand sogenaamd middellik aanspreeklik gehou kan word, wat hieronder ter sprake is. Dit gaan daarvolgens dus nie soseer oor 'n eie deliktuele aanspreeklikheid van die aangesprokene nie. Hierdie opvallende feit moet verstaan word teen die agtergrond van die kasuïstiese "writ"-stelsel wat kenmerkend van die *common law torts* was, en die feit dat nog nie heeltemal aan die nawerkinge daarvan ontsnap kon word nie.[61] 'n Algemene aanspreeklikheidsbeginsel is naamlik ook nog nie oral in hierdie regsfamilie van krag nie. Om die gevalle waaroor hierdie ondersoek handel, eenvoudig te tipeer as gevalle waar iemand vir 'n ander se onregmatige daad aanspreeklik is, gaan nie op nie. Dit sluit dan ook byvoorbeeld verteenwoordiging en volmag en middellike aanspreeklikheid in, en sal die ondersoek te ver uitbrei. Gevolglik sal gepoog moet word om vas te stel watter van die tradisionele begrippe aangewend word om die gevalle van onregmatige dade gepleeg in groepsverband te hanteer.

3 1 1 2 Historiese ontwikkeling

Oorspronklik is onder *joint tort* die verbintenisskeppende regsfeit verstaan wat middellike aanspreeklikheid weens gesamentlike optrede (*concerted action*) ten grondslag lê.[62] Almal wat gesamentlik (*in concert*) opgetree het om 'n *trespass* te pleeg terwyl hulle 'n *common design* nagestreef het, word ten volle aanspreeklik gehou vir die gevolge van daardie optrede. In die *Heydon*-saak word

---

61 Dink aan Maitland se bekende woorde oor die voortgesette invloed van die formalistiese spoke uit die verlede in Maitland *The forms of action at common law* (Chaytor en Whittaker (reds)) (1968) 1.

62 *Sir John Heydon's Case* [1613] 11 Co Rep 5, 77 ER 1150; Prosser 322; Harper, Fleming en Gray *The law of torts* vol 3 (1986), met *1991 Cumulative Supplement No 2* (hierna Harper *et al*) 1 ev.

hierna verwys as 'n "joint enterprise"; dit is waar elkeen as lid van 'n groep aan die onregmatige optrede deelneem en die handeling van enige enkele persoon dan as't ware almal daar aanwesig se handeling word. Afgesien van die vraag van wat en hoeveel elke individuele party dus self gedoen het, word elkeen vir die geheel aanspreeklik gehou asof hy self die gewraakte handeling verrig het. Geen verdeling van skadevergoeding of beperking van aanspreeklikheid volgens redelike voorsienbaarheid vind gevolglik plaas nie.

Die agtergrond hiervan is volgens Prosser[63] die primêr strafregtelike aard van die aksie weens *trespass*, 'n aksie wat steeds ook in die strafreg voortbestaan.[64] Fleming[65] wys daarop dat dit grootliks ooreenstem met die omskrywing wat in die strafreg gegee word van *principals in the first and second degree*. Dit sluit dus almal in wat hulp verleen, aanmoedig of doelbewus aanwesig is, sonder dat aktiewe optrede vereis word: "Knowingly assisting, encouraging or merely being present as a conspirator at the commission of the wrong would suffice."[66]

3 1 1 3 Die vereiste van opset of nalatigheid

Daar word vereis dat elke lid van die groep wat aangespreek word, die opset of nalatigheid wat vir aanspreeklikheid op grond van 'n onregmatige daad nodig is, moet gehad het.[67] Hieruit is dit duidelik dat die howe slegs aan skuldaanspreeklikheid dink – waar skuld ontbreek, is geen gesamentlike mededaderskap voorhande nie al bevorder sodanige onskuldige optrede van een ook die deliktuele oogmerke van die ander.[68]

Delikte waarvoor nalatigheid vereis word, word oor dieselfde kam geskeer as die waarvoor opset vereis word. Hoe ver daarmee gegaan is, blyk uit *Brook v Bool*.[69] Dit was die geval waar 'n verhuurder sy huurder gevra het om hom te help om 'n gaslek op te spoor. Hulle was beide nalatig deur albei met 'n ope vlam na die gaslek te soek. 'n Ontploffing het gevolg en die verhuurder is vir al die gevolge daarvan aanspreeklik gehou. Die redes daarvoor was dat hulle

---

63 323.

64 Glanville Williams *Textbook of criminal law* (1983) 915 ev; Archbold *Criminal pleading, evidence and practice* (1994) 29–50 ev.

65 256.

66 *Ibid*. Volgens wat Prosser 324 meedeel, was "conspiracy" die "writ" wat gebruik is waar twee of meer persone saamgesweer het om die regsprosedure te misbruik, en was dit die voorloper van die aksie weens kwaadwillige gedingvoering. Later is dit vervang deur 'n aksie "on the case" en is dit uitgebrei na sowel die deliktuele as die strafregtelike aanspreeklikheid van diegene, anders as die dader self, wat by die beplanning van, hulpverlening by of aanmoediging tot die verrigting van die daad betrokke was.

67 Prosser 324: "It is furthermore, essential that each particular defendant who is to be charged with responsibility shall be proceeding tortiously, which is to say with the intent requisite to committing a tort, or with negligence."

68 Prosser 324 met verwysing na hofsake. Die vereiste dat elke gesamentlike mededader self ook *shall be proceeding tortiously*, beklemtoon waarskynlik net dat hy bewustelik of nalatig moet gehandel het om 'n onregmatige daad (vermoedelik die een wat die dader gepleeg het) daar te stel. Uit hierdie stelling kan nie afgelei word dat die posisie is dat die aangesprokene sélf deur sy deelname 'n onregmatige daad pleeg nie.

69 [1928] 2 KB 578: Fleming 256.

gesamentlike mededaders was, onder andere omdat hulle met 'n *concerted action* besig was (die ander rede was dat die verhuurder die huurder gemagtig het om só te handel). Hulle het kennelik nie afgespreek om op 'n nalatige manier na die gaslek te soek nie, maar die feit dat die verhuurder self nalatig meegedoen het en, meer nog, dat hy die voorbeeld gestel het deur eerste die vlam aan te steek, asook die feit dat hy as verhuurder in 'n gesagsposisie teenoor die huurder gestaan het, het tot die bevinding dat hy aanspreeklik was, gelei.[70]

3 1 1 4 Pleeg die aangesprokene self 'n onregmatige daad?

Vir die onderhawige bespreking is dit belangrik om te bepaal of die aangesproke groepslid self 'n onregmatige daad begaan het wanneer nadeel deur 'n onbekende dader uit die groep aangerig is. Prosser[71] deel mee dat dit omstrede is of die *conspiracy* op sigself reeds 'n delik daarstel, en of dit van 'n ander delik afhanklik is. Enersyds moet daar 'n handeling wees alvorens van 'n delik enige sprake kan wees (afgesien van wat vir misdade vereis word) – en die blote afspraak sonder dat 'n delik ten gevolge daarvan gepleeg word, kan nie 'n handeling daarstel nie.[72] Diegene wat net by die beplanning, hulpverlening of aanmoediging betrokke was, kan dus nie aanspreeklik gehou word nie tensy daar metodes aangewend of doeleindes verwesenlik word wat self deliktuele aanspreeklikheid kan laat ontstaan. Desondanks is daar gevalle waar sekere klasse optrede, ofskoon dit nie onregmatig sou gewees het as dit deur net een mens begaan is nie (soos boikotte), wanneer dit deur 'n groep gedoen word dermate dwangmatig word of op onbehoorlike beïnvloeding of 'n beperking van handelsvryheid neerkom, dat dit as onregmatig aangemerk moet word. Die kategorie waarin hierdie soort gevalle ingedeel kan word, word deur Prosser[73] as onbelangrik aangemerk – belangrik is vir hom net dat die kombinasie van persone (*combination*) of sameswering (*conspiracy*) dan 'n bepalende faktor vir die vestiging van aanspreeklikheid is. By sy voorbeeld van boikotte wil ek in die konteks van hierdie ondersoek ook optogte en demonstrasies insluit.

3 1 1 5 Gevalle van skuldlose of risiko-aanspreeklikheid

Fleming[74] wys daarop dat dit dalk nie altyd nodig is dat die partye moet weet dat hulle 'n delik begaan nie. Ter stawing hiervan verwys hy na die posisie by *libel*, waar dit vir aanspreeklikheid nie vereis word dat die partye hoef te weet dat wat hulle gepubliseer het lasterlik is nie.[75] Die regspraak bepaal dat waar gekwalifiseerde privilegie teen beweerde laster opgewerp word, en kwaadwilligheid dus bewys moet word om oorskryding van die regverdigingsgrond te bewys, slegs die persone by wie kwaadwilligheid bewys word gesamentlike mededaders sal wees.[76]

---

70 Fleming 256.
71 324.
72 Die ou saak *James v Evans* 3d Cir 1906 159 F 136 140 bied hiervoor steun.
73 324.
74 255.
75 Fleming 255 vn 8 en gesag daar gegee; *Street on torts* 576 bevestig dat dit die geval is, nav wat die Porter Committee (Cmd 7536 29) oor laster gesê het.
76 *Gardiner v Moore* [1969] 1 QB 55; [1966] 1 All ER 365.

3 1 2 Verskyningsvorme ingevolge die Anglo-Amerikaanse reg

Gesamentlike mededaderskap kom volgens *Street on torts*[77] op gesag van uitsprake in *The Koursk*[78] voor:

(a) Wanneer 'n werkgewer middellik aanspreeklik gehou word vir die delik van sy werknemer. Hierdie kategorie word om twee redes tersyde gelaat: (i) omdat die identiteit van die persoon wat die nadeel deur sy onregmatige daad aangerig het, bekend moet wees alvorens middellike aanspreeklikheid kan vestig, en (ii) dit hier in elk geval nie oor middellike aanspreeklikheid handel nie.

(b) Wanneer 'n plig verbreek word wat gemeenskaplik op meer as een persoon gerus het (soos op twee okkupeerders van 'n grondstuk; nog 'n voorbeeld sou die plig van naburige grondeienaars ten opsigte van 'n gemeenskaplike muur wees). Hierdie kategorie behels gevalle waar dit vasstaan dat almal op wie die gemeenskaplike plig gerus het, die plig versaak en dus onregmatig gehandel het waardeur nadeel veroorsaak is. Weens die gemeenskaplike aard van hierdie tipe plig kom die vraag of die identiteit van die dader vasgestel kan word nie sinvol voor nie. Hier is die aangesprokene immers weens sy eie pligsversuim aanspreeklik – al is dit 'n plig wat uiteraard net gemeenskaplik kan wees – sodat dit onduidelik is waarom *Street on torts* dit aandui as 'n geval waar iemand weens die onregmatige daad van 'n ander aanspreeklik gestel word.

As sodanig bied hierdie voorbeeld nietemin dalk 'n raakpunt met die onderhawige problematiek. Die aangesprokene word immers weens sy eie onregmatige pligsversuim ten volle aanspreeklik gehou al was sy versuim nie noodwendig die *proximate cause* van die nadeel nie.

(c) Wanneer iemand 'n ander tot die pleeg van 'n delik aanstig (*instigate*).[79] Hier is dit dikwels duidelik wie die aanstigter en wie die aangestigte is en doen die probleem met 'n onbekende dader uit 'n groep hom dus nie noodwendig voor nie. Die aanstigter handel self onregmatig terwyl die nadeel fisies deur die aangestigte aangerig word. Dit laat die geval in daardie sin dus vertoon soos 'n ooreenkoms met aanspreeklikheid weens onregmatige daad in groepsverband gepleeg. Hierdie verwantskap word nog duideliker waar die aanstigter hom tot 'n groep mense gerig het. Iemand wat ander mense aangestig het tot optrede wat voorsienbaar tot nadeel kon lei, behoort immers nie aan aanspreeklikheid te kan ontkom waar 'n onbekende dader uit die aangestigte groep nadeel onregmatig aangerig het nie.

(d) Wanneer persone opgetree het "[in] concerted action to a common end".[80] [81] Hierdie kategorie is hier van belang omdat dit per definisie onregmatige dade

---

77 575. Uit bv Harper *et al* 1–7 blyk dit dat nie in al die gevalle werklik van *joint torts* sprake is nie, maar dat dit gevalle is wat na analogie van *joint torts* met gesamentlike en afsonderlike aanspreeklikheid verbind word en daarom saamgegroepeer word.

78 (1924) P 140 (CA) 152 155.

79 Met verwysing na *Brooke v Bool* [1928] 2 KB 578.

80 *Street on torts* 576, met verwysing na Bankes LJ in *The Koursk* 152: "All those who, in pursuance of a common plan or design to commit a tortious act, actively take part in it, or further it by co-operation or request, or who lend aid or encouragement to the wrongdoer, or ratify and adopt the wrongdoer's acts done for their benefit, are equally liable" (Prosser 323).

81 Prosser 323–324. *Street on torts* 576 vn 20 noem as voorbeelde van hierdie kategorie die geval van direkteure van 'n maatskappy wat die maatskappy gevorm het om delikte te

vervolg op volgende bladsy

gepleeg in groepsverband insluit. 'n Uitdruklike afspraak word nie vereis nie; 'n stilswyende verstandhouding is dus genoegsaam. Waar iemand bloot bewus is van die onregmatige optrede van 'n ander kan dit dien as getuienis van so 'n stilswyende verstandhouding.[82] Dit sluit ook gevalle in waar twee daders wesenlik verskillende *torts* gepleeg het (een het byvoorbeeld 'n slagoffer vasgehou (*imprisonment*) terwyl 'n ander een hom geslaan het (*battery*), 'n derde sy horlosie geneem het (*robbery*) en 'n vierde hom met die dood gedreig het as hy 'n klag sou lê (*assault*). (Hier het 'n mens te make met afsonderlike daders wat deur verskillende *common law torts* te pleeg, onderskeibare nadeel kragtens 'n *common enterprise* veroorsaak het en wat daarom as gesamentlike mededaders gehanteer word.) Die posisie van die verskillende betrokkenes in die geval van laster deur die gedrukte media bied ook 'n voorbeeld hiervan. By die elektroniese media sal dieselfde moet geld. Dit val op dat die afsonderlike gedraginge in die uitvoering van 'n gemeenskaplike onderneming, nadeel moet veroorsaak het waarvoor elkeen se gedraging nodig was (bydraende kousaliteit, dus).

(e) In verband met die voeging van verweerders as medeverweerders.

(i) Voeging en die *single cause*-benadering van die *common law*. Ingevolge die *common law* was dit nie moontlik om afsonderlike konkurrente daders in een aksie saam te voeg nie omdat hulle nie op een en dieselfde skuldoorsaak aangespreek word nie, terwyl gesamentlike mededaders wel gevoeg kon word omdat hulle aanspreeklikheid op dieselfde skuldoorsaak sou berus. Gevolglik is die vraag of die persone as verweerders gevoeg kon word of nie gebruik as die kriterium om te besluit of hulle gesamentlike mededaders of afsonderlike konkurrente daders was. Myns insiens sou dit tot 'n sirkelredenasie moet lei.

(ii) Gevolge van die aanwending van die moontlikheid om te voeg as kriterium om gesamentlike mededaders en onafhanklike konkurrente daderskap gelyk te skakel. Prosser[83] deel mee dat die begrip *joint tortfeasor* ook in die VSA vir hierdie doel gebruik word. Dit geskied op grond van 'n beweerde *mutual agency* of *common duty* tussen hulle omdat daar dan net een skuldoorsaak ten opsigte van hulle sou bestaan. Voeging word egter in die VSA toegelaat – dieselfde posisie heers tans in Engeland en dit word in Australië[84] ook toenemend toegelaat bloot omdat dit prosesregtelik gerieflik is om net een keer te dagvaar. Voeging word sodoende deur sommige howe selfs toegelaat ten opsigte van afsonderlike daders, dit wil sê waar onafhanklike onregmatige dade tot

---

pleeg, of wat in hulle bestuur van die maatskappy 'n delik pleeg of laat pleeg (nav *Rainham Chemical Works Ltd v Belvedere Fish Guano Co* (1921) 2 AC 465 (HL) 476), of wat na die stigting van die maatskappy besluit om delikte te pleeg (*Oertli AG v EJ Bowman Ltd* (1956) RPC (Reports of Patent Cases) 282 292 (nie tot my beskikking nie). Die aanspreeklikheid van vennote weens 'n delik deur een vennoot in die uitvoering van die vennootskap se besigheid gepleeg en die aanspreeklikheid van gesamentlike werkgewers vir delikte deur hulle werknemer in die uitvoering van sy take gepleeg is glo verdere voorbeelde (*Street on torts* 576). *Brooke v Bool* [1928] 2 KB 578 kan ook hieronder ingedeel word.

82 Prosser 323–324.

83 322 ev.

84 Fleming 257–258.

onderskeibare, onafhanklike gevolge gelei het, maar dit die beslissing van feitlike geskille, soos vir die verdeling van skadevergoeding nodig is, makliker sal maak as die verweerders gevoeg word.[85]

(iii) Die moontlikheid om te voeg en die effek van kwytskelding. Die gelykskakeling van afsonderlike konkurrente daders met gesamentlike mededaders bloot omdat hulle saam gedagvaar kan word, het in verband met die effek van kwytskelding van een van die mededaders verdere verwarring meegebring.

Kwytskelding, wat ingevolge die *common law* met beseëling gepaard gegaan het (*release under seal*), het as uitwerking dat die bedrag in die skriftelike stuk vermeld – indien enige, en ongeag daarvan of dit toereikende teenwaarde daarstel – die betrokke vordering ten volle uitwis. Gevolglik wis kwytskelding van een gesamentlike mededader (waar twee of meer *in concert* gehandel het) die enkele skuldoorsaak uit; en omdat daar dan net één skuldoorsaak voorhande is, bevry dit natuurlik ook die ander mededader(s). Waar dit oor afsonderlike konkurrente daders gaan, is daar egter geen rede waarom kwytskelding van een die ander sou bevry nie behalwe vir sover die kwytskelding wel die eis bevredig het – daar is immers net een nadeel gely. Die howe het hierdie reël egter ook op afsonderlike konkurrente daders gaan toepas.[86] Regspraak en wetgewing hieroor kon nog nie al die probleme oplos nie. Meestal word gebruik gemaak van 'n omweg deur te redeneer dat die kwytskelding van een verweerder gepaardgaande met 'n voorbehoud van regte teenoor die ander verweerders op 'n *pactum de non petendo* neerkom, wat dan nie die skuldoorsaak uitwis nie.

Prosser[87] stel voor dat die reël eerder moet wees dat geen eiser 'n skuldoorsaak teen enige verweerder deur kwytskelding verloor nie tensy hy daardie verweerder spesifiek kwytgeskeld het, of reeds wesenlik volledige skadevergoeding ontvang het. Geen verdere vereiste behoort volgens Prosser gestel te word dat die eiser uitdruklik sy aanspraak teen enige verweerder moet voorbehou het nie, en dit behoort ook nie nodig te wees om bogenoemde kunsgreep te gebruik nie. Latere regspraak kom daarop neer dat kwytskelding van minder as die volle bedrag skadevergoeding slegs bevrydend werk ten gunste van daardie verweerders wat spesifiek genoem of andersins geïdentifiseer word. 'n Kwytskelding wat voorgee om alle verweerders kwyt te skeld, is dus kragteloos waar minder as die volle skadevergoeding kwytgeskeld word, asook teenoor verweerders wat nie spesifiek genoem of andersins geïdentifiseer word nie.[88]

(f) Om daardie konkurrente dader aan te dui wie se onregmatige handeling met ander se onregmatige handelinge saamgeval of meegewerk het om die nadeel te veroorsaak (wat hierin afsonderlike konkurrente daders genoem word), maar welke handeling tóg die *proximate cause* van die eiser se nadeel was.[89] Uit die

---

85 Volgens Prosser 327 geskied dit tereg. Dit kom veral tov verkeersbotsings voor.

86 Prosser 332.

87 335.

88 Dobbs *et al Prosser and Keeton on the law of torts, 1988 Pocket Part* (1988) ad: page 335 "new text after n 41".

89 Hierdie geval is in Engeland nie soos in die VSA met gesamentlike mededaderskap verwar nie omdat in Engeland weens die afwesigheid van *concerted action* in sulke ge-

vervolg op volgende bladsy

voorbeelde wat Prosser gee,[90] blyk dat dit hier gaan oor kumulatiewe/konkurrerende kousaliteit sonder dat die gevalle onderskei word (i) waar die identiteit van die opeenvolgende daders bekend is en elkeen van die gedraginge die nadelige gevolge in die geheel sou veroorsaak het, van gevalle (ii) waar die identiteit van die opeenvolgende daders bekend is en hulle gedraginge almal vir die intrede van die nadeel nodig was.

Normaalweg is dit volgens Fleming nie genoeg om tot gesamentlike aanspreeklikheid te lei indien twee mense gemeenskaplik besig is met 'n aktiwiteit wat nie op sigself onregmatig of inherent gevaarlik is nie en nie een van hulle enige rede gehad het om te verwag dat die ander nalatig gaan handel nie. As voorbeeld meld hy[91] die bekende een[92] van twee vriende wat gaan jag en een van hulle dan 'n derde per ongeluk verwond. Selfs al het die vriende ooreengekom dat hulle alles wat hulle sou skiet sou deel (*sic*!), kan hulle tóg nie as gesamentlike mededaders aangemerk word nie.

Fleming[93] wys daarop dat dit kan gebeur dat gevalle van andersins onskuldige *joint enterprise*, deur gebruik te maak van 'n uitgebreide verteenwoordigingskonstruksie, tot gevalle van gesamentlike aanspreeklikheid omskep kan word. Dit gebeur volgens hom egter net soms, en dan net waar dit in verband met skade aan motorvoertuie handel oor eise wat ingestel word om beskikbare versekeringsuitkerings uit te buit.

3 1 3 Gevolge van die onderskeid tussen mede- (konkurrente) daders (hetsy gesamentlike of afsonderlike) en ander afsonderlike daders

(a) Konkurrente daders (hetsy gesamentlike mededaders of afsonderlike konkurrente daders) is aanspreeklik vir die geheel van die nadeel wat gely is (of die nadeel verdeelbaar is, is dus irrelevant), terwyl afsonderlike daders slegs aanspreeklik gehou kan word vir die nadeel wat hulle veroorsaak het.[94]

(b) Voldoening deur 'n konkurrente dader (hetsy 'n gesamentlike mededader of afsonderlike konkurrente dader) bevry al die konkurrente daders, terwyl voldoening deur 'n afsonderlike dader net homself bevry.[95]

---

valle geen samevoeging van die afsonderlike konkurrente daders as medeverweerders sou kon geskied nie (Prosser 328).

90 Van 'n perd wat agtereenvolgens in twee uitgrawings inval; drie agtereenvolgende verkopers van vloeistof, wat daarna ontplof; opeenvolgende mediese dokters wat fouteer; twee onafhanklike verweerders wat 'n besending vertraag, ens (Prosser 326 fn 15).

91 Fleming 256.

92 *Street on torts* 578 gee 'n soortgelyke voorbeeld nav *Arneil v Paterson* [1931] AC 560 (HL); [1931] All ER 90 (HL) (waar twee honde van twee verskillende eienaars gesamentlik 'n aanval op 'n trop skape uitgevoer en verskeie skape beseer het, en die twee eienaars gesamentlik en afsonderlik aanspreeklik gehou is vir die volle nadeel omdat elke hond regtens die hele nadeel veroorsaak het aangesien hulle saam gejag het en nie bewys kon word watter een welke deel van die nadeel veroorsaak het nie).

93 256.

94 *Street on torts* 578.

95 *Ibid. Townsend v Stone Toms and Partners (a firm)* [1981] 2 All ER 690 (CA) bespreek die effek daarvan as die eiser 'n geregtelike inbetaling deur een verweerder aanvaar, op sy reg om ander verweerders wat saam gedagvaar is aan te spreek.

(c) Voeging van verweerders word meer geredelik deur die howe kragtens *Order 16, rule 4* toegelaat in geval van afsonderlike daders as in geval van konkurrente daders.[96]

(d) Tussen konkurrente daders is daar 'n algemene bydraeplig maar nie tussen afsonderlike daders nie.[97]

(e) 'n Verdere reël van die *common law* was[98] dat geen bydrae geëis kan word waar een gesamentlike mededader die eiser se eis bevredig het nie.[99] In die VSA is hierdie reël tot ongeveer 1970 baie algemeen op enige konkurrente dader toegepas hetsy hy 'n gesamentlike of afsonderlike mededader is; sedertdien is wetgewing in die meeste state aanvaar om 'n bydrae op 'n manier toe te laat.[100]

3 1 4 Bewysregtelike posisie

Wanneer eenmaal bewys is dat meerdere mense nalatig opgetree het ten opsigte van 'n nadelige gevolg, moet ook nog bewys word wie van hulle, indien nie almal nie, dit veroorsaak het. Die identiteit van die verweerder moet dus ook nog bewys word aangesien dit nie genoeg is dat bewys word dat A óf B die nadeel veroorsaak het nie – as dit al is wat bewys is, faal die aksie teen albei tensy hulle gesamentlike mededaders was deurdat hulle by 'n *common design* betrokke was, of die een om welke rede dan ook (soos middellike aanspreeklikheid) vir die nalatigheid van die ander aanspreeklik is.[101] Uit simpatie teenoor eisers is hierdie reël in twee opsigte bewysregtelik verslap: (i) in geval van verkeersbotsings naby die middelstreep word aanvaar dat albei partye daaraan skuld gehad het behalwe as die teendeel bewys word; (ii) waar twee of meer daders opsetlik of nalatig gehandel het en nadeel aan die eiser veroorsaak het, maar daar net getuienis is dat die nadeel deur een van hulle veroorsaak is, rus die bewyslas in effek op elkeen om hulle te verontskuldig.[102] Die feit dat die nadeel, omdat sekere getuienis ontbreek, daarom op diegene val wat reeds bewese delikplegers is, is aanvaarbaar.[103] Die enigste geval waar die streng reël dus nog geld en die eiser dus moet bewys dat die aangesprokene die nadeel veroorsaak het, is waar een van twee daders die nadeel veroorsaak het en een van hulle heeltemal of gedeeltelik blaamloos was, maar dit onbekend is watter een of hoe ver.[104]

Dan is dit natuurlik ook so dat die eiser meerdere persone as verweerders kan voeg waar hy onseker is wie van hulle eintlik aanspreeklik is – ook dit kan die eiser aansienlik help.

---

96 *Street on torts* 579.

97 *Ibid.*

98 186. Ingevolge a 1(1) van die Civil Liability (Contribution) Act, 1978 is 'n bydrae ook in die Engelse reg verhaalbaar van enigiemand wat, hetsy gesamentlik of nie, en ongeag of dit op onregmatige daad of enige ander grond berus, vir dieselfde nadeel aanspreeklik is as waarvoor die eiser aanspreeklik gehou is.

99 Prosser 336.

100 *Idem* 337–341.

101 Fleming 200–201.

102 'n Soortgelyke reëling kom tov alternatiewe veroorsaking voor in a 99 *Nieuw BW* (Nederlandse Wetgeving (Oktober 1993; Supplement 95).

103 Fleming 201.

104 *Idem* 202.

3 2 Duitsland

3 2 1 §830 Bürgerliches Gesetzbuch

Wat Duitsland betref, lui §830 *BGB* só:

> "Haben mehrere durch eine gemeinschaftlich begangene unerlaubte Handlung einen Schaden verursacht, so ist jeder für den Schaden verantwortlich. Das gleiche gilt, wenn sich nicht vermitteln läßt, wer von den mehreren Beteiligten den Schaden durch seine Handlung verursacht hat.
>
> Anstifter und Gehilfen stehen Mittätern gleich."

Die grondslag van hierdie reël is dat in gevalle waar meer as een persoon weens sy onregmatige gedraging (doen of versuim) aan die veroorsaking van nadeel *beteiligt* was, elke *Beteiligte* vir die hele nadeel aanspreeklik is afgesien van die mate waarin die nadeel deur sy handeling veroorsaak of medeveroorsaak is. Persone wat hulp verleen by of ander aanstig tot die pleeg van onregmatige dade word net soos gesamentlike daders behandel.

3 2 2 Verskillende vorme van Beteiligung *is moontlik*

Drie vorme van *Beteiligung* is hier ter sprake, naamlik:

(i) Waar twee of meer persone doelbewus saamgewerk het ("in bewußtem und gewolltem Zusammenwirken"[105] [106]) en gemeenskaplik die onregmatige daad gepleeg het waaruit die nadeel ontstaan het. Hulle posisie stem ooreen met wat hierbo in verband met gesamentlike daderskap gestel is.

Elke gesamentlike dader moet die opset hê om deur sy handeling die gevolg teweeg te bring sonder dat die aard of doelmatigheid van elkeen se individuele handeling van belang is. Ook psigiese medewerking, deur byvoorbeeld advies, aanmoediging of voorbereidingstappe is voldoende; geen afspraak is nodig nie en dit maak nie saak of die gesamentlike daders mekaar of die besonderhede van elkeen se handeling ken en of hulle almal toerekeningsvatbaar is nie. Omdat opset by elkeen vereis word, is sodanige gesamentlike daders nie aanspreeklik vir optrede van ander gesamentlike daders wat die grense van hulle opset oorskry nie.[107]

(ii) Waar iemand 'n ander tot die pleeg van 'n onregmatige daad aangestig of daarmee gehelp het. Hierdie tweede vorm word net soos die eerste hanteer. Dit kan voorkom waar dit gaan oor skuld-, skuldlose of risiko-aanspreeklikheid[108] terwyl daar ook voorstelle is dat dit op kontrakbreuk toegepas moet word.[109]

(iii) Waar meerdere persone elkeen deur hul selfstandige, skuldige en onregmatige handelinge tot die skade-intrede bygedra het sonder dat hulle bewustelik saamgewerk het en sonder dat bepaal kan word wie se handeling die nadeel werklik veroorsaak het of wat elkeen se bydrae tot die intrede daarvan was.

---

105 Soos ingevolge §25 2 *StGB* in die strafreg tov mededaders vereis word.

106 *J von Staudinger's Kommentar zum Bürgerlichen Gesetzbuch mit Einführungsgesetz und Nebengesetzen* 12e Aufl (Schäfer) Horn (red) (1986) (hierna Staudinger) §830 Rz 2 3.

107 *Idem* Rz 5 7.

108 *Idem* Rz 43 44.

109 *Idem* Rz 45.

Staudinger noem hierdie 'n geval waar die persone "in einem weiteren Sinn . . . 'beteiligt' waren".[110] Hulle posisie stem ooreen met wat hierbo in verband met mededaders gestel is. Veral hierdie vorm is vir hierdie bespreking van belang.[111]

Die derde vorm van konkurrente daderskap het dusver veral by verkeersongelukke tot die toepassing van §830 I 2 *BGB* gelei waar nie bewys kon word wie van die konkurrente daders uiteindelik vir die intrede van die nadeel verantwoordelik was nie. Die *bewysnood* van die eiser is vroeër deur die howe verlig deur te sê dat in sodanige gevalle *vermoed word* dat alle daders wat die nadeel moontlik kon veroorsaak het, dit inderdaad veroorsaak het en dus ten volle daarvoor aanspreeklik gehou kan word. Om aan aanspreeklikheid te ontkom, moes *die aangesprokene* bewys dat hy nie die nadeel of 'n deel daarvan veroorsaak het nie.[112] §830 I 2 *BGB* is sodoende wyd uitgelê, onder andere op grond van die argument dat dit in belang van die eiser is omdat een van die konkurrente daders moontlik insolvent kan wees.[113] Hierdie stand van die regspraak is oorwegend deur die skrywers goedgekeur hoewel daar ook kritiek was.[114] Die howe het toe 'n nuwe rigting ingeslaan. Die huidige posisie is dat §830 I 2 *BGB* nie gebruik mag word om die eiser weens sy bewysnood of behoefte aan 'n solvente verweerder tegemoet te kom nie.[115] Die gevolg is dat slegs gevalle van werklik alternatiewe veroorsaking[116] [117] onder §830 I 2 *BGB* tuisgebring mag word. Sodra dit bekend is wie die nadeel veroorsaak het, mag §830 I 2 *BGB* nie aangewend word nie.[118] 'n Mens kan dus sê dat die howe teruggekeer het na 'n strenge toepassing van die kousaliteitsvereiste alvorens iemand ingevolge §830 I 2 *BGB* solidêr aanspreeklik gehou sal kan word.

Om nou met 'n eis ingevolge §830 I 2 *BGB* te slaag, moet die eiser ten opsigte van elke *Beteiligte* (hetsy alternatief of kumulatief) bewys dat aan al die vereistes

---

110 *Idem* Rz 1.

111 Wat eg vorm betref, gaan daar stemme op (waaronder veral Deutsch "Die dem Geschädigten nachteilige Adäquanz. Zur einschränkenden Auslegung des §830 I 2 BGB durch den BGH" 1981 *NJW* 2731 (hierna Deutsch) wat ook nalatige persone as mededaders ingevolge §830 I 1 *BGB* wil behandel, in plaas daarvan om hulle as *Nebentäter* (afsonderlike konkurrente daders) aan te merk. *Nebentäter* word vir die hele nadeel aanspreeklik gehou, ook waar hulle dade in tyd en ruimte nou aan mekaar verbonde was, indien hulle dieselfde nadeel veroorsaak het; andersins net vir die nadeel wat elkeen veroorsaak het (BGH *NJW* 88, 1719). Probleme wat oorbly, wil diegene wat só redeneer dan langs die omweg van alternatiewe kousaliteit probeer oplos. Die heersende mening vereis egter steeds opset vir mededaderskap ingevolge §830 I 1 *BGB*.

112 Staudinger §830 Rz 23 24. Die ommeswaai van die bewyslas word dus as tegniek gebruik om die eiser se bewysnood te verlig.

113 Hierdie is klaarblyklik 'n beleidsoorweging wat daarop berus dat dit belangriker sou wees dat aan die eiser 'n solvente verweerder voorsien word as wat dit is dat 'n feitelike kousale verband bewys moet word tussen die aangesprokene se gedraging en die intrede van die nadeel.

114 Staudinger §830 Rz 25.

115 *Idem* Rz 27.

116 Waar bewys is dat die nadeel beslis deur een van die daders veroorsaak is, maar dit onbekend is watter een.

117 Bv Quendoz 3.

118 Sien ook Staudinger §830 Rz 27a.

vir aanspreeklikheid op grond van 'n skuldige onregmatige daad (afgesien van sy spesifieke kousale bydrae) voldoen is, en verder dat elkeen van die *Beteiligten* se optrede die intrede van die nadeel kon teweeggebring het.[119] Kan 'n aangesprokene bewys dat hy nie die nadeel veroorsaak het of kon veroorsaak het nie, kan hy nie ingevolge §830 I 2 *BGB* aangespreek word nie.

Die huidige posisie geld tussen alternatiewe daders slegs vir sover die dader se handeling juis saamval met die gebeure oor die veroorsaking waarvan daar twyfel bestaan: kom 'n derde as afsonderlike konkurrente dader[120] saam met die alternatiewe veroorsakers in die prentjie, kan §830 I 2 *BGB* dus wel toegepas word om hom aanspreeklik te stel.[121]

3 2 3 Kritiek teen die rigting van die Duitse howe

Die huidige trant van die regspraak word deels aanvaar en deels deur skrywers gekritiseer, veral weens die nadele wat dit vir die eiser inhou. Veral Deutsch[122] betoog dat die howe nie aan die oogmerk van §830 I 2 *BGB* uitvoering gee nie, naamlik dat dit beter is om iemand wie se kousale bydrae nie presies bewys kan word nie as mededader aanspreeklik te hou as om die eiser bedroë daarvan te laat afkom. Verder ontneem die howe se benadering die aangesproke mededader ook van 'n mede-aanspreeklike teen wie regres uitgeoefen kan word. Die swaartepunt van die besware is egter dat die howe met hulle beperkende benadering van die gees en letter van die bepaling in §830 I 2 *BGB* afwyk, en daarheen behoort terug te keer.[123] Tensy en totdat dit gebeur, bly §830 I 2 *BGB* se toepassingsveld beperk tot gevalle waar dit vasstaan dat die nadeel deur een van die alternatiewe mededaders adekwaat veroorsaak is,[124] maar dit net onseker is deur watter een.[125] Eers as van die huidige streng handhawing van die kousaliteitsvereiste afgesien word, sal verdere beslag gegee kan word aan die aanspreeklikstelling van *Beteiligten in einem weiteren Sinn* op grond van §830 I 2 *BGB*. Intussen moet verwag word dat gekunstelde argumente gebruik sal word om §830 I 2 *BGB* tóg toe te pas waar net die moontlikheid bestaan dat meerdere mense die nadeel veroorsaak het.[126]

'n Normatiewe oorweging is (weliswaar steeds binne die huidige strenge posisie) in ag geneem in 'n geval waar dit vasgestaan het dat die nadeel deur enige een van die mededaders veroorsaak kon gewees het, maar dit onbekend was hoeveel daarvan elkeen veroorsaak het. Daarin is gevra in hoeverre elkeen se handeling tot die verhoging van die gevaar van skade-intrede bygedra het.[127]

---

119 *Idem* Rz 40.
120 Hetsy hy uit hoofde van onregmatige daad of kontrak aanspreeklik is.
121 Staudinger §830 Rz 28.
122 1981 *NJW* 2731.
123 Staudinger §830 Rz 29.
124 Die adekwasieleer maak 'n mate van normering moontlik deurdat gevra moet word of die gedraging volgens algemene ervaring die kans op die intrede van die nadeel genoegsaam verhoog het.
125 Staudinger §830 Rz 30.
126 Oor só 'n geval berig Staudinger §830 Rz 32 krities.
127 *BGHZ* 67 14 18; Staudinger §830 Rz 30; ook in BGH *NJW* 90, 2882 was 'n geval van kumulatiewe medeveroorsaking ter sprake sonder dat elkeen se bydrae bepaal kon word.

Daar is vereis dat die verskillende gedraginge volgens die alledaagse lewenservaring in die omstandighede samehangende gebeure moet uitmaak. Verder is vereis dat die gevaar wat deur die gedraginge geskep word gelyksoortig moet wees, maar nie in 'n tyd- en ruimtelike verband met mekaar hoef te staan nie.[128]

'n Vroeëre vereiste dat daar tussen die mededaders die een of ander subjektiewe, sielkundige band in die sin van 'n van-mekaar-weet en saam-met-mekaarhandel moet bestaan het, is reeds laat vaar.[129] Intussen verdedig byvoorbeeld Schäfer[130] die inkorting van die kring van *Beteiligten* weens die gestrenge huidige posisie op grond daarvan dat dit groter regsekerheid meebring as wat andersins die geval sou wees. Dit lyk dus of die bekende spanningsverhouding tussen regsekerheid en individuele geregtigheid hom ook hier laat geld.

4 VOORLOPIGE GEVOLGTREKKING

Uit die voorgaande is dit duidelik dat daar nie in die onderhawige gevalle op die gewone maniere na daderskap of kousaliteit gevra moet word nie. Die probleem kan eenvoudig nie so opgelos word nie. Tegelykertyd moet ook nie sonder meer gesê word dat dit gevolglik gevalle is wat nie vir die deliktereg relevant is nie. Die deliktereg moet en kan ook op sodanige gevalle reageer met gepaste regsmiddele (wat in konteks gesien moet word van wat deur ander regs- en ander vakdissiplines gedoen kan word) om die geskonde ewewig in die regswerklikheid te help herstel. Slegs langs daardie geïntegreerde weg kan gehoop word om 'n antwoord te begin bied op die hantering van die nadeel wat in die loop van groepsoptrede in ons land aan die orde van die dag is, sonder om in die proses gewone landsburgers se fundamentele reg om te demonstreer geweld aan te doen. Wat egter nodig is alvorens dit bereik kan word, is dat opnuut gedink sal moet word oor iets soos die hantering van daderskap en kousaliteit. In die verdere bespreking sal oorweeg word watter rigting hieroor aangedui word deur die ontwikkeling wat veral in Nederland plaasgevind het.

---

128 *BGH* 55 86. Hierdie geval herinner 'n mens aan die norm wat ingevolge a 166 *NBW* aangewend word.

129 Staudinger §830 Rz 38.

130 In Staudinger §830 Rz 36 37.

AANTEKENINGE

HORIZONTAL EQUITY AS A CONSTITUTIONAL NORM IN INCOME TAX LAW: AN ANALYSIS WITH SPECIFIC REFERENCE TO SECTION 23(b) OF THE INCOME TAX ACT

1 Introduction

Ample proof of the impact of the Constitution of the Republic of South Africa Act 200 of 1993 (the Constitution) on the Income Tax Act 58 of 1962 (the act) is to be found in the Income Tax Act 21 of 1995 (the 1995 act – *GG* 16542 of 1995-07-19). Various provisions of the 1995 act (eg s 2(b), 5(b), 6, 7(1)(a), (c) and (d), 10(1)(e) and (f), 11(1)(a), 12(1)(b) and (c), 22, 26, 27, 34 to 36, 42 and 44(c)) are aimed at the elimination of provisions in the act that are based on gender or marital status discrimination. These amendments implement some of the recommendations in this regard in the *Interim report of the commission of inquiry into certain aspects of the tax structure of South Africa* (1994 – the *Katz report*, 73 par 6 3 19 and 6 3 20). In analysing the implications of the Constitution for the tax system, the Katz commission considered a number of specific rights set out in chapter 3 of the Constitution, namely those rights relating to equality and unfair discrimination (s 8), personal privacy (s 13), freedom of conscience and religion (s 14), access to courts of law (s 22), access to information (s 23), administrative justice (s 24), the right of an accused to be presumed innocent and not to testify during trial (s 25(3)(c)), and the right to acquire and hold rights in property (s 28).

The provisions of the 1995 act aimed at the elimination of discrimination based on gender or marital status will result in an estimated revenue loss of R2 billion (*Budget speech* of 1995-03-15, 14). This illustrates the potential impact on government revenue of amendments aimed at implementing constitutional requirements. This aspect is of particular importance in the case of income tax, as this tax remains the most important contributor to total tax revenue, its expected contribution being 52,6 per cent of total tax revenue during the current financial year. The single most important revenue source is personal income tax, which should contribute approximately 38,7 per cent of total tax revenue during the current financial year (Department of Finance *Budget review* of 1995-03-15 5 10 – 5 11 par 5 5). The suggestions by the Financial and Fiscal Commission regarding the use of a surcharge on the national personal income tax as a provincial source of income (*Draft framework document for intergovernmental fiscal relations in South Africa* 1995-07-19 20 par 5 2 7) may result in income

tax making an even bigger contribution towards the financing of the provision of public goods and services. It is therefore imperative to consider the possible effect of the Constitution on the current system of income tax, not only in view of the impact on taxpayers of provisions not complying with the Constitution, but also in view of the potential impact of any remedial action on government revenue. A proper consideration of potential problems and pre-emptive measures in this regard may succeed in avoiding the dislocation which may result from an adverse finding by the constitutional court regarding the validity of a specific income tax provision.

The constitutional principles relating to equality and unfair discrimination are of particular importance to income tax. The Katz commission's analysis of the relevant principles is limited in the sense that it deals only with tax provisions discriminating on the basis of gender, sex and age. Taxes can, however, be used as a policy instrument, for example, for redistributing income or wealth or for encouraging or discouraging specific activities by means of tax incentives or disincentives. A tax such as income tax can therefore differentiate between taxpayers on grounds other than the listed ones of race, gender, sex, ethnic or social origin, colour, sexual orientation, age, disability, religion, conscience, belief, culture or language (s 8(2) of the Constitution).

The fundamental question that arises in this regard is whether income tax measures differentiating between taxpayers on grounds other than the listed ones, for example those differentiating between trades or between employees and directors or between various types of transaction, are subject to any constitutional limitations or safeguards. Any enquiry in this regard must therefore deal with the principles regarding equality and unfair discrimination (s 8 of the Constitution) as well as with the principles regarding the justified limitation of fundamental rights (s 33 of the Constitution). The second part of the enquiry is likely to be the crucial one as regards tax law, namely whether a tax principle discriminating or differentiating between taxpayers for administrative or other reasons constitutes a justified limitation of fundamental rights in terms of section 33 of the Constitution. The problems involved in finding an answer to these questions will be illustrated by the consideration of a specific income tax provision of a discriminatory nature not considered by the Katz commission. Any enquiry of this nature must, however, be preceded by an enquiry into the principles underlying the interpretation of the fundamental rights contained in chapter 3 of the Constitution.

2 The interpretation of the fundamental rights

2 1 The transitional nature of the present dispensation

The Constitution is a transitional measure (see the preamble to the Constitution) which is to serve as a

> "historic bridge between the past of a deeply divided society . . . and a future founded on the recognition of human rights, democracy and peaceful co-existence and development opportunities for all South Africans, irrespective of colour, race, class, belief or sex" (the first part of the postscript or epilogue to the Constitution).

It binds all legislative, executive and judicial organs at all levels of government (s 4(2) of the Constitution) and establishes a new order in terms of which it constitutes the supreme law of the Republic. Any law or act inconsistent with its provisions is of no force or effect to the extent of the inconsistency, unless otherwise provided expressly or by necessary implication in the Constitution (s 4(1)). The fundamental rights set out in chapter 3 of the Constitution bind all legislative and executive organs at all levels of government (s 7(1)) and apply to all law in force and all administrative decisions taken and acts performed during the period of operation of the Constitution (s 7(2)). The provisions regarding the fundamental rights are therefore also transitional. The Constitutional Assembly is, however, bound by the constitutional principles set out in schedule 4 to the Constitution in drawing up the final Constitution (preamble and s 71(1), 73(12) and 74(1) read with schedule 4 to the Constitution). The basic point of departure as far as the protection of fundamental rights in the final Constitution is concerned, is that everyone

> "shall enjoy all universally accepted fundamental rights, freedoms and civil liberties, which shall be provided for and protected by entrenched and justiciable provisions . . . which shall be drafted after having given due consideration to inter alia the fundamental rights contained in Chapter 3 of this Constitution" (constitutional principle II).

Provision must furthermore be made for a democratic system of government committed to achieving equality between men and women and people of all races, the prohibition of racial, gender and all other forms of discrimination and the promotion of racial and gender equality and national unity, the equality of all before the law and an equitable legal process, and for freedom of information so that there can be open and accountable administration at all levels of government (constitutional principles I, III, V and IX resp). The final Constitution is to be the supreme law of the land binding on all organs of state at all levels of government (constitutional principle IV). The final Constitution and all fundamental rights are to be safeguarded and enforced by an appropriately qualified, independent and impartial judiciary (constitutional principle VII). It is therefore likely, in the light of these binding principles, that the Constitutional Assembly will adopt many of the provisions regarding fundamental rights contained in the interim Constitution. An analysis of the present position, especially as far as equality and unfair discrimination are concerned, will therefore not necessarily be rendered obsolete by the advent of the final Constitution.

2 2 Guidelines embodied in the Constitution

The Constitution contains some guidelines to the interpretation of the fundamental rights contained in chapter 3. A court must, in the first place, promote the values which underlie an open and democratic society based on freedom and equality. Where applicable, courts must have regard to public international law applicable to the protection of the rights entrenched in chapter 3 and may have regard to comparable foreign case law (s 35(1)). A court must, furthermore, in the interpretation of any law, have due regard to the spirit, purport and objects of chapter 3 (s 35(3)). The provisions of the schedules to the Constitution, as well as the provision in the postscript or epilogue, form part of the substance of the

Constitution for purposes of interpreting the Constitution and do not have a lesser status than any other provision (s 232(4)). A law, the wording of which *prima facie* exceeds the limits imposed by chapter 3, but which is reasonably capable of a more restricted interpretation which does not exceed such limits, shall not be constitutionally invalid solely for that reason, but must be construed in accordance with the more restricted interpretation (s 35(2)).

2 3 A multiplicity of views

progress . . . In strictness, though formed by contract, it signifies the relation of husband and wife, deriving both its rights and duties from a source higher than any contract of which the parties are capable, and as to these uncontrollable by any contract which they can make. When formed, this relation is no more a contract than 'fatherhood' or 'sonship' is a contract."

PJ VISSER
Universiteit van Pretoria

Marriage is a juristic act sui generis. *It gives rise to a physical, moral and spiritual community of life – a* consortium omnis vitae. *It obliges the husband and wife to live together for life (more realistically, for as long as the marriage endures) and to confer sexual privileges exclusively upon each other. Conjugal love embraces three components: (i)* eros *(passion): (ii)* philia *(companionship); and (iii)* agape *(self-giving brotherly love) . . . The duties of cohabitation, loyalty, fidelity and mutual assistance and support flow from the marital relationship. To live together as spouses in community of life, to afford each other marital privileges and to be ever faithful, are the inherent commands which lie at the very heart of marriage* (per Gubbay CJ in *Rattigan v Chief-Immigration Officer, Zimbabwe* 1995 2 SA 182 (Z) 188).

VONNISSE

ASPEKTE VAN DIE LASTERREG IN DIE LIG VAN DIE GRONDWET

Gardener v Whitaker 1995 2 SA 672 (OK)

Die eiser, 'n stadsklerk, het 'n lasteraksie teen 'n stadsraadslid ingestel op grond daarvan dat laasgenoemde 'n stelling in die eiser se verslag wat op 'n aksiekomiteevergadering gedien het, as 'n leuen bestempel het. Volgens die eiser was dié bewering lasterlik aangesien dit opsetlik bedoel was om die indruk te skep dat hy oneerlik is en die raadslede wou mislei. Hierteenoor ontken die verweerder dat die verklaring lasterlik was, of dat dit na die eiser verwys het, of dat hy die eiser opsetlik wou belaster. Alternatief beroep hy hom op die verwere waarheid en openbare belang en bevoorregte geleentheid (privilegie).

Volgens regter Froneman ontstaan onder meer die volgende regspunte uit die geskil (675F–H):

> "(1) whether the provisions of the Constitution are to be applied in litigation that was pending at the time of the commencement of the Constitution;
>
> (2) whether the provisions of chap 3 of the Constitution dealing with fundamental rights apply to litigation between private individuals or entities;
>
> (3) if so, whether and to what extent those provisions affect the present common law of defamation and
>
> (4) the effect of the conclusions reached in respect of the first three issues on the present matter."

Vir doeleindes van die onderhawige bespreking word op punt (3) gefokus. Ter wille van volledigheid word nietemin ten aansien van punt (1) vermeld dat volgens die regter artikel 241(8) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika 200 van 1993 so vertolk moet word dat hoofstuk 3 van die Grondwet (Fundamentele regte) wel toepassing vind op geskille wat by die inwerkingtreding van die Grondwet nog hangend was (sien 678–680); en ten aansien van punt (2) dat hoofstuk 3 nie net geld ten aansien van litigasie tussen staat en onderdaan (sogenaamde vertikale werking) nie, maar ook op litigasie tussen onderdane onderling toepassing vind (horisontale werking) (sien 680–686). (Ander beslissings wat op die gebied van die lasterreg die horisontale werking van die Grondwet steun, is oa *Mandela v Falati* 1995 1 SA 251 (W) 257–258; *Jurgens v Editor, Sunday Times Newspaper* 1995 2 SA 52 (W) 58; *contra De*

Klerk v Du Plessis 1995 2 SA 40 (T) 45 ev.) Die regter vat sy gevolgtrekking wat laasgenoemde betref, soos volg saam (685B–686B):

> "The basic concern of the Constitution, viz to transform the South African legal system into one concerned with openness, accountability, democratic principles, human rights and reconciliation and reconstruction ... would in particular instances call for explicit application of the provisions of chap 3 of the Constitution between individuals themselves. After all, the 'past of a deeply divided society characterised by strife, conflict, untold suffering and injustice' (words used in the 'unity and reconciliation' section of the Constitution) is not merely a history of repressive State action against individuals, but it is also a history of structural inequality and injustice on racial and other grounds, gradually filtering through to virtually all spheres of society since the arrival of European colonists some three and a half centuries ago, and it will probably take generations to correct the imbalance ...
>
> A word of caution, though, may also be called for. A radical break with *all* the legal traditions of the past is not what the Constitution demands. The Roman-Dutch legal system, interpreted at its best, was 'a rational, enlightened system of law, motivated by considerations of fairness' ... What the Constitution has done is to release the common law from the shackles of institutionalised racial inequality ...
>
> It follows that, in my view, all aspects of the common law, including the present state of the law of defamation, should, in cases that now come before the courts, be scrutinised to decide whether they accord with the demands of the Constitution. To leave those areas of the common law which are in conflict with the Constitution unaffected would, in effect, if not by intent, perpetuate aspects of an undemocratic, discriminatory and unjust past."

Terwyl nie ontken word dat die waardes onderliggend aan die Grondwet 'n bevrugtende uitwerking ook op die lasterreg sou kon hê nie, wil ons ons aansluit by die regter se vermaning tot versigtigheid, naamlik dat die Grondwet nie 'n radikale breuk met alle regstradisies van die verlede eis nie. Veral op die gebied van laster het die regsbeginsels en -tradisies ontwikkel uit 'n harmonieuse samevloei van Romeins-Hollands- en Engelsregtelike beginsels wat grootliks onbesmet gelaat is deur die beleid van rassediskriminasie en tans steeds gelding in analoë stelsels soos dié in Engeland en Australië geniet (vgl Neethling *Persoonlikheidsreg* (1991) 125 vn 3).

Wat die invloed op die lasterreg van die hoofstuk oor fundamentele regte in die Grondwet betref (punt 3 hierbo), wys regter Froneman daarop dat alhoewel die goeie naam (*fama*) nie by name as 'n fundamentele reg in die Grondwet erken word nie (686D), dit wel as deel van die reg op (mens-)waardigheid ("human dignity") in artikel 10 beskerm word (690G–I). Hierdie opvatting geniet algemene steun (sien die gesag *ibid* aangehaal; Van Heerden en Neethling *Unlawful competition* (1995) 14 vn 84; Botha "Privatism, authoritarianism and the Constitution: the case of Neethling and Potgieter" 1995 *THRHR* 496 498; vgl ook *Mandela supra* 258 259; *De Klerk supra* 51). Hierteenoor word die reg op vryheid van spraak wel uitdruklik in artikel 15(1) van die Grondwet verskans. En aangesien volgens die regter die Grondwet geen hiërargie van regte skep nie, dra die regte op die goeie naam en vryheid van spraak gelyke gewig en waarde en staan hulle dus op gelyke vlak teenoor mekaar (689I–691B). Hiermee stem regter Van Schalkwyk in *Mandela supra* 259 egter nie heeltemal saam nie:

> "In a free society all freedoms are important, but they are not all equally important. Political philosophers are agreed about the primacy of the freedom of speech. It is

> the freedom upon which all others depend; it is the freedom without which the others would not long endure. This, of course, does not mean that whenever the right of freedom of speech comes into conflict to the right of human dignity the former must prevail. To allow that to happen would be to abrogate the law of defamation . . ."

Terwyl die politieke terrein – wat in die *Mandela*-saak ter sprake was – moontlik groter ruimte aan vryheid van spraak verg (sien die bespreking hieronder), steun ons die uitgangspunt dat die vermelde fundamentele regte in beginsel op 'n gelyke vlak staan ten einde 'n meer gebalanseerde afweging van belange te bewerkstellig (vgl ook Neethling en Potgieter "Laster: die bewyslas, media-privilegie en die invloed van die nuwe Grondwet" 1994 *THRHR* 518).

Wat die gemenereg betref, is die posisie volgens regter Froneman egter anders. Hier het die reg op die goeie naam in die algemeen die oorhand aangesien (a) vryheid van spraak slegs *indirekte* erkenning deur middel van die regverdigingsgronde waarheid en openbare belang, privilegie en billike kommentaar geniet (686E–F), (b) 'n volle bewyslas op die verweerder geplaas word om die bestaan van 'n regverdigingsgrond aan te toon, en (c) die media weens laster skuldloos aanspreeklik gehou word (487D–E).

(a) Wat die eerste argument betref, is dit nie korrek om die indruk te wek dat 'n reg wat "indirek" in die vorm van 'n regverdigingsgrond uitdrukking vind, ondergeskik is aan die reg wat na bewering aangetas word bloot omdat eersgenoemde reg nie by name, oftewel "direk", vermeld word nie. By die regverdigingsgronde kan dit immers oor niks anders gaan as die uitdrukking en direkte toepassing van die reg op vryheid van spraak nie omdat, regsteoreties gesien, alle regverdigingsgronde op die uitoefening van 'n *reg* deur die verweerder neerkom; dat hy binne die grense van *sy reg* opgetree het (vgl Neethling, Potgieter en Visser *Law of delict* (1994) 67). So gesien, word die reg op vryheid van spraak inderdaad in die tradisionele regverdigingsgronde vergestalt (erken en beskerm) en staan dus ook in die gemenereg in beginsel op gelyke vlak met die reg op die goeie naam. Hierdie gedagte word soos volg deur hoofregter Corbett in *Argus Printing and Publishing Co Ltd v Esselen's Estate* 1994 2 SA 1 (A) 20 verwoord:

> "I agree, and I firmly believe, that freedom of expression and of the press are potent and indispensable instruments for the creation and maintenance of a democratic society, but it is trite that such freedom is not and cannot be permitted to be, totally unrestrained. The law does not allow the unjustified savaging of an individual's reputation. The right to free expression enjoyed by all persons, including the press, must yield to the individual's right *which is just as important*, not to be unlawfully defamed. I emphasise the word 'unlawfully', for, in striving to achieve an equitable balance between the right to speak your mind and the right not to be harmed by what another says about you, the law has devised a number of defences, such as fair comment, justification (ie truth and public benefit) and privilege, which if successfully invoked render lawful the publication of matter which is *prima facie* defamatory . . . The resultant balance gives due recognition and protection, in my view, to freedom of expression" (ons beklemtoning).

(b) Wat die bewyslas betref, wyk regter Froneman heeltemal af van die appèlhofbeslissing in *Neethling v Du Preez; Neethling v The Weekly Mail* 1994 1 SA 708 (A) 770 waarvolgens die volle bewyslas op die *verweerder* rus om die bestaan van 'n regverdigingsgrond vir sy optrede aan te toon. Volgens die regter

is dit in gevalle soos die onderhawige waar die twee botsende regte op gelyke vlak staan,

> "eminently reasonable in practical terms . . . to require that the plaintiff who seeks to rely on the precedence of one fundamental right over another should bear the *onus* of establishing the basis of such precedence" (691D).

Hy vervolg:

> "In the common law it was up to the defendant to prove the defences which relied upon freedom of expression as their basis. The Constitution has, in my view, changed that. The plaintiff now bears the *onus* of showing that the defendant's speech or statement is, for example, false; not in the public interest; not protected by privilege; unfair comment, and the like."

'n Mens wonder of so 'n uiterste ommeswaai van die bewyslas deur regter Froneman, as gevolg waarvan vryheid van spraak klaarblyklik voorrang bo die goeie naam verleen word, geregverdig kan word in die lig van die standpunt rakende die gelykwaardigheid van die reg op die goeie naam en die reg op vryheid van spraak en die hoë waarde wat aan *beide* hierdie regte verleen behoort te word (sien egter Botha 1995 *THRHR* 498–499). Aan die ander kant sou 'n mens ook kon argumenteer dat die skaal ingevolge die *Neethling*-saak moontlik te swaar ten gunste van die reg op die goeie naam (en ten koste van die reg op vryheid van spraak) geswaai het. 'n Kompromie-benadering waardeur 'n beter balans tussen hierdie twee regte bereik sou kon word, sou wees om die *status ante quo Neethling* te herstel, naamlik dat die eiser die volle bewyslas dra om die skuldoorsaak (laster as *iniuria*) te bewys, maar dat die verweerder 'n *weerleggingslas* het om die vermoede van onregmatigheid (en dié van opset) te weerlê (sien in die algemeen 686H–687A van die onderhawige saak; Neethling *Persoonlikheidsreg* 139 ev; Neethling, Potgieter en Visser 323 ev; vgl nietemin Neethling en Potgieter 1994 *THRHR* 517–518). Sodanige benadering sou waarskynlik daarin slaag om 'n gelyker las op die partye te plaas om hul onderskeie gelykwaardige regte en die grense daarvan in die omstandighede van die geval te bevestig. Boonop sou daardeur beter uitdrukking gegee word aan die gemeenskapsgevoel van regverdigheid en billikheid wat die verweerder, wat uit eie beweging die gewraakte lasterlike woorde die wêreld ingestuur het, ook tot verantwoording wil roep (vgl appèlregter Hoexter in die *Neethling*-saak *supra* 777 mbt die verweer van waarheid en openbare belang). Laastens sou hierdie benadering 'n beter weerspieëling wees van die hoë premie wat die mens – insluitend die Afrika-gemeenskappe (sien Burchell *The law of defamation in South Africa* (1985) 22) – nog altyd op sy goeie naam, reputasie en waardigheid as kosbare persoonlikheidsaspekte plaas. Van Leeuwen (*Het Roomsch-Hollandsch recht* (1664) 4 37) het reeds die goeie naam (naas die lewe en die eer) as die kosbaarste regsgoed bestempel: "Na 't leven is niet kostelyker als de eer, en het goed gevoelen dat een ander van ons heeft" (vgl *South African Associated Newspapers Ltd v Schoeman* 1962 2 SA 613 (A) 616–617; Neethling *Persoonlikheidsreg* 50; Burchell *Defamation* 21 vn 25; sien ook *Payne v Republican Press (Pty) Ltd* 1980 2 PH J44 (D) 110–111 waar 'n persoon se reputasie as "his most prized possession" beskryf word). Hierdie siening strook ook met die uitspraak van regter Chaskalson in die resente beslissing van die konstitusionele hof in verband met die afskaffing van die doodstraf waarin hy die reg op

waardigheid (en die reg op die lewe) as die belangrikste verskanste menseregte uitgelig het:

> "The rights to life and dignity are the most important of all human rights, and the source of all other personal rights in chap 3 . . . [W]e are required to value these two rights above all others" (*S v Makwanyane* 1995 3 SA 391 (CC) 451).

(c) Indien aanvaar word dat die strikte aanspreeklikheid van die pers weens laster (*Pakendorf v De Flamingh* 1982 3 SA 146 (A); Neethling *Persoonlikheidsreg* 166) die reg op die goeie naam onbillik teenoor die reg op vryheid van spraak bevoordeel, sou 'n mens een van twee moontlikhede kon oorweeg om 'n beter ewewig tussen die twee regte te bewerkstellig.

Aan die een kant sou strikte aanspreeklikheid deur aanspreeklikheid gegrond op opset (*animus iniuriandi*) vervang kon word (vgl Van der Merwe en Olivier *Die onregmatige daad in die Suid-Afrikaanse reg* (1989) 441). In die VSA byvoorbeeld het die pendulum sedert *New York Times Co v Sullivan* 376 US 254 (1964) meer ten gunste van die pers geswaai en word 'n skuldverwyt van "actual malice", analoog aan ons *animus iniuriandi*, vereis vir aanspreeklikheid weens belastering van openbare amptenare en openbare figure. (Hiervolgens moet die eiser bewys dat die lasterlike bewerings vals is en dat die lasteraar geweet het dat hulle vals is.) Aangesien dit egter baie moeilik is om opset by die media tuis te bring – 'n belangrike beleidsoorweging waarom strikte aanspreeklikheid in ons reg ontwikkel het (sien *SAUK v O'Malley* 1977 3 SA 394 (A) 404–405–407; Neethling *Persoonlikheidsreg* 166 vn 347) – het lastereise teen die media deur openbare amptenare en openbare figure in Amerika feitlik doodgeloop: 'n toedrag van sake wat op 'n onhoudbare negering van die fundamentele reg op die goeie naam in Suid-Afrika sou neerkom en daarom nie vir ons reg aanvaar behoort te word nie.

Aan die ander kant sou nalatigheid *de lege ferenda* as basis vir aanspreeklikheid weens laster deur die media in ons reg aanvaar kon word (sien Burchell *The law of defamation in South Africa* (1985) 185 ev 193–194; vgl Neethling *Persoonlikheidsreg* 166–167 vn 347). Na ons mening lyk dit na die beste kompromie tussen strikte aanspreeklikheid wat voorkeur aan die beskerming van die goeie naam verleen, en aanspreeklikheid gegrond op *animus iniuriandi* wat die klem op die handhawing van die reg op vryheid van spraak plaas (vgl ook *Gardener* 688D–E). Soos Burchell *Principles of delict* (1993) 184 dit stel, 'n

> "negligence criterion for . . . mass media defendants would have established a fairer balance between protection of reputation and freedom of expression and would have been easier to apply in practice".

Die posisie in *Hassen v Post Newspapers (Pty) Ltd* 1965 3 SA 265 (W) illustreer die sinvolheid van 'n nalatigheids- eerder as 'n opsetsgrondslag goed. Hier het die verweerder per abuis 'n foto van die eiser gepubliseer as dié van 'n berugte verhoorafwagtende. Regter Colman aanvaar dat *animus iniuriandi* 'n vereiste vir laster is en dat dwaling *animus iniuriandi* in beginsel uitsluit. Hy meen egter dat dwaling slegs as verweersgrond aanvaar kan word as die dwaling redelik was of nie aan nalatigheid te wyte was nie. Hy bevind dat die verweerder *in casu* nalatig was, dat hy hom dus nie op dwaling kon beroep nie en dat hy aanspreeklik is. Indien *animus iniuriandi* inderdaad as aanspreeklikheidsvereiste toegepas sou

gewees het, sou die verweerder nieteenstaande klaarblyklik verwytbare (nalatige) optrede vry uitgegaan het.

Dit wil voorkom of regter Froneman, in reaksie teen die ondemokratiese en diskriminerende aspekte van die apartheidsbedeling en die daarmee gepaardgaande beperkings op vryheid van spraak, agteroorleun om vryheid van spraak ten koste van die beskerming van die reg op die goeie naam te handhaaf. (Dieselfde oorbeklemtoning vind 'n mens in die voorstel van die Konferensie van Redakteurs wat onlangs onder andere aanbeveel het dat die gemenereg, waarby die lasterreg inbegrepe is, uitdruklik ondergeskik gestel moet word aan vryheid van spraak in die nuwe Grondwet (*Beeld* 1995-08-22).) Afgesien van die voorstelle wat reeds hierbo aan die hand gedoen is ten einde 'n (hopelik) meer gebalanseerde ewewig tussen die betrokke twee regte te bewerkstellig, kan ook die volgende algemene beleidsoorwegings vermeld word wat die beskerming van die goeie naam sal laat gedy sonder om mediavryheid onredelik in te perk:

(a) Soos in Australië die geval is (volgens prof F Schauer "Free speech – conditionality and consequences", lesing gelewer te Unisa 1995-08-14), behoort die Suid-Afrikaanse mediawese oorweging daaraan te skenk om jaarliks finansieel vir moontlike lastereise te begroot, welke onkoste van die breë mediagebruikerspubliek deur 'n geringe prysverhoging van hul produk (koerant, tydskrif, of wat die geval ook al mag wees) verhaal kan word. Langs hierdie weg word persvryheid teen 'n geringe geldelike prys gewaarborg sonder dat mense se aansien in die samelewing "straffeloos" geweld aangedoen word.

(b) Naas die toekenning van genoegdoening weens laster, behoort die howe 'n diskresie te hê om 'n persoon se geskonde goeie naam deur middel van ander remedies te herstel. Hier word veral gedink aan die moontlikheid van 'n terugtrekking ("retraction") van die gewraakte laster, 'n apologie deur die verweerder, of om aan die eiser die bevoegdheid te verleen om op die laster te antwoord ("right to reply") (sien vir besonderhede Midgley "Retraction, apology and right to reply" 1995 *THRHR* 288 ev). Midgley (*idem* 296) doen in hierdie verband die volgende statutêre reëling aan die hand:

> "1 In any instance where a delictual claim has been brought in terms of the *actio iniuriarum*, a court may, irrespective of whether an award of damages is made, order a defendant to retract and apologise, or to grant the plaintiff an opportunity to reply, in such terms and on such conditions as it may deem fit.
>
> 2 Notwithstanding the provisions of section 1, a retraction and apology, or an offer thereof, and a defendant's offer to grant the plaintiff an opportunity to reply, may serve as mitigating factors in respect of any award of damages."

Sodanige reëling sou onses insiens nie net die uitwerking hê om die eiser se goeie naam te beskerm sonder om vryheid van spraak onredelik in te boet nie, maar sou in der waarheid, veral wat die reg om te antwoord betref, die reg op vryheid van spraak – weliswaar dié van die eiser – bevorder.

(c) Op politieke terrein word algemeen aanvaar dat vryheid van spraak meer ruimte behoort te geniet. Daarom is die howe geneig om, soos Van der Merwe en Olivier 398 dit stel,

> "meer speelruimte aan die politieke beriggewer of spreker toe te laat en nie geredelik 'n bevinding van onregmatigheid te vel nie, juis omdat die gemeenskap

> hier genoeë neem met 'n ietwat meer onverbloemde aanval as wat gewoonlik aanvaarbaar is".

(Sien bv *Pienaar v Argus Printing and Publishing Co Ltd* 1956 4 SA 310 (W) 318; *Marais v Richard* 1979 1 SA 83 (T) 96; *Waring v Mervis* 1969 4 SA 542 (W) 549; sien verder Neethling *Persoonlikheidsreg* 138 vn 111.) Hierdie standpunt is klaarblyklik ook in die lig van die Grondwet geregverdig. In die *Mandela*-saak *supra* 260 stel regter Van Schalkwyk dit soos volg met betrekking tot die respondent se voorgenome (beweerde) belastering van 'n kabinetsminister (applikant):

> "The public was . . . entitled to be informed about the conduct of its political leaders; particularly so when this related to criminal conduct . . . Although this is a private dispute, it is a matter of grave social and political importance. There may be a few exceptions, but in general no politician should be permitted to silence his or her critics. It is a matter of the most fundamental importance that such criticism should be free, open, robust and even unrestrained. This is so because of the inordinate power and influence which is wielded by politicians, and the seductive influence which these attributes have upon corrupt men and women. The most appalling crimes have been committed by politicians because their baseness and perversity were hidden from public scrutiny."

(Dit beteken natuurlik nie dat lasterlike politieke kommentaar geen grense het nie. Dit word bv as ageerbaar beskou indien onbehoorlike motiewe of oneervolle gedrag aan 'n politieke figuur toegeskryf word (*Minister of Justice v SA Associated Newspapers Ltd* 1979 3 SA 466 (K) 475) tensy sodanige beskuldigings redelike afleidings gebaseer op ware feite is (*Rautenbach v Republikeinse Publikasies (Edms) Bpk* 1971 1 SA 446 (W) 451; vgl Neethling *Persoonlikheidsreg* 155 vn 262).)

J NEETHLING
JM POTGIETER
Universiteit van Suid-Afrika

VERSIGTIGHEIDSREËLS EN DIE BEOORDELING VAN DIE GETUIENIS VAN 'N KIND

S v S 1995 1 SASV 50 (Z)

In die onderhawige saak het die hooggeregshof van Zimbabwe die versigtigheidreëls in verband met die beoordeling van die getuienis van 'n kind in oënskou geneem. Die hof het in 'n meerderheidsuitspraak (waarin die appèl teen beide skuldigbevinding en vonnis afgewys is) by monde van appèlregter Ebrahim met 'n verfrissende benadering vorendag gekom ten opsigte van sowel die evaluering van sodanige getuienis as die praktiese hantering van 'n saak waarin 'n (minderjarige) klaagster getuig oor 'n seksuele misdryf.

Die feite is kortliks soos volg: die appellant, 'n onderwyser, is in 'n streekhof aangekla en skuldig bevind dat hy die klaagster (11 jr oud) verkrag het tydens 'n strafsitting wat die klaagster en ander skoolkinders na skool moes bywoon. Die wyse waarop die misdryf blootgelê is, is tereg deur die hooggeregshof as enigsins ongewoon beskryf. Die klaagster het nie die voorval by die eerste redelike geleentheid bekla (sg eerste rapport) nie. Sy het haar moeder slegs meegedeel dat die appellant haar borste, boude en die voorste deel van haar lyf betas het. Die klaagster se versuim om 'n volledige eerste rapport te maak, word deur appèlregter Ebrahim toegeskryf aan die feit dat sy getwyfel het of die appellant se optrede verkeerd was:

> "That she felt a sense of shame over the incident is self-evident, but, in my view, in a child's mind the concept of a respected teacher doing something which other adults will agree was wrong is likely to cause confusion. The incident occurred during a period when the appellant was punishing the complainant . . . To an immature and inexperienced mind what was done to her is likely to have seemed to be merely a particularised form of punishment" (52h–i).

Die klaagster het eers maande na die voorval 'n volledige klagte aan haar moeder gemaak nadat die klaagster se tante tydens 'n tradisionele voorligtingsgeleentheid vasgestel het dat sy nie meer 'n maagd is nie en dié feit deur 'n mediese ondersoek bevestig is.

Die doel met die aanbied van getuienis dat 'n klaagster in geval van seksuele misdryf by die eerste redelike geleentheid gekla het, is om aan te dui dat die klag nie 'n latere versinsel is nie. Die verloop van 'n onredelike lang tydperk tussen die voorval en die klagte sal tot gevolg hê dat die getuienis met betrekking tot die klagte ontoelaatbaar is. Dit is egter nie 'n vereiste vir toelaatbaarheid dat die klagte onmiddellik gemaak moet word nie, maar wel dat dit op die eerste redelike geleentheid moet geskied (sien Schmidt *Bewysreg* (1989) 382). Die vereiste word soos volg omskryf in *R v S* 1948 4 SA 419 (G) 423:

> "But such a complaint must have been made by the complainant to the first person to whom he might have been expected to report and laid at the first reasonable opportunity."

Appèlregter Ebrahim vermeld dat die vereiste dat 'n verkragtingslagoffer die pleging van die misdryf so spoedig moontlik moet bekla, voortvloei uit die aanname dat sy bewus was dat 'n misdryf teenoor haar gepleeg is (52g). Die hof beslis dat die vereiste van kla by die eerste redelike geleentheid, nie 'n regsreël is nie en dat uitsonderings in gepaste gevalle daarop gemaak kan word (56e). Gesien in die konteks van veral die klaagster se jeugdigheid en gevolglike onvolwasse optrede, is die hof bereid om, op grond van die afleiding dat die klaagster die beskuldigde se optrede as 'n vorm van straf beskou het, te aanvaar dat haar optrede nie doelbewus misleidend was nie en doen die hof afstand van die toelaatbaarheidsvereiste van rapportering by die eerste redelike geleentheid (56f–j).

Hierdie benadering word ondersteun. Veral in gevalle waar minderjarige klaers/klaagsters betrokke is, behoort 'n hof in aanmerking te neem dat hul optrede dikwels nie sal voldoen aan die vereistes wat normaalweg vir volwassenes gestel word nie. Daar word aan die hand gedoen dat die huidige posisie ingevolge waarvan vereis word dat by die eerste redelike geleentheid gekla moet

word, onaanvaarbaar is. Hierdie vereiste word gestel om te verhoed dat die klagte 'n latere versinsel is. Die praktiese realiteit is egter dat tydsverloop, in watter mate ook al, in ieder geval sal intree tussen die pleeg van die misdryf en die lê van die klagte en dat 'n leuen tog sekerlik in enige tydsbestek opgemaak en verkwansel kan word. Die vraag ontstaan of 'n verkragtingslagoffer wat byvoorbeeld weens emosionele trauma die voorval nie by die eerste redelike geleentheid kon rapporteer nie, billikerwys vir haar versuim benadeel behoort te word. Alhoewel daar reeds aangedui is dat die reël by klagtes aangaande seksuele misdade nie verder uitgebrei behoort te word nie (sien *R v Ellis* 1936 SWA 10 11), sal 'n ontwikkeling wat 'n diskresie aan die hof verleen om in elke geval met inagneming van al die besondere feite te bepaal of die klagte 'n latere versinsel is of nie, 'n logiese verslapping van die reël wees.

Van verdere belang vir doeleindes van hierdie uitspraak is die vereiste dat 'n klagte aangaande 'n geslagsmisdaad vrywillig gemaak moet wees alvorens dit toelaatbaar sal wees (Schmidt 381). In die regspraak word onderskei tussen dreigemente en intimidasie aan die een kant en ondervraging aan die ander kant. In *S v T* 1936 1 SA 484 (A) het 'n moeder se dreigement van geweld ten einde haar dogter te oorreed om die voorval te verbaliseer, daartoe aanleiding gegee dat die appèlhof die verklaring as ontoelaatbaar bevind het. In *R v C* 1955 4 SA 40 (N) is bevind dat 'n verklaring toelaatbaar is in 'n geval waar 'n kind sonder enige dreigement deur haar moeder ondervra is.

In die onderhawige saak het die klaagster se moeder haar ondervra nadat dit aan die lig gekom het dat sy nie meer 'n maagd was nie. Die moeder moes verder 'n dreigement dat sy by die polisie aangekla sal word, aanwend om die klaagster sover te kry om met die sak patats vorendag te kom. Ten opsigte van hierdie verloop van sake laat appèlregter Ebrahim hom soos volg uit:

> "The fact that thereafter the complainant told her story tends to confirm her naïvety, which in turn lends transparency to the truthfulness of her evidence" (53c).

Ook ten opsigte van hierdie tweede toelaatbaarheidsvereiste pas appèlregter Ebrahim die reeds ontwikkelde riglyne minder streng toe (sien *S v T* 1963 1 SA 484 (A) 497D). Dit ly geen twyfel dat die optrede van die klaagster se moeder in die omstandighede erg intimiderend was nie. Die dreigement om haar aan die polisie te rapporteer indien sy nie die waarheid sou vertel nie, moes in die omstandighede – en sou ook vir meeste kinders van hierdie ouderdomsgroep – vrees inboesem. Die hof se besluit om 'n klagte wat in sulke omstandighede gemaak is as getuienis toe te laat, kan nie ondersteun word nie. Die gevaar dat veral kinders 'n leuen kan fabriseer om die moeilike situasie vry te spring, is goed denkbaar.

Die verdere vereiste vir die toelaatbaarheid van 'n klagte aangaande 'n geslagsmisdaad, te wete dat die klaagster self getuienis moet aflê, word nie in die uitspraak bespreek nie. Daar is egter wel aan die vereiste voldoen aangesien die klaagster self getuig het.

Die eerste grond van appèl is dat die streeklanddros versuim het om die versigtigheidsreël met betrekking tot die getuienis van kinders toe te pas. Met verwysing na onder meer die beslissings in *R v W* 1949 3 SA 772 (A) en *R v J*

1958 3 SA 699 (SR) bevind appèlregter Ebrahim dat geen stawing van die getuienis van 'n kind vereis word nie tensy die getuienis van so 'n aard is dat dit nodig is om getrouheidswaarborge daarvoor in ander bronne te soek (54e-f). Die hof wys egter daarop dat die getuienis van 'n kind versigtig geëvalueer moet word en dat 'n hof die besware wat teen sodanige getuienis ingebring kan word, moet besef. Met verwysing na Spencer en Flin *The evidence of children* (1990) 238 meld die hof die volgende hoofbesware teen die aanvaarding van hierdie tipe getuienis: (a) kindergetuies is onbetroubaar; (b) kinders is selfgesentreerd; (c) hulle is hoogs vatbaar vir suggestie; (d) hulle vind dit moelik om tussen feit en fantasie te onderskei; (e) hulle maak valse bewerings – veral ten opsigte van seksuele aanrandings; en (f) kindergetuies begryp nie wat dit beteken om die waarheid te praat nie. Gedurende sy daaropvolgende behandeling van die vermelde besware aan die hand van die feite van die saak, blyk die volgende belangrike aspekte uit die uitspraak van appèlregter Ebrahim:

(a) Die hof vermeld (en aanvaar) dat navorsing aantoon dat kinders meermale 'n goeie geheue het van sentrale of hoofmomente met 'n afname in effektiwiteit ten opsigte van detail en perifere gebeure. In die verband pas die weergawe van die klaagster wat volledig ten opsigte van die verkragting kon getuig maar onseker was oor die besetting van die aanliggende klaskamer, netjies in hierdie raamwerk. 'n Belangrike aspek waarna die hof hier verwys, is die groot invloed wat die teenwoordigheid van 'n simpatieke ondervraer óf tydens die polisieondersoek óf tydens die hofverrigtinge kan hê op die suksesvolle ontsluiting van die gebeure wat in 'n kindergeheue vasgelê is (55c-d).

(b) Die aspek van selfgesentreerdheid word in die verbygaan deur die hof behandel met 'n verwysing na 'n opmerking van Spencer en Flin dat dit waarskynlik slegs voorskoolse kinders is wat in so 'n mate op hulself toegespits is dat 'n objektiewe benadering tot die waarheid daarmee onversoenbaar is. Hierop bevind die hof:

> "On this basis, there is no reason to suppose that the complainant, at age 11, was constitutionally unable to appreciate the consequence to the appellant of her not telling the truth" (55f).

Op 'n verdere vraag of die kind slegs klem lê op daardie getuienis wat hom/haarself raak in plaas van 'n gebalanseerde oorsig van die geheel, beslis die hof dat dit nie 'n probleem eie aan kinders is nie aangesien alle persone in 'n sekere mate egosentries is.

(c) Die hof verwys na verskeie faktore wat die effek van suggestie op 'n kind kan verhoog (55i–j). Veral die volgende is van belang: die kind kan sy antwoord so inklee om die vraesteller tevrede te stel of hy kan met 'n gesuggereerde/voorgestelde antwoord saamstem omdat hy aanvaar dat die vraesteller, as volwasse persoon, korrek is. In hierdie verband moet die sosiale struktuur waarin 'n kind (normaalweg) opgevoed word, naamlik om met respek teenoor volwassenes op te tree of dat 'n volwassene vanweë sy ouderdom altyd korrek is, by die evaluering van sy getuienis voor oë gehou word. Die hof merk tereg op dat "[t]here are desirable social attributes but they ill-prepare a child for the ordeal of giving evidence in court" (56a).

Daar word aan die hand gedoen dat die hof in hierdie verband waaksaam moet optree om sowel die party wat die getuienis van 'n kindergetuie aanbied as die party wat kruisondervraging onderneem, sover moontlik te laat afsien van die gebruik van vrae wat antwoorde en reaksies suggereer. Alhoewel hierdie tegniek in normale omstandighede tot die kruisondervraer se beskikking is, behoort 'n hof met inagneming van die doel waarvoor dit gevra is, die potensiële gevare daaraan verbonde en die ouderdom van die getuie, sodanige vrae tot die minimum te beperk in gevalle waar kindergetuies gekruisondervra word.

Na evaluering van die getuienis van die klaagster en nog 'n minderjarige getuie, kom appèlregter Ebrahim tot die gevolgtrekking dat geen getuienis *in casu* aangebied is wat deur suggestie ontlok is nie.

> "Children do not fantasise over things that are beyond their own direct or indirect experience" (57b).

(d) Hierdie stelling is die basis waarop die hof die beswaar hanteer dat kindergetuies moeilik tussen feit en fantasie onderskei. Na 'n deurtastende ondersoek en evaluering van die gedetailleerde wyse waarop die klaagster die voorval beskryf, kom die hof tot die gevolgtrekking dat die beskrywing te realisties en presies is om bloot die fantasie van 'n elfjarige dogter te wees.

(e) Met verwysing na die versigtigheidsreëls wat geld by klagtes van seksuele misdrywe meld appèlregter Ebrahim dat die voorkoms van valse inkriminasie waarskynlik laer is as wat algemeen aanvaar word (57i). Schmidt 126 merk op dat

> "'n versigtigheidsreël ontstaan [het] met die breë strekking dat die feitebeoordelaar bewus moet wees van die gevare aan sodanige getuienis verbonde en dat daar die een of ander beveiligende faktor moet wees wat die risiko van 'n wanbevinding verminder".

Die hof interpreteer die versigtigheidsreël *in casu* korrek deur dit te benader uit die hoek van 'n geloofwaardigheidsoordeel in plaas van 'n verswaring van die toepaslike bewyslas. Met verwysing na die feite bevind die hof dat die mediese getuienis wat aantoon dat die klaagster nie meer 'n maagd is nie – alhoewel seksueel onaktief – die feit dat seksuele omgang plaasgevind het, staaf. Verdere feite wat deur die hof in ag geneem word ter stawing van die klaagster se weergawe is die aanvanklike klagte wat deur die klaagster aan haar moeder gemaak is op die dag van die voorval, bevestiging deur 'n klasmaat van omringende feite en die beskuldigde se verweer wat deur die hof beskryf word as

> "[a] highly suspicious last-minute defence erected by the appellant at a stage of the trial when it was virtually impossible to challenge it" (59c).

(f) Met betrekking tot die beswaar dat kindergetuies nie in staat is om die verpligting te verstaan om die waarheid te praat nie, merk appèlregter Ebrahim op dat dit 'n veralgemening is wat nie erkenning verleen aan verskille in ouderdom, intelligensie en morele standaarde van verskillende kinders nie (59f). Die hof beslis dat 'n nuwe en meer doelgerigte benadering gevolg behoort te word in sake waarby kinders betrokke is, en verwys met goedkeuring na die volgende aanbeveling van 'n komitee van die British Home Office (1989):

> "Our courts should be willing to listen to children of all ages and lawyers should be willing to learn what other disciplines can teach them about the features of a child's evidence which suggest it is true or false, and the circumstances in which false complaints are likely to be made" (59g).

Sonder om afbreuk te doen aan die noodsaaklikheid van die stawingsvereiste herinner appèlregter Ebrahim daaraan dat die rede waarom stawing vereis word, nie uit die oog verloor moet word nie. Die vraag moet steeds sentreer om die geloofwaardigheid van die betrokke getuie. Die hof merk op dat 'n toets aan die hand van die tekortkominge vermeld deur Spencer en Flin die enigste wyse is waarop 'n geloofwaardigheidsoordeel oor die getuienis van veral 'n kindergetuie gevel kan word. 'n Belangrike rigtingwyser word soos volg deur die hof gegee:

> "To reach an intelligent conclusion in such an analysis it is necessary to apply, as they [Spencer and Flin] do, a certain amount of psychology and to be aware of recent advances in that discipline. This will undoubtedly mean an increase in the workload of judicial officers and the machinery of justice generally, but ways must be sought of accommodating this, as it is the price to be paid for professionally administering justice in an increasingly complex society" (60b–c).

Bogenoemde besware wat die hof behandel, is niks nuuts nie; dit is gronde waarop kindergetuienis gereeld aangeval word. Van belang is egter die feit dat die hof elke beswaar volledig behandel aan die hand van die feite van die betrokke saak. Daardeur vervaag die algemene en spekulatiewe aard op grond waarvan soms gepoog word om hierdie tipe getuienis aan te val en ontwikkel die besware tot 'n handige maatstaf waarmee die hof die getuienis kan beoordeel en tot 'n gevolgtrekking oor die geloofwaardigheid daarvan kan raak.

Gedurende the loop van sy uitspraak verwys die hof by meer as een geleentheid (55d–e 60d–h) na die onwenslikheid daarvan om in gevalle soos die onderhawige uitsluitlik van manlike hofpersoneel gebruik te maak. Die hof merk op dat deur 'n vroulike landdros en/of staatsaanklaer aan te wend, 'n klaagster moontlik heelwat verleentheid gespaar kan word en dat groter samewerking heel waarskynlik van haar verkry kan word. Hierdie benadering word ondersteun en die logika van die volgende opmerking kan nie betwis word nie:

> "Such embarrassment can only be exacerbated when the evidence must be given before an exclusively male audience because:
>
> (1) the discussion of intimate sexual matters in the presence of members of the opposite sex is normally taboo;
>
> (2) the absence of a female listener means that a female witness who has been sexually abused lacks any substantial sympathetic support. No male person can possibly understand the feelings of a female victim. It is thought probable that even very young complainants feel this almost instinctively; and
>
> (3) it is likely that a woman or girl who has been recently or badly abused will associate, if only subconsciously, all males with her assailant" (60f–h).

Hierdie probleem is in Suid-Afrika grootliks ondervang deur die bepalings van artikel 170A van die Strafproseswet 51 van 1977 (wat op 1993-07-30 in werking getree het). Die artikel maak onder meer daarvoor voorsiening dat 'n hof, in strafregtelike verrigtinge waarin dit blyk dat 'n getuie van onder die ouderdom van 18 jaar aan onredelike geestesspanning of -lyding blootgestel sal word indien hy/sy getuig, 'n bevoegde persoon as tussenganger kan aanstel ten einde so 'n getuie in staat te stel om sy/haar getuienis deur middel van die tussenganger af te lê. Die gebruik het ontwikkel dat die getuie en tussenganger in 'n afsonderlike lokaal plaasneem vanwaar hulle doen en late by wyse van geslotebaantelevisie na die hofsaal herlei word. Vrae in die hof gestel word met behulp van oorfone deur die tussenganger ontvang en in "verstaanbare" taal aan die getuie herlei;

laasgenoemde se reaksie daarop is in die hof hoor- en sigbaar. Die normale praktyk is dat vroulike tussengangers aangestel word in sake waarin kindergetuies oor seksuele misdrywe getuig. Hierdie bepaling het heelwat daartoe bygedra om nie alleen die in-verleentheid-stellende-situasie vir klaers/klaagsters in 'n ope hof te verlig nie, maar het ook die negatiewe effek teëgewerk wat 'n verdere van-aangesig-tot-aangesig-konfrontasie met die beskuldigde dikwels op kindergetuies het.

Die ondersoekende benadering wat appèlregter Ebrahim by die evaluering van kindergetuienis in die onderhawige saak gevolg het, is te verkies bo benaderings wat in die verlede al te dikwels met te veel agterdog deurspek was. Daar kan slegs gehoop word dat die uitspraak hier te lande inslag sal vind.

MURDOCH WATNEY
Randse Afrikaanse Universiteit

HET DIE APPÈLHOF 'N NUWE JUDISIËLE MARITIEME RETENSIEREG GESKEP – MAAR SLEGS VIR DIE ENGELSSPREKENDE?

National Iranian Tanker Co v MV Pericles GC 1995 1 SA 475 (A)

Inleiding (uit 'n Afrikaanse hoek)

Die Wet op die Reëling van Admiraliteitsjurisdiksie 105 van 1983 het op 1 November 1983 in werking getree. Hierdie wet maak voorsiening dat 'n maritieme eis deur middel van 'n aksie *in rem* afgedwing kan word (sien a 3(4)). Sodanige aksie word ingestel onder andere deur die inbeslagneming van 'n skip waaroor die eiser 'n maritieme retensiereg het (sien a 3(4) en (5)). Die wet maak ook voorsiening dat 'n aksie *in rem* ingestel kan word deur die inbeslagneming van 'n geassosieerde skip in plaas van die skip ten opsigte waarvan die maritieme eis ontstaan het (sien a 3(6)).

'n Geassosieerde skip beteken

> "'n ander skip as die skip ten opsigte waarvan die maritieme eis ontstaan het en wat die eiendom is van die persoon wat die eienaar van die betrokke skip was toe die maritieme eis ontstaan het" (sien a 3(7)(a)(i)).

Volgens hierdie bepaling is dit duidelik dat die geassosieerde skip die eiendom moet wees van die persoon ten tyde van die instelling van die aksie. Die skip wat die maritieme eis laat ontstaan het, moet egter die eiendom van dieselfde persoon gewees het ten tyde van die ontstaan van die skuldoorsaak. Die woord "is" maak hierdie betekenis duidelik. Skepe wat op hierdie manier geassosieer is, is, voor die tussentydse Grondwet alle vorme van geslagsdiskriminasie verbied het, gewoonlik susterskepe genoem.

'n Geassosieerde skip beteken ook

> "'n ander skip as die skip ten opsigte waarvan die maritieme eis ontstaan het en wat die eiendom van 'n maatskappy is waarvan die aandele, toe die maritieme eis

> ontstaan het, beheer is deur, of die eiendom was van, 'n persoon wat toe die aandele in die maatskappy wat die eienaar van die betrokke skip is, beheer het of die eienaar daarvan was" (sien a 3(7)(a)(ii)).

Volgens hierdie bepaling is dit weer eens duidelik dat die geassosieerde skip ten tyde van die instel van die aksie aan die sogenaamde groepmaatskappy moet behoort. Die woord "is" maak ook in hierdie geval die betekenis duidelik. Groepmaatskappye is maatskappye waarvan die aandele beheer word deur of die eiendom is van dieselfde persoon. Hierdie verbinding tussen die maatskappye moet bestaan het ten tyde van die ontstaan van die skuldoorsaak.

Inleiding (uit 'n Engelse hoek)

Die Engelse teks van die wet omskryf 'n geassosieerde skip as 'n skip

> "other than the ship in respect of which the maritime claim arose owned by the person who was the owner of the ship concerned at the time when the maritime claim arose".

'n Geassosieerde skip in die geval van groepmaatskappye is 'n skip

> "other than the ship in respect of which the maritime claim arose owned by a company in which the shares, when the maritime claim arose, were controlled or owned by a person who then controlled or owned the shares in the company which owned the ship concerned".

Volgens die Engelse teks is dit nie duidelik wanneer die geassosieerde skip besit moet gewees het nie want slegs die woord "owned" word gebruik sonder 'n aanduiding of dit "is owned" of "was owned" moet wees. 'n Mens kan dus sê dat die uitsluitlik Engelse leser verward behoort te wees en dus 'n probleem het. Hierdie probleem is egter maklik oplosbaar deur 'n tweetalige benadering want die Afrikaanse teks is duidelik en boonop die oorspronklik ondertekende teks. In die literatuur is die teks dan ook selfs uit 'n Engelse oogpunt uitgelê om te beteken dat die geassosieerde skip se assosiasie moet bestaan het ten tyde van die instel van die aksie *in rem*. So verklaar Shaw (*Admiralty jurisdiction and practice in South Africa* (1987) 37):

> "[T]he phrase 'owned by the person' means 'owned by the person at the time of the arrest'. If, therefore, A, at the relevant time (that is, at the time of the arrest) owns a ship, that ship will be an associated ship if A, at the time when the maritime claim arose, was the owner of the ship concerned."

Die 1992-wysiging

In 1992 is die bepalings van die Wet op die Reëling van Admiraliteitsjurisdiksie ten opsigte van geassosieerde skepe gewysig. Hierdie wysiging maak dit nou in beide die Afrikaanse en die Engelse teks duidelik dat die assosiasie van die geassosieerde skip met die "skuldige" skip moet bestaan wanneer die aksie 'n aanvang neem en dat dit die oomblik is waarop die geassosieerde skip die eiendom moet wees van dieselfde persoon in die geval van susterskepe, of van dieselfde groepmaatskappye in die geval van groepskepe. Artikel 3(7)(a)(i) bepaal uitdruklik dat 'n geassosieerde skip 'n ander skip is as die "skuldige" skip en "wat die eiendom is, wanneer die aksie 'n aanvang neem" van die bepaalde persoon of maatskappy soos die geval mag wees. Die Engelse teks se bewoording is ook dat die geassosieerde skip 'n skip moet wees "owned, at the time when the action is commenced" deur die bepaalde persoon of maatskappy.

It is suggested that our "final" constitution and bill of rights should be more restrictive as far as a court's power to change common law in general and private law in particular is concerned. Moreover, the constitution should provide better guidelines as regards the horizontal operation of the bill of rights so that there is less room for judicial initiative causing confusion and even chaos in private law. And if technically possible, the final constitution should contain more directives for its own interpretation in order to rid us of at least some of the more fanciful free-floating methods currently in judicial use or being advocated by academics.

PJ VISSER
University of Pretoria

MODEKONFORMERING, DIEREMISHANDELING EN DIEREREGTE

BayObLG, Beschl v 8/41993 NJW 1993, 2760

1 Inleiding

In hierdie saak het die volgende feitestel na vore gekom: B, die beskuldigde, is 'n teler van Dobermann-honde. 'n Ideaal van telers van dié honde is dat hulle honde staanore, en nie slapore nie, moet hê. Staanore word deur koepering (*Kupierung*) bereik. Koepering is in Duitsland verbode. Daarom het B sy sewe hondjies na 'n diereklinïek in België geneem. Daar is hulle ore onder narkose

gekoepeer, dit wil sê een derde van die oppervlakte van hulle ore is weggesny. Die wonde is daarna toegewerk en op 'n spesifieke wyse met kleefband opgebind. Hulle is nog dieselfde dag na Duitsland teruggeneem. Die ore is daarna daagliks masseer en die opbind daarvan is daagliks hernu. Dié behandeling is uiters pynlik. Die hof moes beslis of die bepalings van die Tierschutzgesetz (TSG), wat dieremishandeling verbied, deur hierdie optrede geskend is. In die onderhawige bespreking word die antwoord op dié vraag, ook met verwysing na die Suid-Afrikaanse reg, is 'n diereregtelike perspektief geplaas.

2 Die Duitse reg

Volgens die TSG is dit strafbaar om (onder andere) opsetlik en sonder redelike gronde 'n werweldier aansienlike pyn (*erhebliche Schmerzen*) toe te voeg (a 3–18; sien ook Lorz *Tierschutzgesetz* (1992) 36 ev). Die *Bundesgerichtshof* het beslis dat die vraag of aansienlike pyn teenwoordig is of nie, 'n feitelike vraag is (*BGH*, Urt v 18-2-1987, *NJW* 1987, 1833 1834–1835; sien ook OLG Dusseldorf, Beschl v 6-7-1992, *NJW* 1993, 275). In die onderhawige beslissing word daarop gewys dat die toevoeging van pyn aan 'n besondere sensitiewe orgaan as aansienlik aangemerk kan word. Die ore van honde is volgens die hof besonder sensitief. Die hof beslis dat die genoemde handelinge van B na die operasie aansienlike pyn vir die hondjies meegebring het. Die hof beslis verder dat die pyn sonder redelike gronde toegevoeg is. Redelike gronde bestaan as die toevoeging van aansienlike pyn duidelik geregverdig is. Die hof beslis uitdruklik dat redelike gronde nie bestaan as die pyn toegevoeg word bloot om die hondjies, in navolging van 'n modegier, mooier te laat lyk nie. B word gevolglik skuldig bevind.

3 Suid-Afrikaanse Reg

In Suid-Afrika is die Dierebeskermingswet 71 van 1962 (soos gewysig) van toepassing. Artikel 2 van dié wet stel verskeie handelinge waardeur onnodige lyding aan diere toegevoeg word, strafbaar. Uit ons gewysdes blyk dat pyntoevoeging aan diere in verskeie omstandighede geregverdig is (vir 'n gedetailleerde bespreking hiervan sien Labuschagne en Bekker "Dieremishandeling" 1986 *Obiter* 42–46). Ons howe het egter, sover my kennis strek, nog nooit beslis of modekonformering as regverdiging vir dieremishandeling kan dien nie.

4 Diereregte

Ek het in ander publikasies daarop gewys dat diere 'n reg op pynvermyding het (Labuschagne "Regsubjektiwiteit van die dier" 1984 *THRHR* 344; "Regsobjekte sonder ekonomiese waarde en die irrasionele by regsdenke" 1990 *THRHR* 557). Die argumente daar geopper, word nie hier herhaal nie. Die vraagstuk van diereregte en veral die uitbreiding daarvan het die afgelope paar dekades wêreldwyd aansienlik toegeneem en die aandag van wetenskaplikes in beslag geneem (sien Chase "Animal rights: An interdisciplinary selective bibliography" 1990 *Law Library J* 359–391). Die geleidelike juridiese erodering van die bevoegdhede van die eienaar van 'n dier is 'n teenpool vir die akkumulering van diereregte (sien Soehnel "What constitutes offence of cruelty to animals – modern cases" 6 *ALR* 5th 733 798; BayObLG, Beschl v 5 5 1993, *NJW* 1993, 2760). Dit blyk ook uit die onderhawige beslissing.

Die feit dat aan eienaars van diere grense gestel word waarbinne hulle hulle diere moet behandel, is myns insiens reeds bewys daarvan dat dit om die diere self gaan en nie om eiendomsreg nie. In dié verband kan gewys word op 'n onlangse Amerikaanse saak. In *Regalado v United States* (572 A 2d 416, 6 ALR 5th 1178 (1990, District of Columbia CA)) was die feite soos volg: R is aan dieremishandeling skuldig bevind omdat hy sy twaalf week-oue Duitse herdershondjie met die een hand aan sy leiband in die lug gehou en met die ander hand geslaan het. 'n Dierearts wat die hondjie kort daarna ondersoek het, het getuig dat sy gesig geswel was, met snymerke aan sy linkeroog wat bloederig en gekneus was. Hoofregter Rogers verklaar soos volg (1186):

> "Unlike cruelty to children, cruelty to animals was not an offense at common law. It has only been since the early part of the twentieth century that most jurisdictions began enacting statutes for the protection of animals without regard to ownership . . . Thus, although children are doubtless deserving of greater protection than animals, the rationale . . . regarding the social policy that is enhanced by requiring a general intent with malice, is applicable here. Statutes enacted for the protection of animals from cruelty were not intended to place unreasonable restrictions on the infliction of such pain as may be necessary for the training or discipline of an animal. On the other hand, there is a distinction between discipline and training and a beating or a needless infliction of pain accompanied by a cruel disposition. Accordingly, we are not persuaded that sec 22–801 should be interpreted to require proof of specific intent to injure or abuse. The specific intent requirement would offer the animal owner the greatest protection, but the general intent with malice requirement reflects the growing concern in the law for the protection of animals, while at the same time acknowledging that humans have a great deal of discretion with respect to the treatment of their animals."

(Sien ook *State v Fowler* 1974 22 NC App 144, 205 SE 2d 749; Soehnel 798.)

5 Gevolgtrekking

Uit bogaande bespreking blyk dat 'n Duitse hof in die onderhawige saak die blote konformering met 'n modegier nie as geldige verweer op 'n klagte van dieremishandeling aanvaar het nie. Die benadering van genoemde hof is in ooreenstemming met die toenemende verbetering van die regsposisie van diere, veral in Eerste Wêreld-lande. Ons howe kan dit met vrug navolg.

JMT LABUSCHAGNE
Universiteit van Pretoria

BOEKE

THE SOUTH AFRICAN LAW OF UNFAIR DISMISSAL
by PAK LE ROUX and ANDRÉ VAN NIEKERK
Juta Cape Town Wetton Johannesburg 1994; xl and 355 pp
Price R145,00 (soft cover)

The aim of this book, according to the preface, is an attempt to describe and discuss the jurisprudence dealing with unfair dismissal in South African labour law. What the authors conceived as a guide to the subject for non-lawyers, grew into a work to be consulted by legal practitioners and specialist industrial relations practitioners as well. Fortunately, the result is no mere documentation for the business or student market, but a valuable source of practical and also academic information addressing a dire need in a rapidly developing field of law.

Unemployment is rife in South Africa, resulting in fierce contests where employers attempt to terminate services of employees. The proper documentation and systemisation of the law of termination of employment at the initiative of the employer, as the authors have chosen to call it, was timeous and necessary. Rather than merely recording the law and the debates which led to the decisions of the courts and the principles applied there, the authors also join in the debate, offering useful comments and well-considered opinions.

It is a well-written book, the text clear, brief and to the point. The style and language is accessible and user-friendly, satisfying not only the requirements of laymen and students but also those of the labour law specialist. The subject-matter is treated practically and systematically, the main topics culminating in a discussion of current law as often stated in decisions of the labour appeal court. The material is clearly and accurately printed and the work strongly bound and tastefully presented by the publisher.

For the specialist in the field of labour law, comprehensive footnotes highlight authority and background on many issues of interest. Footnote 6 on 99, for example, contains a wealth of information on the origin and nature of the power of the employer to control the activities of and to discipline, an employee. Where applicable, references to international sources are made throughout the work.

The book lends itself to easy reference, primarily because of its subdivision into seven parts and twenty seven chapters, clearly set out in the table of contents. Headings are brief and to the point. A very extensive table of cases and

arbitration awards bears witness to the research done and made available through this publication.

Readers are alerted to the cut-off date of 31 May 1994 for all materials and cases referred to. Brief reference is made to amendments to legislation regulating employment in the Public Service which came too late to be incorporated before going to press and which have to be taken into account under Part 7 of the book.

Part 1, by way of a brief overview and introduction, records the origin and evolution of substantive and procedural fairness as the basic principles of fair dismissal. A short, comparative survey of the role of the common law, legislation and collective bargaining in the protection against unfair dismissal, follows. A discussion of the principles contained in Convention 158 and Recommendations 119 and 166 of the International Labour Organisation concludes this part.

Part 2 deals with preliminary topics such as the application of labour relations legislation, the definition of employee, and the question of what constitutes a dismissal. The concept of constructive dismissal is discussed extensively.

In Parts 3, 4 and 5 different grounds for termination of employment at the initiative of the employer are discussed. The authors chose to categorise the different grounds under dismissal for misconduct (Part 3, ch 7 to 14), dismissal for incapacity (Part 4, ch 15 to 17) and dismissal for operational requirements (Part 5, ch 18 to 22). This corresponds to the categorisation of the International Labour Organisation.

More than one third of the work (Part 3) is devoted to what is termed by the authors the most common ground upon which employers seek to justify dismissal, namely dismissal for misconduct. The relevance of a wide variety of factors to determine the fairness of a dismissal on this ground has led to conflicting approaches by arbitrators, members of the industrial court, and the labour appeal court. The authors succeed in effectively highlighting the most important elements required for a fair dismissal by analysing the approach adopted by the courts and arbitrators (ch 7). Chapter 8 deals with specific acts of misconduct, ranging from absence from work and the use of abusive language, to drunkenness and insolence, insubordination, and sexual harassment.

Chapter 9 is devoted to procedural fairness, discussing the generally accepted requirements for a fair hearing before dismissal.

Discipline and group misconduct (ch 10), non work-related conduct (ch 11), and criminal proceedings and disciplinary action (ch 12) are also discussed under Part 3.

The dual role of shop stewards and the disciplinary problems arising from that situation are discussed in chapter 13. Part 3 concludes with a chapter on specific invalid reasons for dismissal. Several practical problems are dealt with in this chapter, such as the dismissal of employees who refuse to belong to a union which is party to a closed shop.

Part 4 evaluates incapacity (or incapability) as a ground for fair dismissal. This may manifest itself in the form of dismissal for poor work performance or incapability on account of illness or injury.

Dismissal for operational requirements (Part 5, ch 18 to 22) deals with retrenchment, the closure, transfer and sale of businesses, refusal to accept a change in the terms and conditions of employment, as well as other forms of dismissal which may include incompatibility, breakdown of trust, and so on.

One chapter in Part 6 is devoted to dismissal in the context of industrial action. Controversial aspects, for example the dismissal of strikers, are analysed, revealing the inconsistency of present jurisprudence. The relevance of constitutional provisions is also highlighted. A review under chapter 23.4 raises the issue of the refinement and further development of this important area of strike law by the courts as against possible future statutory intervention.

Part 7 (ch 24 to 27) sets out the procedures and remedies for unfair dismissal available to employees under the Labour Relations Act 28 of 1956 as well as to employees in the public service, education and agriculture under the statutes in question. Finally, the aspect of costs is briefly touched upon.

In his foreword professor Adolph Landman remarks that the authors' mastery of the subject enables the reader to be on top of the law. One cannot but agree and conclude that the book is to be thoroughly recommended to all who are involved in the field of labour law.

ALET ELLIS
University of the Orange Free State

INLEIDING TOT DIE FAMILIEREG
INTRODUCTION TO FAMILY LAW
FAMILY LAW: CASES AND MATERIALS

deur PJ VISSER en JM POTGIETER

Juta Kaapstad Kenwyn Johannesburg 1994; 245 bl (Inleiding, Introduction); 480 bl (Cases and materials)

Prys R95,00 (*Inleiding, Introduction*); R120,00 (*Cases and materials*)

1 Inleiding

Dit is sekerlik geen oordrywing nie om te sê dat dit in die huidige staatkundige oorgangsbedeling ietwat ongemaklik is om 'n regshandboek op die mark te bring. Nie alleen is daar nog nie duidelikheid oor die inhoud van die grondwet wat tans onder bewerking is nie, maar ook is die invloed van (veral hfst 3 van) die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika 200 van 1993 nog grootliks ongetoets. Hierdie dokument het deurslaggewende invloed ook wat die familiereg betref en moet derhalwe verdiskonteer word by die skryf van handboeke in dié dissipline. Die Grondwet het inderdaad 'n belangrike kriterium geword waaraan die geskiktheid en relevansie van handboeke in die regswetenskap beoordeel moet word en dien derhalwe mede as uitgangspunt waaraan die werk

van Visser en Potgieter beoordeel word. Die Engelse en Afrikaanse uitgawes van die werk word inhoudelik en chronologies deur die vonnisbundel aangevul. Die vonnisbundel volg egter nie dieselfde hoofstukindeling as die handboeke nie. Ter wille van gerief word na al drie die bronne saam verwys as "die werk".

Die outeurs is by uitnemendheid toegerus om 'n werk van hierdie aard voort te bring. Hulle word albei erken en gereken as vooraanstaande privaatreggeleerdes en daar word ook melding gemaak van Visser se betrokkenheid by die aanbieding van die familieregkursus vir eerstejaarstudente en van Potgieter se ondervinding rakende die ontwerp van effektiewe en gebruikersvriendelike studiemateriaal. Die inslag van dié werk getuig in ruim mate van die besondere aanslag van die outeurs.

2 Inhoud van die werk

Die inhoud van die familieregkursus soos dit tradisioneel ontwikkel het, word volledig in die werk aangespreek. In die eerste hoofstuk word 'n kort inleiding tot die familiereg gebied. In dié hoofstuk word die familiereg omskryf, die onderafdelings van die vakgebied geïdentifiseer en 'n beskrywing gebied van die aard van die huwelik. Die huweliksregstelsel, die geskiedenis daarvan asook die problematiek rondom huwelike wat in die buiteland gesluit is en die invloed van die Grondwet word onder die loep geneem.

Hoofstuk 2 handel oor die verlowing en hoofstuk 3 oor die geldigheidsvereistes vir 'n huwelik. Hoofstuk 4 het dit oor nietige en vernietigbare huwelike. Noodwendigerwys word putatiewe huwelike ook hier behandel. In hoofstuk 5 word na die onveranderbare gevolge van die huwelik gekyk. Hoofstuk 6 bied 'n inleiding tot die huweliksgoedereereg as veranderbare gevolg van die huwelik. Die struktuur van die huweliksgoedereereg, die verskillende huweliksgoederebedelings en die verandering van die partye se huweliksgoederebedelings word in die hoofstuk behandel. Dit is jammer dat die outeurs (69 en elders) praat van "huweliksvorme" as dit ooglopend is dat hulle eintlik huweliksgoederebedelings bedoel. Dié term kan tot onsekerheid lei. In die Engelse vertaling van die werk word eweneens gepraat van "different possible forms of marriage".

Hoofstukke 7, 8 en 9 handel oor die huwelik binne gemeenskap van goedere. Die algemene beginsels van sodanige huweliksgoederebedelings asook die bestuur van die gemeenskaplike boedel word in behandeling geneem. Besondere aandag word aan die effek van die afskaffing van die maritale mag gegee soos dit in Die Vierde Algemene Regswysigingswet 132 van 1993 bepaal word.

In hoofstuk 10 word met die huwelik buite gemeenskap van goedere omgegaan. Die aanwasbedeling kom uiteraard ook daar aan die orde en die outeurs maak dit duidelik dat dié bedeling geen derde goederebedeling is nie, maar dat dit inderdaad 'n huwelik buite gemeenskap van goedere is waarop al die voorskrifte van sodanige goederebedeling van toepassing is en waarby die aanwasbedeling ingesluit is.

Egskeiding en die persoonlike en vermoënsregtelike gevolge daarvan kom in hoofstukke 11 en 12 aan die orde en ouerlike gesag, die posisie van die hof as oppervoog en die posisie van sekere ander voogde en kuratele word in hoofstukke 13 en 14 in behandeling geneem.

3 Enkele oorwegings

Uit paragraaf 2 is dit duidelik dat die hele spektrum van die familiereg aangesny word. Die perspektief waarmee die outeurs die werk aangepak het, kom in die voorwoord na vore waar verduidelik word dat die werk "spesifiek vir eerstejaarregstudente" bedoel is. Sodanige studente word wat die regswetenskap betref, as leke bestempel wat aan die begin van hulle regstudie staan.

> "Daarom is die materiaal en voetnote so gekies en aangebied dat die volle inhoud van die boek vir die student verteerbaar behoort te wees. Historiese en suiwer teoretiese vraagstukke is tot die minimum beperk."

By die bestudering van die werk, is dit duidelik dat die outeurs nie gepoog het om iets meer te bereik as wat hulle vir hulleself as oogmerk gestel het nie. Teen hierdie agtergrond word enkele opmerkings ter oorweging gegee.

Die outeurs gee weinig aandag aan die bepalings van die Grondwet. Op 5 word gesê dat die "handves van fundamentele menseregte" wel 'n invloed op die huwelik en die familie het, maar dat daar nie 'n fundamentele reg op die beskerming van die huwelik of die gesin is nie. Op 10 en 11 word 'n oorsig oor bepalings van hoofstuk 3 van die Grondwet gegee. Die teks daarvan is ook in die vonnisbundel opgeneem.

Terwyl daarmee akkoord gegaan word dat dit 'n ernstige leemte in die Grondwet is dat die huwelik of gesin nie as sodanig daarin beskerm word nie, is dit onvoldoende dat daar in 'n werk van hierdie aard (al is dit net op die eerstejaarstudent gerig) met so 'n oppervlakkige bespreking volstaan word. Outeurs behoort juis nou rigtinggewend te werk te gaan en leiding te gee. Dié argument kan gestaaf word deur na 'n enkele voorbeeld te verwys. In *Van Rooyen v Van Rooyen* 1994 2 SA 325 (W) word gehandel met die probleem van 'n lesbiese geskeide moeder wat die hof nader om 'n verklarende bevel rakende haar toegangsregte tot haar kinders uit haar ontbinde huwelik. Een van die bevele wat die hof maak, is dat X, die lesbiese party waarmee die moeder saamwoon, nie in die huis mag wees ten tyde van besoeke van die kinders nie en dat die moeder alle redelike stappe moet doen om die kinders daarvan te weerhou om met lesbianisme in aanraking te kom.

Ofskoon dit so is dat die Grondwet geen besondere bepalings rakende familie- en gesinsbeskerming bevat nie, spreek dit duidelik uit die aangehaalde saak dat die algemene bepalings daarvan die familiereg ingrypend kan beïnvloed. Sou *Van Rooyen* nie byvoorbeeld anders beslis gewees het na die inwerkingtreding van die Grondwet nie? Die Grondwet maak dit duidelik dat daar teen niemand gediskrimineer mag word (onder andere) op grond van geslag en geslagtelike oriëntasie nie. Dié beslissing, wat lesbianisme as "abnormal bedroom behaviour" tipeer, kan moontlik gesien word as inbreukmakend op die reg op bewegingsvryheid van X, die saamwoongenoot en ook op die reg op vryheid van geslagtelike oriëntasie van die moeder.

Artikel 30(3) van die Grondwet plaas die beste belang van die kind in 'n bepaalde hiërargiese prioriteit deurdat dit in alle omstandighede voorkeur moet geniet. Sou daar teen dié agtergrond geredeneer kon word dat die blootstelling van kinders aan lesbiese verhoudings nie die beste belang van die kind voorop stel nie, sou dit eweneens die *Van Rooyen*-beslissing kon beïnvloed.

Die outeurs volstaan met die insluiting van die *Van Rooyen*-beslissing in die vonnisbundel (259 ev) en dui bloot onder die bespreking van die saak aan dat die beslissing moontlik onkonstitusioneel sou wees deurdat dit inbreuk maak op die reg van homoseksuele en lesbiërs wat volgens dié beslissing nie dieselfde reg van toegang het nie as persone met heteroseksuele geslagsoriëntasie.

Juis vir eerstejaar-regstudente, wie se regsdenke nou in 'n fase gevorm word waarin die waardes wat in die Grondwet vervat word die moraliteit en sedelikheidsoorwegings van die pre-Grondwet fase in 'n nuwe lig stel, behoort handboeke wat op hulle afgestem is veel indringender met die bepalings van die Grondwet om te gaan.

In aansluiting by die bespreking in die vorige paragraaf, word die sinvolheid daarvan om "historiese en suiwer teoretiese vraagstukke" óf buite rekening te laat, óf sodanig af te water dat dit nie verhelderend tot 'n situasie spreek nie, bevraagteken. Daar word ter oorweging gegee dat dit eerder voordelig vir junior studente is om op 'n suiwer en korrekte teorie-grondslag te bou, as om (by wyse van spreke) met die deur direk in die familiereghuis te val. 'n Voorbeeld dien hom ook in hierdie verband aan.

Artikel 4(1) van die Wet op Egskeiding bepaal dat 'n egskeidingsbevel verleen kan word indien die huwelik onherstelbaar verbrokkel het en daar geen redelike moontlikheid op die herstel van 'n *normale huweliksverhouding* is nie. Die begrip "normale huweliksverhouding" kan as een van die kernbegrippe van die familiereg bestempel word en behoort tipies onder die *consortium*-begrip hanteer te word. Vanuit hulle vertrekpunt behandel die outeurs die begrip uiters oorsigtelik en dit lei daartoe dat die student nie geredelik sal kan reageer op 'n uitspraak soos dié in *Coetzee v Coetzee* 1991 4 SA 702 (K) nie.

In die vonnisbundel word die gewysde op 216 en verder bespreek. Op 217 gee die outeurs te kenne dat die beslissing nie korrek is nie en voer hulle soos volg aan:

> "The moment one of the spouses firmly decides that the marriage is over, there is conclusive proof of irretrievable breakdown of that marriage. The fact that a marriage has always been dreary [soos inderdaad geblyk het die omstandighede van die saak te wees] cannot be used as proof that it has not broken down irretrievably – it rather confirms the sorry state of the marriage and is proof that a normal marriage relationship is not possible."

Dié benadering van die outeurs lei daartoe dat die student deurgaans onseker is oor wat 'n normale huweliksverhouding behels. Daarom word aan die hand gedoen dat dit sinvol sou wees om die *consortium* as kernbegrip in die familiereg indringend te bespreek ten einde daarmee aan te toon dat 'n huwelik waarin die feitesituasie soos in *Coetzee* voorgekom het, nie *'n normale* huweliksverhouding was nie. Na aanleiding van die geykte uiteensetting in *Swart v Swart* 1980 4 SA 364 (O) sou daar dus wel geargumenteer kon word dat die feite subjektief op verbrokkeling en 'n "abnormale huweliksverhouding" dui en dat daar objektief geen redelike moontlikheid op die herstel van 'n normale huweliksverhouding bestaan het nie. Die verhouding tussen die partye was inderdaad vir 15 jaar lank 'n "droewe" en "onaantreklike" een, en daarom binne die *consortium*-begrip geen normale huweliksverhouding nie.

Terloops, juis die *Coetzee*-beslissing waarin die hof 'n egskeidingsbevel geweier het nieteenstaande die feit dat die eiseres (onder andere) getuig het dat sy die verweerder nie meer lief gehad het nie en bang was vir hom, dui daarop dat die Suid-Afrikaanse howe steeds nie egskeiding op aanvraag verleen nie. Die stelling van die outeurs op 142 dat die Suid-Afrikaanse reg egskeiding op aanvraag sal verleen, moet derhalwe met versigtigheid bejeën word.

4 Slot

Dit het tyd geword dat regsdosente wat vir eerstejaarstudente doseer, gedagtes behoort uit te ruil oor onder andere vakinhoud, doseertegniek, ensovoorts. Dit is juis die feit dat sodanige studente as leke sonder vooraf wetenskaplik gefundeerde kennis oor die regswetenskap vir die kursus inskryf, wat die keuse van geskikte leerstof en die aanbieding daarvan bemoeilik. Die werk poog nie om iets meer te wees as 'n ontsluitingsbron van die familiereg vir eerstejaarstudente nie. Daar word goed in dié doel geslaag. Die outeurs se skryfstyl is maklik leesbaar en dit dra beslis daartoe by dat die volle inhoud van die boek vir die student verteerbaar is – 'n taak wat die outeurs hulleself ten doel gestel het. Die hele spektrum van die familiereg word in 'n maklik hanteerbare formaat aan die student gebied.

'n Besondere pluspunt van die werk hang saam met die inhoud van die vonnisbundel en die wyse waarop beslissings gerapporteer word. Anders as wat die geval is met vonnisbundels in die algemeen, het die outeurs dit goedgedink om telkens ook relevante wetgewing op te neem. Dit lei meteen daartoe dat die gebruikswaarde van die bundel aansienlik verhoog word. Daarmee saam bied die kantskrifte by die beslissings handige aanknooppunte. Dit vergemaklik die begrip van die beslissing aansienlik.

JA ROBINSON
Potchefstroomse Universiteit vir CHO

HUMAN RIGHTS: FUNDAMENTAL INSTRUMENTS AND DOCUMENTS

by ESSOP M PATEL and CHRIS WATTERS

Butterworths Durban 1994; xvii and 531 pp
Price R182,40

One of the many consequences of the adoption of the Republic of South Africa Constitution Act 200 of 1993 and the unexpectedly important role accorded public international law within the Constitution, has been a general rush to find international documentation. This is particularly true of human rights documents – understandably so, given the ambit of section 35 of the Constitution.

While practitioners, the courts, and even academics could in the past conveniently hide behind the questionable excuse that as many of these conventions and

documents stem from the United Nations General Assembly and other non-legislative bodies, their practical relevance was limited and they could largely be disregarded for practical purposes, this is no longer the case. Unfortunately, this approach to international law has meant that international documentation has not been readily available. A search for even the Universal Declaration of Human Rights could be a daunting prospect for someone without ready access to adequate library facilities.

Two major elements arising from the Constitution render international human rights documents indispensable. First, section 35 provides in peremptory terms that the courts "*shall*, where applicable, have regard to public international law applicable to the protection of the rights entrenched in this Chapter [chapter 3] . . ." The interpretation of this section is not without problems: are we dealing with "general" customary international law (see, eg, Maluwa "International human rights norms and the South African Interim Constitution 1993" 1993/1994 *South African Yearbook of International Law* 14), or with a specific and individual branch of public international law, namely international human rights law, with sources of its own (see, eg, Botha "International law and the South African Interim Constitution" 1994 *SA Publiekreg/Public Law* 245)? Nevertheless, a practitioner dealing with fundamental rights before any court of law will be compelled to present the international law status of the right in question. Secondly, the new approach to constitutional interpretation demands that the net be cast far wider and that the provisions of the Constitution be read in broader context – which will include the international perspective. In short, the days of glossing over legal developments in the international community are well and truly past.

With this in mind, no one can doubt the need for Patel and Watters's collection of international documents dealing with human rights. While there are a number of collections of international documents on the market, including some less expensive ones, this edition is particularly attractive to the South African reader. Of course, one cannot really "review" international documents; just as one cannot "review" statutes! The value of such a work lies first of all in the selection of the documentation and secondly in its arrangement. It is in these regards that the present publication is particularly useful; it is not only catholic in its selection but logical in classification. There are few international human rights documents not included in the work.

Part 1 deals with the development of international human rights; part 2 with the Continental human rights ethic; part 3 with theocentric human rights; part 4 with directive principles of human rights (self-determination, servitude, racial discrimination and religious intolerance, and crimes against humanity); part 5 with rights of specific persons (refugees, indigenous and tribal peoples and minorities, women, children, the family, the mentally and physically handicapped and prisoners); part 6 with workers' human rights; and part 7 with universal aspirations (education and culture, the environment, right to peace and freedom from want). Part 8 contains extracts from African countries' constitutional provisions on human rights. The countries covered are the BLS countries, Zimbabwe, Namibia and, of course, South Africa itself.

Although one can, I dare say, survive without a collection of international documents, such a work saves many hours and much frustration. It is well produced and "built to last". Those who realise that they do in fact now need a work of this type (and will in the future need it to an ever increasing extent), need look no further.

NEVILLE BOTHA
University of South Africa

RIGHTS AND CONSTITUTIONALISM – THE NEW SOUTH AFRICAN LEGAL ORDER

deur DH VAN WYK, J DUGARD, B DE VILLIERS en DM DAVIS (reds)

Juta Kaapstad Wetton Johannesburg 1994; liv en 720 bl

Prys R295,00 (hardeband)

Die oorkoepelende oogmerk van die redakteurs met hierdie boek, waartoe 'n aantal prominente Suid-Afrikaanse outeurs bygedra het, is 'n (vooruitskouende) analise van die fundamentele beginsels wat die grondslae van die nuwe Suid-Afrikaanse regsorde gaan lê. Hierdie beginsels, wat aan die "finale" Grondwet beslag moet gee, sluit in die normatiewe verhewendheid van die Grondwet (in teenstelling met parlementêre soewereiniteit), die idee van 'n demokratiese regstaat en die judisiële beskerming van fundamentele regte. 'n Ondersoek van hierdie begrippe, waarvan die behoorlike verstaan die sleutel gaan bied tot die interpretasie en toepassing van die Grondwet, vorm die oorhoofse tema van hierdie werk.

Die boek is in vier dele verdeel. Deel I (deur Davis, Chaskalson en De Waal) handel oor die begrippe "konstitusionalisme" en "demokrasie" en die teoretiese begronding van grondwetlike interpretasie. Deur die aantoon van die akademiese, politieke en judisiële kontroversie waaraan laasgenoemde in ander jurisdiksies (met spesifieke verwysing na Duitsland, die VSA, Kanada en Indië) blootgestel is, word die verreikende implikasies van teoretiese keuses in hierdie verband vir die toekomstige ontwikkeling van ons hele regstelsel aangedui.

Deel II (deur Van Wyk) bied 'n oorsig oor die historiese aanloop tot die 1993-Grondwet asook 'n uiteensetting van die vernaamste kenmerke daarvan. Die basiese doel daarvan is om as 'n brug te dien tussen dele I en III.

Deel III, wat in 'n veertiental ongenommerde hoofstukke ingedeel is, fokus op 'n analise, in vergelykende en internasionale konteks en perspektief, en telkens met 'n samevattende vooruitskouing na die Suid-Afrikaanse situasie, van die sleutel-fundamentele regte soos in hoofstuk 3 van die interim-Grondwet vervat. Dit is nie bedoel as 'n gedetailleerde kommentaar op hoofstuk 3 nie en bied

eerder 'n oorsig oor die neerslag van die belangrikste onderhawige beginsels in die internasionale en geselekteerde staatlike regsordes.

In die lig van die belangrikheid van die beginsels en norme van die internasionale reg met betrekking tot die beskerming van menseregte vir die interpretasie van hoofstuk 3 van die Grondwet, word die eerste hoofstuk van deel III in geheel aan 'n bespreking daarvan gewy. Hierdie hoofstuk (deur Dugard) bied saam met die beginsels in deel I uiteengesit, 'n rigtinggewende basis asook 'n raamwerk vir die toekomstige ontwikkeling van ons regstelsel.

In die oorblywende hoofstukke van deel III word die belangrikste aspekte van die volgende fundamentele regte bespreek: gelykheid en gelyke beskerming (Davis); persoonlikheidsregte – die reg op lewe, waardigheid, vryheid en sekuriteit van die persoon, privaatheid, en vryheid van beweging (Du Plessis en De Ville); vryheid van spraak en uitdrukking (Van der Westhuizen); vryheid van vergadering en vryheid van assosiasie (Woolman en De Waal); administratiewe geregtigheid (Corder); prosessuele regte (Milton, Cowling, Van der Leeuw, Francis, Schwikkard en Lund); regte rondom arbeid (Davis); eiendomsreg, regte met betrekking tot grond en regte met betrekking tot die omgewing (Van der Walt); regte rondom die gesin (Sinclair); regte met betrekking tot kultuur, onderwys en godsdiens (Dlamini); sosiale en ekonomiese regte (De Villiers); en die beperking of opskorting van regte (Erasmus).

Deel IV bestaan uit 'n feitlik volledige bibliografie van werke geraadpleeg en is tematies volgens die hoofstukindelings ingedeel. Hierdie byvoeging sal van onskatbare verwysingswaarde vir alle gebruikers van hierdie publikasie wees. Laastens is hoofstuk 3 van die Grondwet (die handves van fundamentele regte) as 'n aanhangsel bygevoeg.

Dit is onmoontlik om binne die beperkte omvang van 'n resensie behoorlik reg aan al die aspekte van hierdie komplekse en omvangryke werk te laat geskied. Met die oorkoepelende oogmerke daarvan as uitgangspunt kan daar egter by 'n aantal breë opmerkings volstaan word. Soos by werke van 'n saamgestelde aard verwag kan word, is die individuele bydraes van wisselende aard wat opmerklike variasies in styl, inhoud en (ongelukkig) kwaliteit tot gevolg het. 'n Deurlopende staats- en regsfilosofiese begrondingslyn wat 'n mens graag in so 'n werk sou wou sien, ontbreek as gevolg hiervan ook (noodwendigerwys).

Dit is beslis nie 'n maklike boek om te lees nie. Dit bevat 'n groot hoeveelheid inligting en is baie beskrywend van aard. Hoewel laasgenoemde sekerlik deur die doel van die werk genoodsaak was, is die gevolg dat dit gevaar loop om juis daarom plek-plek aan begronding en diepgang in te boet. Vanuit 'n onderrigsoogpunt lewer hierdie boek 'n essensiële bydrae tot die oorbrugging van 'n teorie/praktyk dualisme en bevorder daardeur 'n geïntegreerde benadering tot ons regstelsel as 'n geheel – beide sake wat veral in die toekoms besondere aandag behoort te ontvang. Dit sal egter nie sommerso as inleidende werk vir studente gebruik kan word nie – vir die behoorlike verstaan daarvan word 'n redelike mate van voorafkennis by beide dosent en student veronderstel.

Vanuit 'n historiese perspektief is dit jammer dat die radikale implikasies wat die dogma van 'n *Grundnorm*-grondwet, gebaseer op die ideologie van konstitusionalisme, vir die status en voortbestaan van die Suid-Afrikaanse gemenereg

en inheemse reg inhou, nie vroeër in deel I eksplisiete aandag ontvang nie. Dit kom die eerste keer werklik ter sprake (en dan ook indirek in die vergelykende konteks van 'n vreemde regstelsel) by die bespreking van die *Drittwirkung*-leerstuk van die Duitse konstitusionele reg (89–92). Hoewel die wisselwerking privaat/publiek en konstitusionele reg/gemenereg deurgaans in die besprekings van die vreemde jurisdiksies na vore gebring word, is die eerste indringende bespreking van die konstitusionele implikasies vir die Suid-Afrikaanse gemenereg en inheemse reg (wat terselfdertyd die gebreke van en komplikasies met betrekking tot laasgenoemde blootlê) te vind in die uitstekende bydrae van Sinclair (519–522 531–535 540–544).

Vanuit 'n regsvergelykende oogpunt is dit kommerwekkend dat daar soms redelik kritiekloos na vreemde regstelsels as "modelle" verwys word en met die vreemde regsmateriaal op 'n deskriptief-kwantitatiewe wyse omgegaan word. Gelukkig word daar verblydende vermanings tot die omsigtigheid waarmee vreemde regsmateriaal benader moet word, gemaak deur Du Plessis en De Ville (263), Van der Westhuizen (280), Woolman en de Waal (308 314 328 342), Corder (387), Davis (453) en Erasmus (629–630 636 638 646 647–648). Alhoewel die outeurs oor die algemeen die reg van Duitsland, Kanada, Indië en die VSA indringend ondersoek, is daar tog by geleentheid na verskeie ander vreemde regstelsels behorende tot uiteenlopende sogenaamde "groot families" van die wêreld gekyk. Laasgenoemde kom ongelukkig egter as bloot kompilatories en oorsigtelik by onder andere Davis (444–446) en Van der Walt (475–478) voor.

By die lees van die individuele hoofstukke in deel III kom die herhalings en dupliserings van die bespreking van veral die breë implikasies van die internasionale reg, sonder om dit altyd konteks-spesifiek te maak, soms hinderlik voor. Dit skep die indruk (sekerlik ten onregte) dat die outeurs 'n bietjie in afsondering van mekaar gewerk het. Behoorlike redaksionele versorging van die werk voor publikasie kon veel bygedra het tot die oorkoepelende stilistiese integrering van die inhoud.

Die boek is voorsien van 'n voorwoord, inhoudsopgawe, lys van bydraers, tabelle van hofverslae en wetgewing, en 'n uitgebreide indeks. By so 'n omvangryke werk sou 'n mens egter graag 'n meer gedetailleerde inhoudsopgawe wou sien. Dit sou die werk meer toeganklik en verbruikersvriendelik gemaak het.

Die boek lewer 'n baanbrekersbydrae tot die Suid-Afrikaanse regsliteratuur en behoort op 'n gereelde basis deur alle juriste (studente inkluis) geraadpleeg te word. Die werk kan egter nie meer wees as dit wat die outeurs self daarmee beoog het nie, naamlik 'n inleiding tot die nuwe Suid-Afrikaanse regsorde. Die tweede ("konstitusionele") "Hahlo en Khan" moet nog geskryf word.

TOBIAS P VAN REENEN
Universiteit van die Oranje-Vrystaat

STUDENTEHANDLEIDING VIR SIVIELE PROSESREG
deur JA FARIS, RA KELBRICK en E HURTER
Butterworths, Durban 1994; 205 bl
Prys R74,99 (sagteband)

Die *voorwoord* tot bogenoemde werk deur die drie outeurs sou as gepaste resensie kon dien. Inderdaad is dit ook gepas dat hulle na hulself verwys as samestellers en redigeerders eerder as outeurs. Die boek word uitgegee as eksperiment en is dit inderdaad ook. Ek is egter daarvan oortuig dat die eksperiment geslaag het en met 'n bietjie skaafwerk sy sukseskoers kan opskuif.

'n Studentehandleiding vir siviele prosesreg vul 'n groot leemte. Eerstens is die werk uiters nuttig omdat die hofreëls en relevante statutêre bepalings in een handige, bondige werk saamgevat word. Die verteerbaarheid daarvan word verder verbeter deur sinvolle verkorting en redigering. Hierdie werk sal verwelkom word deur dosente en studente in burgerlike prosesreg. Alhoewel die werk volgens sy titel op studente gerig is, kan praktisyns net daarby baat om ook 'n kopie op die lessenaar en in die tas te hê. Die formaat, indeling, lettertipe en selfs die prys maak van hierdie werkie 'n "pocket book" wat gekom het om te bly. 'n Mens sou hoop en verwag dat toekomstige uitgawes aangevul sou word met bondige aantekeninge en verwysings na gesag.

Die samestellers en uitgewer verdien lof vir 'n interessante, nuttige en sinvolle innovasie.

DW MORKEL
Universiteit van die Oranje-Vrystaat

As the people of South Africa, who are governed by the text of the Constitution, are entitled to order their lives on the strength of what they read therein without reference to the writings of contemporaries of the drafters or the drafters themselves, the drafting history of the Constitution should, in my view, be regarded as irrelevant to its interpretation . . . The drafters are presumed to intend what they expressed to be their intention – which they chose to do in the Constitution itself. It is virtually impossible to determine the elusive collective intent of all involved in the making of our Constitution from its conception to its birth. We have to study the painting, not ask the artist (per Van Dijkhorst J in *De Klerk v Du Plessis* 1995 2 SA 40 (T) 47).